

**REGERINGS- EN SAKE-ELITE SE PERSEPSIES OOR  
DIE INVLOED VAN DIE SUID-AFRIKAANSE  
SAKESEKTOR OP OPENBARE  
BELEIDSFORMULERING**

deur

**ALETTA YOLANDA SADIE**

'n Proefskrif voorgelê in die Departement Politieke Studies, Fakulteit  
Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van Kaapstad,  
vir die graad Doktor in Filosofie

**PROMOTOR: PROF H GILIOMEE**

**Maart 1990**

The University of Cape Town has been given  
the right to reproduce this thesis in whole  
or in part. Copyright is held by the author.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

*Human beings are not influenced by anything  
to which they are not naturally disposed.*

*Hesketh Pearson*

*Few things are so immutable as the addic-  
tion of political groups to the ideas by  
which they once won office.*

*John Kenneth Galbraith*

## **BEDANKINGS**

My besondere dank aan my promotor, prof Hermann Giliomee vir sy onmisbare raad en leiding in hierdie studie.

Baie dankie ook aan Maxi van Aardt vir haar waardevolle voorstelle, die taalversorging en haar ononderbroke onderskraging met hierdie proefskrif en aan Aenchen van Wyk vir haar geduld en bekwaamheid met die woordverwerking. Sonder Hennie Lötter se "rekenaarbrein" sou die finale produk egter nooit die lig gesien het nie - baie dankie.

Hierdie studie is moontlik gemaak deur finansiële steun van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Maart 1990

## SYNOPSIS

In both scholarly and popular literature on the South African business sector, a high premium is commonly placed on the role of business in promoting political reform. This study investigated the perceived extent of such influence on political and socio-political aspects of public policy in the period 1978 to 1989. Using the "elite" and "group" approaches in Political Science as a point of departure, the perceptions of government and business elites in this regard, in particular the perceptions of the Afrikaner business elite, were analysed.

Data from the government elite was gathered by means of postal questionnaires, and the business elite's input was obtained via interviews.

The government elite's attitude towards, and perceptions of, interest groups were examined in the light of the premise that the latter's influence is largely determined by their legitimacy in the eyes of the decision-makers. These attitudes were established by moving from an assessment of the government elite's general perception of interest groups, to more specific perceptions of, amongst others, the business sector's access to decision-makers, and their perceived influence.

The second part of the study primarily focused on the perceptions of the Afrikaner business elite vis-à-vis the influence of the business community on various dimensions of public policy.

It was found that the government elite's attitude towards the existence of interest groups was largely dependent on the latter's utility with regard to the implementation and maintenance of policy, via mainly "positive" and "constructive" research. Government perceptions confirmed that several elite groups exercised specific influence on various dimensions of public policy. The Afrikaanse Handelsinstituut (AHI), for example, was found to have the greatest influence on economic policy formulation, whereas the Afrikaner Broederbond and the Dutch Reformed Church exercise more significant influence on socio-political policy than the AHI. Apart from these traditional Afrikaner elite-groups, the "insiders" were found to include those whose economic ideologies, amongst other variables, were reconcilable with those of government. Due to the fact that the National Party was compelled to enlarge its power base in the early 1980s, certain English business organizations such as ASSOCOM and the FCI and the black political organization, Inkatha, have to some extent, been included as "insiders" despite divergent political convictions or cultural differences.

Both the government elite and the business elite felt, however that the Afrikaner businessmen and their organizations still retained the decisive influence on aspects of economic and socio-political decision-making. With regard to political decision-making, that is the forms of state, government and authority, the business elite did not express a desire to have a role in this arena. The government elite, on the other hand, was prepared to grant the business sector a role in this regard, on the condition that business input exercised a reactive legitimising role to their policy, rather than initiating change.

**HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN KONTEKS VAN DIE STUDIE**

1.1	INLEIDING	1
1.2	DOELSTELLINGS EN AFBAKENING VAN STUDIEVELD	2
1.3	ORGANISERING VAN HOOFSTUKKE	5
1.4	ELEMENTE VAN DIE ELITE-BENADERING	6
1.4.1	Die konsep elite	6
1.4.2	Oorsig van elite-literatuur	6
1.4.3	Funksionele differensiasie van elites	10
1.4.4	Elite-studies in Suid-Afrika	12
1.5	ASPEKTE VAN BELANGEGROEPE	13
1.5.1	Die konsep belangegroep	13
1.5.2	Die interaksie tussen belangegroepe en regerings	15
1.5.3	Die ontstaan van georganiseerde groepe	36
1.5.4	Metodes van steunwerwing	38
1.5.4.1	Die begrip steunwerwing (lobbying)	39
1.5.4.2	Metodes en tegnieke	40
1.5.5	Determinante van invloed	42
1.6	KONSEPTUALISERING VAN KERNKONSEPTE	45
1.6.1	Afrikaner-sakeman	46
1.6.2	Persepsie	47
1.6.3	Invloed	50
1.6.4	Openbare beleid	51
1.6.5	Politiese kultuur	53
1.7	SAMEVATTING	56

**HOOFSTUK 2: METODOLOGIE**

2.1	INLEIDING	58
2.2	OPNAME AS METODE VAN DATAVERSAMELING	58
2.3	ONDERHOUDE	59
2.3.1	Vraelys	61
2.3.2	Die reël van onderhoude en die onderhoud- situasie	64
2.3.3	Proefgroepselkering	66
2.3.4	Proefgroep: Engelssprekende sakelui	68
2.3.5	Proefgroepgrootte	69
2.3.6	Ontleding van data	70
2.4	POSVRAELYS	70
2.4.1	Beperkings van posvraelyste	71
2.4.2	Opstel van vraelys	74
2.4.3	Operasionalisering en vraelys-inhoud	75
2.4.4	Faktore wat die reaksie op posvraelyste beïnvloed	78
2.4.5	Reaksiemoers op vraelyste	80
2.4.6	Proefgroepsamestelling	81
2.5	SAMEVATTING	83

**HOOFSTUK 3: DIE OPKOMS, ROL EN STRUKTUUR VAN DIE AFRIKANER-SAKESEKTOR**

3.1	INLEIDING	85
3.2	DIE AFRIKANER-SAKESEKTOR IN DIE LITERATUUR	86
3.3	DIE OPKOMS EN ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKANER-SAKESEKTOR	89

<b>3.4</b>	<b>PROMINENTE AFRIKANER-SAKEONDERNEMINGS</b>	<b>105</b>
<b>3.4.1</b>	<b>Struktuur en finansiële oorsig van Sanlam, Federale Volksbeleggings, Rembrandt en Volkskas</b>	<b>107</b>
<b>3.5</b>	<b>KRUISSNYDENDE AFFILIASIES VAN DIE AFRIKANER-SAKE- ELITE</b>	<b>111</b>
<b>3.5.1</b>	<b>Nasionale Party</b>	<b>111</b>
<b>3.5.1.1</b>	<b>Die bevoordeling van die Afrikaner-sakesektor deur Nasionale Party-regerings</b>	<b>126</b>
<b>3.5.1.2</b>	<b>Die persoonlike verhouding tussen die sakesek- tor en regeringshoofde (1958-1977)</b>	<b>130</b>
<b>3.5.2</b>	<b>Afrikaner-Broederbond</b>	<b>137</b>
<b>3.5.2.1</b>	<b>Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party</b>	<b>141</b>
<b>3.6</b>	<b>DIE VERHOUDING TUSSEN DIE AFRIKAANS- EN ENGELS- SPREKENDE SAKE-ELITES</b>	<b>145</b>
<b>3.7</b>	<b>OPENBARE STANDPUNTE EN VERTOË VAN DIE AFRIKANER- EN ENGELSE SAKESKTORE OOR KONTENSIEUSE VRAAG- STUKKE</b>	<b>150</b>
<b>3.8</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>164</b>

#### **HOOFSTUK 4: REGERINGSELITE SE PERSEPSIES OOR DIE INVLOED VAN BELANGEGROEPE OP BESLUITNEMING**

<b>4.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>167</b>
<b>4.2</b>	<b>BELANGRIKSTE EIENSKAPPE VAN DIE NASIONALE PARTY- AFRIKANER SE POLITIEKE KULTUUR</b>	<b>168</b>
<b>4.3</b>	<b>STRUKTURELE EIENSKAPPE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BESLUITNEMINGSTELSEL</b>	<b>175</b>
<b>4.3.1</b>	<b>Staatspresident</b>	<b>175</b>
<b>4.3.2</b>	<b>Kabinet en Kabinetskomitees</b>	<b>180</b>
<b>4.3.3</b>	<b>Parlement</b>	<b>182</b>
<b>4.3.4</b>	<b>Presidentsraad</b>	<b>184</b>

4.3.5	Burokrasie	188
4.4	DIE ASSOSIATIEWE BELANGEGROEPSTRUKTUUR IN SUID-AFRIKA	191
4.4.1	Die invloed van belangegroep	193
4.5	ONTLEDING EN BESPREKING VAN BELANGRIKSTE BEVINDINGE	195
4.5.1	Toegang en taktieke van belangegroep	195
4.5.2	Die persepsies van regeringselite teenoor die bestaan van belangegroep	198
4.5.3	Persepsies van die tipe van invloed van belangegroep	200
4.5.4	Belangegroep se rol in die verskillende fases van besluitneming	201
4.5.5	Die invloed van spesifieke groep op besluitneming	207
4.5.5.1	Ekonomiese beleidsformulering	207
4.5.5.2	Maatskaplike beleidsformulering	212
4.5.5.3	Sosio-politieke beleidsformulering	213
4.5.6	Vertolking van bevindinge oor die rol van spesifieke belangegroep in besluitneming	220
4.6	SAMEVATTING	224

## **HOOFSTUK 5: DIE AFRIKANER-SAKESEKTOR SE PERSEPSIES OOR HUL INVLOED IN BESLUITNEMING**

5.1	INLEIDING	227
5.2	DIE VERHOUDING TUSSEN PW BOTHA EN DIE SAKSEKTOR (1978-1989)	228
5.3	PERSEPSIES OOR DIE REGERING SE TOENADERINGS-POGINGS	236
5.4	PERSEPSIES VAN SAKELITE OOR HUL ROL IN DIE POLITIEK	239

5.5	PERSEPSIES VAN TOEGANG TOT REGERINGSELITE	244
5.6	STEUNWERWING EN DIE SAKESSEKTOR	246
5.6.1	Persepsies van die effektiëste steunwerwingstegnieke	247
5.6.1.1	Verklaring van die verskil in steunwerwingstyl tussen die twee taalgroepe	253
5.6.2	Die fokus van steunwerwing	254
5.7	PERSEPSIES VAN INVLOED OP BELEIDSFORMULERING	256
5.7.1	Dimensies van openbare beleid waarop sakelui invloed het	257
5.7.2	Die invloed van Afrikaner- en Engels-sprekende sakelui	260
5.7.3	Die invloed van individuele sakeleiers	261
5.7.4	Die rol van die Ekonomiese Adviesraad	264
5.7.4.1	Herstrukturering van die Ekonomiese Adviesraad	265
5.7.4.2	Persepsies van invloed	268
5.7.4.3	Toekomstige ekonomiese beleidsformulering en raadgewende instellings	277
5.7.5	Die rol van die Afrikaanse Handelsinstituut	278
5.7.5.1	Rede vir lidmaatskap van die AHI	278
5.7.5.2	Persepsies van invloed	281
5.7.6	Die invloed van ander sake-organisasies	283
5.8	PERSEPSIES OOR BELANGRIKE VRAAGSTUKKE	288
5.8.1	Vraagstukke wat prioriteit by besluitnemers behoort te geniet	289
5.8.2	Prioriteitsbepaling van ekonomiese of politieke hervorming	290
5.8.3	Persepsies oor relevante politieke vraagstukke	292
5.9	SAMEVATTING	298

<b>HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKING</b>	<b>303</b>
<b>6.1 VERTOLKING VAN BEVINDINGE AAN DIE HAND VAN TEORE- TIESE RIGLYNE</b>	<b>304</b>
<b>6.1.1 Die interaksie tussen die sakesektor en die regering</b>	<b>309</b>
<b>6.2 DIE RELEVANSIE VAN DIE BEVINDINGE VAN HIERDIE STUDIE</b>	<b>311</b>
<b>6.3 DIE SAKESSEKTOR EN REGERINGS: 'N VERGELYKENDE PERSPEKTIEF</b>	<b>312</b>
<b>6.4 VOORSTELLE VIR AANVULLENDE NAVORSING</b>	<b>314</b>
<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>316</b>
<b>BYLAE 1</b>	<b>352</b>

# HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING EN KONTEKS VAN DIE STUDIE

### 1.1 INLEIDING

Die bestaan en invloed van belangegroepes in moderne, veral kapitalistiese samelewings word wyd in die literatuur erken. Veral die rol van die sakesektor word wyd erken en ondersoek deur middel van verskeie teoretiese benaderings. Soos ook ander belangegroepes, artikuleer dié sektor bepaalde belange en verrig so 'n wesentliche insetfunksie (in die taal van die funksionaliste) in die politieke stelsel. Ook in Suid-Afrika is 'n aantal studies onderneem wat byvoorbeeld die hervormingsprogram van die PW Botha-bewind interpreteer as veranderinge aangebring in alliansie met sogenaamde "big business" (vergelyk O'Meara, 1982 en 1983; Moss, 1980 en Morris en Padayachee, 1989). Dat die sakesektor in Suid-Afrika dus as 'n belangrike groep in die uitoefening van invloed beskou word, is duidelik. Soos later na verwys word, word daar op grond van hierdie aanname die afgelope tien jaar 'n hoë premie op die rol van die sakesektor in politieke hervorming geplaas. Die sakelui is hier veral deur die vorige Staatspresident, PW Botha, op die voorgrond geplaas deur sy pogings tot toenadering tot hulle deur middel van die hou van drie ekonomiese berade sedert 1979, naamlik die Carlton-beraad in 1979, die Goeie Hoop-beraad van 1981 en daarna die Bryntirion-beraad van 1986. Die herstrukturering en prominensie wat deur Botha aan die Ekonomiese Adviesraad gegee is, was 'n verdere poging tot toenadering.

In enige politieke sisteem is die uitoefening van mag of invloed oor ander akteurs in die stelsel die prerogatief van 'n klein deel van die bevolking. Hierdie elite is die leierskapskern en as sodanig dra hulle gesag en beheer hulle hulpbronne. In hierdie verband word dan ook dikwels na die sakesektor as deel van die elite verwys. Dit is egter by uitstek die leierskapskern in die sakesektor, die "elite binne die elite", wat uiteindelik besluite neem en invloed uitoefen. Sou 'n mens dan van die standpunt uitgaan dat die sakesektor 'n beduidende mate van invloed uitoefen op die politieke besluitnemingsproses en dat dié sektor, spesifiek in die geval van Suid-Afrika, saam met die regering verantwoordelik is vir verandering, is dit hierdie leierskapskern in die sakesektor wat die mag en invloed uitoefen as die elite in die sakesektor.

Hierdie elite verteenwoordig die belange van die sakesektor, maar dit is uiters problematies om die sakesektor as 'n homogene en daarom verenigde enkele belangegroep te beskou wat die belange van die hele sektor verteenwoordig.

Afgesien van sektorale verskille word dié sektor veral verdeel op grond van taal, ras en politieke ideologie. Gegrand op sodanige klowings, kan op sy beurt verskillende belange onderskei word. Dit is dan ook opvallend dat wat die Suid-Afrikaanse sakesektor betref, verskillende belangegroepe bestaan, waarvan die bekendste die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI), die Gefedereerde Kamer van Nywerhede (meer bekend as die FCI) en die Geassosieerde Kamers van Koophandel (meer bekend as ASSOCOM) is.

Soos aangetoon sal word, verskil die samestelling, strukture, doelwitte en metodes van beïnvloeding van hierdie verskillende belangegroepe onderling en kan die bestaan van sodanige verskille binne die breër benaming "die sakesektor", nie ontken word nie. Veel eerder moet die vraag na die rol en invloed van die sake-sektor op politieke besluitneming bestudeer word in terme van die bestaan van verskillende belangegroepe binne hierdie sektor en hul interaksie met politieke besluitnemers. Op grond van sodanige navorsing, behoort gepoog te word om oor die sakesektor as geheel te veralgemeen.

Die literatuur oor die rol van die sakesektor in politieke beleidsformulering toon aan dat die sake-elite selde deurslaggewende inisiatief op politieke besluitneming wil of kan hê. Die vraag wat hieruit na vore tree, is of die sakesektor in Suid-Afrika inderdaad die invloed op politieke en sosio-ekonomiese beleid het wat in die algemeen aanvaar word, veral gesien in die lig van die feit dat hierdie sektor nie 'n monolitiese verskynsel is nie. Anders gestel: In watter mate oefen die sakesektor in Suid-Afrika invloed uit op besluitneming in verband met die politieke aspekte van openbare beleid?

Dit is die doel van hierdie studie om bogenoemde vraag so deeglik as moontlik te beantwoord deur die persepsies van die regeringselite sowel as die sake-elite, veral dié van die Afrikaners, in hierdie verband na te vors. 'n Saak vir die bestudering van juis hierdie groep se persepsies word in die afdeling hieronder uitgemaak.

## 1.2 DOELSTELLINGS EN AFBAKENING VAN STUDIEVELD

Wat die bestudering van die regeringselite betref, word in die eerste plek gepoog om vas te stel wat die persepsies van dié elite in Suid-Afrika teenoor die bestaan en rol van belangegroepe is. In die tweede plek word nagegaan in hoe 'n mate belangegroepe toegang het tot besluitnemers en wat laasgenoemde se persepsies van die invloed, indien enige, van belangegroepe op die formulering van verskillende terreine van openbare beleid is. Spesifieke aandag word geskenk aan per-

sepsies oor die invloed van die sakesektor. Hierdie gedeelte van die studie fokus dus op besluitnemers se persepsies oor onder meer die waarde van belangegroepe en die aansien van verskillende belangegroepe op grond van hul invloed en spesifiek dié van die sakesektor.

Navorsing oor die invloed en rol van belangegroepe by besluitneming sal nutteloos wees indien daar nie ook aandag gegee word aan die siening van besluitnemers oor wat die rol van belangegroepe behoort te wees nie. Die effektiwiteit van belangegroepe hang uiteindelik grootliks af van onder meer hulle legitimiteit in die oë van besluitnemers. Geen empiriese navorsing is tot dusver in Suid-Afrika oor hierdie aspek onderneem nie.

Die tweede gedeelte van die navorsing laat die kollig val op die persepsies van hoofsaaklik die Afrikaner-sake-elite. Ten einde enige perseptuele verskille uit te wys, word klem gelê op hulle persepsies van hul eie invloed asook dié van hul Engelsspreekende eweknieë. Hulle siening van beleidsformulering in die algemeen geniet ook aandag. Onderliggend aan die bepaling van hul rol is die vasstelling van die aard van die verhouding tussen die Afrikaner-sakeman en die regering, asook die kenmerke wat aan hierdie verhouding vorm gee. Aan die ander kant sal aandag gegee word aan die belange van die Afrikaner-sakeman teenoor die belange van die besluitnemers.

Uit die oogpunt van die Suid-Afrikaanse politieke dinamika, sal antwoorde op die vraag of belangegroepe, veral die Afrikaner-sakesektor, 'n rol speel in beleidsformulering, waarskynlik lig kan werp op die aard van en geleentheid vir toekomstige politieke verandering. In hierdie navorsing moet dus vasgestel word of die Afrikaner-sake-elite politieke en sosio-ekonomiese rekonstruksie bevorder of dit teenwerk. Eweneens is dit belangrik om die houdings van hierdie sake-elite en die strukturele beperkings wat op hulle gedrag geplaas word, te bestudeer. Dit sal ook 'n verklaring bied van die rol wat hulle in die politiek van die Suid-Afrikaanse samelewing speel.

Ten einde hierdie navorsing binne hanteerbare parameters te hou, is om hoofsaaklik twee redes besluit om die studie grotendeels tot die persepsies van die Afrikaner-sake-elite te beperk. Die eerste en belangrikste rede is die feit dat tussen die Afrikaner-sakeman en die Nasionale Party-regering nog altyd 'n tradisionele band op grond van gemeenskaplike taal, kultuur en partylojaliteite bestaan het. In die verlede het die Afrikaner-sakeman dikwels in ooreenstemming met Nasionale Party beginsels opgetree, selfs ten koste van ekonomiese rasionaliteit (sien Hartman, 1962 : 5-7). Volgens Stokes (1974 : 578) is die Afrikaner

industriële entrepreneur "firmly integrated by ethnic selectivity in their choice of voluntary associations and by their membership in explicitly nationalist-oriented organizations". Afrikaner-entrepreneurskap is dan ook grootliks 'n produk van Afrikaner-nasionalisme (vergelyk Stokes, 1974 : 566-579). In die tweede plek word geargumenteer dat alhoewel die Afrikaner-sakesektor in 1980 in beheer was van slegs 25,7% van die totale nasionale welvaart teenoor 48,4% van hul Engelsprekende eweknieë, het die staatsondernemings, wat onder Afrikaner-bestuur staan, 'n verdere 25,9% bygedra tot ekonomiese welvaart. Dit beteken dat 52% van alle ekonomiese ontwikkeling en werkverskaffing op sakevlak die taak van die Afrikaner-sakegemeenskap en -topbestuur was (Volkshandel, Julie 1981).

Teen hierdie agtergrond is besluit om meer spesifiek aandag aan die persepsies van die Afrikaner-sake-elite oor die uitoefening van invloed op beleidsformulering te gee. Daar is uitgegaan van die aanname dat indien dié deel van die sakesektor, gegewe hul etniese en politieke bande met die regering, beperkte invloed het, die invloed van die Engelse sakelui selfs minder effektief sou wees. Die rol van die Engelse sakelui word nie in hierdie studie negeer nie en uiteindelik word die persepsies van invloed van die hele privaatsektor in alle fasette van beleidsformulering geëvalueer. Die sienings van enkele Engelsprekende sakeleiers wat as verwysingsgroep sal dien, sal ook ingewin word waarteen dié van die Afrikaners getoets sal word.

Soos in die literatuuroorsig oor belangegroepe aangetoon sal word, is die rol van belangegroepe in beleidsformulering en spesifiek in hierdie geval die sakesektor, in 'n groot mate deur navorsers in Suid-Afrika verwaarloos. Die ondersoek word beperk tot die bewindstydperk van PW Botha (1978-1989) aangesien hy die eerste Nasionale Party regeringshoof sedert 1948 was wat werklik 'n doelbewuste poging tot toenadering tot die sakesektor aangewend het.

Hierdie studie steun sterk op die idees van twee belangrike benaderings tot die studie van die politiek, naamlik die elite- en groepsbenadering (te onderskei van onder meer die rol-, mags- en konflikbenaderings). Volgens die elite-benadering is die samelewing hiërgies gestruktureer en speel die elite in feitlik elke politieke stelsel in terme van besluitneming 'n oorheersende rol. Oor wie hierdie elite spesifiek is, bestaan verskillende strome van denke in die literatuur, soos uitgewys sal word. Wat die groepsbenadering betref, word van die standpunt uitgegaan dat groepe wat verskillende belange in die samelewing verteenwoordig, in kompetisie met mekaar is om hul doelstellings te bereik. Politiek word dus altyd in en deur groepe mense gevoer (by implikasie belangegroepe) (sien byvoorbeeld Kweit en Kweit, 1981 : 92-102).

### 1.3 ORGANISERING VAN HOOFSTUKKE

Hierdie studie is in ses hoofstukke georganiseer. In Hoofstuk 1 word die veld van die studie ontleed. Daarna word 'n opheldering van die hooftemas in die elite- en groepsbenaderings gegee. Veral die literatuur oor elite en belangegroep se rol in beleidsformulering word geëvalueer. Die konsepte sentraal aan die studie, naamlik Afrikaner-sakeman, persepsie, invloed, openbare beleid en politieke kultuur word ook ontleed.

Hoofstuk 2 dek die metodologie. Inligting is by wyse van 'n opname deur middel van posvraelyste en onderhoudvoering bekom. Die toepassing van laasgenoemde metodes, die selektering van proefgroepe en die aard van die respondente se reaksies word onder meer ontleed. Aandag word ook aan die inhoud van die vraelys en onderhoudskedule geskenk waarna die konsep persepsie geoperasionaliseer word. Hoofstuk 3 handel onder meer oor die historiese ontwikkeling van die Afrikaner-sakesektor, die verhouding tussen die Afrikaner-sakeman en die Nasionale Party en ander Afrikaner-organisasies asook met sy Engelssprekende eweknie. Verhoë vir politieke verandering (sedert die vroeë sewentigerjare) deur beide Engelse- en Afrikaner-sakelui word ook ontleed.

Hoofstukke 4 en 5 word onderskeidelik aan die rapportering van die bevindinge van die vraelysnavorsing en onderhoudvoering gewy. Die bespreking vind plaas teen die agtergrond van die politieke kultuur van die Afrikaner wat in hoofstuk 4 ontleed word. 'n Ontleding van die persepsies van die regeringselite ten opsigte van die invloed van belangegroep, en spesifiek die sakesektor, vorm die kern van die hoofstuk.

In hoofstuk 5 word die verhouding tussen regeringshoofde en die sakesektor sedert 1985 bespreek. Dit word gevolg deur 'n ontleding van onder meer die sake-elite se persepsies oor die sakesektor se invloed op besluitneming asook hul persepsies oor kontensieuse vraagstukke. Hoofstuk 6 bied 'n samevatting waarin bevindings opgesom en in die konteks van die voorafgaande teoretiese uiteensettings geëvalueer word.

## 1.4 ELEMENTE VAN DIE ELITE-BENADERING

### 1.4.1 Die konsep elite

Die begrip elite is van die Latynse woord eligere afgelei wat beteken om 'n keuse te maak, en electa wat beteken die gekose deel. In baie ander tale soos Engels, Duits en Italiaans, beteken elite ook die gekose deel, die beste. In die politieke wetenskap het die konsep baie betekenis en vanweë die pluraliteit in die gebruik daarvan, is elite 'n baie vae begrip. Ten spyte van die verskille in betekenis is daar baie ooreenkomste. Die twee hoofkomponente van die term elite in die literatuur is dat i) elite gebruik word om 'n minderheidsgroep te identifiseer en ii) om 'n onderskeid te tref - met ander woorde die bestaan van 'n stel kriteria om die minderheid van die meerderheid te onderskei (Zannoni, 1978 : 7).

Die kriteria wat die minderheid van die meerderheid onderskei, varieer in die verskillende elite-teorieë. In die karakterisering van elite is daar volgens Welsh (1979 : 9) twee groepe skrywers. Die een groep, soos Pareto, Mosca en andere karakteriseer politieke elite as besitters van sekere hoedanighede, dikwels sielkundige kenmerke, wat hulle bereiking en handhawing van mag verduidelik. Die ander benadering is om die elite in terme van die sosiale konteks waaruit hulle kom, te karakteriseer; dus as verteenwoordigers van sosiale belange wat dominant is op 'n gegewe tydperk. Hierdie siening suggereer dat politieke mag geassosieer word met die funksionele belangrikheid van die sosiale groepe waaruit potensiële mededingers vir elite-posisies kom. Dit wil sê die elite is verteenwoordigers van samelewingsstrukture. Onder meer Michels, Mannheim, Schumpeter en Mills neig na hierdie sosiale konteks benadering.

Isaak (1984 : 272) gebruik dieselfde tipe van indeling van elite-benaderings as Welsh. Volgens hom is daar mikro- en makro-teoretici. Volgens die mikro-teoretici ontwikkel die elite vanweë die oneweredige verspreiding van menslike eienskappe soos intelligensie, moed en wilskrag. Slegs 'n klein groepie mense is toegerus om te lei en bereik die hoogste sport in 'n organisasie. Vir die makro-teoretici is die groei van die elite gebaseer op die opvattinge van dominante kulturele waardes of dominante instellings.

### 1.4.2 Oorsig van Elite-literatuur

Elite-studies word oorheers deur die bydrae van twee benaderingswyses, die klassieke elitiste en die pluraliste. Die klassieke elitiste sien die sosiale struktuur

as analogie van 'n enkele piramide, terwyl die pluraliste dit aan die ander kant as 'n reeks piramides sien (Parry, 1969 : 67). Dit beteken dus dat die samelewing bestaan uit 'n reeks vertikale sektore wat in terme van funksie gedifferensieer is. Elkeen het sy eie afsonderlike gesagshiërargie.

Van belang in die literatuur van die klassieke elitiste is veral die werke van Pareto (1935) The Mind and Society, Mosca (1939) The Ruling Class, Michels (1959) Political Parties, C. Wright Mills (1956) The Power Elite asook Marx se idees oor elite (vir 'n kort oorsig sien Rustow, 1966 : 708-714 en Parry, 1969 : 30-63). 'n Sentrale premis van die klassieke elite-teorieë is dat in elke samelewing die minderheid die besluite neem. Vanweë hulle mag, organisasie, politieke vaardighede of persoonlike kwaliteite, is die lede van die elite potensieel in staat om hulle posisies te eksploiteer om sodoende elite-dominasie te verseker.

Vir Mosca is daar twee klasse mense in alle samelewings, naamlik 'n klas wat regeer en 'n klas wat regeer word. Die regeerdersklas is kleiner, monopoliseer mag en trek materieel voordeel uit sy posisie, terwyl die klas wat regeer word groter is en gedomineer word. Elite-beheer vir Mosca is die minderheid se vermoë tot organisering. Elite-posisie word verkry deur die besit van 'n eienskap waaraan waarde geheg word deur die samelewing. Volgens Mosca is die belangrikste redes vir die bestaan van 'n politieke klas die ongelikheid in die verdeling van talente onder mense en die funksionele spesialisasie wat nodig is vir die bestaan van elke samelewing (Mosca, 1939 : 452-457). Ook ag Mosca dit belangrik om te onderskei tussen die politieke elite en die regerende elite. Hy argumenteer dat die politieke elite een deel is van die regerende elite, maar nie sinoniem is daarmee nie. Die politieke elite (of vir Mosca, die politieke klas) vorm die "intellektuele" element van die regerende elite. Laasgenoemde bestaan ook uit nie-intellektuele elemente. Die uitoefening van politieke mag behels dus nie net die manipulering van idees en simbole (die intellektuele element) nie, maar ook die vermoë om strukture en orde te handhaaf in die samelewing - deur dwang, indien nodig.

Pareto verdeel die samelewing ook in twee strata en volgens hulle persoonlike kwaliteite. Die laer stratum is die nie-elite, dit is diegene met minder talente en die hoër stratum is die elite met baie talente. Hulle word verder ingedeel in die regerende elite en die nie-regerende elite.

Michels, soos Mosca, beskou organisatoriese vermoëns as die grondslag van eliteskap. Wat ook al die vorm van menslike organisasie is, of dit nou 'n staat of 'n bepaalde instelling is, sal 'n klein groepie individue - 'n oligargie - te voorskyn kom om die gesagsposisies te beklee. Wanneer gevestig, sal die oligargie sy gesag

konsolideer en dit permanent maak. Hierdie proses noem Michels die 'Iron Law of Oligarchy' (sien Pretorius, 1984 : 77-96 vir 'n volledige bespreking).

Vir C Wright Mills is elite-dominasie voortspruitend uit die institusionele posisies wat hulle beklee. Volgens hom is die elite nie bloot diegene wat die meeste het nie (ten opsigte van geld, mag, prestige), want hulle kon nie die meeste gehad het as dit nie vir hulle posisies in die groot instellings was nie. Nasionale mag is gesetel in die ekonomiese, politieke en militêre instellings. "Other institutions seem off to the side of modern history, and, on occasion, duly subordinated to these". Die magselite is "those political, economic and military circles which as an intricate set of overlapping cliques share decisions having at least national consequences. In so far as national events are decided, the power elite are those who decide them" (Mills, 1956 : 18).

Alhoewel die Marxiste in teorie elitisme verwerp, hoort hulle ook by die klassieke elitiste tuis.<sup>1</sup> Die kern van die Marxistiese teorie is klas-dinamika. In alle samelewings is daar aan die een kant 'n leiersklas, wat die produksiemiddele beheer, en aan die ander kant 'n werkersklas. Marx se konsep van elite is sterk afhanklik van sy konsep van klas, wat dan hoofsaaklik ekonomies is. Vanweë die minderheidsklas se eksploitering van die werkers is daar ewigdurende konflik tussen die twee klasse. 'n Ewredige verdeling van rykdom kan slegs bereik word as die werkers die kapitalistiese besittersklas omverwerp. Na die rewolusie moet die leiers van die werkers as die diktatuur van die proletariaat, hervormings inisieer sodat 'n klaslose samelewing tot stand gebring kan word. In die praktyk egter is Marxistiese samelewings baie elitisties. Hierdie samelewings het nie verder beweeg as die diktatuur van die proletariaat-fase nie. In Marx se terme is die staat niks anders nie as die politieke uitdrukking van die klas-verhouding wat 'n produk van die ekonomiese struktuur is. Deur die staat word ekonomiese mag die politieke mag. Die eksploitering van die meerderheid deur die minderheid word die politieke dominasie van die minderheid. Die politieke elite is die klas wat die produksiemiddele besit en wat politieke mag deur die staat uitoefen (Zannoni, 1978 : 15).

Sedert die laat 19e eeu het Europa en die VSA van homogene na komplekse, gedifferensieerde en gespesialiseerde samelewings verander. Hierdie pluralisme

---

1. Parry (1969 : 27-28) wys die ooreenkomste asook die verskille tussen Marxisme en elitisme uit. Elitiste met die uitsondering van Burnham, sien nie die politiek as 'n blote refleksie van die ekonomiese klassestruktuur nie. Die magstruktuur, volgens hulle, word in enige samelewing deur die karakter en vermoë van sy leierskap bepaal.

het ook in die Politieke Wetenskap en veral in elite-studies belangrik geword. Die werke van Bentley (1908) The Process of Government en Truman (1951) The Governmental Process oor belangegroeppe en mag was 'n belangrike beginpunt van die pluralistiese denke.

Die elite-pluraliste waarvan Robert Dahl, Arnold Rose en andere van die belangrikste eksponente is, handhaaf die mening dat demokratiese elite-stelsels hoogs gedeversifiseerd is, en dat geen enkele fragment van die elite alle besluitnemingsareas beheer nie. Die werk van Dahl Who Governs (1961) wat oor plaaslike politiek in New Haven handel, is van die belangrikste werke in hierdie kader. Vir pluraliste soos Dahl en Potter (1961) Organised Groups in British National Politics, is daar in demokrasieë 'n wye verspreiding van mag en gesag onder regeringslui, private individue en groepe. Met ander woorde daar is 'n wye diversiteit van ewe magtige groepe, en besluitneming word dus deur 'n verskeidenheid van elites beïnvloed. Die pluraliste aanvaar ook dat regeringsbeleid die eise van diverse belangegroeppe reflekteer (Chilcote, 1981 : 353). Die pluraliste se konsep van elite is gebaseer op 'n spesifieke stelsel van politieke hulpbronne, dit is verspreide ongelykhede. Volgens Dahl (1961 : 228) het hierdie stelsel van verspreide ongelykhede ses belangrike kenmerke:

- Baie verskillende tipes hulpbronne waardeur amptenare beïnvloed kan word, is vir verskillende burgers beskikbaar;
- met enkele uitsonderings is hierdie hulpbronne oneweredig versprei;
- individue wat die beste af is in hul toegang tot een tipe hulpbron is dikwels die slegste af wat ander hulpbronne betref;
- geen invloedshulpbron domineer al die ander nie;
- behalwe enkele uitsonderings, kan 'n hulpbron vir die uitoefening van invloed heeltemal oneffektief ten opsigte van sekere spesifieke besluite wees en
- feitlik niemand en definitief geen groep bestaande uit meer as 'n paar individue nie, het 'n algehele gebrek aan hulpbronne vir die uitoefening van invloed.

Die aard van mag wat uit verspreide ongelykhede ontstaan, is sodanig dat dit onmoontlik is om 'n groepe te vind wat dit monopoliseer. Dit is dus nie moontlik om

'n elite in die samelewing te identifiseer nie. Wat wel moontlik is, is om verskillende konflikterende elites te identifiseer. Enigeen van hierdie elites word dan geïdentifiseer op grond van die feit dat 'n bepaalde elite 'n groter deel van 'n spesifieke politieke hulpbron besit.

Volgens Dahl (1958) moet dus aanvaar word dat daar in enige organisasie sommige individue is wat meer invloed uitoefen op sleutelbesluite as ander. 'n Groep wat 'n hoë graad van invloed op een vraagstuk of area het, het nie noodwendig 'n belangrike invloed oor 'n ander vraagstuk binne dieselfde stelsel nie. "Any investigation that does not take into account the possibility that different elite groups have different scope is suspect" (Dahl, 1958 : 465).

Ten slotte word die belangrikste betekenis wat aan die konsep 'elite' geheg word, en wat hierbo bespreek is, in die onderstaande tabel opgesom. Drie hoofkomponente wat in elke betekenis uitgesonder word, is: die domein van die betekenis, die kriteria wat onderskei tussen elite en nie-elite en die bron van mag van die elite.

	<b>KRITERIA VAN ONDERSKEID</b>	<b>BRON VAN MAG</b>	<b>DOMEIN</b>
Pareto	Doeltreffendheid	Dwang en toestemming	Samelewing
Mosca	Uitnemendheid	Aantal organisasies	Samelewing
Michels	Posisie binne die organisasie	Monopolie in die gebruik van organisatoriese middele	Komplekse organisasies
Marx	Eiendom	Staat	Samelewing
C Wright Mills	Sosiale status en posisie binne instellings	Monopolie van elke bron van mag in samelewing	Samelewing
Pluraliste	Besit van 'n hoë mate van politieke hulpbronne	Verskillende politieke hulpbronne	Samelewing

(Zannoni, 1978 : 21)

### 1.4.3 **Funksionele Differensiasie van Elites**

Elite-pluralisme behels verder die studie van gespesialiseerde en funksionele elite. Keller (1968 : 26-27) gebruik die terme 'strategiese elites' om te verwys na die elites wat verantwoordelikheid aanvaar en invloed oor die hele samelewing uit-

oefen, en 'segmentele elites' wat invloed op sub-domeine van die samelewing uitoefen. Vier tipes strategiese elites word onderskei volgens sekere sosiale funksies wat hulle vervul:

- Die huidige politieke elite wat die doelbereikingsfunksie vervul;
- die ekonomiese, militêre, diplomatieke en wetenskaplike elite, dit is die aanpassende elite;
- die elite wat morele gesag uitoefen naamlik priesters, filosowe, opvoeders en eerste families wat 'n integrerende funksie vervul en
- die elite wat die samelewing emosioneel en psigologies bymekaar hou, soos kunstenaars, skrywers, akteurs, filmsterre - met ander woorde die patroon-handhawende elite.

Deutsch (in Edinger & Searing, 1967 : 428-445) sê die elite-groepe wat in Wes-Duitsland en Frankryk naaste aan die besluitnemingsproses lê, is die volgende: militêre, politieke, burokratiese, sakelui, ander sleutel belangegroepes se elite, massamedia, intellektuele leiers en universiteitsprofessore. Parry (1969 : 75-89) onderskei tussen militêre-, besigheids-, burokratiese- en establishment-elite. Vir La Palombara (1974 : 476-482) is die politieke elite onder meer die rykes, die beter opgeleides, die professioneles, stedelinge, bestuurders van industriële-, opvoedkundige- en handelondernemings/instellings, die bewakers en interpreteerders van godsdienstige en morele waardes, leiers van organisasies en diegene wat op die hoogste vlak vir die toepassing van wet en orde, veiligheid en verdediging verantwoordelik is.

Teen die agtergrond van bogenoemde bespreking is die waarde van die insigte wat deur die elite-benadering vir hierdie studie gebied word, daarin geleë dat dit enersyds riglyne bied vir die identifisering van diegene wat potensieel invloed op beleidsformulering kan uitoefen. In die geval van hierdie navorsing word dan ook van die veronderstelling uitgegaan dat dit die elites binne die sakesektor is wat op grond van die belange wat hulle binne dié sektor verteenwoordig, invloedryk is, maar ook potensieel openbare beleidsformulering kan beïnvloed. Daar word verder aanvaar dat daar verskeie funksionele sektore binne die samelewing bestaan, elk met sy eie elites, en dat geen enkele fragment van hierdie elites alle besluitnemingsareas beheer of beïnvloed nie. Die elite-benadering bied ook insig in die identifisering van dié elites wat die werklike besluite neem en die verantwoordelikheid daarvan aanvaar. Die wyse waarop die elites wie se persepsies van

die uitoefening van invloed empiries bestudeer is geselekteer is, word in die geval van die sake-elite in hoofstuk 2 (2.3.3) uiteengesit en wat die regeringselite betref, in hoofstuk 2 (2.4.6).

#### 1.4.4 Elite-studies in Suid-Afrika

Weinig elite-studies is tot dusver in Suid-Afrika onderneem. Van die belangrikste is dié van Adam (1971) The South African Power-Elite: A Survey of Ideological Commitment, Van der Merwe (1973) White South African Elites, Hanf *et. al.* (1981) South Africa: The Prospects of Peaceful Change en Van Wyk (1987) Elitemenings Rakende Enkele Aspekte van Suid-Afrika se Buitelandse Beleid. Met die uitsondering van Adam se studie, is in die ander studies 'n pluralisties uitgangspunt gevolg. Adam (1971 : 74) het gefokus op die besluitnemingselite wat volgens hom uit die politieke, administratiewe en ekonomiese sektore saamgestel is en wat dus die Suid-Afrikaanse magselite vorm.<sup>1</sup>

Hierdie magselite se houdings oor die volgende vraagstukke is bepaal: swartes en rassisme in die algemeen, ekonomiese aspekte van apartheid, voortbestaan of moontlike wysiging van apartheid en wrywing tussen blankes, veral tussen Afrikaans- en Engelssprekendes (Adam, 1971 : 76).

Van der Merwe se elite-studie het onder meer die volgende aspekte ingesluit: die beginsels waarvolgens die Suid-Afrikaanse sosiale stelsel elite-posisies toeken, sosiale kenmerke van elites, elite-rekrutering en die politieke oriëntasies van die elites ten opsigte van veral rasseverhoudinge. Hanf *et. al.* se studie handel hoofsaaklik oor die houdings van elites ten opsigte van probleme van vreedsame verandering in Suid-Afrika. Van Wyk se navorsing behels elitemenings oor nasionale veiligheid asook die invloed van die internasionale stelsel op Suid-Afrika se internasionale isolasie.

In hierdie studie word ook 'n pluralistiese uitgangspunt gevolg, om 'n sub-groep van die politieke elite in Suid-Afrika, naamlik die Afrikaner-sakesektor, te bestudeer.

---

1. Adam se benadering is nader aan dié van C Wright Mills se "magselite" met dié uitsondering dat Mills die militêr uitsluit.

## 1.5 ASPEKTE VAN BELANGEGROEPE

Die kern van hierdie studie sentreer rondom die interaksie tussen die politieke besluitnemers en belangegroeppe en die persepsies wat by eersgenoemde bestaan oor die invloed van laasgenoemde op beleidsformulering met spesifieke verwysing na die sakesektor.

Daar word dus van die standpunt uitgegaan dat groepe as artikuleerders van bepaalde belange, 'n belangrike rol in die politieke proses, en veral ten opsigte van die uitoefening van invloed op openbare beleid speel.

Die elite-benadering het bloot leidrade verskaf vir die identifisering van invloedrykes binne 'n bepaalde sektor wat dan as verteenwoordigers van 'n sektor, wat opsigself 'n belangegroep is, optree. Die invloed van die elites uit die sake-sektor sal dus uiteindelik herlei kan word na dié van die sakesektor as belangegroep.

Wat belangegroeppe betref, word in hierdie afdeling onder meer aandag gegee aan 'n omskrywing van die begrip belangegroep, die interaksie tussen belangegroeppe en regerings en ander aspekte rakende belangegroeppe soos die redes waarom individue aan bepaalde organisasies behoort, metodes van steunwerwing en die determinante wat die uitoefening van invloed bepaal. Insigte en aannames uit die bespreking word in hoofstukke 4 en 5 gebruik vir die interpretering van die empiriese gegewens.

### 1.5.1 Die konsep belangegroep

'n Belangegroep het verskeie ander name soos drukgroep (pressure group) en wandelganggroep (lobby). Oor die algemeen word die benaming "belangegroep" bo "drukgroep" verkies, want die wesenlike kenmerk van hierdie groepe is nie soseer om druk op die regering uit te oefen nie, maar om gegewe belange te bevorder. Druk mag wel een van die metodes wees wat 'n belangegroep kan aanwend om sy doelstellings te verwesenlik, maar ander metodes, soos later bespreek sal word, kan ook gebruik word. Salisbury (1975 : 176) sê oor die gebruik van die term "drukgroep" die volgende: "The term conveys images of corrupt practices and narrowly self-interested behavior that are inadequate pictures of empirical reality. Pressure also implies the use of sanctions by the group in order to persuade governmental officials to act in desired fashion. This image, too, is

wholly inadequate to represent the complex relationships among organized groups and public officials".

'n Redelike mate van eenstemmigheid bestaan onder skrywers oor die definisie van 'n belangegroep. Dieselfde aktiwiteite van belangegroep word net soms deur verskillende name beskryf (Wootton, 1970 : 2). 'n Belangegroep word gesien as enige organisasie of groep persone wat as gevolg van hulle gemeenskaplike doelstellings en houdings saamgebind is. Hulle poog om hierdie doelstellings met die middele tot hulle beskikking te verwesenlik, deur die besluitnemingsproses van die regering te probeer beïnvloed. Greenwald aan die ander kant, tref 'n onderskeid tussen 'n belangegroep en 'n politieke belangegroep. Volgens haar is 'n belangegroep 'n kombinasie van individue wat gedeelde belange nastreef. 'n Politieke belangegroep definieer sy as "one whose shared activities include attempts to influence decisions made within the public policy-making system (Greenwald, 1977 : 15). Presthus (1974a : ix) definieer belangegroep as "collectivities organized around an explicit aggregate value on behalf of which essentially political claims are made vis-à-vis government, other interest groups, and the general public". Die struktuur van 'n belangegroep kan georganiseer wees of dit kan slegs by tye bewustheid van groepsbelang aan die kant van individue reflekteer (Almond en Powell, 1966 : 75). In die literatuur is daar ook eenstemmigheid dat daar 'n verskil tussen belangegroep en politieke partye bestaan. Eersgenoemde neem nie direk aan die verkryging van regeringsmag deel nie, maar wil slegs diene wat die mag uitoefen beïnvloed. Politieke partye aan die ander kant wil die owerheidsbesluit deel of beheer (sien byvoorbeeld Duverger, 1972 : 101, Eckstein, 1960 : 9-11 en Roberts, 1970 : 8).

In die vraelys wat in hierdie studie aan politici en burokrate gestuur is, is belangegroep as volg omskryf: "groepe of organisasies wat poog om regeringsbesluite te beïnvloed, sonder om self deel van die regering te word".

Die aktiwiteite van belangegroep het betrekking op die insetfunksie van die politieke stelsel. Belange-artikulasie wat een van die insetfunksies is, word volgens Almond en Powell (1966 : 74-75) deur belangegroep uitgevoer. Die funksionele belangrikheid van belangegroep is egter nie beperk tot slegs belang-artikulasie nie. Belangegroep is ook betrokke by politieke sosialisering, kommunikasie, rekrutering van politieke elites en belangesamevoeging. Kortom, belangegroep vervul 'n belangrike rol in al die insetfunksies van die politieke stelsel.

In die literatuur word baie aandag aan die kategorisering of klassifikasie van belangegroepes gegee. Hulle word dikwels in terme van hulle substantiewe belang of hoofaktiwiteit geklassifiseer, byvoorbeeld professionele-, arbeids-, sake- of godsdienegroepes. 'n Ander klassifikasie is in terme van die groter doelstellings wat hulle nastreef, byvoorbeeld ekonomiese, welsyns- en altruïstiese groepe.

Volgens Salisbury (1975 : 182) is Amerikaanse skrywers se klassifikasie van belangegroepes hoofsaaklik op sosio-ekonomiese sektore gebaseer byvoorbeeld landbou, arbeid, die professies ensovoorts. Britse skrywers aan die ander kant onderskei tussen seksionele groepe soos arbeid of die sakesektor wat die "belange" van die samelewing reflekteer ("whom one stands for") en promosiegroepe wat 'n bepaalde beleidsdoelstelling verteenwoordig ("what one stands for"). (Sien veral Wootton, 1978 hoofstuk 2). Seksionele groepe is meer bestendig en is meer geneig om in 'n semi-offisiële konsultasieverhouding met regeringsagente op te tree. Promosiegroepe neig om minder impak op besluitneming te hê. Die taktieke en strategieë van die twee tipes groepe verskil ook. Openbare en oop strategieë word meer dikwels deur promosiegroepe gevolg (Salisbury, 1975 : 183).

Van die bekendste klassifikasies van belangegroepes is dié van Almond en Powell (1966 : 75-79) wat tussen vier tipes onderskei:

- Spontane mobilisasie van eise of anomiese belangegroepes. Hierdie groepe word gekenmerk deur beperkte organisasie en 'n gebrek aan deurlopende aktiwiteite (volgens Salisbury is dit die sogenaamde promosiegroepe).
- Nie-assosiatiewe belangegroepes soos families en etniese groepe.
- Institusionele belangegroepes soos staatsdepartemente, kerke, die weermag en
- Assosiatiewe belangegroepes soos vakbonde en sakeorganisasies.

### 1.5.2 Die interaksie tussen belangegroepes en regerings

Van kardinale belang vir hierdie studie is die interaksie

tussen belangegroepes en regerings.<sup>1</sup> In die literatuur is daar verskeie benaderings oor die verhouding tussen belangegroepes en die staat waarvan die pluralistiese-, die Marxistiese en die neo-korporatistiese benaderings die bekendste is. Ten einde die analitiese raamwerk waarbinne die studie onderneem is, daar te stel, word die belangrikste tersaaklike insigte wat daardeur gebied word, uitgelig. Alhoewel hierdie studie grootliks gebaseer word op die aannames van die pluralistiese benadering, bied die Marxistiese asook die neo-korporatistiese perspektiewe ook nuttige insigte wat met vrug gebruik kan word om tekortkominge in die pluralistiese benadering aan te vul, of om die aannames van hierdie benadering te bevestig. Hiermee word die verskillende ontologiese en epistemologiese tradisies wat genoemde benaderings onderlê, nie ontken nie, maar eerder gepoog om 'n bruikbare analitiese basis vir die studie te ontwikkel deur wedersydse leemtes aan te vul, of tussen uiterstes eie proposisies met betrekking tot die interaksie tussen belangegroepes en regerings te ontwikkel. Dit gaan in hierdie studie nie om 'n algemene "grand theory" van die staat op te stel nie, maar om bloot op grond van vorige benaderings lig te werp op die interaksie tussen die staat en die sake-elite as belangegroep.

Die tekortkoming of nadeel verbonde aan 'n te eng navolging van slegs die een of ander benadering, kan kortliks aan die hand van die volgende voorbeeld geïllustreer word: In terme van Marxistiese ontleding word staatsoptrede en beleidsformulering benader vanuit die aanname dat die staat die werktuig van 'n spesifieke klas is - in 'n kapitalistiese samelewing dus die "werktuig van kapitaal" - en beleidsformulering reflekteer die belange van hierdie klas. Aan die ander kant bestaan die siening in sekere pluralistiese denkkringe dat die staat 'n neutrale arbiter met betrekking tot kompeterende belange is. Nie een van hierdie uiterste benaderings tot die rol van die staat of die regering in beleidsformulering is voldoende om die interaksie tussen belangegroepes en die Suid-Afrikaanse regering te omskryf en te verklaar nie. Hiervan getuig die invloed wat sekere belangegroepes buite die sakesektor, byvoorbeeld die Afrikaner-Broederbond (vergelyk byvoorbeeld Geldenhuys, 1984 en Cloete, 1989) op beleidsformulering uitoefen en ook die feit dat die regering selde werklik neutraal optree. Hierdie studie gaan nie van die standpunt uit dat die Suid-Afrikaanse staat op 'n neutrale

---

1. Dit word aanvaar dat die onderskeid tussen staat en regering soms baie vaag is. Stepan (1978 : xii) wys daarop dat "(t)he state must be considered as something more than the government", in die sin dat staat die voortdurende administratiewe, burokratiese, dwang- en regstelsels van die staat omvat. Regering, aan die ander kant, verwys na die persone wat hierdie instelling beheer en verantwoordelik is vir die maak van afdwingbare besluite. In hierdie studie is top staatsamptenare egter ook betrek by die ondersoek en daarom word die begrippe staat/regering in 'n mate as wisselvorme gebruik.

wyse die aansprake van verskillende belangegroepe probeer besleg nie. Dit wil eerder die rol van die sakesektor opweeg, en 'n ontleding maak van die pogings om beleid te beïnvloed en die wyse waarop die Suid-Afrikaanse regering op hierdie pogings reageer.

Bogenoemde voorbeelde kan ook uitgebrei word om die gebruik van insigte geput uit meer as een (en boonop kompeterende) benadering in die daarstelling van die basiese aannames waarop hierdie studie berus, te motiveer: Die Marxistiese aanname dat die staat die werktuig van die kapitalistiese klas is, word verwerp wat betref die Suid-Afrikaanse staat, omdat verskeie studies reeds suksesvol aangetoon het dat onder Nasionale Party-bewind dit nie soseer gegaan het om die bevordering van die belange van kapitaal nie, maar eerder om dié van die Afrikaners en breër gesien die blankes.<sup>1</sup>

Die Afrikaner-nasionaliste het ongebreidelde kapitalisme teengestaan omdat dit gesien is as nadelig vir Afrikaner-belange. Die Nasionale Party-bewind het vir verskeie dekades in belang van 'n sekere groep, naamlik die Afrikaners opgetree. Met verloop van tyd, veral sedert die aanvang van hervorming soos deur PW Botha geïmplementeer, het die belange van ander groepe (nie noodwendig kleur- of etniese groepe nie) egter ook beleidsformulering begin beïnvloed, sodat dit toenemend moeilik geword het om die staat in sulke absolutistiese terme soos "die werktuig" van 'n enkele groep te beskou. Selfs die oorspronklike bevoordeelde groep, die Afrikaners, het mettertyd toenemend kruissnydende affiliasies/belange begin nastreef<sup>2</sup> en teen die laat tagtigerjare was skeuring in die kerk, politiek en kultuurorganisasies afdoende bewys van die talle belangegroepe binne 'n groter groep wat eise aan die staat stel. Die blote feit dat die Afrikaners, alhoewel 'n dominante groep, nie soseer 'n klas verteenwoordig nie, maar eerder toenemend uit verskillende belangegroepe bestaan wat binne 'n etniese verband opgetree het, verswak die Marxistiese siening van die staat as instrument van die dominante klas in kapitalistiese samelewings, in casu, nog verder.

Teen die agtergrond van bogenoemde bespreking kan die eerste twee basiese aannames van hierdie studie vervolgens bespreek word. Hierdie aannames behels onderskeidelik die beskouing van die staat en van belangegroepe wat die studie ten grondslag lê. Volgens die pluraliste, waarvan onder meer Laski (1917), Dahl (1961) en Latham (1952) die belangrikste eksponente is, is daar 'n

- 
1. Vergelyk Giliomee en Adam (1981), Degenaar (1987) en Williams (1989).
  2. Vergelyk byvoorbeeld die artikel van Jan J Loubser, "The Modern Afrikaner" in South African Outlook, vol. 102, Junie-Julie 1972.

goedgedefinieerde grens tussen belangegroepes en die politieke besluitnemingsproses. Belangegroepes werk van buite die regeringsinstellings om diegene wat formeel by die besluitnemingsproses betrokke is, te beïnvloed. Kontakpunte tussen belangegroepes en die regering is nie beperk nie, en toegang tot die politieke proses is teoreties oop vir alle groepe wat wil deelneem. Ook is dit informeel en vrywillig sonder dat dit konstitusioneel geïnstusionaliseer is. Geen groep of kombinasie van groepe het alleen inset in beleidsformulering nie. Die staat speel 'n redelik neutrale rol deurdat hy, met inagneming van al die eise, 'n amptelike beleid bepaal wat die beste in openbare belang sal wees. Met die mag wat versprei word onder 'n aantal outonome en ongelyke akteurs wat kompeteer en onderhandel met mekaar en met die regering, speel die regering die rol van 'n tussenganger wat uiteenlopende aansprake op beleid versoen en dus konflik verminder (Wilson, 1982 : 177). Vir pluraliste, sê Carnoy (1984 : 37), is die staat 'neutral, an empty slate', and still a servant of the citizenry - of the electorate - but the common good is defined as a set of empirical decisions that do not necessarily reflect the will of the majority". Terselfdertyd het die staat outonomieit, maar pluraliste verskil heelwat oor die mate waarin die staat self besluite neem en die mate waarin die kiesers daardie besluite beheer. Ook word aanvaar dat daar 'n groot variasie van belange onder 'n groot aantal partye is en dat die magsbalans tussen hierdie partye in 'n konstante toestand van veranderlikheid is. Somtyds word een kant bevoordeel, dan 'n ander, of daar bestaan 'n relatiewe balans.

Die kern van pluralisme word goed opgesom deur Schmitter (1974 : 96) wat dit sien as "a system of interest representation in which the constituent units are organized into an unspecified number of multiple, voluntary, competitive, nonhierarchically ordered and self-determined (as to the scope of interest) categories which are not specially licensed, recognised, subsidized, created or otherwise controlled in leadership selection or interest articulation by the state and which do not exercise a monopoly of representational activity within their respective categories".

'n Probleem met die benadering van die meeste pluraliste (daar is die uitsonderings soos Wilson (1980) en Nordlinger (1981), is hulle siening van die staat as 'n neutrale arbiter van kompeterende belange en daarmee saam die samelewingsgesentreerde wyse waarop politiek en regeringsaktiwiteite verduidelik word. Die klem val op die insette uit die samelewing op openbare beleid terwyl die staat opsigself nie as 'n onafhanklike akteur in beleidsformulering gesien word nie.

In hierdie studie word die ortodokse Marxistiese siening van die staat as bloot die instrument van die kapitalistiese klas en die beskouing van sekere pluraliste waar-

volgens die staat as 'n neutrale arbiter van kompeterende belange gesien word, dus verwerp (vergelyk die bespreking hierbo). Poulantzas (1973) het gepoog om vir die gebreke in Marxistiese teorie met betrekking tot die verhouding tussen die staat en die breër samelewing te kompenseer deur die toepassing van die konsep relatiewe outonomie. Sy omskrywing en toepassing van relatiewe outonomie as verduideliking vir die staat se posisie vis-à-vis klassebelange het egter met die verloop van tyd verandering ondergaan (sien Jessop, 1980). In sy vroeë strukturalisties-georiënteerde werk, verwys relatiewe outonomie na die mate van onafhanklikheid van die staat van die ekonomie, alhoewel die aard van die staat uiteindelik steeds deur die ekonomie gedetermineer word. Kritici van Poulantzas wys daarop dat hierdie beskouing van die staat se relatiewe outonomie twee teenstrydige verklarende beginsels bevat: Die staat kan nie beide oor ('n mate van) outonomie beskik en terselfdertyd uiteindelik deur die ekonomie gedetermineer word nie (sien Althusser, 1986 : 87-128 en Laclau en Mouffe, 1985 : 97-105).

In sy latere werk (sien State Power Socialism, 1980) ontwikkel Poulantzas 'n variasie op sy oorspronklike konseptualisering van die begrip relatiewe outonomie om die verhouding tussen staat en samelewing te ontleed. Hiervolgens word die omvang van die staat se relatiewe outonomie bepaal deur produksieverhoudinge, met ander woorde deur beide eiendomsverhoudinge en die wyse waarop surpluswaarde geproduseer word. Die vorm van die funksies van die staat word dus volgens Poulantzas deur klassestryd bepaal: die maatskaplike konflik wat ontstaan op grond van die inherent antagonistiese produksieverhoudinge. Op grond van hierdie aanname verklaar Poulantzas dan die feit dat die staat nie (noodwendig) direk geskakel is met die dominante klas nie. Dit is dus nie die ekonomie mutatis mutandis wat die staat determineer, of die relatiewe outonomie daarvan nie, maar spesifiek produksieverhoudinge. Verskeie skrywers het in hul ontledings van en kritiek op elemente van Marxistiese teorie met betrekking tot konsepte soos die arbeidsteorie van waarde en produksieverhoudinge reeds op die problematiek van Poulantzas se (latere) aanvaarding van produksieverhoudinge as determinant van die staat se relatiewe outonomie gewys (sien Laclau en Mouffe, 1985 : 75-88).

Alhoewel relatiewe outonomie 'n aanloklike instrument skyn te wees waarvolgens die verhoudinge tussen staat en samelewing ontleed en verklaar kan word, skep dit uiteindelik nie die moontlikheid om staat en samelewing voldoende te koppel òf te skei vir die doeleindes van ontleding nie. Die blote feit egter dat die behoefte binne die Marxistiese teorie ontwikkel het om die terrein van staat-samelewing-verhoudinge meer omvattend en diepelligend te verklaar (sien ook Offe, 1975), dui egter op die feit dat minstens implisiete erkenning verleen word aan die opsigtelike

skeiding wat tussen staat en samelewing bestaan. Dit versterk ook die motivering om aspekte van die verhouding tussen die twee komponente te ondersoek, aangesien blote redusering van staatsmag tot die mag van 'n spesifieke klas, of, breër beskou, 'n spesifieke groep, nie voldoende verklarings bied vir sekere beleidsmaatreëls nie. 'n Voorbeeld hiervan is die voorkoms in Suid-Afrika van beleidsformulering wat nie die belange van die sogenaamde dominante klas (vergelyk byvoorbeeld Williams, 1989) of groep verteenwoordig nie. In hierdie verband kan gewys word op die skeuring binne Afrikaner-geledere wat veral sedert die vroeë tagtigerjare plaasgevind het. Terselfdertyd bied 'n breër of meer algemene omskrywing van die konsep relatiewe outonomie nietemin die basiese insig in die verhouding tussen staat en samelewing dat die staat een of ander vorm van outonomie besit vis-à-vis 'n bepaalde klas of groep in die samelewing en dat hierdie groepe daadwerklik moet poog om hul belange onder die aandag van die staat te bring en laasgenoemde moet beïnvloed om na hierdie belange op 'n gunstige wyse om te sien.

Alhoewel Marxistiese skrywers soos Block (1980) en Miliband (1983) Poulantzas se konsep van relatiewe outonomie verwerp, bied hul ontwikkeling van die konsep staatsbestuurders (Miliband, 1983 : 51-56) in 'n sekere sin minstens 'n mate van steun aan die idee dat die staat ook eie belange nastreef. Hiermee word verwys na die feit dat staatsbestuurders hul eie belange nastreef en ook breër belange wat gewoonlik beskryf word as "nasionale belange". Laasgenoemde dui op dié belange rondom sy gedeeltelike beheer van produksiemiddele deur middel van staatskorporasies of die verskansing van politieke stabiliteit ten einde die voortbestaan van die bepaalde gesagsvorm te verseker. Ten einde hierdie belange suksesvol te realiseer, steun staatsbestuurders op 'n gesonde ekonomie en by implikasie formuleer hulle beleid wat ook terselfdertyd die belange van die kapitalistiese klas begunstig. 'n Algemene punt van kritiek wat teen hierdie benadering ingebring kan word, is dat staatsbestuurders nie noodwendig oor voldoende kennis van die ekonomie beskik om werklik deurgaans die proses van akkumulاسie te bevoordeel nie. In terme van die Suid-Afrikaanse samelewing is hierdie aanname ook problematies. Apartheid mag wel die belange van beide staatsbestuurders en breë doelwitte van ekonomiese groei en politieke stabiliteit gedien het, maar op die lang duur het hierdie beleid juis die ekonomie omvangryke skade aangerig, soos weerspieël in onder meer die uitwerking van internasionale sanksies sedert veral 1985. Verder veronderstel so 'n aanname dat die staat as 'n eensgesinde en verenigde entiteit funksioneer, terwyl welbekende onmin tussen die Departement van Buitelandse Sake en voormalige Departement van Inligting gedurende die sewentigerjare (sien onder meer Hansard, 8 Augustus 1974 : Kol 4283 en Kolom 4302) byvoorbeeld duidelik so 'n aanname weerlê. Wat

egter wel van belang is vir hierdie studie, is die feit dat indien aanvaar word dat ekonomiese belange op die lang duur deur die staat versoen moet word met ander belange (hetsy die eie belang van die sogenaamde staatsbestuurders òf breër belange) die moontlikheid wel bestaan dat belangegroepes en veral die sakektor 'n invloed op besluitneming kan uitoefen.

'n Derde benadering in terme waarvan die verhouding tussen die staat en belangegroepes in die samelewing bestudeer kan word, is neo-korporatisme (in teenstelling met vroeë fascistiese of staatskorporatisme soos aangetref in outoritêr-burokratiese samelewings). In die literatuur word verskeie betekenisse aan die begrip neo-korporatisme gegee. In hierdie bespreking word slegs na 'n paar van die algemeenste verwys. Die oorheersende siening is dat neo-korporatisme 'n alternatief tot pluralisme is (sien byvoorbeeld Lehbruch, 1979 en Schmitter, 1974). Dit is dus twee afsonderlike stelsels van belangeverteenwoordiging wat in mededinging met mekaar is (soos hieronder bespreek). Aan die ander kant is daar diegene, veral Skandinawiese skrywers wat neo-korporatisme as 'n variasie van pluralisme sien (byvoorbeeld Sabel, 1981 : 213 en Pizzorno, 1981).

Die twee algemeenste sienings van neo-korporatisme, waarmee ook in hierdie studie volstaan word, is dié van Schmitter en Lehbruch. Schmitter beskou neo-korporatisme as 'n metode van belangebemiddeling (interest intermediation), waardeur 'n beperkte aantal nie-kompeterende groepe in die samelewing binne hul onderskeie kategorieë 'n monopolie deur die staat gegee is, in ruil vir staatsbeheer van hulle leierskap en van die eise wat hulle stel. Schmitter beklemtoon verder die funksionele basis van verteenwoordiging van neo-korporatisme. Vir Lehbruch is dit weer 'n vorm van beleidsformulering. Soos hy dit stel is dit "an institutionalized pattern of policy-formulation ..." (Lehbruch, 1979 : 150). Dit behels nie net die konsultasie en samewerking van die regering met georganiseerde belangegroepes nie, maar die vorming en implementering van openbare beleid, veral ekonomiese beleid. In hierdie siening word die uitsetkant van die verhouding tussen georganiseerde belange en die staat as 'n spesifieke metode van beleidsformulering en implementering beklemtoon. Hy identifiseer kapitaal en arbeid as die opvallendste groepe in korporatistiese strukture, met ander groepe (ook georganiseerde landbou) grootliks beperk tot die klassieke pluralistiese patroon.

Baie skrywers poog om die dimensies van belangeverteenwoordiging en beleidsformulering te kombineer om 'n breër definisie te gee (sien byvoorbeeld Crouch, 1983 en 1984 en Panitch, 1979 en 1980). 'n Element van neo-korporatisme wat deur beide Panitch en Lehbruch beklemtoon word, is die belangrikheid van samewerking tussen groepe (spesifiek kapitaal en arbeid) veral wat ekonomiese

beleidsformulering betref. Ook argumenteer Panitch (1979 : 123) dat liberale korporatisme die sentraliteit van die groot sosio-ekonomiese groepe se verhoudings met die staat beklemtoon, sowel as die samewerkende interaksie tussen hulle: "whereas scholars have used the term one-dimensionally to apply only to interest group representation, corporatism ... focuses as well on the state's reciprocal influence on interest groups, and their consequent employment as agencies of mobilization and social control for the state vis-à-vis their members".

Schmitter, Lehmbruch en Panitch beklemtoon aldrie die dimensies van erkenning en beheer deur die staat asook die struktuur van belangebemiddeling. Neo-korporatisme word deur Panitch, 1980 : 173) dan gedefinieer as "a political structure within advanced capitalism which integrates organized socio-economic producer groups through a system of representation and co-operative mutual interaction at the leadership level and mobilization and social control at the mass level".

Ter opsomming is die kenmerkende eienskap van neo-korporatisme uit 'n bestudering van die literatuur, dus die funksionele verteenwoordiging van sekere sleutel belangegroepes in die beleidsformuleringsproses. Die staat het veral samewerking en raad op ekonomiese terrein nodig en daarom word die sakesektor en georganiseerde arbeid as belangrike groepe uitgesonder. Dit gaan dus hier veral om samewerking deur middel van koöptasie en die skep van strukture waardeur sodanige samewerking kan plaasvind. Kortom veronderstel neo-korporatisme 'n sosiale kontrak tussen georganiseerde kapitaal, arbeid en die staat. Neo-korporatisme werk op die beginsel dat die staat soos die sakesektor en arbeid legitieme belange het. Sekere belange is egter komplementêrend en van so 'n aard dat samewerking tot almal se voordeel is. Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar eerstens nie 'n neo-korporatiewe staat kan wees sonder dat daar spesifieke korporatiewe instellings is nie: Met ander woorde instellings wat saamgestel is uit verteenwoordigers van belangegroepes en regeringsverteenvoerders wat gedelegeerde verantwoordelikheid het vir sekere aspekte van die werking van die regering. Sulke instellings of strukture mag tot 'n paar areas beperk wees of kan byvoorbeeld die hele sfeer van ekonomiese lewe dek. Tweedens beteken dit direkte betrokkenheid deur groepe in die beleidsformuleringsproses. By implikasie oefen sodanige groepe of die betrokke instellings waarop groepe asook regeringsverteenvoerders dien, dus invloed op besluitneming uit. Belange wat verteenwoordig word, met ander woorde die bepaalde sektor se belange moet gereflekteer word in beleidsdinamika.

Onder pluralisme daarenteen is statutêre kontak tussen belangegroepes en die regering minder gereeld of bestaan nie. Soos Wilson (1983 :897) dit stel: "The

groups act from outside the institutional framework of government to influence policy through political pressure rather than become directly involved in the decision-making process itself ... Because there are no institutionalized channels for group access to policy-making, 'whom you know' becomes important in opening up opportunities to influence policy decisions" (Wilson, 1983 : 897).

Veral gesien in die lig van die feit dat daar gedurende die tydperk onder bespreking, nie werklike korporatiewe instellings bestaan het nie (met die uitsondering van die Ekonomiese Adviesraad) en samewerking of koöptering met veral swart vakbonde in sodanige instellings afwesig was, is dit te betwyfel of hierdie benadering daadwerklike insigte bied vir 'n studie oor die invloed van belangegroepes (spesifiek die sakesektor) op die Suid-Afrikaanse regeringselite. Nietemin kan hierdie studie moontlik enkele ander elemente van neo-korporatisme identifiseer. In hierdie verband het Suid-Afrikaanse skrywers soos Pretorius (1982), Prinsloo (1984) en Du Pisanie (1984) sedert die begin van die tagtigerjare 'n neiging in die opkoms van 'n neo-korporatistiese patroon van interaksie tussen belangegroepes en die regering waargeneem.

Volgens die meeste sienings van neo-korporatisme is een van die kenmerkendste eienskappe soos uitgewys, die bestaan van instellings om direkte kontak tussen regeringsamptenare en verteenwoordigers van belangegroepes te vergemaklik, wat dan sal verseker dat belangegroepes in die besluitnemingsproses betrokke is. Dit is veral hierdie aspek van geïnstusionaliseerde belangeverteenwoordiging in veral die Nasionale Mannekragskommissie en die Ekonomiese Adviesraad in Suid-Afrika, wat deur genoemde skrywers bestudeer is. Pretorius se gevolgtrekking is dat veral bogenoemde liggame ten minste in vorm korporatiewe strukture is, maar dat daar ook pluralistiese elemente in die Suid-Afrikaanse stelsel is. Prinsloo (1984 : 35) handhaaf 'n soortgelyke mening, terwyl die gevolgtrekking waartoe Du Pisanie kom, ook in 'n groot mate ooreenstem. "The tentative conclusion is that South Africa does not characterise a fully 'corporatized' policy in the sense that Lehmanbruch (1982 : 5-6) uses it, but that it clearly displays corporatist features as far as interest intermediation is concerned". Ook Stadler (1987 : 23) wys kortliks op "tendencies towards state corporation" in Suid-Afrika veral met betrekking tot regulering van arbeid. Weer eens kan in die voorbeelde deur hom genoem, nie sonder meer van òf korporatisme òf neo-korporatisme gepraat word nie, aangesien arbeid self nie formeel en georganiseer bygedra het tot besluitneming nie. Dit is immers 'n belangrike vereiste vir die bestaan van 'n korporatiewe staat soos in die omskrywing van die begrip hierbo uiteengesit is.

Nietemin bestaan die moontlikheid dat die vestiging van neo-korporatistiese strukture of gebruike, mettertyd meer kan evolueer tot die daadwerklike voorkoms van 'n neo-korporatistiese samelewingsbestel. 'n Voorbeeld hiervan is veral die formele samewerking tussen SACCOLA, die vakbonde COSATU en NACTU en die Nasionale Mannekragskommissie sedert 1989 oor die inhoud van die Wet op Arbeidsverhoudinge. (Hierdie studie is voltooi voor die finale onderhandelinge in hierdie verband en val dus buite die bestek van die navorsing). Wat betref die era wat in hierdie studie ter sprake is, naamlik die PW Botha-bewind, word geargumenteer dat ten spyte van die feit dat sekere neo-korporatistiese elemente waarneembaar is, die potensiaal tot die uitoefening van daadwerklike invloed op besluitneming nie werklik bestaan nie. In die mate dus wat korporatistiese instellings bestaan, dien dit steeds om die belange van die staat te dien eerder as om die moontlikheid van sistematiese beïnvloeding deur hierdie gekoöpteerde groepe te vergroot.

'n Belangrike aspek van 'n stelsel van neo-korporatistiese belangegroepinteraksie is dat geïnstusionaliseerde toegang tot die besluitnemers vir alle erkende groepe die belangrikheid van persoonlike bande tussen belangegroepverteenwoordigers en regeringsamptenare verminder. Soos Wilson (1983 : 896) dit ook stel: "Parliamentary lobbying is also of lesser importance because the consensus agreed upon by the government and group elites is regularly sustained by parliament". 'n Groot leemte in die navorsing oor belangegroepe in Suid-Afrika is veral in hierdie aspek van 'lobbying' of steunwerwing geleë wat dan veral in hierdie navorsing aandag geniet, en wat meer lig sal werp op nog 'n dimensie van neo-korporatistiese belangegroepbemiddeling. Belangrik ook is sedert die verskyning van die bydraes hierbo oor neo-korporatisme in Suid-Afrika, die samestelling van een van die belangrikste voorbeelde van 'n korporatiewe struktuur volgens genoemde skrywers, naamlik die Ekonomiese Adviesraad, aansienlik verander het. Die georganiseerde handel en nywerheid sowel as georganiseerde arbeid het byvoorbeeld nie direkte verteenwoordiging op hierdie Raad nie. 'n Verdere aspek is dat in terme van neo-korporatisme, hierdie tipe instellings werklike besluitnemingsmagte moet hê en nie bloot in adviserende hoedanigheid moet optree nie (Wilson, 1982 : 179). Ook moet 'n gevoel by belangegroepverteenwoordigers bestaan dat hulle wel 'n belangrike rol in besluitneming speel. Die aandag wat in hierdie navorsing geskenk word aan sake-elite se persepsies oor onder meer 'n belangorganisasie soos die Afrikaanse Handelsinstituut en die Ekonomiese Adviesraad se rol in besluitneming, sal bydra om die leemte wat in die literatuur oor hierdie aspekte bestaan, te vul.

Na aanleiding van die bespreking van die belangrikste insigte wat deur die pluralistiese, Marxistiese en neo-korporatistiese benaderings gebied word met betrekking tot die aard van die staat en die verhouding tussen staat en samelewing (laasgenoemde veral in terme van belangegroepe), is dit nou moontlik om teen die agtergrond van die insigte deur hierdie benaderings gebied, die basiese aannames waarbinne hierdie studie geskied, uit te spel. Dit is duidelik dat nie een van genoemde benaderings daarin slaag, en spesifiek met betrekking tot die Suid-Afrikaanse staat en samelewing, om voldoende aannames te genereer vir ontleding van die verhouding tussen regering en belangegroepe nie. Daarmee word nie geïmpliseer dat pluralisme, Marxisme en neo-korporatisme nutteloos is nie, maar eerder dat hulle in die geval van die bestudering van 'n spesifieke staat tekortkominge bevat: pluralisme neig om, soos aangetoon, die staat as neutraal ten opsigte van kompeterende belange in die samelewing te beskou; Marxisme bly steeds vasgevang in 'n beskouing waarvolgens die staat steeds in 'n minder of meerdere (of: enger of breër) mate gedetermineer word deur 'n spesifieke klas of klasse binne 'n groep (O'Meara) en neo-korporatisme veronderstel 'n samelewing waarin staat en belangegroepe nou en formeel saamwerk ten opsigte van besluitneming. Tussen hierdie uiterste beskouings word dan verkies om in navolging van Skocpol (1985 : 29 en 1987 : 7) 'n staatsentriese benadering te volg in terme waarvan die moontlikheid voorsien word dat die staat nóg deur 'n dominante klas/groep gedetermineer word, nóg dat die staat volkome neutraal en onafhanklik funksioneer, nóg dat die staat en nie-kompeterende groepe, mekaar deurgaans ondersteun. Deur hierdie benadering te volg, word die geleentheid nietemin geskep om steeds sekere van die aannames van die pluraliste, Marxiste of neo-korporatiste aan te wend wanneer spesifieke gebeure met betrekking tot die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse regering en belangegroepe verklaar word.

'n Staatsentriese ontleding impliseer nie dat belangegroepe nie die optrede en vermoëns van die staat beïnvloed nie, of dat daar geen beperkings op staatsaksie geplaas word nie. So 'n benadering aanvaar bloot dat daar 'n institusionele logika in die funksionering van die staat is wat in ag geneem moet word wanneer staats-optrede ondersoek word. Met ander woorde, in die bestudering van regeringselite se persepsies oor die invloed van die sakesektor, word aanvaar dat die bestaan van verskillende staatsinstellings verskillende persepsies mag hê van die rol van belangegroepe in beleidsformulering. 'n Staatsentriese benadering veronderstel dus nie dat die staat 'n geslote entiteit is wat suiwer in eie belang optree sonder inagneming van, of beïnvloeding deur, belangegroepe in die breër samelewing nie. Dit beteken wel dat die wyse waarop die staat reageer op hierdie sosiale kragte verstaan moet word teen die agtergrond van die staat se interne prosedures, reëls, instellings en kultuur. Die staatsentriese benadering veronderstel dat die staat

bestaan uit 'n netwerk of matrys van instellings wat betrokke is by sosiale, ekonomiese en politieke beleidsformulering en dat daar verskille en selfs konflik tussen instellings en persone kan bestaan. Wanneer die persepsies van regeringselite met betrekking tot die invloed wat belangegroepes uitoefen, bestudeer word, is dit dan ook noodsaaklik om sodanige persepsies oor 'n breë terrein te toets. Daarom is, soos in hoofstuk 2 aangedui sal word, vraelyste aan 'n breë spektrum van die regeringselite gestuur. Om voorsiening te maak vir die feit dat dit nie slegs die regering in die eng sin van sy betekenis is wat beleid formuleer nie, is ook die persepsies van senior staatsamptenare en andere ondersoek.

In die bespreking hierbo is veral aandag geskenk aan die posisie van die staat met betrekking tot die interaksie tussen die staat en die breër samelewing waarby belangegroepes ingesluit word. 'n Staatsentriese benadering skep wel die moontlikheid vir die grondslag van en motivering vir die bestudering van regeringselitepersepsies. Nietemin is dit ook noodsaaklik om die basiese proposisies sover dit die rol van belangegroepes en dan meer pertinent die sakesektor in die verhouding staat-samelewing uit te spel.

Vanweë die groot volume en verskeidenheid literatuur oor belangegroepes in die VSA, Wes-Europa en Brittanje sou 'n literatuuroorsig in hierdie verband 'n studie insigself wees.<sup>1</sup> Vir die doel van hierdie navorsing is 'n ontleding van die wyse waarop die sakesektor politieke besluitnemers probeer beïnvloed en hul persepsies oor hul invloed meer relevant.

Kenmerkend van die literatuur oor belangegroepes en elites oor die afgelope 15 jaar, is die prominensie wat verleen is aan die verhouding tussen die sakesektor en regerings, en veral die invloed van eersgenoemde op laasgenoemde. Tereg merk Wilson (1985 : 1) ook op "The relationship between business and government has emerged as one of the central issues of contemporary politics". Benewens besprekings oor die algemeen in hierdie verband, is heelwat van die literatuur op gevallestudies gebaseer. Wat opval is die volume navorsing oor hierdie aspek wat veral in state soos die VSA, Kanada en in Wes-Europa onderneem is.

Die neiging om sakegroepes met ander belangegroepes bymekaar te gooi, word toenemend weerstaan. Volgens skrywers soos onder meer Offe (1985) is die

---

1. Vir 'n goeie opsomming van die ontwikkeling en belangrikste belangegroepeliteratuur sien Almond (1983), Black en Burke (1982/83) en Garson (1978).

logika van kollektiewe optrede van sakegroepe heeltemal anders as dié van ander groepe, veral dié van arbeid. Hy argumenteer dat sakelui waarskynlik ander organisatoriese vorms kan ontwikkel wat eiesoortig aan hulle as 'n ekonomiese groep is.

In die Amerikaanse literatuur oor belangegroepe was daar nog altyd minder van 'n neiging om sakeorganisasies as slegs belangegroepe te behandel. Meer klem word op die eiesoortigheid van sakegroepe as 'n tipe gelê. In klassieke werke soos onder meer dié deur Truman (1951), Olson (1965) en Wilson (1973) word afdelings van hoofstukke vir die bespreking van die sakesektor afgesonder. Truman byvoorbeeld bied 'n klassieke pluralistiese analise van die rol van die sakesektor in die samelewing. Volgens hom bepaal die struktuur en waardes van 'n gegewe samelewing in 'n groot mate die ongelykhede en geleenthede vir belangegroepe (1951 : 248). Die hoogste status in die samelewing word aan die groepe gegee aan wie se prestasies in die besonder waarde geheg word. Die prestasies van die sakesektor in die VSA is sodanig dat dit 'a status of the highest order' verkry het (Truman, 1951 : 249).

Ander skrywers soos Lindblom (1977) beklemtoon weer die belangrikheid van die strukturele aspekte van die mag van die sakesektor en op dié wyse vul hul die magskonsep van die pluraliste aan (Wilson, 1985 : 5).

Lindblom se Politics and Markets was ongetwyfeld een van die invloedrykste studies oor die bevoorregte posisie van die sakesektor in die VSA. In hierdie verband skryf hy: "Who are the main leaders in the market? Businessmen. Who are the main leaders in the exercise of privileged business controls? Businessmen, of course. Who are the main leaders in polyarchal politics? Businessmen are influential in enormous disproportion" (Lindblom, 1977 : 200). Beide die regering en sakesektor het geen behoefte om mekaar te vernietig of mekaar se funksies te ondermyn nie (Lindblom, 1977 : 179-180).

Sakemanne is vir Lindblom nie slegs verteenwoordigers van 'n spesifieke belang soos verteenwoordigers van ander belangegroepe nie. "They appear as functionaries performing functions that government officials regard as indispensable. When a government official asks himself whether business needs a tax reduction, he knows he is asking a question about the welfare of the whole society and not simply about a favor to a segment of the population, which is what is typically at stake when he asks himself whether he should respond to an interest group" (Lindblom, 1977 : 175). Dit is slegs een keer en ook baie dubbelsinnig dat Lindblom praat van staatsoutonomie: "Caught in a potential crossfire between privi-

leged controls and polyarchal control ... [government officials seek] to remove from politics those highly divisive issues on which businessmen would be loath to yield" (Lindblom, 1977 : 205).

Hoewel Lindblom sonder twyfel elemente van Marxistiese ontleding aangeneem het, behou hy die kern elemente van die pluralistiese posisie deurdat hy glo dat die regering nie geïdentifiseer word met die dominante belange van die sakesektor nie, maar dat hy in staat is om met dié sektor te onderhandel en kompromieë te bereik wat min of meer in nasionale belang sal dien.

Die politieke dominasie van die sakesektor in veral die Amerikaanse samelewing word ook deur meer resente studies beklemtoon. Volgens Vogel (1983 : 19-20) berus hierdie dominasie op vier waarnemings: Dit is die vermoë van die sakesektor om die politieke agenda te bepaal, die mate waarin die sakesektor buite verhouding deur die politieke proses bevoordeel word, die noodsaaklikheid van regerings om 'n hoë mate van "sakevertroue" te behou en die vermoë van die sakesektor om politieke bronne te mobiliseer en elite- en openbare mening te vorm. Vogel bevraagteken egter self die geldigheid van hierdie analise ten opsigte van die tydperk van die middel sestigerjare tot die middel van die sewentigerjare. Nie net was daar in hierdie tydperk 'n duidelike afname in die politieke invloed van die sakesektor nie, maar was die verhouding tussen die sakesektor en die regering om verskeie redes deur 'n mate van vyandigheid gekenmerk (vergelyk ook Jacoby, 1975; Wilson, 1985 en Salamon en Siegfried, 1977 in hierdie verband).

Lindblom se Politics and Markets het die groeiende argument oor die mate waarin die markstelsel noodwendig aan die sakesektor 'n bevoorregte posisie verleen, geïntensifiseer. In Brittanje is die werk van Marsh en Locksley (1983), Grant (1980) en Grant en Sargent (1987) in hierdie verband belangrik. Eersgenoemde bevestig empiries Lindblom se siening dat kapitaal potensieel 'n belangrike strukturele beperking op die regering uitoefen en dat dit 'n bevoorregte posisie beklee: "Capital is not the first among equals, its power is qualitatively as well as quantitatively different (Marsh en Locksley, 1983 : 59). Met ander woorde kapitaal of die sakesektor het indirekte invloed. Wat direkte invloed betref, is Marsh en Locksley (1983) van mening dat die direkte invloed van kapitaal beperk is. Organisasies soos die Confederation of British Industry (CBI), die stem van die Britse industrie, se invloed is ook tot die detail van wetgewing eerder as beleid self, beperk (Marsh en Locksley, 1983 : 59). Na 1974 het die politieke invloed van die CBI ietwat toegeneem toe dit 'n meer overte politieke organisasie geword het. Volgens Grant (1985 : 62) is daar 'n baie noue verhouding tussen die regering en die CBI en daar

bestaan dus heelwat geleentheid vir beïnvloeding. Bogenoemde skrywers vind dit egter moeilik om te bepaal hoe invloedryk die CBI is.<sup>1</sup>

Na 'n vergelyking van die verhouding tussen die regering en die sakesektor en laasgenoemde se invloed op aspekte van ekonomiese beleid in die VSA, Wes-Duitsland, Brittanje, Frankryk en Japan, kom Wilson (1985 : 127) ook tot die gevolgtrekking dat daar geen enkele patroon in die verhouding tussen die sake- sektor en die regering is nie. In elke staat varieer hierdie verhouding oor tyd en verskil dit ook tussen kapitalistiese state op dieselfde tyd. Hierdie variasie in die patrone van sakebetrokkenheid by die regering en in beleidsformulering kan toegeskryf word aan verskeie faktore soos die mate waarin die sakesektor bedreig word (deur Sosialistiese Partye, werkersklasbewegings en vakbonde), die politieke kultuur, die politieke struktuur en ekonomiese faktore (vir 'n volledige bespreking sien Wilson, 1985 : 129-138).

Uit bogenoemde kort oorsig waar die rol van die sakesektor en sy verhouding met die regering in state soos die VSA, Kanada en Brittanje geanaliseer is, blyk dit duidelik dat daar geen konsekwente patroon in die verhoudings tussen sakesek- tore en regerings bestaan nie. Ook die invloed wat sakesektore op beleidsformu- lering uitoefen, wissel van tyd tot tyd en van vraagstuk tot vraagstuk. Daar kan dus nie sonder meer tot 'n gevolgtrekking gekom word dat sakesektore normaal- weg invloed op openbare beleidsformulering uitoefen of nie uitoefen nie. McQuaid (1982) se werk oor die politieke rol van belangrike ekonomiese groepe in die VSA is van die min (indien enige) wat spesifiek die sakesektore ofte wel "big business" se rol ontleed in aangeleenthede wat nie suiwer ekonomies van aard is nie, soos die bydrae van belangrike ekonomiese groepe in byvoorbeeld die val van sekere regeringsleiers en die aanneem van sosiale veiligheidswetgewing.

Wat in al die werke opval, is dat die sakesektor se rol veral ten opsigte van suiwer ekonomiese beleid, soos onder meer prysbeheermaatreëls en belasting of sekere sosio-ekonomiese aspekte soos arbeidswetgewing, groter werkseleentede en beter lewensomstandighede ontleed word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie teoretiese insigte in die rol van die sakesektor wat besluitneming betref, grootliks steun op navorsing gedoen in liberaal-demokratiese Westerse same- lewings en daarom nie sonder meer toegepas kan word of geldig is vir die Suid- Afrikaanse situasie nie.

---

1. Vir oorsig oor invloed van sakesektor in Kanada sien Islam en Ahmed (1984), Murray en MacMillan (1983), Clement (1975), Fournier (1976) en Presthus (1973).

In teenstelling met die volume studies oor belangegroepe in die VSA, Wes-Europa en Brittanje, is die studie van belangegroepe deur akademici in Suid-Afrika redelik verwaarloos. In hierdie kort oorsig oor die bestaande literatuur oor belangegroepe, sal die aard van die gebrek aan inligting uitgelig word. Dit is nie soseer dat belangegroepe heeltemal geïgnoreer is nie, maar dat navorsing in hierdie verband nog nie op 'n omvattende wyse gedoen is nie, veral nie hul rol in die huidige Suid-Afrikaanse politiek nie. Die doel van hierdie studie is juis om die leemte wat op hierdie gebiede bestaan, aan te vul.

Die literatuur wat wel bestaan, kan in drie breë kategorieë ingedeel word. Die eerste is algemene studies wat die belangrikste belangegroepe identifiseer en breedweg 'n aanduiding van hulle verhouding met die regering gee, op grond van onder meer hulle samestelling in terme van ras en etnisiteit (Harris, 1968, 1970, 1971 en Pretorius en Vosloo, 1974). Afgesien van die feit dat nie aandag aan die betrokkenheid van die belangegroepe in die besluitnemingsproses geskenk word nie, is 'n verdere probleem dat hierdie studies 15 jaar of langer gelede onderneem is, en dus nie die politieke veranderinge in dié tydperk in Suid-Afrika voldoende reflekteer nie. Die mees resente bydrae wat belangegroepe in die algemeen betref, is die studie van Booyesen (1986) waarin breë patrone van invloed op politieke besluitneming geïdentifiseer word.

'n Tweede kategorie sluit 'n aantal studies van individuele groepe of belangegroepsektore soos vakbonde en Afrikanerbelange in. Hierdie studies verskaf 'n nuttige agtergrondgeskiedenis en ontwikkeling van spesifieke groepe. Die interne magsbalans binne die groepe en hul politieke doelstellings en ideologieë word bespreek (Horrell, 1961 en 1969; Adam, 1978; O'Meara, 1983; Davis, O'Meara en Dlamini, 1988).

Ten slotte is daar dié studies wat veral die afgelope 10 jaar toenemend op die privaatsektor in Suid-Afrika konsentreer. Hierdie bydraes is vanweë die verskil in fokus, nie in die tweede kategorie bespreek nie. Ten einde hierdie navorsing ook uit die leemtes van bestaande literatuur oor die sakesektor te regverdig, word daar in meer detail hierna verwys. As gevolg van die uiteenlopende foci ook in hierdie literatuur, word die bydraes vir besprekingsdoeleindes in twee onderwerpe verdeel, naamlik: i) die rol van kapitalisme in apartheid en ii) die sakesektor se rol in politieke verandering.

i) **Die rol van kapitalisme in apartheid: enkele teorieë**

In die afgelope dekade of meer was heelwat skrywers betrokke in 'n debat oor kapitalisme se rol in die ontwikkeling van skeiding en apartheid. Daar was diegene, meesal vrye markhandelaars, wat geargumenteer het dat kapitalisme 'n inherente mag besit om voor-kapitalistiese strukture wat op rasse-ongelykheid gebaseer is, te verwyder. Die inherente liberaliserende markkragte is egter voortdurend deur die intervensie van politici wat hul ideologieë toegepas het, teengewerk. Van die belangrikste eksponente wat hierdie konvensionele pro-privaatsektor siening huldig is onder meer O'Dowd (1974 : 33-37), wat argumenteer dat ekonomiese ontwikkeling 'n krag skep wat alle gevestigde patrone van rasseskering sal verwyder. Die probleem egter is dat "The South African racial structure distorts the economic picture". Inherent is kapitalisme 'n stelsel wat kleurblind is en antagonisties is teenoor die kleurslagboom. 'n Soortgelyke siening word deur Horowitz gehuldig. Hy sê in hierdie verband "Economic rationality urges the polity forward beyond its ideology" (Horowitz, 1967 : 427).

Hierdie debat word deur Blumer (1965 : 238-239) verder gevoer wat argumenteer dat kapitalisme aanpas by die rassebeleid: "industrial imperatives accommodate themselves to the racial mould and continue to operate effectively within it. We must look to outside factors rather than to a motivation of these imperatives for an explanation of the disintegration of the racial mould".

Van 'n derde skool van denke, die neo-Marxiste, is Johnstone (1970), Legassick (1974), Legassick en Innes (1977) en Davies (1979) die belangrikste eksponente. Johnstone tipeer die verhouding tussen kapitalistiese ontwikkeling en apartheid as volg: "the relations between capitalist development, apartheid policies and the core structure of white supremacy are essentially collaborative. ... (W)hite supremacy is continually being re-inforced by economic development" (Johnstone, 1970 : 139). Volgens hierdie siening is kapitalisme en apartheid nie antagonisties teenoor mekaar nie, maar ondersteun mekaar wedersyds. Daar is geen belangrike konflikterende belange nie en die stelsel word te alle tye deur die staat in belang van die privaatsektor beheer.

Sekere elemente van beide die Marxistiese en neo-Marxistiese benaderings word deur Greenberg (1980) gevolg. Volgens hom het kapitalistiese belange en veral die sakelui, nie net tot omtrent 1970 gehelp om rassedominasie te verstewig en te beveilig nie, maar is dié sektor ook deur apartheid bevoordeel. Sedert die

sewentigerjare plaas apartheid beperkings op hulle veral op die vervaardigingssektor en eis hulle die afskaffing van die apartheidstrukture en 'n politieke orde wat meer legitiem is. As hulle egter teenstand ondervind, versoen hulle hul maklik met die beleid, met ander woorde apartheid word maklik geakkommodeer soos wat Blumer aan die hand gee.

Van die belangrikste werk wat krities teenoor die neo-Marxistiese interpretasie van die verhouding tussen die privaatsektor en die staat staan, is dié van Lipton (1985). Haar basiese argument is dat Suid-Afrikaanse kapitaliste nog nooit eensgesind of volmondig ten gunste van apartheid was nie. In die eerste helfte van die eeu het sommige boere en myneienaars sekere belangrike aspekte van die apartheidsbeleid gesteun. Daarenteen het die kapitaliste in die vervaardigings- en handelsektore minder belang daarby gehad of aspekte van dié beleid geopponeer. Steeds is hulle nie eenparig of noodwendig totaal teen apartheid nie, maar vertoon 'n redelike mate van variasie veral oor wat politieke apartheid moet vervang.

'n Laaste siening is dié van Yudelman (1984) wat meen dat die staat en die privaatsektor in 'n simbiotiese verhouding met mekaar staan. Dit beteken dat die een nie sonder die ander kan bestaan nie. Dominasie van een oor die ander word uitgesluit, maar konflik tussen hulle word nie uitgesluit nie.

Uit die bestaande literatuur oor die rol van kapitalisme en spesifiek die sakesektor in hervorming, blyk dit duidelik dat daar min eenstemmigheid bestaan. In hierdie navorsing word gepoog om verdere lig op hierdie vraagstuk te werp.

## ii) **Die sakesektor se rol in politieke verandering**

Heelwat van die literatuur oor die sakesektor, veral waar 'n hoofstuk in 'n boek oor Suid-Afrikaanse politiek aan hierdie sektor afgestaan word, gee bloot 'n historiese oorsig van onder meer die rol wat die sakesektor oor die afgelope tien jaar in die afskaffing van sekere apartheidsmaatreëls gespeel het, en die optrede en uitsprake van sakelui teenoor bepaalde regeringsoptrede en wetgewing. Die veranderde verhouding tussen die sakesektor en die regering sedert die Carlton-beraad is 'n verdere kerntema (Sampson, 1987 en Mann, 1988).

Die oorgrote meerderheid van die literatuur sentreer grootliks rondom die bydrae wat die sakesektor in die proses van politieke verandering. Dit wissel van meer realistiese benaderings (byvoorbeeld Giliomee, 1982; Lee, 1983; Welsh, 1988) tot

meer idealistiese sienings (Bernstein, 1988; Frankel, 1988) van die rol wat die sakesektor sou kon speel.

'n Aspek wat nie in die bestaande literatuur aangespreek word nie, en wat die grondslag van enige bespreking oor die politieke rol van die sakesektor behoort te vorm, is hierdie sektor se eie mening oor die rol wat hul op die politieke terrein behoort te speel. Bestaan die gewilligheid tot betrokkenheid en binne watter parameters is hulle bereid om bydraes te lewer? Hul bereidwilligheid om 'n rol in politieke hervorming te speel, sal grootliks bepaal word deur die persepsies wat bestaan oor die mate van invloed wat hulle in besluitneming kan uitoefen.

Welsh se siening van die invloed en bedingingsmag waaroor die sakesektor in Suid-Afrika beskik, verskil van dié van Frankel (1988) en Bernstein (1988). Volgens Welsh (1988 : 167) is die sakesektor in Suid-Afrika een van die gepolitiseerdste in die wêreld, maar sê hy "... in terms of influence en leverage it must be one of the weakest". In 'n kort artikel wys ook Lewis (1989) op die beperkte mag van die sakesektor. Bernstein (1988 : 3) sê weer "It can however be stated with confidence that business leadership and organizations do have some power and influence". Ook volgens Frankel (1988 : 6 & 9) het die sakesektor potensiaal tot die uitoefening van invloed en beskik hy oor bedingingsmag. In al vier gevalle word oorwegend ongesubstansieerde veralgemenings gemaak, sonder om 'n onderskeid te tref op die terreine van openbare beleid waar die sakesektor invloed het of sou hê. Die huidige studie hoop juis om hierdie leemtes aan te vul.

Die jongste werk oor die sakesektor se betrokkenheid in beleidsverandering is die hoofstuk van Lee en Buntman (1989) "The Limousine Lizard and the Taxi Proleteriat" in South Africa at the End of the Eighties (Centre for Policy Studies).

Ten spyte van die feit dat hierdie werk daarop aanspraak maak dat die persepsies van die sakelui op die "politieke en openbare beleid" ontleed word (1989 : 149), is hierdie bydrae slegs 'n beskrywing van die uitsprake van die sakesektor oor bepaalde vraagstukke in die periode 1985-1989. Dit is onduidelik om uit die gevolgtrekking waartoe hierdie skrywers kom naamlik "...that the business sector has influence; but it has not yet mobilised its power in the field of public policy" (1989 : 115-116) af te lei watter invloed op watter terrein van openbare beleid die sakesektor volgens die skrywers sou hê. Hierdie proefskrif spreek spesifiek dié vraagstuk aan.

Tweedens word die sakesektor in die hoofstuk deur Lee en Buntman, as 'n homogene entiteit hanteer. Hoewel die skrywers erken dat dié sektor verdeel is op grond van onder meer taal en politieke oortuiging (1989 : 116), word terselfdertyd aanvaar dat sakeleiers "gemeenskaplike politieke belange" kan hê. 'n Verduideliking vir hierdie skynbare weerspreking word nie aangebied nie en die verskille in terme van taal en politieke ideologieë word genegeer wat daartoe lei dat bevindinge van toepassing gemaak word op die hele sakesektor. Die bevindinge wat in hoofstuk 4 en 5 van hierdie navorsing bespreek word, toon juis aan dat hierdie onderskeid ten opsigte van onder meer taal en politieke oortuiging in direkte verband staan met die beïnvloeding van openbare beleid. Soos aangedui sal word, kan die sakesektor nie sonder meer beskou word as 'n belangegroep met "gemeenskaplike politieke belange" nie.

Derdens kan vanweë die grootte van die proefgroep, naamlik 26 sakeleiers en die wyse van samestelling nie betroubare veralgemenings gemaak word nie. Hierdie studie vervul juis in hierdie leemte veral wat die Afrikaner-sakesektor betref.

Uit die voorafgaande oorsig blyk dit duidelik dat daar 'n leemte bestaan wat betref 'n algemene studie van belangegroep-politiek. 'n Aantal aspekte waarop gefokus behoort te word, is byvoorbeeld die punte van toegang vir belangegroepes tot die politieke proses, metodes van beïnvloeding, die betrokkenheid van hierdie groepe in die besluitnemingsproses, persepsies van hul invloed, en die tipe vraagstukke waarop invloed uitgeoefen kan word.

Alhoewel die insigte gebied deur die studies van onder meer die Amerikaanse en Britse sakesektore se invloed op besluitneming nie sonder meer aanvaar kan word as basiese aannames waarop 'n studie van die sakesektor kan rus nie, kan hierdie insigte nietemin van waarde wees in die daarstelling van die vertrekpunte wat betref die sakesektor in Suid-Afrika.

Vir die doeleindes van hierdie studie word aanvaar dat onder meer die struktuur en waardes van 'n samelewing grootliks die ongelykhede en geleenthede van belangegroepes bepaal. Afhangend dus van die struktuur en waardes van 'n samelewing is dit moontlik om te bepaal watter belangegroepes die grootste geleentheid het om besluitneming te beïnvloed en op watter terreine. In die geval van Suid-Afrika tydens die bewind van PW Botha is die Suid-Afrikaanse samelewing eerstens gekenmerk deur rassesseiding waardeur die blankes en by uitstek die Afrikaners politieke mag besit het. Tweedens was dit in hierdie tydperk dat pogings toenemend aangewend is tot versterking van die vryemarkstelsel en privatisering in Suid-Afrika (vergelyk hoofstuk 4 vir 'n volledige bespreking). Die

gevolg was 'n openlike toenadering deur die regering, onder meer deur die hou van drie ekonomiese berade en 'n herstrukturering van die EAR ten einde meer sakeleiers te betrek. By implikasie is die sakesektor as belangegroep dus toenemend by ekonomiese besluitneming betrek, maar steeds as blanke groep. In die lig van die feit dat die politieke mag grotendeels by die Afrikaners lê in hierdie tydperk, is dit dus logies om veral die Afrikaner-sakesektor se persepsies van hul invloed op besluitneming te bestudeer. Daar word ook spesifiek aanvaar dat die sakesektor in Suid-Afrika nie 'n homogene belangegroep is nie, maar uit verskeie belangegroepe bestaan en dit is een van hierdie groepe, naamlik die Afrikaner-sakesektor as belangegroep, wat naas die regeringselite die fokus van hierdie studie vorm.

'n Aspek wat ook aandag verdien in hierdie studie is uiteraard die tipe beïnvloeding wat deur die Afrikaner-sakesektor uitgeoefen word, byvoorbeeld of dit daarom gaan dat hulle beleid (byvoorbeeld sosio-politieke of ekonomiese) inisieer of eerder legitimeer. Verder moet ook daarop gelet word of enige mate van invloed wat hulle sou uitoefen, toegeskryf kan word aan die vraag of dit plaasvind op grond van die feit dat hulle in die eerste plek 'n bepaalde sektor verteenwoordig (wat van groot belang is vir die staat) of omdat hulle lede van 'n spesifieke groep is en daarom sekere waardes verteenwoordig. Gekoppel aan die aanname (op grond van Block en Miliband, soos hierbo bespreek) dat die staat op die lang duur sy belange ook met ekonomiese belange moet versoen, kan verder aanvaar word dat die sakesektor minstens 'n mate van invloed op besluitneming behoort te kan uitoefen. Hierdie ondersoek maak 'n studie van die relatiewe invloed van die Afrikaner-sakesektor op besluitneming, asook van die terreine waarop en die kanale waardeur hulle sodanige invloed probeer uitoefen.

Laastens word aanvaar dat die sakesektor, in 'n meer gematigde navolging van Lindblom (soos hierbo bespreek) juis vanweë die feit dat hulle uiteindelijke produksie, beleggings en indiensnemingsbesluite beheer, as primus inter pares beskou kan word wat nie net direkte ekonomiese beleidsformulering kan beïnvloed nie, maar ook verwante aangeleenthede. In hierdie studie word dan ook ondersoek ingestel na die persepsies van die Afrikaner-sake-elite nie net met betrekking tot hul beïnvloeding van besluitneming sover dit suiwer hul eie (dus ekonomiese) belange betref nie, maar veral word ook gepoog om vas te stel of hulle vanweë hul posisie ook oor 'n breër spektrum invloed kan of wil uitoefen. In die volgende twee afdelings word dan aandag geskenk aan metodes en tegnieke waardeur belangegroepe steun werf en aan die determinante van invloed.

Hierdie navorsing maak geen aanspraak op 'n omvattende eksaminering van belangegroep-politiek in Suid-Afrika nie. Die doel is meer beperk deurdat hier slegs op een sektor en sy belangorganisasies gekonsentreer word. Dit kan egter die grondslag vorm vir verdere navorsing oor 'n wyer spektrum van belangegroeppe.

### 1.5.3 Die ontstaan van georganiseerde groepe

Verskeie teorieë van groeppvorming bestaan. In hierdie afdeling word aandag aan die bekendste geskenk. Volgens die pluraliste is groeppvorming gewortel in die gedagte dat groepe ontstaan om uitdrukking aan polities-relevante eise of belange te gee. As individue vind dat hulle algemene belange het wat deur kollektiewe optrede bevorder kan word, word hulle gestimuleer om groepe te vorm. Groepe artikuleer politieke eise en dra dan hierdie eise aan besluitnemers oor. Sodoende word groepe dan die medium waardeur belange oorgedra word na die politieke stelsel. Die belange is dan primêr en die groepe sekondêr.

Truman (1951), een van die bekendste eksponente van hierdie gedagte, begin die dialoog oor groeppsteorie met die bewering dat belangegroeppe min of meer spontaan ontstaan, in reaksie tot gevoelens van algemene belang, onder individue wat een of ander vorm van ontsegging of frustrasie ervaar. Ekonomiese of politieke veranderinge ontwig die lewens van potensiële groepslede, wat hulle dan aanmoedig om in interaksie met mekaar te tree en toenemend bewus te word van mekaar se gedeelde belange. As hierdie bewustheid groei en aangeleenthede word intens, kan hulle 'n assosiasie vorm wat as hulle verteenwoordiger dien. Hierdie nuwe organisasie kan self weer sosiale steuring veroorsaak wat die belange van ander potensiële groepe affekteer en hierdie groepe sal op hulle beurt assosiasies vorm wat hulle sal verteenwoordig. 'n Proses van kompeterende mobilisasie begin wat tot golwe van groeppvorming lei totdat 'n sosiale ewilibrum herstel is en die stelsel weer glad funksioneer. 'n Verdere steuring kan weer 'n nuwe rondte van groeppvorming aan die gang sit. Truman skryf dus 'n funksionele betekenis toe aan groeppvorming, naamlik die stabilisering van raakpuntverhoudings (vir 'n opsomming sien ook Salisbury, 1975 : 189-191, Salisbury, 1984 : 164-166).

Hierdie aanname van die pluraliste oor groeppvorming word deur Olson (1965) betwis. Hy voer aan dat nie van individue verwag kan word om spontaan te organiseer as hulle bewus word van 'n bedreiging van hulle algemene belang nie. Solank as individue gemeenskaplike voordele kan trek uit dit waarvoor belangegroeppe hul beywer, sal dit prakties moeilik wees om baie van hulle tot

optrede te beweeg. Individue sal nie by organisasies aansluit om 'n sekere beleid ingestel te kry waarvan hulle in elk geval die voordele sal geniet, of hulle aangesluit het of nie. Mense sluit volgens Olson by organisasies aan vanweë die verskaffing van selektiewe aansporings of voordele. Onder hierdie voordele verstaan Olson goedere en dienste wat in monetêre terme uitgedruk kan word - voordele wat dus nie buite die organisasie beskikbaar is nie. (Vir 'n oorsig sien Salisbury, 1984 : 66 en Moe, 1981 : 531-543).

In sy werk bou Salisbury (1969, 1975) op dié sienings van Olson. Hy argumenteer dat daar verskeie redes is waarom mense aan groepe behoort en maak gebruik van 'n "ruilteorie" om dit te verduidelik. Lede behoort aan organisasies om voordele te kry in ruil vir hulle steun. Volgens Salisbury is groepe wat gebaseer is op ekspressiewe (ideologiese) voordele, maklik om te organiseer maar moeilik om staande te hou. Om stabiliteit in sulke groepe te bereik, moet leiers begin om solidariteitswaardes waarin nie-materiële behoeftes bevredig word (soos vriendskap en interaksie) of materiële voordele (selektiewe voordele) te bied. Oor die algemeen sien Salisbury groepe wat georganiseer is vir ekspressiewe redes, as van korte duur, behalwe as ander voordele ook gebied word.

Moe (1980) wat navorsing gedoen het oor die motiverings van individue wat aangesluit het by verskeie ekonomiese groepe (sakeorganisasies, vakbonde, ensovoorts), het ook voortgebou op die sienings van die pluraliste, Olson en Salisbury. In hierdie verband sê hy: "Theoretical progress calls for a recognition that both political and non-political considerations can be integral components of organizational incentive structures, and that must be taken into account systematically if interest groups are to be better understood" (Moe, 1981 : 543). Hy het gevind dat selfs in ekonomiese groepe, ekspressiewe aansporings - veral die behoefte om beleid te beïnvloed - 'n groot rol speel ten opsigte van groeplidmaatskap, hoewel selektiewe aansporings van diens, 'n hoof faktor in individuele steun vir 'n groep was.

Moe se model vir groeplidmaatskap sluit faktore soos sosiale druk, 'n gevoel van verantwoordelikheid en ideologiese binding (verbondenheid) in in die bepaling van groeplidmaatskap. Hy argumenteer dat die gevoel van satisfaksie wat verkry word deur 'n groep te ondersteun wie se doelstellings as verdienstelik gesien word, op sigself 'n selektiewe aansporing is. Dit verskil van die verskaffing van "algemene voordeel" (collective good) wat die groepe wil bereik. Die kollektiewe voordele mag verkry of nie verkry word nie, maar individuele satisfaksie kan in elk geval plaasvind. Ook die geloof by 'n individu dat sy deelname 'n verskil maak, verskaf 'n aansporing tot aansluiting by 'n organisasie, ongeag of sy bydrae werklik saak

maak. As solidariteits- en ekspressiewe voordele belangrik is in aansporing tot groeplidmaatskap in ekonomiese organisasies, is dit volgens Moe redelik om te argumenteer dat dit selfs meer belangrik sal wees ten opsigte van openbare belangeorganisasies of filantropiese groepe.

Berry (1977) in sy navorsing oor belangeorganisasies wat in openbare belang optree, het hierdie standpunt van Moe ondersteun, deurdat hy bevind het dat min van die groepe enige substansiële selektiewe aansporing bied. Ekspressiewe aansporings was die belangrikste beweegrede tot groeplidmaatskap. Ook Forsythe en Welch (1983 : 386-399) het bevind dat teorieë wat materiële of selektiewe voordele beklemtoon baie beperk is in die verduideliking van waarom mense aan filantropiese organisasies behoort. Altruïstiese redes was by hierdie groepe die motivering.

Meer onlangse empiriese navorsing soos byvoorbeeld dié van Maxwell en Ames (soos aangehaal in Moe, 1981 : 542) en Hansen (1985 : 93-95) het ook tot die gevolgtrekking gekom dat in teenstelling met Olson se bewering, individue wel by organisasies vir kollektiewe voordele aansluit. Volgens Hansen se navorsing is politieke dryfvere verder belangrike aansporings om aan organisasies te behoort: "Far from being a marginal phenomenon, therefore, responsiveness to political incentives is more widespread and noteworthy than heretofore believed" (Hansen, 1985: 94). Ander onlangse belangrike bydraes tot hierdie debat oor teorieë van groeppvorming is byvoorbeeld dié van Walker (1983) en Dunleavy (1988).

Wat baie duidelik is, is dat die empiriese navorsing wat tot dusver gedoen is, nog nie voorsien in 'n definitiewe keuse tussen die verskillende modelle van groeppvorming nie. Belangrik is dat daar wel lig gewerp word op hul relatiewe meriete.

Teen hierdie agtergrond sal ook in hierdie navorsing vasgestel word waarom al die Afrikaner-sakemanne met wie onderhoude gevoer is, en wat deel uitmaak van die sake-elite in Suid-Afrika, aan 'n organisasie soos die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) behoort.

#### **1.5.4 Metodes van Steunwerwing**

Die uiteindelijke fokus van alle besprekings oor belangegroepe in die politieke wetenskap is die effek van groepsaktiwiteite op regeringsbesluite. Belangegroepe gebruik verskeie metodes of tegnieke om invloed uit te oefen.

#### 1.5.4.1 Die begrip steunwerwing (lobbying)

Breedweg gedefinieer behels steunwerwing volgens Milbrath (1968 : 442) "the stimulation and transmission of a communication, by someone other than a citizen acting on his behalf, directed to a governmental decision-maker with the hope of influencing his decision". Vir Greenwald (1977 : 61-63) is dit enige vorm van kommunikasie wat namens ander gemaak word en wat bedoel is om regeringsbesluite te beïnvloed. In die konteks van 'n kommunikasiestelsel kan steunwerwing gesien word as 'n middel om die gedrag van individuele besluitnemers te probeer verander. Milbrath (1963 : 185) sê in hierdie verband: "the only way to influence a decision, then, is to influence the perceptions of official decision-makers. Communication is the only means of influencing or changing a perception: the lobby process, therefore, is totally a communication process".

Belangrike kenmerke van steunwerwing wat in gedagte gehou moet word, is die volgende:

- Steunwerwing vind slegs in regeringsbesluitneming plaas. Die beïnvloeding van besluite van private individue word uitgesluit;
- alle steunwerwing word gemotiveer deur 'n begeerte om te beïnvloed. Baie optredes en gebeurtenisse mag regeringsbesluite beïnvloed, maar as dit nie met die bedoeling om te beïnvloed gepaardgaan nie, kan daar nie van steunwerwing gepraat word nie;
- steunwerwing impliseer die teenwoordigheid van 'n verteenwoordiger of tussenganger wat as kommunikasieskakel tussen burgers en regeringsbesluitnemers dien. 'n Burger wat op eie koste of inisiatief 'n boodskap aan 'n regeringsbesluitnemer stuur, word nie as 'n lobbyis beskou nie en
- alle steunwerwing behels kommunikasie, want dit is die enigste wyse waarop invloed uitgeoefen kan word (Milbrath, 1968 : 442).

Die mate waarin steunwerwingspraktyke ontwikkel is, wissel van staat tot staat. Van die mees ontwikkelde is ongetwyfeld dié in die VSA waar sodanige aktiwiteite sistematies en geïnstusionaliseer is. Op grond hiervan word dan as voorbeeld na dié praktyk in die VSA verwys. Steunwerwing daar geskied volgens neergelegde reëls, soos vervat in die Federal Regulation of Lobbying Act van 1946. Hierdie wet vereis onder meer die registrasie van belangegroepes en hul verteenwoordigers, en

die openbaarmaking van hul finansies en finansiële borge. Die rede vir die instelling van wetgewing is die ongunstige konnotasie wat in die verlede aan die term "lobby" geheg is. Volgens Herring (1957 : 565-567) is dié term dikwels geassosieer met die pogings van gewetenlose persone en organisasies om die aanname van sekere wette uit selfsug te verseker. Hy sê in hierdie verband: "The lobbyist was regarded as the agent of big business seeking to corrupt the representatives of the people". Omkoperij en ander onetiese metodes was in 'n stadium met algemene steunwerwingstegnieke geassosieer.

Om die steunwerwingspraktyk in Suid-Afrika in perspektief te kan plaas, is dit relevant om as voorbeeld kortliks na ook die omvang van steunwerwing in die VSA te verwys en spesifiek in Washington. Volgens Schlozman en Tierney (1983 : 355-356) het die aantal steunwerwingsorganisasies die afgelope dekade spesifiek in Washington aansienlik toegeneem. Die bykans sewe duisend geregistreerde belangeorganisasies wat verteenwoordiging in Washington het, gee 'n aanduiding van steunwerwing net in dié stad (Schlozman, 1984 : 1012).

Beide Vogel (1983 : 30-31) en Walker (1983 : 391) verwys na die toename in korporatiewe politieke deelname. Baie groot firmas het kantore in Washington oopgemaak om hul aandag eksklusief aan regeringsverhoudings te wy. Tussen 1968 en 1978 het hierdie kantore van 100 tot meer as 500 toegeneem. Volgens Schlozman (1984 : 1013) is sakeorganisasies in die VSA baie in steunwerwing betrokke. Sewentig persent van alle organisasies in die VSA het verteenwoordiging in Washington, waarvan 52% van dié wat hulle eie kantore in Washington het, die sakesektor verteenwoordig.

#### 1.5.4.2 Metodes en tegnieke

Volgens Duverger (1972 : 121) bestaan daar 'n noue verband tussen die interne struktuur van belangegroepes en die metodes wat hulle eksterne gebruik om invloed uit te oefen. Metodes van optrede hou nie slegs verband met die interne struktuur of aard van die groep nie. Verskeie ander determinante speel ook 'n rol. Metodes word bepaal deur die politieke institusionele struktuur, die tipe partystelsel, die verhouding tussen belangegroepes en politieke partye, die struktuur en ideologie van partye, die politieke kultuur en die aard van die vraagstuk (sien Wootton, 1970 : 46-62; Ball, 1983 : 103-112). Metodes van beïnvloeding deur die sake-elite word ook in die lig van hierdie determinante verklaar.

Belangegroepes se optrede geskied normaalweg op twee vlakke. Aan die een kant probeer hulle regeringsinstellings, onder meer Kabinetsministers, Parlementslede

en senior burokrate beïnvloed. Aan die ander kant probeer hulle om indirek die bevolking te oorreed om openbare mening te verander, wat weer die regering, wat bedag is op die openbare mening, beïnvloed. Metodes van direkte optrede kan òf openlik en selfs openbaar wees, òf dit kan diskreet en in die geheim wees. Laasgenoemde tipe optrede bestaan uit byvoorbeeld die finansiering van partye tydens verkiesingskampanjes. Hoewel hierdie geldelike element in Westerse demokrasie 'n groot rol in invloeduitoefening speel, is dit feitlik onmoontlik om dit te bestudeer (Duverger, 1972 : 122). Minder geheim, hoewel tog diskreet, is persoonlike kontak met wetgewers, Kabinetsministers en burokrate. Direkte openbare optrede kan wissel tot die skryf van briewe, die stuur van afvaardigings na politici en burokrate en getuienis voor kommissies.

Die meeste skrywers in algemene besprekings oor belangegroepe verwys na metodes wat gebruik word om invloed uit te oefen. Salisbury (1975 : 210-215) verwys na drie hoofkategorieë van aktiwiteite. Eerstens die optrede van die sogenaamde lobbyiste (woordvoerders) van 'n groep om handeling of besluite van regerings te beïnvloed. Verskeie metodes kan hier aangewend word, byvoorbeeld deelname op regeringskomitees, adviesrade en gereelde konsultasie met regeringsinstellings voor die maak van beleidsbesluite. 'n Tweede tipe tegniek is verteenwoordiging, waarin die groep se woordvoerder eksplisiet verteenwoordiging in die institusionele meganismes waar beleidsbesluite geneem word, nastreef. 'n Derde tegniek van interaksie is dié van omvattende mobilisasie waar belangegroepe geïntegreer word met ander organisasies soos politieke partye, op 'n min of meer langtermyn poging om breë gemeenskapsteun te mobiliseer, en sodoende beheer te verkry oor 'n groot deel van die regering se masjinerie. La Palombara (1974) se beskrywing van Italiaanse belangegroepe is 'n goeie voorbeeld. 'n Groot deel van die belangrikste organisasies in Italië tree in 'n sogenaamde "parentela" verhouding met burokratiese instellings en politieke partye op. Dit beteken dat belangegroepe deel word van 'n "politieke familie" wat ideologies verenig is en wat breë politieke doelstellings nastreef. Die belangegroep speel dan 'n rol om in die openbaar vir verkiesings en direkte optrede te mobiliseer. Hierdie tipe verhouding word versterk deur die teenwoordigheid van skerp ideologiese- en klasverdelings in die samelewing.

Van die belangrikste empiriese navorsing oor tegnieke van invloed gedurende die afgelope paar jaar is dié van Schlozman en Tierney (1983) wat gekyk het hoe 175 belangegroepe in Washington te werk gaan om die federale regering op 'n direkte of indirekte metode te beïnvloed. Die onderstaande tabel gee 'n uiteensetting van die tegnieke wat die algemeenste deur hierdie groepe gebruik word. In hierdie

hierdie algemene faktore wat as breë riglyne in hierdie navorsing oor spesifiek die uitoefening van invloed kan dien, word gegee.

Determinante van invloed kan breedweg volgens die literatuur in drie hoofkategorieë ingedeel word: dié wat betrekking het op die eienskappe en aard van die groep, dié wat aan die aard van die politieke stelsel verwant is, (dit sluit eienskappe of kenmerke van die regeringsinstellings, besluitnemingstelsel en ander regeringsaktiwiteite in) en dié wat met die politieke kultuur in verband staan. Belangrik is dat hierdie kategorieë nie onderling uitsluitend is nie en dat verskeie faktore 'n rol by die invloed van belangegroeppe speel.

'n Sleutel-idee in die bepaling van die potensiële sukses van 'n groep is die mate waartoe groepe toegang tot die regering het. Die kenmerke van groepe sowel as die tegnieke wat hulle aanwend speel 'n groot rol in die verkryging van toegang en die uitoefening van invloed.

Wat die eienskappe van groepe betref speel onder meer die volgende aspekte 'n rol: die grootte van die groep, die mate van groepskohesie wat bestaan, die status van die groep, die aard van die groep se organisasie, die finansiële vermoë van die groep en die kennis wat die groep besit (sien byvoorbeeld Gamson, 1975; Hutcheson en Taylor, 1973 en Salamon en Siegfried, 1977). In hierdie opsig sê Nice (1984 : 184) "Considerable evidence indicates that interest group success is significantly related to interest group resources".

In noue aansluiting hierby is die aard van die sanksies wat die groep kan gebruik of wat wetgewers dink hulle kan gebruik. Soos Milbrath (1963 : 186) dit stel "The strongest influence an individual or group could have over an official would result from having the official perceive that his would-be influencer has the power to keep him in office or remove him from office".

Belangrik is ook die mate van legitimiteit wat 'n groep besit. Die spreuk "Wat goed is vir General Motors is goed vir Amerika" maak volgens Hague en Harrop (1982 : 92) die belangrike punt dat daardie algemene belange wat 'n hoë mate van prestige en waarneembare belangrikheid geniet, die belange is wat heel waarskynlik ook sal geld ten opsigte van spesifieke vraagstukke. 'n Groep se aspirasies moet inpas by en nie in konflik wees met die waardes van die samelewing nie.

Aansluitend hierby hang die invloed van belangegroeppe ook aan die ander kant af of die belangegroep 'n partisaan ("partisan") verhouding met die party aan bewind

het. Die maklikste manier om dit vas te stel is die identifisering of nie-identifisering met 'n party. Volgens Castles (1969 : 162) word die verhouding tussen belangegroep en die regering nie net bepaal deur die legitimiteit wat 'n groep besit nie, maar ook deur die mate waartoe belangegroep legitimiteit aan die formele regeringsstrukture verleen, wat dan 'n uitwerking op die uitoefening van invloed het. In 'n samelewing waar belangegroep (sakegroep in Castles se bespreking) legitimiteit aan die regering toeken, word die omvang van politieke aktiwiteit deur hierdie groep noodwendig beperk. In Castles (1969 : 163) se woorde: "A business group is not going to fight to the last ditch against laws made by a government whose right to make them it recognizes".

Ander omstandighede waaronder belangegroep die effektiwiteit is, word deur Hopkins (1979) op grond van 'n gevallestudie uiteengesit. Sy studie is gerig op die effektiwiteit van sakelui wat ook maklik van toepassing gemaak kan word op belangegroep in die algemeen. Sy eerste gevolgtrekking is dat sakegroep effektiwiteit is as hulle deur die kiesers in 'n vraagstuk gesteun word. Waar hulle egter nie die steun van die kiesers geniet nie is hulle redelik onsuksesvol. 'n Ander gevolgtrekking het te doen met die impak van die sakesektor wanneer daar geen druk van een of ander kant van die kiesers op 'n vraagstuk is nie. In so 'n situasie aanvaar die regering sekere argumente van die sakesektor en verwerp ander (Hopkins, 1979 : 77- 78). Skilling (1983 : 15) argumenteer weer dat die invloed van belangegroep wissel na gelang van die sensitiwiteit van die vraagstukke wat betrokke is. Dit is ook waarskynlik volgens Dye (1972 : 282) dat belangegroep invloed sal uitoefen op vraagstukke waarop die wetgewers nie vooropgestelde menings het nie.

Die aard van die politieke stelsel is 'n verdere determinant in die uitoefening van invloed. In plurale samelewings waarin sosiale diversiteit aanvaar word om kollektiewe besluite te neem, is die uitdrukking van sosiale belang ongehinderd, en word dit deur kompetisie tussen partye aangemoedig. Aan die ander kant is daar dié stelsels waarin die outonome uitdrukking van sosiale diversiteit sterk onderdruk word. Die partystelsel, die struktuur van party en die ideologie van partye het 'n belangrike effek op die aktiwiteite van belangegroep. Volgens Nice (1984 : 189) is 'n belangegroep se kans op invloed groter as politieke partye swak is, as daar 'n gebrek aan partydisipline is en as sterk ideologiese verskille tussen partye afwesig is (sien ook Dye, 1972 : 281). Baie hang ook af van die mate van "oopheid" vir raad wat by die regeringshoof bestaan. Die oortuigbaarheid van 'n regeringshoof berus op verskeie faktore, naamlik die mate van verbondenheid aan 'n oorkoepelende ideologie, die persoonlikheid van die regeringshoof en sy styl van besluitneming. 'n Kollegiale besluitnemingstyl met toegang vir baie adviseurs,

verskaf groter geleentehede vir invloed as 'n meer formalistiese styl met beperkte kanale (Light, 1983 : 632-633).

Die persepsies wat beleidsformuleerders van die realiteit het, is ook 'n bepalende faktor by die invloed wat belangegroeppe kan uitoefen. Volgens Jervis (1976 : 88) bestaan daar, wanneer 'n persepsie gevestig raak, 'n duidelike geneigdheid om nie-ooreenstemmende informasie te onderdruk en om ooreenstemmende inligting te aanvaar en selfs te oorbeklemtoon. Inligting en eise wat beleidsformuleerders se eie sienings sou weerspreek, sou dus nie ernstige oorweging geniet nie.

In noue aansluiting hierby, is die vraag of belangegroeppe as vriende of vyande gesien word. Omdat vriendelikheid van vriende verwag word en antagonisme van vyande is daar 'n neiging volgens Holsti (1967 : 17) om hulle gedrag in ooreenstemming met hierdie verwagtings te sien. "When the other party is viewed within the framework of an 'inherent bad faith' model the image of the enemy is clearly selfperpetuating, for the model itself denies the existence of data that could disconfirm it" (Holsti, 1967 : 17). Hoe suiwer die motiewe of optrede van so 'n belangegroep ook mag wees, sal dit altyd as boos beskou word volgens hierdie "bad faith" model.

Die derde kategorie faktore wat die invloed van belangegroeppe bepaal, is die politieke kultuur. Kortliks verwys dit na die stel waardes waarbinne die politieke stelsel funksioneer. Die begrip politieke kultuur word later in hierdie hoofstuk volledig omskryf en in hoofstuk 4 in die Suid-Afrikaanse konteks ontleed.

## **1.6 KONSEPTUALISERING VAN KERNKONSEPTE**

In hierdie afdeling volg 'n omskrywing van die vernaamste konsepte wat deurgaans in hierdie studie gebruik word. In hoofstuk 4 word van hierdie konsepte geoperasionaliseer.

In die sosiale wetenskappe speel konsep-opheldering 'n belangrike rol. Die funksie van konsep-opheldering word as volg deur Merton (1957 : 90-91) saamgevat: "It is, then, one function of conceptual clarification to make explicit the character of data subsumed under a concept ... In a similar fashion, conceptual analysis may often resolve apparent antinomies in empirical findings by indication that such contradictions are more apparent than real. This familiar phrase refers, in part, to the fact that initially crudely defined concepts have tacitly included significantly different elements so that data organized in terms of these concepts differ materially and they exhibit apparently contradictory tendencies. The function

of conceptual analysis in this instance is to maximize the likelihood of the comparability, in significant respects, of data which are to be included in research" (Merton, 1957 : 90-91).

Konsepte wat in hierdie afdeling omskryf word, is: Afrikaner-sakeman, persepsie, invloed, openbare beleid en politieke kultuur.

### 1.6.1 Afrikaner-sakeman

In hoofstuk 2 (2.3.3) word die metode waarvolgens 'n proefgroep van Afrikaner-sakeleiers geselekteer is, bespreek. Hier word egter kortliks 'n uiteensetting gegee van wat onder die begrip verstaan word. Die Afrikaner-sake-elite waarna in hierdie studie verwys word, is saamgestel uit hoofsaaklik drie kategorieë sakeleiers. In die eerste plek is dit dié sakeleiers wie se huistaal Afrikaans is en wat oorwegend die bestuursposisies beklee in dié sakeondernemings wat tussen die jare 1915-1948 gestig is om om te sien na die Afrikaner se belange, wat werk aan Afrikaners verskaf het, en wat gehelp het om by hulle sakevernuf te kweek. Hierdie ondernemings soos Sanlam, Santam, Saambou, Federale Volksbeleggings, Rembrandt en Volkskas het hulle meestal openlik op Afrikaner-sentiment en solidariteit beroep (vir 'n volledige bespreking sien hoofstuk 3).

Vanweë die feit dat die openbare korporasies soos YSKOR, KRYGKOR, ESKOM, NOK en SASOL ook 'n belangrike rol in die Afrikaner se ekonomiese vooruitgang gespeel het, is die Afrikaners wat die bestuursposte van die belangrikste van hierdie korporasies beklee in die tweede plek ook onder die begrip Afrikaner-sake-elite ingesluit. Na 1948 het Afrikaner-sakelui 'n besondere verhouding met die regering ontwikkel en hierdie korporasies was op senior vlak uitsluitlik deur Afrikaners beman. Die bestuursposisies is tans nog grotendeels in Afrikaner-hande. Afrikaners in hierdie korporasies is ook ingesluit vanweë die oorfleueling van lidmaatskap in direksies van privaat maatskappye wat oorwegend Afrikaans is, en dié van openbare korporasies. Dit is gevind dat die uitvoerende bestuur van ESKOM, SASOL (hoewel nou grootliks privaat) NOK, YSKOR en KRYGKOR, wat spesifiek in hierdie studie ingesluit is, almal op direksies van verskeie Afrikaner-ondernemings dien.

Met die verloop van jare het die Afrikaner-sakelui nie net genoeg kapitaal gelok om reuse-ondernemings op te bou met beleggings in alle sektore van die ekonomie nie, maar is hulle ook as gevolg van bekwaamheid, as individue in nie-Afrikaans-beheerde ondernemings op senior, sowel as in bestuursposte opgeneem. Hierdie individue is ook in dié studie ingesluit.

Die begrip Afrikaner-sake-elite verwys dus na Afrikaanssprekende sakeleiers in alle sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie naamlik in die handel, nywerheid, finansiële instellings en mynbou.

### 1.6.2 Persepsie

Vanweë die feit dat die begrippe persepsie en mening dikwels verkeerdelik as wisselsterme gebruik word, word daar spesifiek in hierdie bespreking kortliks aan die begrip mening aandag gegee, asook die redes vir die voorkeur vir die gebruik van persepsie.

In hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat daar wel 'n verskil in betekenis geheg kan word aan die twee begrippe. Om hoofsaaklik drie redes word die konsep persepsie egter bo dié van mening vir die doel van hierdie navorsing verkies: Eerstens, hoewel toegegee word dat menings die geartikuleerde vorm van onder meer persepsies, houdings en oortuigings is (sien byvoorbeeld Crotty, 1970; Rokeach, 1968 en Oppenheim, 1964), en die woord meningsopname daarvan afgelei is, is in hierdie studie gepoog om eerder die persepsies wat menings onderlê, na te gaan. Met ander woorde, daar is grootliks gekonsentreer op die "hoekom" (verklaring) eerder as die "wat". 'n Veel groter mate van ondersoek ofte wel "probing" (deur navorser) en evaluasie (aan die kant van die respondente) was betrokke as by 'n gewone meningsopname.

Tweedens word die konsep persepsie in die literatuur omvattend omskryf. Soos hieronder aangetoon, bestaan die inhoud van die betekenis van persepsie uit verskeie dimensies wat dieperliggende insig en begrip bied in die ontleding van die empiriese gegewens. Daarenteen word mening in die literatuur baie oppervlakkig omskryf en bied dit min verdere insig as bloot dat dit verwys na 'n verbale uitdrukking van persepsies, houdings en oortuigings. Vir hierdie studie is persepsie dus 'n veel meer bruikbare begrip.

Ten slotte is dit opvallend dat in die uitgebreide literatuur wat oor beleidsformulering (hetsy binnelands of buitelands) bestaan, dit aanvaar word dat persepsies beleidsformulering ten grondslag lê en uiteraard word verwys na die persepsies van die besluitnemers (sien byvoorbeeld Holsti, 1983; Jervis, 1976 en Frankel, 1969). Om genoemde redes word dus volstaan met die gebruik van persepsie.

Die bestudering van persepsies is volgens Boulding (1956: 115) van groot belang in studies oor besluitneming, aangesien persepsies die gedrag van enige organisasie op 'n gegewe tydstip kan bepaal. Om egter die begrip persepsie te omskryf, is nie so eenvoudig nie aangesien dit 'n hele aantal fasette behels. Oor sekere algemene kenmerke is daar egter redelike eenstemmigheid. Vir die doel van hierdie studie word persepsie beskou as die kombinasie van 'n individu se kognitiewe siening van 'n objek, feit of toestand, sy evaluering daarvan deur middel van 'n waarde-oordeel (goed of sleg ensovoorts) asook die betekenis wat aan hierdie objek, feit of toestand toegeskryf of daarvan afgelei kan word (Holsti, 1983 : 320). Dit is dus die wyse waarop 'n individu sy onmiddellike sosiale omgewing waarneem en interpreteer. Veral die evaluatiewe komponent van persepsie word in die literatuur sterk beklemtoon. In hierdie verband sê Freedman et. al. (1978 : 73) "... evaluation is by far the most important underlying dimension of person perception" (sien ook Rodee, Anderson et. al. 1983 : 155).

Kortom, persepsie is die effek van waarneming op die gees of bewussyn van die mens. Dit is 'n psigiese proses teenoor waarneming wat 'n fisiese proses is. Persepsie is per definisie ook selektief. Dit word beïnvloed deur veranderlikes soos waarneming wat subjektief is en wat onder meer deur houdings, verwagtinge, leer of ervaring en bekendheid beïnvloed kan word.

Persepsies van die realiteit verskil dan ook dikwels van die realiteit. Hierdie diskrepansie tussen persepsies en die realiteit kan gedeeltelik aan 'n gebrek aan inligting toegeskryf word. Houdings, waardes, oortuigings of valse verwagtinge kan ook (soos bo genoem) 'n distorsie van die realiteit veroorsaak (Holsti, 1983 : 320). Mense is geneig om na hul omgewing deur 'n lens te kyk wat deur waardevoorkeure, oortuigings en verwagtings gekleur is. 'n Persoon stel homself dus bloot aan sienings wat bekend is en vermy of onderdruk dit wat sy eie waardes en oortuigings betwis.

Persepsies is ook 'n resultaat van 'n filteringsproses. Die verwerking van inligting word gekenmerk deur 'n proses van keuring of seleksie wat tot gevolg het dat 'n deel van die inligting ter hand onveranderd aanvaar word, 'n deel met 'n subjektiewe vooroordeel aanvaar word en 'n deel verwerp word. Die resultaat is die totstandkoming van 'n psigologies of gepersonaliseerde beeld wat 'n gedeeltelike en onvolledige refleksie van die realiteit is. Lovell (1970 : 10-11) sê in hierdie verband dat "some aspects of the phenomena within the range of our observation are admitted without distortion through the 'filter' to be recorded, classified, or otherwise utilized in the cumulative process of learning. Other

aspects are admitted but distorted as the filtering process twists information to make it accord with our emotional and intellectual predispositions".

Volgens Frankel (1969 : 26), 'n gesaghebbende in die teorie sowel as praktyk van buitelandse beleidsformulering, speel die persepsies wat beleidsformuleerders van die realiteit het (wat eweseer vir binnelandse beleidsformulering geld), 'n belangrike rol in besluitneming. Anders gestel: besluitnemers se ontleding van die realiteit, wat 'n belangrike eerste stap is in buitelandse beleidsformulering (vergelyk Louw soos aangehaal in Geldenhuys, 1984 : ii), word beïnvloed deur hul persepsie van die realiteit.

Die persepsie wat die politieke elite (burokrate en politieke ampsbekleërs) het van die invloed van belangegroepes kan dus 'n aanduiding gee van hul invloedrykheid. Sommige skrywers (sien byvoorbeeld Presthus, 1974) aanvaar geredelik dat daar in hierdie opsig 'n taamlik noue verband tussen die politieke elite se persepsies van belangegroepinvloed is, en die werklike invloed wat eersgenoemde het (sien ook afdeling 2.4.3). Hierdie elite is immers die teikens van belangegroepes se pogings tot beïnvloeding. Dit geld spesifiek vir positiewe invloeduitoefening soos later gedefinieer.

Belangegroepes - in hierdie studie die sake-sektor en spesifiek die Afrikaner-sake-elite - se eie persepsies van hul rol in beleidsformulering, is ook van belang. Indien hulle die persepsie het dat hul invloed min of geen is nie, sou dit hul aktiwiteite wat op beleidsformulering gerig is, kan beperk. Persepsies van onmag of impotensie ten opsigte van owerheidsbeïnvloeding mag dus hul optrede kondisioneer. Aan die een kant mag dit hulle beweeg om meer subtiel, verskonend of selfs onderwerpend op te tree. Die teenoorgestelde optrede is egter ook moontlik deurdat hulle in die openbaar sterk standpunt kan inneem om sodoende die openbare mening te probeer beïnvloed. Deur hierdie optrede kan ook gepoog word om internasionale steun te verkry, of om hul eie volgelinge tevrede te hou of te beïndruk. Die selfpersepsies oor hul invloed geld ook nie absoluut nie. Dit kan van strydvraag tot strydvraag, persoon tot persoon en van tyd tot tyd wissel.

Alhoewel persepsies van die werklikheid dan nooit noodwendig die werklikheid ten volle weergee nie, is dit wel 'n aanduiding daarvan. Die feit dat beide regeringsbesluitnemers en sake-elite se persepsies ondersoek word in hierdie studie, beteken dat beïnvloeding dubbeld getoets word en dat die resultate meer betroubaar is as wat die geval sou wees indien die persepsies van net een party bestudeer sou word.

### 1.6.3 Invloed

Invloed word dikwels as die vermoë van 'n individu of groep om vrywillige veranderings in die houdings, menings of optrede van ander individue of groepe teweeg te bring, gekonseptualiseer. Volgens Welsh (1973 : 48) is invloed die vermoë van A om B iets te laat doen wat A wil hê hy moet doen ongeag of B dit wil doen. Dahl definieer invloed op 'n soortgelyke wyse. Hy tref 'n onderskeid tussen klaarblyklike en suksesvolle invloed. Eersgenoemde definieer hy as volg: "A exercises manifest influence over B to the extent that A's actions (influence attempts) cause a change in B's behaviour" (Dahl, 1970 : 18). Gedrag volgens Dahl sluit in predisposisies, gevoelens, houdings, oortuigings sowel as openlike optrede. Beïnvloeding is suksesvol sê Dahl as B verander en doen wat A aanvanklik gepoog het om hom te laat doen. Ook Bell (1975 : 24) definieer invloed as "communication intended to affect the action of B in the absence of sanctions (i.e. threats or promises)".

Invloed kan ook as impak gesien word. Volgens Kavanagh (1983 : 167) verwys impak na "the production of an intended outcome". Sommige omskrywings van invloed word meer spesifiek op beleidsformulering of die bereiking van doelstellings ten opsigte van die regering gerig. Vir Presthus (1974 : 165) beteken invloed effektiwiteit, wat as "the capacity of 'private' elites to achieve their goals vis-à-vis government" gedefinieer kan word. Anders gestel: "it relates to the relative ability of interest group directors to achieve their collective goals" (1974 : 168). Greenstein en Polsby (1975 : 206) verwys na invloed op die beleidsformuleringsproses as die "effek van groepsaktiwiteit op regeringsbesluite" Orum (1983 : 129) gebruik 'n soortgelyke konseptualisering: "... (T)he social capacity to affect the exercise of power by decisionmakers".

Invloed moet nie met 'mag' verwar word nie. Hoewel dit bydra tot invloed is dit analities verskillend. Die terme mag, invloed en gesag verwys egter almal na sekere vorme van menslike verhoudings (Bell, 1975 : 17). Ook volgens Welsh (1973 : 98-99) is dié terme nou verwant. Mag is 'n spesiale geval van invloed. Kortliks gestel is mag gedwonge invloed. Dwang kan positief of negatief wees. Laasgenoemde tipe dwang is op die dreigement van straf gebaseer, terwyl positiewe dwang gebaseer is op die vooruitsig van wins. Mag sluit dus 'n addisionele faktor in wat nie by invloed aangetref word nie, en dit is die dreigement of gebruik van sanksies (sien ook Bell, 1975 : 20-21 en Dahl, 1970 : 32-33 vir 'n soortgelyke uiteensetting).

In hierdie navorsing verwys invloed na die effek van patrone van interaksie tussen belangegroeppe en die regeringselite. 'n Onderskeid word egter tussen invloed en effektiwiteit getref. Invloed verwys nie net na die verkryging van 'n bedoelde effek (met ander woorde positief) nie. Invloed kan ook negatief en kontraproduktief wees. 'n Gebrek aan positiewe invloed op beleidsformulering beteken nie dat die deelnemende groepe geen invloed op die politieke proses uitoefen nie. Invloed kan ook op simbiotiese wyse uitgeoefen word. Vanweë oorvleueling van belange tussen belangegroeppe en besluitnemers vind outomatiese verteenwoordiging van belange plaas en is dit nie nodig om bepaalde belange voor te stoot nie. Invloed word dus uitgeoefen bloot deur die legitimering van die politieke stelsel. Beïnvloeding in die vorm van legitimering vind dus plaas.

#### 1.6.4 Openbare beleid

Beheer oor die formulering van openbare beleid is een van die regering se vernaamste funksies. Aangesien dié navorsing oor die rol van belangegroeppe in beleidsformulering handel, is dit van waarde om 'n omskrywing van die begrip openbare beleid te gee. Openbare beleid word deur Schrire (1978 : 176) gedefinieer as "the actions or inactions of incumbents of political offices that are binding upon society and affect the allocation of resources and/or individual behaviour". Meer algemeen sê Dye (1972 : 1) is dit wat "regerings kies om te doen of nie te doen nie". Heelwat ander definisies van openbare beleid word in die literatuur gevind, maar kom uiteindelik op dieselfde neer. Vergelyk byvoorbeeld dié van Easton as "the authoritative allocation of values for the whole society" en dié van Lasswell en Kaplan as "a projected program of goals, values and practices" (soos aangehaal in Dye 1972 : 1). 'n Belangrike kenmerk van beleidsformulering is dat dit 'n voortdurende proses is met geen spesifieke begin of einde nie.

Beleid kan verskeie vorme aanneem. Dit kan vervat wees in spesifieke wetgewing of in gedetailleerde regulasies wat administratief binne die raamwerk van meer algemene wetgewende riglyne opgestel is. Aan die ander kant kan regulasies ook administratief neergelê word sonder wetgewende riglyne. Hier word 'n groot mate van gesag om besluite binne 'n spesifieke beleidsarea te maak, gedeleger. Beleid kan ook die vorm van 'n verklaring of standpuntinname deur die regering oor 'n bepaalde vraagstuk aanneem. Die publiek kan gehoor gee daaraan vanweë die gesaghebbendheid daarvan of omdat hul die koste van nie-onderwerping vrees of om die instelling van formele wetgewing te vermy.

Beleid hoef nie altyd eksplisiet geformuleer te wees nie, maar kan bestaan uit riglyne vir die allokasie van waardes. Ook kan beleid 'n aantal ad hoc besluite en optrede wees wat op 'n informele basis geïmplementeer word (Schrire 1978 : 176).

'n Belangrike aspek wat Dye (1972 : 2) beklemtoon is dat openbare beleid nie net alle optrede van die regering insluit nie, maar ook nie-optrede, met ander woorde wat regerings kies om nie te doen nie. Omdat regerings baie funksies vervul soos byvoorbeeld om konflik te reguleer, om simboliese belonings en materiële dienste uit te deel en geld in te win (byvoorbeeld deur belasting), kan openbare beleid op verskeie vlakke manifesteer. Dit kan regulerend, organisatories, distributief of ekstraktief wees. Beleid het dus 'n wye funksionele sowel as simboliese omvang, en word op verskillende regeringsvlakke gemaak.<sup>1</sup>

Die openbare beleidsformuleringsproses kan in spesifieke fases verdeel word. Volgens Greenwald (1977 : 166) verwys hierdie proses na "a series of goal oriented activities that occur in, among, and around governmental institutions". Anderson (soos aangehaal in Hanekom et. al. 1986 : 26) identifiseer vyf van hierdie fases wat 'n aanduiding is van die verskillende fenomene en aktiwiteite wat met beleidsformulering geassosieer word, en wat 'n algemene siening van die beleidsformuleringsproses verteenwoordig:

- Beleidseise, wat verteenwoordigend van gemeenskapsbehoefte is, en wat 'n tipe van optrede van die kant van die owerheid nodig het;
- beleidsbesluite, wat die besluite is wat deur diegene wat in magposisies is, geneem is en wat 'n reaksie is op die behoeftes van die samelewing;
- beleidsverklarings wat die formele artikulasie van openbare beleid is, dit is die openbaarmaking van wat die owerhede beoog om te doen;
- beleidsuitsette - dit wat die owerhede werklik doen en nie noodwendig wat hul bedoelings was soos in hul beleidverklarings uiteengesit nie en
- gevolge van beleid vanuit die stappe wat gedoen is om aan eise te voldoen.

---

1. Vir goeie besprekings oor openbare beleidsformulering sien byvoorbeeld Woll (1974), Lindblom (1980) en Jones (1970).

Schrire (1978 : 176) wat meer spesifiek is in sy identifisering van die proses van beleidsformulering, verdeel dit ook in vyf fases: agendavorming, mobilisering van steun, besluitneming, goedkeuring van besluitneming en legitimering en implementering. Greenwald (1977 : 166) se stadiums sluit in: agendavorming, die proses waarin die probleem van die algemene sosiale, ekonomiese en kulturele toneel na die openbare besluitnemingsentrums verskuif; sowel as die vier stadiums van die openbare beleidsformuleringsproses, naamlik probleemidentifikasie, programontwikkeling, beleidsimplementering en beleidsevaluasie.

Twee hoofkomponente is in die beleidsformuleringsproses betrokke: Eerstens individue en groepe wat formele rolle in formele instellings beklee en wat hul in staat stel om bindende besluite vir die samelewing te neem ('n beskrywing van die institusionele deelnemers in beleidsformulering in Suid-Afrika asook 'n evaluasie van hul relatiewe belangrikheid word in hoofstuk 4 gegee); tweedens individue, groepe en organisasies wat poog om die besluitnemers te beïnvloed (sien Dye, 1972 : 23-25). Soos reeds in afdeling 1.6.2.1 bespreek, speel die persepsies wat beleidsformuleerders van die realiteit het, 'n belangrike rol in besluitneming.

Ten slotte is die beleidsformuleringsproses volgens Holsapple en Moskowitz (1980 : 83-104) in enige moderne regering 'n komplekse handeling. Die identifisering en ontleding van die akteurs en hul besluite is dikwels moeilik vanweë kompeterende magsbelange, verskuilde agendas, vertroulikheid en somtyds teenstrydige veranderlikes wat 'n invloed uitoefen.

### 1.6.5 Politieke Kultuur

Die nasionale konstellasië van politieke relevante waardes en die institusionele strukture wat hul reflekteer en versterk, kan gekarakteriseer word as die politieke kultuur van 'n samelewing. Politieke instellings word nie altyd as deel van politieke kultuur ingesluit nie, maar deurdat sodanige instellings 'n kristallisering van politieke norme is, is so 'n onderskeid moeilik regverdigbaar. Daar bestaan 'n wye verskeidenheid van definisies van politieke kultuur. Die meeste van hierdie definisies sentreer breedweg om dié van Parsons, Almond en Powell, Almond en Verba, Pye, Beer en andere (sien Chilcote, 1981 : 223-225 vir 'n bespreking).

Die International Encyclopedia of the Social Sciences (1968 : 12) definieer politieke kultuur as "... the set of attitudes, beliefs and sentiments which give order and meaning to a political process and which provide the underlying assumptions and rules that govern behavior in the political system. It encompasses both the

political ideals and operating norms of a polity. Political culture is thus the manifestation in aggregate form of the psychological and subjective dimensions of politics. A political culture is the product of both the collective history of a political system and the life histories of the members of the system and thus is rooted equally in public events and private experience".

Kortliks sê Kavanagh (1972 : 49) behels politieke kultuur "die stel waardes waarbinne 'n politieke stelsel funksioneer". Ook 'n algemene definisie is dié van Wiatr (1980 : 60) naamlik die totaliteit van houdings, waardes en gedragpatrone wat in 'n gegewe samelewing bestaan en met die onderlinge verhouding tussen die staat en burgers verband hou. Dit sluit in kennis van politiek, evaluering van politieke verskynsels, emosionele aspekte van politieke houding en patrone van politieke gedrag.

Die aard van politieke kultuur word meer spesifiek in die definisie van Brown (in Brown en Gray, 1977 : 1) saamgevat: "It (political culture) will be understood as the subjective perception of history and politics, the fundamental beliefs and values, the foci of identification and loyalty, and the political knowledge and expectations which are the product of the specific historic experience of nations and groups".

Onder skrywers was daar nog nooit konsensus oor die verskillende komponente van politieke kultuur nie. Oor sekere kernkomponente wat dan as bepaalde oriëntasies gesien moet word, blyk daar egter 'n redelike mate van ooreenstemming te wees. Sommige skrywers is net meer vaag oor wat hierdie oriëntasies spesifiek behels. Volgens Almond en Powell (1966 : 50) kan hierdie oriëntasies in drie tipes verdeel word, naamlik kognitiewe oriëntasies (kennis en oortuigings, dus 'n bewustheid van), affektiewe oriëntasies (emosies en gevoelens oor) en evaluatiewe oriëntasies (oordele oor).

Vir Welsh (1973 : 132) bestaan die affektiewe dimensie van politieke kultuur uit die waardes of "behoort" proposisies van die burgers. Hierdie waardes reflekteer hul uiteindelijke voorkeure oor die regeringsvorm waaronder hul sal wil leef en die verhouding tussen hulle en die regering. Hierdie waardes sluit nie net algemene en abstrakte gevoelens oor die rol van die regering en individu in die politiek in nie, maar ook oordele oor die gedrag van spesifieke individue of organisasies in die politieke stelsel. Brown (in Brown en Gray, 1977 : 17) wys daarop dat waardes dieperliggend is as houdings teenoor alledaagse politieke aangeleenthede. Houdings teenoor hierdie aangeleenthede is egter wel van belang vir die

bestudering van politieke kultuur in soverre as wat hulle reflekerings van dieperliggende waardes is.

Die kognitiewe dimensie is weer volgens Welsh (1973 : 133) individue se oortuiging oor die regering en politiek. Dit sluit subjektiewe persepsies van die politieke werklikhede in, soos ook deur Brown in sy aangehaalde definisie hierbo aangedui is.

Die strukturele of evaluatiewe dimensie (soos Almond dit noem) verwys volgens Welsh (1973 : 133) na houdings. In hierdie konteks word houdings gesien as strukture vir denke ("mental frameworks") waarbinne politieke objekte beoordeel word op grond van kennis en oortuiging in die konteks van die waardes wat voorkeur geniet.

Rosenbaum (1975 : 6-7) gee 'n veel meer gedetailleerde uiteensetting van die kernoriëntasies waaruit politieke kultuur bestaan. Dit sluit in:

**i) Oriëntasie ten opsigte van regeringstrukture**

Hieronder word 'n individu se evaluasie en reaksie ten opsigte van regeringsinstellings, sy simbole, ampsdraers en norme geklassifiseer. Belangrik is ook oriëntasie ten opsigte van regeringsinsette en uitsette - hoe individue voel en reageer teenoor verskillende eise vir openbare beleid (insette) en beleidsbesluite deur die regering (uitsette). Dit sluit ook 'n persoon se kennis oor hoe die prosesse werk in, watter eise gestel kan word en hoe effektief geglo word die regeringsbeleid is.

**ii) Oriëntasie ten opsigte van ander in die politieke stelsel**

Dit sluit die volgende in: politieke identifikasie (met nasie, staat, groep, ens.), politieke vertroue (ten opsigte van ander individue of groepe), en Reëls van die Spel ('n individu se siening van watter reëls in die burgerlike lewe nagevolg moet word).

**iii) Oriëntasie ten opsigte van eie politieke aktiwiteit**

Hieronder word verstaan 'n persoon se politieke bekwaamheid (byvoorbeeld hoe dikwels en op watter wyse hy deelneem in die openbare lewe) en sy politieke doeltreffendheid (die gevoel dat individuele optrede 'n invloed op die politieke proses het of kan hê).

Vir die doeleindes van hierdie studie kan politieke kultuur omskryf word as basiese waardes en oortuings waarop 'n politieke stelsel berus en waarvolgens deelname aan die stelsel bepaal en gereguleer word. Politieke kultuur behels egter, soos uit die bespreking van Welsh hierbo blyk, nie net 'n objektiewe komponent nie, maar ook 'n subjektiewe komponent wat bestaan uit kognitiewe, affektiewe en evaluatiewe oriëntasies sover dit die persepsies van die lede van 'n samelewing betref met betrekking tot die heersende politieke stelsel. In hoofstuk 4 word in meer besonderhede ingegaan op die politieke kultuur van die Afrikaner.

## 1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is eerstens 'n uiteensetting van die doel van die studie gegee naamlik 'n ontleding van persepsies oor die invloed wat die sakesektor op politieke en sosio-ekonomiese beleid in Suid-Afrika uitoefen. In hierdie verband sal die persepsies van die regeringselite asook dié van hoofsaaklik die Afrikaner-sakeleiers ontleed word. 'n Saak is uitgemaak waarom spesifiek op die Afrikaner-sakeleiers se persepsies gekonsentreer sal word.

Twee belangrike benaderings naamlik die elite- en groepsbenaderings tot die studie van die politiek, is as vertrekpunt vir die navorsing gebruik. Sekere elemente van hierdie benaderings is verken. Wat die elite-benadering betref, is dit duidelik dat die elite 'n prominente rol in die samelewing, en in politieke besluitneming vervul. Eweneens vervul belangegroeppe ook 'n belangrike rol in al die insetfunksies van die politieke stelsel.

Die literatuur oor elite en belangegroeppe se rol in die beleidsformuleringsproses en veral ten opsigte van die sakesektor is ontleed en die gebrek aan sodanige navorsing in Suid-Afrika is uitgewys as die hoofbeweegrede vir hierdie studie. Ten slotte is die belangrike konsepte wat deurgaans in die studie gebruik is, omskryf.

Hierdie studie word gebaseer op die aanname dat dit die elite in 'n samelewing is wat 'n prominente rol in die uitoefening van invloed in die politieke proses vervul. Wanneer dan belangegroeppe, en spesifiek die Afrikaner-sakesektor, se beïnvloeding van politieke besluitneming bestudeer word, volg dit logies dat aandag gefokus word op die elites binne hierdie sektor.

As gevolg van die feit dat ras so 'n oorheersende rol speel in die Suid-Afrikaanse politiek, en dat politieke mag vir etlike dekades reeds in die hande van 'n spesifieke groep, naamlik die Afrikaners is, is dit hoofsaaklik Afrikaner-

belangegroepe wat daarin slaag om sosio-politieke besluitneming te beïnvloed. Daar kan dus geargumenteer word dat in die mate wat die Afrikaner-sake-elite invloed uitoefen, dit in die eerste plek toegeskryf kan word aan die feit dat hulle Afrikaners is, en nie primêr op grond van die feit dat hulle 'n belangrike rol in die ekonomie speel nie. Verder sal ook uitgewys word dat die tipe invloed wat belangegroepe, en in die besonder die Afrikaner-sakesektor, op die politieke terrein uitoefen, hoofsaaklik in die vorm van legitimering van regeringsbesluite neerslag vind. Soos aangedui sal word, is dit opvallend dat die Afrikaner-sakesektor selde in die verlede die voortou geneem het in die inisiëring van verandering, selfs in die geval van beleidsverandering wat direk op hul eie belange betrekking gehad het.

Dit blyk ook duidelik uit die navorsing dat die staat in 'n groot mate onafhanklik van belangegroepe spesifiek politieke besluitneming uitoefen en dat breër belange, soos gedefinieer deur die regeringselite, voorkeur ontvang. In die PW Bothabewind, gekenmerk deur die totale aanslag-persepsie en die totale nasionale strategie as teenvoeter vir hierdie aanslag, is dan ook toenadering tot die sakesektor gesoek juis om steun vir die nasionale strategie te kry en is van dié sektor verwag om aan verandering legitimititeit te verleen. In hierdie studie sal daarop gewys word dat heelwat van die veranderings wat wel op die ekonomiese terrein ingetree het, en ook ander veranderings wat deur die sakesektor ondersteun is, in die eerste plek deur die staat geïnisieer is omdat dit deel uitgemaak het van besluitneming met betrekking tot behoeftes om belange (wat die eie-belange van die regeringselite insluit) te verwesenlik. Dit het nie altyd eerstens daarom gegaan dat die sakesektor en ander belangegroepe hul eie belange onder die aandag van besluitnemers gebring het ten einde besluitneming te beïnvloed nie.

Die metodiek wat in hierdie studie gebruik is, word in die volgende hoofstuk uitvoerig bespreek.

## HOOFSTUK 2 METODOLOGIE

### 2.1 INLEIDING

Die doel met hierdie hoofstuk is om 'n uiteensetting te gee van die prosedures wat gevolg is in die vasstelling van die regeringselite se persepsies oor die rol van belangegroepes enersyds, en andersyds die Afrikaner-sakeleiers se persepsies oor hul rol in beleidsformulering.

Die fokus val dus op die metode van data-insameling en die proefgroepselektering wat primêr deur die aard van die navorsingsprobleem bepaal word. Aandag word geskenk aan opnamenavorsing as tegniek en die voordele en beperkings verbonde aan die gebruik daarvan. Motiverings word gegee vir die gebruik van die twee opnamemetodes wat in hierdie studie gebruik is naamlik onderhoudvoering en posvraelyste. Daar word ook kortliks na die vorm van die vrae en organisering van items binne die vraelys verwys waarna die begrip persepsie op grond van die omskrywing daarvan in hoofstuk 1 geoperasionaliseer word.

### 2.2 OPNAME AS METODE VAN DATAVERSAMELING

Een van die beste (en soms die enigste) maniere om uit te vind hoe mense dink en hoe hulle optree, is om hulle te vra. Om hierdie rede is opnames een van die mees ontwikkelde en mees algemeen gebruikte metodes van dataversameling in die sosiale wetenskappe. 'n Opname word gedefinieer as "any procedure in which data are systematically collected from a population, or a sample thereof, through some form of direct solicitation, such as face-to-face interviews, telephone interviews, or mail questionnaires" (McClosky, 1970 : 120. Sien ook Mannheim en Rich, 1981 : 105).

Opnames in die Staatsleer fokus veral op breë politieke vraagstukke en soek inligting oor mense se houdings, oortuigings en gedrag. Streng metodologiese vereistes word gestel. In die wetenskaplike tradisie is die doelstelling van akademiese opnames die inwin van inligting wat gebruik kan word in die vorming van 'n teorie, of die toets van teorieë wat gedrag verduidelik. Geldigheid en betroubaarheid is dus hoë prioriteite by hierdie opnames.

Die substantiewe bydraes van opnames lê volgens McCloskey (1970 : 18-54) op die terreine van openbare mening, politieke deelname, stemgedrag, politieke

elites en leierskap, politieke ideologie en oortuigings, politieke sosialisering, stabiliteit en verandering, politieke sielkunde, politieke instellings en -stelsels en vergelykende en internasionale politiek.<sup>1</sup>

Om 'n meer volledige analise van 'n vraagstuk te verkry, kan opnames ook met ander navorsingstegniese gekombineer word, soos inhoudsontleding en die ontleding van dokumente (sien Frey, 1970 : 177).

Dat daar tekortkominge in die gebruik van opnames is, en 'n debat oor die wenslikheid al dan nie oor die gebruik daarvan bestaan, word nie ontken nie. McClosky (1970 : 59-63) identifiseer drie tipes probleme en beperkings rondom die gebruik van politieke opnames: Die eerste groep probleme is van tegniese aard en word bespreek by die twee tipes opnames wat in hierdie navorsing gebruik is. Van hierdie probleme is oorkombaar, soos in die latere bespreking afgelei sal kan word. 'n Tweede klas van besware teen opnames is die sogenaamde "humanistiese" besware waar beweer word dat opnames die "studie van politiek van sy vitaliteit ontnem" (McClosky, 1970 : 60). Daar word op 'n gegewe oomblik net op geïsoleerde aspekte of dimensies van menslike gedrag gefokus eerder as op die individu as geheel. Ten slotte kan opnames ook nie gebruik word om normatiewe stellings te bevestig nie (sien ook Boyd en Hyman, 1975 : 289-305).

Ten spyte van die beperkinge van opnames bly dit een van die waardevolste navorsingsmetodes in die Staatsleer. 'n Goeie samevatting oor die gebruik van opnames is dié van Frey (1970 : 175-176): "Too often, we stray into a fruitless debate emanating from whether one is pro- or anti-survey research. However, survey research has been so clearly demonstrated to be one of the most valuable research tools of social science that being implacably anti-survey research is ridiculous. At the same time, there are other unquestionably important research devices, so that it is no less ridiculous to elevate survey research to a position of dominance".

### 2.3 ONDERHOUDE

In hierdie studie is daar met top Afrikaner- en Engelssprekende sakelui onderhoude gevoer (sien afdeling 1.2). Soos enige ander opnametegniek het onderhoudvoering as instrument om data in te samel, sekere voordele en nadele. Mannheim en Rich (1981 : 128) laat hulle dan ook as volg uit oor persoonlike

1. Vir die teoretiese bydrae en nut van opnames vir die Staatsleer sien byvoorbeeld McClosky, (1969) en Boyd en Hyman, (1975).

onderhoude: "The personal interview is simultaneously one of the worst and one of the best data collection tools available to political scientists". Die grootste voordele aan hierdie tegniek is dat dit een van die buigbaarste opnamemetodes is, deurdat gebruik gemaak kan word van 'n verskeidenheid van vra-tegnieke, die meeste data verkry kan word uit 'n onderhoud en dat verseker kan word dat respondente vrae korrek verstaan (sien Manheim en Rich, 1981 : 118, Smith, Johnson *et. al.*, 1976 : 160). Vanweë die aard van die inligting wat die navorser wou bekom, asook die genoemde voordele wat onderhoudvoering bied, is daar wat die sakelui betref op hierdie opnamemetode besluit. Hoe die algemene probleme met onderhoudvoering hanteer is, sal in die loop van hierdie afdeling bespreek word.

Normaalweg word onderskei tussen drie tipes van onderhoudvoering:

- Die sogenaamde kwalitatiewe onderhoud wat meerendeels ongestruktureerd is, en wat meer op 'n ondersoekende gesprek geskoei is. Die probleem met hierdie tipe van onderhoud is die gebrek aan standaardisasie wat dan problematies in terme van vergelyking en betroubaarheid is.
- Die tipe onderhoud wat gevoer word deur middel van 'n streng gestruktureerde skedule en wat dus bogenoemde probleme van standaardisasie en vergelyking uitsny. In hierdie tipe onderhoud word vrae vir alle respondente, sonder afwyking, in dieselfde vorm en orde gevra. Die nadeel is egter dat diepte opgeoffer word vir standaardisasie.
- Die tipe onderhoud wat kwalitatief van aard is, maar waar gebruik gemaak word van 'n onderhoudsgids. Inligting moet oor spesifieke items ingewin word, maar die onderhoudvoerder word toegelaat om die vraag te herformuleer en ook, indien nodig, verdere ondersoekende vrae te vra. Dit laat dan nie net 'n beter interpretasie van die vrae toe nie, maar ook 'n mate van standaardisasie waardeur vergelykende analises dan moontlik gemaak kan word.

In hierdie navorsing is gebruik gemaak van die laaste metode van onderhoudvoering, met ander woorde onderhoude is op 'n semi-gestruktureerde basis gevoer.

Die volgende aspekte sal vervolgens uitgelig word vir verdere bespreking: die voor- en nadele van 'oop-vrae'-onderhoude, die agtergrond van algemene probleme met opname onder sakelui, die opstel van die vraelys, reëling van onderhoude en die onderhoudproses, proefgroepselektering en die ontleding van data.

### 2.3.1 Vraelys

Die inhoud en vraagstelling van vraelyste word uiteraard deur die navorsingsprobleem bepaal. 'n Aantal oorweginge oor die vorm van vrae en die organisering van items binne die vraelys, is egter ook van groot belang. 'n Eerste belangrike oorweging is of die vrae gestruktureerd ('toe-vrae') met vaste keuse alternatiewe) of ongestruktureerd ('oop-vrae') moet wees.

Hoewel in hierdie studie van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule gebruik is, was die vrae 'oop-vrae', ofte wel ongestruktureerd. Die gebruik van beide hierdie tipe vrae het in die verlede sterk kritiek uitgelok. Goeie voorbeelde (sien Brown, 1969 : 420-421) is die bekendste studie van Deutch, Edinger *et. al.* (1967) wat gestruktureerd was, en dié van Lane (1959) wat ongestruktureerd was. Meer resente studies is dié van Schuman en Presser (1979 : 709) wat nie die superioriteit van 'oop-vrae' of 'toe-vrae' kon bewys nie, terwyl Bradburn en Seymour (1979 : 19) aanvoer dat 'oop-vrae' konsekwent groter voorrang geniet "when threatening issues are being discussed".

Kritiek teen 'oop-vrae' is oor die algemeen die volgende:

- dit mag lei tot die versameling van waardelose en irrelevante inligting (op die minste word dikwels ekstra irrelevante inligting verkry);
- data is nie gestandaardiseer van persoon tot persoon nie, want vrae word dikwels nie dieselfde gestel nie, wat vergelyking of statistiese ontleding dus baie bemoeilik en
- dit neem baie lank om die vrae te verwerk, kodering is moeilik en subjektief en tussenkodeerbetroubaarheid kan laag wees.  
(Sien Dexter, 1970 : 133-138 en Bailey, 1987 : 120)

Hoewel dit baie meer tydrowend is, en baie moeiliker is om 'oop-vrae' te analiseer, is hierdie redes alleen nie voldoende om die gebruik daarvan te beperk

nie. Soos Aberbach et. al. (1975 : 8) dit dan duidelik stel, is die navorsingsdoelstellings uiteindelik die kritiese oorweging.

Een van die belangrikste redes waarom gebruik gemaak is van 'oop- vrae' in hierdie onderhoude, is dat komplekse vrae in groot detail bespreek kan word. In die woorde van Aberbach et. al. (1975 : 3) "Open-ended procedures emphasize the contextual richness of response and allow for the exploration of subtlety and nuance; they enable an investigator to assess not just the surface content of a response but also the reasoning and premises underlying it". Die keuse waarvoor dus te staan gekom is, was of detail en inhoudelike volledigheid prysgegee moet word ten gunste van moontlik meer akkurate statistiese verwerkings, op meer beperkte data.

Aberbach et. al. (1975 : 4-8) gee 'n verdere drie oorwegings vir die gebruik van 'oop-vrae' in 'n onderhoud:

- Die eerste is die mate van navorsing wat reeds oor die spesifieke onderwerp gedoen is. As heelwat data reeds bestaan en basiese patrone al ontdek is, kan vrae meer presies geformuleer word. As daar egter nog 'n groot gebrek is aan genoeg data om spesifieke verwagtings te formuleer, is 'n meer ongestruktureerde navorsingsmetode geskik. "... the fact of the matter is that good research into the unknown cannot be well designed in the usual sense of the term. Truly good research means that one allows the investigation to be guided by the experiences of the investigation. And this cannot be predicted" (Bakan soos aangehaal in Aberbach et. al. 1975 : 4).
- 'n Tweede kriterium noem Aberbach "respons geldigheid". 'n 'Oop-vraag'-metode gee die respondent groter geleentheid om sy antwoorde in terme van sy eie raamwerk te gee. Dexter (1970 : 8) stel hierdie aspek ook baie duidelik "... a good many well-informed or influential people are unwilling to accept the assumptions with which the investigator starts; they insist on explaining to him how they see the situation, what the real problems are as they view the matter. Moreover, the interviewer confronted with genuinely prominent people or the prestigious well-informed is unlikely to feel that he can insist on their hewing to a standardized line of discussion".

As 'n mens sekere patrone wil ontdek, moet die respondent meer inisiatief toegelaat word. Die punt word weer hier beklemtoon dat hooggestruktureerde vrae die beste is om keuses tussen goedgedefinieerde gedragsalternatiewe te analiseer. Dit is egter ontoepaslik as die omvang van respons onbekend of multi-dimensioneel is.

- 'n Laaste oorweging is die potensiële ontvanklikheid van respondente. Vir effektiewe navorsing is dit belangrik dat die onderhoudvoerder die samewerking van die elites verkry. Zuckerman (soos aangehaal in Aberbach et. al. 1975 : 6) het die volgende waarneming in hierdie verband gemaak: "they soon detect whether questions are standardized or tailored to their own interests and histories. They resent being encased in the straightjacket of standardized questions". Aberbach het ook in sy eie navorsing bevind dat respondente nie alleen inligting verskaf het wat hulle nooit sou antisipeer met 'n gestruktureerde vraelys nie, maar dat respondente ook baie meer openlik was. "Elites not only tend to hold strong views, but they are able to articulate them clearly. It is our impression ..., that a good many of our interviewees would have been less frank if confronted with a less flexible interview schedule" (Aberbach et. al., 1975 : 7).

Soos genoem was die doel van hierdie onderhoude onder meer die bepaling van die aard van die verhouding tussen sakelui en die regering, sakelui se persepsies oor beleidsformulering en evaluasies van hul rol in die proses. Hul sienings oor wat die belangrikste vraagstukke in die land is en die moontlike oplossings daarvoor, is ook ondersoek. Geen of baie min navorsing is in die verlede oor hierdie aspekte gedoen. Die omvang van inligting wat deur ongestruktureerde vrae verkry kon word, was dan een van die hoofoorwegings vir die gebruik daarvan. Omdat so min navorsing oor die onderwerp gedoen is, het die navorser ook gevoel dat gestruktureerde vrae moontlik nie voldoende inhoud sowel as bewoording aan respondente kan verskaf nie. Ook was dit vir die navorser belangrik dat respondente nie beïnvloed word deur die alternatiewe wat beskikbaar is in 'n 'geslote-vraag' nie; en dat 'n meer geldige prentjie verkry kan word as 'n respondent uit sy eie 'n antwoord moet verskaf.

In die onderhoude is gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule.<sup>1</sup> Sekere temas waarvoor spesifieke vrae gevra is, is geïdentifiseer. Van hierdie vrae het ooreengekom met dié vrae wat in die posvraelys aan die politici en burokrate gestuur is, om sodoende vergelyking in persepsies moontlik te maak. Om hierdie rede word die operasionalisering van die begrip persepsie en inhoud van die onderhoudskedule saam met dié van die vraelys in afdeling 2.4.3 bespreek.

Daar is konsekwent geprobeer om die vrae aan elke respondent in dieselfde volgorde te vra, maar in die meeste gevalle was dit nie moontlik nie. Die belangrikste rede hiervoor is dat respondente dikwels in die beantwoording van een vraag aangesny het by 'n tweede tema en dan was dit meer sinvol om voort te gaan met dié betrokke tema. Vanweë die feit dat die volgorde van temas dikwels by die spesifieke onderhoudsituasie aangepas moes word deur op respondente se antwoorde te reageer met 'n opvolgvraag, is vrae ook soms verskillend frasseer, maar met behoud van die kern van die vraag.

In ongestruktureerde vrae aan die elite is dit ook baie moeilik om volledige antwoorde op alle vrae te kry. Dit is moeilik vir 'n onderhoudvoerder om vooraf te bepaal hoe spraaksaam 'n respondent sal wees en hoe letterlik hy die tyd wat aangevra is vir die onderhoud sal opneem. Laasgenoemde is egter voor die aanvang van elke onderhoud met die respondent uitgeklaar. Die spraaksaamheid van sommige respondente het ook veroorsaak dat prioriteit aan belangrike vrae gegee moes word, wat nog 'n rede is waarom elke vraag nie in dieselfde volgorde gevra is nie. Die gevolg hiervan was dat die reaksie op sommige vrae aansienlik laer was.

### 2.3.2 Die reël van onderhoude en die onderhoudsituasie

Aan al die respondente is 'n brief geskryf waarin 'n onderhoud aangevra is. Dit is opgevolg deur 'n telefoonoproep aan die betrokke respondent se sekretaresse om 'n afspraak te reël.

In die brief is uiteengesit waarom die studie handel, onder wie en by watter universiteit dit onderneem word, en dat dit finansieel deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) ondersteun is. Ook is gesê dat die onderhoud ongeveer 45 minute sou duur. Sterk klem is verder gelê op die ver-

---

1. 'n Dataversamelinginstrument word normaalweg 'n vraelys genoem as dit aan 'n persoon gepos of gegee word om in te vul. As vrae deur 'n onderhoudvoerder gevra en afgeneem word, word dit 'n onderhoudskedule genoem.

troulikheid van die onderhoud en dat geen standpunte aan 'n betrokke persoon in die proefskrif gekoppel sal word nie.

Van die grootste besware teen die voer van onderhoude is die koste daaraan verbonde, wat in hierdie geval nie 'n probleem was nie vanweë geldelike steun van die RGN, en die tydrowendheid daarvan, wat nie geïgnoreer kon word nie. Die eerste briewe is aan die einde van September 1987 uitgestuur waarna begin is met die onderhoudvoering. Teen ongeveer die middel van Desember was feitlik al die onderhoude met die Afrikaner-sakeleiers afgehandel, met enkeles wat oorgestaan het tot vroeg in Januarie 1988. Onderhoude met die Engelsprekende sake-elite is aan die begin van Januarie 1988 aangevra en was voltooi teen die middel van April. Alhoewel onderhoude met die sakeleiers van beide taalgroepe oor 'n tydperk van ongeveer drie maande gestrek het, was daar sedert die aanvang tot voltooiing daarvan geen noemenswaardige politieke gebeure wat moontlik respondente se sienings wesenlik kon laat verander het nie. Onderhoude is in Johannesburg, Pretoria, Kaapstad en omgewing gevoer. Die enkele respondente van Durban, Bloemfontein en Port Elizabeth/Uitenhage besoek Johannesburg gereeld en onderhoude kon tydens hierdie besoeke gevoer word.

Ten spyte van die kritiek teen die gebruik van 'n bandopnemer, onder meer dat dit respondente kan inhibeer, is daar tog op grond van die volgende redes daarvan gebruik gemaak:

- Eerder as om op die afneem van notas te konsentreer, kon daar met volle aandag na die respondent geluister word.
- Tweedens vertraag die volledige afneem van notas die respondent en kan dit veral in 'n beperkte tyd hinderlik wees.
- Deur die gebruikmaking van 'n bandopnemer kan later weer na die onderhoude geluister word wat die navorser dan in staat stel om 'n mate van kwaliteitsbeheer uit te oefen. 'n Baie groot kritiek teen onderhoudvoering is onderhoudsbevooroordeeldheid. Daar word dus gepoog om laasgenoemde uit te skakel wat kan ontstaan by die formulering van 'n vraag en die onderhoudstyl. Dit is gevind dat die terugspeling van onderhoude inderdaad 'n belangrike rol gespeel het in self-evaluering en die verbetering van spesifiek die onderhoudtegniek.

- Die belangrikste is egter dat daar met 'n opname geen gebrek aan volledigheid is nie, terwyl dit nie verkry kan word deur die afneem van notas nie. Belangrike nuanses gaan nie verlore nie.

Met die uitsondering van een het die respondente geen besware teen die gebruik van 'n bandopnemer gehad nie. Voor die aanvang van die onderhoud is die vertroulikheid daarvan weer eens sterk beklemtoon. Volgens die navorser se oordeel (wat noodwendig subjektief is), was die respondente nie geïnhibeerd daardeur nie en het hulle die vrae met groot eerlikheid en openhartigheid beantwoord. Dikwels as hulle iets werklik vertroulik wou meedeel, het hulle gevra dat die bandopnemer vir 'n oomblik afgeskakel moes word.

Dit kan geargumenteer word dat die gebruik van 'n bandopnemer afhang van die tipe respondente met wie onderhoude gevoer word. In elite-onderhoude kan 'n bandopnemer met vrug gebruik word, want dié respondente is vertrouwd en geskoold in die gebruik daarvan. Dikwels word dit ook verkies omdat dit 'n mate van versekering gee dat inligting nie verdraai word nie.

Slegs vyf van die respondente is as "ietwat terughoudend" geklassifiseer (sien Abermach, 1975 : 11 vir sy uiteensetting). Oor die algemeen was die gesprekke ontspanne. 'n Hele paar respondente het gemeld dat hulle dit geniet het, terwyl andere uitnodigings gerig het om weer met hulle in verbinding te tree, sou verdere inligting benodig word. Met die uitsondering van twee respondente was daar 'n goeie rapport met die sakeleiers van beide taalgroepe.

Die lengte van die onderhoude het aansienlik gewissel. Hoewel slegs 45 minute aangevra is, was dit by uitsondering dat gesprekke korter as 60 minute geduur het. Heelwat onderhoude het selfs langer geduur en in enkele gevalle was daar onderhoude van 150 minute elk. Die feit dat onderhoude veel langer geduur het as aangevra, tesame met bogenoemde positiewe aspekte tydens die onderhoudsituasie, dui op twee belangrike aspekte wat uiteraard bygedra het tot nie net die betroubaarheid van die resultate nie, maar ook op die verkryging van meer gedetailleerde en vertroulike inligting. Eerstens dui dit op die vertrouensposisie van die navorser en tweedens op die bereidwilligheid van die sakeleiers tot gesprekvoering oor 'n onderwerp wat oënskynlik hul belangstelling geprikkel het.

### **2.3.3 Proefgroepselektering**

In die selektering van die Afrikaner-sake-elite is onder meer gebruik gemaak van

drie benaderings: reputasie-, posisionele- en die besluitnemingsbenadering (vir 'n volledige bespreking sien Kavanagh, 1983 : 133-134; Welsh, 1979 : 165-168 en Palmer en Thompson, 1978 : 155-159). Op grond van die algemene bewustheid van die tekortkominge van elke benadering op sy eie, bestaan daar 'n mate van algemene konsensus dat 'n mengsel van die metodes gebruik behoort te word (Parry, 1969; Putnam, 1976), soos inderdaad in hierdie studie gedoen is.

#### i) **Posisionele benadering**

In hierdie benadering word mag gelyk gestel aan die bekleërs van formele hoë posisies. Die basiese premis is dus dat die magtigste of invloedrykste individue die prominentste posisies sal beklee. In die geval van die Afrikaner-sakelui sal diegene wat die hoogste posisies in die grootste Afrikaner-maatskappye of sakeondernemings beklee, beskou word as die invloedrykste. In hierdie studie is dan ingesluit persone wat voorsitters- en besturende direkteursposisies beklee het sedert 1976. Ander individue wat geïdentifiseer is vanweë hulle posisies, was die afgelope tien jaar se presidente van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI).

Hoewel 'n spesifieke posisie of amp sekerlik 'n bron van invloed is, is dit egter nie 'n waarborg vir invloed nie. Deur te fokus op slegs formele posisies word die feit geïgnoreer dat die invloed van individue in 'n elite-struktuur dikwels net so veel gevorm word deur hul persoonlikhede, intelligensie en dryfkrag as deur die posisies wat hul beklee. Hierdie benadering maak egter nie voorsiening vir dié dimensie van die magsverhouding nie.

#### ii) **Reputasiebenadering**

Hier word staat gemaak op kundiges om invloedryke individue te selekteer. Die benadering is gebaseer op die assumpisie dat persone geïdentifiseer sal word wat nie net hoë posisies beklee nie. Hierdie metode is nou verwant aan die sogenaamde "snowball"-tegniek (sien Bailey, 1987 : 95).

In hierdie navorsing is op grond van die respondente se openbare bekendheid briewe geskryf aan 21 bekende Afrikaner-sakeleiers, vyf Engelssprekendes en drie kundiges (onder meer akademici), waarin hulle versoek is om vyf of meer Afrikaner-sakemanne te identifiseer wat na hul mening die afgelope tien jaar invloed/inspraak by die regering het of gehad het. Name is van die vyf Engelssprekende sakeleiers, die drie kundiges en 11 van die Afrikaner-sakeleiers verkry. Ook is prominente Afrikaner-sakemanne deur middel van persberigte van die afgelope tien jaar geïdentifiseer.

Probleme met hierdie benadering is dat vanweë die subjektiewe aard daarvan, dit nie as 'n baie betroubare navorsingsinstrument beskou kan word nie:

- Vanweë die vaagheid rondom die begrip 'invloed' kan dit nie aanvaar word as 'n geldige meting van invloed nie; en
- bruikbare data word nie verskaf oor die aard van die magstruktuur nie (Van der Merwe, 1967 : 23).

Bowenal beteken die reputasie om invloed of mag te hê, nog nie dieselfde as die uitoefening daarvan nie.

### iii) **Besluitnemingsbenadering**

Die assumpisie in hierdie benadering is dat die ware toets van beide mag en elite-status geleë is in die prominente rol wat gespeel word in die besluitnemingsproses, ongeag die formele posisie wat beklee word of die reputasie van invloed. Dit word dikwels gesien as die mees realistiese metode, want dit meet werklike of waarneembare mag en invloed eerder as potensiële mag of invloed. Die rol van die elite ten opsigte van beleidsformulering binne die konteks van spesifieke vraagstukke, moet dus bepaal word. Dit kan gedoen word deur die versameling van data deur onderhoude, bywoning van komiteevergaderings, verslae, toesprake en nuusberigte. In 'n mate is van hierdie benadering ook gebruik gemaak deurdat Afrikaner-sake-elite geïdentifiseer is op grond van hul betrokkenheid by Kommissies van Ondersoek wat oor die afgelope tien jaar deur die regering aangestel is, sitting op die Staatspresident se Ekonomiese Adviesraad en bywoning of deelname aan die ekonomiese berade van die Staatspresident die afgelope aantal jare (byvoorbeeld Carlton-, Goeie Hoop- en Bryntirion-berade).

#### 2.3.4 **Proefgroep: Engelssprekende sakelui**

Hoewel die studie hoofsaaklik oor die Afrikaner-sakelui en hulle rol in besluitneming handel, is besluit om ook met 'n beperkte aantal Engelssprekende sakemanne onderhoude te voer. Die Afrikaner-sakeleiers het dikwels op 'n vergelykende wyse na individuele Engelssprekende sakeleiers en hulle rol in besluitneming verwys. Om hierdie rede is dus besluit om te bepaal of daar enige persepsieverskille is.

Die Engelssprekendes dien bloot as 'n vergelykingsgroep en geen kwantitatiewe ontledings word op die data gedoen nie. Hierdie groep is ook volgens die posisionele en reputasiemetodes geïdentifiseer. Indien Afrikaner-respondente nie uit hulle eie na Engelssprekende individue in die sakesektor verwys het nie, is hulle gevra wie na hulle mening moontlik invloed kan uitoefen en wie hoogaangeskrewe in regeringskringe staan. Ander kriteria wat ook gebruik is, is dieselfde as dié waarvolgens die Afrikaner-sakelui geïdentifiseer is, te wete: lidmaatskap aan die Ekonomiese Adviesraad, betrokkenheid by Kommissies van Ondersoeke, bywoning van ekonomiese berade en prominensie in die media.

### 2.3.5 Proefgroepgrootte

54 Afrikaner- en 14 Engelssprekende sakeleiers is geïdentifiseer. 'n Kern groep name het feitlik sonder uitsondering met die gebruik van elke genoemde identifiseringsmetode te voorskyn gekom.

Van die 54 Afrikaners wat geïdentifiseer is, kon vier nie opgespoor word nie aangesien hulle reeds afgetree was. 'n Verdere sewe (14%) was nie bereid om onderhoude toe te staan nie. 'n Besige program is deur een as rede aangevoer, terwyl drie geen redes verskaf het nie. Twee van die Engelssprekendes kon vanweë 'n druk program en oorsese reise nie onderhoude toestaan nie. Daar is besluit om te volstaan met 12 onderhoude.

Wat die Afrikaner-sakelui betref, is daar om twee redes volstaan met 43 onderhoude: Eerstens het dit, op grond van die kriteria wat gebruik is om Afrikaner sake-elite te identifiseer, geblyk dat hierdie die somtotaal van die belangrikste Afrikaner-sakelui verteenwoordig. In vergelyking met die Engelse sakesegment is die Afrikaner-segment aansienlik kleiner. Volgens Bailey (1987 : 95) hang die grootte van die proefgroep ook altyd van die grootte en die aard van die populاسie,<sup>1</sup> en die doel van die studie, af. Tweedens word in kwalitatiewe navorsing selde meer as 50 diepte-onderhoude gevoer. "Because of the difficulty of analysing and absorbing qualitative information, it is rare for more than about 50 depth interviews ... to be undertaken" (Hoinville, *et. al.*, 1978 : 17).

Vir eenvoudige kwantitatiewe verwerkings is 43 onderhoude ook voldoende. In hierdie verband sê Champion, soos aangehaal in Bailey (1987 : 96): "Although general rules are hard to make without knowledge of the specific population, around 30 cases seems to be the bare minimum for studies in which statistical

1. Met populاسie word hier bedoel die somtotaal van die Afrikaanssprekende sakelui.

data analysis is to be done, although some techniques can be used with fewer than 30 cases".

### 2.3.6 Ontleding van data

Al die onderhoude op band is getranskribeer vanwaar dan 'n tipe inhoudsanalise<sup>1</sup> gedoen is. Data wat ingesamel is by wyse van semi-gestruktureerde 'oop-vrae'-onderhoude, kan kwantitatief ontleed word. Gesofistikeerde kwantifiserings-tegnieke is egter nie in hierdie ontledings gebruik nie, maar wel eenvoudige frekwensietellings. Data is ingedeel in verskillende kategorieë wat die doel van die studie reflekteer. Nie slegs is voldoende strukturering vir kwantifisering verkry nie, maar is die rykheid van individuele reaksies behou. Kwalitatiewe data is dus ook ingewef in kwantitatiewe datavoorsellings, alhoewel aanhalings nie algemeen binne die reëls van wetenskaplike bewyse val nie. Die doel van hierdie studie was egter nie om 'n spesifieke verduidelikende model te ontwikkel nie, maar bloot die inhoud van politieke denke van sakelui te verken.

## 2.4 POSVRAELYS

In die tweede deel van die studie is 'n posvraelys aan politici en burokrate gestuur om hul persepsies oor die rol van belangegroep in beleidsformulering, asook hul persepsies teenoor belangegroep in die algemeen te bepaal. Die belangrikste redes waarom in hierdie geval eerder gebruik gemaak is van 'n posvraelys in plaas van onderhoude of telefoononderhoude, is die volgende: (sien ook Bailey, 1987 : 148-149 en Manheim en Rich, 1981 : 118).

### (i) Goedkoper

Vanweë die hoë koste verbonde aan telefoon- en persoonlike onderhoude was posvraelys die effektiwste wyse om die aantal respondente te bereik. Hierdie studie het vir 'n kort tyd saamgeval met die sittings van sowel die Parlement as die Presidentsraad (einde September 1987 tot Januarie 1988). Indien onderhoude buite sittingstye gevoer sou word, sou die navorser regoor die land moes reis om al die respondente te bereik. Dit sou uiteraard hoë reis- en verblyfkoste beteken.

---

1. Die doel van inhoudsanalise is om verbale, nie-kwantitatiewe dokumente, nie te omskep in kwantitatiewe data nie. Vir verdere definisies en metode sien Bailey (1987 : 330-331).

**(ii) Tydbesparend**

Posvraelyste word aan alle respondente gelyktydig gestuur en neem heelwat minder tyd in beslag as onderhoude. Dit was ook belangrik om die navorsing onder die sake-elite, die politici en burokrate in dieselfde tydperk te onderneem om te verseker dat menings binne dieselfde tydsgewrig ontleed word.

Terwyl die posvraelyste uitgestuur is, kon met die onderhoudvoering van die sake-elite asook daaglikse werksverpligtinge voortgegaan word.

**(iii) Geriefliker vir respondent**

Die vraelys kan ingevul word wanneer dit respondente pas. Meer tyd is beskikbaar vir nadenke, privaathed en naslaanwerk by die voltooiing van die vraelys wat dan ook belangrik was vir hierdie vraelys vanweë die feit dat navorsing oor hierdie onderwerp nog nie tevore gedoen is nie. Hoewel die items in die vraelys so eenvoudig as moontlik gestel is, het dit vanweë die komplekse aard van die probleem 'n redelike mate van nadenke vereis. 'n Respondent het dan ook in sy kommentaar opgemerk "U het my aan die dink gesit - nooit gedink dat sulke vrae 'n mens se kop so kan laat draai nie".

Groter anonimiteit bestaan ook by 'n posvraelys wat kan bydra dat respondente met groter selfvertroue sensitiewe vrae beantwoord.

**2.4.1 Beperkings van posvraelyste**

Benewens bepaalde nadele inherent aan posvraelyste, kan die betroubaarheid en geldigheid van resultate beïnvloed word deur potensiële probleme verwant aan die praktiese uitvoer van die opname. Hierdie verkortkominge (sien Bailey, 1987 : 149-151; Kweit en Kweit, 1981 : 199-200), sowel as die pogings wat aangewend is om dit sover moontlik te beperk, word vervolgens bespreek.

**(i) Gebrek aan buigbaarheid**

Posvraelyste word as onbuigbaar bestempel want daar kan geen variasie in vrae wees nie. Geen duidelikheid kan op vrae, teenstrydige- en half-beantwoorde- of verkeerd-beantwoorde vrae verkry word nie. Belangrik ook is dat posvraelyste nie vir wyer reaksie op 'n vraag voorsiening maak nie. Aan die einde van die vraelys is respondente egter uitgenooi om kommentaar te lewer. Hierdie

voorsorgmaatreëls het baie goed gewerk deurdat heelwat kommentaar gelewer is wat later nuttig was in die verklaring van bevindings.

(ii) **Lae reaksie**

Een van die grootste besware teen 'n posvraelys is die lae reaksie wat volgens Bailey (1987 : 149) so laag as 10% kan wees en dikwels laer as 50% (Kweit en Kweit, 1981 : 199). In sommige gevalle egter was die reaksiekoers al meer as 80% op 'n posvraelys (sien Heberlein en Baumgartner, 1978 : 450-451). Sekere tegnieke wat in hierdie opname suksesvol gebruik is om 'n goeie reaksie te kry, word hieronder bespreek.

(iii) **Geen kontrole oor omgewing**

In die posvraelys is daar geen kontrole dat die respondent self die vraelys ingevul het nie, en tweedens dat hy nie deur ander mense beïnvloed is by die invul daarvan nie. Die inligting wat in hierdie opname verlang is, is redelik gespesialiseerd, dus sou dit moeilik wees vir enigeen, behalwe die geselekteerde respondente, om dit in te vul. Direkteurs-generaal of hulle adjunkte in die Staatsdiens sou dit kon delegeer aan hoofamptenare, maar in hierdie gevalle sou dit geldig wees aangesien hulle oor die nodige kennis en inligting beskik en heel waarskynlik dieselfde menings as hulle seniors toegedaan sou wees. Wat betref moontlike beïnvloeding tydens die invul van die vraelys, is dit nie so 'n groot probleem by die elite nie aangesien dit redelikerwys veronderstel kan word dat persone van hierdie kaliber geartikuleerd en ingelig genoeg is om dit selfstandig in te vul.

(iv) **Geen beheer oor volgorde waarin vrae beantwoord is nie**

Respondente kan in 'n posvraelys enige vraag eerste beantwoord en kan sodoende enige reaksie-bevooroordeeldheid wat 'n navorser probeer uitkakel het, ruïneer. In hierdie vraelys staan alle vrae onafhanklik. Hoewel sekere vrae wel verband hou met mekaar, is die antwoord op een vraag nie direk gekoppel aan 'n ander nie. Dit sou dus nie saak maak in watter volgorde die respondente vrae voltooi het nie. 'n Verdere probleem by 'n posvraelys is egter dat alle vrae nie voltooi word nie. Dit kan dus gebeur dat daar 'n hoë reaksie op die vraelys as 'n geheel is, maar dat spesifieke, veral sensitiewe vrae, nie beantwoord is nie. In hierdie opname het slegs 'n baie klein persentasie respondente nie al die vrae beantwoord nie. 'n Moontlike rede hiervoor mag wees dat die vraelys uit slegs 16 vrae bestaan het (onderafdelings ingesluit). Die vrae was ook min of meer op

dieselfde sensitiviteitsvlak. Dit het dus geblyk dat respondente wat hierdie probleem ondervind het, die vraelys in sy geheel nie beantwoord het nie.

(v) **Spontane antwoorde word nie aangeteken nie**

Dit is dikwels moeilik om 'n spontane, eerste reaksie met 'n posvraelys te verseker, aangesien die respondent die geleentheid het om 'n eerste antwoord uit te krap vir 'n meer beredeneerde of diplomatieuse antwoord. Die veelheid kantlynaantekeninge by die vrae, sowel as kommentaar in die ruimte wat voorsien is, is 'n aanduiding dat antwoorde redelik spontaan was. Ook kon nie agtergekem word dat respondente antwoorde uitgegee het nie.

(vi) **Bereiking van vraelyste**

Met 'n posvraelys kan nie bepaal word of dit wel die respondente bereik nie. In sommige gevalle word dit aan die navorser teruggestuur, terwyl nuwe inwoners dit mag weggooi (Bailey, 1987 : 150). In hierdie opname was daar nie 'n probleem in hierdie verband ervaar nie. Die jongste adresse van staatsdepartemente, Parlementslede en Presidentsraadslede was maklik bekombaar. Geen vraelyste is teruggestuur waarvan die adres onbekend was nie. In die geval van Parlementslede is ook gebruik gemaak van hulle huisadresse in die nie-sittingstye vir opvolgvraelyste.

Dit kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat 'n baie geringe persentasie, indien enige, van nie-reaksie aan foutiewe adresse toegeskryf kan word.

(vii) **Komplekse vraelysformaat en -lengte**

'n Probleem met 'n posvraelys is dat dit nie 'n komplekse formaat met ingewikkelde instruksies kan hê nie, aangesien dit verwarring by die respondente kan veroorsaak. In 'n onderhoudsituasie is 'n komplekse formaat moontlik, want die onderhoudvoerder is aanwesig om sulke verwarring uit die weg te ruim. Die bewoording van die vrae moet ook eenvoudig wees sodat dit maklik verstaan kan word. Dit opsigself kan weer die probleem skep dat respondente met 'n hoë onderwyspeil gefrustreerd voel. Aangesien hierdie vraelys op die elite gerig is, met almal min of meer dieselfde opleidingspeil, was dit nie nodig om vrae te ooreenvoudig nie. Algemene gebruikstaal is egter gebruik in plaas van vakkundige konsepte. Verder is ingewikkelde instruksies ook vermy sodat die respondente nie sy beperkte tyd op komplekse aanwysings verwyf nie.

'n Verdere beswaar teen posvraelyste is dat dit slegs 'n beperkte lengte kan hê, want anders sal 'n voldoende reaksie nie verkry word nie. Dit beteken dan dat relatief min inligting ingewin kan word (Manheim en Rich, 1981 : 118). Navorsing het egter getoon dat die lengte van die vraelys nie reaksie beïnvloed nie. In hierdie verband sê Heberlein en Baumgartner egter (1978 : 452) dat in navorsing wat hul gedoen het, die gemiddelde vraelys sewe bladsye beslaan teenoor vraelyste wat oor die 22 bladsye beslaan het. "In spite of this great variation in length, there was no significant zero-order correlation between any of the length measures and overall responses. Long questionnaires averaged just as high a response as very short instruments".

Die vraelys in hierdie opname het ses bladsye beslaan en het gemiddeld 10-15 minute geneem om te voltooi.

#### 2.4.2 Opstel van vraelys

Belangrik by die opstel van 'n vraelys is dat vrae relevant tot die doelstellings van die studie is. As basiese riglyn by die opstel van die vraelys is dié uit 'n soortgelyke studie wat in die VSA en Kanada onderneem is gebruik (Prethus, 1974). Noodwendig moes vrae aansienlik by Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas word. Die vraelys is aan verskeie akademië voorgeleë, wat bygedra het tot die verfyning daarvan. Daar is veral gelet op die uitskakeling van dubbelsinnige, leidende en sensitiewe vrae.

Met die uitsondering van vier vrae is al die vrae gestruktureerd, wat kodering vergemaklik. Kommentaar is nogtans deur baie in die kantlyn of aan die einde van die vraelys gelewer wat dan in 'n mate die nadeel van 'geslote-vrae' onderskep het. By alle vrae is ook 'n 'onseker'-kategorie ingesluit om te verhoed dat respondente raai, of die vrae lukraak beantwoord.

Ten einde betroubaarheid van die navorsing te verhoog, is die konsep 'belangegroep' wat herhaaldelik in die vraelyste aangewend is, as volg bo-aan die vraelyste toegelig.

"Die woord belangegroep verwys na groepe of organisasies wat poog om regeringsbesluite te beïnvloed, sonder om self deel van die regering te word".

Die vraelys is met 'n dekbrief en gefrankeerde koevert uitgestuur.

### 2.4.3 Operasionalisering en vraelys-inhoud

Die vrae en items wat in die vraelys vervat word, dien as indikatore van die verskynsels wat in hierdie studie ondersoek word. Antwoorde op navorsingsvrae sal alleenlik verkry kan word indien hierdie operasionaliserings akkuraat uitgevoer word (sien Manheim en Rich, 1981 : 43). Die vraelys-inhoud asook dié van die onderhoudskedule (sien afdeling 2.3.1) wat in hierdie afdeling bespreek sal word, verskaf dus die wyse waarop die begrippe persepsie en invloed wat sentraal in hierdie studie staan, aangewend is. Die vraelys-items waarna verwys sal word, word in bylaag 1 verskaf.

Opsigself kan die begrip persepsie nie geoperasionaliseer of "meetbaar" gemaak word nie. In sy werkbare of operasionele vorm verwys persepsies (soos ook in hierdie studie aangewend) na diepliggende predisposisies ten opsigte van politieke verskynsels. Met ander woorde persepsie kan ten beste verstaan word as 'n assosiatiewe begrip wat net betekenis verkry as dit gerig is op 'n bepaalde aktiwiteit of verskynsel. In sowel die vraelys as die onderhoudskedule is persepsies oor die invloed van belangegroepes en spesifiek die sakesektor op openbare beleid, die sentrale tema. Daarbenewens is persepsies oor wie die belangrikste besluitnemers is, asook die effektiwste metodes van steunwerwing, ook ondersoek.

Vanweë die feit dat die meting van invloed een van die moeilikste vraagstukke in politieke analise is, en in die Suid-Afrikaanse konteks hierdie probleem vererger word deurdat redelik min bekend is oor die wyses waarop beleid geformuleer word (sien Pretorius, 1982 : 3), en beleidsformulering hoogs gesentraliseer en geheimsinnig is (Boullé, 1987 : 4), is eerder persepsies oor die uitoefening van invloed ontleed. Soos reeds in afdeling 1.6.2 uitgewys, kan die elites se persepsies van die invloed van spesifiek die sakesektor, ten spyte van die feit dat persepsies selektief is en dikwels van die realiteit verskil, tog as 'n indikator dien van die mate van invloed wat uitgeoefen word (sien ook Presthus, 1974 : 170). Indien daar 'n oorweldigende konsensus by, in hierdie geval die regeringselite, die Afrikaner-sake-elite sowel as die Engelssprekende verwysingsgroep in hul persepsies oor die invloed van bepaalde belangegroepes bestaan, kan dit 'n aanduiding van werklike invloed gee.

Die aard en inhoud van die vrae wat oor invloed gehandel het, word vervolgens kortliks bespreek. Aangesien die vraelys aan die regeringselite in die bylae van hierdie studie vervat is, word die inhoud daarvan slegs oorsigtelik bespreek. Soos reeds genoem, was die vrae aan die sake-elite op dieselfde trant, hoewel daar

noodwendig aansienlik meer in detail ingegaan is deurdat veel groter motivering verlang is vir betrokke standpunte. Die elites se persepsies oor verskeie aspekte van invloed is ondersoek. Vanweë die eksploratiewe aard van die studie is eerstens aandag geskenk aan die regeringselite se persepsies oor hul eie toeganklikheid vir belangegroeppe. Hoewel dit belangrik is om nie toeganklikheid gelyk te stel aan effektiwiteit nie, is dit tog 'n noodsaaklike voorvereiste vir invloed (sien Kweit en Kweit, 1981 : 98). Hierdie toeganklikheid is in 'n gestruktureerde vraag (sien vraag 2) bepaal waarin regeringselite 'n aanduiding moes gee van die frekwensie van interaksie in amptelike hoedanigheid met lede van belangegroeppe. Sake-elites se persepsies oor hul eie toeganklikheid by besluitnemers is ook in 'n ongestruktureerde vraag ondersoek. Daar is egter in veel meer detail op hierdie aspek ingegaan deurdat sakeleiers nie net hul eie individuele toeganklikheid moes evalueer nie, maar ook dié van hul Afrikaans- en Engelssprekende eweknieë. Verklarings moes ook gebied word vir verskille in toegang, indien enige, tussen individue of tussen die twee taalgroeppe. Daarbenewens moes die sake-elite ook pertinent die toeganklikheid van onder meer die Staatspresident (ook dié van die vorige twee Eerste Ministers naamlik Verwoerd en Vorster) sowel as dié van die Kabinet en burokrasie evalueer.

'n Tweede kategorie vrae onder die breë tema invloed, het spesifiek oor die invloed van belangegroeppe gehandel. In hierdie verband is aan die regeringselite 'n aantal indirekte sowel as regstreekse gestruktureerde vrae gestel. In vraag 7 is respondente direk gevra hoe dikwels hul houding/s oor 'n vraagstuk of aangeleentheid deur 'n belangegroep beïnvloed is. Hulle moes aandui of dit "gereeld", "soms", "feitlik nooit", "nooit" is en of hulle onseker is.

Deur respondente in vraag 10 tussen vier stellings oor die rol van belangegroeppe te laat kies en nog 'n oop keuse te gee wat hulle self kon spesifiseer indien hulle nie met die stellings saamstem nie, kan hul persepsies van die invloed van belangegroeppe ook vasgestel word. Een van die stellings het onder meer gelui: "Belangegroeppe is in die algemeen oneffektief en waarskynlik onnodig". Hoewel vraag 3 spesifiek die terrein van invloed van belangegroeppe probeer vasstel (byvoorbeeld sosio-politieke of ekonomiese), kan ook afgelei word of belangegroeppe wel invloed het aangesien die opsie dat belangegroeppe geen invloed het nie, uitgeoefen kan word. Ook is ruimte vir 'n alternatiewe opsie wat nie gespesifiseer is nie gelaat. In vrae 6, 9a, b en c, 11 en 12 is gekyk na persepsies van invloed ten opsigte van spesifieke groepe op besluitneming. In vrae 9a, b en c wat ongestruktureerd is, moes aangedui word watter belangegroeppe die meeste invloed uitoefen in onderskeidelik ekonomiese beleidsformulering, beleidsformulering ten opsigte van maatskaplike

aangeleentheid en sosio-politieke beleidsformulering. In vraag 11 word spesifiek op die invloed van verskeie sakeorganisasies soos die FCI, ASSOCOM, die AHI en die Kamer van Mynwese gekonsentreer deurdat die invloed van elke organisasie geëvalueer word. Om vas te stel of by besluitnemers 'n neiging bestaan om Afrikaner-organisasies as die invloedrykste te beskou en organisasies soos die UDF en die SA Raad van Kerke as die teendeel te sien, word in vraag 12 twaalf organisasies genoem wat elk in terme van 'n skaal van " baie invloed" tot " baie min invloed" geëvalueer word.

Vrae aan die sake-elite in hierdie tweede kategorie oor invloed van belangegroepe was beperk tot die evaluering van hul persoonlike invloed asook dié van sakeorganisasies, individuele sakeleiers en 'n liggaam soos die Ekonomiese Adviesraad. Daarbenewens moes sake-elite onder meer aandui of politiek en ekonomie geskei kan word; op watter terreine hulle voel hul behoort hulself uit te spreek; ten opsigte van watter tipe vraagstuk hul invloedryk is en om watter redes.

'n Derde kategorie vrae oor invloed het betrekking gehad op die fases van openbare beleidsformulering. Regeringselite moes in gestruktureerde vrae (vrae 5.1 en 5.2) 'n raming gee van die mate van effektiwiteit of oneffektiwiteit van belangegroepe op die verskillende fases van beleidsformulering (sien ook afdeling 1.6.4) asook die wenslikheid dat sodanige groepe meer invloed op die genoemde fasette behoort uit te oefen. (Uit vraag 5.1 kan ook afgelei word of belangegroepe hoegenaamd invloed het aangesien een van die opsies wat uitgeoefen kon word in hierdie vraag "glad nie effektief" is.) Vrae op min of meer dieselfde trant is aan die sake-elite gevra met die uitsondering dat slegs die sakesektor onder bespreking was.

Veral die sake-elite se persepsies oor wie die belangrikste besluitnemers is en wie "gelobby" behoort te word met betrekking tot watter vraagstukke, is indringend ondersoek. Daarbenewens is vrae ook gevra oor die effektiefste steunwerwingsmetodes asook die redes daarvoor. Noodwendig is daar wat die regeringselite se persepsies betref, nie in soveel detail ingegaan nie. Wie deur die regeringselite self beskou word as die belangrikste besluitnemers kon uit vrae 1, 2 (waarin die frekwensie van interaksie bepaal word) en 8 (waarin in 'n gestruktureerde vraag respondente direk gevra is wie die meeste deur belangegroepe genader word) afgelei word. In vraag 4 moes regeringselite die relatiewe belangrikheid van verskillende steunwerwingstaktieke evalueer.

Die persepsies van die sake-elite is ten slotte oor 'n aantal addisionele aspekte ondersoek soos: die strydvrae in die verlede waarvoor hulle vertoë aan

beluitnemers gerig het, die sukses van sodanige vertoë, 'n identifisering van die dringendste kwessies op die ekonomiese en sosio-politieke agenda, hul standpunte daaroor, die redes waarom hulle aan bepaalde sakeorganisasies behoort, asook die funksies van die betrokke organisasies.

#### **2.4.4 Faktore wat die reaksie op posvraelyste beïnvloed**

'n Goeie reaksiekoers op posvraelyste verhoog uiteraard die geldigheid van die opname. Verskeie faktore wat 'n rol kan speel in die aantal vraelyste wat teruggestuur word, moet op ag geslaan word. Aan die hand van die faktore soos deur Bailey (1987 : 153-168) uiteengesit, word die pogings om 'n goeie reaksie in hierdie opname te verseker, kortliks bespreek.

##### **(i) Borgskap van die opname**

Die borgskap kan die gewilligheid van 'n respondent om 'n vraelys terug te stuur beïnvloed deurdat hy daardeur oortuig kan word van die bona fides van die navorser en waarde van die studie. Die borg se prestige of mag veroorsaak dat die respondent nie huiwerig is om te reageer nie. Navorsing wat geborg is deur 'n wetenskaplike navorsingsorganisasie, die regering, universiteite of ander bekende nie-winsgewende organisasies, verskaf legitimiteit en goeie reaksie word gewoonlik verkry. Onbekende- of handelondernemings verkry gewoonlik 'n swakker reaksie.

Hierdie projek is finansieel deur die RGN ondersteun wat duidelik in die dekbrieff genoem is. 'n Amptelike briefhoof van die Randse Afrikaanse Universiteit met die Departement Politieke Studies (navorser hier werksaam) is ook as verwysing gebruik. Beide instansies het dus waarskynlik 'n mate van prestige en geloofwaardigheid aan die projek verleen.

##### **(ii) Formaat van vraelys en aard van dekbrieff**

Groot sorg is aan die voorkoms van die vraelys bestee. Belangrik is dat dit nie ingewikkeld lyk nie en dus eenvoudig uitgelê moet wees. Die vraelys is van 'n dekbrieff vergesel waarin die doel van die navorsing uiteengesit is, die feit dat daar geen empiriese navorsing oor die onderwerp in die verlede gedoen is nie aangedui is en die finansiële steun van die RGN genoem is. Die belangrike bydrae van die respondent is sterk beklemtoon, asook die vertroulike aard van die vraelys. Daar is ook verwys na die nommer op die vraelys wat alleenlik aangebring is vir doeleindes van kostebesparing, sodat onnodige

korrespondensie nie gestuur hoef te word aan persone wat reeds hulle vraelyste na die eerste versending voltooi het nie. Oor die algemeen was die brief onpersoonlik.

(iii) **Beweegrede om vraelys te voltooi**

Volgens Bailey (1987 : 156) is die beste beweegrede om respondente te kry om die vraelys in te vul, om hulle te oortuig dat die studie die moeite werd is en dat sy/haar samewerking belangrik is, wat dan ook in die dekbrieff beklemtoon is.

Ander maniere om respondente aan te spoor om die vraelys in te vul, is deur 'n beloning aan te bied (geld of pryse). Weens die hoë status en inkomste van die respondente, asook die beperkte begroting van die navorsing, is hierdie tegniek nie oorweeg nie.

(iv) **Tipe posbesending**

'n Aantal studies het probeer bepaal wat die effek van faktore soos die tipe posgeld en koevert is op die terugsending van vraelyste. Daar is bevind dat gefrankeerde koeverte met posseëls 'n hoër reaksiekoers verseker as dié wat met 'n masjien gefrankeer word omdat ontvangers dikwels nie die seëls wil mors nie.

Aan die ander kant word posgeld op besigheidsantwoordkoeverte slegs betaal as dit terugontvang word. Dus word die weggooi van laasgenoemde tipe koevert nie as 'n vermorsing gesien nie (sien Hoinville, 1978 : 131-132 en Bailey, 1987 : 160-161). In hierdie opname is koeverte wat uitgestuur is, sowel as die ingeslote gefrankeerde koeverte van seëls voorsien.

(v) **Tyd van afsending van vraelys**

Dit is belangrik om by die uitsending van vraelyste in ag te neem dat dit nie voor of tydens skoolvakansies moet geskied nie. Die eerste vraelys is teen die einde van September 1987 uitgestuur, ongeveer twee weke voor die parlementêre reses en voor die kort Oktober-vakansie. Opvolgaksies is met inagneming van die Desember-vakansie beplan.

(vi) **Aard van opvolgwerk**

Daar bestaan algemene konsensus dat die reaksiekoers aansienlik vergroot kan

word deur opvolg vraelyste uit te stuur. Studies het getoon dat 'n eerste opvolgaksie ongeveer 20% verhoging in reaksie kan meebring, terwyl 'n tweede en derde opvolgaksie respektiewelik omtrent 12% en 10% terugsending kan meebring (Heberlein en Baumgartner, 1978 : 451). Volgens laasgenoemde skrywers het navorsing egter ook getoon dat daar nie 'n beduidende toename is in reaksie van 'n derde na 'n vierde opvolgaksie nie. In hierdie opname is dié tegniek met vrug gebruik. Die eerste vraelys wat uitgestuur is met 'n dekbrief, is met 'n tweede opgevolg met dieselfde dekbrief as die eerste. Dit is opgevolg met 'n derde vraelys en nuwe dekbrief waarin die respondent ernstig versoek is om die vraelys in te vul. Weer eens is beklemtoon dat die welslae van die navorsingsprogram van die terugbesorg van die vraelyste afhanklik is. Daar is ook genoem dat die projek binnekort afgesluit gaan word. Respondente is weer van die vertroulike aard van die vraelyste verseker en daar is bygevoeg dat die vraelyste in hierdie stadium nie meer genommer is nie. Heberlein en Baumgartner (1978 : 460) noem die moontlikheid dat genommerde vraelyste moontlik 'n laer reaksiekoers tot gevolg mag hê, maar dat daar nie voldoende bewyse daarvoor is nie. In hierdie opname kon ook nie afgelei word dat die genommerde vraelyste 'n inhiberende invloed gehad het nie, aangesien daar op die derde uitsending van vraelyste waarop geen nommers verskyn het nie, geen bo-gemiddelde reaksie was nie. Slegs twee respondente het ongenommerde vraelyste aangevra.

#### **2.4.5 Reaksiekoers op vraelyste**

'n Totale reaksie van 66,28% is op die vraelys behaal. 116 Respondente uit 'n proefgroep van 175 het op die vraelys gereageer terwyl 109 of 62,3% die vraelys voltooi het. Sewe respondente het redes aangevoer waarom die vraelys nie voltooi is nie. Insiggewend was die redes wat aangevoer is. Dit het gevarieer van 'n druk program asook die groot toename in die aantal versoeke om vraelyste te voltooi, tot by onbereidwilligheid om dit in te vul uit hoofde van die amp wat die respondent bekleed. Een respondent was meer eksplisiet in sy verduideliking in die sin dat hy nie bereid is om enige vraelys te voltooi wat politieke "binne"-inligting insluit nie, en dat hierdie vraelys grootliks vrae met so 'n strekking bevat het.

Die reaksie van die respondente wat die vraelys voltooi het word in die onderstaande tabel uiteengesit:

	<b>TOTAAL</b>	<b>REAKSIEKOERS</b>
	<b>(N)</b>	<b>(N)</b>
Parlementslede	91	51 (56,0%)
Presidentsraadslede	33	21 (63,5%)
Burokrate	51	37 (72,5%)
<b>TOTAAL</b>	<b>175</b>	<b>109</b>

Gemiddelde reaksiekoers 62,3%

Die effektiwiteit van opvolgaksies is in hierdie studie bevestig. Die aanvanklike vraelys het 'n reaksiekoers van 33,7% gelewer. Die opvolgaksie het die reaksie met ongeveer 23,0% na 57,0% verhoog en die laaste golf vraelyste en aanmaningsbrief het 'n verdere verhoging van 9,0% tot gevolg gehad.

Onderstaande tabel gee 'n uiteensetting van die totale reaksiekoers (oningerulde vraelyste ingesluit) van die proefgroep op elke opvolgaksie:

<b>Reaksie op</b>	<b>PROEFGROEP</b>	
	<b>Aantal</b>	<b>%</b>
	<b>(N+175)</b>	<b>(N+175)</b>
1e vraelys	59	33,71
2e vraelys	41	23,43
3e vraelys en aanmaningsbrief	16	9,14
<b>Totale Reaksie</b>	<b>116</b>	<b>66,28</b>

#### 2.4.6 Proefgroepsamestelling

Soos in afdeling 1.5.2 aangedui, word aanvaar dat die staat 'n verskeidenheid instellings en besluitnemers behels wat betrokke is by beleidsformulering en is daar uiteraard bepaalde instellings (byvoorbeeld departemente, komitees ens.) wie se werksaamhede direk of indirek vir die sakesektor van belang is. Hierdie werksaamhede behels onder meer die formulering en uitvoering van beleid wat 'n bepalende faktor vir die land se ekonomie is. Dit is dus vanselfsprekend dat die sakelui toegang tot bogenoemde prosesse wil hê ten einde invloed op

besluitneming te kan uitoefen. Besluitnemers aan staatskant het ook bepaalde persepsies van belangegroepe, onder meer die sakesektor. Die samestelling van die proefgroep sluit dus elite uit onderstaande groepe in:

**(i) Politici**

- Parlementslede
- Ministers en Adjunk-ministers
- Presidentsraadslede

Aangesien die regerende party vir besluitneming verantwoordelik is, was die Parlement- sowel as Presidentsraadslede wat in die proefgroep ingesluit was, lede van die Nasionale Party (NP). Slegs dié Parlementslede wat op die volgende staande komitees/gesamentlike komitees (sien afdeling 4.3.3) dien, is ingesluit:

- Staatkundige Aangeleenthede
- Privaatlede se Konsepwetsontwerpe
- Landbou- en Waterwese
- Staatkundige Ontwikkeling
- Onderwys
- Omgewingsake
- Finansies
- Gesondheid en Welsyn
- Mannekrag en Mineraal- en Energiesake
- Handel en Nywerheid
- Vervoer en Kommunikasie
- Grondwet

Nasionale Party-lede van ander staande komitees soos byvoorbeeld Pensioene, Openbare Rekeninge en die Kieswet, is nie ingesluit nie aangesien slegs dié staande komitees geselekteer is wat met die sakesektor verband kan hou.

**(ii) Burokrate**

Burokrate is saamgestel uit die volgende departemente:

- Kantoor van die Staatspresident
- Administrasie Volksraad
- Landbou en Watervoorsiening

- Onderwys en Kultuur
- Gesondheidsdienste en Welsyn
- Handel en Nywerheid
- Mineraal en Energiesake
- Finansies
- Doeane en Aksyns
- Landbou-ekonomie en -bemarking
- Mannekrag
- Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling
- Nasionale Opvoeding
- Omgewingsake
- Onderwys en Opleiding
- Ontwikkelingshulp
- Openbare Werke en Grondsake
- Ontwikkelingsbeplanning
- Staatskundige Beplanning
- S.A. Vervoerdienste
- Vervoer
- Waterwese
- Reserwebank

Omdat dit 'n elite-proefgroep is, is slegs die top amptenare in die betrokke departemente ingesluit, naamlik bekleërs van die volgende range:

- Direkteurs-generaal
- Hoofuitvoerende Direkteure
- Kommissarisse
- Sekretarisse
- Adjunk-direkteurs-generaal
- Hoofdirekteure
- Hoofde

## 2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die data-insamelingstegnieke bespreek wat gebruik is om die persepsies van regeringselite oor die rol van belangegroeppe, asook die Afrikaner-sakeleiers se persepsies oor die sakesektor se rol in beleidsformulering, vas te stel. Twee opnametegnieke, naamlik onderhoudvoering en posvraelyste is gebruik. Redes vir die gebruik van spesifiek dié metodes is verskaf. Daar is ook uitgewys dat sowel onderhoudvoering as

posvraelyste sekere voor- en nadele het. Die pogings wat aangewend is om hierdie nadele of probleme te beperk, is verder bespreek.

Dit moet egter onthou word dat data wat deur hierdie opnames ingesamel is, slegs 'n gedeelte uitmaak van die materiaal wat in die ontledings gebruik word. Sekondêre bronne is ook gebruik vir die inwin van inligting.

Dit is belangrik om die metode van data-versameling volledig te beskryf, nie omdat metode bo inhoud gestel word nie, maar omdat die betroubaarheid van die resultate afhanklik is van die betroubaarheid van die metingsprosedure.

Die resultate van hierdie navorsing word in hoofstuk 4 en 5 uiteengesit en bespreek.

## HOOFSTUK 3

### DIE OPKOMS, ROL EN STRUKTUUR VAN DIE AFRIKANER-SAKESEKTOR

#### 3.1 INLEIDING

In teenstelling met hoofstuk 1 wat die basiese aannames uiteensit waarop empiriese gegewens in hoofstukke 4 en 5 ontleed word, is die doel van hierdie hoofstuk om die historiese opkoms en agtergrond van die verskillende partye wat in hierdie studie ontleed word, en spesifiek die Afrikaner-sakesektor, kortliks te skets ten einde die studie in konteks te plaas.

Die beeld van die Afrikaner het oor die afgelope 60 jaar verander vanaf 'n oorwegend landbougroep tot dié van 'n moderne sakegemeenskap wat 'n voorste plek in die finansiële, industriële en handelswêreld inneem. Hierdie ontwikkeling van die Afrikaner-sakesektor is reeds in 1968 deur 'n Engelse dagblad beskryf as "one of the outstanding phenomena in the country's development" (Byvoegsel tot The Cape Argus : 28 Maart 1968). In hierdie hoofstuk word 'n bespreking van die ontwikkeling van dié sektor en sy betrokkenheid in die Suid-Afrikaanse ekonomie gegee. Die huidige prominente Afrikaner-sakeondernemings se ekonomiese belange en rol in die Suid-Afrikaanse samelewing geniet ook aandag.

Die Afrikaner-sakeman en sy geskiedkundige kruissnydende affiliasie met onder meer die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond is, soos reeds genoem, 'n belangrike motivering waarom in hierdie navorsing gekonsentreer word op die persepsies van veral die Afrikaner-sake-élite. Die agtergrond van die Afrikaner-sakeman se noue verbintenis met genoemde instellings is 'n verdere belangrike tema wat bespreek word. Nie net sal die bespreking lig op die agtergrond van die verhouding tussen die regering en die Afrikaner-sake-élite werp nie, maar dit sal ook bydra om die aard van die huidige verhouding en die kenmerke wat aan hierdie verhouding vorm gee, binne konteks te plaas. Teen hierdie agtergrond kan die invloed van die Afrikaner-sakeleiers in beleidsformulering uiteindelik bestudeer word. Afgesien van die noue verbintenis van Afrikaner-sakeleiers met die Nasionale Party, word die verhouding tussen die regering en die sakesektor onder die bewind van spesifiek Verwoerd en Vorster ook ontleed. Op grond van dié ontleding sal die belangrike veranderinge in die verhoudinge tussen die openbare en private sektore onder die Botha-bewind wat in hoofstuk 5 bespreek word, duideliker na vore tree.

Die ontwikkeling van die verhouding tussen die Engelssprekende- en Afrikaanssprekende sakesektore word vervolgens ontleed. Die klem sal veral op die veranderde verhouding tussen die twee sektore val. In dié verband word oorwegend op die sake-elites se onderskeie persepsies oor hierdie aangeleentheid staatgemaak, wat dan ook uiteindelik lig kan werp op hul onderskeie rolle in besluitneming. Ten slotte word aandag gegee aan die belangrikste verhoë tot verandering wat veral sedert die vroeë sewentigerjare deur beide Afrikaans- en Engelssprekende sakelui tot die regering gerig is.

### **3.2 DIE AFRIKANER-SAKESEKTOR IN DIE LITERATUUR**

Die opkoms van die Afrikaner-sakeman, sy verhouding met die Nasionale Party-regering, lidmaatskap van die N.G. Kerk en kultuurorganisasies soos die Afrikaner-Broederbond, word in verskeie belangrike werke bespreek.

Die doel van hierdie afdeling is om die ontwikkeling van die Afrikaner-sakesektor aan die hand van bestaande literatuur te bespreek. Dit is belangrik om in ag te neem dat die literatuur breedweg in twee kategorieë verdeel kan word. Aan die een kant dié wat hierdie ontwikkeling van die Afrikaner en sy gepaardgaande kulturele bande in terme van ras of etnisiteit (ofte wel etniese mobilisasie) interpreteer. Dit volg dan 'n sterk pluralistiese benadering. Aan die ander kant is daar diegene wat 'n klasse- of Marxistiese benadering toepas in die analisering van Afrikaner-nasionalisme.

Met etniese mobilisasie word bedoel "die proses waardeur blote partikuliere belange almal se belange of gemeenskaplike saak word. Hierdie saak word dan deur die gemobiliseerde groep aangeneem as 'n aanspraak wat hom regmatiglik toekom ..." (Adam, 1979 : 62). Wat die Afrikaner betref, is etniese mobilisasie deur rasse-eksklusiwiteit versterk. In die opkoms van Afrikaner-nasionalisme het etnisiteit en ras in gedurige wisselwerking met mekaar getree. Etnisiteit wat dan die psigologiese gevoel van samehorigheid versterk, word nie materieel getransformeer deur ekonomiese verandering nie. Die feit dat daar ryker en armer Afrikaners was, het nie skeuring onder die Afrikaners teweeggebring nie, aangesien kragte soos die taalvraagstuk en die weiering om vreemde oorheersing te aanvaar, sterker bindende kragte was as die moontlike middelpuntvlietende ekonomiese en klasseverskille. Daarbenewens word Afrikaner-nasionalisme sedert ongeveer die 1880's as 'n belangrike politieke krag beskou met 'n groot mate van kontinuïteit tot ten minste die skeuring van die Nasionale Party in 1982.

Wat hierdie benadering betref, is die werke van onder meer Du Plessis (1964), Solomon (1964), Sadie (1957 en 1975), Welsh (1974), Moodie (1975), De Klerk (1975), Giliomee en Adam (1981) en Giliomee (1987) belangrik. De Klerk en Moodie beklemtoon onder meer godsdiens as sentrale tema in die nasionalistiese ideologie van die Afrikaner. Vir De Klerk is Calvinisme byvoorbeeld die sleutel tot die Afrikaner (1975 : XIV). Die Afrikaner sien homself as "a separate nation called by God to create a new humanity" (De Klerk, 1975 : 233). Ook Moodie probeer die opkoms van die Afrikaner in terme van 'n burgerlike godsdiens verklaar waarin die Afrikaner glo dat hy 'n uitverkore volk met 'n sterk gevoel van geroepenheid is (Moodie, 1975 : 14-15). Aan die ander kant is daar ook diegene soos Du Toit (1983) wat die klem op Calvinisme kwalifiseer of temper.

Die tweede benadering naamlik dié van die Marxistiese skool reflekteer verskillende strominge in Marxistiese denke. Desnieteenstaande neem hulle almal Marx se dialektiek en historiese materialisme as hul vertrekpunt. Ook stem hulle ooreen met die algemene aanname dat die Suid-Afrikaanse samelewing slegs in die konteks van kapitaal-akkumulاسie en die klassestryd ontleed kan word. Die basiese argumente van hierdie "radikale" skool is reeds in hoofstuk 1 (1.5.2) bespreek. Wat egter in hierdie hoofstuk van belang is, is spesifiek die Marxistiese analise van die opkoms en mag van die Afrikaner-kapitaal en veral dan sy ekonomiese ontwikkeling. Die enigste neo-Marxistiese skrywer wat op 'n omvattende wyse hierdie historiese fenomeen analiseer, is O'Meara (1982 en 1983). Ander neo-Marxistiese skrywers soos Johnstone (1970), Trapido (1971), Legassick (1974), Bozzoli (1981), Marks en Trapido (1987), en Wolpe (1988) skryf in meer algemene terme oor die verhouding tussen ras en klas in Suid-Afrika of gee bloot O'Meara se interpretasie weer. Vir die doel van hierdie bespreking word slegs na die bydrae van O'Meara verwys.

O'Meara fokus op die periode 1934-1948 en konsentreer veral op die georkestreerde beweging wat in 1939 geïnisieer is vir die daarstelling van Afrikaner-kapitaal in die handel en die nywerheid, wat in daardie stadium deur die Engelssprekende gedomineer is. Hy bespreek Afrikaner-nasionalisme in terme van skuiwende klas-alliansies. Volgens hom is Afrikaner-nasionalisme "an historically specific, often surprisingly flexible, always highly fractured and differentiated response of various identifiable and changing class forces - in alliance - to the contradictions and struggles generated by the development of capitalism in South Africa" (O'Meara, 1983 : 16). Die doel van O'Meara is dus duidelik om die ontwikkeling van die sosiale struktuur in Suid-Afrika binne die proses van kapitaal-akkumulاسie en 'n klassestryd te plaas. Afrikaners, teen die begin van die eeu (of selfs teen 1934) was volgens hom, slegs 'n samevoeging

van individue wat toevallig dieselfde taal gepraat het. Etniese bewussyn was in werklikheid in die laat dertigerjare uitgedruk deur veral die 'petty bourgeoisie', wat 'n etniese strategie en ideologie gepropageer het in die nastrewing van hul eie behoeftes. Die ontwikkeling van kapitalisme voorsien die raamwerk waarbinne byvoorbeeld Afrikaner-nasionalisme ontwikkel het. Afrikaner-nasionalisme word dus nie as 'n ononderbroke beweging gesien nie. Malan se Gesuiwerde Nasionale Party van die 1930's verteenwoordig, byvoorbeeld, 'n radikale breuk met die verlede omdat hulle verskil het van Hertzog wat besluit het om openlik met die (Engelse) kapitaliste saam te werk (O'Meara, 1983 : 14). In die loop van die bespreking oor onder meer die opkoms van die Afrikaner-sakesektor en laasgenoemde se verhouding met byvoorbeeld die Nasionale Party, sal die gebreke van sommige van genoemde opvattinge uitgewys word.

Hierdie studie leun sterk op die etniese benadering in die opkoms van die Afrikaner-sakeman. Daar word egter toegegee dat sowel die etniese as klasbenaderings sekere beperkinge en tekortkominge het, waarop daar nie nou volledig ingegaan sal word nie. Slegs 'n paar van die belangrikste algemene besware teen die benaderings sal uitgelig word ten einde 'n regverdiging te gee waarom nie 'n enkele perspektief tot enigste verklaring verhef kan word nie, maar waarom die etniese benadering sterker figureer.

Die belangrikste kritiek teen die klassebenadering is dat dié benadering te dogmaties is om etniese ideologieë en strategieë behoorlik te verstaan. Hoewel daar heelwat waarde lê in die klasse-analise is die groot probleem dat die psigologiese dimensie van etnisiteit nie begryp word nie. Hoewel Afrikaners volgens Adam (1981 : 48) groot voordeel uit die sisteem trek, kan hul totale etniese verbondenheid nie eenvoudig tot 'n rasionalisasie vir ekonomiese uitbuiting gereduseer word nie. In hierdie verband sê Welsh (1983 : 981) "O'Meara's preoccupation with class leads him to underplay the autonomous force of Afrikaner ethnicity. Even where it meshed with class interests there was an analytically separable sense of identity which cannot be explained solely or even largely in class terms" (vir soortgelyke kritiek sien ook Yudelman, 1983 : 102-104 en Greenberg, 1983 : 107).

Die etniese perspektief het egter ook sekere tekortkominge. Waar O'Meara en die neo-Marxiste nie voldoende kan verklaar waarom Afrikaner etniese gebondenheid uiteindelik bo die klasseverdeeldheid binne die volk geseëvier het nie, neem die tradisionele en liberale skole nie kennis van die onbetwisbare ekonomiese belange wat die Afrikanerstryd gedien het nie. Die belangrike rol wat etnisiteit en ras in samelewings, en veral in die Suid-Afrikaanse samelewing speel, kan egter nie

ontken word nie (sien byvoorbeeld Lijphart, 1985). Wat ook van belang is, is dat ras en klas in Suid-Afrika mekaar oorvleuel. Die blanke ras en dan by implikasie die Afrikaner, kan homself handhaaf deur die feit dat hy 'n afsonderlike dominerende klas is (vir 'n volledige bespreking sien ook Greenberg, 1980 : 405-410). Soos Lipton (1985 : 11 ) tereg opmerk, bestaan daar 'n noue interaksie tussen klas en etnisiteit en "both ethnic/racial and class factors are therefore essential for understanding and predicting political behaviour" (Lipton, 1985 : 10 - 11).

### 3.3 DIE OPKOMS EN ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKANER-SAKESEKTOR

Hoewel die ekonomiese geskiedenis van 'n volk nou vervleg is met sy politieke, maatskaplike en kulturele geskiedenis, is die spesifieke fokus in hierdie betrokke afdeling die ekonomiese geskiedenis van die Afrikaner-sakesektor. In afdeling 3.5 hieronder, word die Afrikaner-sakeman se historiese verbintenis met veral die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond ontleed. Noodwendig sal daar 'n mate van oorvleueling in die twee besprekings wees aangesien 'n absolute skeiding nie moontlik is nie. Belangrik egter is dat daar wel 'n verskil in fokus is.

Die ontwikkeling van die Afrikaner in die sakewêreld kan slegs verstaan word teen die agtergrond van die algemene ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika. In hierdie verband moet egter duidelik gestel word dat daar uiteraard nie 'n omvattende bespreking van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie gegee kan word nie. Slegs aspekte wat belangrik is vir die doel van hierdie bespreking sal aandag geniet.

Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika word deur byvoorbeeld Schumann (1940) en Trapido (1971) in drie tydperke ingedeel: 1806-1869 wat die landbouperiode genoem kan word, 1870-1909 die mynbouperiode en sedert 1910 die fabrieks- of vervaardigingsperiode.

Die meeste koloniste aan die Kaap in die vroeë 19e eeu was in die boerderybedryf en was almal Afrikaners.<sup>1</sup> (Schumann, 1940 : 15). Die vernaamste takke van boerdery was wynbou, wat die belangrikste uitvoerprodukt was, graanbou asook veeteelt. Schumann (1940) wys daarop dat die sakelui in die Kolonie in dié tydperk oorwegend ook Afrikaanssprekend was. Na die tweede Britse besetting in

1. Hierdie was nie streng gesproke Afrikaners nie, maar die term word nietemin gebruik om dié groep van byvoorbeeld Hollandse, Duitse en Franse afkoms, te onderskei van die Engelssprekendes.

1806 het die situasie vinnig verander met Engelssprekende sakelui wat die oorheersende posisie in die handel en nywerheid ingeneem het. Hoewel landbou die kern van die ekonomie gevorm het, het daar sedert 1834 'n belangrike ekonomiese ontwikkeling plaasgevind, naamlik die oprigting van die eerste inheemse private banke, die Kaapse Distriksbanke. Van betekenis is dat hierdie banke in 'n groot mate gestig is met Afrikaner-ondernemingsgees en -kapitaal. In die periode 1836-1862 is nie minder nie as 31 van hierdie distriksbanke in die Kaapkolonie opgerig (Schumann, 1940 : 23-25). Die koms van die sogenaamde 'Imperiale' banke (banke met hul hoofkantoor in London en gefinansier met Britse kapitaal) wat 'n bewuste beleid gevolg het om die kleiner plaaslike banke te absorbeer, en teen wie dié banke moeilik kon wedywer, het veroorsaak dat teen 1892 net een van die 31 distriksbanke naamlik die Stellenbosse Distriksbank oorgebly het (Schumann, 1940 : 33-35). Dit sou eers baie jare later wees dat die Afrikaner 'n noemenswaardige aandeel gekry het in die bankwese van Suid-Afrika.

'n Verdere belangrike ontwikkeling in die periode 1806-1869 was die koms van die Spoorweë in die Kaap wat as privaatomernemings begin is. Die eerste spoorlyn van Kaapstad oor Stellenbosch na Wellington is in 1863 voltooi. Sover bekend, het die Afrikaner nie juis 'n beherende of besturende aandeel in hierdie nuwe vervoermiddel gehad nie, anders as by die ossewa en perdekar (Schumann, 1940 : 29).

Wat die Vrystaat en Transvaal betref, was daar tot en met die ontdekking van goud en diamante nie veel noemenswaardige ekonomiese ontwikkeling nie. Transvaal kry eers byvoorbeeld in 1888 sy eerste bank naamlik die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika. Afrikaner-boere wat sedert die Groot Trek in 1836 uit die Kaap hulle in Transvaal en die Vrystaat gevestig het, moes weer van vooraf hul boerdery op die been bring. Die ongeveer 7000 boere wat die binneland ingetrek het, verloor nie net aanraking met opvoedingsgeriewe en strominge van die tyd nie, maar strenge kompetisie van die mark-ekonomie ontbreek ook deurdat boere se hele produksiestelsel meer toegespits was op die behoeftes van die gesin. Hulle was dus hoegenaamd nie geskool in die nuwe kapitalisme wat later sou kom nie.

'n Nuwe fase in die ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika is betree met die ontdekking van diamante in 1867 en van goud in die 1890's. Die tydperk van ongeveer 1870 tot 1909 kan dan ook met reg die mynbouperiode genoem word. Die grootliks landelike bestaansekonomie in Suid-Afrika is omvorm in 'n industriële ekonomie wat deur buitelandse kapitaal gedomineer is. Buitengewone ekonomiese ontwikkeling was 'n verdere kenmerk van hierdie tydperk. Vanaf 1870

tot 1910 het die waarde van die totale uitvoere (vanweë die uitvoer van diamante en goud) byvoorbeeld 19 maal gestyg. 'n Duidelike struktuurverandering in die land se produksiestelsel het ingetree. Waar landbou- en veeteeltprodukte in 1868-70 nog 92% van die land se totale uitvoere uitgemaak het, styg die aandeel van diamante en goud in 1907-1909 tot 80% (Schumann, 1940 : 46-47).

Die Afrikaners in wie se hande die meeste landbougrond was, het feitlik geen behorende aandeel aan die diamant- en goudbedryf gehad nie. Nie net het hy nie die nodige belangstelling en tegniese vaardighede gehad nie, maar sou sodanige betrokkenheid ook groot kapitaalbelegging vereis waaroor hulle nie beskik het nie (Sadie, 1957 : 4-7). Alhoewel die ontstaan van die mynbedryf gelei het tot 'n groot aanvraag in landbouprodukte op die Witwatersrand, was daar feitlik geen reaksie van die produsente nie. Volgens Sadie (1957 : 8) was die tradisie van onderhoud- of bestaansboerdery moeilik om te breek. Sommige boere het ook hul grond aan spekuleerders verkoop. Diegene wat wel oorgeskakel het na kommersiële landbou het dit in 'n groot mate ten koste van grondvrugbaarheid gedoen.

Aan die begin van die twintigste eeu was baie van die Afrikaners in die landelike gebiede om verskeie redes gedwing om na die stede te verhuis. Van hierdie redes was die runderpes, verwoesting van gesaaides deur sprinkaanplae, die vernietiging van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en die depressie en gepaardgaande droogte van 1903 tot 1909. Die algemene indeks van landboupryse het byvoorbeeld gedaal van 172 in 1903 tot 116 in 1909 (Schumann, 1940 : 53). Die gebrek aan nywerheids- of beroepsopleiding en die wydverspreide neiging om sodanige opleiding met armoede te assosieer, het volgens Welsh (1974 : 25) die Afrikaners in die gelede van ongeskoolde arbeiders gedwing wat dan later in die armbankevraagstuk ontwikkel het.

Werkgeleenthede op die Witwatersrand vir dié Afrikaners uit die Transvaalse platteland (in die tydperk 1886-1906) by die grootste werkgewer van arbeider, naamlik die mynindustrie, was om drie redes beperk: Eerstens, vanweë die beskikbaarheid van meer en goedkoper swart arbeid; tweedens die dominasie en eksklusiwiteit van Britse immigrante mynwerkers wat hulself in 'n vakbond georganiseer het en, laastens die gebrek aan industriële vaardighede en dissipline by die Afrikaner (Van Onselen, 1982 : 114). Wat die handel betref, was die Afrikaners ook gekonfronteer met beperkings soos kompetisie van immigrante met groter handelondervinding, die belangrikheid van Engels as dominante taal en 'n gebrek aan kapitaal of kompenserende kredietooreenkomste met die groot handelshuise van die kus (Van Onselen, 1982 : 113). Die Afrikaners moes dus maniere vind om vir hulself werkgeleenthede te skep. Dit het gelei tot die opkoms

van klein stedelike Afrikaner-ondernemings veral in Johannesburg in die tydperk 1886-1906. Wyses waarop self werk geskep is, was deur transportry (van byvoorbeeld mynmasjinerie, steenkool en kos) veral voor die uitbreiding van spoorlyne na die kus, die instelling van kapkarre in die stede as vervoermiddel en kleinskaalse steenmakery (Van Onselen, 1982 : 113-120). Teen die middel van die 1890's was steenmakery volgens Van Onselen (1982 : 118), die derde grootste bedryf in die Transvaal naas mynbou en landbou. Die instelling van 'n elektriese tremstelsel in 1906 en die uitbreiding van spoorlyne het veroorsaak dat die meeste transportryers en kapkareienaars werkloos gelaat is. Die oprigting van moderne steenfabiëke deur groot Engelse maatskappye was sterk kompetisie vir die bestaande steenvervaardigers en het uiteindelik tot hul ondergang gelei. Vanweë gemeganiseerde produksietegniese kon die groot fabriëke stene goedkoper vervaardig en was hul tenders dus die laagste. Sodoende het hulle die grootste kontrakte gewen, selfs dié van die Departement van Openbare Werke van die ZAR. Tesame met die ineenstorting van die boubedryf teen die einde van 1905 kon die kleiner steenmakers nie meer 'n bestaan voer nie, en het hulle hul by die geleedere van die werkloses aangesluit (Van Onselen, 1982 : 121-124).

Nie net was die handel en nywerheid in die hande van nie-Afrikaners nie, maar het Engelssprekendes ook die staatsdiens en onderwys beheer. Teen 1910/1911 het die landbou en veeteelt slegs 22,9% bygedra tot die nasionale inkomste van Suid-Afrika in vergelyking met 28,6% deur die mynbou, 25% deur die handel, bankwese, assuransiewese en dienste en 16% deur die fabriëks- en transportwese. In die genoemde sektore (uitgesluit die landbou) het die Afrikaner feitlik geen beherende aandeel gehad of behou nie (Schumann, 1940 : 74).

Wat Afrikaner-identiteit in die twee genoemde tydperke (1806-1909) betref, wys Giliomee (1983b, : 45) daarop dat Afrikaners teen 1850 gesien kan word as 'n bepaalde etniese groep met dieselfde taal, kultuur en breë afkoms. Geen spesifieke etniese aansprake is egter voor 1870 deur hierdie groep gemaak nie. Ook Van Jaarsveld (1959) kom tot die gevolgtrekking dat alhoewel daar reeds voor die middel van die 19e eeu aanduidings bestaan het van die ontwikkeling van 'n groepsgevoel by Afrikaners, veral dié wat hulle in die Oranje Vrystaat gevestig het, 'n nasionale bewussyn eers tussen die jare 1868 en 1881 begin ontwikkel het. Die Britse anneksasies het etniese afkeur by Afrikaanssprekendes regoor Suid-Afrika gewek en lei in Transvaal tot wat genoem kan word etniese mobilisasie. Dit was veral die Anglo-Boereoorlog wat gelei het dat 'n definitiewe en doelbewuste nasionale bewussyn of strewe onder sowel die Kaapse Afrikaners as hul noordelike volksgenote sy ontstaan gehad het. Hierdie ontwikkeling was veral en hoofsaaklik die gevolg van die verengelsingsbeleid wat in die Kaapkolonie en in

die twee Noordelike Republieke van die Vrystaat en Transvaal gevolg is. Met Suid-Afrika se toetreding tot die Eerste Wêreldoorlog en die Rebelle van 1914/15 het die gevoel van nasionale bewussyn nuwe impetus en konkrete politieke organisasie verkry (Giliomee, 1983b : 46; Van Jaarsveld, 1978 : 24. Vergelyk ook die bespreking oor die stigting van Nasionale Pers hieronder). Teen hierdie agtergrond moet O'Meara se siening (afdeling 3.2) dat etniese bewussyn eers werklik in die laat dertigerjare uitdrukking gekry het, en dus nie 'n ononderbroke beweging was nie, op grond van die feit dat dit ahistories is, bevraagteken word.

Die periode sedert 1910 word ekonomies gekenmerk deur 'n buitengewone uitbreiding van die fabriekswese. Tussen 1916 en 1936 het die aantal fabriekke met 88% toegeneem en die bruto opbrengs het in dieselfde tyd 'n toename van 255% getoon. Teen 1934-1935 byvoorbeeld, was die netto-waarde van die nasionale produksie van die fabriekswese al hoër as dié van die mynwese (Schumann, 1940 : 87,113). Soos in al die ander sektore (uitgesluit die landbou) was Afrikaners tot in die vroeë veertigerjare (soos aangetoon sal word) feitlik uitsluitlik die werknemers. Verreweg die grootste gedeelte van die blanke werkers in die fabriekke was ook Afrikaners. Die snelle groei van die vervaardigingsbedryf was nie net kenmerkend van die vroeëre jare soos hierbo genoem nie, maar het tot laat in die sewentigerjare voortgeduur. Dié bedryf se aandeel in die Bruto Nasionale Produk het byvoorbeeld van 18% in 1950 tot 25% in 1979 gestyg. Terselfdertyd het die sektor aansienlik meer gediversifiseerd en gesofistikeerd geraak. Die kombinasie van kwantitatiewe groei en kwalitatiewe verandering het 'n aantal verreikende gevolge gehad, soos later aangetoon sal word (afdelings 3.4.1 en 3.6).

Om die opkoms van die Afrikaner-sakeman in perspektief te stel, is dit belangrik om ook enkele opmerkings oor die politieke situasie in die genoemde tydperk te maak. Toe die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot stand gekom het en generaal Louis Botha die Eerste Minister geword het, was blanke eenheid gesien as 'n belangrike doelstelling. Die eerste 13 jaar sedert Uniewording is gekenmerk deur die dominasie van die Engelssprekendes op die politieke sowel as die ekonomiese terreine. 'n Nuwe verhouding het veral tussen die mynindustrie en die regering bestaan.<sup>1</sup> Die kapitalistiese myneienaars het onder meer die ruggraat van die regerende Suid-Afrikaanse Party gevorm. 'n Verdere kenmerk van hierdie eerste

1. In 'n uitstaande werk deur Yudelman (1984) word die aard van die verhouding tussen die staat en mynkapitaal in die periode 1902-1939 as 'n simbiotiese verhouding tipeer. Aangesien Afrikaners geensins deel was van die mynkapitaliste in daardie stadium nie, en hierdie studie ook nie handel oor Afrikanerwerkers nie, val sodanige bespreking buite die raamwerk van hierdie studie.

13 jaar is die onderdrukkende wetgewing wat die ekonomiese posisie van die swartes ondermyn het, byvoorbeeld die Wet op Myne en Bedrywe van 1911 wat die basis gevorm het van die statutêre kleurskeidslyn in die myne, die 1912 Swart Arbeidswet (wat dit 'n oortreding gemaak het vir 'n swart mynwerker om sy dienskontrak te verbreek of vir enigiemand om hom te oorreed om sy kontrak vir 'n hoër loon elders te verbreek) en die 1913 Grond Wet.

Die politieke alliansie tussen die Engelse en Afrikaners was nie 'n algehele sukses nie. 'n Groep nasionaal georiënteerde Afrikaners het weggebreek en die Nasionale Party in 1914 gestig (vir 'n volledige bespreking sien afdeling 3.5.1). Die mynwerkersstaking van 1922 op die Rand was 'n belangrike terugslag vir die ekonomiese en politieke hegemonie van die Engelssprekende establishment deurdat die gewelddadige onderdrukking van die staking deur die Smutsregering onder meer gelei het tot die verkiesingsoorwinning van die Nasionale Party in koalisie met die Arbeidersparty in 1924. Met hierdie oorwinning het die ekonomiese filosofie van die regering verskuif van ekonomiese liberalisme (in alle aangeleenthede behalwe arbeid) tot ekonomiese nasionalisme in die vorm van toenemende staatsinmenging en 'n eksterne beskermingsbeleid waardeur 'n doelbewuste beleid van invoervervanging gevolg is, deur onder meer die instelling van aansienlik verhoogde invoertariewe (Terreblanche en Natrass, 1990 : 9). Die oprigting van Yskor in 1928 was nie net 'n verdere versterking van die vervaardigingsbedryf nie, maar het die betrokkenheid van die openbare sektor in die ekonomie verhoog.<sup>1</sup>

Die ander belangrike arm van die Pakt-regering se ekonomiese program was sy welsynstaatbeleid wat daarop gerig was om die armblanke (wat meestal Afrikaners was)<sup>2</sup> tegemoet te kom. Sleutelaspekte van hierdie beleid was onder meer: finansiële steun aan die boere, die versekering van goedkoop arbeid aan boere, die mynbou en fabriekswese asook die beskerming van blanke werkers van swart kompetisie op die arbeidsmark. Met die beleid van "beskaafde" arbeid het die staat in werkverskaffing voorkeur aan "beskaafde" persone bo "onbeskaafdes" verleen (vir 'n volledige uiteensetting sien Giliomee, 1981 : 112-116). Soos Johnstone (1976 : 167) dan ook opmerk, "the pendulum had thus come full circle.

1. Omdat staatskorporasies nie die fokus van hierdie navorsing is nie, word dié ondernemings se rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie nie ontleed nie. Daar word wel in afdeling 3.5.1.1 aandag gegee aan die wyses waarop hierdie korporasies tot voordeel van die Afrikaner-sakeman gestrek het.
2. 'n Omvattende bespreking van die armblankevraagstuk vorm nie deel van hierdie studie nie. Die relevansie van die vraagstuk met betrekking tot die etniese mobilisasie van die Afrikaner geniet wel aandag in die bespreking hieronder.

The state which in 1922 had served as the instrument for the repression of white workers, was now in the hands of their representatives, and implementing protectionist policies for them". Die mynindustrie is ook 'n slag toegedien met die statutêre instelling van werkreservering op die myne deur die Wet op Myne en Bedrywe van 1926. Volgens Frankel en Horwitz, soos aangehaal in Lipton (1985 : 114), het hierdie wet betekenisvol bygedra tot disinvestering in Suid-Afrikaanse myne van 1924 tot 1932. Nietemin het die rasse- en skeidingsbeleid in Suid-Afrika oor die algemeen die belange van mynkapitaal gedien (vergelyk byvoorbeeld Lipton, 1985; Yudelman, 1984; Johnstone, 1976 en Wilson, 1975).

Soos 1924, was 1933 'n verdere waterskeidingsjaar in die politieke ekonomie van Suid-Afrika. Vanweë hoofsaaklik ekonomiese redes (onder andere die groot depressie tussen 1928 en 1932), is Hertzog gedwing om met Smuts se Suid-Afrikaanse Party saam te smelt. Hierdie samesmelting het dit vir Smuts en die Engelse establishment moontlik gemaak om politieke en ekonomiese hegemonie te herwin totdat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het 'n verdere politieke en ekonomiese impak gehad. Die samesmeltingsregering stort in duie vanweë Smuts se aandrang dat Suid-Afrika hom aan die kant van Brittanje skaar teenoor Hertzog wat neutraal wou staan. Laasgenoemde het hom later by Malan se Gesuiwerde Nasionale Party aangesluit wat geweier het om "Brittanje se oorlog" te veg. Die Verenigde Party bly aan bewind tot in 1948. Teen bogenoemde politieke agtergrond word die ontwikkeling van die Afrikaner-sakesektor in dié tydperk bespreek.

Die ekonomiese posisie van die Afrikaner, veral in die Noorde, was soos hierbo uitgewys, teen 1910 nie baie rooskleurig nie. In die Suide waar die Afrikaners minder swaargekry het as in die Noorde is die inisiatief geneem om die eerste Afrikaner-ondernemings te stig.<sup>1</sup> Le Roux, (1953 : 119) druk die houdingsverandering wat op die stadium by Afrikaner-leiers posgevat het soos volg uit: die Afrikaners sal nie tot sy reg kom indien hy die "prooi van vreemde uitbuiting" bly nie. "Hy was niks, omdat hy niks besit het nie". "Die Afrikaner moes tot sy reg kom in die sakewêreld; hy moes ekonomies op sy eie bene kan staan, anders sou al sy vordering ten opsigte van godsdiens, kultuur, taal, onderwys en

---

1. Sien Giliomee (1987) vir 'n goeie ontleding van die ontwikkeling van Afrikaner-trustmaatskappye in die Wes-Kaap (1870-1915) en die wyse waarop die boere in dié gebied hul kapitaal in plaaslike finansiële instellings (soos in die trustmaatskappye en die Stellenbosse Distriksbank) gemobiliseer het teen "finansiële imperialisme", soos deur die Standard Bank verteenwoordig. Die inisiële akkumulاسie van Afrikaner-kapitaal in die Wes-Kaap het die grondslag gevorm vir die stigting van ondernemings soos Nasionale Pers.

politiek hom niks baat in sy stryd om homself te handhaaf as Afrikaner nie" (Le Roux, 1953 : 123).

Deur die inisiatief van 'n paar professionele Afrikaners en die finansiële steun van ryk boere in die Wes-Kaap is Nasionale Pers, wat Die Burger gepubliseer het, in 1915 gestig. Die primêre rede vir die oprigting van Nasionale Pers was nie 'n sakeoorweging nie, maar wel 'n politieke en kulturele oorweging. Die persgroep is gebore uit 'n kragtige opwelling van Afrikaner-nasionalisme wat grotendeels uit twee terugslae voortgespruit het: die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog in 1902 deur die Vrede van Vereeniging en die nadraai van die mislukte Rebelle, wat Afrikaners verder verneder het. Die polarisasie tussen Boer en Brit is nie beëindig nie, intendeel, die 'blanke burgeroorlog' is aan die ekonomiese, die kulturele en die politieke fronte voortgesit (Muller, 1990 : 19).<sup>1</sup>

In die Kaapkolonie het Afrikaners byvoorbeeld 'n boikot van Britte en Britse goedere georganiseer. Op die kulturele terrein het Kaaplandse Afrikaners hul eie, eksklusiewe nasionale organisasies opgerig wat afsonderlik van imperialistiese organisasies moes bly voortbestaan. Na Hertzog se breuk met Botha en die stigting van die Nasionale Party in 1914, het Hertzog-ondersteuners ofte wel Afrikaner-nasionaliste, wat hoofsaaklik deur professionele groepe soos advokate, predikante, geneeshere en prokureurs aangevoer is, besef dat dit nodig geword het om nuwe organe in die lewe te roep om hul politieke standpunte na kiesers uit te dra. Sodanige organe sou 'n dubbele nut kon hê: om meer Hertzog-ondersteuners in die Volksraad en ander regeringsliggame verkies te kry, en om die Afrikaanse taal, letterkunde en kultuur tegelyk te laat opbloei. Dit sou moes geskied deur middel van 'n nuwe Afrikaner-persmaatskappy (Muller, 1990 : 19-33).

Muller (1990) wys daarop dat as sakeonderneming De Burger nooit die lig moes gesien het nie. Tot in 1915 het geen Hollandse dagblad in Suid-Afrika langer as 'n jaar bly lewe nie. Dit was aan die begin van die Eerste Wêreldoorlog en omstandighede in Suid-Afrika was uiters ongunstig vir die stigting van 'n dagblad. Daar was te stadige verbindings, snelle kostestygings, min koopkrag en te min lesers. Verder was daar Krygswet en sensuur. Koerante is in hierdie tyd gestaak en is nie gestig nie. Daarbenewens was die Kaapse Skiereiland polities veels te vyandig vir die oprigting van 'n Nasionale koerant wat Generaal Hertzog se politiek

---

1. Muller (1990) se Sonop in die Suide is 'n uitmuntende werk waarin die geskiedenis van Nasionale Pers (1915-1948) ontleed word. Hierdie studie is geen amptelike maatskappygeskiedenis en verteenwoordig nie die siening van Nasionale Pers se direksie nie. Daarbenewens is dit geen huldingingsgedenkskrif nie, maar 'n akademiese verantwoordbare werk deur 'n vooraanstaande historikus.

wou steun. Die stigters van Nasionale Pers was dus bereid om aansienlike risiko's te loop. Vir hulle was dit nie net die stigting van nog 'n Hollands-Afrikaanse koerant nie, dit was die begin van 'n nuwe tydperk waarin die "Afrikanervolk met sy taal, letterkunde, kuns en wetenskap hom kon uitleef tot sy volle potensiaal, 'n tydperk wat 'n ware Renaissance van die Afrikaner se lewe sou bring" (Muller, 1990 : 50). Deur die drukpers moes "Jong Suid-Afrika" dan reg opgevoed word om later die fakkel van Nasionale Afrikanerskap oor te neem. Deur 'n "Nasionale Pers" - so het die Bolandse stigters gemeen, sou ver op daardie pad gevorder kon word (Muller, 1990 : 78). Bogenoemde redes wat gelei het tot die stigting van Nasionale Pers weerspieël duidelik die feit dat Britse oorheersing 'n belangrike impetus was vir die ontwikkeling van 'n etniese bewussyn wat onder meer gemanifesteer het in die stigting van 'n 'Nasionalistiese' persgroep.

Benewens De Burger het Nasionale Pers ook twee tydskrifte naamlik De Huisgenoot (1916) en Landbouweekblad (1918) tweeweekliks uitgegee. 'n Dagblad Het Volk (1917) is in Bloemfontein uitgegee en in 1918 is De Afrikaner, 'n halfweekse koerant in Pietermaritzburg oorgeneem, maar dit moes weens aansienlike finansiële verliese na sewe jaar verkoop. Daarbenewens was Nasionale Pers die uitgewers van talle Afrikaanse boeke. Byna alle belangrike Afrikaanse skrywers het by die persgroep gepubliseer. Die volkskrywers Langenhoven, Malherbe, Preller en Sangiro het 'n groot bydrae gelewer tot die maatskappy se winsgewendheid in die twintiger- en dertigerjare (Muller, 1990).

Die Helpmeakaarfonds (geld wat aanvanklik ingesamel is om die boetes van veroordeeldes tydens die Rebellie te betaal), het gehelp in die totstandkoming van die versekeringsmaatskappye Sanlam en Santam in 1918. Hierdie ondernemings het tot stand gekom as integrale deel van die Afrikaner-nasionalistiese beweging in die Kaap. In die woorde van Le Roux (1953 : 125) : "En uit die gesamentlike inwerking van die ontwaakte nasionalisme, die Helpmeakaar en die Cradockse kongres, almal gerugsteun en vertolk deur De Burger en die Nasionale Party, is gebore daardie simbool van oorwinning in die sakewêreld van Suid-Afrika - SANTAM en SANLAM - met sy gepaste en insiggewende leuse 'Uit die volk gebore om die volk te dien'".

Die integrasie van al hierdie Afrikaner-instellings is verder beklemtoon deur die posisie van WA Hofmeyr as stigter en eerste organiserende-sekretaris van die Kaapse Nasionale Party, mede-stigter, hoofbestuurder en eerste voorsitter van Nasionale Pers, en stigter en voorsitter van beide Santam en Sanlam (sien Le Roux, 1953). Die beroep op Afrikanersentiment was kenmerkend van hierdie ondernemings. Dit is duidelik geïllustreer in Sanlam se voorsittersrede in 1921 :

"SANLAM is 'n eg Afrikaanse volksinrigting in die wydste sin van die woord. As Afrikaner sal u natuurlik voorkeur gee aan 'n Afrikaanse inrigting. Ek wil polishouers hier net daaraan herinner dat ons besig is om aan jonge Afrikaners werk te verskaf en hul op te lei in assuransiewese. Hiermee meen ons 'n groot diens aan Suid-Afrika te bewys" (Bezuidenhout, 1969 : 28). Sanlam het ook die 1938-eeufeesviering gebruik om die nasionale karakter van die enigste Afrikaanse lewensversekeringsmaatskappy te beklemtoon en om die organisasie se solidariteit met die Afrikaner-volk te bewys. 'n Advertensie is byvoorbeeld in Die Huisgenoot van 10 Desember 1938 geplaas waarin sterk klem gelê is op SANLAM se Afrikaanse karakter en Afrikanersentiment. In 'n raam waarop telkens die woorde, "SANLAM - die trots van die Afrikanervolk" voorkom, het die volgende gestaan: "SANLAM - 'n waardige kind van die Voortrekkergees - gebore uit 'n volksbehoefte om die Afrikaner in sy eie gees te dien en 'n besigheidsopleiding te verskaf aan Afrikanerseuns. Die vooruitgang van SANLAM in die korte tyd van 20 jaar is 'n prestasie van die Afrikanervolk, wat in sy sukses aansporing en besieling vind om ook in ander afdelings van die sakewêreld te presteer" (Koen, 1986 : 286, 295).

In hierdie stadium was die situasie in die Vrystaat en Transvaal baie verskillend. Die finansiële instellings wat wel bestaan het soos die Suid-Afrikaanse Spaar- en Voorskot Bank Bpk. (SASBANK), en 'n begrafnisonderneming, Afrikaanse Verbond Begrafnisonderneming Beperk (AVBOB), wat in 1921 gestig is, was baie klein. Van belang was die stigting van Volkskas in 1934. In 1941 het dit as handelsbank begin funksioneer. Ander ontwikkelinge in die Noorde wat vir die jare 1936-1937 aangetoon kan word, is die stigting van Uniewinkels in Pretoria, Sonop in Bloemfontein en die Voortrekkerpers in Johannesburg, wat Die Transvaler as dagblad begin uitgee het. Voortrekkerpers is gestig op inisiatief van Kaaplandse Nasionale leiers onder meer DF Malan en WA Hofmeyr. In die laat dertigerjare is ook 'n Afrikaanse klerefabriek aan die Rand opgerig naamlik Volkshemde- en Klerefabriek (die latere VEKA). (Vir 'n volledige oorsig van die stigting van Afrikaner-sakeondernemings sien Du Plessis, 1964).

'n Aantal faktore het gelei tot die begin van 'n strategie van etniese mobilisasie deur Afrikaner-sake- en kulturele elites om die ekonomiese posisie van die Afrikaner te verbeter (Giliomee, 1981 : 116) : die armblankevraagstuk van die 1930's wat groot klasseverskille onder Afrikaners veroorsaak het en die groot gaping in rykdom en status tussen wit en swart, sowel as tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Aan die spits van die beweging van etniese mobilisasie was die Afrikaner-Broederbond (sien afdeling 3.5.2 vir 'n volledige bespreking oor die Broederbond) wat in 1939 deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge

(FAK), die eerste Ekonomiese Volkskongres gehou. Die doel hiervan was, in Du Plessis (1964 :95) se woorde, "om die ekonomiese posisie van die Afrikaner in oënskou te neem en aan die volk 'n grondige uitgewerkte ekonomiese reddingskema vir steun voor te lê". Die hooftema van die kongres was dan om 'n eie volkskapitalisme te ontwikkel. Tot in hierdie stadium, is gemeen, het die Afrikaner die "ingevoerde kapitalistiese stelsel" aanvaar. Diegene wat nie hierby kon aanpas nie, het uitgesak tot armlankedom. Maar soos L J du Plessis (in Du Plessis 1964 : 104) dit stel, het die volk "in sy selfbewuswording ook hiervan bewus geword en die nuwe ekonomiese volksbeweging stel hom ten doel om hierdie proses om te keer, om nie verder toe te laat dat die Afrikaanse volk verwoes word in 'n poging om hom aan te pas by 'n uitheemse kapitalistiese stelsel nie, maar om die volk te mobiliseer tot verowering van dié uitheemse stelsel om dit om te skep en aan te pas aan ons volksaard". Hierdie volkskapitalisme sou beteken die versameling en organisasie van Afrikaner-kapitaal deur beleggings in Afrikaner-ondernemings en om by mede-Afrikaners te koop. Die doel van hierdie ekonomiese volksbeweging was nie bloot vir persoonlike verryking of seksionele bevoorregting nie, maar om werklik 'n fundamentele verbetering in die posisie van die armlankes te bewerkstellig. "Die doel van ons ekonomiese strewe is dus nasionaal, ja selfs Christelik-nasionaal, as staande teenoor persoonlik en seksioneel. Ons wil as georganiseerde Afrikanerdom bewus deelneem in die ekonomiese ontwikkeling van ons land, natuurlik ook om ons eie behoorlike lewensbestaan te verseker, maar veral om ons volk tot welvaart te herstel en hom so te bekwaam om sy God-gegewe roeping te vervul" (L J du Plessis in du Plessis 1964 : 104).

Volgens O'Meara (1983 : 59-77) is die Nasionalistiese beweging van die dertigerjare ideologies radikaal deur die 'petty bourgeoisie' van die Afrikaners in die Noorde verander. Laasgenoemde het die Afrikaner-kultuur gepolitiseer, en effektief Hertzog se 'ideologiese hegemonie' uitgedaag deur 'n eksklusiewe siening van Afrikanerskap en 'n magtige Christelik-Nasionale ideologie te ontwikkel. Ook is beheer verkry oor die instellings waardeur laasgenoemde versprei is. Hierdie siening van O'Meara kan egter ernstig bevraagteken word. Daar kan op gewys word dat watter datum ook al as vertrekpunt van Afrikaner-nasionalisme geneem word - 1902 of 1910 - daar eerder sprake is van kontinuïteit as diskontinuïteit van die basiese ideologie. Afrikaner-kultuur was van die begin af, soos hierbo ook uitgewys, 'n politieke vraagstuk en het nie verpolitiseer geraak slegs in die 1930's nie (vergelyk ook Giliomee, 1983b : 46; en Muller, 1990). Wat die ideologie van die nasionale beweging betref, bestaan daar reeds sedert die einde van die 19e eeu en die begin van die 20ste eeu algemene opvattinge soos die Calvinistiese idees oor soewereiniteit in eie kring en Goddelike uitverkore volke (sien Loubser,

1987 : 16-26). Christelik Nasionalisme was dus slegs 'n verdere uitbreiding van genoemde idees. Die neiging om die Afrikaner-nasionalistiese ideologie en die propagering van 'n etniese strategie te sien as suiwer die skepping van die 'petty bourgeoisie' moet dus verwerp word. So belangrik soos hulle idees was, was die sentimente en mites waarop hulle hul kon beroep. Tereg wys Giliomee (1983b, : 47) daarop dat "The Afrikaner nasionalist movement had not only its roots in the Afrikaner' economic condition but also their status needs, which demanded political autonomy and due recognition of their language".

Die Ekonomiese Volkskongres van 1939 het gelei tot die stigting van die Ekonomiese Instituut, Die Reddingsdaadbond en die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI). Die Ekonomiese Instituut was verantwoordelik vir die algehele beplanning van die ekonomiese opheffing van die Afrikaner. Die Reddingsdaadbond,<sup>1</sup> op sy beurt, was verantwoordelik vir die insameling van fondse vir belegging in Afrikaner-ondernemings en die organisering van die spaar- en koopkrag van die Afrikaner. Giliomee (1981 : 118) wys daarop dat hoewel die kongres van 1939 oorspronklik belê is om 'n "reddingsdaad"-aksie ten opsigte van die 300,000 armbankes te onderneem, slegs tien persent van die Reddingsdaadbondfondse aan 'n bystandsfonds vir armes toegewys is. Die oorblywende fondse is onder meer belê in Afrikaner-ondernemings, veral in Federale Volksbeleggings wat in 1940 gestig is. Volgens Du Plessis (1964 : 193) het die Reddingsdaadbond vanaf 1940 tot 1950 ongeveer 183,000 Pond in ontvangs geneem. Daarvan het 58,545 Pond aan aandelebeleggings en 19,000 Pond aan studieleninge gegaan. Bestedings en skenkings het 45,000 Pond bedra. Die enkele grootste belegging (36,050 Pond - ongeveer 60% van die aandelebeleggings) is in Federale Volksbeleggings gemaak. 'n Verdere 20% van die aandelebeleggings (ongeveer 11,250 Pond) is in Sanlam, Santam en Volkskas belê, terwyl die oorblywende 20% gebruik is vir korttermynlenings aan Afrikaners (Moodie, 1975 : 205).

Die Afrikaanse Handelsinstituut, aan die ander kant, moes aan die Afrikaner-sakeman opleiding en leiding verskaf en groter kontak en samewerking tussen Afrikaner-sakemane bewerkstellig.

Die stigting in 1940 van Federale Volksbeleggings (FVB), 'n finansieringsmaatskappy, was 'n belangrike gebeurtenis wat op die Ekonomiese Volkskongres van 1939 gevolg het. Sanlam het die inisiatief geneem in hierdie stigting en ook 50% van die kumulatiewe voorkeuraandele gekoop. Federale

1. Sien byvoorbeeld Du Plessis, 1964 : 191-197); Pelzer, 1979 : 126-129 en O'Meara, 1983 : 137-143 vir 'n samevatting van die rol van die Reddingsdaadbond.

**TABEL 3.1**  
**OMSET VAN AFRIKANER-ONDERNEMINGS 1938/1939**

TIPE	AANTAL	OMSET IN MILJOEN POND	MARKAANDEEL %
Handel	2 428	28	8
Vervaardiging	1 239	6	3
Finansies	40	27	5
Mynwese	3	1	1
<b>TOTAAL</b>	<b>3 710</b>	<b>61</b>	<b>5</b>

**TABEL 3.2**  
**OMSET VAN AFRIKANER-ONDERNEMINGS 1948-1949**

TIPE	AANTAL	OMSET IN MILJOEN POND	MARKAANDEEL %
Handel	9 585	203,7	25
Vervaardiging	3 385	43,6	6
Finansies	68	74,4	6
Mynwese	9	1,0	1
<b>TOTAAL</b>	<b>13 047</b>	<b>322,5</b>	<b>11</b>

(Volkshandel : September 1950 )

Die opname hierbo deur die Afrikaanse Handelsinstituut toon dat die aandeel van die Afrikaner in die land se sakelewe in 1948/1949 in terme van omset ongeveer 11% was in vergelyking met sowat 5% in 1938/1939. In absolute terme het daar in alle sektore behalwe die mynbou 'n vinnige uitbreiding van Afrikaner-ondernemings plaasgevind. Die mees dramatiese groei was in die handelsektor. Teen 1949 het Afrikaners 'n groter aandeel in die totale omset in die handel gehad as in enige ander sektor behalwe landbou. Die meerderheid van ondernemings was klein en het hoofsaaklik bestaan uit motor- en algemene handelaars (Volkshandel, September 1950 : 39).

Van belang is dat die 276 handelskoöperasies<sup>1</sup> wat ingesluit is in die totale aantal Afrikaner-handelondernemings in 1949, 40,3% uitgemaak het van die totale markaandeel van die Afrikaners in die handel. Dit gee 'n aanduiding van die grootte van die oorblywende ondernemings. Sien tabel 3.3 hieronder.

**TABEL 3.3**  
**1949 - AFRIKAANSE HANDELSSEKTOR**

	AANTAL	OMSET IN MILJOEN POND
Totaal	9 585	203,7
Koöperasies	275	81,1
Res	9 310	122,6

(Volkshandel, September 1950 : 39)

Ten spyte van die verdubbeling van die persentasie aandeel van Afrikaner-ondernemings in tien jaar, het hulle egter steeds slegs 'n tiende van die sakelewe in Suid-Afrika uitgemaak.

'n Tweede Ekonomiese Kongres is in 1950 gehou vir 'n terugblik op die Ekonomiese Beweging. Hierdie Kongres was gekenmerk deur 'n veel meer positiewe gees as die eerste. In sy openingsrede het DF Malan gesê: "Waarlik die Afrikaner hoef vandag nie meer met 'n minderwaardigheidsgevoel behep, in skaamte sy hoof te laat sak nie" (Verslag van die Tweede Ekonomiese Volkskongres, 1950 : 15). Die doelstellings van die eerste Ekonomiese Kongres is in beginsel bereik: "... die reddingswerk is gedoen, die armblankevraagstuk bestaan nie meer en die Afrikanerdom is gevestig op die belangrikste sleutelpunte in die stedelike verkeer".

Die vyftiger- en sestigerjare is gekenmerk deur volgehoue vooruitgang van Afrikaners in die handel, nywerheid en mynbou. Wat die motornywerheid byvoorbeeld betref, het dr Albert Wessels (voorheen bestuurder van VEKA) in 1961 die verkoopregte van Toyota in Suid-Afrika van die Japannese bekom. Tot in 1965, is Toyota Suid-Afrika deur die Suid-Afrikaanse regering toegelaat om slegs

1. Vir 'n volledige uiteensetting van die ontwikkeling van verbruikerskoöperasies sien Du Plessis, 1964 : 219-220.

handelsvoertuie in te voer en ook later hier te monteer. Sedertdien is toestemming verleen om ook passasiersmotors in Suid-Afrika te vervaardig. Dié maatskappy se eerste passasiersmotor het in 1966 op die mark verskyn. Aan die einde van 1968 het Toyota Suid-Afrika reeds 22,3% van die handelsvoertuigmark in Suid-Afrika verower en 3,6% van die passasiersmark. Die maatskappy is dan ook in 1968 deur die Sunday Times en Financial Gazette bekroon as die "Maatskappy van die Jaar", met die hoogste opbrengs op aandeelhoudersbelang onder die 100 grootste maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer was. Waar Toyota Suid-Afrika die tweede grootste motormaatkappy in Suid-Afrika in 1971 was, is dit tans die grootste. Sedert 1979 het sy aandeel in die totale motormark van Suid-Afrika byvoorbeeld vanaf 13% na 27,9% in 1985 gestyg. Gedurende sy 28 jarige bestaan, is die maatskappy sewe maal deur die finansiële pers aangewys as die maatskappy met die hoogste verdienste op aandeelkapitaal en die grootste jaarlikse winstoename (Wessels, 1987 : 105-149).

Na feitlik 'n eeu van die mynwese in Suid-Afrika het die Afrikaner sy toetrede in hierdie bedryf as entrepreneur in 1963 gemaak met die stigting van Federale Mynbou deur die samevoeging van Federale Volksbeleggings en Bonuskor se mynbelange. Sanlam het 'n groot aandeelhouer geword. In 1964 het Federale Mynbou, General Mining en Finance Corporation van Anglo American Corporation oorgeneem (sien ook bespreking op pp.121/122 en 146). In 1976 het Federale Mynbou en sy filiaal General Mining beheer verkry oor Union Corporation wat dit toe die derde grootste van Suid-Afrika se mynhuise gemaak het.<sup>1</sup> Met hierdie oorname het, volgens 'n geheime studiestuk van die Afrikaner-Broederbond, 30% van Suid-Afrikaanse goudmyne onder Afrikaner-beheer gekom. Daarby word ook in hierdie dokument beweer dat meer as 30% van die uraan-, 40% van die platina-, 35% van die steenkool-, 50% van die asbes- en 40% van die chroombelange in Suid-Afrika onder Afrikaner-beheer is. As Yskor, SA Manganese en Mankor beskou word as Afrikaner-ondernemings, soos daar wel beweer word, is die oorweldigende aandeel van alle mangaan- en ysterertsmyne onder Afrikaner-beheer (Giliomee, 1981 : 131).

In die volgende tabel word die Afrikaner se aandeel in die private sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die entrepreneursfunksie van 1938-1975 uiteengesit.

---

1. In afdeling 3.6 word aandag geskenk aan die samesmeltings en alliansies wat tussen Engelse en Afrikaner-kapitaal plaasgevind het. Hier is slegs verwys na die oorname in die mynbedryf aangesien dit uiteindelik vir die Afrikaner 'n vastrapplek in die mynwese gegee het.

**TABEL 3.4**  
**AFRIKANER SE AANDEEL IN DIE PRIVATE SEKTOR**

SEKTOR	1938-39 %	1948-49 %	1954-55 %	1963-64 %	1975 %
Landbou, Bosbou, Visserye	87,0	85,0	84,0	83,0	82,0
Mynwese	1,0	1,0	1,0	10,0	18,0
Vervaardiging en Konstruksie	3,0	6,0	6,0	10,0	15,0
Handel en Nywer- heid	8,0	25,0	26,0	24,0	16,0
Vervoer	-	9,0	14,0	14,0	15,0
Drank en Diens- inrigtings	-	20,0	30,0	30,0	35,0
Professies	-	16,0	20,0	27,0	38,0
Finansiewese	5,0	6,0	10,0	21,0	25,0
Diverse	-	27,0	35,0	36,0	45,0
<b>GEMIDDELD</b>		24,8	25,4	26,9	27,5
<b>UITSLUITENDE LANBOU</b>		9,6	13,4	18,0	20,8

(Giliomee, 1981 : 132)

As gekyk word na die Afrikaner se aandeel in die totale privaatsektor blyk dit dat hul aandeel nie veel sedert 1948 verander het nie omdat die bydrae van die Afrikaner-beheerde landbousektor tot die Bruto Binnelandse Produk heelwat afgeneem het (Giliomee, 1981 : 133). Neem 'n mens egter die privaatsektor uitgeslote die landbou in ag, blyk dit dat die Afrikaner-aandeel tussen 1948/49 en 1975 met 20,8 persent vermeerder het. In 'n breë perspektief gesien, is hierdie vernouing van die gaping deur 'n minder-ontwikkelde gedeelte van die blanke bevolking inderdaad 'n uitsonderlike prestasie.

### 3.4 PROMINENTE AFRIKANER-SAKEONDERNEMINGS

Teen die agtergrond van die historiese uiteensetting hierbo van die opkoms en ontwikkeling van die Afrikaner-sakesektor en sy aandeel in die private sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie tot in die middel van die sewentigerjare, word in hierdie afdeling aandag geskenk aan die Afrikaner-ondernemings wat tans 'n prominente posisie beklee, nie net in Afrikaner-sakegeledere nie, maar ook in die Suid-Afrikaanse sakewêreld as geheel. In hierdie oorsig word aangedui hoe die onderskeie ondernemings met aanvanklik baie beperkte en gefokusde belange tans 'n aandeel in feitlik elke aspek of bedryf van die Suid-Afrikaanse ekonomie

het (sien bv. diagram 3.4.1 op p.112). Die verweefdheid van dié ondernemings asook die mate waarin hulle ineengestremel is met die Engelse sakesektor, word ook uitgewys. Die feit dat 'n groot aantal van die sake-elites met wie onderhoude gevoer is uit dié maatskappye of hul filiale kom, dra verder by tot die relevansie van hierdie bespreking.

Onder die begrip Afrikaner-ondernemings word verstaan die Afrikaner-maatskappye en instellings wat in die periode 1915-1948 gestig is en wat deel gevorm het van die ekonomiese ontwikkelingsproses van die Afrikaner (sien afdelings 1.6.1 en 3.3). Hoewel daar nie meer sprake is van suiwer Afrikaner-ondernemings in die sin van geen anderstalige betrokkenheid in terme van aandeelhouders of filiale, kliënte of personeel nie, is die beheer van hierdie ondernemings nog Afrikaanssprekend deurdat die meerderheid, indien nie almal op die direksie nie, sowel as die voorsitter en besturende direkteur, steeds Afrikaners is, soos aangetoon sal word. Die kriterium wat dus gebruik word om te onderskei tussen Afrikaans- en Engelssprekende maatskappye is of die meerderheid op die direksie (of hoofbestuur) sowel as die uitvoerende hoof, Engels- of Afrikaanssprekend is.

Hierdie Afrikaner-ondernemings en hul filiaal maatskappye wat in die vroeë jare van hul stigting die leidende rol in die Afrikaner-sakelewe gespeel het, is vandag steeds die leiers in die Afrikaner-sakesektor en twee van hierdie ondernemings, naamlik Sanlam en Rembrandt, oorheers saam met vyf Engelssprekende groepe die Johannesburgse Effektebeurs. In 1983 is bereken dat sewe konglomerate 80% van die waarde van die R90 biljoen se aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, beheer. Hierdie sewe is die Anglo American Corporation (wat 56% van die totale aandele beheer het), die Sanlamgroep (met 9,4% aandele), Barlow Rand (7,4%), Anglovaal (3,2%), Rembrandt (2,1%), Liberty Life (1,1%) en Old Mutual (0,6%). Stelselmatig het nie net Anglo American nie, maar ook Sanlam en Rembrandt hulle deel in die Suid-Afrikaanse ekonomie vergroot. In 1987 het Anglo American 60,1% van die aandele besit, Sanlam 10,7% en Rembrandt 4,3% (Rapport, 22 Februarie 1987). Hierdie konglomerate se aandeel in die totale nasionale welvaart is egter veel minder (dit sluit bates in wat nie op die aandelemark genoteer is nie). In 1984 is dit beraam op 16% vir die 11 grootste konglomerate.

### 3.4.1 **Struktuur en finansiële oorsig van Sanlam, Federale Volksbeleggings, Rembrandt en Volkskas**

Die Sanlam-groep, waarby Federale Volksbeleggings grootliks ingesluit is, sowel as die Rembrandt- en Volkskasgroepe is ongetwyfeld die prominentste Afrikanermaatskappye, soos in die omskrywing van sodanige maatskappye hierbo uiteengesit. Ten einde aan te dui hoe ineengestrenge die Afrikaanse sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie is, die mate van ineenstrengeling met die Engelse sektor en die wye omvang van die belange van bogenoemde groepe is, word vervolgens 'n kort uiteensetting van onder meer elkeen se belange en aandele in ander maatskappye gegee. Hieruit sal duidelik blyk dat hierdie Afrikanerondernemings nie meer die klein ondernemings van 30-40 jaar gelede is nie en dat hulle 'n onmiskenbare deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie en samelewing geword het.

#### i) **Sanlam**

Sanlam, wat besit word deur sy poliseienaars, beheer, soos hierbo genoem, ongeveer 10,7% van die aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is. Sy regstreekse belegging in gewone aandele het teen die einde van 1987 R3 222 miljoen teen boekwaarde beloop (Finansies en Tegniek (Bylae), 10 Junie 1988 : 9). Dié maatskappy het direkte aandele in ongeveer 237 van die genoteerde maatskappye op die Effektebeurs. Sanlam of Sanlambeleggingskorporasie is van sowat 44 van hierdie maatskappye die uiteindelijke beherende aandeelhouer of het via sy filiale 'n indirekte beherende aandeel (eie verwerkings uit McGregor, 1989).

Sedert 1985 word 'n groot aantal van Sanlam se strategiese beleggings wat nie as portefeulje-beleggings geklassifiseer word nie deur Sanlam-Beleggingskorporasie (Sankorp) beheer. Al die dividende wat Sankorp verdien, kom Sanlam uiteraard toe. Van sy belangrikste filiale is Bankorp 59,7% (die beheermaatskappy van onder meer Trust Bank, Santambank en Senbank), Federale Volksbeleggings met sy verspreide belange waarin hy 61,4% aandeel het en Federale Mynbou 50,3% waaronder Gencor val met sy enorme beleggings in die mynwese en ander sektore, byvoorbeeld Malbak en Sappi, Tradegro, Metropolitan Lewens en Nissan. Verder het Sankorp gesamentlike beheer in Murray en Roberts, Mercedes Datakor en Conshu en 'n wesentlike aandeelbesit in Plessey, Siemens en Unitrans (McGregor, 1989 en Finansies en Tegniek (Bylae), 10 Junie 1988 : 9). Benewens Sanlam se mynbelange deur Gencor, besit dié maatskappy ook aandele in die

myne wat beheer word deur Anglovaal en Anglo American Corporation.<sup>1</sup> In diagram 3.4.1 (kyk p.112) word 'n skematiese voorstelling gegee van Sanlam se aandele in genoemde maatskappye en die verweefdheid van onder meer die Afrikaner-ondernemings.

Bogenoemde transaksies is slegs dié wat op die Effektebeurs genoteer is. Sanlam se transaksies buite die Effektebeurs is waarskynlik net soveel of meer. Inligting oor hierdie groep se aandele in maatskappye nie op die Effektebeurs genoteer nie, is moeilik om te bekom aangesien dit vertroulik is en nie openbaar gemaak word nie, selfs nie op persoonlike navraag nie.

Bereken volgens premie-inkomste, is Sanlam die grootste versekeringsinstelling in die land. Sy premie-inkomstesifers behels ongeveer 30% van die totale mark (Finansies en Tegniek (Bylae), 10 Junie 1988 : 44).

Sanlam het verder 'n eiendomsportefeulje wat tans sowat R2,5 miljard (markwaarde) beloop. Dit is een van die grootste, indien nie dié grootste nie, in die land. Dit sluit sowat 8 000 huurders in 400 geboue in. Van die huurders is klein sowel as groot kettingwinkelgroepe soos OK Bazaars, Checkers, Pick 'n Pay, Edgars en CNA (Finansies en Tegniek (Bylae), 10 Junie 1988 : 45 en Financial Mail (Supplement), 9 Mei 1986 : 42).

Ook het Sanlam groot beleggings in effekte van en lenings aan regerings- en openbare liggame. In 1986 was 40,5% van sy beleggings in die openbare sektor (Financial Mail (Supplement), 9 Mei 1986 : 16). In Eskom alleen was sy belegging in 1987 R550 miljoen (Maree, 1987 : Sekondantsrede by Algemene Jaarvergadering van Sanlam).

Hoewel die meerderheid van Sanlam se poliseienaars hoofsaaklik nog Afrikaanssprekend is, wend die maatskappy 'n doelbewuste poging aan om ook die Engelse publiek te bereik (Financial Mail (Supplement), 9 Mei 1986). Volgens die jongste berekening kom sowat 20% van alle nuwe polisaansoeke nou van Engelssprekendes: "Die veldtog word baie aangehelp deur die voorsitter en

---

1. Besit van aandele nie op diagram aangedui: Wat banke betref, besit Sanlam aandele in onder meer Boland Bank (5%) en die Nedbank-Groep (2%) (1,7%). In van die belangrikste kettingwinkels het hy ook aandele, byvoorbeeld Click Stores (2,1%), Joshua Doore (9,8%), OK Bazaars (2,3%), Pep Stores (2,2%), Pick 'n Pay Stores (3,4%) en Edgars Stores (1,5%). Verder besit Sanlam aandele in Barlow Rand (3,3%), Sasol (8%), SA Brouery (1,3%) en Southern Sun Hotelle (20,7%) (McGregor, 1989).

besturende direkteur se gebruik om middagetes en ander onthale te hou waar Engelse sakemanne saam met Afrikaanstaliges of in gevalle alleen genooi word. Baie van die gaste het voorheen geen kontak met 'n Afrikaner-onderneming gehad nie" (Finansies en Tegniek (Bylae), 10 Junie 1988 : 66).

Die direksie en hoofbestuur van Sanlam bestaan geheel en al uit Afrikaanssprekendes. Van die funksie van sy direksie het Dr Wassenaar (voorsitter, 1966-1985) die volgende betekenisvolle woorde gesê: "Van sy stigting af het dit by Sanlam tradisie geword dat sy direkteure, wat nie net sakemanne was nie, maar ook leiers op talle ander terreine, 'n tweeledige plig op hulle geneem het. Sanlam se eerste plig ..., is om poliseienaars se spaargeld te bewaar en so voordelig moontlik in die poliseienaars se belang te laat werk, maar ook om as verteenwoordiger van sy poliseienaars daartoe by te dra dat ons ons land behou (eie beklemtoning) en dat ons 'n gesonde, opgevoede, ingeligte volk sal hê om die land te bewoon" (Finansies en Tegniek (Bylae), 10 Junie 1988 : 9). Hierdie verteenwoordigende rol teenoor sy poliseienaars (wat hoofsaaklik nog Afrikaanssprekend is) word ook inderdaad in ag geneem met enige politieke uitsprake van die maatskappy (sien hoofstuk 5).

Hiermee saam hang ook Sanlam se betrokkenheid by die gemeenskap. In Wassenaar se woorde: "In dieselfde lig moet gekyk word na Sanlam se groot bydrae tot die onderwys, tot ons kerke, tot kultuurliggame soos die FAK en die Akademie, tot mediese navorsing, tot die aanmoediging van SA kunstenaars" (Finansies en Tegniek (Bylae), 10 Junie 1988 : 9). Volgens Handhaaf (Oktober 1986), die amptelike mondstuk van die FAK, "sou die peil van die Afrikaanse kultuur sonder twyfel armer gewees het" sonder Sanlam en sy filiale se "regstreekse en onregstreekse bydraes".

## ii) **Federale Volksbeleggings**

Alhoewel Federale Volksbeleggings deur Sanlam se Beleggingsmaatskappy Sankorp beheer word, word tog 'n uiteensetting van hierdie groep se belange gegee, enersyds omdat dit een van die tradisioneel groot Afrikaner-instellings was en andersyds om aan te toon hoe hierdie maatskappy se belange oor die jare gediversifiseer het.

In die vroeë vyftigerjare het Federale Volksbeleggings belange in 12 maatskappye gehad. Sy grootste beleggings was gekonsentreer in die vis-, hout- en staalindustrieë. Ander belange wat hy gehad het was in landbou-implemente, veeartsenyprodukte, die steenkoolbedryf en Afrikaanse handelondernemings

soos Sonop, Uniewinkels en Veka. Sedertdien het sy belange aansienlik uitgebrei. Die bestaande beleggings kan in die volgende sektore ingedeel word (Jaarverslag Federale Volksbeleggings, 1989): Dienste, Verbruikersgoedere, Farmaseuties, Mineralevesel, Motorkomponente en Landboutoerusting en Voedsel (sien diagram 3.4.1 vir die persentasie aandeel wat Federale Volksbeleggings in maatskappye in genoemde sektore hou).

### iii) **Rembrandt-Groep**

Teen 1964 was die Rembrandt-groep onder die eerste vyf in die wêreld se sigaretindustrie en is tans die derde grootste sigaretmaatskappy met beleggings in meer as 'n honderd lande.

Tot 'n dekade gelede was omtrent al die groep se bates gekonsentreer in sigarette en drank. Twee en sewentig persent van sy wins in 1981 het gekom van sigarette en drank (Fortune, 10 Augustus 1981). Sedertdien het die groep gediversifiseer in onder meer die mynbedryf, bankwese en versekering. Die netto inkomste in die 1988/1989 boekjaar uit normale sakebedrywighede het sonder die buitelandse belange, R6 009 miljoen beloop (Rembrandt-Groep Beperk, Jaarverslag 1989 : 3). In 1989 het die groep onder meer belange gehad in die handel, mynbou, nywerheid, asook in finansiële dienste en korporatiewe finansies (sien diagram 3.4.1 vir 'n uiteensetting van die persentasie aandeel in die onderskeie maatskappye).

### iv) **Volkskas-Groep**

Die Volkskas-groep met totale bates van R18,4 miljard is die vierde grootste bankgroep in Suid-Afrika. Tot die laat sestigerjare was die groep primêr betrokke in die bankwese en finansiële dienste maar het daarna ook sy belange na die nywerheidssektor gediversifiseer. In die 1980/81 boekjaar het Volkskas die eerste Suid-Afrikaanse bankgroep geword wat meer as helfte van sy wins van sy nywerheidsbelange gekry het deur sy vernaamste filiaal maatskappye Transvaal Suikerkorporasie en Bonuskor. Volkskas het ook uitgebreide aandeelbesit gehad in die ingenieurswese, bosbou, saagmeulens, eiendom en landbou (Financial Mail (Special Survey), 14 September 1979).

Sedert 1987 het die Volkskas-groep sy nywerheidsbelange begin verminder ten einde hom meer toe te spits op finansiële dienste. Transvaal Suikerkorporasie en Bonuskor Beperk is onder meer verkoop. Portefeuljebeleggings in nywerhede word nog gehou in Mercedes-Benz van SA (26,5%), August Laepple (33,3%),

Natrust (21,5%), HH Robertson (11,8%), KNJ Groep Beperk (13,7%) en die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie (3,8%).

Verder besit die Volkskas-groep onder meer 50% van die Bank van Transkei, 25,7% van Priceforbes Federale Volkskas, 30% van Momentum Lewensversekeraars, 8,8% van Saambou, 10% van UBS Beherend en 10% van Boland Bank (Volkskas-groep Beperk, Jaarverslae 1988 en 1989). Van die belangrikste aandeelhouers in die Volkskas-groep is die Rembrandt-groep (30%), UBS (30%) en Sanlam (1,4%). Vir 'n uiteensetting sien diagram 3.4.1 hieronder.


### **3.5 KRUISSNYDENDE AFFILIASIES VAN DIE AFRIKANER-SAKE-ELITE**

In hierdie afdeling word die Afrikaner-sakeman se oorvleuelende lidmaatskap aan die Nasionale Party en die Afrikaner-Broederbond asook die verhouding tussen laasgenoemde twee organisasies ontleed. Wat die bespreking oor die Nasionale Party betref, geniet nie net die lidmaatskap van Afrikaner-sakemanne aan dié party aandag nie, maar ook die wyses waarop die Afrikaner-sakesektor deur Nasionale Party-regerings oor die jare bevoordeel is, asook die verhouding tussen veral dié sektor en Eerste Ministers Verwoerd en Vorster onderskeidelik. Die feit dat laasgenoemde regeringshoofde uitgesonder word, kan geregverdig word op grond van die feit dat die oorgrote meerderheid van die Afrikaner-sake-elites (ook die Engelssprekendes) met wie onderhoude gevoer is, reeds die sakewêreld in die sestigerjare betree het.

#### **3.5.1 Nasionale Party**

Die opbou en konsolidasie van Afrikanerdom was nie beperk tot kulturele gebied en tot materiële welvaart nie, maar het ook 'n strewe na politieke eenheid en mag ingesluit. In die Suid-Afrikaanse politieke bestel moes die Afrikaners hulle unieke "nasionaaliteit" behou en die standpunt van generaal Botha na 1910 dat uit alle blanke elemente een nasionaliteit verkry moes word, is deur JBM Hertzog en DF Malan verwerp. Vir Malan het die Afrikaner-volk alle reg gehad om aan sy "nasionaaliteit" vas te hou as iets wat deur die jare deur God bewaar is, daarom mag nasionale eenheid nie beklemtoon word ten koste van die dualiteit van die blanke bevolking nie. "Vra die volk om hom in 'n ander of nog nie bestaande volk te verloor, en hy sal antwoord: om die ere Gods, beslis nee" (Pienaar, 1964 : 16).

DIAGRAM 3.4.1 SANLAM, VOLKSKAS, FEDERALE VOLKSBELEGGINGS EN FEDERALE MYNBOU



————— Beheer  
 ===== Gesamentlike beheer  
 - - - - - Verwante Maatskappy

Bronne: McGregor(1988)  
 Finansies en Tegniek(10 Junie 1988)  
 Finansiële state, Jaarverslae en Voorsittersredes  
 van bovermelde maatskappye(1988 en 1989)

In die lig van bogenoemde sienings is die stigting van die Nasionale Party in 1914 deur Hertzog goed gemotiveer. Die Nasionale Party was vanuit die staanspoor 'n volksparty met een doel voor oë: die nastrewing van politieke mag vir die Afrikaner sodat Suid-Afrika, in Afrikaner-nasionalistiese terme, 'n (veilige) "Tuiste vir die Nageslag" (vergelyk Cronje, 1945) kon skep. Die Party kan beskou word as die politieke komponent van die Afrikaner-volksbeweging en vandaar die noue band tussen party en volk. Die groei van die Nasionale Party hang saam met die groeiende verpolitisering van Afrikaner-kultuur. So kan Verwoerd opmerk: "Die Nasionale Party was nooit en is nie 'n gewone party nie. Dit is 'n volk in beweging" (aangehaal in De Villiers, 1975 : 370). Op grond hiervan is die noue verbintenis tussen die Afrikaner-sakesektor en die Nasionale Party sedert 1914 geensins vreemd nie. Soos reeds uitgewys, was 'n sterk motivering vir die oprigting van Nasionale Pers en die publisering van Die Burger om as spreekbuis van die nuutgestigte Nasionale Party op te tree. Laasgenoemde is dan ook sterk deur Die Burger onder redakteurskap van DF Malan gerugsteun. Die eerste verkiesing op 20 Oktober 1915, toe die Nasionale Party 'n hele paar setels gewen het, is onder meer aan die steun van Die Burger toegeskryf (sien Muller, 1990 : 182,193 vir 'n uiteensetting van die koerant se propagandaveldtog). Ook wat rigting betref, was Die Burger sterk onder die Nasionale Party se invloed. Volgens Le Roux (1964 : 99-100) het Malan, Hofmeyr, en ander "tesame 'n bekwame span gevorm, wat leiding aan die party en sy pers verskaf het; en van dag tot dag het hulle Die Burger se rigting bepaal".

Nasionale Pers se koerante het ook oor die jare in talle verkiesingsveldtogte stewige propagandabydraes gelewer. "Binne 'n dekade is Hertzog se politieke ideale deur die koerante so doeltreffend gepropageer dat hy kon regeer. Daarna het die persgroep 'n dekade lank gehelp om hom aan bewind te hou; en daarna weer meegehelp om Malan se apartheidsbeleid doeltreffend uit te dra totdat hy Eerste Minister geword het" (Muller, 1990 : 159-160). Daarbenewens is die Nasionale Party ook finansiële deur Nasionale Pers ondersteun. So word byvoorbeeld bygedra tot die salaris van die voorligtingsekretaris van die Party in 1942. Groot afslag is op Nasionale Party-rekening gegee terwyl ook ruim bygedra is tot die party se verkiesingsfonds (veral in die veertigerjare toe Nasionale Pers finansiële sterker begin word het). Meer eksemplare van Die Burger is gedurende verkiesingsveldtogte gedruk en sover moontlik teen halfprys aan Nasionale Party-kantore verskaf (Muller, 1990 : 744).

Die integrasie van die vroeëre Afrikaner-instellings is reeds in afdeling 3.3 uitgewys, deur die posisie wat WA Hofmeyr in die Kaapse Nasionale Party, Nasionale Pers en Santam en Sanlam bekleed het. Op grond van onder meer die

feit dat Afrikaner-nasionaliste soos WA Hofmeyr en andere prominente posisies in Afrikaner-ondernemings sowel as in die Nasionale Party beklee het, het daar noodwendig 'n goeie verhouding tussen die Party en Afrikaner-sakeondernemings bestaan. Volgens O'Meara (1982 : 7-8) egter, het Sanlam die strategie van die Ekonomiese Beweging bepaal, het "The moving spirits in Sanlam ... the Cape NP right from its inception in 1915" gedomineer, en het Sanlam ook Nasionale Pers beheer. Vir hierdie bewerings bestaan daar nie veel bewyse voor nie. Sanlam het nooit die Kaapse Nasionale Party gedomineer nie. Sedert die laat dertigerjare het Sanlam om sakeoorwegings doelbewus nie 'n partypolitiese profiel aangeneem nie. Koen (1986 : 288, 305) wys daarop dat in teenstelling met Sanlam se groot klem op Afrikaner-nasionalisme tydens die simboliese Ossewatrek van 1938, die maatskappy skaars 'n jaar later 'n klemverskuiwing ondergaan het met die standpuntinname dat "hy nie vir die nasionaalgesindes wat téén die oorlog was, kant (wou) kies nie omdat hy dan besigheid van diegene wat aan Smuts se kant was, kon verloor" (sien Giliomee, 1983b vir 'n bespreking van Sanlam se latere verhouding met die Nasionale Party asook hoofstuk 5 (5.4) waarin Afrikaner-sakeleiers dit bevestig dat hulle hul uit partypolitiek hou omdat dit 'n effek op hul sakeondernemings kan hê). Daarbenewens het, en beheer Sanlam ook nie Nasionale Pers nie. Vanweë die komplekse stelsel wat aandelebesit in Nasionale Pers bepaal, wys Giliomee (1983b : 40) daarop dat Sanlam slegs 200 stemme uit 'n totaal van meer as 8000 het (vergeelyk ook Muller, 1990 : 411-412).

Tien jaar na sy stigting het die Nasionale Party vir die eerste keer in 1924 in koalisie met die Arbeidersparty aan bewind gekom deur 'n absolute parlementêre meerderheid in die 1924-verkiesings te verkry. Sonder twyfel het die Nasionale Party mag verkry deur die steun van die Afrikaanssprekende kiesers. Volgens Stultz (1974 : 8) het meer as 80% van dié kiesers die Nasionale Party in 1929 gesteun. Die tradisies van die party, die aard van sy program, die literatuur in Afrikaans en sy groot plattelandse basis het dit duidelik gemaak dat min Engelssprekendes vir dié party gestem het. In hierdie verband is gesê dat "party divisions had drifted perilously near the so-called racial line, that is the line separating Afrikaners from men of British stock" (Stultz, 1974 : 12). In 'n poging om die klassebasis van die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party voor samesmelting in 1934 te ontleed, beweer O'Meara (1983 : 32) egter dat die veeboere van die noordelike en sentrale Transvaal ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party was. Afgesien daarvan dat O'Meara geen aanduiding verstrekk van hoe hy te werk gegaan het om by hierdie gevolgtrekking uit te kom nie, toon 'n studie deur Brits (1990) van verkiesingsuitslae tussen 1915 en 1933 dat hy verkeerd is. Op grond van Brits se navorsing kan afgelei word dat die Nasionale

Party ook sy steun uit die meer welgestelde saaistreke in Transvaal en die Vrystaat geput het, in teenstelling met O'Meara se gevolgtrekkinge.

Met die samesmelting in 1934 tussen die Nasionale Party van Hertzog en die pro-empire Suid-Afrikaanse Party van Generaal Smuts in die Verenigde Party, het die politieke stryd van die Afrikaner 'n nuwe fase betree. 'n Vleuel van Nasionalistes wat deur Malan gelei is, was teen samesmelting gekant en het weggebreek om die Gesuiwerde Nasionale Party te stig. Vir hulle het samesmelting akkommodasie met imperialisme beteken. Malan het Hertzog van die uitverkoop van die beginsels van die Nasionale Party beskuldig. Die Nasionale Party was 'n "volksparty" wat ideologies spesifiek moes wees en nie kompromieë met sy ideale moes hê nie. Samesmelting sou diegene wat verskillende innerlike oortuigings het, saam in dieselfde kamp gooi. Bowendien het samesmelting 'n materiële en kulturele bedreiging beteken. Hierdie vrees moes gesien word teen die agtergrond van die Afrikaner wat gesien is as 'n "armblanke" en die kultureel agterlike. Wat die materiële bedreiging betref, het die Gesuiwerdes gevrees dat die groot kapitaliste en veral die mynbase die Verenigde Party sou oorheers. Dit sou onder meer die blankes in 'n 'bourgeoisie' en 'n werkersklas verdeel en sou kapitaliste in staat stel om halfgeskoolde Afrikaner-werkers met goedkoper swart arbeid te vervang.

Volgens O'Meara (1983 : 50-53, 83-84) het die Nasionalistes na samesmelting 'n aanval begin loods op kapitalisme en imperialisme. Dié aanval is, in die woorde van O'Meara, gelei deur die 'petty bourgeoisie' (in klasse-ontleding dié Afrikaners in die regsberoep, onderwys, staatsdiens, middelvlak bestuurders in die handel en nywerheid en so meer). Vir hierdie groep, meen O'Meara, was die grootste gevaar van samesmelting die moontlikheid dat die Afrikaner-werkers hulle op 'n klassegrondslag teen die Verenigde Party sou mobiliseer en dat hulle in die proses gedenasionaliseer sou word. Dit sou die hoop vir 'n suiwer Afrikanerparty om politieke mag te verkry en sodoende die staat te gebruik om belange van Afrikaners en veral die 'petty bourgeoisie' te bevorder, verydel. Hierdie klasse-ontleding wat O'Meara bied, gee egter nie 'n voldoende verklaring waarom Afrikaner-nasionalisme in sy gesuiwerde vorm in so 'n kort tyd so 'n groot dryfkrag geword het nie. Volgens Giliomee (1981 : 84) was Nasionalistes se etniese vrese en aspirasies net so belangrik as materiële oorwegings. Wat Malan in 1934 bepleit het, was die hereniging van diegene wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort. Dit het beteken die volle erkenning van die bestaansreg van die Afrikaner-volk, die eerbiediging van sy taal en tradisies, en die handhawing van sy regte (Pienaar, 1964 : 127). Groepsvorming is ook op ekonomiese gebied bepleit. Die doel was om deur groepsmobilisasie die ekonomiese posisie van die Afrikaner te verbeter. Aan die een kant moes die Afrikaner as ondernemer in die handel en nywerheid

bevorder word (veral ten opsigte van die Engelssprekende), aan die ander kant moes die armlankes (hoofsaaklik arm Afrikaners) opgehef word.<sup>1</sup>

Met Suid-Afrika se toetreding tot die Tweede Wêreldoorlog in 1939 aan die kant van Brittanje het 'n skeuring in die Verenigde Party ontstaan en Hertzog en Malan het in 1940 herenig in die Herenigde Nasionale Party. Hierdie skeuring het partypolitieke-groeperinge in Suid-Afrika laat terugkeer na dieselfde patroon van dié in 1933, met die uitsondering dat Hertzog nie die mag gehad het nie. In die woorde van Hertzog se biograaf "... the crisis had the effect of recruiting many of those Afrikaners who had separated six years before" (aangehaal in Stultz, 1974 : 63).

Die bewind van die Verenigde party veral sedert die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is gekenmerk deur 'n groter liberalisering in terme van sosio-ekonomiese beleid. Ten spyte van 'n aansienlike mate van verstedeliking was daar 'n toenemende gebrek aan geskoolde arbeid (Lipton, 1985 : 401). Die kleurslagboom wat toenemend in die dertigerjare geïgnoreer is, is effektief met die uitbreek van die oorlog oorbodig gemaak deurdat die regering swartes toegelaat het om meer geskoolde arbeid te verrig. Hierdie ontwikkeling het intellektueel gereflekteer in die aanbevelings van die Fagan-kommissie van 1948. Volgens die Kommissie moes onder meer swart verstedeliking toegelaat word om te voorsien in arbeidstekorte wat deur toenemende industriële uitbreiding veroorsaak is. Sodanige verstedeliking sou ook 'n permanente swart geskoolde arbeidsmag tot gevolg hê wat sou lei tot 'n uitbreiding van die verbruikersmark. 'n Liberaal-gedomineerde Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad is verder ingestel terwyl ook die Departement van Naturellesake die afskaffing van die paswette aanbeveel het. Minder proteksionistiese en intervensionistiese beleidsmaatreëls is gevolglik aangeneem, en die aantal paswetvervolgings het dramaties afgeneem. Lene van swartes het in dié tydperk vinniger gegroei as dié van blankes (Lipton, 1985 : 43). Die beperkings van die hervormings is egter duidelik geïllustreer deur die

---

1. Brits (1990) wys daarop dat O'Meara se gevolgtrekkings omtrent die 'gedrag' van kiesers deurgaans berus op breë veralgemening en 'n eensydige beklemtoning van die materiële as enigste ware behoefte van kiesers. Die gevolgtrekkings wat gemaak is, bly blote hipoteses. Brits beklemtoon ook die belangrikheid van die etnies-kulturele oorwegings by die Afrikaners. In sy woorde: "Nòg O'Meara... wat die rol van klas in die politieke groeperinge van die eerste drie dekades van die twintigste eeu probeer bepaal het, het 'n diepgaande studie gemaak van plaaslike omstandighede in kiesafdelings, of van Afrikanerdenke soos weerspieël in die briewe kolomne van Afrikaanse koerante, taknotules van politieke partye, korrespondensie tussen politieke leiers, handeling van kerklike sinodes, logboeke van skole, of notules van Afrikaanse organisasies nie. Die etnies-kulturele oorwegings by Afrikaners (en sekerlik ook by Engelssprekendes) is daardeur totaal verontsaam."

gewelddadige onderdrukking van die swart mynwerkersstaking in 1946 en die feit dat stemreg vir swartes (wat hulle in 1936) verloor het) nie heringestel is nie.

Wat Malan en die Nasionale Party betref, is die veertigerjare, in teenstelling met die beleid van die Verenigde Party, gekenmerk deur die popularisering van die apartheidsbeleid wat ontwikkel het tot 'n sentrale tema binne die volksbeweging. Apartheid het 'n volksaak en 'n volkstandpunt geword en op grond van hierdie gedagte het die Nasionale Party die 1948-verkieping geveg (sien Rhodie, 1966 : 52-55 vir 'n volledige bespreking).

Die Nasionale Party se eksklusiewe etniese basis is duidelik in die 1948-verkiesingsuitslae weerspieël. Die oorwegend Afrikaanssprekende kiesafdelings het vir die Nasionale Party gestem terwyl oorwegend Engelssprekende kiesafdelings vir die Verenigde Party of sy bondgenote gestem het. Vier sentrale groepe wat die Nasionale Party in die 1948-verkieping gesteun het, kan geïdentifiseer word: Die belangrikste hiervan was die boere. Hoewel 'n driekwart van die blankes verstedelik was, was slegs 21.5% van die Nasionale Party se 79 setels in die stedelike gebiede (Heard, 1974 : 40). Net so belangrik was die steun van 'n spesifieke stratum van blanke werkers, veral in die myne, spoorweë en staalbedryf. In die 1948-verkieping het die Nasionale Party 13 uit die 43 stedelike setels gewen, wat sonder uitsondering hoofsaaklik werkersklaskiesafdelings was (eie ontleding).<sup>1</sup> Die Afrikaner laer middelklas, die basis van die Nasionale Party sedert 1934, was 'n verdere groep. Uit hierdie groep het die vierde klein groep ontwikkel, naamlik die Afrikaners in die finansiële, handels- en vervaardigingsbedryf.

Kort na sy bewindsoornamme het die Nasionale Party-regering op verskeie wyses die belange van die Afrikaner beskerm deur onder meer die verdere verskerping van diskriminerende wetgewing teen swartes en 'n beleid van strenger sosiale, politieke en ekonomiese skeiding te volg. (Die wyse waarop Nasionale Party-regerings die Afrikaner-sakesektor bevoordeel het, word in afdeling 3.5.1.1 bespreek).<sup>2</sup> Verdere sosiale skeidingswette soos onder andere die Wet op Rasseklassifikasie (1950), die Groepsgebiedewet (1950) en die Wet op Afsonderlike Geriewe (1953) is ingestel. Op die politieke terrein is politieke regte

- 
1. Oorwegend werkersklaskiesafdelings wat deur die Nasionale Party gewen is, is byvoorbeeld Germiston, Maraisburg, Mayfair, Noordoos-Rand, Pretoria-Wes, Pretoria-sentraal en Randfontein.
  2. Vir 'n volledige uiteensetting van die wyses waarop na Afrikaner-werkers en boere se belange omgesien is, sien onder meer Du Plessis, 1964 : 72-74; Giliomee, 1981 : 114-124 en Lipton, 1985 : 22-28.

vir permanente swartes in stede tot plaaslike vlak beperk deur die Wet op Bantoeowerhede soos gewysig, terwyl die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur (1959) swartes in tuislandgebiede die reg gegee het om hulself te bestuur. Om ekonomiese integrasie te voorkom, is die swartes deur 'n hele reeks wette gereguleer wat veral daarop gemik was om instroming na die blanke gebiede te beheer. Sodanige wette was onder meer die Wet op Voorkoming van Onwettige Plakkery (1951); die Wet op die Afskaffing van Pässe en Koördinering van Dokumente (1952); die Wysigingswette op Naturelle (1952 en 1957); die Naturelle (Stadsgebiede) Wysigingswet 1955 en 1956) en die Wysigingswette op Bantoewetgewing van 1957, 1963 en 1964. Die kumulatiewe uitwerking van dié maatreëls is dat die regering oor die nodige masjinerie beskik het om die beweging van swartes na blanke gebiede sodanig te kanaliseer en reguleer dat geen swarte homself in 'n geproklameerde blanke gebied (veral stedelike gebied) wettiglik kon vestig nie. In die sestigerjare is beheer oor die beweging van swartes verder verskerp deur byvoorbeeld die Wet op die Regulering van Bantoe-arbeid van 1964, 1965 en 1968. Om verder te verhoed dat swart werkers in die stede sal konsentreer, het die regering 'n beleid van nywerheidsdesentralisasie gevolg waarvolgens nywerhede op of naby grense van tuislande opgerig moes word. In 1960 is byvoorbeeld die Permanente Komitee vir Nywerheidvestiging en Grensgebiedontwikkeling aangestel om uitvoering aan regeringsbeleid in dié verband te verleen. Die regering het ook die blanke werker teen die mededinging van "goedkoop" swart arbeid beskerm deur werkreservering kragtens die Nywerheidsversoeningswet van 1956 op 'n rasgedifferensieerde grondslag toe te pas. Op die arbeidsterrein is die Wet op Naturelle-arbeid (Beslegting van Geskille) van 1953 ingestel om te verhoed dat werkers staak en deur die Nywerheidsversoeningswet van 1956 is swart werkers deelname aan geregistreerde vakbonde ontnem.

Vir die voorstanders van apartheid was staatsgedwonge skeiding dus nodig vir die behoud van die blanke: Slegs deur apartheid kon blankes hulself in 'n samelewing waarin hulle die minderheid was, en waarin daar fundamentele verskille tussen blanke en swart kultuur en beskawing bestaan het, handhaaf. 'n Mislukking van apartheid sou lei tot politieke selfmoord van die blanke. Swartes moes dus slegs regte hê in hul eie gebiede en gemeenskappe. Om hul lewenstandaarde te handhaaf, moes wit werkers ekonomies in die arbeidsmark beskerm word. Sosiaal was die beleid gerig op die handhawing van rasseverskille (Olivier, 1954 : 27).

Onder aparheidsideoloë het daar in die vyftigerjare verskillende benaderings met betrekking tot skeiding ontwikkel. Aan die een kant was daar diegene in die FAK

(die openbare front van die Afrikaner-Broederbond) en SABRA<sup>1</sup> wat toenemend radikale partisie bepleit het. Dit het die afbakening van nasionale tuislande vir swartes beteken waarin laasgenoemde politieke, ekonomiese en kulturele uitdrukking moes vind. Swartes moes sistematies na die tuislande verskuif word tot slegs 'n paar in die 'wit tuisland' oorgebly het. Ongegag of hulle in diens van die blankes was of nie, was swartes se teenwoordigheid in die stedelike gebiede ongewens. Hierdie lede van die Afrikaner- intelligentsia het geglo dat Suid-Afrika as 'n blanke land polities verdoem sou wees as die ekonomie toenemend afhanklik geword het van swart arbeid. Daarmee saam het hulle geargumenteer dat dit immoreel sou wees om voort te gaan om die swart mense politieke regte te misgun. Derhalwe het hulle die dinamiese ekonomiese ontwikkeling van die tuislande geëis sodat die terugkeer van swartes geregverdig kon word. Die Tomlinson-kommissie van 1956 het egter 'n duidelike uiteensetting van die finansiële implikasies van 'n beleid van radikale partisie gegee, maar dit is deur Verwoerd na sy bewindsoornamme in 1958 geïgnoreer (sien ook afdeling 3.5.1.2).

Aan die ander kant was daar die politieke leierskap in die Nasionale Party saam met die georganiseerde Afrikaner-sakesektor en landboubelange wat radikale partisie teengestaan het. Hulle wou 'n hoë ekonomiese groei koers sowel as toenemende, maar gedifferensieerde inkorporasie van swartes in die arbeidsmag hê. Volgens hulle kon swartes beheer word as hulle politieke en industriële regte geweier word. Hierdie benadering het hulle geregverdig op grond van voorbeelde van soortgelyke praktyke in byvoorbeeld Duitsland en Switserland wat groot getalle trekwerkers in diens geneem het sonder om hulle politieke regte te gee (Posel, 1987).

Hoewel hierdie afdeling primêr oor die Afrikaner-sakeman se affiliasie met die Nasionale Party handel, is dit egter ook nodig om 'n baie kort oorsig van die ekonomiese situasie in Suid-Afrika in die sestiger- en sewentigerjare te gee. Slegs teen hierdie agtergrond kan die Afrikaner-sakesektor se volgehoue steun aan die Nasionale Party (ondanks die afsplintering van die party in 1969 en 1982) verklaar word.

Met die uitsondering van die tydperk tussen 1960-1962 toe die ekonomie 'n afswaai getoon het vanweë die Sharpeville-onluste, is die jare sestig gekenmerk deur ekonomiese groei en welvaart. Laasgenoemde opstande het gelei tot 'n

---

1. SABRA (Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede) het in September 1948 op aansporing van die Broederbond tot stand gekom. Hierdie liggaam sou hom besig hou met die wetenskaplike bestudering van die rasseproblematiek en die formulering van 'n rassebeleid (Pelzer, 1979 : 163).

verlies aan sakevertroue by buitelandse beleggers wat hul beleggings onttrek het. In 1960 was daar 'n netto kapitaaluitvloei van R194 miljoen en 'n verdere uitvloei van R45 miljoen in die eerste gedeelte van 1961. Tussen Junie 1960 en Mei 1961 daal die waarde van die rand ook en goudreserwes val met meer as die helfte (van R312 miljoen tot R153 miljoen). Daarbenewens is daar 'n skerp val in aandeelpryse en Anglo American verloor omtrent R100 miljoen van sy markwaarde in 'n jaar (Lanning, 1979 : 148). Die regering het doelbewuste pogings aangewend om die uitvloei van kapitaal uit die land te beheer deur byvoorbeeld die instelling van verskeie maatreëls soos die verhoging van rentekoerse, die beperking van kredietgeriewe, die weiering van leningsgeriewe as dit sou lei tot 'n repatriasie van kapitaal en die uitneem van 'n IMF-lening. Na die 1960/61 krisis is politieke vertroue stadig herstel wat 'n verdere positiewe invloed op die ekonomie gehad het. Die eens sombere ekonomiese toneel is gou verander in "one of the greatest waves of expansion that this country has experienced" (Hobart Houghton, 1973 : 198). Onder meer toon die ekonomie 'n gemiddelde groeikoers van 5,6% per jaar (sien bv. IDAAF, Jan-Jun 1970 en 1971 - ekonomiese afdeling; Kaplan, 1987 en Cassim, 1987).

In teenstelling met die jare sestig, is die sewentigerjare gekenmerk deur dramatiese veranderinge op veral die ekonomiese en sosio-politieke terreine. Tussen 1971 en 1973 styg die prys van noodsaaklike verbruiksgoedere van swart werkers met 40% (Hemson, 1978 : 19). Wydverspreide stakings van swart werkers kom in 1973 voor. Die oorlog in die Midde-Ooste in 1973 en die gevolglike oliekrisis lei tot 'n skerp toename in die koste van olie wat 'n diepgaande invloed op die ekonomie het. Die hoër koste van invoere (insluitende olie) en inflasie is faktore wat bydra tot die agteruitgang van die ekonomie. Die Soweto-onluste van 1976 veroorsaak verder 'n uitvloei van buitelandse kapitaal en die prys van goud val van 198\$ in 1974 tot 103\$ in 1976. Verder neem die jaarlikse groeikoers af van 2.9% in 1975, 1.3% in 1976 en zero in 1977 (SA : Time Running Out, 1981 : 136).

Van 1974-1985 het werkseleenthede wat in die formele sektore van die ekonomie geskep is, jaarliks afgeneem van 157 000 na 64 000 in teenstelling met 'n totale groei van amper drie miljoen in die arbeidsmag in dié tydperk. Verder het reële per kapita inkome met 15% afgeneem (Van den Berg, 1989 : 187-189). Sedert 1973 vind 'n stadige liberalisering op die arbeidsterrein plaas, wat kulmineer in die Wiehahn- en Riekert Kommissies se aanbevelings (sien ook afdeling 3.7(ii)). Bogenoemde situasie het 'n belangrike impak op die latere eenheid binne die Nasionale Party gehad soos hieronder aangetoon sal word.

Na 1948 het politieke beheer mettertyd Afrikaner-eenheid gekonsolideer (sien Slabbert, 1975 : 4-10). Dit was volgens Slabbert (1975 : 9) hoofsaaklik teweeggebring deur "a process of Afrikaner organizations interlocking with one another at the top or elite level and clarifying the priorities for maintaining Afrikaner unity". Vanweë hierdie aaneengeskakeldheid van Afrikaner-organisasies was daar 'n noue band tussen Afrikaner-elites in alle beroepe. Onder hierdie elites het 'n groot mate van konsensus bestaan waarvan die agtergrond voorberei is deur die kerk, skool en universiteit (Welsh, 1975 : 66). Hierdie konstante kontak en uitgebreide mobiliteit tussen Afrikaner-elite en die politieke leierskap het 'n partyleierskap tot gevolg gehad wat teen die vroeë sewentigerjare 'n groot mate van gesag en feitlik onvoorwaardelike trou van partylede gehad het (vergelyk Hanf *et. al.*, 1981 : 105-106). Die Afrikaner-Broederbond wat met die Nasionale Party geïdentifiseer het, soos in afdeling 3.5.2 uiteengesit word, was 'n effektiewe skakel tussen die party en alle ander instellings van die Afrikaner.

Sedert 1948 het die Nasionale Party ook sy parlementêre meerderheid gekonsolideer. Die Nasionale Party was nou meer as net 'n politieke party, "it is one arm of a volksbeweging that purports to comprehend all spheres of its members' lives" (Welsh, 1975 : 64). As party van 'n etniese groep was dit ver van monolities. Oor die jare het dit 'n groot omvang van politieke menings omvat. Voor 1960 was die doel van die Nasionale Party-bewind baie eng, naamlik die behoud van die Afrikaner teen dominasie van nie-Afrikaanse invloede. Sedert die vroeë sestigerjare nadat politieke onafhanklikheid deur Republiekwording in 1961 verkry is, het die Nasionale Party toenemend blanke politieke samewerking begin beklemtoon en etniese verskille tussen die onderskeie blanke groepe het op politieke gebied min aandag gekry. Die party, het Verwoerd gesê "... stands for the preservation of the white man, of a white government in South Africa" (Stultz, 1974 : 175). Die Afrikaners het dus nou in terme van 'n blanke nasie eerder as die Afrikaner-volk begin dink. Hierdie nuwe nasionale ideologie het 'n einde gemaak aan die politieke isolasie van Afrikaners wat 'n sentrale tema van Afrikaner-nasionalisme was. Die Afrikaners het nou die kern van die Suid-Afrikaanse blanke nasie gevorm, eerder as 'n afsonderlike volk. Hoewel daar van omtrent die middel vyftigerjare tot die middel sestigs min blyke van klassewrywing binne Afrikanergeledere was, is die eenheid wat binne Afrikanerdom nagestreef is, uiteindelik nooit vervul nie.

In die Afrikaanse sakewêreld was daar in die vroeë sestigerjare reeds botsings en heftige verskille wat volgens Serfontein (1970 : 53) beskou kan word as indikasies van 'n latere "verlig/verkramp-stryd" in die politiek. Met die oornome van General Mining deur Federale Mynbou in Augustus 1964 (sien ook pp. 104 en 146), was

die strydvraag of die oorname 'n deurbraak vir Federale Mynbou en die ander Afrikaner-finansiële instellings soos Sanlam en Federale Volksbeleggings was wat dit ondersteun het en of dit 'n persoonlike oorwinning vir Oppenheimer was. Die meeste Afrikaner-sakemanne was die eerste mening toegedaan, terwyl die oorname vir verkrampes 'n bewys daarvan was dat die groot nyweraars, hetsy Afrikaans of nie-Afrikaans, almal vyande van die Afrikaner-volk is omdat hulle "liberalisties" van inslag is (Serfontein, 1970 : 54).

Ook in die georganiseerde Afrikaner-sakewêreld sou daar verskille in benadering tussen Afrikaner-sakemanne voorkom. Dit het in die ope gekom met die jaarlikse kongres van die AHI wat in September 1964 in Durban gehou is. Die hoofbestuurder van Sanlam, dr Andries Wassenaar, het Sanlam se takke dwarsdeur die land opdrag gegee om amptenare af te vaardig om die kongres by te woon en toe te sien dat "verligtes" tot die hoofbestuur verkies word (onderhoud Greyling, 1987).<sup>1</sup> Op hul beurt het 'n groep sakemanne uit die Transvaal weer 'n omsendbrief aan alle lede van die AHI gestuur, en versoek dat die kongres bygewoon word en dat hulle hul teenstemme moet uitbring.

Die 1964 AHI-kongres het ook deel uitgemaak van 'n sogenaamde Noord-Suid-verdeling en konflik wat reeds etlike jare in die sakewêreld bestaan het. Die sogenaamde Suidelike groep het ingesluit maatskappye soos Sanlam, Federale Volksbeleggings, Federale Mynbou, Trust Bank en Rembrandt. Hulle was meer verlig en gematig, met 'n sakebenadering wat die uitbouing van hul ondernemings voor blote Afrikaner-sentiment gestel het. Daar kan gespekuleer word dat die verdeling tussen die Noordelike en Suidelike sakelui onder meer gegrond was op die feit dat die Noordelike sakelui oor die algemeen sterker aanhangers van die Verwoerdiaanse ideologie en staatsintervensionisme was. Onder die meer verligte leiers het getel dr AD Wassenaar, dr Anton Rupert, dr MS Louw, dr Jan S Marais en dr Tom Muller. Laasgenoemde was besturende direkteur van General Mining en het die presidentskap van die AHI in die betrokke jaar gewen.

Teen die middel sestigerjare het die uiteenlopende sieninge van die verskillende Afrikaner-groeperinge op verskeie terreine, uitgeloop op 'n "verkrampste" en "verligte" verdeling wat verder gestrek het as die partypolitiek, maar nietemin die duidelikste gemanifesteer het in die stigting van die Herstigte Nasionale Party in 1969. Hierdie "verligte" en "verkrampste" stryd wat 'n stryd was tussen dié Afrikaners wat nie samewerking en kontak met anderstaliges, buitelanders en

---

1. Alhoewel die term "verligtes" eers sedert 1966 gebruik word, is dit die uitdrukking wat in genoemde onderhoud gebruik is.

anderskleuriges gevrees het nie, teenoor diegene wat gevoel het dat hul Afrikaner-identiteit bedreig sou word deur sodanige samewerking, het gestrek oor die hele spektrum van die Nasionale Afrikaner-samelewing, onder meer die godsdien, kultuur, kuns en die sakewêreld.

Ten spyte van die stigting van die Herstigte Nasionale Party het heelwat van die regse elemente in die Nasionale Party gebly. Die 'verkrampes' wou nog die behoud van die beleid van die "Afrikaner eerste" hê (dit het ingesluit die verwerping van buitelandse gemengde sportspanne en diplomate van swart state), terwyl 'verligtes' wou se materiële vooruitgang hul vrese verminder het om gedenasionaliseer te word, toenemend minder die beleid van rassisme ondersteun het. Hierdie 'verligtes' het in die sewentigerjare die positiewe aspekte van die ideologie van afsonderlike ontwikkeling as instrument, en nie as doel op sigself nie, beklemtoon. In Viljoen, voormalige hoof van die Afrikaner-Broederbond se woorde: "Ons beleid van afsonderlike ontwikkeling is myns insiens geen ideologie, dogma of beginsel nie; dit is 'n instrument of metode, 'n pad waarvan die verdere verloop 'n sekere openheid vertoon, maar steeds met as doel of eindbestemming die handhawing van ons nasionale identiteit" (Viljoen, 1978 : 35). 'Verligtes' het 'n wye deursnee van Afrikaner-elites ingesluit, onder meer vooraanstaande sakelui en ekonome (Lipton, 1985 : 308).

Hoewel die stryd tussen Afrikaners gestry is in terme van persoonlikhede en beleid, is die oorsprong daarvan hoofsaaklik geleë in sosio-ekonomiese verdelings wat sedert 1948 stadig ontwikkel het. Die Afrikaners het geroem op hul eenheid, maar die verkryging van politieke mag het gelei tot 'n herverdeling van ekonomiese en sosiale belonings. Saam met snelle ekonomiese ontwikkeling het dit klasseverskille geskep. Afrikaners was nie langer 'n samelewing wat bestaan het uit boere, werkers en die 'petty bourgeoisie' nie. Teen 1970 was daar 'n sterk stedelike middelklas onder die Afrikaners aanwesig. Slegs agt persent was steeds aktief in die landbou betrokke, 88% was verstedelik, 27% Afrikaners was bloukraagwerkers en 65% witkraagwerkers (Lipton, 1985 : 307). Naas die regeringselite was daar die Afrikaner-kapitaliste wat hulself in die vervaardigingsektor, mynbou en bankwese gevestig het. Volgens O'Meara (1983 : 250-251) was die verkrampste/verligte skeuring hoofsaaklik 'n stryd tussen diegene wat die alliansie van 1948 wou bewaar en wat deur die belange van die boere en 'petty bourgeoisie' gedomineer is, en diegene wat die ideologie en beleid van Afrikaner-nasionalisme wou aanpas by die veranderde sosiale samestelling van die volk. In besonder was die verligte fenomeen 'n reaksie van 'n klas van aggressiewe, selfversekerde Afrikaner-kapitaliste wou se belange veel verder

gestrek het as die noue klasalliansie waaruit hul ontwikkel het. Die verkrampste/verligte skeuring van die laat sestigerjare kan dus in 'n mate op grond van 'n klasseontleding verklaar word. Hierdie skeuring kan egter nie volkome verklaar word in terme van 'n klasseontleding nie. Ideologiese verandering het ook 'n belangrike rol gespeel. In hierdie verband kan gewys word op 'n toenemende begrip by verligtes vir die feit dat Suid-Afrika deel is van Afrika, en dat die Afrikaners die kern vorm van 'n blanke nasie, in teenstelling met die oortuiging van die verkramptes dat enige kontak met swartes onaanvaarbaar is en dat die Afrikaner binne 'n blanke nasie sy volksidentiteit en Calvinistiese beginsels sou moes prysgee.

Die afskaffing van apartheidsmaatreëls in die sosio-ekonomiese sfeer sedert die laat sewentigerjare onder PW Botha het die begin van 'n nuwe era in die bestaan van die Nasionale Party gekenmerk. Die instelling van beperkte magsdeling met kleurlinge en Indiërs in die vroeë tagtigerjare het verder die Afrikaner-alliansie uitmekaar geskeur. Die verdeling tussen die verligtes en die konserwatiewes wat in die Nasionale Party sedert 1969 bestaan het, het gekulmineer in 'n tweede skeuring in 1982 toe 16 voormalige Nasionale Partylede onder AP Treurnicht, weggebreek en die Konserwatiewe Party gestig het. Treurnicht het die regering beskuldig dat hulle integrasioniste en magsdelers is en dat hulle die blankes se erfenis uitverkoop (The Star, 5 Februarie 1983). Waar die Nasionale Party tradisioneel beskou is as beskermers van veral Afrikaner-belange, het talle Afrikaners hulle na die Konserwatiewe Party begin wend omdat die regering se hervormingsbeleid deur hulle gesien word as 'n bedreiging vir blanke voortbestaan.

Ook hierdie skeuring kan in 'n mate deur 'n klasseontleding verduidelik word. O'Meara (1982) interpreteer die stigting van die Konserwatiewe Party binne die konteks van die groeiende krisis van kapitaal-akkumulاسie in die sewentigs, veral na die ekonomiese voorspoed van die sestigs wat berus het op 'n groot invloed van buitelandse kapitaal en die onderdrukking van swart vakbonde. Hierdie ekonomiese krisis was nie bloot 'n sikliese resessie nie, maar het 'n diepgaande strukturele krisis vir kapitalisme in Suid-Afrika ingelei. Verskeie faktore het ten grondslag van die krisis gelê. Die rigiede verdeling van arbeid op rassegrond-

slag het gelei tot 'n groeiende tekort aan vaardighede wat produksie belemmer het. Stakings deur swart werkers en die Soweto-onluste het gelei tot 'n uitvloei van buitelandse kapitaal in die tweede helfte van die sewentigs. Vir groei was twee belangrike hervormings nodig: eerstens die verwydering van beperkings op die opleiding van swartes, die stimulering van groei van 'n beter opgeleide en produktiewe swart arbeidsmag en om swartes toe te laat om vakbonde te stig en tweedens deur beperkings op die mobiliteit van swart arbeid te verslap. Volgens O'Meara is hierdie hervormings teengestaan deur 'n koalisie van boere wat nog nie oorgegaan het tot die gebruik van hoogsgemeganiseerde produksiemiddele nie, die laer vlakke van die Afrikaner 'petty bourgeoisie' en die laer stratum van blanke werkers. Dit was inderdaad so dat laerklasblankes teen die helfte van die sewentigerjare aan die verloorkant was. Armer boere is in groter skuld gedompel, blanke vakbondleiers het gekla dat die koopkrag van hul lede met 23% afgeneem het, terwyl staatsamptenare gekla het dat hul reële inkomste in dieselfde mate verminder het (Giliomee, 1983b : 41-42). Die Konserwatiewe Party het dus gepoog om die verteenwoordiger te word van die Afrikaner-werkers- en laer middelklas, veral die bloukraagwerkers, laer range in die staatsdiens en kleiner boere. Soos Giliomee dit gestel het: "The CP was mobilising lower-class whites by using the exclusive symbols and rhetoric of anti-capitalist slogans once so effectively utilised by the National Party" (Cape Times, 3 Maart 1982).<sup>1</sup>

Steun vir die verregse partye is egter nie beperk tot die werkersklas nie. Die Konserwatiewe Party het ook steun in sekere Afrikaner- establishment kringe, veral in die onderwys en die kerk. Hierdie steun kan gedeeltelik toegeskryf word aan die tradisionele apartheidsaanslag van die Konserwatiewe en ander regse partye se voorgestelde beleid. Daarbenewens is ekonomiese oorwegings soos uitgewys, 'n verdere belangrike rede vir die steun wat die regse partye geniet. Regse blankes, waaronder veral Afrikaners, het dus die veranderinge beskou as bewys dat die Nasionale Party-regering nie langer die tradisionele blanke posisie van beskerming en bevoorregting handhaaf nie en dit het tot hul vervreemding gelei.

Die afname van Afrikanersteun vir die Nasionale Party word duidelik in meningsopnames oor die afgelope paar jaar weerspieël. Waar meer as 80% van alle Afrikaanssprekendes die Nasionale Party in die laat sewentigerjare ondersteun het (Hanf et. al., 1981 : 116), het byvoorbeeld slegs 60,6% van hulle

1. Die 1989-verkiesingsuitslae toon duidelik dat die Konserwatiewe Party sterk steun geniet van werkersklaskiesafdelings in die Pretoria-Witwatersrand-gebied (The Star, 8 September 1989).

die Nasionale Party in Julie 1986 gesteun (Rapport, 20 Julie 1986), 52,2% in Mei 1987, en 59,8% in Mei 1989. Alhoewel ongeveer 30% Engelssprekendes die Nasionale Party ondersteun (Mark en Meningsopname, Mei 1987 en Mei 1989), is dit steeds fundamenteel 'n etniesgebaseerde party wat in 'n groot mate op etniese druk reageer. Wat die 1987-verkiesing betref, lyk dit of die meeste steun vir die Nasionale Party gekom het uit die hoër range van die staatsdiens, van die jong professioneles en die sakesektor (Lourens en Kotzé, 1987 : 32). Hoewel Lourens en Kotzé nie noodwendig net na Afrikaner-steun verwys nie, kan daar wat die sakesektor betref grootliks aanvaar word dat dit ten minste die Afrikaner-sake-elite insluit.

In hierdie navorsing is dit ook bevestig. Van die 43 top Afrikaner-sakemanne met wie onderhoude gevoer is, was 41 onomwonde ondersteuners van die Nasionale Party, hoewel hulle nie noodwendig ingeskrewe lede is nie. Die oorblywende twee se party-affiliasies was moeilik om te bepaal vanweë geskilpunte met die regering in die verlede. Dat hulle wel vir die Nasionale Party in 'n verkiesing stem, kan nie uitgesluit word nie, aangesien hulle politieke oortuigings in 'n groot mate met Nasionale Party-beleid ooreenstem (sien hoofstuk 5). Volgens AHI-woordvoerders behoort nie meer as 15% van hulle lede aan die Konserwatiewe Party nie. Hierdie steun is ook hoofsaaklik plattelandse kleinsakemanne in die Transvaal.

### **3.5.1.1 Die bevoordeling van die Afrikaner-sakesektor deur Nasionale Party-regerings**

Afgesien van blote etniese en ideologiese gebondenheid aan die Nasionale Party, is die Afrikaner-sakesektor ook heelwat aan die Nasionale Party-regerings van 1924-1933 en dié sedert 1948 verskuldig deurdadig hulle op verskeie wyses bygedra het tot die vooruitgang en materiële welvaart van hierdie sektor. Hierdie bevoordeling is implisiet 'n verdere faktor wat die band tussen die Afrikaner-sakeman en die Nasionale Party-regering versterk het.

Soos reeds na verwys, het die Afrikaner in die algemeen ook voordeel uit die Nasionale Party-regerings getrek. As voorbeelde hiervan dien die streng beperkings op plaaswerkers, die algemene begunstiging van die boere en die landbou, asook die oprigting van grensnywerhede naby gevestigde Afrikaner-gemeenskappe in die omgewing van byvoorbeeld Pretoria, Brits en Pietersburg in die Noord-Transvaal en in die Newcastle/Ladysmith-gebied in Noord-Natal. In Trapido (1971 : 318) se woorde sou dit verseker dat "Afrikaner areas acquire an increased share of the national income". In hierdie verband moet egter uitgewys

word dat daar geen bewyse bestaan dat Afrikaner-ondernemings uit tuislandontwikkeling en grensnywerhede voordeel getrek het nie.

Die Nasionale Party-regerings se bydrae tot die ekonomiese vooruitgang van die Afrikaner word duidelik deur Du Plessis (1964 : 72) gestel: "Dit is onmoontlik om 'politiek' van die Afrikaner se ekonomiese vooruitgang los te maak. Die twee lyne loop nie ewewydig nie: daar is 'n voortdurende kruising en sameloop. Een van die mees verreikende voorbeelde hiervan is die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1924". Beide die Pakt-regering en die Nasionale Party-regering sedert 1948 was die Afrikaner simpatiekgesind. Veral die werker en die boere wat tot in die sestigerjare die grootste gedeelte van die Nasionale Party se steun uitgemaak het, is bevoordeel. Wat die Afrikaner-sakelui betref, wys Giliomee (1981 : 129) daarop dat hulle ook op verskeie wyses deur die regering begunstig is: "Ongetwyfeld is Afrikaner-sakeondernemings soms voorgetrek in die staat se toekenning van visvangkwotas, minerale konsessies en kontrakte".

Volgens Trapido (1971 : 317) het Suid-Afrika se drankwette, wat die kleinhandelverkope van alkohol gereguleer het deur die aantal lisensies vir drankwinkels in verhouding tot die blanke bevolking in landrosdistrikte beperk het, ook die Afrikaner bevoordeel. Laasgenoemde het vanweë hul politieke konneksies die lisensies gekry.

In die middel sewentigerjare het sodanige begunstiging groot afmetings aangeneem in die geval van die Departement van Inligting. Meer as 98% van hierdie departement se begroting van twee en 'n half miljoen Rand vir die druk van publikasies, het na die Perskor-groep gegaan, 'n maatskappy wat toe etlike ministers, insluitende die Minister van Inligting, op sy direksie gehad het. Nog 'n voorbeeld van 'n Afrikaner-maatskappy wat etlike miljoene rand se kontrakte van die staat gehad het ('n aantal kabinetslede het ook heelwat aandele in die maatskappy besit), is Bester Beleggings Bpk, 'n konstruksie-maatskappy. Een van die kontrakte was byvoorbeeld die oprigting van die derde Yskor by Newcastle in Natal. Daarbenewens het dié maatskappy ook kontrakte van tussen agt en twaalf miljoen Rand van die Departement van Gemeenskapsbou, sowel as die Transvaalse Provinsiale Administrasie bekom (Schoeman, 1980 : 98).

Die Nasionaliste het byvoorbeeld ook hul keuse tot ondersteuning ten gunste van die Afrikaner-sakeman uitgeoefen. Sentrale- en plaaslike owerhede het onder meer hul rekenings van tradisioneel Engelse na Afrikaner-finansiële instellings, soos Volkskas Bank verskuif.

Hoewel begunstiging deur die regering in gevalle steeds voorkom, byvoorbeeld die hantering van Nasionale Party-verkiesingsreklame of dié van staatsdepartemente deur Afrikaanse reklamemaatskappye,<sup>1</sup> is die regering tans meer daarop gesteld om 'n beeld van onpartydigheid voor te hou.

Die Afrikaner-sakesektor het ook verder indirek gebaat deur sy verhouding met die Nasionale Party-regering deurdat Engelssprekende ondernemings saam met die Afrikaner wou werk. In hierdie verband sê Sadie (1957 : 17) : "Met 'n party aan die bewind wat vir die oorgrote meerderheid uit Afrikaners bestaan, vind ons verder 'n groter gewilligheid by ondernemings om samewerking met Afrikaanse sake te soek, deels waarskynlik omdat geglo word dat laasgenoemde makliker toegang tot die owerhede sou hê". Dit is ook 'n bekende feit dat dit een van die groot oorwegings was waarom Anglo American Corporation toegelaat het dat Federale Mynbou, General Mining and Finance Corporation oorneem. Die mynwese sou dan ook toegang tot die regering deur hierdie Afrikaners hê.<sup>2</sup>

Openbare korporasies het verder 'n belangrike rol in die Afrikaners se ekonomiese vooruitgang gespeel. Belangrik is dat nie al die openbare korporasies deur die Nasionale Party-regering sedert 1948 gestig is nie. Sommige is reeds voor en tydens die Hertzog-regering begin. Eskom is byvoorbeeld in 1922 gestig en Yskor in 1928. Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie is in 1940 vanweë die oorlogsituasie begin toe invoere skaars was en die land in sy eie bestaansbronne moes voorsien. Hoewel die korporasies na 1948 nie primêr gestig is om Afrikanerbelange te bevorder nie, het hulle tog in die praktyk die Afrikaner entrepreneur grootliks aangehelp.<sup>3</sup> Sadie (1957 : 17-18) verduidelik as volg: "... die toetrede van die regering(s) tot die bedryfslewe deur die oprigting van ondernemings soos Yskor, Sasol, Foskor, Eskom en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (het) geleenthede daargestel waardeur die Afrikaner ondervinding van die ondernemingsfunksie kon opdoen; geleenthede wat hy andersins nie sou gehad het nie". 'n Voormalige voorsitter van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie het erken dat in terme van openbare en semi-

- 
1. Hierdie inligting is deur onderhoude met die sake-elite verkry.
  2. Hierdie inligting is verkry by Afrikaner-sakeleiers wat by hierdie oornamete betrokke was. Volgens hulle het Oppenheimer en andere onder meer ook van die standpunt uitgegaan dat die regering nie die goudmynbedryf swaarder sal belas as Afrikaners ook 'n deel van dié bedryf sou besit nie.
  3. 'n Ontleding van die redes vir die oprigting van die openbare en semi-openbare korporasies val buite die bestek van hierdie studie. Wat wel hier van belang is, is dat Afrikaner-sakeleiers bepaalde voordele uit hierdie korporasies getrek het.

openbare korporasies, die staat "has ignored 'the usual practice' of balancing the language groups, and that hardly any English-speaking people hold positions in State utility corporations" (soos aangehaal in Bunting, 1986 : 384). Hierdie situasie het sedertdien ietwat verander, hoewel die meerderheid op die direksies van hierdie korporasies steeds Afrikaanssprekend is. In 1989, byvoorbeeld, bestaan die direksie van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie uit twee Engelssprekendes en sewe Afrikaanssprekendes, dié van Krygkor uit twee Engelssprekendes en nege Afrikaanssprekendes en dié van Yskor uit vier Engelssprekendes en ses Afrikaanssprekendes. Die meerderheid op Foskor se direksie is ook Afrikaanssprekend. Van hierdie korporasies, soos die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, het onder meer gesamentlike ondernemings met Afrikaner-maatskappye soos Federale Kunsmis en Sentrachem aangegaan (Financial Mail, 19 Junie 1970). Dit is dus baie duidelik dat selfs dié korporasies wat voor 1948 gestig is, sedert Nasionale Party-bewind ook tot voordeel van die Afrikaner gestrek het.

Ongetwyfeld het die belangrikste ontwikkeling van die staat se kapitaalbelange sedert 1948 plaasgevind. Volgens Sadie het die belang van die openbare sektor in die ekonomie tussen 1946 en 1976 met 50% verhoog ( in Giliomee, 1981 : 125). Die groei van staatskapitalisme in Suid-Afrika sedert 1948 word dikwels geïnterpreteer as die groei van Afrikaner-kapitalisme (Callinicos en Rogers, 1977 : 38).

'n Verdere aspek wat bygedra het tot voordeel van Afrikaner- ondernemings was die feit dat ook van die vernaamste Afrikaner-sakelui op die direksies van staatskorporasies aangestel is, terwyl senior staatsamptenare weer in die direksies van Afrikaner-ondernemings gedien het. "The Broederly assistance from public funds is made easier by a system of interlocking directorates which has been built up between National capital and State capital" (Bunting, 1986 : 389). Hierdie verskynsel, waar van die vernaamste Afrikaner-sakelui op die direksies van staatskorporasies dien, kom steeds voor. Voorbeelde is onder meer dr C van Wyk (besturende direkteur van Trust Bank) wat op die direksies van Yskor en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie dien, mnre AJ van den Berg (Sankorp) en M Jonker (Martin Jonker Motors) op die direksie van Krygkor, en adv CH Wiese (voorsitter van Pep Stores) op dié van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie. Ook was daar 'n uitgebreide mobiliteit van Afrikaner-sake-elite tussen Afrikaner-privaatondernemings en staatskorporasies. Goeie voorbeelde uit die verlede is onder meer dr PE Rousseau van Federale Volksbeleggings wat aangestel is as voorsitter van Sasol in die vyftigerjare en wat by aftrede weer die voorsitterstoel

van Federale Volksbeleggings oorgeneem het. 'n Voormalige voorsitter van Federale Mynbou, dr T Muller, was ook later voorsitter van Yskor.

Uit voorafgaande is dit dus baie duidelik dat oorvleuelende etniese- en partylidmaatskap van die Afrikaner-sake-elite hom in die posisie gestel het dat hy ook in 'n sekere mate deur Nasionale Party-regerings bevoordeel is.

### **3.5.1.2 Die persoonlike verhouding tussen die sakesektor en regeringshoofde (1958-1977)**

In hierdie afdeling gaan dit spesifiek om die persoonlike verhouding tussen onderskeidelik Verwoerd en Vorster en die sakesektor. Teen hierdie agtergrond kan die verhouding tussen dié sektor en Botha (hoofstuk 5) vergelyk en ontleed word.

Die invloed van belangegroep op besluitneming word onder meer bepaal deur die mate van "oopheid" vir raad wat by die regeringshoof bestaan, asook sy verhouding met die betrokke belangegroep. Hoofsaaklik drie belangrike aspekte het die verhouding tussen Verwoerd en die sakesektor beïnvloed: sy persoonlikheid, sy onwrikbare verbondenheid aan sy beleid van afsonderlike ontwikkeling en sy beweerde ekonomiese onsensitiwiteit.

Met sy uitsonderlike leierskapseienskappe en voortreflike intellek het Verwoerd nie net ferme leiding aan sy Kabinet gegee nie, maar het hy binnelandse beleidsformulering domineer. Hoewel hy nie onwrikbaar vir oortuiging was nie, was hy hardnekkig gekant teen enige buigbaarheid ten opsigte van sy apartheidsbeleid. In die woorde van Schoeman, een van sy kabinetsministers in hierdie verband: "Ek het selde indien ooit daarin geslaag om hom van standpunt te laat verander" (Schoeman, 1978 : 245,272). Hoewel hy veral vir die Afrikaner-sakelui 'n groot mate van toegang verleen het, was hy onontvanklik vir hul vertoë. Dit word deur enkele van die sakelui met wie onderhoude gevoer is, bevestig. Soos een sakeman dit gestel het: "Verwoerd was glad nie oop nie, hy was bang hy sal oortuig word" (De Villiers, 1987). Volgens dr P E Rousseau het hy by alle Eerste Ministers inspraak gehad "Progressief het hulle meer geluister - Verwoerd glad nie" (Rousseau, 1987).

Die Afrikaner-sakeman oor die algemeen het na aan sy hart gelê. Sedert sy dae as redakteur van Die Transvaler het hy die ekonomiese belange van die Afrikaner beskerm en bevorder (Scholtz, band 1, 1974 : 208). Dit is dus begryplik dat toe hy in 1958 Eerste Minister geword het, daar steeds 'n groot mate van simpatie vir

hulle bestaan het. Die verhouding tussen Verwoerd en die vernaamste Afrikaner-sakeleiers sou steeds van intieme aard wees. (Na die uitsonderings word hieronder verwys) Verwoerd het 'n besondere goeie verhouding met die AHI gehad wat sy beleid gesteun het. Op die AHI se aandrang het Verwoerd die Ekonomiese Adviesraad in 1963 gestig waarop hy 'n hele paar prominente Afrikaner-sakelui benoem het. Die noue verbintenis met die AHI kan verder illustreer word deur Verwoerd se persoonlike verhouding met die AHI se tweede president, dr "Kaalkop" van der Merwe. Nie net het Verwoerd hom beïnvloed nie maar het hy hom ook soms geraadpleeg oor sekere ekonomiese aangeleenthede. Hierdie verhouding was so heg dat Van der Merwe op 'n AHI-Hoofbestuursvergadering gesê het dat hy die agenda met Dr Verwoerd bespreek het en dan dié se mening oor sekere aangeleenthede weergegee het. Daar is dan verder gegaan en die hoofbestuur is meegedeel op watter punte die regering nie sal toegee nie. Dié betrokke aspekte is dan laat vaar. (Greyling, 1988). Toe die AHI in 1963 sy 21-jarige bestaan herdenk het, het ook 'n spesiale boodskap van Verwoerd gekom (bylaag tot Volkshandel, September 1963 : 3).

Vanweë sy onwrikbare verbintenis aan apartheid het daar uiteraard nooit 'n vertrouensverhouding tussen Verwoerd en die Engelssprekende sakesektor bestaan nie. Daarbenewens was hy 'n verklaarde vyand van die sogenaamde groot geldmag (verwysende hoofsaaklik na Anglo American en sy buitelandse verbintnisse). In hierdie verband het hy byvoorbeeld in September 1965 in 'n toespraak op Heidelberg die volgende gesê: "Daar is 'n wesenlike gevaar dat die Suid-Afrikaanse geldmag sal saamsmelt met die geldmag wat vreemd aan Suid-Afrika en sy volk is. Die land sal moet toesien dat die ontwikkelende geldmag trou bly aan die nasie en nie in botsing kom met die ideale en veiligheid van sy mense nie" (soos aangehaal in Schoeman, 1980 : 10).

Min inligting bestaan egter oor Verwoerd se persoonlike verhouding met die Engelssprekende sakesektor. Die gevolgtrekking kan nietemin gemaak word dat daar, met die uitsondering van 1960/1961 toe die ekonomie in 'n krisis was, ten minste geen openlike konfrontasie tussen dié Engelssprekendes en Verwoerd was nie. Privaat egter, het die slagspreuk van Engelse sakelui opgegaan "Verwoerd must go!" (Schoeman, 1980 : 9). Dit was feitlik uitsluitlik in genoemde krisistjare dat Engelssprekendes hul sterk uitgespreek het ten gunste van onder meer die ontwikkeling van Suid-Afrika as 'n enkele ekonomiese entiteit, 'n meer buigsame beleid van werkreservering, die verslapping van die maatreëls wat mobiliteit van arbeid beperk en die toelating van swartes tot vakbonde. Die regering is dus versoek om in teenstelling met regeringsbeleid, prioriteit te gee aan ekonomiese oorwegings ten koste van sy rasse- en nasionalistiese beleid. Die Verwoerd-

regering het geargumenteer dat alle ekonomiese aktiwiteite moes konformeer met sy apartheidsideologie en sodanige aktiwiteite moes 'n ondergeskikte rol speel as dit sou bots met die regering se politieke beginsels. In hierdie verband het die Minister van Ekonomiese Sake in 1959 gesê: "...there are times when the ideological interests of a country and the spiritual needs of a nation demand that the economic considerations take second place" (soos aangehaal in Hartman, 1962 : 1-2).

Die Afrikaanse sakesektor het regeringsbeleid en ekonomiese doelstellings met mekaar probeer versoen. Soos P E Rousseau, toe hoof van Sasol dit gestel het: ".....everybody in South Africa should accept the fact that social and political considerations have to play an exceptional role... .At the same time, in working out our social and political pattern we should not ignore the economic laws, since no community or government can exist without bread" (soos aangehaal in Hartman, 1962 : 16).

Verwoerd se besluit om Suid-Afrika uit die Statebond te onttrek het veral groot teenkanting uit die Engelssprekende sakesektor ontlont aangesien hulle die verlies aan goedgesindheid en handelsvoorkeure gevrees het wat groot ekonomiese implikasies kon inhou. Verwoerd het egter geargumenteer dat waar die Statebond nie apartheid kon akkomodeer nie, hy genoodsaak was om Suid-Afrika se lidmaatskap te beëindig. Dit is 'n voorbeeld waar politieke selfbeskikking voorop gestel is. Met die ekonomiese opbloei sedert 1962 was daar relatief min openlike tekens van ontevredenheid met die Verwoerd-bewind onder sakeleiers te bespeur. Sommige aspekte van die apartheidsbeleid was funksioneel vir die groei van veral die mynbou byvoorbeeld goedkoop arbeid deur die trekarbeidstelsel (sien onder meer Lipton, 1985 : hoofstuk 5). Wat die vervaardigingsektor betref, het apartheid ook sekere voordele ingehou soos lae lone vir swart werkers. Vanweë 'n toename in kapitaal-intensiewe groei het die koste van apartheid, veral teen die 1970s, egter die voordele oorskry (sien bv. Lipton, 1985 : hoofstuk 6).

Nieteenstaande die feit dat die Afrikaner-sakesektor die ideologiese grondslag van apartheid per se ondersteun het, was daar tog ook diegene wat verskil het ten opsigte van een basiese vraag naamlik die verskil tussen "politieke skeiding" en "ekonomiese integrasie" van swartes in sogenaamde blanke gebiede. Wat die "politieke skeiding" betref, het die regering en die Afrikaner-sakeleiers saamgestem terwyl hulle oor die algemeen ten opsigte van "ekonomiese integrasie" van die regering verskil het (sien ook afdeling 3.5.1). Verwoerd se standpunt was dat die politieke posisie van die blanke alleen verskans kan word indien die ekonomie van Suid-Afrika so georden en gebuig word dat dit apartheid

ondersteun. Oor hierdie aangeleentheid het veral dr Anton Rupert hom die gramskap van Verwoerd op die hals gehaal. Die eerste werklike groot botsing tussen Rupert en Verwoerd het in 1959 gekom. In hierdie jaar het Rupert besluit om op 'n vennootskapsbasis saam met kleurlinge 'n fabriek in die Paarl op te rig. Hoflikheidshalwe, en op versoek van sy direksie ('n voorbeeld van die kenmerkende onderdanigheid van Afrikaner-sakelui teenoor die regering) het Rupert Verwoerd daarvoor ingelig. Op Verwoerd se vrae of kleurlinge op die direksie sal dien en of blankes onder hulle beheer sal werk, het Rupert bevestigend geantwoord. Verwoerd het onmiddellik gedreig dat hy in daardie geval die fabriek sal sluit (Esterhuyse, 1986 : 39).

Rupert het ook die stigting van 'n Bantoe-ontwikkelingskorporasie bepleit wat nie vir die owerheid aanvaarbaar was nie, want deelname van wit entrepreneurs aan die tuislande is verbied. Daar was ook ander episodes waar Rupert die gramskap van Verwoerd op die hals gehaal het (sien Esterhuyse, 1986 : 42, 61). Verwoerd het na bewering die poging blokkeer dat Rupert tot eerste kanselier van die Universiteit van Port Elizabeth verkies word.

In verskeie werke en opmerkings word Verwoerd se ekonomiese onsensitiwiteit en by implikasie sy gebrek aan ekonomiese kennis, wat veral sy verhouding met die Engelssprekende sakesektor beïnvloed het, beklemtoon. As redakteur van Die Transvaler in 1940 het hy reeds sterk gepleit dat die verbreking van die ekonomiese bande wat Suid-Afrika aan Brittanje gebind het, net so 'n belangrike taak was as die verbreking van die politieke bande (Scholtz, band 1, 1974 : 89). Na 'n Parlementsitting het mnr Harry Oppenheimer hom byvoorbeeld as volg uitgelaat: "One of the most shocking things to emerge.....was the declared determination.....to slow down South Africa's economic progress, if necessary, in pursuit of ideological doctrines.....When you have a man prepared to slow down his nation's economic welfare on account of political theories, you are dealing with an impractical fanatic" (Scholtz, band 1, 1974 : 219).

Verwoerd se gebrek aan 'n sake-georiënteerde ekonomiese beleid is ook in die onderhoude met Afrikaner-sakeleiers wat aan hom bekend was, bevestig. Soos een sakeman dit gestel het: "As Verwoerd enige kennis of sensitiwiteit gehad het vir die ekonomie, sou hy onmiddellik beseef het dat sy planne geen kans het nie". Heelwat van die sakeleiers was ook die mening toegedaan dat Verwoerd minder kennis van die ekonomie gehad het as Vorster. Hierdie ekonomiese onsensitiwiteit en gebrek aan kennis is grootliks gebaseer op sy besluit oor uittrede uit die Statebond en veral sy beleid van nywerheidsdesentralisasie, ofte wel sekere aspekte van ekonomiese integrasie. Laasgenoemde aspekte dui op sakeleiers se

beoordeling van Verwoerd se ekonomiese kennis. Apartheidsmaatreëls wat in hul guns getel het, het nie Verwoerd se "onkunde" gereflekteer nie.

Verwoerd se onbuigsaamheid oor sy apartheidsbeleid en sy gebrek aan ekonomiese sensitiwiteit het daartoe gelei dat hy nie oop was vir die oortuigings wat moontlik sy beleid kon aantast. By implikasie het dit hom vervreem van die Engelssprekende sakesektor asook die enkele Afrikaner-sakeleiers wat met hom sou verskil. Wat suiwer ekonomiese beleid betref, het hy wel aandag geskenk aan die sienings van sy Ekonomiese Adviesraad en die AHI.

Wat Vorster betref, (1966-1977) het sy bestuurstyl in die eerste plek met dié van Verwoerd verskil. Toe Vorster Eerste Minister geword het, het hy op die eerste kabinetsvergadering verklaar: "Dr Verwoerd was 'n geestelike reus. Hy het vir elkeen van ons gedink. Daarom kan ek nie 'n tweede Verwoerd wees nie. Elkeen moet van nou af sy eie werk ken en homself daarin verdiep en dit beheer" (Schoeman, 1978 : 14) (Die gevolg van hierdie bestuurstyl was byvoorbeeld die wanpraktyke van die voormalige Departement van Inligting). Verwoerd het die Kabinet totaal oorheers met sy geweldige sterk persoonlikheid. Vorster het baie sterk op sy ministers vertrou (D'Oliveira, 1977 : 215).

'n Tweede verskil met Verwoerd ten opsigte van bestuurstyl was dat al Verwoerd se besluite in terme van 'n allesomvattende meesterplan geneem is, terwyl Vorster se ideologiese doelwitte minder samehangend of dwingend was. Ten spyte van Vorster se reputasie as Minister van Justisie dat hy ten opsigte van wet en orde onverbiddelik en onverskrokke is, het hy na sy bewindsoomame 'n opmerklieke mate van politieke buigsaamheid getoon. 'n Afname van blanke getalle in verhouding met die totale bevolking tesame met die hoë ekonomiese groei in die sestigerjare het hervormings noodsaaklik gemaak (sien Giliomee en Schlemmer, 1989 : 115-118). Hoewel hy sterk die beginsels van afsonderlike ontwikkeling onderskryf het, het hy nie die beleid met dieselfde konsekwentheid as Verwoerd nagevolg nie. Soos Dr Rupert dit gestel het: "Die erosie van apartheid het onder die bewind van mnr John Vorster momentum gekry" (Esterhuysen, 1986 : 108). Hy was bereid om toegewings te maak op minder belangrike aspekte van rasseverhoudings waarvan die eerste die verandering in die sportbeleid was. Ander veranderings wat meer direk die sakesektor geraak het, was onder meer sy pogings om 'détente' met Afrika-state te bewerkstellig. Die sakesektor het gehoop dat dit die politieke situasie sal stabiliseer en die weg oopmaak vir ekonomiese geleenthede in Afrika en sodoende internasionale druk verminder. Anders as Verwoerd, het Vorster ook ekonomiese groeipunte onder die desentralisasiebeleid binne die tuislande toegelaat en selfs onderneem om beleggers te kompenseer vir

verliese wat hulle as gevolg van onafhanklikheid kon lei. Vanweë 'n gebrek aan belangstelling by die sakesektor het hy selfs in 1974 die finansiële aansporings vergroot. 'n Toenemende verswakking van die ekonomie, die tekort aan geskoolde mannekrag en 'n toename toename in stakings en politieke onrus, het stadigaan ook gelei tot 'n groter liberalisering op die arbeidsterrein.

Die vraag is egter of hierdie groter ideologiese buigzaamheid (wat deur toenemende ekonomiese en politieke druk teweeggebring is) en sy verklaarde voorneme om groter samewerking tussen Afrikaners en Engelssprekendes te bewerkstellig, enige verandering in die tradisionele verhouding tussen die regering en die Engelssprekende sakelui veroorsaak het. Anders as Verwoerd het Vorster ook nie die die sogenaamde groot geldmag as bedreiging gesien nie. Ter illustrasie hiervan is onder meer die feit dat Vorster die openbaarmaking van die sogenaamde Hoek-verslag oor die bedrywighede van Anglo American en Oppenheimer verbied het. Voor sy dood het Verwoerd na bewering professor Piet Hoek, Adjunk-hoofbestuurder van Yskor, nie-amptelik aangemoedig om 'n ondersoek te loots na die bedrywighede van Anglo American. Verwoerd is egter dood voor die voltooiing van die verslag (sien Schoeman, 1980 : 49-51).

Volgens van die Engelssprekende sake-elites met wie onderhoude gevoer is, was Vorster meer geredelik aanvaar in hulle geledere. 'n Voorbeeld wat genoem is, is dat hy in kringe van die Rand Club toegang gehad het, 'n deur wat nog nie vantevore vir 'n Afrikaner-Eerste Minister oopgestaan het nie.<sup>1</sup> Volgens Dagbreek (3 November 1968), 'n eertydse Sondagkoerant, was die Rand Club die "bronaar van Britse Jingoïsme". "Dit was hier dat empire-bouers ontmoet het en hulle beplanning gedoen het. Sedertdien het die klub meer Suid-Afrikaans geword, maar dit het nogtans essensieel Engels gebly".

Desnieteenstaande was Vorster se verhouding met die Engelse sake-elite koel en op 'n afstand. Hy het geglo in die spreekwoord "the business of business is business" en dat politiek in die hande van die politici gelaat moet word wat 'n algemene mandaat het om gekose beleidsrigtings te volg. 'n Goeie voorbeeld van hierdie standpunt van Vorster was sy reaksie op ASSOCOM se oproep in 1976 om die rassebeleid te herstruktureer. "Change must come through political

---

1. Op 1 November 1968 was Vorster die eerste Nasionale Party Eerste Minister wat sowat 200 Engelssprekende sakelui op 'n dinee in die Rand Club toegesprek het, waarna hy volgens die koerant Dagbreek, staande toegejuig is. "Rhodes en Jamieson en Britse Konings", berig die koerant "sou sekerlik die toneel met ongeloof in hulle oë gade geslaan het..." (Dagbreek, 3 November 1968).

process....[T]he Government cannot abdicate its basic responsibilities and principles to business and other groups....You cannot ask me to accept policies rejected by the electorate and in which I do not believe" (Comment and Opinion, 29 October 1976 : 11-16). In sy openingsrede by ASSOCOM se jaarlikse kongres in Oktober van dieselfde jaar het hy ook prontuit gesê dat sakeleiers die politiek aan politici moes oorlaat (Hill, 1983 : 60).

Verandering in Vorster se tyd het teen 'n baie stadige tempo plaasgevind. Hy was nie van plan om toe te laat dat die ideologiese en klasseverskille binne sy party tot uitbarsting kom nie en het hom dus weerhou van enige druk om die hervormingsproses te versnel. Om dié rede is Engelsspreekendes ook nie by beplanning en besluitneming betrek nie. In 'n onderhoud met Giliomee het Vorster hom as volg uitgelaat: "In my time I also talked to all the leading businessmen, but I never involved them in planning and decision-making. The moment you do that you invite endless problems with your party" (soos aangehaal in Giliomee, 1982a : 37). Dit is treffend dat Vorster nooit met Mnr Oppenheimer (Voorsitter van Anglo American) gepraat het nie (Giliomee, 1982a : 35).

Soos uitgewys word in afdeling 3.7, het Afrikaner-sakelui se eise en verstoë onder die Vorster-bewind hoofsaaklik binne breë regeringsbeleid geval. Na 1976 is toenemend versoek dat onder meer vrypag of langdurige huurpag toegestaan word aan swartes in die "blanke" stede. Alhoewel hulle sedert die vroeë sewentigs gretig was dat die regering groter arbeidsmobiliteit moes toelaat, was hulle uitsprake en versoeke in hierdie verband gematigd en apologeties. Volgens die president van die AHI in 1973/74 : "Met Vorster was daar baie goeie toegang - ons het uitstekende verbintenisse met hom en sy ministers gehad." Anders as onder die Verwoerd-bewind lyk dit of presidente van die AHI in Vorster se tyd bloot welwillendheidsbesoeke (een maal per jaar) aan hom gebring het, terwyl werklike onderhandeling met ministers en hoofde van staatsdepartemente gevoer is. 'n Verklaring hiervoor kan moontlik sy veranderde bestuurstyl wees. Omdat sy kennis en belangstelling van die ekonomie (volgens sakeleiers) ook beperk was, lyk dit of hy ekonomiese aangeleenthede in die hande van die betrokke ministers en departemente gelaat het.<sup>1</sup>

---

1. In die literatuur oor Vorster word feitlik geen aandag aan veral besluitneming oor sosio-ekonomiese en ekonomiese aangeleenthede gegee nie. Die rol van onder meer die Ekonomiese Adviesraad, sakeorganisasies soos die AHI en individuele sakeleiers, is onbekend. Hierdie aspekte val nie binne die bestek van hierdie studie nie, maar daar kan nie nagelaat word om die opvallende gebrek aan navorsing op hierdie terrein uit te wys nie.

Na bewering was daar egter veel nouer kontak tussen Vorster en veral verteenwoordigers van die Afrikanergeldmag in die Suid as wat die geval met Verwoerd was.

In die styl van sy voorganger en dié van sy opvolger, het Vorster ook nie enige teenstand in die openbaar van Afrikaners wat Nasionale Party ondersteuners was, geduld nie. 'n Goeie voorbeeld is Dr Wassenaar (1976), Voorsitter van Sanlam wat in sy boek Assault on Private Enterprise (1976), sosialistiese neigings aan die uitbreidende burokrasie toegeskryf het. Vorster het Wassenaar kragtig in die Parlement aangeval (Hansard, 4 Februarie 1977 : Kol. 783-790). Vorster was egter in privaat gesprekke bereid om na kritiek en besware (ook van Afrikaner-sakelui) te luister en daarop te reageer. Toe Rupert in 1976 by Vorster gaan beswaar aanteken het oor die feit dat die dagblad The Citizen na bewering via Switserland deur die regering gefinansier word, het Vorster gesê dat hy nie daarvan bewus was nie en beloop om die aangeleentheid te laat ondersoek (sien Esterhuyse, 1986 : 43).

Uit voorafgaande bespreking blyk dit dat Vorster (vanweë veral ekonomiese en politieke omstandighede) baie meer pragmaties en nie so 'n onbuigsame ideoloog as Verwoerd was nie. Dit is duidelik weerspieël in die pogings wat hy aangewend het om sekere toegewings ten opsigte van die apartheidsbeleid te maak en nouer samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes te bepleit. Noodwendig het dit gelei tot ten minste 'n beter gesindheid tussen die regering en die Engelssprekende sakesektor as onder die Verwoerd-bewind.

### 3.5.2 Afrikaner-Broederbond

Naas die Nasionale Party is die Afrikaner-Broederbond (AB) die belangrikste organisatoriese struktuur wat deur die Afrikaner-elite gebruik is om die ideale van Afrikaner-nasionalisme te verwesenlik en te handhaaf.

Die opkoms van die Afrikaner-sakeman is wesenlik gekoppel aan die Afrikaner-Broederbond wat in 1918 deur Randse Afrikaners gestig is met die doel om die identiteit van die Afrikaner te beskerm in 'n stadium wat hy ekonomies en kultureel verarm was, en deur verengelsing bedreig is. Volgens IJ Lombard, 'n voormalige sekretaris van die Broederbond, "the Afrikaner soul was sounding the depths of the abyss of despair" (Serfontein, 1979 : 31). Dat die Broederbond aan die Rand gestig is, het 'n gebrek aan vertroue in die doeltreffendheid van die Nasionale Party se optrede daar weerspieël. Met die Volksraadsverkiesing in 1915 het dié party aan die Rand baie swak gevaar. Baie verstedelike, verarmde Afrikaners het reeds by die

Arbeidersparty aangesluit, en was volgens Afrikanerleiers besig om hul trots in hul Afrikanerskap te verloor. Ander gebeurtenisse (sien Muller, 1990 : 607) het ook daartoe gelei dat die stigters van die Broederbond gevoel het dat die Nasionale Party nie doeltreffend aan die Rand in belang van die Afrikaner kan optree nie. In die vroeë jare egter, was die Broederbond in die woorde van LJ du Plessis, ook 'n voormalige sekretaris, "nie veel meer as 'n semi-godsdiensstige organisasie nie". Die amptelike geskiedenis van die Broederbond maak dit duidelik dat die organisasie in daardie jare nie 'n werklike begrip van sy doelstellings gehad het nie (Pelzer, 1979 : 10-11). Nietemin het die Broederbond in sy wese dieselfde doelstelling as die Nasionale Party gehad, maar het net later aan 'n breër front as die politiek beweeg. Daarby het hy ook spoedig by sy lede op geheimhouding aangedring.

Sedert die vroeë dertigerjare het die Broederbond 'n deurslaggewende rol gespeel in die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in veral die Noorde. Die Broederbond het verskeie frontorganisasies gestig om 'n greep op Afrikaner-nasionalisme en later die regeringstruktuur self te kry. Die stigting van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) in 1929 was een van die grootste mylpale in die vroeë periode van sy bestaan. Volgens die amptelike geskiedenis van die Broederbond is die "FAK deur die moederorganisasie as sy openbare arm beskou" (Pelzer, 1979 : 120).

Een van die belangrikste doelstellings van die Broederbond was om Britse dominasie teen te werk deur die omskepping van die ekonomiese posisie van die Afrikaner wat gesukkel het om opgang te maak in die ekonomie, veral wat die Noorde betref waar die landbou die enigste sektor was wat deur die Afrikaner beheer is. Die betrokkenheid van die Broederbond in die ekonomiese ontwikkeling van veral die noordelike Afrikaner het in 1931 begin toe 'n kommissie in die organisasie benoem is om 'n ekonomiese beleid saam te stel. In dieselfde jaar is die verslag voorgelê aan 'n Ekonomiese Bondskongres. Besprekings op hierdie kongres het hoofsaaklik gesentreer rondom die behoefte van 'n Afrikaner-georiënteerde handelsbank. Hoewel hierdie aangeleentheid reeds in 1924 bespreek is, is stappe eers in April 1934 gedoen toe Volkskas Bank in Pretoria gestig is. Al die lede van die direksie van Volkskas was op die Uitvoerende Raad van die Broederbond. Om steun vir die bank te werf, het die bestuurder asook die sekretaris van die Broederbond deur die land gereis.

In 1936 is 'n permanente Ekonomiese Kommissie deur die Broederbond gestig. Min is egter voor 1939 bereik. Behalwe Volkskas, is twee koöperatiewe "volkswinkels", naamlik Uniewinkels in Pretoria (1935) en Sonop in Bloemfontein (1937), gestig. Volgens Pelzer, wat uit 'n Noordelike perspektief geskryf het, was

(in hierdie stadium) die "volk dom en so ook die broers" as dit by finansiële waagstukke gekom het (1979 : 124).

Wat die Suide betref, was, soos reeds uitgewys, die ekonomiese posisie van die Afrikaner nie so haglik soos in die Noorde nie. Giliomee (1987 : 60) wys daarop dat daar teen 1915 reeds 'n Afrikaner-nasionalistiese establishment in die Wes-Kaap gevestig was "based on the one hand, on farmers and professional men who were also directors or main shareholders in local financial institutions and, on the other, on intellectuals of the Dutch Reformed Church and the University of Stellenbosch". Nietemin was daar in die Kaap in 1935 reeds 80 Broederbondsele met 1395 lede. Hierdie was 'n redelike merkwaardige prestasie aangesien die eerste sel van dié organisasie eers op 20 Mei 1931 in Kaapstad gestig is (Serfontein, 1979 : 35).

In die Kaap het van die hooffigure in onder meer Sanlam en Nasionale Pers in die dertigerjare ook betrokke begin raak by pogings van die Broederbond om die Afrikaner ekonomies op te hef.

Sanlam wou 'n finansieringshuis stig, maar hulle het nie die bronne gehad om die potensiële kapitaal te mobiliseer nie. MS Louw, Sanlam se mede-hoofbestuurder, het hierdie gedagte met die "leiers van die FAK" bespreek. In hierdie stadium was hulle besig om 'n volkskongres te beplan vir die ekonomiese opheffing van die armblanke. Louw het besef dat daar 'n groter krag agter die stigting van so 'n finansieringsmaatskappy gestel sou kon word indien die plan die steun van so 'n verteenwoordigende volkskongres kon hê en dat dit dus in belang van die volk sou wees indien hy sy plan deel sou laat word van die program van aksie van die kongres (Bezuidenhout, 1969 : 63). Louw was ook benoem tot die reëlingskomitee van die kongres. Die Broederbond het dus die leiding geneem in die organisering van die Ekonomiese Volkskongres in 1939 waaruit die Reddingsdaadbond, die Ekonomiese Instituut en die Afrikaanse Handelsinstituut ontwikkel het (sien afdeling 3.3).

Hierdie drie organisasies is onder die vaandel van die Broederbond gestig: "Die Ekonomiese Instituut is saamgestel deur die FAK in oorleg met die Afrikaner Broederbond" (Pelzer, 1979 : 127). Dit was dus in werklikheid 'n ekonomiese komitee van die Broederbond wat in die openbaar gefunksioneer het. Die Ekonomiese Instituut het op sy beurt weer die Reddingsdaadbond gestig. In hierdie verband word in die amptelike geskiedenis van die Broederbond die volgende gesê: "Die RDB, soos trouens ook die Ekonomiese Instituut, was 'n dogter van die FAK. Met die AB het daar altyd die nouste voeling bestaan omdat

die RDB se hoofamptenare in die reël altyd lede van die AB was en die meeste van die lede van sy Uitvoerende Raad ook. Om dié rede kon die Bond die RDB ook as 'n openbare arm gebruik en in die uitsonderlike gevalle waar 'n regstreekse skakeling nie moontlik was nie, kon dit deur die FAK gebeur" (Pelzer, 1979 : 128).

Die fondse wat die Reddingsdaadbond ingesamel het, is soos reeds uitgewys, onder meer in Afrikaner-ondernemings belê. Daarbenewens moes kleinhandelaars met korttermynlenings gesteun word wat slegs toegeken is na oorweging deur die Ekonomiese Instituut (almal Broederbondlede). Voorbrand Tabakmaatskappy, die voorgangers van Rembrandt Tabakmaatskappy, was een van die klein maatskappye aan wie 'n lening deur die Reddingsdaadbond gegee is. Voorbrand is gestig deur dr AJ Stals ('n Broederbondlid, direkteur van Volkskas en een van die kuratore van die Reddingsdaadfonds), dr N Diederichs (Hoofleier van die Reddingsdaadbond, onder voorsitter van die Ekonomiese Instituut en Broederbondvoorsitter van 1938-1942) en dr A Rupert (lid van die sekretariaat van die Reddingsdaadbond).

Toonaangewende lede van kultuurorganisasies, veral die Afrikaner-Broederbond, is as direkteure van die nuwe Afrikaner-ondernemings aangestel Moodie (1975 : 204-205). So is die sake- en kultuurelite ten nouste saamgesnoer in die bevordering van eie en etniese belange. Wat eie belange betref, verklaar Moodie (1975 : 206) dan ook sonder meer: "Economic advances through the Reddingsdaad were ...slight for the ordinary Afrikaner, although it certainly helped enrich those Broederbonders who organized it". Volgens Giliomee (1981 : 118) sou dit egter 'n verdraaiing wees om die optrede van die Afrikaner-elite te sien as 'n "siniese manipulering van etniese sentimente ten einde hulself te verryk". Die Afrikaner-elite het inderdaad geglo dat die armlankes se posisie slegs verbeter kon word deur 'n kombinasie van kapitalisme en etniese mobilisasie.

Die Broederbond het met sy rol as koördinerende liggaam van die Afrikaner se ekonomiese ontwikkeling voortgegaan. Van 1946 tot 1950 het 'n spesiale vergadering van Broederbond-sakelui en die Uitvoerende Bestuur elke Uitvoerende Bestuursvergadering voorafgegaan. In Oktober 1950 het die FAK en AHI ook die Tweede Ekonomiese Volkskongres belê. Die ekonomiese beweging soos deur die Broederbond gekoördineer, was baie suksesvol deurdad hulle 'n deurslaggewende rol gespeel het in die stigting van Afrikaner-ondernemings in sektore wat voorheen vir die Afrikaner gesluit was.

Sedert die vyftigerjare, soos na verwys sal word in afdeling 3.5.2.1, was die Broederbond meer besorg oor politieke beleid en ideologiese samehang as

ekonomiese aangeleenthede. Desnieteenstaande, was 'n groot aantal Afrikaner-sakemanne oor die jare lede van die Broederbond. Van sy 11 900 lede in 1978 kom 9,21% (1 096) uit die sakesektor. Dit was die vierde grootste groep in die organisasie na opvoedkundiges met 20,36%, boere met 18,82% en pensioenarisse met 9,44% (Sunday Times, 15 Januarie 1978).

Broederbondlede uit die sakesektor sluit 'n groot aantal prominente Afrikaner-sakeleiers in. Soos Moodie (1975 : 205) dan ook opmerk: "Directors lists of Afrikaner companies read extraordinarily like the membership rolls of the Broederbond". Met die groei van die Broederbond in die Kaapprovinsie, het sy lede mettertyd die top posisies in Nasionale Pers, Sanlam en sy baie filiale begin beklee (Wilkins en Strydom, 1980 : 425). Wat laasgenoemde betref, het onder meer persone soos dr A Wassenaar en dr PE Rousseau ook op die uitvoerende bestuur van die Broederbond gedien. Op grond van betroubare bronne (hoë ampsdraers binne die Broederbond) kan hier verklaar word dat sommige van die top Afrikaner-sakemanne (in ouderdomsgroep 40-50 jaar) wat bestuursposisies in groot Afrikaner-maatskappye soos byvoorbeeld Sanlam beklee, ook lede van die organisasie is.

Hoewel dit moeilik was om te bepaal hoeveel van die top Afrikaner-sakeleiers met wie onderhoude gevoer is, lede van die Broederbond is, kan met sekerheid gesê word dat ten minste 85% lede van dié organisasie is. Hierdie inligting is hoofsaaklik op twee wyses verkry. Eerstens is veral gebruik gemaak van die name soos deur Serfontein (1979) en Wilkins en Strydom (1980) verstrek. 'n Tweede wyse was om enkele Broederbonders in die proefgroep vertroulik te toets oor die lidmaatskap van ander prominente Afrikaners in die sakesektor.

Vanweë die groot Broederbondlidmaatskap van die Afrikaner-sake-elite is dit ook nodig om aandag te gee aan die verhouding en interaksie tussen die Broederbond en die Nasionale Party. Dit dien as verdere illustrasie ter versterking van die etniese- en ideologiese band tussen die Nasionale Party en die Afrikaner-sakeleier.

### **3.5.2.1 Afrikaner-Broederbond en die Nasionale Party**

Soos reeds hierbo genoem, was daar sedert die dertigerjare 'n noue verhouding tussen die Broederbond en die Nasionale Party. Verkiesingsvraagstukke soos die voorgestelde apartheidsbeleid, moedertaalonderwys en die wenslikheid van Republiekwording (Wilkins en Strydom, 1980 : 109) was ook brandpunte binne die Broederbond (sien Pelzer, 1979 : 158-159). Dit blyk duidelik uit Pelzer (1979) se

amptelike historiese oorsig van die Broederbond, dat dié organisasie van mening is dat hul strategieë en taktieke 'n groot bydrae gelewer het in die Nasionale Party se oorwinning van 1948. HB Klopper, een van die stigterslede van die Broederbond, het in 1968 verklaar dat "Since the Afrikaner Broederbond got into its stride it has given the country its governments" (aangehaal in Wilkins en Strydom, 1980 : 341). Dat die Broederbond wel invloed uitoefen, word nie betwyfel nie, maar of die invloed werklik so groot is as wat die organisasie of sommige van die studies van die Broederbond soos Vatcher (1965), O'Meara (1983), Moodie (1975) en Serfontein (1979) daaraan toeskryf, is moeilik om te bepaal.

Die goeie verhouding wat nietemin tussen die Broederbond en opeenvolgende Nasionale Party-leiers bestaan, kan toegeskryf word aan die feit dat politieke leiers normaalweg ook lede van die organisasie is. Alle Eerste Ministers, met die uitsondering van adv JG Strijdom, het die betrokkenheid van die Broederbond in die politiek aanvaar. Na aanleiding van die Broederbond se aandrang dat politieke leiers aandag aan die Republikeinse ideaal moet gee, het Strijdom hulle volgens Serfontein (1979 : 84) aangeraai "to keep out of policy and party matters and that it should confine itself to establishing business undertakings like Volkskas and Uniewinkels. The Broederbond should not involve itself with problems dealt with by the Party as this would only lead to clashes and unpleasantness".

Onder Dr Verwoerd as Eerste Minister (1958-1966) het 'n periode gevolg wat gekenmerk was deur 'n noue samewerking tussen die Broederbond en die party. Kort na sy verkiesing as Eerste Minister, het Verwoerd aan 'n nasionale vergadering van die Broederbond gesê dat dit nie slegs sy voorreg was nie, maar ook sy plig om deur sy teenwoordigheid die bande nader te trek wat altyd onopsigtelik tussen "ons Afrikaner-organisasie en ons Afrikaner-regering" bestaan het (Wilkins en Strydom, 1980 : 4). Verwoerd het besef dat 'n noue alliansie tot voordeel van sy mag kan wees. Volgens Serfontein (1979 : 87) "State, Party and Broederbond formed the closest alliance possible forming an intertwinning part of an interlocking Afrikanerdom". Vir Verwoerd was die Broederbond só belangrik dat hy die Uitvoerende Raad oor die Republikeinse vraagstuk geraadpleeg het voordat hy dit met sy Kabinet bespreek het.

'n Belangrike instrument vir die nastrewing van Broederbond-ideale was die stigting van verskeie taakgroepe in die vroeë sestigerjare om studies oor belangrike vraagstukke van die dag oor feitlik elke aspek van Nasionale Party beleid te onderneem. Hulle het as tipes "dinkskrums" vir die Broederbond opgetree. Onder hierdie taakgroepe was ook 'n Ekonomiese Komitee. Die samestelling van hierdie Komitee (1963) was betekenisvol deurdat die groot name

in die Afrikaner-sakesektor daarop gedien het. Die voorsitter was AJ Visser, 'n voormalige senator; van die lede was onder meer JFW Haak, voormalige kabinetsminister, dr MS Louw (Sanlam), dr CJF Human (FVB), dr PE Rousseau (FVB later Sasol), dr JA Hurter (Volkskas), dr TF Muller (General Mining) en MD Marais. Assessorlede het ingesluit: dr TW de Jongh (Reserwebank), dr AD Wassenaar (Sanlam) en AJ Marais. Kontinuiteit van diens was van die uiterste belang in hierdie komitees. Veranderinge het slegs plaasgevind as mense te sterwe gekom het, afgetree het uit die openbare lewe of 'n totale nuwe veld betree het (Wilkins en Strydom, 1980 : 398 en 403).

Onder Vorster as Eerste Minister (1966-1978) was daar 'n verandering in die Broederbond se status. Die Broederbond het nou 'n "ondersteuningsorganisasie" geword in plaas van sy vorige rol as "vennoot".

Baie nuttig vir die Nasionale Party is dat die Broederbond vir die regering sy eie "geheime meningsopname" verskaf het deurdat amper 12 000 lede met die breedste moontlike spektrum van belange verteenwoordig is. Afgesien van hulle rol as klankbord, kon die Broederbond ook die aanvoorwerk vir regeringsbeleid doen sowel as propagering daarvan. Vorster het effektief die Broederbond gebruik om 'n konserwatiewe terugslag te verhoed in sy aanpassings op rasse-, sport- en buitelandse beleid. Wilkins en Strydom (1980 : Hoofstuk 4) gee 'n gedetailleerde bespreking oor hoe die regering die Broederbond gebruik het om steun vir verandering in sy sportbeleid te kry terwyl Serfontein (1979 : 155-156) beskryf hoe Vorster die Broederbond gebruik het om moontlike negatiewe reaksie tot veranderings in die regering se beleid ten opsigte van die Smith-regering in Rhodesië teen te werk. Die noue verhouding tussen Vorster en die Broederbond is ook gereflekteer in die hoogsbevoorregte en vertroulike inligting wat die Broederbond van die regering ontvang het - soms selfs voordat die Parlement ingelig is (vir voorbeelde sien byvoorbeeld Wilkins en Strydom, 1980 : 164 en Serfontein, 1979 : 156).

Om die verhouding tussen PW Botha en die Broederbond te beoordeel asook laasgenoemde se rol in beleidsformulering, is vanweë gebrek aan gepubliseerde materiaal, feitlik onmoontlik. Geldenhuys (1984 : 174-175) gee 'n paar geldige riglyne in hierdie verband: Anders as sy voorgangers het Botha 'n meer afsydige verhouding met die Broederbond as sy voorgangers. Geldenhuys skryf dit toe aan Botha se styl van regering deurdat hy oop was vir 'advies van buite', maar primêr van "professionele kundiges", verwysende hier na die belangrikheid van die Staatsveiligheidsraad. 'n Tweede faktor wat kon bydra tot hierdie koeler verhouding, was die verkiesing in September 1980 van die konserwatiewe

Professor CWH Boshoff as voorsitter van die Broederbond wat sekerlik nie 'n gewaardeerde vertroueling en raadgewer van PW Botha kon wees nie. Boshoff, wat tot Julie 1983 voorsitter van die Broederbond was, het nie die regering se konstitusionele hervormings ondersteun nie. Die huidige voorsitter, JP de Lange, was na bewering hoog geag deur Botha. Die spanning in die Nasionale Party wat gelei het tot 'n skeuring in 1968 en 1982 is ook in die Broederbond gereflekteer. In beide gevalle is die regse elemente uit die Broederbond gesit of het hulle bedank.

Nietemin kan die instrumentele waarde van die Broederbond as klankbord en as agent om steun te mobiliseer vir regeringsbeleid nie verontagsaam word nie. Volgens 'n gesiene lid van die Broederbond, dr W de Klerk, tree die Broederbond nog as dinkskrum op "whose ideas are put to the authorities and powers within the community" (De Klerk, 1984 : 64-65). Aangesien die meeste kabinetslede steeds lede van die Broederbond is (insluitende 'n voormalige voorsitter Dr G Viljoen), is die regering toeganklik vir idees afkomstig van dié organisasie.

Die jongste voorbeeld van die invloed van die Broederbond op die denke van die Nasionale Party kan waargeneem word in die Nasionale Party se "Aksieplan" wat op die Nasionale Party se Federale Kongres op 29 Junie 1989 vrygestel is en 'n vertroulike Broederbond dokument gedateer Junie 1989 met die opskrif "Konseptuele riglyne vir konstitusionele besprekings". Oorvleuelende punte in die Broederbond-dokument en "Aksieplan" wat dikwels feitlik identies bewoord is, sluit onder meer die volgende in:

- Die heroorweging van die aard, rol en bevoegdheid van die staatshoof. Volgens die Broederbond-dokument word die gedagte van 'n nie-uitvoerende president geopper as 'n simbool van nasionale eenheid, gekoppel aan die idee van 'n rotering van amp tussen die verskillende groepe. In 'n ietwat ander konteks praat die "Aksieplan" onder meer van 'n "rotasie van bevoegdheid" wat oorweeg en onderhandel moet word (NP-Aksieplan, 1989 : 6);
- om alle rassegroepe, insluitende swartes, 'n effektiewe sê op alle regeringsvlakke te gee;
- die deel en verdeling van mag tussen alle groepe. Dit beteken selfbeskikking oor eie sake, met ander woorde die verdeling van mag op laer vlakke sodat elke groep beheer oor sy eie sake sal hê en mede-besluitneming oor algemene sake op nasionale vlak.

Die onderskeid tussen algemene en eie sake en die konsensusgedagte ten opsigte van algemene sake, is sentrale temas binne beide die Broederbond-dokument en die Aksieplan. As dit by konsensus kom sê die Aksieplan: "... in beginsel (moet) alle groepe instem voordat 'n belangrike besluit geneem kan word" (NP-Aksieplan, 1989 : 5). Die Broederbond-dokument sê "As 'n vertrekpunt, moet die meerderheid van elke deeleenheid saamstem voor 'n besluit geldig is".

Uit voorafgaande kan die afleiding gemaak word dat die Broederbond steeds vir die Nasionale Party-regering belangrik is wat steunmobilisering en die evaluering en legitimering van hulle idees of besluite betref. Die jongste Aksieplan wat sterk met die riglyne van die Broederbond ooreenstem, verseker ten minste die ondersteuning van hierdie organisasie daarvoor.

### **3.6 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE AFRIKAANS- EN ENGELSPREKENDE SAKE-ELITES**

Soos reeds bespreek, het Afrikaner-leiers na die Anglo-Boereoorlog, 'n aantal ineengeskakelde kulturele, sosiale en ekonomiese instellings geskep om sodoende groepskohesie te skep en Afrikaners van hul gevoel van minderwaardigheid te bevry. Teen die vroeë vyftigs was die bestaan van die Afrikaner nie meer bedreig deur Britse Imperialisme en by implikasie die kapitalistiese belange wat saamgevat is in "Hoggenheimer" nie. Afrikaner-sakeleiers het nou die wenslikheid en raadsaamheid van toenadering met ander bevolkingsgroepe begin beseef. By die Tweede Ekonomiese kongres het LJ du Plessis gesê dat noudat die Afrikaner 'n staanplek in die sakelewe verower het deurdat hulle hul kragte saamgesnoer het, moet hul nou begin "brugge slaan na die ander [blanke] bevolkingsgroepe om ons invloed en ons diens aan ons landse ekonomie as geheel te versterk" (Verslag van Tweede Ekonomiese Volkskongres, 1950 : 125). Hierdie gedagte is ook deur ander sprekers soos dr N Diederichs en dr A Rupert gehandhaaf (Verslag van Tweede Ekonomiese Volkskongres, 1950 : 29-30 en 107). So vroeg as 1950 het Dr Rupert openlik samewerking met groot Engelse sakeondernemings, die ontwikkeling van 'n swart middelklas deur byvoorbeeld die stigting van 'n Bantoe-beleggingskorporasie en koöperatiewe beleggings in Afrika-state bepleit. Die verdere ontwikkeling van Afrikaner-ondernemings soos verteenwoordig deur mense soos dr A Wassenaar, dr A Rupert, dr MS Louw, dr JS Marais en dr T Muller, in Sanlam, Federale Volksbeleggings, Federale Mynbou, Trust Bank en Rembrandt, het voorkeur geniet bo Afrikaner-sentiment (Serfontein, 1970 : 54).

Soos Afrikaner-kapitalisme ontwikkel het, het dit begin om die sferes van nie-Afrikaner kapitaal te betree en is alliansies met die Engelse sakektor en buitelandse sakeondernemings gevorm. 'n Deurbraak vir nouer samewerking tussen die Afrikaner- en Engelse sakektor was die oorname deur Federale Mynbou van General Mining and Finance Corporation van die Anglo American-groep in 1964. Dit was die eerste toetrede van 'n Afrikaner-maatskappy in die "vyandsgebied", die mynwese. Soos reeds uitgewys (afdeling 3.5.1.1), het die Engelse mynkapitaliste gehoop dat die aandeel van die Afrikaner in die mynwese sou verhoed dat die goudmynbedryf swaarder belas sou word en dat dit sou lei tot 'n meer hartlike verhouding tussen die mynindustrie en die regering. Hierdie samewerking met die verpersoonliking van Hoggenheimer het bitter veroordeling van die regse vleuel in Afrikaner-nasionalistiese kringe ontketen. Die redakteur van die ultra-konserwatiewe South African Observer het gesê dat "n kompromis met Oppenheimer en alles waarvoor hy polities staan sal lei tot die vernietiging en dood van die Suid-Afrikaanse nasie" (SA Observer, 8 Maart 1965). Ook A.M van Schoor, redakteur van die dagblad Die Vaderland het oor die implikasies van die oornaming van die myne in 'n hoofartikel (1 September 1964) die volgende geskryf: "Sover ons hierdie 'deurbraak' kan deurskou, lyk dit vir ons na 'n deurbraak van die Afrikaanse finansiële instellings wat agter Federale Mynbou staan - Sanlam, Federale Volksbeleggings, Bonuskor, of wie ook al.... Dit klink mooi, maar dit is terselfdertyd ook prakties die genadeslag vir 'n ideaal wat sover terug begin het as by die Reddingsdaadbond, naamlik om vir die Afrikaner, hoe swaar en moeilik ook die weg, 'n eiendomlike plek en aandeel in Suid-Afrika se mynwese te verwerf. Dit is verby. Federale Mynbou is net 'n naam, sy karakter en doel, soos oorspronklik gekonsipieer verdwyn in General Mining - met Afrikaanse voorsitters en al, verswelg in 'n groot geheel. Groter geldmaakkans sal daar sekerlik wees....Maar die oorspronklike idee is dood begrawe in Hollardstraat, in 'n goudkis van vier-en-twintig karaat".

Aan die ander kant was daar redakteurs soos Piet Cillié van Die Burger en Dirk Richards van Dagbreek, wat bogenoemde oornaming nie as 'n persoonlike oorwinning vir die Oppenheimers gesien het nie, maar wel as 'n deurbraak vir Federale Mynbou en die ander finansiële instellings wat dit ondersteun het.

Later in die sestigerjare het die konserwatiewe voorsitter van die Broederbond, dr PJ Meyer, 'n memorandum aan die Eerste Minister oorhandig waarin hy sy grootste besorgdheid uitgespreek het dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling vernietig kan word "deur ekonomiese integrasie onder die leierskap van die magtige Oppenheimer-groep". Hy het verder gesê dat samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes kan lei tot die verengelsing van Afrikaners

(Serfontein, 1979 : 177). Hierdie vrees en veroordeling is nie deur Vorster en ander 'verligte' Afrikaners wat tot verdediging van die "Broers" in die sakesektor gekom het, gedeel nie (Wilkins en Strydom, 1980 : 182). Nie net sou samewerking die Afrikaner se aandeel in 'n belangrike sektor van die ekonomie versterk nie, maar is politieke samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes reeds deur Verwoerd sedert Republiekwording bepleit. Aangesien samewerking op politieke gebied reeds aangemoedig is, was sodanige aanmoediging op die ekonomiese terrein onvermydelik.

In hierdie periode het verskeie ander samesmeltings en alliansies tussen Engelse en Afrikaner-kapitaal plaasgevind. General Mining en drie Portugese banke het in 1965 saam met die Bank van Lissabon en Suid-Afrika begin, terwyl Volkskas in 1968 22% van Diners Club Suid-Afrika gekoop het wat deur Standard Bank beheer is. Ook in 1968 het 'n nuwe brandstof, naamlik Trek, wat gesteun is deur General Mining, Federale Volksbeleggings, Shell, BP en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, in Suid-Afrika op die mark gekom.

Sanlam was 'n ander leier op die gebied van samewerking oor taalgrense in die sakewêreld. Die maatskappy het in vennootskap met onder meer die Schlesinger Organisasie in Satbel (Suid-Afrikaanse teaterbelange) in 1969 gegaan toe Twentieth Century Fox se belange in Suid-Afrika uitgekoop is. In daardie stadium het Sanlam 63% van Satbel besit en Schlesinger 30%. Dr Wassenaar, voorsitter van Sanlam het na hierdie vennootskap as volg verwys: "We felt we could go into these deals with confidence because we had proven ourselves to ourselves" (Financial Mail Survey, 26 November 1971). Sanlam het homself baie duidelik as brugbouer tussen die Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes gesien.

In die sewentigerjare het gesamentlike ondernemings deur Engelse en Afrikaner-kapitaal baie toegeneem. Dié tydperk is ook gekenmerk deur belangrike oornames van Engelse maatskappye deur Afrikaner-maatskappye. Een van die bekendste was onder meer die oornome in die laat sewentigerjare van Greatermans deur Fedchem, 'n filiaal van Federale Volksbeleggings. In hierdie verband het die Financial Mail (25 Augustus 1978 : 685) as volg berig: "Among English speakers, the Greatermans deal is hailed as significant because it marks the entry of the Afrikaner, on a major scale, into their traditional stamping ground". Oor hierdie oornome het 'n uitvoerende amptenaar van Federale Volksbeleggings gesê: "We buried ethnic considerations years ago. Our sole objective is to benefit our shareholders" (Financial Mail, 25 Augustus 1978 : 685). In die sakesektor het die tradisionele etniese verdeling tussen Engelse of Imperiale Kapitaal en Afrikaner-kapitaal dus begin vervaag. "Never before has it been more difficult to stamp a

Engelssprekende gevorder het. Vandaar die kritiek op hierdie terrein wat toenemend oor die afgelope 10-15 jaar deur Afrikaner-sakeleiers uitgespreek is.

Dieperliggend egter bestaan steeds by die Afrikaner-sake-elite 'n bewustheid van sy etniese- en partygebondenheid, hoewel dit nie openlik gepropageer word nie. Die aspek van etniese gebondenheid word veral weerspieël in die samestelling van die direksies en uitvoerende bestuur van die tradisionele Afrikaner-ondernemings. Soos reeds in 3.4.1 aangedui, bestaan die direksies en uitvoerende besture met enkele uitsonderings slegs uit Afrikaanssprekendes. Dieselfde tendens word ook by Engelssprekende ondernemings gevind. Spreekende voorbeelde is die uitvoerende bestuur en direksies van maatskappye soos Anglo American Corporation, Anglovaal en Barlow Rand wat feitlik heeltemal Engelssprekend is.

Teorieë oor elite-rekrutering bied 'n goeie verklaring vir hierdie tendense. Die bestudering van elite-rekruteringspatrone is op twee aannames gebaseer: Eerstens, dat elites die spesifieke waardes van diegene sal reflekteer wat direk verantwoordelik was vir hulle verheffing tot elite-status en, tweedens, dat individue die algemene waardes van die sosiale groepe sal reflekteer waaruit hulle gerekruteer is. Die eerste aanname is gebaseer op die premis dat daar in elke samelewing, in hierdie geval in elke sakeonderneming, 'n identifiseerbare groep selekteerders is wat oordeel of aspirant-kandidate tot elite-status verhef sal word (Palmer en Thompson, 1978 : 162). Soos C Wright Mills (1956 : 13) dit stel: "To make the corporation self-perpetuating, the chief executives feel that they must perpetuate themselves, or men like themselves - future men not only trained but also indoctrinated". Dit kan dus mense insluit van dieselfde etniese- of kultuurgroep en/of diegene met dieselfde opvoedkundige agtergrond. Mills gaan verder deur daarop te wys dat om deel van die uitvoerende echelons van die sakesektor te wees, aspirant-kandidate soos die uitvoerende beamptes moet optree, dink en selfs soos hulle moet lyk (Mills, 1956 : 141).

Die eksklusiwiteit van die Afrikaner-sakesektor word verder weerspieël deur die huidige vereistes wat gestel word vir lidmaatskap tot die AHI. Hoewel lidmaatskap sedert 1988 oop is vir alle sakemanne, moet hulle hul identifiseer met die Afrikaner-kultuur en tradisie en met die voertaal van die AHI wat Afrikaans is.

Ten spyte dus van 'n nouer verhouding en samewerking tussen die Engelse en Afrikaner-sakesektore is elkeen nog in 'n groot mate ingestel op sy eiesoortige karakter.

### 3.7 OPENBARE STANDPUNTE EN VERTOË VAN DIE AFRIKANER- EN ENGELSE SAKESKTORE OOR KONTENSIEUSE VRAAGSTUKKE

Die doel van hierdie afdeling is om slegs 'n kort oorsig te gee van die aard van vertoë op die sosio-ekonomiese en politieke terreine wat sakeorganisasies en sakeleiers van beide taalgroepe oor die jare (direk of indirek) aan die regering gerig het. Hierdie bespreking dien as agtergrond vir hoofstuk 5, waarin sakeleiers 'n evaluasie gee van hul invloed ten opsigte van dié vraagstukke waaroor hulle in die verlede vertoë gerig het (waaroor hulle dus die regering 'gelobby' het). Dit gaan dus nie hier om sakeleiers se motivering vir hul pogings tot steunwerwing of hul standpunte nie, en ook nie om 'n ontleding van die aard en omvang van 'n bepaalde vraagstuk nie. Sodanige bespreking hou nie direk verband met die spesifieke fokus van hierdie studie, naamlik 'n ontleding van onder meer sake-elites se persepsies oor hul invloed op beleidsformulering, nie.

Hoewel daar op die 1970s en 1980s gekonsentreer word, word ook verwys na vertoë en standpunte van sakeorganisasies of -leiers oor betrokke vraagstukke in die vroeëre jare van die Nasionale Party-bewind ten einde die onderskeid tussen die standpunte van die twee taalgroepe uit te wys. Daarbenewens kan aangetoon word hoe Afrikaner-sakeleiers mettertyd hul sienings oor sekere aangeleenthede begin verander het. Uit die literatuur (en soos gekontroleer met sakeleiers tydens onderhoude) blyk werkreservering, arbeidsbetrekkinge, onderwys en opleiding, instromingsbeheer en swart politieke deelname die belangrikste vraagstukke te wees waaroor daar oor die jare standpunt ingeneem, en vertoë gerig is.

#### i) **Werkreservering**

Hoewel daar geen statutêre werkreservering in die handel en nywerheid tot in die vroeë vyftigs was nie, het sowel die Assosiasie van Kamers van Koophandel (ASSOCOM)<sup>1</sup> en die Geredereede Kamer van Nywerhede (meer bekend as die

---

1. ASSOCOM wat reeds in 1892 gestig is, was 'n sambreëlligaam wat verantwoordelik was vir die bevordering en ontwikkeling van hoofsaaklik Suid-Afrika se handel en nywerheid. Voor sy samesmelting met die FCI in 1989 in die Suid-Afrikaanse Besigheidskamer, was dié organisasie die grootste enkele georganiseerde sakeorganisasie in Suid-Afrika, bestaande uit verskeie kategorieë lede. Hieronder het geressorteer ongeveer 100 individuele sakekamers wat meer as 16 000 besighede verteenwoordig het.

FCI)<sup>1</sup> die Pakt-regering se beleid van "beskaafde arbeid" verwerp. Hierdie organisasie het ook die werkreserveringsmaatreëls van die Nasionale Party-regering van die vyftigerjare veroordeel. Hoofsaaklik vanweë regeringswetgewing, was die meeste van die geskoolde beroepe en hoër betaalde werke die voorreg van die blankes gewees. Die kleurskeidslyn het met die jare nie heeltemal die behoeftes van die handel en nywerheid geïgnoreer nie. Toe blanke werkloosheid die minimum was in die middel sestigerjare en feitlik elke blanke 'n voorkeur werk gehad het, is werkaftakeningsmaatreëls effens verlig deurdat die regering die gebruik van halfgeskoolde swart werkers aanvaar en aangemoedig het, mits blankes se belange nie bedreig word nie. In hierdie verband sê Posel: "From the early 1950s, the state had indicated the elasticity of its policy in respect of Job Reservations. Given the ideological mileage made by maintaining the public appearance of rigidity and consistency on the matter, government leaders never agreed to revoke the policy in its entirety. In practice, however, they encouraged the growing utilisation of blacks in semi-skilled positions (provided white workers' interests were not undercut)." Volgens haar was dit veral eers in die sestigerjare dat hierdie toegewings deur die handel en industrie geëksploiteer is. "The reclassification of skilled jobs as semi-skilled, and induction of blacks in the latter category, grew increasingly commonplace" (Posel, 1984 : 22). Nietemin het die FCI die nuwe maatreëls beskryf as "unworkable in any type of manufacturing" en verder gegaan deur te sê dat "while the Minister could impose job reservation, he cannot compel moral compliance to it" (soos aangehaal in Greenberg, 1980 : 184).

Hoewel daar dus 'n aansienlike mate van ontevredenheid by vervaardigers oor die ekonomiese kleurslagboom bestaan het, moet uitgewys word dat opposisie teen dié maatreëls in die sestigerjare nie baie ver gegaan het nie. Van die sterkste aanvalle vanuit die vervaardigingsbedryf op werkreservering is na die Sharpeville-onluste geloots toe Industry and Trade (September, 1960) die beleid beskryf het as "uniquely rigid, restrictive, destructive of productivity, poisonous of human relationships, a dictat to management, a destroyer of workers' ambitions and an infringement on the rights of man. It conforms to no theory of economic welfare, no principle of social justice, no practice of management". Gedurende die lang periode van relatiewe politieke stabiliteit in die 1960s was opposisie teen werkreservering in werklikheid nie so skerp nie. Vervaardigers het wel die implementering van die beleid gekritiseer maar nie die beginsel daaragter nie. In die

---

1. Gestig in 1917, het die FCI sekondêre nywerheidsbelange verteenwoordig. Agt geaffilieerde regionale nywerheidskamers, 20 nasionale werkgewers-organisasies en 'n aantal statutêre liggame insluitende Krygkor, het die meerderheid van sy lede uitgemaak. In totaal het die FCI uit 10 000 lede bestaan insluitende konglomerate soos Anglo American Korporasie en Barlow Rand.

openbaar is die gedagte aanvaar dat 'n vrye arbeidsmark onwenslik was, want dit sou nie blankes se posisie in die industrie beskerm nie. In 1964 het die president van die FCI gesê dat die wetgewing wat indiensneming, fabriekstoestande en instromingsbeheer reguleer "was accepted as a most desirable social measure...Administered reasonably and sympathetically, such measures served a real need, but industry should at all times be on guard against self-generated causes for intervention" (Industry and Trade, November 1964).

Vir die volgende twee dekades het ASSOCOM en die FCI volgehou met hul kritiek teen werkreservering. In 1971 byvoorbeeld, was die Departement van Bantoesake van plan om swartes te verhoed om sekere tipes klerklike werk te verrig. Die FCI het skerp protes by die regering oor hul beoogde maatreëls aangeteken (FCI Annual Report, 1971 : 28). Verdere stappe in hierdie verband is later deur die regering laat vaar. In verskeie toesprake in 1973 het Vorster en Diederichs aangekondig dat swartes, met die instemming van blanke vakbonde, toegelaat sal word om geskoolde arbeid in 'blanke' gebiede te verrig (Lipton, 1985 : 59). Nietemin het die FCI in sy "Labour Policy for the 1970's", die regering gekritiseer dat hy te stadig beweeg in die opheffing van werkreserveringsmaatreëls.

Vanweë onder meer die oorvleuelende lidmaatskap van die AHI-lede met die Nasionale Party het die AHI<sup>1</sup> die regering se beleid van apartheid ondersteun "met die oog op die handhawing van orde, welvaart en beskawing" (Volkshandel, Mei en Oktober 1960). Dit was dan ook die enigste sakeorganisasie wat werkreservering tot die sewentigerjare ondersteun het. In die woorde van Volkshandel, die amptelike mondstuk van die AHI: "Dit is duidelik dat aangesien sommige blanke werkgewers en sekere vakbonde nie die belange van wit werknemers op die hart dra nie, laasgenoemde verplig is om hulle na die regering te wend vir werkreservering as die enigste manier om die posisie van die blanke te beveilig" (Volkshandel, November 1957).

In 'n opname deur Adam in die middel sestigerjare wou 73% van die Afrikaner-entrepreneurs werkreservering behou, teenoor 16% Engelssprekendes (1971 : 87-88). Teen 1970 het die AHI egter die behoefte aan die herklassifikasie van geskoolde werk en die opleiding van swartes vir hierdie nuwe werkgeleenthede,

---

1. Soos reeds genoem, is die AHI in 1942 gestig as 'n eksklusiewe organisasie vir Afrikaner-sakebelange in alle sektore van die ekonomie, uitgesluit die landbou. Addisioneel tot die ongeveer 190 geaffilieerde plaaslike sakekamers het die organisasie ook sowat 600 sakelede wat wissel van klein ondernemings tot konglomerate soos die Sanlam- en Rembrandt-groepe.

beklemtoon (Volkshandel, Junie 1970), alhoewel werkreservering nie spesifiek verwerp is nie.

Na die algemene verkiesing in 1970 het prominente Afrikaner-sakeleiers soos dr JS Marais van Trust Bank (Rand Daily Mail, 18 Mei 1971), WB Coetzer (Rand Daily Mail, 23 Mei 1971) en dr WJ de Villiers (Rand Daily Mail, 22 Maart 1973), albei van General Mining, DP de Villiers van Sasol (Rand Daily Mail, 22 Maart 1973) en die AHI op 'n baie meer gedempte wyse as die Engelssprekendes hierdie beleid van werkreservering gekritiseer. In hierdie stadium het hulle onder meer gevra vir 'n hersiening van hierdie wette eerder as 'n totale afskaffing daarvan. Die AHI wou 'n aangepaste beleidsplan vir die versekering van blanke indiensneming hê (Volkshandel, Julie 1973 : 10) terwyl Dr Marais 'n "fuller use of existing labour resources including non-whites" bepleit het.

In 1976 het die besturende direkteur van Yskor, mnr JP Coetzee, 'n verdere aanduiding gegee van 'n houdingsverskuiwing toe hy in sy openingsrede voor die jaarlikse kongres van die AHI gesê het dat die dae van die beskerming van blanke werk verby is en dat indien werkreservering nie spoedig afgeskaf word nie, industriële stagnasie die gevolg sal wees. In Coetzee se woorde: "Vroeër of later sal die blanke Suid-Afrikaanse werker nie meer deur wetgewing beskerm word nie, maar slegs deur sy kwalifikasies en wil om te werk" (Race Relations Survey, 1975 : 287, eie vertaling). Die president van die AHI, mnr J van Wyk, het 'n soortgelyke standpunt as Coetzee in Julie 1977 ingeneem en gesê dat die AHI graag wil sien dat diskriminasie op grond van kleur so vinnig verwyder moet word as wat arbeidsvrede dit toelaat (Beeld, 22 Julie 1977).

In sy getuienis voor die Wiehahn-kommissie het ook die AHI die algehele afskaffing van hierdie maatreëls bepleit. Die aanvaarding van die Wiehahn-verslag deur die regering in 1979 het 'n einde aan werkreservering gemaak behalwe in die mynbedryf waarin die Kommissie aanbeveel het dat dié maatreëls in oorleg met die Kamer van Mynwese en die blanke vakbonde moet geskied en waarvan die afskaffing eers in 1987 'n werklikheid geword het.

Wat die mynbedryf betref, het die Kamer van Mynwese<sup>1</sup> hom reeds in 1893 uitgespreek teen die statutêre kleurskeidslyn in Transvaal wat gekulmineer het in

---

1. In aard verskil die Kamer van Mynwese van onder meer ASSOCOM en die FCI deurdat dit gestig is (in 1887) om die belange van die mynhuise te koördineer en te verteenwoordig. Sowat 200 myne en ses groot mynhuise - Anglo American Korporasie, Anglovaal, Gencor, Goldfields, Johannesburg Consolidated Investments en Rand mines - is lede van die Kamer.

die Wet op Myne en Bedrywe van 1911 en dié in 1926. Hierdie wette is ingestel vanweë die druk van die blanke mynwerkersunie. Hoewel die Kamer dit reggekry het om die Wet op Myne en Bedrywe van 1911 in 1923 deur die hof ultra vires verklaar te kry, het die nuwe Pakt-regering van 1924 die wet weer ingestel. Myneienaars het hierna beseft dat werkreservering "was simply not an agenda item" (Lipton, 1985 : 115). Na 1948 het die Nasionale Party-regering werkreservering op die myne verskerp en uitgebrei. 'n Toenemende tekort aan opgeleide blanke werkers het veroorsaak dat myne die wette probeer verontagsaam het, maar dan teenkanting van die blanke vakbonde gekry het wat gelei het tot die oplegging van boetes deur die regering se myningenieur. Teen die middel sestigerjare het vertoë vir die verslapping van die kleurslagboom in die mynbedryf nie net gekom van mense soos mnr Harry Oppenheimer nie, maar ook van dr Tom Muller, voorsitter van die Afrikaner-beheerde General Mining. Die probleme wat die myne ondervind het met betrekking tot voldoende geskoolde arbeid, en die steun van die Afrikaners in hierdie opsig, het gelei tot koverte steun van die regering in 1965 vir 'n eksperiment om die kleurskeidslyn op te hef. Vanweë 'n aanval van die Mynwerkersunie, het die regering teruggedeeins en die eksperiment is laat vaar (Lipton, 1985 : 118). In sy voorlegging aan die Wiehahn-kommissie het die Kamer aangedring op die afskaffing van werkreservering en die aanvaarding van die beginsel van werk op meriete.

In beginsel het die regering se Witskrif op die Wiehahn-verslag die beëindiging van werkreservering op die myne aanvaar, maar gesê dat sodanige beëindiging 'n onderhandeling tussen die Kamer van Mynwese en die blanke Mynwerkersunie moet wees. In 1983 het die Kamer aangedring op 'n hersiening van die wetgewing, aangesien 'die redelike tyd' gespesifiseer vir bogenoemde onderhandelings, reeds verloop het (Anglo American Corporation, Chairman's Review, 1983). Die finale afskaffing van die kleurskeidslyn in die myne in wetgewing, het eers in September 1987 geskied (en eers in 1988 in werking getree) toe die Wysigingswet op Myne en Bedrywe van 1987 die definisie 'geskeduleerde persoon' in die Wet op Myne en Bedrywe van 1911 vervang het met die nie-rassige definisie 'bevoegde persoon' (sien Staatskoerant no. 10891, 2 September 1987).

## ii) **Arbeidsbetrekkinge**

Tot die laat sewentigerjare was swart werkers uitgesluit van deelname aan formele loononderhandelings, want hulle is verbied om aan geregistreeerde vakbonde te behoort. Verder was hulle ook verbied om te staak (sien afdeling 3.5.1).

Onder die belangrikste sakeorganisasies was daar duidelike verskille in standpunt oor die erkenning van swart vakbonde. Wat die Kamer van Mynwese betref, het die Kamer op aandrang van die Botha/Smuts-regering blanke vakbonde in 1915 erken, maar geen organisasie deur swart werkers toegelaat nie. Die organisasie was selfs nie bereid tot vrywillige en direkte onderhandelings met swart werkers nie. Na die stigting van die African Mineworkers Union (AMWU) in 1946 is 'n omsendbrief aan alle kampongbestuurders gestuur waarin alle samesprekings met AMWU-organiseerders verbied word. Volgens die Kamer was die "naturelle bevolking" onvoorbereid vir kollektiewe bedinging en vatbaar vir "kommunistiese" invloed (Greenberg, 1980 : 170). In die sewentigerjare het daar heelwat verdeeldheid oor die hele kwessie van swart vakbonde tussen die verskillende mynhuise in die Kamer bestaan. In 1974 het Oppenheimer gevra vir 'n kommissie van ondersoek na die kwessie van vakbonde vir swartes. Anglo American Korporasie het ook sy bereidwilligheid in dieselfde jaar uitgespreek om swart vakbonde te erken en met hulle te onderhandel. 'n Dreigement tot optrede deur die Minister van Arbeid, mnr Marais Viljoen, teen Oppenheimer, het laasgenoemde van sy plan laat afsien (Lipton, 1985 : 167).

In die Kamer se getuienis voor die Wiehahn-kommissie het twee mynhuise, naamlik Anglo American Korporasie en Johannesburg Consolidated Investments, 'n minderheidsverslag ter ondersteuning vir vakbondregte vir alle swart mynwerkers, insluitende buitelandse migrasiewerkers, voorgelê. Die ander mynhuise het slegs vakbondregte vir plaaslike swartes aanbeveel. In 1982 was die Kamer dan ook die laaste van die groot werkgewersorganisasies om erkenning aan swart vakbonde te gee.

Die houding van die handel en nywerheid wat betref die erkenning van swart vakbonde, was vir 'n baie lang tyd ambivalent. So vroeg as tydens die Tweede Wêreldoorlog, 'n periode gekenmerk deur militantheid onder swart vakbonde, het sommige sakeorganisasies soos die Transvaalse Kamer van Nywerhede, die inkorporasie van swartes in 'n volledige kollektiewe bedingingstelsel bepleit (O'Meara, 1983 : 230). Na die Nasionale bewind se onderdrukking van swart vakbonde het vervaardigers min rede gesien om aan te dring op hulle herlewing. In die relatiewe polities-stil en industrieel-vreedsame tyd na die Sharpeville-onluste was daar min druk van organisasies soos ASSOCOM en die FCI vir die erkenning van swart vakbonde. Laasgenoemde het wel beklemtoon dat daar wettige kanale vir direkte onderhandeling met swart werkers voorsien moes word, maar in ag genome dat die tyd nog nie daarvoor ryp was nie, moes die eerste stap wees dat swart vakbonde in die Industriële Rade verteenwoordiging moet hê (Lipton, 1985 : 166). Beide die AHI en SEIFSA was heeltemal gekant teen die idee van swart vakbonde.

Sedert die vroeë sewentigerjare het werkgewers begin om hul eie nie-statutêre "werkskomitees" in fabriek te stig (Financial Mail, 13 April 1973). Hierdie optrede het die Wet op Bantoe Arbeidsverhoudinge van 1973 waarin sodanige komitees gewettig is, vooruitgevoel. Hierdie komitees was slegs konsulerend van aard en is deur die AHI en SEIFSA aanvaar, terwyl die FCI en ASSOCOM dit as 'n stap in die regte rigting beskou het, maar nie as 'n plaasvervanger van vakbonde nie (Lipton, 1985 : 167). Na die 1973-stakings in Durban het die verhoë vanuit sakeorganisasies se gelede, spesifiek die FCI, ASSOCOM en die Stedelike Stigting, sowel as sakeleiers soos Oppenheimer, die erkenning van die swart vakbondwese bepleit (sien byvoorbeeld Race Relations Survey, 1975 : 206). Die uitsondering was SEIFSA en die AHI. Eersgenoemde se direkteur, mnr E Drummond, het in 1973 gesê: "In this industry there will be no - and you can underline no - negotiation with African trade unions" (Financial Mail, 21 Desember 1973). Waar die AHI volgens die Financial Mail (24 Maart 1978) nog in 1975 die oorsaak was dat wetgewing wat swart werkers bedingingsmag op individuele industrievlak wou gee, gekelder is, het die AHI in 1978 gekom met die gedagte van beperkte swart vakbonde: Alle swartes met die uitsondering van migrasiewerkers moes toegelaat word om geregistreerde vakbonde te stig, hoewel die nywerheidsversoeningstelsel gemonitor moes word deur 'n arbeidshof wat volgens die AHI "would subordinate the bargaining power of trade unions to the national interest" (Financial Mail, 24 Maart 1978). Hierdie was ook hul aanbevelings aan die Wiehahn-kommissie.

Oor die algemeen was daar teen 1980 breë konsensus oor die wenslikheid van die erkenning van swart vakbonde.

### iii) **Onderwys en Opleiding**

Die derde prioriteit van die sakesektor wat nou gekoppel was aan die vordering na geskoolde werksposisies vir swartes, was vir verbeterde en uitgebreide onderwys en opleiding vir swartes en kleurlinge. Hoewel swartes later toegelaat is om sekere geskoolde werk te doen, het die gebrek aan onderwys en opleiding beteken dat doeltreffendheid dikwels laag was. In 1966 het 'n paneel bestaande uit vooraanstaande industrialiste en opvoeders 'n verslag uitgevaardig waarin gesê is dat toekomstige ekonomiese groei 'n beduidende uitbreiding en verbetering in nie-blanke onderwys en opleiding sal vereis (Race Relations Survey, 1972 : 265).

In hierdie verband berig die Financial Mail ook in 1973 dat die hooforsaak vir industrieë se lae produktiwiteit daarin geleë is dat "a huge proportion of so-called skilled work in this country is done by men who, because they are Black, are often illiterate and nearly always completely untrained" (Financial Mail, 16 Februarie

1973). Soos die behoefte aan geskoolde werkers gedurende die middel van die sestigerjare begin toeneem het, is die regering veral deur die vervaardigingsbedryf gekritiseer.

In 1973 het die regering vir die eerste keer toegestem om vir byvoorbeeld opleidingsgeriewe en opleidingskursusse vir swart halfgeskoolde werkers in 'blanke' gebiede te betaal (FCI Annual Report, 1974 : 24). Swart in diens opleiding is wel deur maatskappye onderneem, maar die omvang en aard wat deur die Suid-Afrikaanse industrie benodig word, is van so 'n aard dat sakeleiers gevoel het dit moet deur die staat onderneem word op 'n nasionale basis, beginnende by uitgebreide en verbeterde skoolopleiding. Afrikaner-sakeleiers soos dr A Wessels, dr A Wassenaar (Sanlam) en dr W de Villiers (General Mining) was onder dié sakeleiers wat sodanige eise ondersteun het in die sewentigerjare en vroeë tagtigs (Lipton, 1985 : 148). Engelssprekende sakeleiers soos mnr M Rosholt van Barlow Rand het toe reeds gepleit vir die oopstelling van bestaande opleidingsgeriewe en "a common educational system for all races" (Rand Daily Mail, 6 April 1981). Wat 'n geïntegreerde onderwysstelsel en geïntegreerde skole betref, kon uit die onderhoude met die sakeleiers duidelik verskillende standpunte waargeneem word. Anders as by die Afrikaners, is gemengde skole nie vir Engelse sakeleiers 'n probleem nie.

#### iv) **Instromingsbeheer**

Die ideologiese grondslae van instromingsbeheer strek so ver terug as die Stallard-kommissie van 1922 wat aanbeveel het dat swartes slegs in stedelike gebiede moet wees om in die behoeftes van die blanke te voorsien en moes vertrek sodra hy nie meer in dié behoeftes voorsien het nie (Lipton, 1985 : 18). Die Naturelle Stadsgebiedewet van 1923 het die wettige basis van instromingsbeheer verskaf. Instromingsbeheermaatreëls is verder in 1937 en 1945 deur wetgewing uitgebrei. Swartes van die reserwes is slegs vir beperkte tye in stede toegelaat om werk te soek en is verbied om hul gesinne saam te bring. Ook is oortollige werkers gedreig met uitsetting na die reserwes. Sedert 1948 het die Nasionale Party-regering die beleid van instromingsbeheer (in terme van indiensneming, verblyf en teenwoordigheid in stedelike gebiede) deur verskeie wette verskerp (sien afdeling 3.5.1). Hierdie wette was gebaseer op die idee dat swartes slegs "tydelike besoekers" in blanke metropolitaanse gebiede was. Die beleid het swart verblyf in sodanige gebiede beperk en 'n groot persentasie van die swart arbeidsmag verplig om na hul tuislande terug te keer na die verstryking van hul eenjarige dienskontrakte. Arbeidsomset was gevolglik hoog en dit het gelei tot 'n versperring

in die skep van 'n geskoolde swart arbeidsmag.<sup>1</sup> Lipton (1985 : 158) merk ook op dat "Even a system of relatively stable migrancy will not do for more skilled jobs, which require stable workers housed with their families within commuting distance. Rising skill levels were increasing the costs of migrancy".

Gedurende die veertigerjare het sakeorganisasies hulle reeds teen instromingsbeheer uitgespreek. Die Staal- en Ingenieurs Industrieë Federasie van Suid-Afrika (SEIFSA)<sup>2</sup>, toe bekend as SAFEMA wat volgens Lipton meer konserwatief was oor breë sosio-ekonomiese vraagstukke as die ander hoofsaaklik Engelssprekende sakeorganisasies, het gesê dat instromingsbeheer geleidelik uitgefaseer moet word omdat dit "sociologically unsound" is en dié organisasie 'n permanente arbeidsmag verkies (Lipton, 1985 : 150).

Sowel ASSOCOM as die FCI het 'n verstedelike arbeidsmag voorgestaan (sien Greenberg, 1980 : 202-205). ASSOCOM het die onversoenbaarheid tussen ekonomiese groei en die beperkings op die gebruik van swart arbeid uitgewys. Die FCI het die Nasionale Party se apartheidsbeleid as "naïef en oorvereenvoudig" bestempel, veral wat betref die "vloei en beskikbaarheid van natuurlike-arbeid in stedelike gebiede" (soos aangehaal in Greenberg, 1980 : 177).

Wat die AHI betref, is reeds uitgewys (afdeling 3.5.1), dat dié organisasie in die vyftigerjare 'n voorstander was van 'n meer 'praktiese' siening van apartheid, veral wat ekonomiese integrasie betref. Oor swartes se teenwoordigheid in veral stedelike gebiede, het die AHI reeds in 1948 in Volkshandel (Junie, 1948) 'n realisme in hierdie verband getoon: "Dit moet toegegee word dat die nie-blanke werker reeds 'n integrale deel van ons ekonomiese struktuur uitmaak, dat hy nou verwickel is in die sferes van ons ekonomiese lewe en dat vir die eerste vyftig tot

- 
1. Vir 'n volledige agtergrond oor die aard van instromingsbeheermaatreëls, asook die gevolge van sodanige maatreëls op die sosiale terrein en die verskillende ekonomiese sektore sien byvoorbeeld die bydraes in Giliomee en Schlemmer (1985), Lipton (1985), Posel, (1987b) en Hindson (1987).
  2. Die eerste werkgewersorganisasie vir spesifiek die metaal industrieë op nasionale vlak is in 1943 gestig toe 440 werkgewers die "South African Federation of Engineering and Metallurgical Association" (SAFEMA) gestig het in direkte reaksie op die onrus in die metaalindustrieë in die beginjare van die Tweede Wêreldoorlog. In 1947 het SAFEMA sy naam na SEIFSA verander. toe sy grondwet aangepas is om 'n aantal ander werkgewersorganisasies in die metaalindustrie in sy geleedere toe te laat. Saamgestel uit ongeveer 58 nywerheidsgebaseerde assosiasies, is SEIFSA een van die grootste werkgewersorganisasies in Suid-Afrika. Ongeveer 4000 maatskappye word verteenwoordig wat meer as 350000 werkers in diens het.

honderd jaar (indien nie langer nie), totale skeiding pure wensdenkery is. Enige regering wat hierdie onomstootlike feit verontagsaam sal gou ontdek dat hy nie langer in 'n posisie is om te regeer nie". Hoewel die AHI die oproep van die radikale partisioniste (soos hierbo bespreek) vir 'n algehele bevriessing van die proses van swart verstedeliking verwerp het, het hulle tog die beginsel van instromingsbeheer ondersteun; swartes se toegang tot stedelike gebiede moes beheer word volgens die arbeidsbehoefte van blanke werkgewers binne hierdie gebiede. Die AHI het egter geweier om kunsmatig politieke beperkings op swart stedelike indiensneming soos neergelegde arbeidskwotas te aanvaar. In belang van 'n bestendige stedelike arbeidsmag moes swart verstedeliking volgens die AHI dus voortgaan, maar dit moet onderworpe aan ekonomiese behoefte wees. Die doel van apartheid vir Afrikaner-sakelui was om die status en magte van swartes in stedelike gebiede te beheer, eerder as om toenemend hul teenwoordigheid in die gebiede uit te wis. Plattelandse swartes in die stedelike arbeidsmark moes dus toegelaat word om permanent met hul gesinne in die stede te vestig. Volgens Posel het Afrikaner-sakelui 'n belangrike rol gespeel in die bepaling van die aard van apartheid in die 1950's: "It is partly the power of Afrikaner capital which explains the state's acceptance of an expanding African workforce in 'white' areas as economically necessary and politically inescapable. However, the state also set out to impose a freeze on further African urbanisation and entrench the migrant labour system as the basis of rural Africans' access to urban employment in the future - both measures which the AHI had specifically rejected" (Posel, 1987a : 139).

Gedurende die laat sestig- en vroeë sewentigerjare toe die ekonomie meer vaardighedsintensief geword het en die koste van instromingsbeheer gestyg het, het vervaardigers 'n wye spektrum van wysigings aan die beleid voorgestel. In 1972 het die FCI byvoorbeeld gesê dat werkgewers werkskontrakte met werkers vir langer as 'n jaar moet kan aangaan, "in order to ensure the more effective training and utilisation of Bantu labour" (Race Relations Survey, 1972 : 262, sien ook FCI, 1975).

Instromingsbeheer het verder gelei tot die beleid van industriële desentralisasie wat gebruik gemaak het van finansiële aansporings (die Fisiese Beplanningwet van 1967 wat die hoeveelheid swart arbeid in stedelike gebiede beperk het) om industrieë aan te moedig om na tuislandgrense te verskuif en sodoende swartes in die stedelike gebiede te beperk. Hoewel die beleid nooit ten volle toegepas is nie, is dit sterk deur hoofsaaklik Engelse industrialiste afgekeur. (Commercial Opinion, Junie 1967 : 6; FCI Viewpoint, September 1970 : 17-20). Die FCI byvoorbeeld (FCI Viewpoint, April 1968 :5-6), het bogenoemde wet as 'n "sticky web of restrictive

legislation," 'n "administrative and legal straitjacket," en 'n poging "to throttle and intimidate industrial enterprise" beskryf.<sup>1</sup>

In teenstelling met ASSOCOM en die FCI, het die AHI die regering in die vroeë vyftigs aangemoedig om grensnywerhede te bevorder eerder as stedelike ontwikkeling (Volkshandel, Maart 1951). In sy aanbevelings aan die Tomlinson-kommissie het die AHI ook die regering versoek om die blanke belegger in die reserwes toe te laat (Volkshandel, Maart 1953). Individue soos dr Anton Rupert het veral die deelname van wit entrepreneurs aan tuislandontwikkeling in die sestigerjare bepleit (sien afdeling 3.5.1.2). Wat wetgewing in die sestigerjare betref, soos die Wet op die Regulering van Bantoearbeid 1963 en 1964 en die Wet op Fisiese Beplanning van 1967, vestig Posel (1984 : 15-18) die aandag daarop dat die AHI se steunwerwing teen byvoorbeeld genoemde wette moeilik is om te bepaal, aangesien dié organisasie hom veral in daardie stadium weerhou het van enige openbare uitsprake wat krities teenoor regeringsbeleid was. Die noue verhouding tussen die AHI en spesifiek dr "Kaalkop" van der Merwe (president) en Dr Verwoerd (sien afdeling 3.5.1.2), kan onder meer as verklaring dien.

Teen 1973 het die AHI (Volkshandel, Julie 1973 : 9-10) begin om die rigiede beleid van afsonderlike ekonomiese ontwikkeling te bevraagteken en het 'n beroep gedoen om dié Afrikaners te ontnugter wat nog die toekoms gesien het as een waarin daar polities onafhanklike en ekonomies selfonderhoudende swart nasies binne die Republiek sou bestaan. As steun vir hierdie veldtog is baie argumente wat deur die Engelse sakesektor voorgehou is, aangeneem. Daar is byvoorbeeld gewys op die ekonomiese onverdeelbaarheid van Suid-Afrika, dat desentralisasie nie werk aan die stedelike swartman bied of die vloei na wit gebiede beperk nie en dat die stedelike swartman nie bloot 'n permanente inwoner is nie, maar die meerderheid verteenwoordig by stedelike groeipunte. Hoewel die Afrikaners nie die desentralisasiebeleid sonder meer verwerp het nie, het hulle tog die beperkings daarvan begin insien (sien ook Volkshandel, September 1980).

Teen 1975 het die AHI aangedui dat hy instromingsbeheer gewysig sou wou sien en het voorgestel dat swartes in stedelike gebiede toegelaat behoort te word om hul eie huise te besit en toegang te hê tot verbeterde onderwys en opleiding, 'n gesonde gesinslewe en beter werksgeleenthede. Nóg die gebruik van mag nóg die

---

1. Sien Posel (1984 : 15-18) vir 'n goeie uiteensetting van die verhoë deur ASSOCOM, die FCI en SEIFSA teen instromingsbeheermaatreëls, soos vervat in onder meer die Wet op die Regulering van Bantoearbeid van 1963 en 1964 en die Wet op Fisiese Beplanning van 1967.

subsidiëring van die tuislande kon die vloei van swartes na die stede keer en daar is bygevoeg dat "ontwikkeling en verstedeliking hand aan hand loop. Alle ontwikkelde samelewings is verstedelik" (Race Relations Survey, 1975 : 291, eie vertaling).

Die algehele afskaffing van die stelsel is egter tot 1975 nie deur enige sakeorganisasie bepleit nie. In 1973 berig die Financial Mail (26 Januarie 1973) dat die FCI nie "verskil" oor instromingsbeheer nie, maar slegs sekere "voorbehoude" ten opsigte daarvan het. Dit was slegs na die Soweto-onluste in 1976 dat begin is met doelbewuste pogings vanaf sakekant om aandag te skenk aan die toestande in die swart woongebiede. In hierdie verband was die stigting van die Stedelike Stigting in Desember 1976 deur die inisiatief van mnr H Oppenheimer en dr A Rupert 'n besliste mylpaal. Die doel van die Stigting, 'n nie-winsgewende organisasie, is om die "kwaliteit van lewe van stedelike swartes" te verbeter deur die voorsiening van behuising en dienste in swart woongebiede en om vraagstukke ten opsigte van behuising en onderwys met die regering op te neem.

Teen 1976 het die FCI en ASSOCOM, sowel as die AHI stabilisasie en huiseienaarskap vir swartes bepleit (Lipton, 1985 : 159). Sedertdien het kritiek vanuit sakekant teen instromingsbeheer vermeerder en is 'n algehele afskaffing bepleit. In 1981 het die FCI byvoorbeeld in 'n verslag oor die behuisingsprobleem die regering se beleid wat die vorming van stabiele stedelike gemeenskappe beperk, gekritiseer. Belastingkonsessies vir werkgewers wat belê het in huise vir werkers en groter geleenthede vir swartes om huise te besit, was onder meer van die FCI se vertoë (Race Relations Survey, 1981 : 246). Ook het individue soos mnr Gavin Relly in 1983 die algehele afskaffing van instromingsbeheer gepropageer en geargumenteer dat ekonomiese groei en verstedeliking onlosmaaklik aan mekaar verbind is (Relly, 1983 : 5). Ander sakeleiers wat hulle ook uitgespreek het ten gunste van die afskaffing van instromingsbeheer is onder meer mnr M Rosholt, dr A Wessels en mnr B Hersov (Anglo-Vaal) (The Sunday Star, 11 November 1984).

In Junie 1985 is 'n gesamentlike voorlegging deur ASSOCOM, die FCI, die National African Federated Chambers of Commerce and Industry (NAFCOC) en die Stedelike Stigting aan die Presidentsraad gemaak vir die afskaffing van instromingsbeheer (Cape Times, 7 Junie 1985). Dit is in Desember van dieselfde jaar opgevolg deur 'n aksieprogram van die nuutgestigte 'Private Sector Council on Urbanisation' van die Stedelike Stigting (The Star, 10 Desember 1985) waarna hierdie maatreëls teen die middel van 1986 afgeskaf is.

v) **Swart politieke deelname**

Sedert Nasionale Party-bewind in 1948 tot die vroeë sewentigerjare was daar min duidelike of samehangende en gesamentlike optrede van die kant van die sakesektor vir politieke regte vir swartes. Ten spyte van die traumatiese gebeurtenisse in 1960 was daar weinig ernstige bespreking oor politieke hervorming in tydskrifte soos Industry and Trade. 'n Goeie voorbeeld van die toon wat politieke besprekings aangeneem het, was 'n redaksionele artikel in 1964 waarin twee probleme met betrekking tot politieke mag vir swartes geïdentifiseer is: hoe moeilik dit was om "civilised, responsible Africans" te kry, en die feit dat baie swart leiers 'n begeerte uitgespreek het vir 'n beplande ekonomie. Die tydskrif het erken dat die voortgesette ontkenning van politieke regte aan swartes sanksies deur die Verenigde Nasies mag versnel, maar bygevoeg dat Suid-Afrika nie kan buig vanweë VN-druk nie: "if capitulation to UN demands is impossible, then the consequence of sanctions - if they are applied - must be faced up to" (Industry and Trade, May 1964).

Die feit dat Engelssprekende sakeorganisasies die kwessie van politieke regte grootliks vermy het, beteken nie dat hulle saamgestem het met die politieke bedeling onder Nasionale Party-bewind nie. Inteendeel, Adam (1971) het in 'n meningsopname in die middel sestigs vasgestel dat 55% van entrepreneurs die uitbreiding van gekwalifiseerde stemreg aan swartes en hul geleidelike integrasie in die politieke sisteem gesteun het ooreenkomstig die beginsels van die Progressiewe Party. 'n Geopolitiese skeiding van rasse soos voorsien deur die apartheidsargitekture is deur 23% voorgestaan, terwyl slegs 2% 'n totale integrasie met gelyke stemreg wou gehad het (Adam, 1971 : 94).

Die redes waarom die sakesektor die hele kwessie van politieke regte aanvanklik vermy het, kan moontlik gedeeltelik toegeskryf word aan die verdeeldheid in hierdie opsig onder die sakeleiers en gedeeltelik aan die feit dat hulle teensinnig was om die regering op hierdie sensitiewe terrein te konfronteer. Die enkele kere wat hulle hul wel op die politieke terrein begeef het, byvoorbeeld na die Sharpeville-onluste in 1960 en die 1976 Soweto-onluste, is hulle deur onderskeidelik Verwoerd sowel as Vorster skerp aangespreek (sien afdeling 3.5.1.2)

Sedert die Soweto-onluste in 1976 het die sakesektor (hoofsaaklik die Engelssprekende gedeelte) hul toenemend begin uitspreek oor die hele kwessie van politieke regte vir ander bevolkingsgroepe. In 1977 berig die Financial Mail (18 November 1977) dat binne die sakegemeenskap "the chief concern is the political

outlook. Apparent peace born of repression is widely held to be something that cannot last ... Most local businessmen insist that definite political progress is a sine qua non for a return to prosperity".

In 1982 byvoorbeeld, beklemtoon die FCI "the need for the devolution of power in federalistic frameworks at all levels of government to give maximum opportunity for accommodating diversities". Ook het die organisasie die wyse waarop die regering die politieke onrus gehanteer het, skerp gekritiseer en 'n aanval geloods op "the tendency to place the onus of proving innocence on the accused, a reversal of the rule of law which is a major feature of legal systems in democratic Western countries" (FCI, Annual Report, 1982 : 10). In 1983 het die president van die FCI, mnr R Ironside, ook die nuwe grondwet en driekamer-parlement aangeval: "Let there be no doubt about the FCI's stand on the issue of reform as opposed to the current bill as an instrument of reform". Hy het gesê dat die nuwe wetgewing nie daarin slaag om die vraagstukke ten opsigte van statutêre skeiding en politieke deelname vir swartes aan te spreek nie (FCI Annual Report, 1983 : 10-11).

In sy kommentaar oor die 1983-konstitusionele voorstelle het ASSOCOM 'n oproep gedoen om "a clear ruling on black citizenship rights" en vir "common citizenship and labour mobility", moontlik op 'n konfederale basis, vir almal wat geregtig sou wees op hierdie regte binne Suid-Afrika se oorspronklike grense (ASSOCOM : 1983). Ten spyte van bogenoemde kritiek het beide organisasies tog 'n Ja-stem vir die aanvaarding van die voorstelle in die referendum op 2 November 1983 gepropageer. In teenstelling met die kritiek wat onder meer deur ASSOCOM en die FCI teen die grondwetlike voorstelle uitgespreek is, het die AHI sy heelhartige steun aan die grondwetlike voorstelle gegee asook aan die "proses van aanpassing en hervorming wat beoog word" (Beeld, 27 Mei 1983).

Ten spyte van kritiek uit Engelse sakegeledere oor die inhoud van die grondwetlike voorstelle het prominente Engelse sowel as Afrikaner-sakeleiers in die openbaar onder meer deur koerantadvertensies 'n "Ja-stem" in die referendum vir die voorstelle probeer werf. Bekende sakeleiers wat 'n "Nee-stem" gepropageer het, was onder meer mnr Harry Oppenheimer en dr Zac de Beer van die Anglo American Korporasie (teenoor mnr G Relly se Ja-stem) en mnr Tony Bloom van die Premier Groep. (Vir die name van dié sakeleiers wat Ja en Nee stemme gepropageer het, sien byvoorbeeld Race Relations Survey, 1983 : 78-83 en Sunday Tribune, 23 Oktober 1983).

Sakelui se groter betrokkenheid op die politieke terrein is verder weerspieël deur die besoek van prominente Engelssprekende sakeleiers onder leiding van Relly aan die

ANC in September 1985. Dit is later opgevolg deur ander besoeke deur sakeleiers, soos onder meer deur 'n afvaardiging van die FCI. Opvallend is die feit dat geen Afrikaner-sakeleier hierdie besoeke meegemaak het nie (hierna word weer in hoofstuk 5 verwys).

Teen 1985 was daar onder sakeleiers van beide taalgroepe 'n openbare aandrang op politieke hervorming (sien byvoorbeeld *The Sunday Star*, 29 September 1985; *Volkshandel*, September 1985; *Financial Mail*, 6 September 1985). In Januarie 1985 het onder meer ASSOCOM, die FCI, die AHI en SEIFSA in 'n gesamentlike memorandum byvoorbeeld "an on-going programme of legislative reform" met "meaningful political participation for blacks" bepleit (*The Star*, 8 Januarie 1985). Die wyse waarop hierdie vertoë gerig is, sowel as die inhoud daarvan, het nie net verskil tussen die sakelui van beide taalgroepe nie, maar ook onderling veral wat Engelse sakeleiers betref.

Nou verwant aan die gebrek aan politieke deelname van swartes is die wydverspreide onluste in Suid-Afrika wat in die tydperk 1984 tot middel 1986 sy hoogtepunt bereik het en wat tot die instelling van 'n algehele noodtoestand in Junie 1986 gelei het. Die sakesektor se aanvanklike reaksie op hierdie maatreëls was uiteenlopend. Direkte verwerping daarvan het gekom van sakeleiers soos mnre T Bloom (Premier-groep) en M Sandar (AECI) asook van die FCI. Mnr D Masson (Kanhym) en dr Chris van Wyk (Trust Bank) het onder meer die maatreëls ondersteun op grond van die feit dat die ekonomie daarsonder ten gronde sou gegaan het (*Weekly Mail*, 10 Julie 1986).

Hierdie oorsig van openbare standpunte en vertoë van die sakesektor met betrekking tot swart politieke regte dien slegs as agtergrond vir die bespreking in hoofstuk 5. Daarin word volledig aandag geskenk aan sakeleiers se standpunte ten opsigte van kontensieuse vraagstukke, soos die aard van 'n toekomstige konstitusionele bedeling, die betrokkenheid van die ANC by so 'n bedeling, die Groepsgebiedewet en die Noodmaatreëls nadat laasgenoemde reeds meer as 'n jaar in werking was.

### 3.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om die ontwikkeling van die Afrikaner-sakesektor in historiese perspektief te plaas. Ten einde die verhouding van die Afrikaner-sakeelite met die regering, sy rol in politieke besluitneming en sy toekomstige rol in sosio-ekonomiese en politieke verandering te evalueer, is die spesiale rol wat die

Nasionale Party en die Broederbond in die Afrikaner-sakeman se ekonomiese verlede gespeel het, asook sy verbintenis met hierdie organisasies, aangetoon.

Wat die partysteun van die huidige geslag prominente Afrikaner-sakemanne betref, is in die onderhoude bevind dat steun vir die Nasionale Party, soos in die geval van die vorige generasie sake-elites, nog baie sterk is. Die moontlike kwalifikasie is dat sodanige steun nie noodwendig partylidmaatskap en aktiewe partydeelname as sodanig beteken nie. Hierdie Nasionale Party gebondenheid kan in 'n groot mate toegeskryf word aan hul etniese verbondenheid en historiese ontwikkeling en die feit dat die Nasionale Party-beleid in vergelyking met dié van verregse Afrikaner-partye, minder skadelik vir hulle ekonomiese vooruitgang sal wees.

Wat lidmaatskap van die Broederbond betref, behoort die meeste van die Afrikaner-sake-elite nog aan hierdie organisasie. Hoewel die Broederbond oënskynlik nie meer dieselfde prominente rol as in die verlede speel nie, moet sy rol soos in hierdie hoofstuk aangedui, nie onderskat word nie. Die regeringselite se persepsies oor die invloed van die Broederbond (hoofstuk 4) sal meer lig op die aard van dié organisasie se rol werp.

'n Oorsig is verder gegee van die Afrikaner-sakesektor se bydrae tot die verskillende sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie, die belangrikste Afrikaner-ondernemings en die omvang van hulle belange. Ook is verwys na die ineengestremeldheid van hierdie Afrikaner-groepe. Hoewel daar nie meer sprake is van 'n suiwer Afrikaner- of Engelse maatskappy in terme van filiaalmaatskappye, kliënte of personeel nie, kan steeds 'n duidelike onderskeid tussen die twee taalgroepe se ondernemings waargeneem word deurdat die beheer (dit is die uitvoerende bestuur en direksie) feitlik uitsluitlik in een van die twee taalgroepe se hande is. Op hierdie vlak loop kultuursentimente nog sterk en word daar steeds 'n geslote elite-groep gevind. Die direksies van byvoorbeeld Barlow Rand, Anglo American Corporation en Anglovaal is met enkele uitsonderings Engelssprekend terwyl dié van byvoorbeeld Sanlam, Volkskas en Rembrandt feitlik uitsluitlik uit Afrikaanssprekendes bestaan. In die uitsonderingsgevalle, soos Federale Volksbeleggings, waar daar wel 'n paar Engelssprekendes op die direksie gedien het, was hulle steeds in die minderheid en die voorsitter en besturende direkteur was Afrikaanssprekend. 'n Soortgelyke situasie word by die meeste van die openbare korporasies aangetref. Alhoewel die meeste van hierdie korporasies heelwat Engelssprekendes op hulle direksies het, is hulle in die minderheid (soms een of twee minder) en is die uitvoerende hoofde oorwegend Afrikaanssprekend.

Dat hierdie etniese- en kultuursentimente steeds in die toekoms 'n belangrike rol sal speel in die samestelling van die uitvoerende besture en direksies van die onderskeie taalgroepe se ondernemings, word in die lig van elite-rekruteringsteorieë nie betwyfel nie. Soos Mills (1956 : 141) dit stel oor watter tipe persoon aangestel word: "he must 'fit in' with those already at the top. This means that he must meet the expectations of his superiors and peers; that in personal manner and political view, in social ways and business style he must be like those who are already in, and upon whose judgments his own success rests".

Ten slotte is die verhouding tussen die Afrikaans- en Engelssprekende sake-sektore bespreek waarna uitgewys is hoe standpunte van die twee taalgroepe oor aangeleenthede soos werkreservering, instromingsbeheer en die erkenning van swart vakbonde mettertyd begin ooreenstem het. Oor die algemeen is verhoë tot die algehele afskaffing van genoemde beperkings eers in die sewentigerjare met die afswaai van die ekonomie en toenemende onrus op politieke- en arbeidsterrein, geloots. Daar is ook aangetoon dat sakeleiers hul toenemend oor aspekte van politieke betrokkenheid uitgespreek het soos die wenslikheid van politieke deelname deur swartes aan die besluitnemingstelsel. Verskille tussen Afrikaner- en Engelse sakeleiers oor onder meer die wyse waarop swartes in 'n konstitusionele bedeling geïnkorporeer behoort te word, is aspekte wat in hoofstuk 5 aandag geniet.

## HOOFSTUK 4

### REGERINGSELITE SE PERSEPSIES OOR DIE INVLOED VAN BELANGEGROEPE OP BESLUITNEMING

#### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gegewens ontleed oor die regeringselite se persepsies oor die bestaan en rol van belangegroepe in Suid-Afrika in die algemeen. Daarna word gefokus op die besluitnemers (regeringselite) se persepsies van die invloed van belangegroepe op ekonomiese, sosiale en politieke besluitneming en ten slotte volg 'n ontleding van dié elite se persepsies oor die rol van die sakesektor, en die Afrikaanssprekende gedeelte in die besonder, in beleidsformulering.

Aangesien politieke kultuur die raamwerk vir elite-persepsies en belangegroepgedrag verskaf, is dit raadsaam geag om ook die dominante tendense in die politieke kultuur van die Afrikaner-gemeenskap wat die Nasionale Party steun of simpatiekgesind is (en dus by implikasie die regeringselite soos in dié studie geselekteer) in hierdie hoofstuk te bespreek. Soos in hoofstuk 1 (1.6.5) uitgewys, is politieke kultuur onder meer 'n bepalende faktor in die uitoefening van invloed deur belangegroepe op beleidsformulering.

Die uitoefening van invloed op besluitneming, of die persepsie daarvan moet ontleed word in die konteks van die strukturele aspekte van die beleidsformuleringsproses. Dit is slegs teen die agtergrond van institusionele deelname aan die proses wat invloeduitoefening volledig verstaan kan word. Ten einde die toeganklikheid of ontoeganklikheid van hierdie strukture te beoordeel, word in die volgende afdeling 'n uiteensetting van die strukturele eienskappe van die Suid-Afrikaanse besluitnemingstelsel gegee.

Hoewel in hoofstuk 1 'n oorsig van die bestaande literatuur oor belangegroepe in Suid-Afrika gegee is, is daar nie verwys na die belangegroepstruktuur wat belangrike implikasies inhou vir sowel die regerings- as sake-elite se persepsies van invloed nie. In hierdie hoofstuk word aan hierdie aspek ook aandag geskenk. Die ontleding en bespreking van die data in terme van die gestelde navorsingsvrae volg waarna die hoofstuk afgesluit word met die samevatting.

## 4.2 BELANGRIKSTE EIENSKAPPE VAN DIE NASIONALE PARTY-AFRIKANER SE POLITIEKE KULTUUR

Die aanwending van die konsep van politieke kultuur hou groot waarde in vir die ontleding van belangegroepgedrag en die bestudering van die persepsies van regeringselite. Die houdings van die burgers ten opsigte van die politieke stelsel het 'n invloed op die tipes eise wat gestel word. Die reaksie van die elite op hierdie eise asook die reserwes van openbare steun vir die stelsel, bepaal grootliks die werking van die politieke stelsel.

Kavanagh (1983 : 58) wys verder daarop dat politieke kultuur as 'n instrument vir die verklaring van politieke verskynsels gebruik kan word. Sowel stabiliteit as verandering kan aan die hand van politieke kultuur verklaar word (Kavanagh, 1972 : 13).

Die belangrikheid van politieke kultuur vir Elkins en Simeon (1979 : 142) lê daarin dat dit die politieke agenda bepaal en die aantal alternatiewe wat oorweeg kan word, verminder. Hulle onderskei tussen twee aspekte van beleidsformulering: die prosedures of prosesse waardeur beleid gedebatteer word en die inhoud self. In die eerste geval bepaal politieke kultuur die wyse waarop beleidsformuleerders in interaksie tree, asook hul gedragstyl: "what forms of behavior are legitimate; what criteria (scientific, religious, etc.) should be applied to policies; how the policy field is perceived (as consensual or conflictual, zero- or variable-sum); who is permitted to participate; or the balance between voluntarism and coercion". In 'n inhoudelike sin help politieke kultuur om die omvang en inhoud van regeringsaktiwiteite te verduidelik. Die persepsies en assumpies van beleidsformuleerders oor spesifieke vraagstukke is belangrik. Soos Elkins en Simeon (1979 : 142) dit stel: "In substantive policy, culture remains primarily permissive: it does not determine precisely what will be done; it conditions the range of issues to which attention will be devoted; it influences the way those issues will be defined; and it limits the range of options considered within a given issue domain".

Vanweë die beduidende skeuring in Afrikaner-geledere oor kardinale ideologiese verskille in die vroeë tagtigerjare wat neerslag gevind het in onder meer die stigting van die Konserwatiewe Party wat 'n groot mate van Afrikanersteun trek,<sup>1</sup> kan daar

---

1. Volgens Mark en Meningsopnames vir Rapport het byvoorbeeld 57,1% Afrikaners in Maart 1987 die Nasionale Party gesteun teenoor 21,2% wat die Konserwatiewe Party gesteun het. In Augustus 1988 was Afrikanersteun vir die Nasionale Party 50,1% en vir die Konserwatiewe Party 30,6%.

beswaarlik meer gepraat word van 'n enkele Afrikaner-politieke kultuur. In die bespreking hieronder, word die eienskappe van die politieke kultuur van Afrikaners wat die Nasionale Party steun, bespreek. Dit is dan ook by implikasie die politieke kultuur van die Afrikaner-elites wie se persepsies in hierdie studie ondersoek word.<sup>1</sup> Daar word egter geensins ontken dat elemente van die politieke kultuur van die Afrikaners onder bespreking eksklusief is, en nie ook kenmerkend is van Afrikaners van politieke oortuigings anders as dié van die Nasionale Party-ondersteuners nie. Vanweë egter wesentliche ideologiese verskille ten opsigte van veral rasse-aangeleenthede in Suid-Afrika, kan daar nie sonder meer verwys word na 'n enkele Afrikaner-politieke kultuur nie. In enige politieke kultuur is daar die uitsonderings van perifere groepe of individue wat nie bepaalde dominante opvattings deel nie. Hierdie was veral sedert die middel van die sestigerjare ook onder die Afrikaners die geval. Dit was egter eers sedert 1982 dat daar nie meer bloot net van afvalliges gepraat kan word nie.

Die aard en aktiwiteite van belangegroepes, asook die persepsies van die regeringselite teenoor sodanige groepe, word sterk beïnvloed deur die sosio-kulturele omgewing waarin hulle bestaan. In Suid-Afrika is hierdie omgewing 'n kultureel-heterogene samelewing wat deur 'n minderheidsgroep, die blanke, en spesifiek die Afrikaner regeer word, in terme van 'n beleid van differensiasie wat geregverdig word op grond van hierdie heterogeniteit (Pretorius en Vosloo, 1974 : 73). Hoewel die blanke segment 'n politieke gemeenskap uitmaak op grond van die reëls van 'n politieke regime wat hulle eiesoortige en verhewe toegang tot die magstrukture gee, reflekteer hulle andersins 'n gefragmenteerde politieke kultuur op grond van sterk etniese verdedelings. Hoewel die kontoere van die politieke verdelings wat Engels- en Afrikaanssprekende groepe verdeel het, versag het, bestaan hulle nog (sien Gagiano, Augustus 1989 in hierdie verband).

Die Afrikaner-gemeenskap se politieke kultuur word deur die ideologie van apartheid getipeer wat dan ook die grondslag van die politieke stelsel vorm (Giliomee en Adam, 1981 : 89). Hierdie apartheidsideologie omvat drie sentrale idees: die opperbevelang van etniese groepe, die sentraliteit van die staat en ondergeskiktheid van die burgerlike samelewing en laastens die konsep van "tuislande" as doelwitte van volkome afsonderlike nasionale uitdrukking (Greenberg, 1987 : 130). Hierdie ideologie het dan formeel geleenthede vir 'n

---

1. 41 uit die 43 Afrikaner-sake-elite met wie onderhoude gevoer is, was onomwonde ondersteuners van die Nasionale Party. Die oorblywende twee se party-affiliasies was moeilik om te bepaal vanweë geskilpunte met die regering in die verlede. Dat hulle wel vir die Nasionale Party in 'n verkiesing sal stem, kan nie uitgesluit word nie aangesien hulle politieke oortuigings in 'n groot mate met Nasionale Party-beleid ooreenstem (sien hoofstuk 5).

breër lojaliteit en identifikasie verhoed deurdat alle Suid-Afrikaanse nasionale instellings met die blanke gemeenskap geïdentifiseer is.

Een van die belangrikste strewes van die Afrikaner, naamlik dié om sy eie identiteit te handhaaf, lê ten grondslag van sy siening oor die bestaan van ander etniese groepe. Oor hierdie behoud van sy identiteit en kultuur sê Viljoen (1978 : 59): "Een van die Afrikaner se kenmerke wat hom 'n Afrikaner maak, is juis 'n gesamentlike strewe by alle Afrikaners om die identiteit, die afsonderlikheid van die Afrikanervolk as volk in die toekoms te handhaaf en te bewaar, en ook om dit te verryk en uit te bou. Dit betref nie net rassesuiverheid en soewereine onafhanklikheid van die staat van die Afrikanervolk nie, maar veral ook behoud en handhawing van die kultuur en die volkskarakter wat die Afrikanervolk kenmerk". Die wesenskenmerke van die kulturele identiteit van die Afrikaner is 'n gemeenskaplike historiese sin, 'n strewe na rassesuiverheid, sy republikeins-demokratiese staatsideaal, sy Afrikaanse taal en Protestants-Christelike godsdiens (Viljoen, 1978 : 61-65). Analities beskou, sê Giliomee (1981 : 98), is hierdie Afrikaner-identiteit binne die konteks van apartheid "n politieke kodewoord wat politieke alleenheerskappy aandui".

'n Sentrale element van die tradisionele Afrikaner se waardesisteem is sy gevoel van 'n groepsroeping wat op sy godsdienstige oortuigings gebaseer is. Hierdie groepsroeping is in vae veralgemenings uitgedink (sien byvoorbeeld Appel, 1973 : 49, en Moodie, 1975 : 71). Die roepingsbewustheid van die blanke is veral dikwels deur politici voorgehou. In die woorde van Verwoerd: "We have been planted here, we believe, with a destiny - destiny not for the sake of the selfishness of a nation, but for the sake of the service of a nation to the world of which it forms a part, and the service of a nation to the Deity in which it believes ..." (soos aangehaal in Thompson, 1985 : 69). Selfs na amper vier dekades sedert die premierskap van Verwoerd, beklemtoon PW Botha steeds die roeping van die Afrikaner. Byvoorbeeld: By 'n Nasionale Party-vergadering op Fauresmith in 1980 sê Botha "Ons Afrikaners is nie 'n uitverkore volk nie. Ons is 'n geroepe volk ..." en by die feesvieringe van die Voortrekkerbeweging se 50ste bestaansjaar in Bloemfontein in 1981: "Ons is 'n geroepe volk, hoewel ons dikwels nie daardie geroepenheid uitleef nie en dit dikwels veronagsaam" (uit Scholtz, 1988 : 108-109).

Kenmerkend van die politieke kultuur van die Afrikaner bly sy godsdienssin wat deurentyd op verskeie vlakke van die openbare lewe gereflekteer word. Sosiale byeenkomste of geleenthede asook vergaderings word gewoonlik met skriflesing en gebed geopen, Afrikaanse universiteite begin en sluit die akademiese jaar met

wydingsdienste af, terwyl in openbare toesprake dikwels na die Godheid verwys word. Ter illustrasie, sluit professor PJ Cillie, voormalige redakteur van Die Burger en professor in Joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch, sy toespraak tydens die dinee van die Kaapstadse Sakekamer in 1986 as volg af: "Ons word inderdaad geroepe om weer baanbrekers vir vryheid te wees, soos die Boere dit was in die begin van die eeu. Soos hulle, het ons geen waarborg van oorwinning nie, net die dure verpligting om in ons tyd 'reg te doen soos die Here dit aan ons gee om te sien wat reg is' ...". Die belangrikheid van hierdie godsdienssin by die Afrikaner manifesteer in die praktyk in die groot mate van invloed wat deur die regeringselite aan die NG Kerk toegeskryf word (vergelyk afdeling 4.5.5.3). Die feit dat belangegroep wat direk betrokke is by die handhawing en uitbouing van die waardes van die dominante groep (hetsy godsdienstig of breër kulturele waardes), so invloedryk geag word, bevestig die aanname in afdeling 1.5.2 dat die struktuur en waardes van 'n samelewing grootliks die ongelykhede en geleenthede vir belangegroep bepaal.

Voortvloeiend uit die gedagte dat etniese groepe afsonderlik en eiesoortig gevorm is deur God, het Afrikaner-nasionaliste begin om individuele identiteit in groepsidentiteit te laat opgaan.

Die Nasionale Party het sy huidige posisie van politieke dominasie bereik danksy deur oor verskeie dekades heen onder Afrikaners 'n gevoel van etniese solidariteit te ontwikkel en te konsolideer. Soos reeds genoem, het dit bekend gestaan as die politiek van "etniese mobilisasie".

Die netwerk van politieke sosialiseringsinstellings in die Afrikaner-gemeenskap wat politieke sosialiseringsboodskappe oordra, dui op 'n onderling versterkende patroon en dit het suksesvol bygedra tot die handhawing en uitbouing van die Afrikaner-politieke kultuur. In Afrikaner-politieke kultuur was daar veral in die verlede 'n neiging tot onbevraagtekende lojaliteit aan regeringsinstellings en die bekleërs van politieke rolle. Hierdie lojaliteite duur steeds voort onder minstens Afrikaner-studente en is bevestig in 'n landswye opname onder universiteitstudente (sien Gagiano, Augustus 1989). Die meeste Afrikaner-studente is "baie simpatiek" of "simpatiek" (eie vertaling) teenoor die verteenwoordigers van openbare gesag binne die staat, die koöptasie-instellings van die staat en die beleid van die regering (Gagiano, Augustus 1989 : 28-64). Deur die houdings van universiteitstudente te bestudeer, kan ook die stemming en houdingstendense wat heers in die politiek dominerende blanke middel- en hoër klasse binne die breër samelewing gemeet word. In hierdie verband sê Gagiano (Augustus 1989 : 2): "Student communities are also penetrated and influenced by

the major institutions and organisations that operate as agencies of political socialisation and mobilisation in the wider society and as such reflect the dimensions of the public ethos which underpins group consciousness and coherence in the communities from which they come".

Waar Afrikaner-nasionalisme eers 'n volksnasionaalisme was, het die Nasionale Party veral sedert die vroeë sestigerjare begin om 'n meer inklusiewe nasionalisme voor te staan wat ook die Engelssprekendes betrek het. In Verwoerd se woorde gedurende die verkiesingsveldtog in 1961: "I see the Nasionalist Party today ... not as an Afrikaans, or English party, whatever it may have been in the past. I see it as the party that stands for the preservation of the white man, of the white government in South Africa" (soos aangehaal in die Race Relations Survey, 1961 : 14). In hierdie verband het PW Botha hom ook in 1972 in sy hoedanigheid as Minister van Verdediging as volg uitgelaat: "Ek glo ongekwalifiseerd in samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in Suid-Afrika ... Ek glo dat die Westerse beskawing in Suid-Afrika slegs kan triumfeer as daar in 'n gees van Suid-Afrikaanse nasionalisme op die grondslag van tweetaligheid en respek vir mekaar deur die twee bevolkingsgroepe gehandel word" ( uit Scholtz, 1988 : 53). Van 'n posisie van Afrikaner-etniese mobilisasie het die regering dus begin met 'n poging tot wit of blanke mobilissie. Ten spyte van die klem op blanke eenheid het die Nasionale Party as 'n oorwegend Afrikaner-party bly regeer. Engelssprekendes in die Kabinet en as hoofde van byvoorbeeld staatsdepartemente is die uitsondering.

In teenstelling met 'n samehangende politieke filosofie wat 'n eksklusiewe identiteit en blanke bevoorregting gerugsteun het, het die Nasionale Party-gesinde Afrikaner-meningsvormers (sien Giliomee, 1981 : 107) in die vroeë tagtigs die soeke na samebindende elemente en 'n oorkoepelende nasionale identiteit wat ook ander bevolkingsgroepe insluit, begin propageer. Die wekroep van 'n Godgegewe roeping om rassesseiding te handhaaf, is al hoe minder gebruik (Giliomee, 1981 : 104). In die middel tagtigerjare was daar ook 'n fundamentele verandering in regeeringsbeleid met die erkenning dat alle Suid-Afrikaners een nasie binne een staat vorm en onder een grondwet geakkomodeer kan word. In die woorde van PW Botha tydens die Parlementsopening in 1986: "Ons aanvaar een burgerskap vir alle Suid-Afrikaners ... Die volke van die Republiek van Suid-Afrika maak een nasie uit. Maar ons nasie is 'n nasie van minderhede". Wat staatkundige ontwikkeling betref, het hy in dieselfde toespraak gesê dat 'n demokratiese regeringstelsel "vir alle regmatige politieke aspirasies van al die Suid-Afrikaanse gemeenskappe voorsiening moet maak" en "alle Suid-Afrikaners moet in staat

gestel word om deur hul verkose verteenwoordigers aan die regering deel te neem" (Hansard, 31 Januarie 1986 tot 29 Februarie 1986 : 13-14).

Die eksklusiewe apartheidsideologie is gewysig om koöptasie van politieke gematigde kleurlinge, Indiërs en swartes in regeringstrukture toe te laat. Sodoende word 'n koalisie van belange oor rassegrense saamgestel om die groei van sy teenstaanders in die populêre bevrydingsbewegings te neutraliseer. Daar is ook gepoog om 'n nuwe magsbasis in die sakektor te ontwikkel deur onder meer 'n groter tegnokratiese beheer van die ekonomie toe te laat. Die regering se hervormings was in 'n groot mate geïnspireer deur 'n tegnokratiese besorgdheid oor die bestuur van geldmiddelle en deur die vrese van 'n swart rewolusionêre aanslag teen die staat.

Vir die eerste keer sedert 1948 is daar nou 'n tendens na groter sosiale en ekonomiese liberalisering. Hoewel daar dus pogings is om die etniese identifikasiesisteme te vergroot, sou die Afrikaner onder ten minste die Botha-bewind nie toelaat dat sy politieke groepsbasis desintegreer nie (sien byvoorbeeld Van Wyk en Geldenhuys, 1987 : 46-50 en Van der Merwe, 1989 : 41-42). In 'n toespraak in 1986 voor die verhoudingskomitee van die Presidentsraad verklaar professor Piet Cillie dan ook onomwonde dat vorme van binding tussen mense in Suid-Afrika gevind sal moet word "waarin etniese verskeidenheid tot sy reg sal kom sonder selfvernietigende stryd".

Regeringshervorming het die handhawing van tradisionele rassediskriminasie vervang. Stabiliteit en ekonomiese vooruitgang het prioriteite geword en dit is nie slegs meer in terme van blanke belange gedefinieer nie. Soos Adam en Moodley (1986 : 12) dit stel: "This reform program emphasizes efficiency and merit at the expense of ideology, promising compromises instead of intransigent insistence on past policy". Hierdie "nuwe" Suid-Afrikaanse nasionalisme sluit in teorie almal in.

Die hervormingspogings tydens die Botha-bewind is periferaal tot blankeheerskappy en het nie die kernwaardes, spesifiek die groepregte van die blanke-gemeenskap aangetas of bedreig nie. Politieke hervormings sedert die begin van die tagtigerjare het nie 'n ontkoppeling van Afrikaner-identiteit en politieke mag teweeggebring nie. Die feit dat kleurlinge en Indiërs in die Parlementêre struktuur verteenwoordiging het (steeds op afsonderlike kieserslyste) en dat swartes op tweede en derde owerheidsvlakke betrek is, maak geen verskil aan die basiese magstruktuur nie. Om Giliomee (1984) se woorde te gebruik, is die 1983-Grondwetlike hervormings, niks meer as "Adapted strategies for the maintenance of white rule" nie. Verder wys Wiechers (1986 : 13) dan ook daarop dat "die hele

kern waarop die nuwe staatkundige bedeling ontwerp is, te wete dié van "eie" en "algemene" sake, weerspieël ten diepste 'n ideologie dat die onderskeie rasse op geografiese, opvoedkundige, welsyns- en plaaslike gebiede 'n voorafbepaalde afsonderlikheid besit". Die groepsbelange van die blanke en spesifiek die Afrikaner is dus grootliks onaangetas en bly dit dus in 'n groot mate 'n beleid van apartheid. Verskuiwing ten opsigte van die paradigmatische kernstruktuur in die hoofstroom van Afrikaner-, Regerings- en Nasionale Party-denke sal slegs geskied wanneer daar 'n de-etnisering van die Suid-Afrikaanse sosio-politieke stelsel plaasvind - wanneer nasionalisme nie die hoogste liefde en trou van 'n etniese groep verg nie. In politieke terme sal dit geskied as die Afrikanervolk binne 'n groter-wordende Suid-Afrikaanse nasie wat ook kleurlinge, Indiërs en swartes op 'n gelyke grondslag insluit, gesien word. (vergelyk Van Niekerk, 1987 vir 'n evaluering van die paradigmaverskuiwing in Afrikaner-denke).

'n Ander aspek van politieke kultuur wat ook 'n kort vermelding regverdig, is die normatiewe oriëntasies van spesifiek die regeringselite. Hoewel beleidsbesluite nie spesifiek verklaar en voorspel kan word deur die politieke kultuur van elites nie, word volgens Kotzé (1980 : 146) "die aard van die administratiewe en politieke aktiwiteit mettertyd tog beïnvloed deur die oortuigings van persone wat betrek is in dié aktiwiteite". Met die uitsondering van Kotzé (1980) is daar feitlik geen resente navorsing oor hierdie aspek in die Suid-Afrikaanse bestel nie. Enkele van sy bevindinge kan moontlik lig werp op die houdings en persepsies van regeringselite ten opsigte van belangegroep: Wat die normatiewe oriëntasies van Nasionale Party politieke leiers betref, is onder meer bevind dat Nasionale Party-politici nie baie sterk kompromisgerig is nie en dat hulle sterk voorkeur gee aan waardes soos eenheid, sterk regering, openbare orde, gesag, patriotisme, dissipline en sterk leierskap.

Hoewel die voorafgaande bespreking van die politieke kultuur van die Nasionale Party-gesinde Afrikaner-gemeenskap slegs die dominante tendense beklemtoon, bied dit tog 'n raamwerk waarbinne die eise wat aan die politieke stelsel gestel word, ontleed kan word, en die reaksie van die regeringselite geëvalueer kan word. Ook belangrik is dat deur die politieke kultuur en die politieke stelsel se werkverrigting te begryp, kan die wyse waarop progressiewe politieke verandering aangebring kan word, beter beoordeel word. Hoewel dit nie veel bydra tot die verklaring waarom alternatief A bo B verkies is nie "... it may be of great help in understanding why A and B were considered, while no thought was given to CDE" (Elkins en Simeon, 1979 : 142).

### 4.3 STRUKTURELE EIENSKAPPE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BESLUITNEMINGSTELSEL

Omdat politieke instellings 'n kristallisering van politieke norme is en aangesien die uitoefening van invloed op besluitneming ontleed moet word in die konteks van die strukturele aspekte van die besluitnemingsproses, word in hierdie afdeling kortliks aandag gegee aan die rol van die Staatspresident, Kabinet en kabinetskomitees, die Parlement, die Presidentsraad en die burokrasie in spesifiek die Botha-era. Die relevansie van hierdie bespreking vir belangegroeppe word deurentyd uitgewys.

#### 4.3.1 Staatspresident

Die hoogste lokus van uitvoerende besluitneming in Suid-Afrika, de jure (in terme van die grondwet) en de facto (in terme van 'n werklike, gekonsolideerde en legitieme blanke<sup>1</sup> magsbasis), berus by die Staatspresident (Cloete, 1989 : 9). Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (No. 110, 1983) kombineer die voorafgaande ampte van seremoniële Staatspresident en Eerste Minister.

Die uitvoerende mag in Suid-Afrika is gevestig in die President, die Kabinet en ministersrade wat deur hom aangestel word. Vanweë sy omvattende uitvoerende en wetgewende magte is die Staatspresident die spil waarom die politieke stelsel draai. Nie alleen kan hy items op die politieke agenda plaas deur vraagstukke in die Kabinet of in die openbaar uit te lig nie, maar hy kan ook verskeie metodes aanwend om beleid wat hy nie steun nie, te vertraag of uit te stel. Hy kan byvoorbeeld wetgewing terugverwys na 'n minister of departement, of die Presidentsraad, of hy kan vir verdere oorweging 'n interdepartementele kommissie of 'n kommissie van buite aanstel om die aangeleentheid te ondersoek. In die 1960's en 1970's was dit mode om Kommissies van Ondersoek aan te stel om die formulering van beleid te vertraag (sien Pretorius, 1985 vir 'n bespreking oor die funksies van kommissies).

Sy rol as voorsitter gedurende kabinetsvergaderings is ook belangrik. Omdat daar nie by kabinetsvergaderings gestem word nie, word sy opsomming van gevolgtrekkings normaalweg deur sy kollegas as beslissend aanvaar. Die invloed van die Staatspresident is nie tot sy direkte inmenging in beleidsonderhandelings beperk nie. Hy gee die toon aan vir die regering en sy algemene voorkeure en werkswyse sal op alle vlakke van die uitvoerende gesag weerklink vind. Die

---

1. In teenstelling met Cloete se stelling word die term blanke magsbasis verkies.

President is wel onderhewig aan beperkings soos dié wat deur die party en openbare mening op hom geplaas word. Kortom, finale besluitneming oor enige beleidsvraagstuk berus in die praktyk by die Staatspresident en wie hy ook al daarvoor wil konsulteer, tensy hy beperk is deur die wet tot 'n voorgeskrewe handelswyse. Desnieteenstaande is hy die belangrikste enkele politieke akteur in Suid-Afrika (vir 'n volledige uiteensetting van die amp van die Staatspresident sien byvoorbeeld Kotzé, 1989a en Schrire, 1988).

Dit is insiggewend om daarop te let dat die herorganisering van die strukture en instellings van die staat soos verteenwoordig deur die 1983-Grondwet, PW Botha vanaf die amp van Eerste Minister tot dié van Uitvoerende President (met die gepaardgaande magspotensiaal) bevorder het. Botha was reeds tydens sy ampstermyn as Minister van Verdediging ten nouste betrokke by die ondersoek wat uiteindelik tot hierdie herstrukturering en herorganisering gelei het. Die informele sentralisering van mag in die uitvoerende gesag van die afgelope twee dekades is uiteindelik onder Botha geïnstusionaliseer (Giliomee, 1979 : 206). Sedert sy bewindsoorname in 1978 tot met die in werking trede van die nuwe grondwet het Botha nie net sy posisie gekonsolideer nie, maar was die herstrukturering van die staat onder sy toesig en beheer. Hierdie periode van "hervorming" is gekenmerk deur 'n "totale strategie". Sedert die vroeë sewentigs het die begrip "totale nasionale strategie" in amptelike dokumente verskyn (sien byvoorbeeld RSA, 1971; RSA, 1973 en RSA, 1977) maar het eers werklike inhoud en prominensie verkry sedert Botha se bewindsoorname waarna eerder verwys is as "totale strategie". Laasgenoemde soos Botha dit gestel het, is "interafhanklike en gekoördineerde optrede op alle terreine - militêr, sielkundig, ekonomies, polities, sosiologies, tegnologies, diplomatiek, ideologies en kultureel" (RSA, 1977 : 7). Hervorming in terme van strukture en instellings het hoofsaaklik op drie terreine plaasgevind: administratief, veiligheid en konstitusioneel, en het hoofsaaklik daarom gegaan om die amptelike masjinerie waardeur regeringsbesluite geneem en geïmplementeer word, vaartbelyn te maak om die "totale aanslag" doeltreffend te kon afweer (vergelyk Grundy, 1988 : 35).

Die eerste fase van 'n omvattende drie-fase "rasionaliseringsprogram" (Botes, 1981 : 170-171) wat onder meer die sentralisering van mag op verskeie vlakke ingesluit het, is in Maart 1980 geloots waarin die Kantoor van die Eerste Minister aansienlik versterk is. 'n Kabinetsekretariaat is vir die eerste maal ingestel. Die 25 kabinetskomitees wat op 'n ad hoc basis onder die Vorster-bewind gefunksioneer het is verminder na vyf en later vier. Hierdie komitees, naamlik dié vir staatsveiligheid en vir konstitusionele-, ekonomiese- en sosiale aangeleenthede het gereeld byeengekom (sien afdeling 4.3.2 hieronder vir 'n verdere bespreking).

Die sentralisering van beplanning en besluitneming het neerslag gevind in die feit dat genoemde kabinetskomitees bestaan het uit ministers en hoofde van departemente en elkeen het 'n werkgroep gehad. Hierdie werkgroepe het bestaan uit departementshoofde en spesialiste wat gekoöpteer is om te help met 'n spesifieke ondersoek soos versoek deur die kabinetskomitee. Die onderskeie kabinetskomitees is gekoppel aan betrokke beplanningstakke binne die Kantoor van die Eerste Minister (later President). Laasgenoemde het 'n invloedryke spilpunt van regeringsbesluitneming geword.

Die tweede fase van rasionalisering begin in April 1980 toe die bestaande 39 staatsdepartemente gekonsolideer is in 22. Pottinger (1988 : 17) wys daarop dat die stroombelyning van die burokrasie een van Botha se grootste uitdagings was. Binne partygeledere is lank reeds aanvaar dat die groterwordende openbare sektor met sy hoë infrastrukturele koste besig was om die produktiewe sy van die ekonomie te verwurg. 'n Tweede aspek was die stroombelyning van die staatsdiens burokrasie in sigself deur middel van onder meer die eliminering van duplisering, beter benutting van personeel, die terug sny van mannekrag, die aanstelling van beter senior administrateurs en beter koördinasie. Die titel Sekretaris van senior amptenare is vervang met Direkteur-generaal. Nie net is hul veel beter vergoed nie, maar is hulle groter magte gegee (Pottinger, 1988 : 38). Botha het uit sy pad gegaan om bekwame persone uit die privaatsektor as onder meer Direkteur-generaals aan te stel, soos die aanstelling van byvoorbeeld dr P J van der Merwe as Direkteur-generaal van die Departement van Mannekrag getuig. Daarbenewens is kundiges soos akademici in departemente soos Konstitusionele Ontwikkeling aangestel. Sodanige aanstellings is ook in die Kantoor van die Eerste Minister (later van die President) gemaak. In die wantrouedebat op 6 Februarie 1980 sê Botha dan ook: "In die eerste plek het 'n mens 'n doeltreffende Staatsmasjien nodig. Dit is egter nodig om van tyd tot tyd die masjien te ondersoek om vas te stel of dit nie opgeknep en beter toegerus kan word om die eise van die tyd tegemoet te gaan nie. Dit is wat daar skuil agter ons poging om 'n goed georganiseerde en goed bemande Staatsdiens tot stand te bring, 'n Staatsdiens wat 'n effektiewe Regering in sy stryd kan help. Die Staatsdiens speel trouens 'n kernrol in elke totale nasionale strategie" (Hansard, 6 Feb 1980 : 229).

Wat die veiligheidsterrein betref, het Botha ook die organisasie daarvan herstruktureer. Die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel en Gesamentlike Beheer Sentra, is onder meer in 1979 ingestel. In dieselfde jaar is die Staatsveiligheidsraad geherstruktureer. Botha het verder ook militêre dominasie oor die polisie heringestel nadat laasgenoemde in terme van invloed prominent gefigureer het onder die Vorster-bewind tesame met die hoof van die Buro van

Staatsveiligheid, Generaal van den Berg, een van Vorster se vertrouelinge. Botha skaal die Buro vir Staatsveiligheid af en verander dit na die Departement van Nasionale Veiligheid en later staan dit as die Nasionale Intelligensiediens bekend. Die invloed van die weermag in die voorlegging van scenarios, ontleding van sake van die dag en aanbevelings aan die Staatsveiligheidsraad en die regeringshoof het as gevolg hiervan grootliks toegeneem. In 1980 stel Botha ook Generaal Malan, hoof van die Weermag, as Minister van Verdediging aan.

Wat konstitusionele hervorming betref, wys Grundy (1988 : 40) daarop dat sodanige hervorming primêr gegaan het om die groter vraagstukke van politieke struktuur en uitvoerende gesag eerder as dat dit die inisiatief is van verdedigingsbeplanning om die mannekragtekort in die weermag die hoof te bied (soos beweer) of soos O'Meara (1982) argumenteer dat die hervormings kenmerkend is van 'n samesmelting van die Nasionale Party met die sakesektor. Eersgenoemde sou dan hervormings teweegbring wat aan die eise van die sakesektor sou gehoor gee. Soos Grundy, (1988 : 40 ) dit stel: " A strong executive president as envisioned in the constitution will legitimize the behavior of the last prime minister, in fact the same person, PW Botha".

Die grondslae vir konstitusionele hervorming is in die Vorster-era gelê. 'n Kabinetskomitee onder voorsitterskap van PW Botha het reeds konstitusionele verandering sedert Augustus 1976 ondersoek. Dié komitee het in 1977 met voorstelle gekom wat vanuit verskillende oorde teenkating gekry het. Ten spyte hiervan het die party onder die nuwe bewind van PW Botha voortgegaan met die deurvoering daarvan. In 1979 is hierdie plan met geringe wysigings in die Volksraad voorgelê in die vorm van 'n wetsontwerp. Voordat hierdie wetsontwerp egter vir die eerste keer gelees kon word, is dit na die Gekose Komitee verwys wat by die afloop van die 1979 parlementêre sitting omskep is in 'n kommissie genaamd die Schlebusch-kommissie wat in Mei 1980 met bepaalde voorstelle gekom het. Van die belangrikste voorstelle was onder meer die afskaffing van die Senaat en die aanstelling van 'n Presidentsraad met raadgewende bevoegdheid wat deur 'n wysiging van die Grondwet (Wet nr. 101 van 1980) geïmplementeer is. Die Presidentsraad bestaande uit 60 aangestelde lede wat in vyf komitees ingedeel is (Ekonomiese Sake, Beplanning, Gemeenskapsverhoudinge, Grondwetlik en Wetenskap) het op 1 Januarie 1981 in werking getree. Die eerste twee werkopdragte, naamlik aanbevelings oor die uitbou van plaaslike owerhede en 'n nuwe staatkundige bedeling is respektiewelik aan die Komitee vir Ekonomiese Sake en die Grondwetkomitee opgedra. Die liggaam moes dus as "dinkskrum" vir nuwe politieke idees optree, hoewel binne beperkte parameters - "at all times it was the guiding hand of Botha and his ministers that set the agenda,

monitored the process and doctored the results" (Pottinger, 1988 : 101). Die eerste verslag van die Grondwetkomitee onder Dr Worrall is in 1982 uitgebring. Van die belangrikste aanbevelings (wat nie in die huidige grondwet vervat is nie) was die skep van 'n nie-parlementêre uitvoerende president wat duidelik nie Botha se idee was nie. Botha wou die voordeel hê van 'n sterk uitvoerende president sowel as om die leier te wees van die grootste party in die Wetgewende gesag. Enige poging om hierdie mag te verminder, sou beveg word, soos duidelik ook weerspieël is in Botha se optrede deurdat hy summier vir Worrall ambassadeur in Australië gemaak het. Kort daarna het die Nasionale Party die aanbevelings oor die uitvoerende gesag en spesifiek die rol van die president gewysig. Waarop dit uiteindelik neerkom is die feit dat Botha in 'n groot mate konstitusionele strukture vir persoonlike spesifikasies gevorm het. Oor die jare was daar 'n stadige toename van mag in die hande van die President, soveel so dat in die laaste drie jaar van sy bewind alle maatreëls wat direk die vryheid van burgers aangetas het deur proklamasie (Presidensiële magtiging) en nie deur die Parlement nie, uitgevaardig is.

Die amp van Staatspresident, en dan spesifiek met verwysing na die uitoefening van PW Botha daarvan, hou sekere implikasies in vir belangegroepe, wat van relevansie is vir hierdie studie. In die eerste plek is dit belangrik om Botha se persepsie van 'n totale aanslag teen Suid-Afrika in ag te neem. Hierdie aanslag kon volgens hom slegs weerstaan word indien 'n totale nasionale strategie van stapel gestuur sou word waarin alle belange ondergeskik gestel is aan die nasionale belang soos deur Botha gedefinieer. Sy toenadering tot die sakesektor moet dan ook teen hierdie agtergrond geëvalueer word.

Dit het nie daarom gegaan dat die belange van die sakesektor voorop gestoot of spesiale aandag gekry het nie, maar in die eerste plek dat die ekonomie ook sou konformeer aan die eise van die nasionale strategie. Ekonomiese belange is steeds ondergeskik gestel aan nasionale belang, soos duidelik gestel deur mnr Harry Oppenheimer se opmerking dat : "When the government says it wants to rely on private enterprise, it is really thinking of using private funds and private know-how to carry out its policy. That is not what I understand by private enterprise." (Financial Times, 2 Februarie, 1983). Vir Botha het dit daarom gegaan dat onder meer die sakesektor betrek word ten einde 'n spesifieke politieke beleid uitvoerbaar te maak en die staat het die agenda bepaal. Totale strategie was 'n hegemonistiese projek in die sin waarin Jessop (1980 : 100, 102) die term gebruik om te verwys na die proses waardeur 'n staat poog om spesifieke en algemene belange te versoen, 'n proses wat nie noodwendig ekonomies van aard is of ekonomiese doelwitte as eerste prioriteit stel nie. Soos in die bespreking

van die persepsies van die sakesektor van hul invloed op besluitneming aangetoon sal word (hoofstuk 5), het die sakesektor self nie Botha se toenadering beskou as 'n geleentheid waardeur hulle politieke invloed sou of wou uitoefen nie.

#### 4.3.2 Kabinet en Kabinetskomitees

In die bestudering van die grondwet is dit duidelik dat insoverre "algemene sake" betref, die Kabinet naas die Staatspresident die belangrikste uitvoerende liggaam van die staat is. Behalwe vir die feit dat hierdie instelling een van die belangrikste "besluitnemers" is, is die aard van die werking daarvan belangrik. In Suid-Afrika handhaaf die Kabinet in die openbaar 'n harmonie van idees. Gegewe die eenheid is daar min hoop vir byvoorbeeld belangegroepe om die Kabinet (veral in die openbaar) oor 'n vraagstuk te verdeel. Die Kabinet neem besluite oor enige vraagstuk soos deur die Staatspresident geformuleer en voor hom geplaas. In der waarheid bepaal die Staatspresident die agenda en besluite van die Kabinet. Soos Cloete (1989:10) dit stel: "Although the Cabinet 'decides' on issues, the members of this body in fact only 'advise' the State President". Ministers moet bedank as hulle nie wil berus by die besluite van die Kabinet soos geformuleer deur die Staatspresident behalwe as hulle toestemming by die Staatspresident het om hul verskille te lug.

Die belangrikheid van die Kabinet spruit tradisioneel uit die feit dat dit verantwoordelik is vir die voorbereiding van wetgewing vir voorlegging aan die Parlement, asook vir algemene toesighouding oor administrasie binne die uitvoerende gesag. Die Kabinet is nie 'n soewereine besluitnemingsliggaam nie, maar die skepping van die President. In terme van die grondwet is die Kabinet dus nie 'n besluitnemingsrol gegee nie. In die praktyk het die Kabinet veel meer mag as in die formele beskrywing. Oor tyd het dit ontwikkel in 'n beleidsformuleringsliggaam en in 'n liggaam wat beleid goedkeur (Kotzé, 1989a : 183). Die Kabinet kan gesien word as beide 'n beleidsmakende en beleid-ratifiserende liggaam. Sy invloed op besluitneming word deur die Nasionale Party se sterk kiesersbasis gerugsteun.

Vanweë die feit dat besluitneming 'n groot mate van kundigheid en voorbereiding verg, word toenemend van kabinetskomitees gebruik gemaak om ondersoek in te stel en aanbevelings te maak - veral op belangrike terreine soos verdediging, konstitusionele aangeleenthede en ekonomiese sake. Hierdie komitees word deur die Staatspresident aangestel en 'n Kabinetslid tree as voorsitter op (sien ook 4.3.1). Tans bestaan daar vier (aanvanklik vyf) permanente kabinetskomitees, naamlik die van Nasionale Veiligheid, Ekonomiese Aangeleenthede, Sosiale Aan-

geleentheid en Konstitusionele Aangeleentheid. Die enigste wat deur wetgewing ingestel is, is die Komitee vir Nasionale Veiligheid, meer algemeen bekend as die Staatsveiligheidsraad. Laasgenoemde is volgens skrywers soos Geldenhuys en Kotzé (1983 : 33-45) ongetwyfeld die belangrikste. Omdat die Staatsveiligheidsraad gereeld voor kabinetsvergaderings bymekaarkom en die Staatspresident die voorsitter is en hy aan die Kabinet terugrapporteer wat by die Staatsveiligheidsraadsvergaderings plaasgevind het, word hierdie situasie dikwels geïnterpreteer as 'n oorplasing van mag vanaf die Kabinet na die Staatsveiligheidsraad (Swilling, 1989). Dit kom daarop neer dat die Kabinet in opdrag van die Staatsveiligheidsraad optree. Dit word ook beweer dat die Kabinet nie Staatsveiligheidsraadsbesluite kan veto nie (Booyesen, 1986 :43). In der waarheid, meen Cloete, het die Staatsveiligheidsraad slegs adviserende magte en word dié Raad se jurisdiksie deur die wet tot veiligheidsvraagstukke beperk. Die Staatspresident bepaal die agenda en besluite van beide die Kabinet en Staatsveiligheidsraad en kan feitlik totaal na goëddunke handel (Cloete, 1989 : 10).

Die drie ander kabinetskomitees is ingestel om beleidsaspekte van onderskeidelik politieke, sosiale en ekonomiese aard te hanteer. Beleidsvraagstukke op genoemde terreine word gereeld deur hierdie komitees na die Kabinet gekanaliseer in plaas van en met uitsluiting van die Staatsveiligheidsraad. Beleidsdokumente wat bedoel is vir die Kabinet word op 'n gereelde grondslag volgens Cloete aan staatsdepartemente en provinsiale administrasies gesirkuleer vir kommentaar. As voorstelle van genoemde kabinetskomitees toevallig veiligheidsimplikasies inhou sal die betrokke departemente wat daarmee gemoed is dit optel en verder voer deur die kanale aan hulle beskikbaar (byvoorbeeld Staatsveiligheidsraad).

Buiten die Staatsveiligheidsraad se statutêre funksies kan die Kabinet feitlik enige mag waaroor hy beskik aan enige kabinetskomitee deleger. Op so 'n wyse kan die kabinetskomitees grootliks outonome besluite oor spesifieke sake neem. Cloete (1989 :10) wys ook daarop dat individuele ministers, vanweë die sterk beleidsdissipline binne die Nasionale Party, selde belangrike beleidsbesluite sal neem voordat hy dit nie met die Staatspresident en kabinetskollegas uitgeklaar het nie. 'n Wetsontwerp wat deur die Kabinet geïnisieer is en by die Parlement ingedien word, sal sonder twyfel goedgekeur word (met die uitsondering van 'n verskansde artikel in die Grondwet) vanweë die beveiligde posisie van die Nasionale Party in die Parlement en in die Presidentsraad (1983-Grondwet), sowel as dié party se sterk kookusdissipline.

Veral in terme van die 1983-Grondwet het die magsbasis van die Kabinet in terme van die tradisionele posisie daarvan in 'n kabinetstelsel, grootliks verskuif na die Staatspresident (vergelyk Cloete, 1989 : 10). By implikasie beteken dit dat die Staatspresident in 'n groot mate die potensiele invloed van belangegroepe bepaal, aangesien hy die fokus van politieke mag is.

#### 4.3.3 Parlement

Wat beleidsformulering betref, blyk dit of die Parlement 'n relatief mindere rol speel. Belangrike beleidsbesluite rakende algemene sake word buite die Parlement gemaak en word slegs deur die koudus van die regerende party bekragtig. Beleid wat nie in wetgewing gereflekteer word nie, word in elk geval nie aan die Parlement voorgelê nie, behalwe moontlik op 'n indirekte wyse as sekere ministeriële begrotingsposte bespreek word.

Wetgewing wat algemene sake betref, word omvattend in die staande komitees (sedert 1988 bekend as gesamentlike komitees) van die driekamer-parlement bespreek. Die 1983-stelsel van parlementêre staande of gesamentlike komitees verteenwoordig 'n ingrypende afwyking van die funksionering van sodanige komitees onder die Westminster parlementêre regeringsvorm. Onder die Westminster-stelsel is sogenaamde staande komitees na elke parlementêre sessie hernieu terwyl staande komitees of gesamentlike komitees volgens die 1983-Grondwet (Artikels 64 en 39) aangestel is vir die duur van die Parlement se termyn, naamlik 'n maksimum van vyf jaar. Daarbenewens is wetgewing onder die Westminster-stelsel tradisioneel na die tweede lesingsdebat na die betrokke staande komitee verwys wat wel besonderhede in die konsepwetsontwerp kon wysig, maar nie die beginsel van die wet nie. In teenstelling hiermee word konsepwetgewing volgens die 1983-Grondwet direk na indiening na die betrokke gesamentlike komitee verwys. Die komitee mag sowel die beginsel as die inhoud van die konsepwetsontwerp wysig voor dit in elke Huis gedebatteer word. Parlementslede word dus vir die eerste keer die geleentheid gegee om konsepwetgewing in detail te bespreek. Voorheen is die maak van wette tot 'n betrokke minister en sy top-amptenare beperk, daarna is dit vanweë Nasionale Party-meerderheid sonder veel wysigings deur die Kabinet en Parlement goedgekeur.

Die struktuur en werking van hierdie komitees het 'n groot effek op steunwerwing. Vir elke ministeriële portefeulje vir algemene sake is daar 'n gesamentlike komitee. Daarbenewens is daar sodanige komitees vir rekeninge, privaatlede se wetsontwerpe, staatkundige aangeleenthede en interne parlementêre

aangeleenthede (Grondwet, 1983 : 30). Elke gesamentlike komitee bestaan normaalweg uit ongeveer 23 lede, proporsioneel en volgens partyverteenwoordiging in huise saamgestel uit lede van al drie huise in die Parlement. Besluite word geneem wanneer die meerderheid lede van elke huis in 'n betrokke komitee dit steun, dus by wyse van "samevallende meerderheid". Gesamentlike komitees kan ministers en amptenare oproep om wetgewing te verduidelik. Die komitees mag ook buitestaanders vra om voorleggings in te dien of om persoonlik te getuig.

Die implikasies van hierdie komitees vir belangegroepe kan kortliks saamgevat word: Dit bied meer geleentheid aan lede om aan die besluitnemingsproses deel te neem, komitees verskaf forums vir kommunikasie tussen lede onderling en tussen lede en die uitvoerende gesag, amptenare en die publiek, en komitees verskaf meer en beter geleentheid vir steunwerwing deur belangegroepe. Malherbe (1986 : 13) wys daarop dat van die meer as honderd algemene wetsontwerpe wat tydens die eerste sessie van die 1983-Parlement voor komitees gedien het, byna die helfte deur die komitees gewysig is, waarvan minstens twaalf substansieel. In twee gevalle het die betrokke komitee 'n nuwe wetsontwerp in die plek van die oorspronklike voorgestel en in drie gevalle het 'n wetsontwerp sy oorsprong in 'n komitee gehad. Dit is dus 'n aanduiding dat belangegroepe in hul pogings tot steunwerwing die gesamentlike komitees in aanmerking moet neem.

Die rol van gesamentlike komitees moet egter nie oorskat word nie. Sterk partydissipline en partydigheid en 'n diepgewortelde Westminster-erfenis, lei normaalweg tot minder invloedryke komitees. In die geval van die Volksraad is hierdie partydissipline steeds prominent. Uit onderhoude met verskeie Volksraadslede het dit egter geblyk dat partydissipline op wetgewing met geen ideologiese of omstrede inslag nie, afwesig is. In die geval van die Huise van Verteenwoordigers en Afgevaardigdes is partydissipline op enige aangeleentheid onopvallend en soms selfs afwesig.

Indien 'n samevallende meerderheid oor 'n betrokke wetsontwerp nie in 'n gesamentlike komitee verkry word nie, verskyn die wetsontwerp op die ordelys van al drie die Huise. As die drie Huise in die Parlement nie konsensus op 'n algemene wetsontwerp kan bereik nie en sodanige verskille onopgelos bly vir langer as 14 dae, verwys die Staatspresident dit na die Presidentsraad (sien afdeling 4.3.4 vir 'n volledige bespreking).

Die Parlement as sodanig het beperkte direkte invloed op openbare beleid. Sy hoof funksie is om beleid te legitimeer. Vanweë die stelsel van gekose komitees

en die feit dat debatte openbaar is, kan ministers se besluite egter bevraagteken word en die Parlement behou dus 'n mate van invloed.

Aangesien die proefgroep van regeringselite in hierdie navorsing saamgestel is uit onder meer slegs lede van die Nasionale Party in die Parlement (sien afdeling 2.4.6), word ook kortliks verwys na die invloed van die Parlementêre kookus op beleid. Op die Nasionale Party-kookusvergadering wat op Woensdae, 'n dag na die weeklikse kabinetsvergadering plaasvind, moet ministers hul wetgewende programme aan die kookus voorlê en verduidelik. Oor die algemeen is besprekings openhartig. Geen stemming vind plaas nie en ministers sal die bespreking in ag neem in die formulering van beleid. Die kookus word gesien as die junior vennoot van die Kabinet en hoewel die lede selde beleidsvoorstelle inisieer, oefen hulle 'n beperkende invloed op ministeriële optrede uit (Schrire, 1988 : 32). Die rol van die kookus met betrekking tot die Kabinet word as volg deur Schrire (1988 : 32) opgesom: "When the cabinet is united on an issue, the caucus will tend to ratify its position. When the cabinet itself is divided, the views of the caucus become more important and in a fluid situation will sometimes be decisive".

#### 4.3.4 **Presidentsraad**

Die Presidentsraad in sy huidige vorm wat in werking getree het in September 1983 (ook bekend as die tweede Presidentsraad) is 'n uitvloeisel van die 1983-Grondwet. Soos reeds hierbo na verwys, het die eerste Presidentsraad nie net in funksie nie, maar ook in samestelling aansienlik van dié van die tweede verskil. Vanweë die feit dat eersgenoemde se funksies slegs adviserend van aard was (moes byvoorbeeld in opdrag van die Staatspresident 'n toepaslike konstitusionele bededeling vir Suid-Afrika ondersoek), asook die feit dat dié Raad in daardie stadium nog geen Wetgewende bevoegdhede gehad het soos in die geval van die tweede Presidentsraad nie, soos aangetoon sal word, word in hierdie bespreking slegs op die tweede Presidentsraad gefokus.

Saamgestel uit 60 lede waarvan 25 lede aangestel word deur die Staatspresident (tien daarvan uit opposisiepartye in die drie Huise van die Parlement) en die oorblywende 35 op proporsionele grondslag uit elke Huis van die Parlement (volgens die 4:2:1 beginsel), adviseer die Presidentsraad die Staatspresident op sy versoek, of op eie inisiatief in openbare belang. Die belangrikste funksie van die Presidentsraad is om 'n finale beslissing te gee indien die drie Huise sou verskil oor die inhoud van 'n bepaalde wetsontwerp. Die Staatspresident het die opsie om dit na die Presidentsraad te verwys vir 'n aanbeveling of vir 'n besluit

deur dié Raad. Eersgenoemde is nie bindend op die Parlement nie wat sodanige aanbeveling kan verwerp of aanvaar, terwyl laasgenoemde bindend op al drie Huise in die Parlement is. Die Presidentsraad het dus nie mag om 'n aanbeveling van sy eie te maak nie en moet slegs 'n keuse uitoefen ten opsigte van die variasies van 'n betrokke wetsontwerp soos dit in elke Huis aanvaar is. Die finale besluit van die Presidentsraad is dus nie 'n oorspronklike stuk wetgewing nie. As die Presidentsraad 'n besluit geneem het, is die Staatspresident verplig om die Wetsontwerp te onderteken. Noodwendig sal die Staatspresident dan ook seker maak dat die 15 lede (sien hierbo) wat hy tot die Raad mag benoem, Nasionale Party-ondersteuners is.

Vanweë die samestelling van die Raad in die guns van die blankes (Volksraad) en spesifiek die Nasionale party, is dit hoogs onwaarskynlik (op grond van meerderheidstem) dat die Presidentsraad nie besluite ten gunste van Wetsontwerpe uit die Volksraad sal neem nie. Hierdie aanname is ook oor die afgelope paar jaar bevestig deurdat die Presidentsraad alle wetgewing wat na hom verwys is, aanvaar het soos dit in die Volksraad deurgevoer is. Die enigste uitsondering is die Wysigingswetsontwerp op Groepsgebiede wat die Presidentsraad in November 1988 aan die Staatspresident teruggestuur het om te herformuleer. Die Raad was veral krities oor die vergrote boetes of strafmaatreëls wat voorgestel is vir oortredings van dié wet (The Star, 30 November 1988). In Februarie 1989 het die waarnemende Staatspresident, mnr Chris Heunis, gesê dat die regering die Wysigingswet op Groepsgebiede laat vaar en dat die regering ander wyses sal ondersoek om 'n "eie gemeenskapslewe" vir elke rassegroep te verseker (Beeld, 4 Februarie 1989). Ander wetsontwerpe wat onder meer na die Presidentsraad verwys is vir 'n beslissing is: die S A Polisie Spesiale Rekening Wetsontwerp (Junie, 1985), die Wysigingswet op Plaaslike Owerhede (Augustus, 1985) en die Wysigingswet op Openbare Veiligheid (1986). In Oktober 1988 is die volgende drie wetsontwerpe na die Presidentsraad verwys nadat die Raad van Afgevaardigdes en die Raad van Verteenwoordigers geweier het om tot stemming oor te gaan voor November van die betrokke jaar: die Wetsontwerp op Vrye Vestigingsgebiede, die Wetsontwerp op Plaaslike Owerheidsaangeleenthede in Vryevestigingsgebiede, en die Wysigingswetsontwerp op Onwettige Plakkery (Beeld, 29 September 1988 en Beeld, 11 November 1988).

Wat dus die Wetgewende funksie van die Presidentsraad betref, soos hierbo bespreek, sou dit nie van veel nut wees vir belangegroepe om in terme van kontensieuse wetgewing die Presidentsraad te probeer beïnvloed nie, gegewe nie net die beperkte funksie van dié Raad in hierdie verband nie, maar ook die feit dat dit onwaarskynlik is om te verwag dat die NP-lede op die Presidentsraad oorreed

kan word om teen wetsontwerpe te stem wat reeds in die Volksraad deurgevoer is. Die adviserende funksie van die Presidentsraad en die feit dat die Raad, deur onder meer sy konstitusionele, sosiale en ekonomiese komitees hom oopstel vir getuienis en voorleggings van buite oor betrokke aangeleenthede waarin die Presidentsraad die Staatspresident moet adviseer, skep geleentheid vir belangegroeppe om insette te lewer in aanbevelings van die Raad aan die Staatspresident. Oor die afgelope paar jaar het die Presidentsraad, op versoek van die Staatspresident, verskeie ondersoeke geloods waarna onder meer die volgende verslae uitgebring is:

- Verslag van die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede van die Presidentsraad oor Maatreëls wat die Funksionering van 'n Vryemarkgeoriënteerde Stelsel in Suid-Afrika beperk (PR 1/1984)
- Verslag van die Komitee vir Konstitusionele Aangeleenthede van die Presidentsraad oor 'n Verstedelikingstrategie vir die Republiek van Suid-Afrika (PR 3/1985)
- Verslag van die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede van die Presidentsraad oor 'n Strategie vir Kleinsakeontwikkeling en Deregulering (PR 4/1985)
- Verslag van die Komitee vir Sosiale Aangeleenthede van die Presidentsraad oor die Jeug van Suid-Afrika (PR 2/1987)
- Verslag van die Komitee vir Konstitusionele Aangeleenthede van die Presidentsraad oor die Verslag van die Tegnieuse Komitee, 1983 en Aanverwante Aangeleenthede (PR 4/1987)
- Verslag van die Komitee vir Sosiale Aangeleenthede oor die Sosio-Ekonomiese en Ruimtelike Implikasies van Veroudering (PR 1/1988)

Bogenoemde is enkele voorbeelde van verslae wat deur die onderskeie komitees van die Presidentsraad aan die Staatspresident voorgelê is. Die vraag is egter of hierdie aanbevelings deur die Presidentsraad gelei het tot enige optrede van die kant van die regering. Hoewel dit in die eerste plek buite die bestek van hierdie studie val om sodanige invloed van die Presidentsraad te bepaal en tweedens dit moeilik is om optrede van regeringkant op bogenoemde aspekte slegs aan die aanbevelings van die Presidentsraad toe te skryf, moet egter tog aandag geskenk word aan regeringsoptrede op van die verslae wat hierbo genoem is. Hoewel

sodanige optrede slegs baie oppervlakkig in oënskou geneem sal word, kan dit tog 'n aanduiding gee van die erns van die Staatspresident oor aanbevelings van die Presidentsraad. Daarbenewens hou dit implikasies vir belangegroepes in deurdat Presidentsraadskomitees wat besig is met bepaalde ondersoekes belangrike fokuspunte vir belangegroepes (dié wat noodwendig belang het by betrokke aangeleenthede) in terme van steunwerwing kan wees. Weer eens moet beklemtoon word dat daar geensins ontken word dat reaksie slegs aan die Presidentsraadsverslae toegeskryf kan word nie.

Aangesien hierdie studie hoofsaaklik op die sakesektor toegespits is, word kortliks slegs aandag geskenk aan reaksie van owerheidskant op dié verslae wat van direkte relevansie vir die sakesektor is, naamlik: dié oor 'n Vryemarkgeoriënteerde stelsel (PR 1/1984), 'n Strategie vir Kleinsakeontwikkeling en Deregulering (PR 4/1985) en 'n Verstedelikingstrategie vir Suid-Afrika (PR 3/1985), soos hierbo genoem.

Eersgenoemde verslag het onder meer verklaar dat die inisiatief en ondernemingsgees van die entrepreneurs in die informele sektor verwelkom moet word en sodanige entrepreneurs moet aangemoedig word om wettige erkenning te verkry. Aanvullend tot dié aanbevelings was die verslag oor 'n ontwikkelingstrategie vir kleinsakeontwikkeling en deregulering die volgende jaar. Die voorstelle van die Presidentsraad was omvattend deurdat dit deregulering voorgestel het van alle beheermaatreëls in die informele sektor. 'n Verdere belangrike aanbeveling was dat wetgewing verorden moes word wat die Staatspresident sal magtig om op advies van die Raad op Mededinging, alle wetgewing wat die werking van kleinsakeondernemings raak sal opskort (sien PR 1/1984). Die Regering se reaksie was die promulgering van die Wet op die Tydelike verwydering van Bepelings op Ekonomiese Aktiwiteite in September 1986. Hierdie wet het Botha wye magte gegee om rompslomp te verwyder in terme van onder meer lisensiëring, gesondheids- en indiensnemingsvoorwaardes (sien Race Relations Survey, 1986 deel 1 : 14-15 vir 'n volledige uiteensetting van die wet). Die gevolg van die optrede in terme van onder meer deregulering was die bestaan van 'n informele sektor in eie reg in Botha se tiende bewindjaar in 1988 (Business Day, 22 Februarie 1988).

Wat 'n verstedelikingstrategie betref, was van die belangrikste aanbevelings van die Presidentsraad die afskaffing van die paswette en instromingsbeheermaatreëls en die daarstelling van 'n verstedelikingstrategie (PR 3/1985). In reaksie publiseer die regering in April 1986 'n Witskrif oor Verstedeliking waarin feitlik al die aanbevelings van die Presidentsraad aanvaar is. Die beginsel van industriële

desentralisasie sal egter behoue bly hoewel instromingsbeheermaatreëls en die paswette geskrap sal word (Witskrif op Verstedeliking, 1986 : Par.4.3.4 en 5.1.2). Die Wet op die Afskaffing van Instromingsbeheer is in Junie 1986 gepromulgeer.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dus duidelik dat die betrokke Presidentraadsverslae tog 'n inset in besluitneming gelewer het ten opsigte van dié aangeleenthede waarin hul advies verlang is.

In hoofstuk 5 word aandag gegee aan die persepsies van die sake-elite oor die rol van die Presidentsraad. Daarbenewens word ook in dié hoofstuk die rol van spesifiek die Ekonomiese komitee van die Presidentsraad met dié van die Ekonomiese Adviesraad vergelyk.

#### 4.3.5 Burokrasie

'n Strukturele eienskap van alle Westerse politieke stelsels is die strategiese rol van die permanente burokrasie. Dit kan gedeeltelik aan die uitbreidende rol van die regering na hoogs tegniese terreine toegeskryf word. Wetgewers is om hierdie rede verplig om, wat sekere wetgewing betref, grootliks op permanente burokrate staat te maak. Omdat hierdie burokrate in sekere sektore baie ondervinding het, sal wetgewing dikwels hul oorsprong in 'n betrokke departement hê en die minister moet dan in 'n groot mate op die staatsamptenaar staatmaak. Hierdie tegniese noodsaaklikheid van burokrate word versterk deur die Suid-Afrikaanse tradisie om ministers op 'n algemene basis aan te stel waarvolgens kennis en ervaring in 'n spesifieke departement normaalweg nie 'n voorvereiste is nie. (As die rol van die burokrasie in beleidsformulering geanaliseer word, word vir Suid-Afrika verwys na die top struktuur in elke departement, naamlik die direkteur-generaal, adjunk-direkteurs-generaal en hoofamptenare). Die tegniese noodsaaklikheid van burokrate is onder die Botha-bewind veel verder gevoer. Soos reeds in afdeling 4.3.1 uitgewys, het PW Botha as deel van sy 'totale strategie' juis meer bekwame mense in senior posisies aangestel. Kenmerkend dus van sy bewind is die aanstelling van tegnokratie in verskeie staatsdepartemente asook in sy eie Kantoor.

In Suid-Afrika varieer die rol van staatsamptenare in beleidsformulering van departement tot departement en by implikasie dus van minister tot minister asook van vraagstuk tot vraagstuk. Wat die meer tegniese aangeleenthede betref, speel die burokrasie 'n belangrike rol in beleidsformulering. Oor beginselvraagstukke word besluite egter op 'n hoër vlak geneem. In Schrire (1978 : 183) se woorde:

"When issues of principle or of national significance arise, decisions are taken at a higher level with a correspondingly lower rate of bureaucratic participation".

Dit is moontlik dat burokrate se rol in die Suid-Afrikaanse politiek groter is as in ander soortgelyke politieke stelsels, omdat daar ideologiese eenvormigheid tussen politici en burokrate bestaan en daar uiteindelik 'n tipe vennootskap tussen hulle ontwikkel. In hierdie verband verwys Marais (1989) na 'n verpolitiserings van die staatsdiens.<sup>1</sup> Marais toon aan dat die staatsdiens stelselmatig verpolitiseerd geraak het. Waar hierdie instelling vanaf 1910 tot 1948 oorwegend neutraal teenoor die politiek gestaan het (sien Marais, 1989 : 5 vir redes hiervoor), kan vanaf 1948 tot 1978 van 'n "indirek" verpolitiseerde staatsdiens gepraat word en onder die Botha-bewind van 'n aanvang van 'n duidelike of direkte verpolitiserings. Ontwikkelings binne die politiek en die staatsdiens het op 'n indirekte wyse tot die verpolitiserings van die Suid-Afrikaanse staatsdiens in die tydperk 1948-1978 aanleiding gegee. Hierdie ontwikkeling sluit onder meer in die feit dat die Nasionale Party op deurlopende wyse sy beleid van apartheid kon uitvoer. Die beleid is geïnstusionaliseer in wette sowel as in openbare instellings soos onder andere die stigting van departemente wat onderskeidelik slegs kleurlinge, Indiërs en swartes as kliënte gehad het. Die voormalige Departement van Bantoe-administrasie het volgens Marais (1989 : 7) byvoorbeeld tot 'n "regering binne 'n regering" ontwikkel en die tuislandbeleid, deur middel waarvan gepoog is om die politieke aspirasies van swartes te kanaliseer, het 'n vaste patroon begin aanneem.

Gedurende die sewentigerjare was dit nie denkbaar dat die Nasionale Party 'n verkiesing sou verloor nie en amptenare het mettertyd die beleid van die Nasionale Party as gegewe aanvaar. 'n Sterk band tussen die regering en die staatsamptenare het begin ontwikkel. Anders as tevore het daar byvoorbeeld teen die einde van die termyn van Vorster artikels deur Vorster self in Die Staatsamptenaar verskyn waarin hy die samewerking tussen die openbare sektor en die regering aangeprys het (Marais, 1989 : 7).

Onder die Botha-bewind het daar 'n direkte verpolitiserings van die topstruktuur van die staatsdiens ingetree wat duidelik in die benadering van die regering sigbaar was. Regstreekse bewyse daarvoor kan in die jaarverslae van die verskillende staatsdepartemente gelees word. Volgens Marais (1989 : 9) is 'n aktiewe

---

1. "As openbare amptenare die politieke beleid van die regering onderskryf dan is 'n staatsdiens verpolitiseerd. Anders gestel, binne 'n gepolitiseerde staatsdiens sal die amptenare die beleid van die regering-van-die-dag onderskryf en ook verkondig" (Marais, 1989 : 3).

deelname aan die kant van die staatsdiens aan die uitbouing van politieke doelwitte van die regering hierin te bespeur, terwyl daar in die verlede in hierdie verslae bloot verslag gedoen is van die betrokke staatsdepartemente se werksaamhede. In die enigste jaarverslag ooit deur die Kantoor van die Eerste Minister in 1980 kom die volgende stelling voor: "Om koördinerende op die beplannings- en besluitnemingsvlak te bevorder, dien die hoofde van sommige beplanningskomponente (in die Kantoor van die Eerste Minister) asook die Direkteur-generaals as lede in bepaalde Kabinetskomitees en ook as voorsitters van sommige van die werkgroepe wat uit die geledere van die topamptenare van verskeie departemente vir die Kabinetskomitees tot stand gebring is. Hierdeur vind die deskundige beplannings-elemente noue aansluiting by die politieke beleidsbepalende elemente van die Regering" (soos aangehaal in Marais, 1989 : 9; onderstreping in die oorspronklike).

Sommige waarneembare aanduidings van die verpolitiserings van die topstruktuur van die staatsdiens word onder meer gesien in die doelwitbegrotingstelsel van die staatsdiens, die rasionalisering van laasgenoemde, advertensies, plakkate en brosjures van die staatsdiens, kontrak aanstellings binne hierdie instelling en artikels en voordragte van top staatsamptenare (vir 'n volledige bespreking sien Marais, 1989 : 9-13).

Hoewel volgens Marais (1989 : 14) die staatsdiens aan die begin van die proses van verpolitiserings is, is daar duidelike tekens daarvan sigbaar. Ook is die staatsdiens nie in sy geheel verpolitiseer nie; die situasie verskil van departement tot departement. Die polities meer neutrale departemente sal uiteraard minder indien enigsins, verpolitiseer wees, soos byvoorbeeld die Departement van Omgewingsake en van Waterwese. Die implikasie hiervan is dat amptenare self 'n belang verkry by die voortbestaan van 'n bepaalde regering. Dit kan selfs gestel word dat sekere amptenare nie net 'n belang by die voortbestaan van 'n bepaalde party as regerende party verkry nie, maar ook 'n belang daarby het dat 'n bepaalde leier aan bewind sal bly.

Wat die burokrasie betref, is dit duidelik dat hul die potensiaal sowel as die geleentheid het om besluitneming te beïnvloed. Vanweë die verpolitiserings van die staatsdiens moet egter nie verwag word dat staatsamptenare beïnvloedbaar sou wees ten opsigte van aangeleenthede wat buite Nasionale Party-beginsels sou val nie.

#### 4.4 DIE ASSOSIATIEWE BELANGEGROEPSTRUKTUUR IN SUID-AFRIKA

Die Suid-Afrikaanse assosiatiewe belangegroepstruktuur is tradisioneel in 'n groot mate deur die rasse- en etniese verdelings binne die samelewing bepaal. Die feit dat daar nie 'n groot oorvleuelende groeplidmaatskap was nie, kon volgens Pretorius en Vosloo (1974 : 72) grootliks toegeskryf word aan drie gedeeltelik oorvleuelende faktore, naamlik die vrywillige stigting van assosiasies om die belange van 'n spesifieke etniese- of rassegroep te bevorder, regeringsmaatreëls vir rassesseiding in die assosiatiewe sfeer en laastens die daarstelling van assosiasies op 'n etniese- of rassebasis vanweë konflik van belange in gemengde organisasies. Desnieteenstaande het 'n aantal gemengde organisasies wel op onder meer die arbeidsfront en kerklike terrein ontstaan.

Sedert die laat twintigerjare tot die veertigs is, soos reeds in hoofstuk 3 aangetoon, 'n aantal organisasies gestig met die doel om die politieke, ekonomiese en kulturele belange van die Afrikaner te bevorder. Van die belangrikste van hierdie Afrikaner-organisasies was onder meer die Afrikaner-Broederbond wat die leiding geneem het in die stigting van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) waaraan ongeveer 2000 Afrikaanse kultuurorganisasies geaffilieer is, die Reddingsdaadbond (reeds ontbind), die Afrikaanse Handelsinstituut (as eweknie van die FCI en ASSOCOM), die Voortrekkers vir die jeug in opposisie tot die Boy Scouts en Girl Guides, die Rapportryers as teenwig teen byvoorbeeld die Lionsbeweging en Rotary, die Afrikaanse Studentebond om die houvas van NUSAS op Afrikaanse kampusse te breek, die Ruitersweg as die Broederbond se geheime jeugorganisasie, Afrikaanse onderwysersverenigings, die Noodhulpliga teenoor die Rooikruis en die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA) as reaksie teen die South African Institute of Race Relations. Selfs op die arbeidsfront was daar die Blankewerkers-Beskermingsbond (nou reeds ontbind) wat ook sterk morele en finansiële steun van die Broederbond gekry het (Pelzer, 1979 : 152).

Die aktiwiteite van talle van die belangegroepe wat hierbo genoem is, het die rasse- en etniese klowings van die Suid-Afrikaanse samelewing en politiek gehandhaaf en versterk. Die Afrikaners se oorvleuelende lidmaatskap aan die onderskeie Afrikaanse organisasies in daardie stadium word as volg deur Thompson en Prior (1982 : 150) saamgevat: "Afrikanerdom is politically unified in the National Party; it is religiously united in the Dutch Reformed churches; it finds cultural expression through the Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge

(FAK), and its functions in the economic field through the Afrikaanse Handelsinstituut. Cross-cutting membership between these groups ensures a high degree of group cohesion ...".

Die Swartbewussynsbeweging in die sewentigerjare het verskeie kulturele-, politieke-, jeug- en selfhelporganisasies tot gevolg gehad wat dieselfde funksies in die swart gemeenskap vervul het as soortgelyke organisasies in die Afrikanergemeenskap. Voorbeelde hiervan is die Black People's Convention (BPC), die South African Students Organisation (SASO) en die South African Students Movement (SASM) wat later ontwikkel het in die Soweto Students Representative Council, die Black Workers Project en die Black Community Programme (sien Khoapa, 1972 en 1973). Na die verbanning van verskeie van hierdie Swartbewussynsorganisasies is die gedagte in die tagtigs voortgesit deur organisasies soos die Azanian Peoples Organization (AZAPO), die National Forum (NF), en die Azanian Confederation of Trade Unions (AZACTU).

Oor die jare het daar ook verskeie etniese en rasgemengde organisasies ontstaan, soos die Black Sash (1954) wat gestig is in reaksie op die verwydering van die kleurlinge van die kieserslys, die SA Stigting (1961) wat deur sakelui gestig is wat bekommerd was oor die uitvloei van kapitaal uit Suid-Afrika na die 1960-onluste met die doel om internasionale begrip vir Suid-Afrika te bevorder, en die Stedelike Stigting (1976) wat ook deur die sakesektor gestig is. Op kerklike terrein is daar byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, (voorheen die Christian Council of Churches), wat nog altyd uitgesproke teen die regering se apartheidsbeleid was, bestaande uit die grootste Engelssprekende Protestantse kerke in Suid-Afrika sowel as die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika.

Reaksie teen aspekte van die regeringsbeleid asook die nuwe konstitusionele bedeling van 1983 was die katalisator van die stigting van verskeie belangegroepes in die tagtigerjare. Na regs onder Afrikaners is politieke organisasies soos die Blanke Bevrydingsbeweging en die Oranje-werkersunie gestig. Op kulturele terrein het die Afrikaner-Volkswag (1984) hoofsaaklik as alternatief tot die Broederbond ontstaan waar verregses nie meer welkom was nie. Selfs is afgestig van die NG Kerk en is die Afrikaanse Protestantse Kerk gestig. Volgens hierdie verregses was die Nasionale Party met sy beleid van magsdeling en sosiale en ekonomiese integrasie wat deur die bestaande Afrikaanse ekonomiese- en kulturele organisasies gesteun word, besig om die ondergang van die belange van die blanke en veral die Afrikaner te bewerkstellig. Lede van hierdie verregse groepe behoort steeds aan organisasies soos die Voortrekkers, die FAK en die

AHI en het ook al onsuksesvol in die verlede probeer om leiding in sommige van hierdie organisasies oor te neem.

Na links is organisasies soos die United Democratic Front (voortaan UDF) gestig onder meer as verzet teen die 1983 Grondwet, die National Education Crisis Committee (1985) (voortaan NECC) na aanleiding van die onderwyskrisis in swart skole, die Detainees Parent Support Committee en die End Conscription Campaign (voortaan ECC) teen verpligte militêre diensplig. Ook het organisasies soos IDASA en die Five Freedoms Forum ontstaan om onder meer verskillende groepe in gesprekvoering oor 'n alternatiewe politieke bedeling te betrek.

Opvallend van die belangegroepe wat in die tagtigerjare gestig is, is dat selfs hierdie groepe in samestelling steeds nie weggebreek het van hul ras- en etniese basis nie. Voorbeelde is die verregse Afrikaner-organisasies, die UDF wat ten spyte van oop lidmaatskap hoofsaaklik swart ondersteuners het, die ECC wat hoofsaaklike Engelsprekende steun het en die NECC wat ook hoofsaaklik 'n swart organisasie is.

#### 4.4.1 Die invloed van belangegroepe

Wat die uitoefening van invloed betref, is verskeie skrywers die mening toegedaan dat daar belangegroepe is wie se invloed dominant is, ander wie se invloed minder is en ander wat feitlik geen invloed uitoefen nie. Oor die algemeen bestaan die siening dat die blankes en dan veral die Afrikaner beïnvloeding domineer: "The dominant cultural, economic, and social groups with political influence are, therefore, those that belong to the Afrikaner community - the Broederbond, the FAK, and the Afrikaner chambers of commerce and industry, and specific white caste groups operating in areas where there are no Afrikaner community groups, including many of the professional and sports associations and some industrial associations such as the Chamber of Mines and the white trade unions. These groups monopolize all the regular channels of political influence in South Africa, not only because they are the beneficiaries of discriminatory legislation, but also because all significant political decision-making roles in the country are performed by Whites, and most of them by Afrikaners" (Thompson en Prior, 1982 : 163-164).

'n Soortgelyke standpunt wat ook voor die nuwe konstitusionele bedeling uitgespreek is, is dié van Schrire wat ook invloed aan etniese lidmaatskap koppel. Afrikaanse groepe sou meer invloed as Engelse groepe hê en blanke groepe sou meer invloedryk as swart groepe wees (Schrire, 1978 : 188).

Meer onlangse uitsprake is onder meer dié van Booyen (1986) en Kotzé (1989a). Die assosiatiewe belangegroep binne die invloed sfeer van die Nasionale Party en Afrikanerkultuur is volgens Booyen (1986 : 47) verseker van wydverspreide invloed op die beleidsformuleringsproses. Hierdie simbiotiese groepe sluit die Afrikaner-kultuurorganisasies, die Afrikaanse massamedia en die Afrikaanse kerke in. Volgens Kotzé (1989a : 177): "Generally speaking White groups have greater access than Black groups, while Afrikaans groups have the edge on English groups in influencing the public policy process. The Associated Chambers of Commerce (ASSOCOM) and the Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) have more impact than the National African Federated Chambers of Commerce (NAFCOC). The AHI has virtual immediate access to top decision-makers in government, due to their common ethnic allegiance".

Daar bestaan verskillende menings wat betref die Broederbond se invloed op besluitneming onder die Botha-bewind. Soos in afdeling 3.5.2 uitgewys, kan van onder meer die sienings van Geldenhuys (1984) die afleiding gemaak word dat die Broederbond vir die regering belangrik is wat steunmobilisering en die evaluering en legitimering van hul idees of besluite betref. Volgens De Klerk (1984) tree die Broederbond as dinkskrum op wie se idees aan die besluitnemers oorgedra word. Cloete (1989) voer hierdie siening ietwat verder in sy opmerking dat: "New ideas which took government policy some logical steps further, were also floated under the banner of the Broederbond in attempts at political reconnaissance. The Broederbond proved to be a useful instrument for this purpose, and was apparently willing to take reform even further than the government was prepared to do" (Cloete, 1989 : 15).

In hierdie studie word gepoog om aan te dui of hierdie konvensionele opvatting oor die invloed van belangegroep steeds stand hou. Nie net kan van hierdie menings verouderd wees nie, maar kan dit bloot impressionisties wees vanweë 'n gebrekkige empiriese basis. Toevallige waarnemings van anekdotiese data kon dus gelei het tot sodanige gevolgtrekkings. 'n Verdere faktor wat 'n rol mag speel in die verandering van bestaande opvatting, is die feit dat daar 'n verskuiwing in die magsbasis van die regering plaasgevind het wat belangrike implikasies op die uitoefening van invloed van belangegroep kan hê. Nie net is daar 'n neiging tot die soeke na 'n oorkoepelende nasionale identiteit nie, maar staan die Nasionale Party 'n meer inklusiewe nasionalisme voor (sien afdeling 4.2).

Teenoor die bestaande opvatting wat grootliks op waarneming gebaseer is, is hierdie studie die eerste om sistematiese en wetenskaplike antwoorde op die vraag na die invloed van belangegroep, en veral die sakesektor, te verkry.

## 4.5 ONTLEDING EN BESPREKING VAN BELANGRIKSTE BEVINDINGE

### 4.5.1 Toegang en taktieke van belangegroepes

Die mate van toegang wat belangegroepes tot regeringselite het, is bepaal deur die frekwensie van interaksie met hierdie elite. Die data is gebaseer op 'n enkele reguit item wat respondente gevra het hoe dikwels hulle in direkte persoonlike kontak kom met verteenwoordigers van belangegroepes. Reaksies is in drie kategorieë saamgevat naamlik: "hoog", wat gereeld is (gedefinieer as 1 keer per maand of meer), "medium" wat van tyd tot tyd is (gedefinieer as tussen 6 en 11 keer per jaar of meer) en "laag" wat selde is (nie meer as 3 keer per jaar nie).

Oor die algemeen bestaan 'n hoë interaksie tussen regeringselite en belangegroepes. 72,5% beweer dat hulle gereeld interaksie met belangegroepes het, 21,1% dat hulle van tyd tot tyd sulke ontmoetings het en slegs 6,4% het selde kontak met belangegroepes. Tussen die Parlementslede, Presidentsraadslede, Kabinet en staatsamptenare is daar redelik min verskil in die frekwensie van interaksie. Tabel 4.1 gee hierdie uiteensetting.

**TABEL 4.1**  
**REGERINGSSELITE SE INTERAKSIE MET BELANGEGROEPE**

	FREKWENSIE VAN INTERAKSIE					
	HOOG		MEDIUM		LAAG	
	%	N	%	N	%	N
Kabinetsministers	81,8	9	18,2	2	-	-
Parlementslede	73,2	30	22,0	9	4,9	2
Presidentsraadslede	71,4	15	23,8	5	4,8	1
Staatsamptenare	69,4	25	19,4	7	11,1	4

Kabinetslede se interaksie met belangegroepes is uiteraard die hoogste (ook met 'n Chi-kwadraat nagegaan) en kan maklik verklaar word op grond van hulle belangrike rol as besluitnemers. Dit is opmerklik dat Presidentsraadslede ook 'n hoë interaksie met belangegroepes het, veral gesien teen die beperkte rol wat hulle in die konstitusionele bedeling speel. Hierdie hoë interaksie kan moontlik verklaar word op grond van die feit dat lede van belangegroepes getuie is afluë, en voorleggings aan die onderskeie komitees van die Presidentsraad maak. Aan die ander kant kan Presidentsraadslede hul interaksie-intensiteit oordryf in 'n moontlik

onbewuste poging om hul beperkte rol in die besluitnemingstelsel te vergroot. Die veranderde rol van die staande komitees verhoed in 'n mate dat dit nie heeltemal van die Parlementslede gesê kan word nie. Soos reeds bespreek, is die rol van Parlementslede wat besluitneming betref, redelik beperk in 'n suiwer parlementêre stelsel.

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat volgens die persepsies van die regeringselite belangegroepes 'n groot mate van toegang tot besluitnemers het.

Om vas te stel of daar 'n erkenning by regeringselite bestaan oor wie die belangrikste besluitnemers is, is die volgende vraag gestel: "Watter van die volgende groepe persone meen u word die meeste deur belangegroepes genader?" Onderstaande is 'n uiteensetting in tabelvorm van watter besluitnemers die meeste deur belangegroepes genader word en wie dus by implikasie as die belangrikste besluitnemers beskou word.

**TABEL 4.2**  
**PERSEPSIES VAN TOEGANG TOT BESLUITNEMERS**

	GEREELD		VAN TYD TOT TYD		SELDE		BY UIT-SONDERING		NOOIT		ONSEKER/GEEN ANTWOORD	
	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N
Kabinet	76,1	83	19,3	21	-	-	-	-	-	-	4,6	5
Presidentsraad	11,9	13	39,4	43	26,6	29	8,3	9	0,9	1	12,8	14
Staatspresident	44,0	48	32,1	35	7,3	8	5,5	6	-	-	11,0	12
LP's	54,1	59	38,5	42	3,7	4	0,9	1	-	-	2,8	3
Staatsamptenare	46,8	51	38,5	42	4,6	5	-	-	0,9	1	9,2	10

Tabel 4.2 toon dat die persepsie bestaan dat Kabinetsministers die gereeldste deur belangegroepes genader word. Geen twyfel bestaan ook by die Kabinetslede self dat hulle die meeste genader word nie. Dit is dus 'n duidelike weerspieëling van die belangrikheid van die Kabinet in 'n parlementêre stelsel waaraan Suid-Afrika in die belangrikste opsigte nog voldoen. Die onbelangrike rol van die Presidentsraad in besluitneming word verder deur hierdie data beklemtoon. Wat die Parlementslede betref, bestaan die gevoel by omtrent helfte van die respondente dat hulle ook gereeld deur belangegroepes genader word. Deur opvolgonderhoude met enkele Parlementslede kan afgelei word dat hierdie mening gehuldig word op grond van die groter rol wat die staande komitees in

wetgewing speel. Dat senior staatsamptenare ook by implikasie 'n rol in besluitneming speel, word weerspieël deur die feit dat 46,8% voel dat hulle ook gereeld deur belangegroepe genader word.

Ten spyte van die feit dat die President die belangrikste posisie in die besluitnemingstelsel beklee, is slegs 44% van die respondente van mening dat hy gereeld deur belangegroepe genader word. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat daar 'n besef is dat die President nie aan alle sake kan aandag gee nie. Die Kabinet wat uiteraard nouer met hom saamwerk, is, met die uitsondering van een lid, van mening dat hy gereeld kontak met belangegroepe het.

Om vas te stel watter metodes van steunwerwing as die belangrikste deur regeringselite beskou word, moes vervolgens 'n lys van taktieke van beïnvloeding geëvalueer word. Tabel 4.3 verskaf 'n opsomming van hierdie resultate.

Die belangrikste steunwerwingstaktiek van belangegroepe volgens die regeringselite is persoonlike kontak met die Kabinet. Ongeveer twee-derdes het hierdie mening gehuldig terwyl die oorblywende derde dit in 'n groot mate eens was dat dit taamlik belangrik is. Die belangrikheid van die Kabinet word weer eens deur hierdie resultate weerspieël. Feitlik net so belangrik is persoonlike kontak met die Staatspresident en formele voorleggings aan Kommissies van Ondersoek. Kontak met staande komitees spesifiek is spontaan deur sewe respondente genoem. Hoewel daar 'n hoë frekwensie van interaksie tussen belangegroepe en Parlementslede, Presidentsraadslede en staatsamptenare is, word die mening gehuldig dat persoonlike kontak met Kabinetslede vir belangegroepe die meeste voordeel inhou.

**TABEL 4.3**  
**PERSEPSIES VAN BELANGEGROEPTAKTIEKE**

	BAIE BELANGRIK		TAAMLIK BELANGRIK		NIE JUIS BELANGRIK		GLAD NIE BELANGRIK		ONSEKER/ GEEN ANT- WOORD	
	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N
Mobilisering van openbare mening vir/teen 'n wetsontwerp of program d.m.v. die aanwending van toesprake, massamedia, ens.	33,9	37	46,8	51	12,8	14	0,9	1	5,5	6
<u>Persoonlike kontak met:</u>										
LP's	27,5	30	46,8	51	15,6	17	2,8	3	7,3	8
Kabinetslede	66,1	72	25,7	28	1,8	2	0,9	1	5,5	6
Top staatsamptenare	32,1	35	48,6	53	10,1	11	0,9	1	8,3	9
Staatspresident	57,8	63	15,6	17	6,4	7	0,9	1	19,3	21
<u>Formele voorleggings/getuienis voor:</u>										
Kommissies van ondersoek	56,0	61	35,8	39	4,6	5	-	-	3,7	4
Presidentsraad	34,9	38	40,4	44	14,7	16	3,7	4	6,4	7
Staatsdepartemente	27,5	30	49,5	54	11,9	13	3,7	4	7,3	8
<u>Ander (Respondente spesifiseer):</u>										
NP - Kongresse	-	-	1,8	2	-	-	-	-	98,2	107
Staande Komitees	5,5	6	0,9	1	-	-	-	-	93,6	102

#### 4.5.2 Die persepsies van regeringselite teenoor die bestaan van belangegroepe

Oor die algemeen is die persepsies van regeringselite teenoor die bestaan van belangegroepe positief. Wat die groepe afsonderlik betref, was daar geen verskil in persepsies nie. Soos in tabel 4.4 hieronder aangedui word, beskou 61,5% belangegroepe as noodsaaklik en waardevol in die politieke stelsel van Suid-Afrika. Interessant in hierdie opsig is van die kommentaar van enkele respondente wat in die gegewe ruimte gelewer is. Byvoorbeeld: "Belangegroepe is noodsaaklik maar indien hulle idees sou verskil van die regering word hulle dikwels geïgnoreer". Hierdie opmerking bevestig die aanname dat die staat in 'n groot mate onafhanklik en in eie en, breër gesien, die nasionale belang (soos deur die staat geformuleer) optree. Die aanvaarding dat die staat verantwoordelik is vir en in nasionale belang optree, verklaar die verwagting dat belangegroepe ondersteunend en legitimerend sal optree. Die feit dat belangegroepe in 'n groot mate eerder 'n ondersteunende rol tot besluitnemers behoort te speel, kom in die opvolgende vrae duidelik na vore. Daarteenoor het 32,1% die belangrikheid van

belangegroepie nie so sterk gestel nie, en sien hulle as "somyds nuttig in die verskaffing van inligting en dienste wat andersins nie beskikbaar is nie". Dit is veral die Presidentsraadslede (33,3%) en die staatsamptenare (41,9%), teenoor 24,4% van die Parlementslede en 27,3% van die Kabinet, wat voel dat belangegroepie in hierdie opsig van die meeste waarde is. Die rede hiervoor is moontlik die feit dat dit dikwels die funksie van die staatsdiens en veral die Presidentsraad is om inligting oor verskeie aangeleenthede in te win. Alhoewel ses respondente gevoel het dat belangegroepie selfsugtig is en in eie belang optree, het niemand hulle as oneffektief en onnodig bestempel nie.

**TABEL 4.4**  
**DIE NUT VAN BELANGEGROEPE**

	%	N
Belangegroepie is noodsaaklik en waardevol in die politieke stelsel van Suid-Afrika	61,5	67
Belangegroepie is somtyds nuttig in die verskaffing van inligting en dienste wat andersins nie beskikbaar is nie	32,1	35
Belangegroepie is in die algemeen oneffektief en waarskynlik onnodig	-	-
Belangegroepie is selfsugtig en dink net aan hul eie belange sonder om die belange van die publiek in ag te neem	5,5	6
Ander	0,9	1

Om te probeer vasstel of besluitnemers wel in die algemeen deur belangegroepie beïnvloed kan word om hul houdings te verander, is die volgende direkte gestruktureerde vraag gestel: "Sommige mense word meer deur belangegroepie beïnvloed as ander. Hoe dikwels is u houding/s oor 'n vraagstuk of aangeleentheid deur 'n belangegroep beïnvloed?" In hierdie vraag is voorsiening gemaak vir 'n wye spektrum van response (van "gereeld" tot "nooit" en "onseker") ten einde die variansie van die vraag 'n maksimum te maak.

Tabel 4.5 verskaf 'n opsomming van die mate waarin besluitnemers oor 'n betrokke aangeleentheid al bewustelik deur belangegroepie beïnvloed is.

**TABEL 4.5**  
**INVLOED VAN BELANGEGROEPE OP REGERINGSELITE**

FREKWENSIE	%	N
Gereeld	19,3	21
Soms	73,4	80
Feitlik nooit	5,5	6
Nooit	0,9	1
Onseker	0,9	1

Die oorgrote meerderheid van die proefgroep is van mening dat hulle al "soms" deur belangegroepes oor sekere vraagstukke beïnvloed is. Daar kan gespekuleer word dat dit 'n normale reaksie van besluitnemers kan wees om nie te erken dat hulle gereeld deur belangegroepes beïnvloed word nie. Aan die ander kant kan die politieke kultuur van Nasionale Party-regeringselite 'n verklaring bied (afdeling 4.2.) deurdat hierdie elite nie sterk kompromisgerig is nie en 'n hoë waarde aan 'n "sterk regering" het. Om ook te erken dat hulle "nooit" of "feitlik nooit" beïnvloed word nie, sou ook outoritêr skyn te wees. Amper 20% van die respondente het egter wel erken dat hulle "gereeld" beïnvloed word. Wat die vier groepe afsonderlik betref, blyk dit of die Parlementslede se houdings die gereeldste beïnvloed word (26,8%) teenoor Kabinet (9,1%), Presidentsraad (19%) en Staatsamptenare (13,9%). Dit kan heelwaarskynlik toegeskryf word aan die feit dat Parlementslede van die publiek ofte wel belangegroepes afhanklik is van steun, veral gesien in die lig van 'n volgende algemene verkiesing.

#### 4.5.3 Persepsies van die tipe van invloed van belangegroepes

Uit die data kan duidelik waargeneem word dat die invloed van belangegroepes vanuit die oogpunt van die regeringseleite, nie beperk is tot 'n spesifieke aspek van beleid nie. 44% voel dat belangegroepes invloed het ten opsigte van tegniese detail, sosio-politieke beginsels sowel as ekonomiese beginsels. Vir 23,9% is invloed meer op sosio-politieke en ekonomiese beginsels as tegniese detail, terwyl 12,8% voel dat invloed beperk is tot tegniese detail en ekonomiese beginsels. Hierdie tendens word in 'n groot mate in die groepe afsonderlik weerspieël. Hierdie data bevestig in 'n mate Dye (1972 : 282) se proposisie dat belangegroepes meer geneig is om breë sosiale en ekonomiese vraagstukke te beïnvloed.

#### 4.5.4 Belangegroepe se rol in die verskillende fases van besluitneming

Soos in afdeling 1.6.4 uiteengesit, geskied die formulering van beleid in verskillende fases. Die rol van belangegroepe in hierdie verskillende fases word in tabel 4.6 uiteengesit.

**TABEL 4.6**  
**EFFEKTIWITEIT VAN BELANGEGROEPE IN VERSKILLEND FASES VAN**  
**BESLUITNEMING**

	UITERS EFFEKTIEF		REDELIK EFFEKTIEF		NIE JUIS EFFEKTIEF		GLAD NIE EFFEKTIEF		ONSEKER/ GEEN ANT- WOORD	
	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N
Navorsing/vertoë/voor- leggings voor politieke besluite geneem word	26,6	29	63,3	69	7,3	8	0,9	1	1,8	2
Die formulering van beleid	4,6	5	44,0	48	39,4	43	4,6	5	7,3	8
Implementering en toe- passing van beleid	11,0	12	46,8	51	28,4	31	11,9	13	1,8	2
Ander (spesifiseer)	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-

Volgens die meerderheid van die regeringselite blyk belangegroepe "redelik effektief" te wees in navorsing/vertoë en voorleggings<sup>1</sup> voor politieke besluite geneem word, hoewel ongeveer 'n kwart tog voel dat hulle uiters effektief is. Dit is feitlik net die Parlementslede wat hierdie mening so sterk huldig. Op 'n enkele uitsondering na voel Kabinetslede dat belangegroepe in hierdie opsig "redelik effektief" is. Die nut van belangegroepe lê ook verder in die verskaffing van terugvoering oor beleid. Hoewel hulle nie "uiters effektief" is nie, bestaan die gevoel tog dat hulle "redelik effektief" is. In terme van sisteemteorie vervul belangegroepe in Suid-Afrika nie net belangrike insetfunksies nie (sien afdeling 1.5.1), maar speel hulle ook 'n rol by die uitsetfunksies. Die effektiwiteit van belangegroepe is volgens die regeringselite die minste by die werklike formulering van beleid. Belangegroepe is dus grootliks uitgesluit van die interne werking van die "politieke sisteem", ofte wel van die aktiwiteite binne die sogenaamde "black box".

Respondente is ook verder getoets op die wenslikheid dat belangegroepe meer invloed op genoemde fases van politieke besluitneming uitoefen. In hierdie vraag

1. Hoewel daar duidelike verskille bestaan tussen navorsing, vertoë en voorleggings voordat politiek besluite geneem word, maak al drie deel uit van die eerste fase van beleidsformulering.

(vraag 5.2) kan duidelik afgelei word watter rol belangegroepes in die Suid-Afrikaanse besluitnemingstelsel behoort te speel. Vir 95,5% is dit "baie wenslik" of "wenslik" dat belangegroepes navorsing moet doen met die oog op verhoë en voorleggings aan besluitnemers. Samehangend hiermee moet hulle ook terugvoering verskaf oor besluite wat geneem is: 94% beskou hierdie aspek as "baie wenslik" of "wenslik". Die legitimeringsfunksie wat belangegroepes in die Suid-Afrikaanse besluitnemingstelsel behoort te speel, word deur 80% van die regeringselite beklemtoon. Hulle voel dat belangegroepes se bydrae wat die implementering en toepassing van beleid betref, "baie wenslik" of "wenslik" is. Wat die formulering van beleid opsigself betref, is hierdie aspek in vergelyking met die ander fases van besluitneming as die onwenslikste gesien. Hierdie siening kan ook 'n verklaring bied waarom in die vraag oor die effektiwiteit van belangegroepes in die formulering van beleid, ongeveer 50% hulle rol as oneffektief beskou. Omdat die persepsie bestaan dat dit nie wenslik is dat hulle op hierdie terrein invloed behoort uit te oefen nie, kan dit hulle persepsie van die werklike invloed van belangegroepes oor hierdie aspek beïnvloed. Die sienings van die groepe afsonderlik stem grootliks ooreen met dié van die proefgroep as geheel.

Die wyse waarop belangegroepes 'n meer effektiewe rol in politieke besluitneming kan speel, is ook in 'n ongestruktureerde vraag (5.3) gestel. Op 'n spontane wyse is die resultate van vrae 4, 5.1 en 5.2 soos hierbo bespreek, grotendeels bevestig.

10% van die respondente beklemtoon die nut van voorleggings en verhoë as 'n manier waarop belangegroepes 'n meer effektiewe rol kan speel. Byvoorbeeld:

"Maak besluitnemers vooraf bewus van positiewe/negatiewe implikasies van hul moontlike besluite/beleid onder meer deur memoranda, konferensies, afvaardigings".

"Deur aan te dui wat die werking van beleid en besluite op die praktyk sal hê".

"Deur kort effektiewe voorlegging op die hoogste vlak op deurlopende basis te doen".

Gereelde kontak en gesprekvoering is ook deur 16,5% vir 'n meer effektiewe rol beklemtoon:

"Deur meer in konstruktiewe gesprek met regeringsverteenvoerders te tree".

"Meer effektiewe kontak met belangegroepes, kabinet en staatsamptenare".

"Deurlopende kontak en vertrouwe".

"Nouer kontak tussen privaat- en publieke sektore by wyse van berade (soos Carlton) - en verteenwoordiging van albei op gemeenskaplike komitees byvoorbeeld Ekonomiese Adviesraad".

Wat baie duidelik uit hierdie persepsies weerspieël word, is die feit dat hier na belangegroepes verwys word wat by implikasie tot gesprekvoering bereid is.

Belangriker nog as voorleggings en verhoë en gereelde kontak en gesprekvoering, is die belangrikheid van navorsing en voorbereiding. Laasgenoemde aspek is deur 22% van die respondente beklemtoon. Besonder insiggewend was die trant waarop stellings in hierdie verband gemaak is, byvoorbeeld:

"Konstruktiewe bydraes sal verwelkom word selfs kritiek is aanvaarbaar indien behoorlik gemotiveer".

"Deur effektiewe navorsing ens. asook terugvoering veral positiewe aspekte en nie slegs tekortkominge nie".

"Deur behoorlike navorsing - effektiewe voorlegging - deur oop kaarte te speel in verband met hulle doelstellings - deur besluite teen hulle met grasia te aanvaar en dus die deur oop te hou vir volgende keer".

"Deur effektiewe navorsing en voorlegging voor besluitneming en die verskaffing van terugvoering oor beleid".

"Deur voorlegging van behoorlik empiries gefundeerde navorsing, voordat besluite finaal geformuleer is".

"Belangegroepes wat oor hul spesialis onderwerpe deeglike navorsing doen en die bevindinge onemosioneel oordra en hul nie as drukgroepes skuldig maak nie, is wenslik en kan 'n belangrike positiewe bydrae maak".

Twee aspekte word sterk deur hierdie persepsies weerspieël. Slegs deur goedgefundeerde navorsing sou belangegroepes moontlik effektief wees, maar belangriker, belangegroepes moet op 'n verantwoordelike en nie-emosionele wyse

optree: Slegs "konstruktiewe" en "positiewe" bydraes sal verwelkom word. 'n Verdere 11% van die respondente was meer eksplisiet oor die belangrikheid van 'n "positiewe" benadering. Wat hierdie "konstruktiewe" en "positiewe" bydraes mag beteken, is dat voorstelle status quo geïntereerd moet wees en dat daar binne die reëls gespeel moet word. Voorbeelde van sulke uitsprake uit al vier groepe is die volgende:

"Indien belangegroepe 'n positiewe benadering aanvaar is daar groot ruimte vir samewerking tot voordeel vir almal".

"Meer positief te sê wat hul wil hê bereik moet word en minder negatief teen iets beswaar te maak".

"Deur die feite te ken en dan meer gebalanseerde sienings te hê".

"Belangegroepe moet oortuig word van die wenslikheid van toepassing van regeringsbeleid. Tans werk sulke groepe beleid dikwels opsetlik teen".

"Belangegroepe verloor dikwels effektiwiteit omdat hulle van verkeerde metodes gebruik maak om insette te lewer. Positiewe optrede en bydraes is noodsaaklik".

Dit is baie duidelik dat belangegroepe 'n komplementerende eerder as konflikterende rol moet speel, want die basiese politieke orde word as 'n positiewe gegewe aanvaar. By 'n simposium oor streeksontwikkeling op Potchefstroom het die Staatspresident PW Botha hom dan ook as volg uitgelaat: "Ek soek samewerking met ons akademici, ek soek samewerking met ons private sektor, ons soek na positiewe bydraes. U studie en ondersoek kan alleen werklik van waarde wees as dit gepaard gaan met insig in die besondere omstandighede en die realiteite wat prakties gehanteer kan word. Ek pleit dus vir spanwerk" (Scholtz, 1988 : 115)(eie beklemtoning). Hierdie komplementerende rol wat belangegroepe behoort te speel word in hierdie navorsing in stellings soos die volgende weerspieël:

"Beleidsformulering kan slegs werklik beïnvloed word deur deelname aan die werksaamhede van die politieke party-organisasie wat die bewind voer".

"Deur met regeringsinstansies saam te werk aan verskeie projekte".

"Aktiewe deelname binne partyverband".

"Meer (groter) betrokkenheid by partypolitiek".

"Belangegroepe se lede moet ook betrokke wees by politieke partye".

Dat ongeveer 15% van die regeringselite redelik negatief teenoor belangegroepe staan vanweë onder meer die feit dat hulle in eie belang sou optree, spreek duidelik uit onderstaande stellings:

"Belangegroepe is sektoraal van aard en kan nie objektief aan die besluitnemingsproses deelneem nie".

"Die indruk is dat belangegroepe nie altyd objektief is nie. Hulle behoort hulle geloofwaardigheid te verbeter".

"As hulle meer geneig is om na breë nasionale in teenstelling met hulle eie sektorale belange te kyk".

"Dit is nie wenslik dat belangegroepe groter inspraak in politieke besluitneming kry nie. Politieke partye verteenwoordig primêr die kieserskorps".

"Navorsing/vertoë/voorleggings voor politieke besluitneming sowel as formulering van beleid is onwenslik omdat hulle nie 'n mandaat van die kieserskorps geniet nie - wel wenslik dat beleid toegepas en terugvoering verskaf word".

Uit die voorafgaande vraag is dit duidelik dat daar nie ongekwalifiseerde entoesiasme vir die bestaan van belangegroepe is nie en daar is sprake van 'n teensinnige aanvaarding van hulle as 'n noodsaaklikheid. Soos een respondent dit gestel het: "Druk-groepe gaan saam met 'n ope gemeenskap en die kapitalisme. Ons moet met hulle saamleef. Bewaar ons egter van die dag wat hulle soos in die VSA werklik ontaard in professionele betaalde "lobbyiste" met feitlik onbehoorlike invloed op die wetgewende en uitvoerende regeringswese. U sal hiervan aflei dat ek 'n baie wisselvallige ondervinding oor die jare met druk-groepe gehad het. 'n Gebalanseerde benadering ontbreek in meeste van hulle. Vir die uitsondering is ek dankbaar en ek werk graag met hulle saam".

Belangegroepes behoort dus 'n komplementerende rol te speel en nie die bestaande magstruktuur ingrypend te probeer verander nie. Aanpassings is hoogstens aanvaarbaar. Dit blyk ook baie duidelik uit die navorsing dat belangegroepes wat voortdurend die regering se legitimititeit bevraagteken of wat eise aan hulle stel, bestempel word as groepe wat "te veel mag" besit. Respondente moes ses tipes belangegroepes op grond van die hoeveelheid mag wat elkeen besit, evalueer. Opvallend is dat dié groepe wat die regering oor die afgelope paar jaar die minste uitgedaag het of wat veral in die openbaar die minste eise gestel het, bestempel is as dié groepe wat "net genoeg" of selfs "te min" mag het. Tabel 4.7 gee 'n samevatting van die bevindings.

**TABEL 4.7**  
**HOEVEELHEID MAG WAT BELANGEGROEPE BESIT**

	TE VEEL MAG		NIE MAG- TIG GE- NOEG NIE		NET GE- NOEG MAG		TE MIN MAG		GEEN MAG		ONSEKER/ GEEN ANT- WOORD	
	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N
Vakbonde	66,1	72	0,9	1	29,4	32	-	-	-	-	3,7	4
Sakegroepe	7,3	8	12,8	14	71,6	78	4,6	5	-	-	3,7	4
Maatskaplike groepe	0,9	1	14,7	16	54,1	59	20,2	22	0,9	1	9,2	10
Landbou- groepe	48,6	53	8,3	9	40,4	44	0,9	1	-	-	1,8	2
Politieke groepe	14,7	16	11,9	13	64,2	70	5,5	6	0,9	1	2,8	3
Professio- nele groepe	6,4	7	20,2	22	43,1	47	22,0	24	3,7	4	4,6	5

Volgens die meerderheid van die besluitnemers (66,1%) het vakbonde te veel mag. Nie net is hulle politieke bedrywighede deur die regering beperk nie (vanweë onder meer die feit dat hulle die legitimititeit van die regering bevraagteken het), maar is hulle voortdurend besig om hul misnoë in die openbaar uit te spreek oor die nuwe Arbeidswet. Feitlik die helfte van die regeringselite voel ook dat landbou-groepe "te veel" mag het. Hierdie siening kan verklaar word in terme van die feit dat die Nasionale Party se magsbasis tradisioneel by veral die boere gelê het en oor die jare moes hulle altyd poog om hierdie sektor se steun te behou. Dit het daartoe gelei dat die boere op talle wyses tegemoetgekóm is. Sedertdien het die Nasionale Party die steun van die meeste werkers en 'n aansienlike proporsie van die boere verloor. In 'n groot mate het die Konserwatiewe Party die steun van die meerderheid uit hierdie groepe gekry. Boere word nie meer soos in die verlede deur die regering bevoordeel nie en dit het al tot openlike konfrontasie gelei. 'n

Voorbeeld hiervan is die konfrontasie met die Nasionale Mielieprodusente Vereniging (NAMPO) in 1985.<sup>1</sup>

Wat sakegroepe betref, voel die oorgrote meerderheid dat hulle "genoeg mag" het. In afdeling 4.4.6 word 'n verklaring van hierdie tendens aangebied. Volgens meer as 'n derde van die respondente is professionele en maatskaplike groepe "nie magtig genoeg" nie of het hulle selfs "te min mag". 'n Moontlike rede is dat hierdie groepe die regering selde in die openbaar kritiseer.

#### 4.5.5 Die invloed van spesifieke groepe op besluitneming

Om vas te stel watter belangegroepe die meeste invloed uitoefen in terme van onderskeidelik ekonomiese, maatskaplike en sosio-politieke aangeleenthede, is drie afsonderlike oop of ongestruktureerde vrae gestel (vraag 9a, b en c), naamlik:

"Noem drie belangegroepe wat na u mening die meeste invloed uitoefen op ekonomiese beleidsformulering in Suid-Afrika".

"Noem drie belangegroepe wat na u mening die meeste invloed uitoefen op beleidsformulering ten opsigte van maatskaplike aangeleenthede in Suid-Afrika".

"Noem drie belangegroepe wat na u mening die meeste invloed uitoefen op sosio-politieke beleidsformulering in Suid-Afrika".

##### 4.5.5.1 Ekonomiese beleidsformulering

Wat ekonomiese beleidsformulering betref, is die georganiseerde handel en nywerheid gesien as dié wat die meeste invloed uitoefen. Soos in tabel 4.8 hieronder aangedui word, was die meeste respondente spesifiek oor watter belangegroepe wel invloed uitoefen. Daar was egter 'n hele aantal wat slegs 'n onderskeid tussen breë sektore getref het soos onder "algemeen" in die tabel hieronder aangetoon word.

---

1. Die regering het geweier om die produsenteprys van mielies van R214,65 'n ton tot R260 per ton soos deur NAMPO versoek, te verhoog. Na 'n konfrontasie met PW Botha het agt lede van NAMPO insluitende die voorsitter, Von Abo, bedank.

**TABEL 4.8**  
**BELANGEGROEPE WAT DIE MEESTE INVLOED OP EKONOMIESE**  
**BELEIDSFORMULERING UITOEFEN**

<b>BELANGEGROEPE *</b>					
<b>SPESIFIEK</b>	<b>%</b>	<b>N</b>	<b>ALGEMEEN</b>	<b>%</b>	<b>N</b>
AHI	56,0	61	Georganiseerde Handel en		
ASSOCOM	51,4	56	Nywerheid	22,0	24
FCI	30,3	33	Landbougroepe	20,2	22
SA Landbou-Unie	17,4	19	Vakbonde	9,2	10
Kamer van Mynwese	10,1	11	Professionele groepe	6,4	7
			Politieke groepe	4,6	5

\* Slegs belangegroepe wat 5 of meer keer genoem is, is in die tabel vervat.

Die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI voortaan) is deur 56% gesien as dié organisasie wat die meeste invloed uitoefen. Feitlik net so belangrik is die Assosiasie van Kamers van Koophandel (ASSOCOM voortaan) met 51,4%. Opvallend is dat die Gefedereerde Kamers van Nywerhede (FCI voortaan) volg met 'n evaluasie van ongeveer 20% minder as eersgenoemde twee organisasies. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel is dat veral sedert die tagtigerjare, die FCI hom toenemend ingemeng het in politieke aangeleenthede. Dit was steeds die regering se standpunt dat die sakesektor hom nie met politieke aangeleenthede moet bemoei nie (sien byvoorbeeld *The Citizen*, 13 November 1985 en *Sunday Times*, 27 Julie 1986).

Die FCI het heelwat antagonisme uitgelok met die vrystelling op 21 Januarie 1986 van sy "Business Charter of Social, Economic and Political Rights" wat van 'n "Program van Aksie" vergesel is. Volgens die FCI het die hervormingsprogram in baie opsigte in ernstige dilemmas beland wat die regering alleen nie kan oplos nie. Beide die FCI se konstitusionele en regsadviseur, dr M Wiechers, en sy direkteur van Ekonomiese Aangeleenthede, mnr Hammond Tooke, het gesê dat die FCI-Manifes en die ANC se Vryheidsmanifes in beginsel in baie opsigte ooreenstem. Volgens Wiechers: "Although the two Charters differ in strategy and detail they share similar principles". In Hammond Tooke se woorde: "We believe that our Charter and the Freedom Charter have a similar core of values and these form common ground from which negotiations can take place" (*The Star*, 22 Januarie 1986). Reaksie van die Minister van Konstitusionele Ontwikkeling en Beplanning, mnr C Heunis, was onder meer dat daar onvoldoende erkenning van die regering

se pogings is en dat die regering hom reeds in die verlede verbind het tot sommige van die vraagstukke soos in die Handves geopper.

Oor die noodtoestand het die FCI byvoorbeeld in 'n persverklaring wat op 12 Julie 1986 vrygestel is, hom as volg uitgelaat: "The FCI strongly disapproves of the declaration of the State of Emergency and the detention of trade unions and community leaders". In sy verklaring het die FCI hom ook "gedisassosieer van die strategie van politieke onderdrukking en ekonomiese isolasie waaraan die Suid-Afrikaanse regering hom oënskynlik aan verbind". In 'n skerp antwoord die volgende dag het president Botha gesê dat die FCI se siening van die regering "quite ridiculous" is (The Star, 13 Junie 1986).

In 1987 veral het die FCI ook wat aansien sowel as finansiële status betref agteruitgang beleef. Soos Business Day (25 Maart 1987) dit gestel het: "Political idealism and lack of financial judgement were blamed ... for the declining fortunes of the Federated Chamber of Industries (FCI)". Baie van die FCI se probleme het gespruit uit "its determination to influence the socio-political arena and the failure to count the financial cost of a sharp drop in income" (Business Day, 25 Maart 1987). Die vraelyste aan die regeringselite is in September 1987 uitgestuur. Bogenoemde gee dus 'n moontlike verklaring vir die FCI se groter mate van gebrek aan invloed.

Behalwe vir die sakeorganisasies is ook die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie en die Kamer van Mynwese deur onderskeidelik 17,4% en 10,1% beskou as belangegroepe wat invloed op beleidsformulering uitoefen. Van die regeringselite was minder spesifiek oor watter belangegroepe invloed uitoefen en het eerder die sektor genoem wat 'n rol speel. Naas die georganiseerde handel en nywerheid is ook landbougroepe en vakbonde as redelik invloedryk beskou. Opvallend is dat die Ekonomiese Adviesraad (EAR) nie as belangrik beskou word in die formulering van Ekonomiese beleid nie. Slegs drie respondente het spontaan hierdie Raad genoem. "Big business" ofte wel groot maatskappye het ook min invloed. Slegs twee respondente het van hulle melding gemaak. Om sondermeer te aanvaar dat die EAR en "big business" op grond van hierdie enkele ongestruktureerde vraag nie invloed het nie, sou nie heeltemal gesubstansieerd wees nie. Hierdie persepsie behoort in 'n meer direkte vraag oor die mate van hulle invloed (op grond van 'n Likert-skaal) geverifieer te word.

Die sakeorganisasies wat spontaan in die ongestruktureerde of "oop" vraag genoem is as sou hulle invloed hê op ekonomiese beleidsformulering, korreleer

met die evaluasie wat gemaak is van 'n aantal spesifieke organisasies in vraag 11. Tabel 4.9 gee 'n uiteensetting van hierdie evaluasie.

**TABEL 4.9**  
**MATE VAN INVLOED VAN SAKEORGANISASIES**

	BAIE INVLOED		TAAMLIK INVLOED		NIE JUIS INVLOED		GLAD NIE INVLOED		ONSEKER/ GEEN ANT- WOORD	
	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N
FCI	16,5	18	56,9	62	14,7	16	4,6	5	7,3	8
ASSOCOM	26,6	29	58,7	64	10,1	11	2,8	3	1,8	2
Stedelike Stigting	9,2	10	40,4	44	35,8	39	10,1	11	4,6	5
AHI	41,3	45	50,5	55	4,6	5	0,9	1	2,8	3
Kamer van Mynwese	23,9	26	62,4	68	11,0	12	-	-	2,8	3
SEIFSA	3,7	4	47,7	52	27,5	30	6,4	7	14,7	16

Die AHI het, in vergelyking met die ander genoemde sakeorganisasies naamlik die FCI, ASSOCOM, die Stedelike Stigting, die Kamer van Mynwese en SEIFSA, by verre die meeste invloed. Volgens 41,3% van die regeringselite het die AHI "baie invloed" terwyl slegs 26,6% dit van ASSOCOM gesê het wat die volgende organisasie na die AHI is wat invloedryk is. Wat die AHI betref, het 'n verdere 50,5% gesê dat hierdie organisasie "taamlike invloed" het. 92% van die respondente voel dus dat die AHI invloed het. Hoewel nie so baie van die respondente voel dat ASSOCOM "baie invloed" het nie, voel 58,7% wel dat hulle "taamlike invloed" het. Tesame voel 85% dat hul wel invloedryk is. Soos reeds hierbo bespreek, is die AHI spontaan (in 'n ongestruktureerde vraag) deur 56% beskou as 'n organisasie wat belangrik is in die uitoefening van ekonomiese beleidsformulering teenoor 51,4% wat dié standpunt oor ASSOCOM gehuldig het.

Die organisasie wat die derde beste evaluasie ten opsigte van die uitoefening van invloed gekry het, was die Kamer van Mynwese. Spontaan is dié organisasie slegs deur 10,1% van die respondente genoem en is as minder invloedryk as die FCI gesien. Die rede hiervoor is moontlik dat in vergelyking met die AHI, ASSOCOM en die FCI, daar nie spontaan aan die mynwese gedink word wanneer ekonomiese beleidsformulering ter sprake is nie. Van die regeringselite bestempel 23,9% hulle as baie invloedryk terwyl 62,4% voel dat hulle "taamlike invloed" het. In totaal beskou 86% (1% meer as ASSOCOM) hulle as invloedryk.

Die feit dat die FCI heelwat minder invloed het as die AHI en ASSOCOM, word in hierdie gestruktureerde vraag bevestig. Aansienlik minder invloedryk is die

Stedelike Stigting en SEIFSA. Laasgenoemde word deur slegs 3,7% beskou as sou hulle "baie invloed" hê terwyl 34% voel dat hulle "nie veel" of "baie min" invloed het. 'n Moontlike verklaring hiervoor mag wees dat daar 'n redelike mate van onkunde oor hierdie organisasie bestaan. Dit word ook duidelik weerspieël in die feit dat 14,7% onseker was of geen antwoorde verstrek het nie. By die "oop" vraag oor die belangegroep wat invloed uitoefen by ekonomiese beleidsformulering, is SEIFSA slegs een keer genoem.

Wat die Stedelike Stigting betref, is dit opvallend dat amper helfte van die respondente van mening is dat hulle "nie veel invloed" of "baie min invloed" uitoefen. Hierdie is 'n onverwagte resultaat veral gesien in die lig van die feit dat daar voortdurend in die literatuur verwys word na die rol van die Stedelike Stigting in die aanbring van hervormings, soos byvoorbeeld die afskaffing van instromingsbeheermaatreëls (sien byvoorbeeld Welsh, 1988 : 8 en Lee, 1983). Volgens 'n voormalige hoofdirekteur van die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, dr F Cloete, het die Stedelike Stigting inderdaad op sekere beleidsaspekte 'n invloed uitgeoefen: "The Urban Foundation contributed directly to the abolition of influx control and improvements in the development of and local government in Black communities ... (Cloete, 1989 : 14). As 'n moontlike verklaring vir die resultate het 'n senior woordvoerder van die Stedelike Stigting verskeie redes aangevoer: In die eerste plek het 'n redelike swak verhouding tussen die Stigting en mnre Heunis en PW Botha bestaan en tweedens was die voorskriftelike styl van die Stedelike Stigting nie vir die regering aanvaarbaar nie.

Laastens het die Stigting se betrokkenheid by die National Education Crisis Committee (NECC) in 1986/87 verder die verhouding tussen hulle en die regering vertroebel. Die Stigting het die aanvoorwerk gedoen deur die koördinering en reëling van vergaderings wat gelei het tot die totstandkoming in 1985 van die NECC, 'n organisasie wat in Februarie 1987 deur die regering ingeperk is. Die gespanne verhouding tussen Heunis en die Stigting het 'n hoogtepunt bereik met die gebeure in Kruispad-plakkerskamp. Die Stigting was van die begin af in 'n baie groot mate betrokke by die beplanning van hierdie kamp. Na gewelddadige gevegte tussen 18-22 Mei 1986 waarin 60 mense dood is en 70 000 sonder huise gelaat is na gevegte tussen "witdoeke" en die "comrades" het die Stedelike Stigting onder meer gevra vir 'n Kommissie van Ondersoek na hierdie gevegte (sien Race Relations Survey Deel 1, 1986 : 357-358). 'n Konfrontasie tussen Heunis en die Stigting het plaasgevind waarna die Stigting uit Kruispad onttrek het. Die Stigting het geglo dat indien hul sou voortgaan met hulle werksaamhede in hierdie kamp, sou hulle hul geloofwaardigheid by die inwoners verloor. Hierdie konfrontasie is deur verskeie sakeleiers in hul onderhoude bevestig. Dit is ook

dan 'n moontlike rede waarom veral die Kabinetslede voel dat die Stigting nie veel invloed het nie. Vanweë hierdie konfrontasie het regeringselite se houdings jeens die Stedelike Stigting oënskynlik verander en het dit hulle persepsies oor die mate van invloed wat hierdie organisasie uitoefen, beïnvloed.

Regeringselite se persepsies oor die mate van invloed van die Stedelike Stigting is 'n duidelike bewys dat mense se persepsies somtyds selektief is en van die realiteit kan verskil (afdeling 1.6.2). In hoofstuk 5 (5.7.6) word die sake-elite se persepsies oor onder meer die invloed van die Stedelike Stigting bespreek.

#### 4.5.5.2 Maatskaplike beleidsformulering

Wat beleidsformulering ten opsigte van maatskaplike aangeleenthede betref, gee tabel 4.10 'n uiteensetting van die belangrikste belangegroepe wat 'n rol speel.

**TABEL 4.10**  
**BELANGEGROEPE WAT DIE MEESTE INVLOED OP BELEIDFORMULERING**  
**TEN OPSIGTE VAN MAATSKAPLIKE AANGELEENTHEDE UITOEFEN**

BELANGEGROEPE *					
SPESIFIEK	%	N	ALGEMEEN	%	N
NG Kerk	16,5	18	Kerke	29,4	32
Drie Afr. Kerke	11,9	13	Afr. Welsynsorganisasies	17,4	19
SA Vrouefederasie	6,4	7	Akademici	14,7	16
Stedelike Stigting	6,4	7	Vakbonde	10,1	11
RGN	5,5	6	Afr. Kultuurorganisasies	7,3	8
			Vroue organisasies	6,4	7
			Politiek organisasies/ groepe	4,6	5
			Mediese/Gesondheids- groepe	4,6	5

\* Slegs belangegroepe wat vyf of meer keer genoem is, is in die tabel vervat.

Die kerke en spesifiek die NG Kerk en die ander Afrikaanse kerke word gesien as dié groepe wat die meeste invloed ten opsigte van beleidsformulering op hierdie terrein uitoefen. Die helfte van die respondente wat kerke genoem het, sonder dan ook die Afrikaanse kerke en veral die NG kerk uit. Ook speel welsynsorganisasies 'n belangrike rol, veral Afrikaanse welsynsorganisasies. Vroue-organisasies en by name die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie is veral uitgesonder. Opvallend is ook die Stedelike Stigting wat deur sewe respondente

genoem is, veral gesien in die lig van die reaksie op hierdie organisasie in die vorige bespreking. Vakbonde se rol word ook deur 10,1% van die respondente nie ontken nie.

#### 4.5.5.3 Sosio-politieke beleidsformulering

As daar na die belangrikste groepe in sosio-politieke beleidsformulering verwys word, is dit soos by die ekonomiese- en maatskaplike beleidsformulering, veral Afrikaner-groepe wat as die belangrikste beskou word. Tabel 4.11 gee 'n samevatting van die belangrikste resultate. (Weer eens het 'n hele aantal respondente slegs 'n onderskeid tussen breë sektore getref, soos onder "algemeen" in die tabel hieronder aangedui word, teenoor diegene wat spesifieke belangeorganisasies genoem het).

**TABEL 4.11**  
**BELANGEGROEPE WAT DIE MEESTE INVLOED OP SOSIO-POLITIEKE BELEIDSFORMULERING UITOEFEN**

BELANGEGROEPE *					
SPESIFIEK	%	N	ALGEMEEN	%	N
Afrikaner-Broederbond	22,0	24	Akademici	18,4	20
NG Kerk	9,2	10	Politieke partye		
NP	5,5	6	groepe	17,4	19
UDF	5,5	6	Kerke	15,6	17
Inkatha	4,6	5	Sakesektor/Georganiseerde Handel en Nywerheid	14,7	16
Afr. Akademici	4,6	5	Vakbonde	11,9	13
			Kultuurorganisasies	10,1	11
			Media	5,5	6

\* Slegs belangegroepe wat vyf of meer keer genoem is, is in die tabel vervat.

Uit bogenoemde resultate blyk dit duidelik dat die Afrikaner-Broederbond steeds as 'n invloedryke organisasie beskou word. Daar kan met redelike sekerheid aangeneem word dat die 10,1% wat "kultuurorganisasies" as invloedryk aangeteken het, by implikasie die Broederbond bedoel. Weens moontlike persoonlike lidmaatskap en geheimhouding is waarskynlik verkies om eerder na "kultuurorganisasies" te verwys. Dat moontlik na ander kultuurorganisasies soos die FAK en Rapportryers ook verwys kon word, is redelik onwaarskynlik aangesien daar geen rede bestaan om nie spesifiek hierdie organisasies by die naam te noem nie. Verder is bogenoemde twee organisasies slegs vier keer genoem. Uit

die 60 belangegroepes wat by sosio-politieke beleidsformulering genoem is, was, buiten die Broederbond, die FAK en Rapportryers die enigste ander kultuurorganisasies waarvan melding gemaak is. Meer as 'n derde van die respondente het dus die Broederbond as 'n belangrike faktor in sosio-politieke beleidsformulering beskou. Die belangrikheid van die Broederbond word verder in vraag 12 bevestig waar verskeie organisasies geëvalueer is op grond van die mate van invloed wat hulle uitoefen. Onderstaande tabel 4.12 gee 'n samevatting van hierdie evaluasies.

**TABEL 4.12**  
**MATE VAN INVLOED VAN GESELEKTEERDE BELANGEGROEPE**

	BAIE INVLOED		TAAMLIK INVLOED		NIE JUIS INVLOED		GLAD NIE INVLOED		ONSEKER/ GEEN ANT- WOORD	
	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N
UDF	5,5	6	17,4	19	25,7	28	43,1	47	8,3	9
AZAPO	2,8	3	5,5	6	22,9	25	58,7	64	10,1	11
Afrikaner Broeder- bond	37,6	41	39,4	43	9,2	10	4,6	5	9,2	10
Inkatha	11,0	12	39,5	43	33,9	37	9,2	10	6,4	7
Rapportryers	3,7	4	19,3	21	47,7	52	22,0	24	7,3	8
AHI	30,3	33	58,7	64	8,3	9	-	-	2,8	3
IDASA	0,9	1	7,3	8	22,0	24	55,0	60	14,7	16
NG Kerk	32,1	35	57,8	63	6,4	7	0,9	7	2,8	3
SA Raad van Kerke	0,9	1	10,1	11	24,8	27	57,8	63	6,4	7
Akademici (Eng)	3,7	4	30,3	33	40,4	44	23,9	26	1,8	2
Akademici (Afr)	11,9	13	56,0	61	27,5	30	2,8	3	1,8	2

Uit die 12 belangegroepes het die Broederbond die beste evaluasie in terme van die uitoefening van invloed gehad. Van die regeringselite het 37,6% gevoel dat hulle "baie invloed" het en 39,4% dat hulle "taamlike invloed" het, wat dus beteken dat in totaal 77,1% voel dat die Broederbond invloedryk is. Wat die groepe afsonderlik betref, voel veral die Parlementslede sterk oor die invloed van hierdie organisasie deurdat 85,4% hulle as invloedryk beskou. In vergelyking met die algemene siening oor hulle invloed is die staatsamptenare die minste positief. Van hulle voel 66,6% dat die Broederbond invloed uitoefen.

Naas die Broederbond voel 'n kwart van die respondente dat die kerke ook invloedryk is. Helfte van hierdie groep het ook spesifiek die NG Kerk by name genoem. Hier kan ook aanvaar word dat wat kerke betref daar hoogstens na die Afrikaanse kerke verwys word aangesien daar nog van die Engelse kerke nog van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (voortaan SARK) afsonderlik melding

gemaak word. Na die SARK is slegs een keer verwys met verwysing na beleidsformulering ten opsigte van maatskaplike aangeleenthede. In 'n direkte evaluasie van die NG Kerk en die SARK, sien tabel 4.12 hierbo, word die belangrike rol van die NG Kerk bevestig. 32,1% van die respondente voel dat dié kerk "baie invloed" het teenoor 57,8% wat voel dat hy "taamlike invloed" het. Altesaam beskou 90% van die regeringselite die NG Kerk as invloedryk. Al die Kabinetslede is van mening dat dié kerk invloed uitoefen. Nie net word bevestig dat die NG Kerk saam met die Nasionale Party deel van die "volksbeweging" is nie, maar bevestig hierdie standpunt konvensie dat die NG Kerk 'n belangrike ondersteuner van apartheid is en dus by implikasie die regering se beleid ondersteun. In 'n bespreking van die dokument Kerk en Samelewing van die NG Kerk wys Venter (1989 : 13) daarop dat waar die dokument prinsipieel "kleur" en "volksgebonde" kerke afwys, is die bestaan van institusioneel geskeie NG Kerke in die NG Kerk familie nog steeds 'n kontradiksie wat nie opgelos word of kan word nie vanweë onder meer politieke oorwegings. Die bestaan van 'n institusioneel geskeie NG Kerk familie verskaf steeds implisiete en praktiese steun, asook simboliese waarde, aan die beleid van die Nasionale Party in soverre dit verband hou met die groot apartheid vir kleurlinge, Indiërs en blankes in die driekamerparlement en die beleid van selfregerende en onafhanklik tuislande vir die swart inheemse bevolking. "Waar die NG Kerk dus bewustelik, maar gekwalifiseerd die 'sonde van apartheid' bely het, legitimeer Kerk en Samelewing in woord en in daad, sterk elemente van die beleid van 'afsonderlike ontwikkeling' ofte wel dan daardie apartheid wat poog om deur ruimtelike ordening die verskeidenheid van SA se bevolking polities te akkommodeer" (Venter, 1989 : 13). Verder wys Venter (1989 : 17) ook daarop dat Kerk en Samelewing in onder meer sy uitsprake oor arbeid en onderwys hom vereenselwig met die politieke status quo (sien byvoorbeeld Kinghorn, 1986 en Loubser, 1987 vir 'n uiteensetting van die tradisionele verhouding tussen die NG Kerk en die Nasionale Party-regering).

Politieke partye/groepe is derde op die rangorde van invloed wat sosio-politieke beleidsformulering betref. Hoewel feitlik helfte van die 33% respondente wat politieke groepe of partye genoem het spesifiek was oor watter organisasies invloed uitoefen, was die ander helfte nie spesifiek gewees nie. Uit hierdie vraag se resultate is dit moeilik om af te lei of hier net die Nasionale Party bedoel is en of dit ook ander politieke organisasies soos die UDF en Inkatha insluit wat wel ook 'n aantal keer genoem is. As daar na die evaluering van Inkatha, die UDF en AZAPO in terme van die mate van invloed wat hulle uitoefen gekyk word (sien tabel 4.12 hierbo), kan tot 'n gevolgtrekking gekom word dat politieke organisasies/partye wat die regeringselite as invloedryk beskou, dié is wat polities en ekonomies ideologies versoenbaar met die regering is. In hierdie verband

bestaan 'n duidelike onversoenbaarheid tussen die regering en die UDF en AZAPO (sien byvoorbeeld Barrell, 1984; Collinge, 1986; Dollie, 1986 en Morobe, 1987 vir 'n bespreking). Om hierdie rede bestaan die persepsies by die regeringselite dat genoemde organisasies nie invloedryk is nie. Volgens 70% van die regeringselite het die UDF "nie veel" of "baie min" invloed terwyl amper 60% voel dat AZAPO "baie min" invloed en 23% dat dié organisasie "nie veel" invloed het nie. Uit die resultate blyk die staatsamptenare in vergelyking met die ander groepe die positiefste te wees oor die UDF se invloed en die Kabinetslede die negatiefste. Wat AZAPO betref voel al die Kabinetslede dat dié organisasie baie min invloed uitoefen. Die rede waarom gevoel word dat AZAPO nog minder invloed as die UDF het, kan moontlik vanweë twee redes wees. AZAPO is 'n Swartbewussynsorganisasie wie se ideologie nie blanke betrokkenheid in die swart bevrydingstryd juis verwelkom nie en tweedens vanweë die moontlik groter onopsigtelikheid ten opsigte van openbare optrede, vanuit blanke persepsies, in vergelyking met die UDF. (In daardie stadium was beide organisasies nog nie ingeperk nie).

Die invloed wat wel aan organisasies soos die UDF en AZAPO toegeskryf word, kan in 'n groot mate negatiewe invloed wees. Soos in afdeling 1.6.3 uiteengesit is, verwys invloed nie net na die verkryging van 'n bedoelde effek, met ander woorde positief nie, maar kan invloed ook negatief en kontraproduktief wees. 'n Gebrek aan positiewe invloed op beleidsformulering beteken nie dat die deelnemende groepe geen invloed op die politieke proses uitoefen nie. Invloed kan op 'n negatiewe wyse uitgeoefen word deurdat invloed gebruik word om die menslike omgewing te mobiliseer wat weer op hul beurt intense druk op besluite uitoefen (Greenstein en Polsby, 1975 : 216). 'n Ander voorbeeld van 'n negatiewe tipe van invloed is wanneer groepe vanweë hulle optrede ingeperk word of dat sekere maatreëls ingestel word om sodanige optrede in die samelewing te beperk. Hierdie onderskeid is deur verskeie respondente in die gegewe ruimte vir kommentaar aan die einde van die vraelys aangedui. Byvoorbeeld:

"U vrae gaan oor 'invloed' - die woord kan of 'n goeie of 'n slegte konnotasie hê ...".

"Vraag 12 is moeilik om werklik te beantwoord in die sin dat die regering byvoorbeeld nie veel oorweging sou gee aan 'n versoek wat deur AZAPO gerig word nie. Tog kan AZAPO die gang van sake wel beïnvloed deur sy optrede. Dus hoewel AZAPO en die UDF 'n aansienlike invloed op die verloop van sake het, het hulle nie invloed op die regering in dieselfde sin

wat die Broederbond of die NG Kerk het nie. IDASA aan die ander kant het geen invloed op die regering of op die verloop van sake nie".

"'Invloed' op besluitneming kan wyd uiteenlopend wees. 'n Volksvreemde organisasie of uit die onderwêreld gestutte organisasies dwing besluite beslissend af om aktiwiteite as teen offensief te orden terwyl die historiese 'eie organisasies' se invloed geïmplementeer word soos positief deur hom gedra. My mening was te veel tussen hierdie pole met soms P soms N gefokus".

In teenstelling met die UDF en AZAPO bestaan die persepsie by net meer as die helfte van die regeringselite dat Inkatha invloedryk is. Inkatha en die regering is op politieke en ekonomiese gebied ideologies nie so ver verwyderd van mekaar nie omdat Inkatha in 'n mate die groepsgedagte ondersteun deur aanvaarding van tuislandregering wat betref op ekonomiese terrein 'n vryemarkstelsel propageer. Inkatha kan dus nie van negatiewe invloed soos in die geval van die UDF en AZAPO gepraat word nie.

Die invloed van 'n organisasie soos die Rapportryers (sien tabel 4.12 hierbo) het ook volgens die regeringselite nie baie invloed nie. Die oorgrote meerderheid (70%), beskou hulle invloed as "nie veel" of "baie min". Hierdie evaluasie korreleer ook met die bevindinge van die ongestruktureerde vrae waarin respondente spontaan belangegroepe moes identifiseer wat 'n invloed op beleidsformulering uitoefen. Soos in afdeling 1.6.3 gestel, kan invloed ook op 'n simbiotiese wyse uitgeoefen word. Vanweë oorvleueling van belange tussen belangegroepe en besluitnemers vind outomatiese verteenwoordiging van belange plaas. Invloed word dus uitgeoefen bloot deur die legitimering van die politieke stelsel. Hoewel die Rapportryers dus nie 'n inisiërende rol in terme van beïnvloeding speel nie, legitimeer hy wel die politieke stelsel en speel dus 'n ander rol as organisasies soos AZAPO en die UDF wat die uitoefening van invloed betref.

Soos in tabel 4.11 hierbo aangedui, speel akademië, volgens 23% van die respondente, ook 'n rol by sosio-politieke beleidsformulering. Volgens 5% van hierdie respondente is dit veral die Afrikaner-akademië wat 'n belangrike rol speel. Akademië is al in die verlede deur regeringselite versoek om 'n bydrae deur navorsing te lewer. In hierdie verband het PW Botha hom as volg uitgelaat: "Ek wil 'n uitnodiging rig aan akademië om altyd u kennis en die resultate van u navorsing aan u ontwikkelende vaderland te gee. Van die staat se kant sal u 'n gees van ontvanklikheid ervaar. Nie noodwendig sal alles aanvaar word wat u voorstel nie, maar u sal ontvanklikheid van die kant van die staat ervaar (Scholtz,

1988 : 115-116). Die belangrikheid van Afrikaner-akademici word veral deur die evaluasie van die invloed van akademici in vraag 12 beklemtoon (sien tabel 4.12 hierbo). Volgens 68% van die regeringselite oefen Afrikaner-akademici invloed uit. Van hulle voel 12% dat hierdie akademici "baie invloed" uitoefen en 56% dat hulle "taamlike invloed" uitoefen. Daarenteen het slegs 36% van die Engelssprekende akademici invloed waarvan slegs 4% "baie invloed" het en die res "taamlike invloed". Volgens 24% het hulle "baie min" invloed teenoor slegs 2,8% wat hierdie mening ten opsigte van Afrikaner-akademici huldig.

Tussen die Nasionale Party-regering en die Afrikaner-akademici het tradisioneel 'n spesiale verhouding bestaan. Laasgenoemde was nou betrokke by die opkoms van Afrikaner-nasionalisme en Afrikaner-etniese mobilisasie (sien Du Toit, 1981). Afrikaner-akademici het onder meer vanweë hul etniese gebondenheid aan die Nasionale Party ook heelwat geleentheid gehad om invloed op die regering se beleid uit te oefen. Soos Du Toit (1981 : 3-4) dit stel: "... with an Afrikaner government in power there appeared to be ample opportunity for Afrikaner intellectuals to exercise influence on the direction of government policy, and the 1950s saw great activity by such as the SABRA group, the DRC leadership and other groupings in articulating and propagating the 'idealistic' potential of apartheid and separate development". 'n Belangrike punt wat Du Toit ook maak, is dat Afrikaner-akademici wat hulle in die openbaar uitgespreek het teen regeringsbeleid en ideologie uit die geledere van die Afrikanerdom uitgesluit is. Omdat Afrikaner-akademici oor die algemeen die Nasionale Party se beleid ondersteun het, was hulle altyd nouer geassosieer met die regering as hul Engelssprekende eweknieë (vir die politieke verskille tussen die twee groepe sien byvoorbeeld Ashley en Van der Merwe, 1969).

In die sewentigerjare het heelwat Afrikaner-akademici hulle ook vereenselwig met die "verligte siening" in Afrikaner-geledere. "... 'verligte' views were now being articulated as well by Afrikaner intellectuals closely associated with the nationalist establishment who were careful not to sever those vital links, thus enhancing the potential political significance of their role". Volgens Du Toit (1981 : 4) is nou geargumenteer dat om binne die Nasionale Party raamwerk te werk, 'n belangrike magsbasis verkry kan word om eie politieke ideale te implementeer en uiteindelik die party tot 'n instrument van verandering te maak. "Dit het dit vir hierdie akademici moontlik gemaak om hulle goeie verhouding met die Nasionale Party te behou maar ook kon dit aandui dat hulle meer ernstig oor hervorming is as die Afrikaner-afvalliges wat hulle tyd op futiele uitdrukkings van protes mors".

#### 4.5.6 Vertolking van bevindinge oor die rol van spesifieke belangegroepes in besluitneming

As daar na die rol van belangegroepes in besluitneming gekyk word, kan daar 'n onderskeid getref word tussen die sogenaamde "insiders" en die "outsiders"; groepes wat erken word deur die regering as 'n bron van inligting en advies, en ander wat nie hierdie noue verbintenis geniet nie. Die besluitnemers sien 'n instrumentele waarde in die "insiders" deur van hulle gebruik te maak om regeringsbeleid te help ontwikkel en te implementeer wat dan groepsgedrag direk affekteer (sien Geldenhuys, 1984 : 159-160). Wat die "outsiders" betref, moet ook 'n verdere onderskeid getref word tussen diegene wat 'legitiem' is, met ander woorde wat formeel die reg het tot deelname aan die dominante politieke instellings teenoor dié wat 'illegitiem' is (soos AZAPO en die UDF) wie se volgelinge uitgesluit is van sodanige lidmaatskap en deelname.<sup>1</sup>

Wat duidelik uit die resultate van hierdie navorsing blyk, is die feit dat die "insider" groepes nie slegs meer beperk is tot die Afrikaner-belangegroepes soos deur verskeie skrywers in afdeling 4.4.1 waargeneem is nie. Veral wat die sakektor en swart organisasies soos Inkatha betref, is hierdie tendens sterk waarneembaar en kan dit verklaar word deur kortliks aan die veranderende magsbasis van die Nasionale Party-regering aandag te skenk.

Sedert veral die middel sewentigerjare en die tagtigerjare het die blanke magsbasis van die Nasionale Party-regering nie net verswak nie, maar is dit vanweë toenemende ekonomiese en politieke eise vanuit beide die wit en swart gemeenskappe bedreig. Die stigting van die Konderwatuwe Party in 1982 was een van die belangrikste bydraende faktore wat gelei het tot die verswakking van hierdie magsbasis. Die vervreemding tussen die landbousektor en die regering wat sedert die sewentigerjare besig was om plaas te vind, het daartoe bygedra dat die Konderwatuwe Party 'n groot hoeveelheid steun uit hierdie sektor gekry het. Dit blyk dan ook uit die groot aantal plattelandse setels wat dié party in die 1987- sowel as 1989-verkiesings verower het. Die aktivisme van die opponente van apartheid, by implikasie dié uit swart gelede, het nie net breër en meer omvangryk geword nie, maar het ook meer intens geword. Dit is gekenmerk deur toenemende geweld (byvoorbeeld 1976, 1980, 1984/1985) wat gevolglik tot die instelling van die noodtoestand gelei het. Hiermee saam het die dreigement van sanksies 'n realiteit geword en sekere dele van die blanke sakegemeenskap het begin om druk op die regering vir hervorming te plaas.

---

1. Tuislandpartye of groepes kan per definisie nie illegitieme "outsiders" wees nie.

Die verswakende posisie van die ekonomie het verder tot die regering se probleme bygedra. Na 20 jaar van volgehoue groei het die binnelandse ekonomie sedert die middel sewentigerjare dramaties agteruit gegaan. Groot skaalse en groeiende werkloosheid saam met die agteruitgang van ekonomiese toestande en vooruitsigte veral in die landelike gebiede, het 'n radikale verskerping van binnelandse konflik in die vooruitsig gestel (Stadler, 1987 : 1, sien ook Kaplan, 1987 en Cassim, 1987 vir 'n volledige bespreking).

Vanweë die verswakking van en bedreiging vir sy magsbasis was die regering genoodsaak om as 'n oorlewingstrategie sy tradisionele magsbasis te probeer uitbrei. Deur beperkte politieke/ konstitusionele hervorming, is die kleurlinge en Indiërs in die besluitnemingstelsel gekoöpteer. Soos Adam en Moodley (1986 : 144) tereg opmerk "The strongest manipulative weapon for ruling elites is a policy that employs co-operation and concomitant fragmentation. Throughout history, dominant groups have accepted selected outsiders. This aids in perpetuation of their rule by increasing their number while simultaneously weakening adversaries by skimming off the best talents. Oligarchies collapsed when elite boundaries become frozen and social mobility became barred by rigid membership definitions (such as race or ancestry)". Deel van die regering se hervormingsprogram het ekonomiese hervorming ingesluit om sodoende ook die steun van veral die blanke sakesektor te kry. Die sakesektor moes onder meer steun verleen aan die regering se "nasionale ekonomiese strategieë" wat daarop gemik was om 'n reeks "nasionale ekonomiese doelstellings" te bereik. Hierdie was deel van die sogenaamde groter "nasionale strategie". Onder die ekonomiese doelstellings was die beskerming van die ekonomie teen eksterne politieke- en veiligheidsdreigemente en die bevordering van die ekonomiese ontwikkeling in en samewerking tussen state in Suidelike Afrika (Botha, 7 Mei 1980 : 4-5). Ook Genl. Malan (3 September 1980 : 12-13) het beklemtoon dat die Nasionale Strategie nie eksklusief 'n aangeleentheid vir die openbare sektor is nie; die veiligheidsbestuurstelsel maak voorsiening vir die betrokkenheid van die privaatsektor (vergelyk Seegers, 1988 : 133).

Hierdie samewerking van die kant van die sakesektor het veroorsaak dat die regering meer geneë is om hulle standpunte in oorweging te neem, waardeur die sakesektor in 'n posisie gestel is om 'n "insider" rol te speel.

Die bevordering van 'n vryemarkstelsel was verder 'n sentrale tema in relevante amptelike dokumente en ontwikkelingsbeplanning en die regering het hom toenemend verbind tot so 'n stelsel in Suid-Afrika (Botha, 7 Mei 1980 : 6 en Botha,

21 Oktober 1980 : 2). In hierdie verband het PW Botha hom as volg uitgelaat: "n Belangrike vereiste vir stabiliteit is dat die stelsel van vrye onderneming toegelaat word om so doeltreffend as moontlik te werk. Die regering is volkome daarvan bewus dat 'n gesonde ekonomie as belangrike teenwig teen onstabiliteit op ander terreine van die samelewing kan dien. Om dié rede het die Regering hom voorgeneem om nie deur sy beleid in die ekonomiese en ander lewensfere uitermatige beperkinge aan die doeltreffende werking van die ekonomie op te lê nie ... In die mate waarin politieke besluite en prosesse die doeltreffendheid van die stelsel van vrye onderneming nadelig raak, is die Regering voornemens om hulle te hersien en die nodige aanpassings te doen" (soos aangehaal in Scholtz, 1988 : 66).

Die ondersoek wat die Presidentsraad op versoek van die Staatspresident moes doen ten opsigte van die Funksionering van 'n Vryemarkstelsel en 'n Strategie vir Kleinsakeontwikkeling en Deregulering, asook die Presidentsraad se verslae in hierdie verband (sien afdeling 4.3.4), dien as bewys van die erns van die regering.

Die vryemarkstelsel volgens Greenberg (1987 : 170) verteenwoordig "... an idiom and bargaining resource that political leaders hope will bring closer business-state cooperation and broaden support for the state in society". Hy sê verder dat "By associating free enterprise with the regime, political leaders apparently hope to broaden opportunities for a shared identification with the existing social and political order and reduce the likelihood of political conflict" (Greenberg, 1987 : 168-169).

Aangesien die sakesektor ingerig is op 'n vryemarkstelsel het hierdie gedeelde sentimente die basis vir die verlening van steun aan die regering geword en het daar 'n beter verhouding tussen die sakesektor en die regering ontstaan. Simbole van hierdie nouer verhouding tussen die sakesektor en die regering was onder meer die hou van drie berade naamlik die Carlton-beraad (1979), die Goeie Hoop-beraad (1981) en die Bryntirion-beraad (1986).

Nie net die staat nie, maar ook die privaatsektor het geglo dat ekonomiese liberalisme sal help dat die staatsbestel meer aanvaarbaar vir swartes sal wees en dat hulle ook 'n vertrouwe in die vryemarkstelsel sal ontwikkel (sien Greenberg, 1987 : 151-152). Volgens Stadler (1987 : 2-3) het vertrouwe in nog die staatsbestel nog die vryemarkstelsel ingetree. "One intention of these reforms was to replace racial criteria with market principles in determining access to opportunities within the capitalist social order ... There were, however, limits to the extent to which such principles were intended to transform the political and social structures of the

society, or, indeed, could meet the needs of more than a tiny fraction of the black community. It might even be argued that some of the reforms introduced by the state themselves precipitated African opposition and resistance on an intensified level".<sup>1</sup>

Die beklemtoning van kapitalisme en die vryemarkstelsel het die onderskeid tussen die "insiders" en veral die illegitieme "outsiders" duideliker na vore laat kom. Die regering se verbintenis tot 'n vryemarkstelsel is 'n duidelike poging om 'n ideologie te skep wat vir die hele gemeenskap aanvaarbaar is. Volgens Adam (1983) is dit noodsaaklik dat alle groepe in die samelewing (die wat regeer en die wat regeer word) moet kan identifiseer met die heersende ideologie om stabiliteit te verkry en die magsbasis van die regeerders te versterk. "In short, an ideal-type effective ideology interprets the different experiences of both classes, by allowing ruler and ruled to embrace it for different reasons" (Adam, 1983 : 17).

Die feit dat 'n organisasie soos Inkatha as aansienlik meer invloedryk as die ander genoemde oorwegend swart organisasies beskou word, kan toegeskryf word aan die feit dat hulle ideologies nader aan die regering staan deurdat hulle erkenning aan die bestaan van etniese groepe verleen en dat, in teenstelling met die radikale groepe, hulle voorstanders van die vryemarkstelsel is. Saam met die sakesektor vorm hulle deel van die "insiders". Wat wel nie uit die oog verloor moet word nie, is dat daar ook 'n onderskeid getref kan word wat die "insiders" betref. Organisasies soos Inkatha en die FCI blyk nie sulke groot "insiders" soos die Afrikaner-belangegroep te wees nie, maar hul opinies is tog van waarde omdat hulle ideologies nie so ver van die Nasionale Party-regering verwyderd is nie ten spyte van die feit dat hulle nie skroom om die regering te kritiseer nie. Wat die sakesektor en die regering betref "embrace ruler" en "ruled" in Adam se woorde (infra), hoewel dit vir verskillende redes is.

Aan die ander kant is daar die meer sosialistiese benadering deur die radikale swart politieke groepe en hul ondersteunende organisasies. Die besluit-

---

1. Sien ook Innes (1987) vir 'n bespreking van die kwessie van privatisering wat een van die belangrikste aspekte van die vryemarkstelsel is en waartoe die regering hom openlik verbind het. Innes sê in hierdie verband (p. 566) "Although the privatisation strategy is not explicitly racist, it is elitist and, on the admission of its own protagonists, seek to promote social inequalities. In the South African context this makes it racist in practice. Privatisation will not redistribute wealth in an equitable way. It will enable those who already have wealth, who are mostly white, to acquire more wealth and will leave those who are currently poor, who are mostly black, at the bottom of the social structure. Privatisation will alter the form of racial discrimination in South Africa, but will leave the substance largely untouched".

nemingstelsel is vir veral die illegitieme buitekringgroepe op grond van hierdie ideologiese verskille 'n geslote sisteem. Groepe soos die UDF, AZAPO en die SARK verwerp nie net die bestaande politieke strukture nie, maar ook die kanale waardeur invloed uitgeoefen word. Slegs diegene wat bereid is om binne die spelreëls te speel, is aanvaarbaar. Uiteindelik blyk dit 'n "zero-som" spel te wees.

Hoewel die Afrikaner-groepe steeds die belangrikste "insiders" is, is hulle nie meer die enigste nie vanweë die feit dat die Nasionale Party genoodsaak was om sy magsbasis te vergroot. Vanweë breë ideologiese versoenbaarheid is daar 'n opkomende groep van belangegroepe, byvoorbeeld sakeorganisasies en swart groepe wat ook invloed uitoefen. Hoe meer belangegroepe ideologies konformeer, hoe groter is die moontlikheid vir die uitoefening van invloed.

#### 4.6 SAMEVATTING

Die navorsing wat in hierdie hoofstuk bespreek is, het breedweg oor drie aspekte gehandel naamlik: regeringselite se persepsies oor die nut van belangegroepe oor die algemeen, besluitnemers of regeringselite se persepsies oor die invloed van belangegroepe op ekonomiese-, sosiale- en politieke besluitneming en regeringselite se persepsies oor die rol van veral die sakesektor in besluitneming.

As raamwerk om elite-persepsies sowel as belangegroepgedrag te ontleed, is kortliks aandag geskenk aan die belangrikste tendense in die politieke kultuur van die Afrikaner wat die Nasionale Party ondersteun. Vanweë die feit dat invloeduitoefening slegs teen die agtergrond van institusionele deelname in die besluitnemingsproses volledig verstaan kan word, is ook die strukturele eienskappe van die Suid-Afrikaanse besluitnemingstelsel bespreek. 'n Beknopte uiteensetting van die belangegroepstruktuur in Suid-Afrika het gevolg asook die vermeende invloed van sodanige groepe op besluitneming volgens die literatuur, wat grootliks op waarneming gebaseer is. Daar is gewys op die nut van hierdie studie deurdat op 'n sistematiese en wetenskaplike wyse gepoog is om antwoorde op die vraag na die invloed van belangegroepe en spesifiek die sakesektor, te verkry.

Die belangrikste bevindinge van hierdie hoofstuk is kortliks die volgende: Hoewel regeringselite oënskynlik baie toeganklik is vir belangegroepe beteken dit nie noodwendig dat sodanige belangegroepe invloed uitoefen nie. Oor die algemeen is die regering positief teenoor die bestaan van belangegroepe as sou hulle veral nuttig wees as dit kom by navorsing en die implementering en toepassing van beleid. Die bydrae wat belangegroepe in onder meer navorsing moet lewer, moet

"positief" en "konstruktief" wees, met ander woorde daar moet binne die spelreëls van die beleidsformuleerders opgetree word. Die rol van belangegroepes moet dus komplementêrend eerder as konflikterend wees - daar moet nie geprobeer word om die bestaande magstruktuur ingrypend te verander nie. Hierdie persepsies sluit nou aan by die totale strategie, wat in effek daarop neergekom het dat pogings aangewend is om die hele samelewing in so 'n mate te beheer en te organiseer dat dit die nastrewing van die staat se belange sou ondersteun en realiseer.

Persoonlike kontak met veral die Kabinetslede en Staatspresident, en formele voorleggings aan Kommissies van Onderzoek is veral as belangrike steunwerwingstaktieke beskou.

Wat die invloed van belangegroepes betref, blyk dit duidelik uit die data dat dié groepe wie se belange ooreenstemmend of versoenbaar met dié van die regering is, 'n groter potensiaal tot die uitoefening van positiewe invloed het. Dikwels is hierdie groepe in 'n tipe simbiotiese verhouding met die regering gewikkel en in hierdie geval blyk die regering spontaan goedgesind te wees teenoor invloed van hierdie groepe. Hierdie "insider" groepe is nie slegs meer beperk tot die Afrikaner-belangegroepes nie, maar sluit ook sommige van die oorwegend Engelssprekende sakeorganisasies en 'n organisasie soos Inkatha in. Deurdat die Engelssprekende sakeorganisasies deel geword het van die "insiders" beteken dit nie dat hierdie status ook noodwendig na ander Engelssprekende belangegroepes uitgebrei is nie, soos wat duidelik deur die resultate weerspieël word. Invloed is hoofsaaklik die prerogatief van die sakesektor. Ook binne hierdie sektor is daar nuanseverskille in die persepsies oor die mate van invloed wat die onderskeie sakeorganisasies het.

Dat daar egter geringe onderskeid tussen die invloed van die "insiders" bestaan, lei geen twyfel nie. Die Afrikaner-groepe wie se belange met dié van die Nasionale Party-regering ooreenstem, bly steeds die invloedrykste. Tussen die onderskeie Afrikaner-organisasies blyk daar ook 'n verskil, hoewel gering, in die uitoefening van positiewe invloed te wees. Uit die persepsies van die regeringselite is dit duidelik dat veral die Broederbond hoog aangeskryf word in terme van beïnvloeding, teenoor die bestaande opvatting in die literatuur dat dié organisasie onder die Botha-bewind eerder belangrik is ten opsigte van steunmobilisering en die evaluering en legitimering van regeringsbeleid.

Die bestaande konvensie dat blankes en veral die Afrikaner beïnvloeding domineer, blyk uit die resultate nie meer heeltemal die geval te wees nie. Swart groepe soos Inkatha word beskou meer invloedryk te wees as sekere

Engelssprekende groepe. Daarbenewens word in die literatuur nie voorsiening gemaak vir die groter mate van genuanseerdheid ten opsigte van die invloed van die onderskeie Afrikaner-organisasies wat spesifiek die Nasionale Party ondersteun nie. Dieselfde geld ook wat die Engelssprekende belangegroep betref.

Ten slotte was die vraelys in staat om beduidende opinies te meet. Goeie aanduidings dat min probleme met die vrae ondervind is, is onder meer dat daar feitlik geen onbeantwoorde vrae was nie. Daarbenewens was daar min respondente wat die "onseker" opsie in die vrae gekies het.

In die volgende hoofstuk word onder meer veral die Afrikaner-sakelui se persepsies oor hul invloed ontleed. Die doel is om 'n vergelyking te tref tussen die persepsies van die regeringselite en dié van die sake-elite.

## HOOFSTUK 5

### DIE AFRIKANER-SAKESEKTOR SE PERSEPSIES OOR HUL INVLOED IN BESLUITNEMING

#### 5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is breedweg gefokus op die regeringselite se persepsies teenoor die bestaan en rol van belangegroepe in Suid-Afrika in die algemeen, hul persepsies oor die rol van die sake-sektor in beleidsformulering en spesifiek dié van die Afrikaner-sake-sektor. Ten einde vas te stel of daar enige perseptuele verskille tussen die regerings- en sake-elite oor hierdie aangeleentheid bestaan, wat noodwendig implikasies kan hê vir die rol van belangegroepe in beleidsformulering, word in hierdie hoofstuk die persepsies van hoofsaaklik die Afrikaner-sake-elite oor hul rol en dié van hulle Engelssprekende eweknieë ontleed. Soos in afdeling 2.3.5 uiteengesit, is ook met 12 top Engelssprekende sakelui onderhoude gevoer wat as vergelykingsgroep gedien het. Hul persepsies word dan ook waar relevant, bespreek.

Onderliggend aan die sake-sektor se rol in beleidsformulering, is die verhouding wat tussen hulle en die regering van die dag bestaan. In hoofstuk 3 is reeds aandag gegee aan die oorvleuelende lidmaatskap van die Afrikaner-sakeman met onder meer die Nasionale Party en Afrikaner-Broederbond, enkele wyses waarop die Afrikaner-sakeman deur die vroeë Nasionale Party-regering bevoordeel is, sowel as die dinamika van die verhouding tussen die regering en sake-elite as geheel onder die bewind van onderskeidelik Verwoerd en Vorster. As belangrike agtergrond waarteen die persepsies van invloed van die sake-sektor in hierdie hoofstuk geëvalueer word, word die verhouding tussen die regering en die sake-sektor tydens die Botha-era eerstens ontleed. In hierdie verband word spesifiek gekonsentreer op die persoonlike verhouding tussen PW Botha en die sake-elite. Daar sal veral aandag geskenk word aan die pogings wat hy aangewend het vir 'n meer konstruktiewe verhouding met die sake-sektor. In hierdie verband sal die persepsies van die sake-elite oor hierdie pogings, byvoorbeeld die drie ekonomiese berade en hulle eie betrokkenheid in die politiek, ontleed word.

Die belangrikste aspekte waarop egter in hierdie hoofstuk gekonsentreer word, is die persepsies van die sake-elite oor hul rol in besluitneming. Aandag word gegee aan onder meer die rol van individuele Afrikaner- en Engelssprekende sakeleiers, die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI voortaan), die Ekonomiese Adviesraad en oorwegend Engelssprekende sakeorganisasies. Hierdie bespreking word gedoen

ook teen die agtergrond van vertoë uit sakegeledere sedert veral die vroeë sewentigerjare oor knellende vraagstukke op veral sosio-ekonomiese en politieke terrein (sien afdeling 3.7).

Die effektiwiteit van eise op regeringsbesluite is in 'n groot mate afhanklik van die verskillende metodes of tegnieke van steunwerwing wat aangewend word. In hierdie verband sal gekyk word na die metodes soos deur beide die Afrikaner- en Engelssprekende sake-elite aangewend en hul persepsies oor die sukses of effektiwiteit van hierdie metodes.

Hoewel in hoofstuk 3 aangetoon is dat daar by beide die Afrikaner- en Engelssprekende sake-elites die oorwegende persepsie bestaan dat daar weinig verskil tussen hul sienings oor sekere sosio-ekonomiese vraagstukke is, bestaan daar egter steeds duidelike ideologiese en politieke verskille tussen hierdie twee taalgroepe. Hierdie verskille word vervolgens uitgewys, en dien ook as verdere motivering en verklaring vir regeringselite se persepsies dat Afrikaner-sakeleiers en ook by name die AHI, meer invloedryk as hul Engelssprekende eweknieë is (hoofstuk 4). 'n Samevatting en evaluering van die vernaamste bevindinge word ten slotte gegee.

## **5.2 DIE VERHOUDING TUSSEN PW BOTHA EN DIE SAKESEKTOR (1978-1989)**

Nie net hang die oorlewing en groei van 'n sakesektor in 'n groot mate af van dié sektor se verhouding met die regering nie, maar soos in afdelings 1.5.5 en 4.3.1 uiteengesit, word die invloed van belangegroep op besluitneming ook grootliks bepaal deur die mate van "oopheid" vir raad wat by die regeringshoof bestaan asook sy verhouding met die betrokke belangegroep. Soos reeds genoem, berus die oortuigbaarheid van 'n regeringshoof onder meer op die mate van verbondenheid aan 'n oorkoepelende politieke ideologie, sy persoonlikheid en sy styl van besluitneming. Uit hoofde van sy amp is hy potensieel die enkele belangrikste politieke akteur in die land en gee hy die toon aan vir die regering.

Teen die agtergrond van die verhoudinge tussen onderskeidelik Verwoerd en Vorster en die sakesektor (afdeling 3.5.1.2) sal die belangrikste veranderinge wat ingetree het in die verhouding tussen die openbare- en private sektore onder die Botha-bewind uitgewys word.

In hierdie afdeling oor PW Botha word aandag geskenk aan onder meer sy doelbewuste pogings van toenadering tot die sakesektor. Enkele opmerkings oor

sy persoonlikheid en bestuurstyl wat relevant kan wees vir die invloed van veral die sakesektor op verskillende terreine van besluitneming, word ook gemaak.

Botha se verbintenis met die sakesektor, en dit sluit Engelssprekende sakeleiers in, het nie begin met sy bewind as Eerste Minister/Staatspresident nie. Sy kontak met dié sektor strek so ver terug as 1969 toe hy as Minister van Verdediging verantwoordelik was vir die stigting van Krygkor. Laasgenoemde is gestig "om so doeltreffend en ekonomies as wat doenlik is, te voorsien in krygstuigbehoefes van die RSA". Botha se uitgangspunt was dat Krygkor streng volgens sakebeginsels bestuur moet word, sonder burokratiese beheer deur die staat (De Villiers, 1984 : 288). Sedert sy stigting het Krygkor een van die grootste industriële ondernemings in Suid-Afrika geword met tussen 23 000 en 29 000 werknemers en nege filiaal-maatskappye. Sy subkontrakte aan die privaatsektor vir militêre benodighede beloop tussen 1200 en 1900. Ten minste 400 van hierdie gesubkontrakteerde maatskappye kan nie bestaan sonder hierdie verdedigingskontrakte nie. Tussen 70-80% van die SA Weermag se bestellings van Krygkor, word deur die privaatsektor geproduseer. Sedert 1980 toe daar grootliks in die Weermag se behoeftes vervul is, het Krygkor 'n aggressiewe internasionale bemarkingsveldtog geloods om plaaslike produkte te bemark (Seegers, 1987 : 157).

Die korporasie se skakeling met die privaatsektor word verder beliggaam in sy direksie wat uit tien lede bestaan waarvan slegs twee lede staatsamptenare is, naamlik die Hoof van Verdediging en die Direkteur-generaal van Finansies. Hierdie direksie word deur die Staatspresident aangestel en is verantwoordelik aan die Minister van Verdediging.

'n Ander institusionele skakeling tussen die Weermag en die privaatsektor was die Verdedigingsadviesraad. Die doelstelling van hierdie Raad was om die Minister van Verdediging ten opsigte van verdedigingsaangeleenthede te adviseer soos dit "nasionale belang" sou raak. Die samestelling hiervan reflekteer weer eens die verhouding met die privaatsektor deurdat dit bestaan het uit 13 vooraanstaande sakeleiers onder die voorsitterskap van die Minister van Verdediging. Hoewel reeds in 1973 gestig, het Botha sy samestelling op 1 Mei 1980 in die Parlement bekend gemaak<sup>1</sup> (Hansard, 1 Mei 1980, kol. 5303). Van die kant van die regering

1. Dr FJ du Plessis (Sanlam); Dr WJ de Villiers (General Mining); Dr JA Hurter (Volkskas); Mnr GWH Relly (Anglo American); Mnr AM Rosholt (Barlow Rand); Mnr C Saunders (Tongaat Groep); Mnr R Lurie (JSE); Mnr BE Hersov (Anglo-Transvaal); Mnr I McKenzie (Standard Bank); Mnr RJ Goss (SA Brouerye); Mnr JE van der Horst (Old Mutual); Dr FJ Cronje (Nedbank) en Mnr J Wilken (SA Landbou-Unie)

en dié van die sakesektor (volgens onderhoude met sommige van die betrokke sakeleiers) het die Raad oneffektief blyk te wees. Dit was redelik onaktief sedert die stigting daarvan en toe lede se termyn op 31 Maart 1982 verval het, is hulle nie weer aangestel nie.

Gegewe bogenoemde betrokkenheid van die sakesektor in wapenvervaardiging en die Verdedigingsadviesraad, verwys sommige skrywers na die bestaan van 'n "militêre-industriële kompleks" in Suid-Afrika (sien byvoorbeeld Frankel, 1984; Grundy, 1988; en Cock en Nathan, 1989. Om van so 'n kompleks te praat, is ietwat oordrewe. Dit is onteenseglik waar dat daar wel 'n militêre-industriële verhouding bestaan waarin elkeen 'n belang het in wat die ander doen, en wat moontlik 'n invloed op mekaar kan hê. Alhoewel die spesifieke aard van die verhouding, 'n studie op sigself verg en buite die bestek van hierdie navorsing val, moet kortliks op die volgende gewys word: Die stigting van Krygkor was grootliks in reaksie op die internasionale gemeenskap se toenemende weiering om (minstens openlik) met Suid-Afrika wapenhandel te dryf, terwyl Suid-Afrika wapens nodig gehad het om 'n toenemende bedreiging af te weer. Dit het dus in die eerste plek daarom gegaan dat aan veiligheidseise aandag geskenk is en nie soseer om staatsbetrokkenheid in die ekonomie nie.

Botha het die bewind oorgeneem teen die agtergrond van aansienlik meer ekonomiese en politieke probleme as wat sy voorgangers ondervind het. Soos reeds in hoofstuk 3 (3.5.1) uitgewys, beleef Suid-Afrika vanaf ongeveer 1963 (na 'n insinking van ongeveer drie jaar) indrukwekkende ekonomiese groei. Onder meer het buitelandse kapitaal die land binnegestroom, toon die ekonomie 'n groeikoers van soveel as sewe persent per jaar (byvoorbeeld tussen 1963 en 1965) en was daar 'n groot toename in uitvoere (sien IDAAF, Jan-Jun 1970 (ekonomiese afdeling): 94 en Jan-Jun 1971 : 111E vir 'n volledige bespreking). Daarbenewens was, met die uitsondering van die Sharpeville- en ander onluste in 1960-1962, die bewindstydperk van Verwoerd, en ook tot 'n groot mate dié van Vorster (veral tot 1976), gekenmerk deur relatiewe interne politieke stabiliteit (vergelyk ook Stadler, 1987). Teen 1978 egter het Suid-Afrika sy ergste resessie in sy geskiedenis beleef. Die reële groeikoers was negatief in die eerste helfte van 1976 en zero in 1977. Die totale uitvloeï van kapitaal was in die omgewing van R121 miljoen teenoor 'n invloei van R2,780 miljoen in 1974/1975 en die goudprys daal vanaf \$198 'n ons in 1974 tot \$103 in 1976 (Hill, 1983 : 52). Bowendien was daar 'n toenemende agterstand in die betalingsbalans, inflasie was besig om te styg en teen die einde van 1976 was daar ongeveer twee miljoen swart werkloos (Johnson, 1982 : 205). Verder was dit duidelik dat die tuislande glad nie ekonomies lewensvatbaar is nie.

Constellation of States, 1980 : 22). Sakeleiers het egter ook 'n aantal belangrike probleme van onmiddellike aard uitgelig soos werkloosheid, die geweldige tekort aan geskoolde mannekrag, belastingmaatreëls en ekonomiese desentralisasie. Swart sakelui het veral die sosio-politieke aspekte van die regering se diskriminerende rassebeleid beklemtoon (Information Service - Towards a Constellation of States, 1980 : 4-41).

Aanvanklik het hierdie ontmoeting groot lof van die sakesektor ontvang, soos uit die volgende aanhalings blyk:

"South Africa's business leaders, excluded for at least three decades from any real participation in power politics, were basking in the aftermath of Botha's skillful strokes" (Financial Mail, 30 November 1979).

In Harry Oppenheimer se woorde: "It marks the beginning of a new relationship between State and private business in South Africa" (Information Service - Towards a Constellation of States, 1980 : 25).

Volgens die Uitvoerende Direkteur van die FCI: "An important watershed was the Carlton Conference on 22 November 1979 which has ushered in a new period of consultation and has clearly signalled the willingness of Government to hear representations of the private sector even with regard to political matters" (FCI Annual Report, 1980 : 17-18).

Hoewel die sakesektor aanvanklik te gevele was om te veel kritiek te lewer op hierdie beraad, het daar teen die middel van 1981 'n gevoel van ontnugtering veral onder sekere Engelssprekendes ingetree. Sommige sakelui, wat so lank in die koue gelaat is, was dalk te idealisties in hul hoop dat hul nou uiteindelik deel van die "insiders" by die politieke leiers kan wees. Die teleurstelling was grootliks vanweë die feit dat die regering nie voldoende gereageer het nie, veral ten opsigte van politieke hervorming. Giliomee (1982a : 132) wys egter daarop dat die regering feitlik geen beloftes by die Carlton-beraad gemaak nie. Wat duidelik geblyk het uit die Carlton-beraad, is dat die toenadering vanaf regeringskant 'n geslote agenda behels het, gemik daarop om die samewerking van die sakesektor te kry om politieke beleid te kon uitvoer, en nie om werklik die probleme van die sakesektor, veral sover dit politieke implikasies kon hê, aan te spreek nie.

Die ongemaklikheid oor die Carlton-beraad het weerklank gevind by die Goeie Hoop-beraad op 12 November 1981 wat deur 600 sakeleiers bygewoon is. Hierdie konferensie is belê deur Botha om die regering se nuwe industriële

desentralisasie-voorstelle voor te lê en 1 April 1982 is as teikendatum vir implementering gestel. In die geheel het die euforie en hoë verwagtings wat deur die sakesektor gekoester is by die Carlton-beraad, plek gemaak vir 'n meer sobere, realistiese waardebeplanning van die verhouding tussen die sakesektor en die regering. Die mening uitgespreek in die Financial Mail (20 November 1981) dat: "Perhaps the best lesson the business leaders learnt was that government has no plans to modernise apartheid ... it would be naive to believe that in the South African context, economic power determines political power" (sien ook byvoorbeeld The Star, 13 November 1981, Beeld, 13 November 1981 en Rapport, 15 November 1981), is 'n belangrike aanduiding van die politieke realiteit in Suid-Afrika. Dit is die staat wat die interaksie met die sakesektor bepaal, en nie andersom nie.

Die Pretoria-beraad wat op 7 November 1986 gehou is, was veel kleiner (200 sakeleiers) en is nie aan die groot klok gehang nie. Dit was toegespits op 'n nuwe nasionale ekonomiese strategie waarin privatisering en deregulering die hoofemas was. Afgesien van inleidende toesprake is die afgevaardigdes by hierdie beraad in groepe vir besprekings verdeel. In sy openingstoespraak het die Staatspresident dit duidelik gestel dat hy geen politieke eise sal aanvaar nie en dat dit nie 'n party-politieke kongres is nie. "On several occasions this year I have set out the policy of the Government, and obtained the support of my party for that policy" (The Star, 7 November 1986). Aan die persepsies van die sakelui in nabetraging van hierdie drie berade, word in die volgende afdeling aandag geskenk.

Die drie berade wat hierbo bespreek is, was nie die enigste doelbewuste pogings van Botha om sy toenadering tot die sakelui te illustreer nie. 'n Ander belangrike aspek was die herstrukturering van sy Ekonomiese Adviesraad in 1985 deur onder meer die staatsamptenare aansienlik te verminder en met sakeleiers te vervang (sien bespreking onder 5.7.4). Ook van simboliese betekenis was die feit dat Botha voor die bekendmaking van sy nuwe ekonomiese strategie tydens die opening van die Parlementsitting op 5 Februarie 1988, die top sakeleiers op 4 Februarie na Kaapstad genooi het en hulle vooraf ingelig het en meer detail daarvoor bekend gemaak het.

Ten spyte van Botha se toenadering tot en simpatiekgesindheid teenoor die sakesektor, het hy, soos sy voorgangers, maar op 'n meer besadigde wyse, ook die sakesektor gewaarsku om minder voorskriftelik teenoor die regering te wees wat politieke aangeleenthede betref en hulle gewaarsku om hulle by ekonomiese aspekte te bepaal. 'n Voorbeeld hiervan is 'n brief aan die FCI na laasgenoemde

se kritiek oor die instelling van onder meer die noodtoestand (sien afdeling 4.5.5.1) waarin hy hulle gewaarsku het om nie in die politiek in te meng nie (Sunday Times, 27 Julie 1986). Ook in sy openingsrede by die Kongres van die AHI in Bloemfontein in Mei 1987 het hy gesê die sakelui nie vir die regering polities moes probeer dikteer nie en liefs hulle aandag by sake-aangeleenthede bepaal. By geleentheid waar die sakesektor hierdie reëls "oortree" het en hulle op die politieke terrein begeef het, het Botha intimiderend teenoor hulle opgetree. 'n Goeie voorbeeld is onder meer die Chris Ball-debakel in 1987 oor Ball se beweerde kontakte met die ANC en die voorskiet van geld aan individue vir advertensies in koerante. Vroeg in Februarie 1987 het Botha in die Parlement beweer dat die besturende direkteur van Barclays Bank (later hernoem na Eerste Nasionale Bank), mnr Chris Ball, R150 000 beskikbaar gestel het vir volbladadvertensies in verskeie koerante in Januarie 1987. Hierin is die 75-jarige bestaan van die ANC herdenk en is terselfdertyd 'n oproep gedoen om die ontbanning van hierdie organisasie. Ball het hierdie aantygings ontken waarna Botha die Regterpresident van die Kaapprovinsie, Regter Munnik as eenmanskommissee aangestel het om die finansiering van hierdie advertensies en Ball se betrokkenheid daarby te ondersoek. Munnik het uiteindelik bevind dat 'n oortrokke gerief van 'n R100 000 aan 'n ene mnr Surtee deur Ball toegestaan is vir spesifiek die plasing van hierdie advertensies nadat twee bestuurders van die bank die versoek vir oortrokke geriewe aan Surtee reeds afgekeur het. Uiteraard het die optrede van Botha 'n negatiewe effek op die belange van Barclays Bank gehad (sien Race Relations Survey, 1987/88 : 388-391).

'n Leier se optrede word nie net deur omstandighede, maar ook deur sy persoonlikheid en bestuurstyl beïnvloed. Botha se bestuurstyl het aansienlik van dié van sy twee voorgangers verskil. Waar Verwoerd die Kabinet gedomineer het en Vorster 'n meer laissez-faire houding ingeneem het oor die Kabinet en die funksionering van elke lid se onderskeie departement, het Botha 'n wakende oog gehou oor ministers se bestuur van hul departemente. Vanuit die staanspoor het hy burokrate in hoëvlak besluitneming betrek. Dit is gedoen deur die onderskeie kabinetskomitees en ander tegnokratie met wie hy hom omring het (sien ook afdeling 4.3.5). Hy het ook nie gehuiwer om kundigheid van buite die regering in te roep om byvoorbeeld ondersoeke te loods en Kommissies van Ondersoek te lei nie. Ook sakeleiers het pertinent in die onderhoude bevestig, dat Botha meer staat gemaak het op 'n verskeidenheid kundiges as wat sy voorgangers gedoen het.

Een van die sakeleiers het die verskille tussen Botha en sy voorganger as volg geskets: "Daar was 'n groot verskil in die bestuurstyl van Vorster en Botha. John

Vorster was geneig om 'n klein groepie om hom te trek, by daardie mense het hy al sy insette gekry en met hulle het hy sy pad geloop. Hy het ook minder gedelegeer. Terwyl PW Botha van sy vroegste jare as Minister van Verdediging weer geglo het jy moet soveel as moontlik mense betrek buite die politieke veld. Hy betrek geweldig baie mense. Toe hulle 'n paar jaar terug ondersoek moes loods na die Staatsdiens het hy Wim de Villiers, Dick Goss en Jan van der Horst gebruik. Hy maak baie meer van sulke mense gebruik as John Vorster. Miskien het die tydvak of politieke omstandighede verander. Hy't (PW Botha) so 'n aanhaling 'Gather around you under the flag people of common interest' en as jy jou probleme opgelos wil hê maak van alle talente gebruik - dit is waarop dit neerkom - maar dan moet 'n persoon patrioties wees. Dan moet hy sê Suid-Afrika eerste - dit maak nie saak wat die buitewêreld sê nie".

Oor die algemeen dus is 'n kenmerkende eienskap van Botha se leierskapstyl die waarde wat hy oënskynlik aan die bydraes van kundiges geheg het. In Botha se eie woorde in 1984: "Remember what King Solomon said 'the more advisors you have the more wise decisions you will make'" (Pottinger, 1988 : 354). Of hierdie bewering, wat besondere implikasies het vir die rol van belangegroeppe in beleidsformulering, wel ook deur die meerderheid sake-elite onderskryf word, word in die volgende afdelings ontleed.

Ten slotte was Botha aansienlik minder aan die apartheidsbeleid gebonde as sy onmiddellike voorgangers. Dit is duidelik weerspieël in die hervormings wat hy gedurende sy bewindstydperk deurgevoer het. Botha was bereid om sekere aanpassings te maak, hoofsaaklik omdat dit sou inskakel by sy identifisering en omskrywing van die nasionale belange wat sy regering nagestreef het.

In die verhouding tussen tussen Botha en die sakesektor is daar 'n duidelike ontwikkeling van 'n nouer verhouding te bespeur, as wat die geval onder sy voorgangers Verwoerd en Vorster was (sien afdeling 3.5.1.2). Verskeie faktore het hiertoe bygedra, onder meer die politieke en ekonomiese klimaat in elkeen se bewindstydperk, persoonlikheid en bestuurstyl, sowel as die mate waartoe elkeen verbonde was aan die ideologie van apartheid. Wat PW Botha se leierskap betref, is dit aansienlik meer pragmaties as dié van Vorster. Hoewel hy steeds binne ideologiese parameters opgetree het, was hy as leier ideologies minder onwrikbaar as Vorster, wat op sy beurt weer meer buigsaam as Verwoerd was. Dit wil voorkom asof sover dit regeringshoofde in Suid-Afrika betref, pragmatisme toeneem in verhouding tot die afname in hul ideologiese verbondenheid aan apartheid.

Kenmerkend van al drie die ekonomiese berade is die feit dat hulle op inisiatief van die regering gehou is wat dan ook die agenda bepaal het. Die feit dat die regering die voorwaardes bepaal en die terrein gekies het, het noodwendig 'n demper geplaas op die vermoë van sakeleiers om hul eie agendapunte te bespreek. 'n Engelssprekende sakeleier het dit as volg gestel: "Although many of us are critical of the government's political system we support them in their aims of strengthening and extending the economic system. The agenda largely allowed us to demonstrate our joint involvement with the government in the economic sphere, but gave little scope for discussing political concerns". Volgens een Afrikaner-sakeman was die sessies "meganisties" en is sakeleiers in 'n groot mate deur die regering "gemanipuleer". Hoewel Engelssprekendes volgens hom ook bydraes gelewer het, is hulle "hand gekies" deur die regering en was die sessies baie "gematig". Die gevolgtrekking wat uit hierdie opmerkings van sakelui gemaak kan word, is dat die toenadering tot die sakelui beperk in omvang en gehoor was. Die feit dat hierdie berade gehou is om vanaf regeringskant steun vir politieke beleid te werf, dui daarop dat ekonomiese aangeleenthede ondergeskik gestel is aan politieke oorwegings en bevestig die aanname dat in die Suid-Afrikaanse politiek, dit die belange van groepe eerder as klasse is wat voorkeur geniet in beleidsformulering.

Die meerderheid van die sake-elite van beide taalgroepe met wie onderhoude gevoer is, was dit eens dat die Bryntirion-beraad die suksesvolste van die drie berade was vanweë hoofsaaklik die volgende redes:

- Dié beraad het nie met soveel publisiteit geskied as die vorige berade nie. Die konferensie self het agter geslote deure plaasgevind en 'n perskonferensie is na die dag se verrigtinge gehou. Sowel die regering as die sakeleiers het dus nie nodig gehad om in debatte hulle onderskeie "gehore" in gedagte te hou nie;
- dit was beter georganiseer gewees as die vorige deurdat sakeleiers vooraf geweet het wat op die agenda was en sodoende hulle op die bepaalde strydvrage kon voorberei. By die Carlton- en Goeie Hoop-berade was die agenda onbekend en moes hulle daar vir agtergrond op regeringsinligingstukke staatmaak. Regeringswoordvoerders kon dus, soos een sakeman dit gestel het, "die leiding in debatte bly behou". Noodwendig sou die gebrek aan voorbereiding sakeleiers se debatteringsvermoë beperk;

- suiwer nie-kontensieuse ekonomiese vraagstukke is bespreek wat dus gespesialiseerde kennis vereis het. Volgens sakeleiers het regeringsverteenvoerders baie meer aandagtig geluister na wat hulle te sê gehad het sonder dat hulle 'n verdedigende houding moes inslaan. Dit, na hulle mening, was omdat regeringsleiers nie op die sakelui se terrein bedreig gevoel het nie. Self het hulle ook meer bevoeg gevoel om oor ekonomiese kwessies te gesels. Die meerderheid Afrikaner-sakeleiers het hierdie mening gehuldig. Gevolglik was daar 'n meer ontspanne atmosfeer asook 'n groter wedersydse vertroue. Dit kan in 'n groot mate ook toegeskryf word aan die feit dat daar sedert die 1979-beraad al 'n redelike verstandhouding tussen die sakeleiers en die regering begin ontwikkel het. Bowendien is van die regering se "grootste kritici" soos verskeie dagblaaie dit gestel het, nie na hierdie beraad genooi nie (sien byvoorbeeld: Sunday Star, 2 November 1986; The Star, 3 November 1986; Die Vaderland, 4 November 1986). Daarmee saam is die regering nie met politieke kwessies ofte wel "harde politiek" gekonfronteer nie, in die woorde van een sakeman. Nie net het die Staatspresident dit in sy toespraak verbied nie, maar is dit ook die meer "gematigde" sakeleiers wat die beraad bygewoon het. Politiek- verwante aangeleenthede soos die Groepsgebiedewet is wel bespreek en die versnelling van politieke hervorming in die algemeen, maar nie spesifieke kwessies soos die vrylating van Mandela en die ontbanning van die ANC, wat reeds in daardie stadium brandende vraagstukke was nie;
- ten slotte was die Bryntirion-beraad meer gestruktureer in kleiner groepe om debatvoering te bevorder teenoor die oorheersende aantal monoloë wat die vorige konferensies gekenmerk het. 'n Gehoor van 600 mense is uiteraard te groot vir enige meningswisseling. Soos in die vorige bespreking uitgewys, is sakelui in groepe ingedeel onder voorsitterskap van bekende sakeleiers. Dit het volgens die sakeleiers gelei tot 'n redelik openhartige meningswisseling.

Agterna was die oorheersende mening by die sakeleiers van beide taalgroepe dat die belangrikheid van die leiersberade lê in die simboliese waarde daarvan eerder as dat hulle mylpale verteenwoordig in die verstandhouding tussen die sakegemeenskap en die regering. Volgens baie was dit 'n goeie "openbare verhouding poging" of 'n goeie "brugbou oefening" waar regeringsleiers en

sakeleiers oor baie aangeleenthede met mekaar in interaksie kon tree. Voorbeelde van uitsprake was die volgende:

"Dit is 'n goeie 'PR'-oefening. Die feit bly dat die Ministers bly darem vir 6 uur gedurende die dag in die geselskap van sakemense, hulle drink saam met hulle tee en luister wat die ouens sê, party ouens is kwaai. Die Kabinet is gashere en as hulle goeie maniere het, mag hulle nie kwaad word vir die mense nie. Jy ontdek nie die wiel op so 'n plek nie. 'n Mens het sulke simboliese geleenthede nodig".

"The conferences were skillful exercises in co-optation of the business community".

By implikasie kom dit dus neer op 'n openbare erkenning van die regering dat hy die samewerking van die privaatsektor in sosio-ekonomiese en ekonomiese ontwikkeling nodig het, maar slegs in die mate dat die aard en omvang van sodanige samewerking deur die regering bepaal word.

Om enige tasbare prestasies wat met die berade bereik is uit te wys, is volgens 'n hele aantal sakeleiers moeilik. Hoogstens het die regering homself opnuut by elke beraad verbind tot onder meer 'n groter vryemarkstelsel deur veral privatisering en deregulering. Soos een sakeman dit gestel het: "Die probleem van ons samelewing het so gekompliseerd geraak dat oplossings nie binne maklike bereik van hierdie soort konferensies is nie". Die ekonomiese berade het in werklikheid slegs die einde van jarelange openbare animositeit tussen die regering en die Engelssprekende sakesektor gesimboliseer, en het nie nuwe vorme van samewerking tussen dié sektor en die staat ingelui nie (Giliomee, 1983b : 5).

#### **5.4 PERSEPSIES VAN SAKE-ELITE OOR HUL ROL IN DIE POLITIEK**

Een van die grondliggende aspekte wat in hierdie proefskrif ondersoek word, is die persepsies van sakeleiers oor wat hulle betrokkenheid by politieke vraagstukke behoort te wees. Dit is veral ook belangrik gesien teen die agtergrond van onder meer die hoë premie wat al dikwels aan die sakesektor gestel is om 'n leidende rol in politieke hervorming te neem (sien afdeling 1.5.2).

Soos reeds uitgewys (hoofstuk 3 en hierbo), het die laaste drie Eerste Ministers op verskeie wyses die sakesektor gewaarsku om hulle uit die politiek te hou of nie "voorskriftelik" teenoor die regering op hierdie terrein te wees nie. Die regering se sensitiwiteit oor die betrokkenheid van sakelui in die politiek is ook op ander

wyses (onder die Botha-bewind) weerspieël toe Botha byvoorbeeld by die Bryntirion-beraad in Pretoria in sy openingsrede gesê het dat hy daar geen "politieke eise sal aanvaar nie" (afdeling 5.2).

Die grense tussen die sakesektor en die regering se betrokkenheid by sekere vraagstukke was sedert die laat sestigerjare ook in Afrikaner-sakegeledere 'n onderwerp van bespreking. In 'n artikel in Volkshandel het 'n bekende sakeleier, mnr Phil Morkel, die probleem as volg omskryf: "Met die oog op nuwe vraagstukke en nuwe doelwitte is die verdeling van verantwoordelikhede tussen die Regering en die sakewêreld nie meer toereikend nie. Die huidige dringendste vereiste ten opsigte van die houding tussen die sakewêreld en die Regering is die ontwikkeling van 'n nuwe soort verdeling van verantwoordelikheid tussen hulle" (Volkshandel, Oktober 1967 : 31).

Teen hierdie agtergrond is, vir die doeleindes van hierdie navorsing, twee vrae aan die sakeleiers gestel, naamlik: of daar 'n duidelike grens tussen die politieke en ekonomiese terrein getrek kan word en in watter mate die sakeman (indien wel), politieke uitsprake moet gee of betrokke moet wees by die politiek in sy hoedanigheid as sakeman.

Die meerderheid van die sakeleiers was dit eens dat dit moeilik is om die politieke en ekonomiese terrein heeltemal van mekaar te skei. Hierdie standpunt is ook deur die Engelssprekende sakeleiers onderskryf. Die volgende uitlatings dien as voorbeelde:

"Die sakesisteem en politieke sisteem het so verweef geraak (byvoorbeeld op arbeidsterrein) dat daar nie meer van 'n duidelike afsnypunt gepraat kan word nie. Wanneer is dit politiek en wanneer is dit 'n reële element van sake-risiko, sakebesluitneming, wins of verlies? Daar is 'n verstrengeling en osmose tussen hierdie twee sisteme aan die gang wat hierdie uitsprake van politici sinloos maak".

"Daar is geen grense tussen ekonomie en politiek nie. Die grense kom in by hoe jy jou inmeng in die politiek. Top sakemannne in hierdie land vorm deel van die leierskorps en om te dink jy kan vir die leierskorps sê dat hul nie by politiek moet inmeng nie - dit werk nie so nie".

"Politiek en ekonomie is inmekaar geweef. Jy kan nie ekonomiese uitsprake lewer sonder om die politieke terrein te betree nie. Politieke

besluite het 'n geweldige invloed op die ekonomie. As die ekonomie as gevolg daarvan skade kry moet jy nou weer politieke besluite neem om dit te probeer regmaak".

Soos blyk uit bogenoemde aanhalings het die meerderheid sakeleiers "politiek" in hierdie vraag in 'n generiese sin verstaan. Enkeles het wel op die vraag of hierdie twee terreine geskei kan word, bevestigend geantwoord in terme van politiek as partydeelname of konstitusionele aangeleenthede, byvoorbeeld stemreg en regeringsvorm.

Voortspruitend uit die vorige vraag moes sakeleiers hulle mening oor politieke betrokkenheid en politieke deelname gee. Oor die algemeen was die gevoel, anders as by die Engelssprekendes, baie sterk by feitlik al die Afrikaner-sakeleiers dat hulle by die politiek betrokke moet wees en ook politieke uitsprake kan maak, maar met 'n onmiddellike kwalifikasie dat sodanige uitsprake slegs gemaak kan word indien dit hulle direk sou raak.

Uit "harde partypolitiek" moet hulle hulself uithou of by 'n politieke party aansluit en Parlement toe gaan. Engelssprekendes het nie so 'n groot probleem met die maak van partygebonde of partypolitieke uitsprake nie. Die wat gevoel het hulle behoort dit nie te doen nie het as rede 'n gebrek aan nodige kennis genoem. Die volgende is tipiese uitsprake van Afrikaners in hierdie verband:

"Die besigheidsman is nie bekwaam om hom uit te spreek en in te meng met suiwer politiek nie. Maar daar is groot areas van die politiek wat die besigheidswêreld raak en daarin moet die sakeman betrokke raak. Areas waarin die besigheidsman moet praat, druk uitoefen en hom uitspreek is areas wat die effektiwiteit van sy besigheid affekteer. Byvoorbeeld belasting, instromingsbeheer, opleiding, groepsgebiede - hy is geregverdig om daarvoor te praat".

"'n Sakeman moet hom nie oor 'n konstitusionele bedeling uitspreek nie. Hy moet nie sê môre moet jy die Groepsgebiedewet afskaf en oormôre vir Mandela vrylaat nie - hulle weet nie waarvoor dit gaan nie. Watter sakeman het voldoende inligting om werklik so 'n siening te neem?".

Uit die onderhoude blyk daar vier belangrike redes te wees waarom Afrikaner-sakeleiers voel hulle behoort hul nie uit te spreek oor dié aangeleenthede wat die

magsbasis van die regering kan aantass nie. Die eerste twee redes is as die belangrikste beskou.

- Dit kan lei tot 'n konfrontasie met die regering. Soos oud- Minister Ben Schoeman reeds in 1956 die FCI op hul jaarkongres gewaarsku het: "... it is very dangerous for businessmen to enter the political arena in an organised manner". Die volgende twee uitsprake deur sakeleiers kan in hierdie verband as voorbeelde genoem word:

"'n Groot deel van die teëspoed wat die FCI opgetel het (sien afdeling 4.5.5.1), is dat hulle hul so uit en uit 'n politieke standpunt gestel het - Hulle het begin om soos 'n politieke party te sê maar kyk hoe moet die konstitusie van 'n land lyk. Ook byvoorbeeld NAMPO<sup>1</sup> Die nekslag vir NAMPO het gekom toe hy die belange van die bedryf begin meng het met uit en uit politieke oortuigings. Dan pak jy politici op hulle terrein aan waar hulle ook die sterkste bedreig voel. Dan is dit 'n direkte konfrontasie" (vir 'n verwysing na die konfrontasie sien afdeling 4.5.5).

"Sakelui moet hul uit die staatkundige terrein uithou - hoe moet 'n nuwe bedeling lyk? Hulle moet nie party-politiek bedryf nie. As jy die politieke spelreëls aanvaar, gaan jy geklap word".

- Dit kan 'n effek op sy sakeonderneming hê. Motiverings vir hierdie standpunt was onder meer die volgende:

"... as hy (sakeman) sy sakeonderneming sou kompromitteer in 'n rigting ten opsigte van die politiek van die dag, gaan hy sy sakeonderneming benadeel ... In elke sakeonderneming is daar kliënte wat bestaan uit baie bevolkingsgroepe, en as jy 'n politieke standpunt gaan inneem, gaan jy 'n klomp mense vervreem. In belang van die onderneming moet jy dit nie doen nie".

"Hoeveel aanstoot sal my politieke uitspraak aan my mense gee? Vir daardie rede is ek meer sensitief oor 'harde' politieke uitsprake. Vir my om te sê ek staan byvoorbeeld vir die afskaffing van groepsgebiede is fataal - ek verloor dit wat belangrik is vir 'n onderneming soos die esprit de corps. Binne hierdie groep het ons van links tot heel regs

---

1. NAMPO - Nasionale Mielieproducente Vereniging

wat vir ons werk - ek demotiveer 'n groot groep en gee vir 'n klomp aanstoot as ek sê Mandela moet nie vrygelaat word nie. Dit is te sensitief om ook uitsprake oor die oopstelling van skole te gee".

Hierdie argument van Afrikaner-sakelui is deur die Engelssprekende sakeleiers beskou as net 'n verskoning om nie 'n openbare posisie vis-à-vis die regering in te neem nie. Ironies is dat die groot aantal Afrikaner-sakeleiers wat hierdie standpunt gehuldig het, onder meer die nuwe 1983-konstitusionele bedeling in die openbaar onderskryf het. Op 'n teenargument dat deur die nuwe bedeling openlik te ondersteun, mense na regs sowel as na links aanstoot kon neem, kon heelwat sakeleiers nie reageer nie. Een sakeman het dit geprobeer regverdig deur te sê dat die vraag vir hom was of dit 'n beter, stabielere regering skep, want hy moet besigheid doen binne die omgewing wat deur die regering geskep word.

- Die regering het die mandaat van die kiesers, terwyl die sakelui geen mandaat het om hulle uit te spreek oor politieke aangeleenthede nie.
- Die sakeman verstaan glad nie die politiek nie en het nie voldoende inligting of bevoegdheid om werklik 'n uitspraak te kan gee nie.

Wat duidelik uit die voorafgaande bespreking blyk, is die selfbeperking van Afrikaner-sakeleiers om hulle nie uit te spreek of betrokke te wees by primêre politieke strydvrae nie, met ander woorde dié vraagstukke wat die magsbasis van die regering kan aantast. Op hierdie terrein is dit egter ook moeilik om 'n beginselstandpunt te identifiseer. In baie gevalle gaan dit eerder om politieke dienstigheid aan die regering van die dag of die legitimering van die beleid van die regering deur 'n betrokke sakeleier.

Wat die sekondêre strydvrae betref, met ander woorde dié vraagstukke wat slegs periferaal is tot die aantasting van die magsbasis van die regering, blyk Afrikaner-sakeleiers ook nie konsekwent te wees in hulle standpunte nie. Oor maatreëls soos instromingsbeheer en werksreservering sou hulle hul kon uitspreek, maar as dit kom by die Groepsgebiedewet, bestaan daar 'n huiwering al raak dit ook die sakeman se sakebedrywighede. Oor die algemeen blyk die wagwoord van Afrikaner-sakeleiers dus te wees: die minste verleentheid vir die regering, terwyl Engelssprekendes nie hierdie sentimente deel nie. Hierdie standpunt van Afrikaner-sakelui kan moontlik verklaar word in terme van hul gedeelde etniese loyaliteite met regeringsleiers op grond van gemeenskaplike taal, kerk, kultuur en

politieke party asook die dominante politieke kultuur van die Nasionale Party-gesinde Afrikaner soos bespreek in hoofstuk 4 (4.2). Die neiging tot onbevraagtekende lojaliteit aan regeringsinstellings en die bekleërs van politieke rolle kan in hierdie verband genoem word. Daarbenewens moet ook uitgewys word, dat volgens die regeringselite, die rol van belangegroepes komplementêr eerder as konflikterend moet wees (afdeling 4.4.4).

Bogenoemde persepsies van die sake-elite dui daarop hoe problematies dit is om die verhouding tussen die regering en die sakesektor in Suid-Afrika te ontleed in Marxistiese terme as sou die regering "namens" 'n spesifieke klas regeer. Dit blyk duidelik dat die Afrikaner-sakesektor hul rol beskou as in 'n groot mate ondergeskik aan die regering.

## 5.5 PERSEPSIES VAN TOEGANG TOT REGERINGSSELITE

Soos reeds bespreek (afdeling 2.4.3), is toegang tot regeringselite 'n noodsaaklike voorvereiste vir belangegroepes om invloed te kan uitoefen. Afrikaner-sakeleiers is dan ook pertinent gevra watter mate van toegang hulle tot besluitnemers het (dit sluit toegang op alle regeringsvlakke in) en of daar na hulle mening enige verskil is ten opsigte van die mate van toegang waaroor hulle beskik teenoor dié van hulle Engelssprekende eweknieë. Indien daar enige verskil sou bestaan, is hulle ook gevra watter verklaring hulle daarvoor sou kon bied.

By Afrikaner-sakeleiers bestaan die persepsie dat daar vir beide taalgroepe in die sakesektor baie goeie toegang by regeringselite op alle besluitnemingsvlakke bestaan. Na hul mening geld hierdie goeie toegang selfs vir die meer polities uitgesproke of "linkse" Engelse sakeleiers. Of hulle egter invloed het, is 'n ander saak wat later in die hoofstuk bespreek word.

Die meerderheid van die Afrikaner-sakemannes was dit egter eens dat hoewel die Engelssprekende net sulke goeie toegang het, daar tog die verskil was dat Afrikaners baie meer in dieselfde sosiale kringe as regeringsleiers beweeg. Soos een sakeman dit gestel het: "Engelssprekendes het ook 'n goeie toegang. Die Afrikaners is egter een voor - die top sakemannes het ook 'n sosiale verhouding met regeringsleiers". Hierdie aspek is ook deur die Engelssprekende sakelui bevestig.

Afrikaanssprekende sakeleiers se positiewe persepsies oor die toeganklikheid van sakeleiers (insluitende die Engelssprekendes) by regeringselite is nie heeltemal deur dié Engelssprekende sakemannes met wie onderhoude gevoer is, gedeel nie.

Oor die algemeen het hulle egter gevoel dat toegang darem aansienlik groter is onder die Botha-bewind as in die verlede. Afrikaner-sakeleiers het volgens hulle, as geheel en nie op individuele basis nie, steeds groter toegang. Wat hulself betref, glo hulle dat hulle ook goeie toegang het. Desnieteenstaande voel hulle dat Afrikaner-sakeleiers gouer te woord gestaan sal word. 'n Baie prominente sakeman het dit as volg gestel: "Everybody has got almost equal access. Afrikaner business leaders like Fred du Plessis will undoubtedly get an appointment with the State President much quicker than I would". Die opvatting bestaan dat vir die Engelssprekende sakeleiers wat 'ekstreme' politieke sienings handhaaf, toegang egter baie moeilik sal wees.

Die redelike goeie toegang van Engelssprekende-sakeleiers is aan verskeie faktore toe te skryf. Seker die belangrikste rede is die toenaderingspogings van die kant van die Staatspresident om dié redes wat reeds bespreek is. Besluitnemers kan nou uiteraard nie ontoeganklik vir sakeleiers wil wees nie. Tweedens het die kundigheid van die Engelssprekende sakeleier ook daartoe bygedra dat hy mettertyd groter toegang verleen is. In die woorde van 'n bekende Afrikaner-sakeman: "Die Engelssprekendes het net soveel toegang. In die hele aksie om Suid-Afrika selfgenoegsaam te kry op die verdedigingsterrein is al die grootste maatskappye gemobiliseer - en jou vermoë het tog maar aan Engelse kant gelê wat die nywerheid betref. Dus het daardie mense in 'n sterk interaksie gekom met die regering en daar het 'n vertrouensverhouding ontwikkel wat gelei het dat daar Engelssprekendes is wat net sulke goeie toegang het". Derdens glo Engelse sakeleiers dat hulle goeie toegang het vanweë die feit dat sommige van hulle lede van die Ekonomiese Adviesraad is, terwyl ander die uitvoerende hoofde van sommige van Suid-Afrika se grootste maatskappye is. Die regering kan dus nie bekostig om hulle uit te skakel nie.

Ten slotte kan die groter toeganklikheid ook toegeskryf word aan die verandering van sekere eienskappe van die Nasionale Party-Afrikaner se politieke kultuur. Afrikaner-behoud en Afrikaner-eenheid het plek gemaak vir 'n breër gevoel van blanke nasionale eenheid (afdeling 4.2) wat dus gelei het tot 'n groter toegeneentheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes.

Die presiese frekwensie van sakeleiers se formele interaksie met besluitnemers op alle vlakke is moeilik om vas te stel aangesien dit, volgens sakeleiers van beide taalgroepe, van omstandighede afhang. Van die Afrikaner-sakeleiers blyk meer gereeld in interaksie met regeringsleiers te wees en alhoewel dit nie altyd formeel is nie, vind dit informeel op 'n sosiale grondslag plaas, as gevolg van

kruissnydende affiliasies aan byvoorbeeld die N G Kerk, Broederbond en ander kultuurorganisasies.

## 5.6 STEUNWERWING EN DIE SAKESSEKTOR

Die wyses waarop die sakesektor besluitnemers probeer beïnvloed, is 'n verdere belangrike determinant vir suksesvolle beïnvloeding. Die bekende Engelse terminologie vir hierdie optrede is "lobbying", terwyl die Afrikaanse term "steunwerwing" in hierdie verband gebruik word (vergeelyk afdeling 1.5.4.1).

Hierdie bespreking word aangebied in die konteks van die strukturele eienskappe van die amptelike Suid-Afrikaanse besluitnemingstelsel (afdeling 4.3), wat 'n belangrike aanduiding gee van die fokus van die sakesektor se toegang tot besluitnemers. Klem word veral geplaas op sake-elite se persepsies van die effektiëste steunwerwingsmetodes.

Wat onmiddellik opval van die omvang en aktiwiteite van steunwerwing deur belangegroepes in Suid-Afrika, is die feit dat dit oor die algemeen nie sistematies en geïnstitusionaliseer is nie. Ondanks die meesal lae vlak van belangegroepaktiwiteite, was daar egter veral die afgelope dekade 'n oplewing in steunwerwing deur Suid-Afrika se sakesektor. Groot maatskappye het begin om regeringskakeling 'n integrale deel van hul openbare skakelfunksie te maak. Hulle het ook spesifieke persone vir die doel aangestel.

Hoofuitvoerende amptenare van maatskappye, Engels- sowel as Afrikaanssprekendes, is in nouer kontak met besluitnemers. 'n Redelik resente ontwikkeling is ook die ontstaan van konsultant-lobbyiste wat veral steunwerwing vir kleiner maatskappye onderneem wat nie op 'n voltydse basis sodanige lobbyiste in hulle eie ondernemings wil aanstel nie. In hierdie afdeling word slegs gekonsentreer op die metodes van steunwerwing van die hoofuitvoerende amptenare van maatskappye en dié van sakeorganisasies soos die AHI, ASSOCOM, en die FCI. Vir 'n bespreking van die rol van skakelbeamptes in maatskappye wat met regeringskakeling belas is en dié van konsultant-lobbyiste sien Kleynhans (1989).

Ten einde die verskillende faktore te identifiseer wat moontlik tot die toename in steunwerwing onder beide Afrikaans- en Engelssprekende kon bygedra het, is dit belangrik om hierdie toename in steunwerwingsaktiwiteite te verklaar teen die bekende agtergrond van die tradisionele verhouding wat tussen die sakesektor en die regering bestaan het.

Breedweg kan drie faktore geïdentifiseer word wat bygedra het tot toenemende steunwerwingsaktiwiteite. Eerstens was daar veral sedert die tweede helfte van die sewentigerjare toe Suid-Afrika sy grootste ekonomiese resessie ooit ervaar het, by veral Afrikaners 'n toenemende bewustheid van die nadelige sosio-ekonomiese implikasies van apartheidsmaatreëls. Saam met hulle Engelssprekende eweknieë wat lank reeds sommige van hierdie maatreëls gekritiseer het, het hulle geprobeer om besluitneming in hierdie verband te beïnvloed. Die verswakkende posisie van die ekonomie het ook daartoe bygedra dat sakeleiers van beide taalgroepe toenemend begin eise stel het vir onder meer 'n vryer ekonomie deur middel van deregulering en privatisering. 'n Tweede bydraende faktor was die toenaderingspogings vanaf owerheidskant tot die privaatsektor wat 'n groter vrymoedigheid tot interaksie geskep het. Ten slotte was besluitneming tot 1983 sterk gekonsentreer in die Eerste Minister en die Kabinet. Met die koms van die driekamer-parlement en die gepaardgaande staande komitees het die besluitnemingsproses meer verspreid geraak en sakelui moes meer aandag aan steunwerwingsaktiwiteite skenk. Die proses het meer gekompliseerd geraak en dit het veral besluitneming ten opsigte van sommige funksionele aangeleenthede beïnvloed (sien afdeling 4.3).

#### 5.6.1 Persepsies van die effektiefste steunwerwingstegnieke

Verskeie kommunikasiemetodes kan aangewend word in die uitoefening van invloed (afdeling 1.5.4). In hierdie afdeling word hoofsaaklik gekonsentreer op die metodes wat aangewend word in die uitoefening van invloed en nie soseer op die inhoud van hierdie metodes nie. Sakeleiers gebruik sowel direkte as indirekte metodes van beïnvloeding. Wat duidelik uit die navorsing blyk, is dat 'n aansienlike hoeveelheid steunwerwingsaktiwiteite nie onmiddellik op spesifieke beleidsbesluite gerig is nie, maar eerder daarop toegespits is om kommunikasiekanale oop te hou, 'n vertrouensverhouding met besluitnemers op te bou en 'n atmosfeer te skep waarin toekomstige beleidsversoeke simpatiek ontvang sal word. Informele etes met besluitnemers, uitnodigings na sosiale geleenthede (byvoorbeeld sportbyeenkomste), openbare steun aan bepaalde regeringsoptrede, finansiële steun aan politieke partye en welwillendheidsbesoeke aan die Staatspresident en Kabinet (soos op 'n jaarlikse grondslag deur die AHI onderneem word), is metodes wat gebruik word in die skepping van 'n gunstige atmosfeer.

## i) **Persoonlike gesprekvoering**

In ooreenstemming met die regeringselite se persepsies (afdeling 4.5.1), word persoonlike kontak met besluitnemers deur die meeste Afrikaner-sakeleiers verkies, aangesien dit volgens hulle die mees effektiewe metode is om nie geloofwaardigheid te verloor nie.<sup>1</sup> Die duidelike verskil in metodes van Engelssprekende sakeleiers en Afrikaner-sakeleiers is baie sterk beklemtoon deurdat die Engelssprekende meer "uitgesproke" as die Afrikaner is. Enkele voorbeelde van hoe sterk Afrikaners hulle oor die beste metode van steunwerwing uitgelaat het, is die volgende:

"Die een ding wat ons nie doen nie is die FCI-exercise. Die FCI-exercise is morsdood in Suid-Afrika voor jy nog begin het. Ons gaan en ons reël gesprekke onder vier oë van heel bo af - regdeur die belangrikste politieke struktuur. Die (Afrikaners) praat dus man tot man waar 'n politikus nie nodig het om homself in die publiek te verdedig en in die publiek te sê hy stem nie saam nie".

"Die basiese verskil tussen Engelse en die normale Afrikaner-sakeman is dat die meerderheid van die Engelssprekende sakelui probeer hul beïnvloeding doen deur die pers en omdat die Afrikaner 'n klein nasie is en mekaar ken, sal die verstandige Afrikaner-sakeman sy beïnvloeding baie meer in privaat gesprekke doen".

"As jy probleme by die huis het, sal jy dit nie van alle verhoë verkondig nie. Net so wat die regering betref. As jy 'n probleem het met iets wat die regering doen en hulle moet via die pers hoor jy het 'n probleem met wat hulle doen dan het jy verloor voor die einde. Jy moet private gesprekke voer".

Behalwe die feit dat daar na hulle in privaat gesprekke geluister word, is die ander voordeel volgens die Afrikaner-sakeleiers dat in die binnekamer sekere inligting verkry word waaroor 'n sakeman nie altyd beskik nie.

Die Engelssprekende sakeleiers het bevestig dat daar 'n groot verskil tussen hulle en die Afrikaners is in die metode van steunwerwing. Waar Afrikaners uiters

---

1. Soos in afdeling 1.5.4.2 aangedui, is persoonlike kontak en gesprekvoering ook een van die algemeenste en effektiwste tegnieke wat deur belangegroeppe in byvoorbeeld die VSA gebruik word.

versigtig is om kritiek in die openbaar te lewer en eerder deur persoonlike gesprekvoering hul menings lug, het die meerderheid Engelssprekendes nie so 'n groot probleem daarmee nie, byvoorbeeld:

"If I disagree with something and I happen to open a conference I will say so - whereas it is more likely with a Fred du Plessis that he will go to the guy and say I don't agree with that - rather than stage it in public".

"The Afrikaner generally believe you should not approach government through the press in public. I happen to be a protagonist of the only way to be effective is to do it in public".

Voorbeelde van die verskille tussen Afrikaans- en Engelssprekendes om hul menings in die openbaar te lug, word onder meer weerspieël in die volgende:

- Die plasing van advertensies in die media oor bepaalde vraagstukke. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die inisiëring en ondertekening van 'n volbladadvertensie in dag- en Sondagkoerante in September 1985 deur 91 finansiers en industrialiste wat hoofsaaklik Engelssprekend was. Hierin is onder meer die opheffing van die noodmaatreëls en die beeëindiging van rassediskriminasie versoek en volle burgerskap aan alle Suid-Afrikaners bepleit (Sunday Times, 29 September 1985). Afrikaner-sakeleiers was weer veral betrokke by die propagering vir 'n Ja-stem in die 1983-referendum deur advertensies. Dit is 'n duidelike bewys dat die Afrikaners nie sal skroom om die regering in die openbaar wel te ondersteun nie. Afrikaners se siening oor die plaas van advertensies oor bepaalde vraagstukke wat kritiek teen die regering behels, word weerspieël in die volgende aanhaling: "Ons is spaarsaam met ons kritiek in die openbaar want daar is sekere tye in die geskiedenis van 'n onderneming dat jy hulp nodig het en dan moet jy jou kruit drooghou vir daardie keer wanneer jy werklik hulp nodig het".

Wat baie duidelik uit voorafgaande blyk, is dat daar nie 'n beginselverskil tussen Engelssprekende- en Afrikaner-sakeleiers bestaan oor die gebruik van advertensies as sodanig nie. Daar is wel 'n politieke verskil deurdat Engelssprekendes dit hoofsaaklik gebruik om te kritiseer teenoor Afrikaners se gebruik om inisiatiewe van die

regering te steun. 'n Verdere verskil blyk ook te wees dat Afrikaners eintlik net by uitsondering van advertensies gebruik maak.

- Engelssprekende sakelui het ook voorstelle vir 'n nuwe konstitusionele en ekonomiese bedeling vir Suid-Afrika in die pers gemaak. ASSOCOM het sy "Removal of Discrimination against Blacks in the Political Economy of South Africa" in Junie 1985 vrygestel en die FCI het 'n "Business Charter of Social, Economic and Political Rights" met groot publisiteit in Januarie 1986 bekend gemaak.
- Die stel van 'n standpunt oor 'n betrokke vraagstuk deur aan joernaliste onderhoude toe te staan, deur openbare toesprake waaraan mediadekking gegee is, of deur die skryf van artikels in koerante. Sien byvoorbeeld die FCI en ASSOCOM se openbare uitsprake teen die instelling van die noodtoestand en die aanhouding van vakbond- en gemeenskapsleiers in The Citizen, 13 Junie 1986, 'n aanval deur mnr Harry Oppenheimer op die regering en sy beleid in 'n toespraak voor die Foreign Policy Association in New York (Sunday Times, 14 Oktober 1984), 'n heftige aanval op die regering deur mnr Tony Bloom (voormalige voorsitter: Premier Groep) in 'n onderhoud met die Harvard Business Review, November /Desember 1987 en die kritiese uitsprake van onder meer mnre Gavin Relly (voorsitter Anglo American Korporasie), Murray Hofmeyr (voorsitter JCI), Tony Bloom, Sol Kerzner (voorsitter Sun International), en Mike Rosholt (voormalige voorsitter Barlow Rand) (sien Finansies en Tegniek, 15 Mei 1987, Financial Mail, 6 September 1985 en Sunday Star, 22 September 1985).

Opvallend onder die Engelssprekende sakeleiers is dat hoewel feitlik elke top sakeman al uitsprake in die openbaar gelewer het oor een of ander beleidsaspek of die regering direk aangeval het, daar duidelike verskille is in die trant waarin hierdie leiers hulle aanvalle loods. Uitsprake van sakemanne soos Bloom,<sup>1</sup> Hofmeyr en Ball (voorheen Barclays Bank) is meer heftig en skerp as byvoorbeeld dié van Relly en Oppenheimer, terwyl byvoorbeeld dié van Meyer Kahn

---

1. In een van Bloom se uitsprake het hy onder meer gesê dat die regering se "depressing chronicle of thuggery and authoritarianism would lead to an explosion of violence". Hy gee die Nasionale Party verder geen krediet nie, want sy hervorming was "no more than an obscene hypocrisy" en verder "This government is arrogant beyond belief, out of control and totally insensitive" (Business Day, 5 Mei 1987).

(besturende direkteur SA Brouerye) en Warren Clewlow (voorsitter Barlow Rand) veel meer besadigd is, om maar enkele voorbeelde ter illustrasie te noem.

Afrikaners se uitsprake in die openbaar is baie dikwels ter ondersteuning van een of ander regeringsoptrede. Die AHI het byvoorbeeld die regering se hervormingsplanne gesteun (Beeld, 27 Mei 1983), terwyl Donald Masson namens die AHI as president, die noodmaatreëls ondersteun het. Die enkele kere wat Afrikaner-sakeleiers wat Party-ondersteuners is, dit wel gewaag het om selfs net die ekonomiese beleid van die regering te kritiseer, is daar sterk van regeringskant gereageer. Een van die bekendste voorbeelde hiervan is die reaksie van die Staatspresident toe die President van die AHI, Hennie Klerck, in Mei 1984 by 'n AHI-kongres in Durban die ekonomiese beleid van die regering in sy toespraak aangeval het. Dieselfde aand het Klerck 'n persoonlike telefoonoproep van Botha ontvang waarin hy oor die kole gehaal is oor sy kritiek.

As Afrikaner-sake-elite deur die media om kommentaar gevra word oor politieke hervorming, is daar geen tekens van enige voorskrytelikheid nie. Die besturende direkteur van Trust Bank, dr Chris van Wyk, se uitspraak oor byvoorbeeld politieke hervorming is die volgende: "South Africa is at a political and economic watershed and new government policies must be formulated" (Sunday Star, 22 September 1985), terwyl dr Anton Rupert in dieselfde berig gesê het: "Time has run out. This is the Government's final opportunity to correct past wrongs and introduce the sort of reforms the country is strongly signalling it needs so urgently ...". In 'n onderhoud het 'n ander sakeleier die styl van die Afrikaner as volg saamgevat: "Die Afrikaner-sakeman is bereid om sy stellings baie eerlik te stel maar hy probeer dit altyd sê in 'n sin om opbouend te wees. Met ander woorde hy gaan nie net sê skaf die Groepsgebiedewet af dit is 'n onding nie. Hy sal altyd met 'n paar redes en 'n alternatief kom - hy sal dit altyd kwalifiseer - daar is altyd baie groot sensitiwiteit vir 'n politikus se siening".

ii) **Getuienis voor Kommissies van Onderzoek en Komitees van die Presidentsraad**

'n Ander metode van beïnvloeding wat veral deur sakeorganisasies van beide taalgroepe asook die uitvoerende hoofde van privaatondernemings as belangrik gesien word (as die geleentheid hom voordoen), is die aflê van getuienis voor Kommissies van Onderzoek en voor Komitees van die Presidentsraad. Kommissies waar sakelui erken het dat hulle wel insette gelewer het, was onder meer die Kommissie van Onderzoek na Arbeidswetgewing (Wiehahn-kommissie), die Kommissie van Onderzoek na Passasiersbusvervoer (Welgemoed-kommissie)

en die meer onlangse Margo-kommissie wat ondersoek ingestel het na 'n nuwe belastingstruktuur vir Suid-Afrika.

Wat die Presidentsraad betref, is getuienis deur individuele top sakeleiers en sakeorganisasies byvoorbeeld gelewer voor: die komitee vir Ekonomiese Sake oor Maatreëls wat die funksionering van 'n Vryemarkgeoriënteerde stelsel in Suid-Afrika beperk (Verslag PR 1/1984 is uitgebring), die komitee vir Konstitusionele aangeleenthede wat ondersoek moes instel na 'n Verstedelikingstrategie vir Suid-Afrika (Verslag PR 3/1985 is uitgebring) en die komitee vir Ekonomiese Sake wat ondersoek moes instel na die Ontwikkeling van Kleinsake en Deregulering (Verslag PR 4/1985). Dat die aflê van getuienis voor Kommissies van Ondersoek inderdaad as 'n belangrike steunwerwingstegniek beskou word, word deur die regeringselite bevestig (afdeling 4.5.1).<sup>1</sup>

### iii) **Korrespondensie met besluitnemers**

Van die Afrikaner-sakeleiers het erken dat hulle in die verlede in hul hoedanigheid as hoof uitvoerende amptenare van hul ondernemings of in hul posisie by 'n sakeorganisasie soos die AHL of ASSOCOM aan spesifiek die Staatspresident, of individuele Kabinetslede briewe geskryf het om hulle standpunt te stel. Memoranda is ook al by geleentheid aan die Staatspresident en Kabinet voorgelê. Uiteraard was dit vir sakeleiers moeilik om die effektiwiteit van hierdie metode te evalueer.

### iv) **Finansiële bydraes aan politieke partye**

Hoewel hierdie 'n baie indirekte metode van steunwerwing is, beskou sakeleiers dit as een van die beste metodes om goeie betrekkinge met partye te handhaaf en kan later op Parlementslede staatgemaak word as die geleentheid hom sou voordoën. Tradisioneel het die Afrikaner-sakelui die Nasionale Party en die Engelssprekendes die Progressiewe Federale Party (nou Demokratiese Party) ondersteun. In 'n groot mate is dit steeds die geval behalwe dat sommige sakeleiers, veral Engelssprekendes, erken het dat hulle maatskappye dikwels aan meer as een party geld skenk. Dit was veral die geval voor die stigting van die Demokratiese Party. Enkele Afrikaner-sakeleiers het ook erken dat behalwe die geld wat hulle aan die Nasionale Party skenk, hulle ook die Onafhanklike Party of Nasionale Demokratiese Beweging finansiëel ondersteun het (hierdie navorsing is

---

1. Ten einde besluitneming te probeer beïnvloed, maak 99% van die belangegroep in die VSA ook gebruik van die metode om getuienis by verhore af te lê (afdeling 1.5.4.2).

voltooi voor die stigting van die Demokratiese Party). Geeneen van die sake-elites was bereid om die bedrae wat hul maatskappye aan politieke partye skenk bekend te maak nie, deels omdat sodanige bedrae volgens hulle nie op een slag betaal word nie, en deels omdat dit na verskillende kiesafdelings gekanaliseer word, of vir verskillende aktiwiteite van partye aangewend word. Daarbenewens het hul betrokke maatskappye 'n bepaalde begroting vir onder andere alle skenkings, pryse en borge. Hieruit moet bydraes aan politieke partye ook gemaak word, en is dit dus moeilik om "presies te sê watter bedrae aan partye gemaak word". Bogenoemde redes is egter duidelik as verskoning voorgehou, aangesien 'n hele aantal sakeleiers tog naastenby kon opnoem wat hul skenkings aan byvoorbeeld opvoedkundige inrigtings is, en watter bedrae hul sportborge beloop. Sake-elites het wel daarmee volstaan dat geldelike bydrae "substantief" is vir die betrokke party wat hul ondersteun en "heelwat minder" is vir ander partye. Die punt wat egter hier belangrik is, is die feit dat finansiële bydraes aan politieke partye ook as 'n indirekte metode van steunwerwing gebruik word (vergelyk ook afdeling 1.5.4.2).

Uit bogenoemde kort oorsig van metodes van steunwerwing kan twee belangrike afleidings gemaak word. In die eerste plek is steunwerwing deur die sakesektor nie sistematies en geïnstitusioneel nie, en is 'n pluralistiese wyse van steunwerwing (lobbying) duidelik identifiseerbaar. Sake-elites tree van buite die institusionele raamwerk van die regering op om beleid te probeer beïnvloed, eerder as om self betrokke te raak in die besluitnemingsproses. Hierdie klem op steunwerwing en die belangrikheid van persoonlike bande tussen sake-elites en besluitnemers is een aanduiding dat daar redelik min sprake is van 'n neokorporatistiese stelsel van belangeverteenvoording soos in afdeling 1.5.2 omskryf. Die effektiwste steunwerwingstegnieke volgens die regeringselite (afdeling 4.5.1) wat belangegroepes kan aanwend, bevestig bogenoemde standpunt. Tweedens is dit duidelik dat hoewel daar 'n ooreenkoms is tussen die Engels- en Afrikaner-sakeleiers se metodes van steunwerwing, daar wel 'n verskil in steunwerwingstyl tussen die twee taalgroepe bestaan. In die bespreking hieronder word gepoog om 'n verklaring vir hierdie verskille aan te bied.

#### **5.6.1.1 Verklaring van die verskil in steunwerwingstyl tussen die twee taalgroepe**

In afdeling 4.5.6 is onderskei tussen "insiders" en "outsiders", met die "insiders" dié groepe of individue wat deur die regering erken word as 'n bron van inligting en advies, en ander wat nie hierdie noue verbintenis geniet nie. Afrikaners oor die algemeen, en wat die sakesektor betref, die AHI, word as "insiders" beskou terwyl

Engelssprekendes oor die algemeen nie hierdie posisie beklee nie. Sommige Engelssprekende sakeleiers en sakeorganisasies het al egter heelwat nader aan hierdie binnegroepstatus beweeg.

Die verhouding met besluitnemers neig om hul metodes van steunwerwing te beïnvloed en dit dien dan ook as 'n verklaring vir die verskil in die styl van steunwerwing tussen Afrikaans- en Engelssprekendes asook tussen Engelssprekendes onderling. Afrikaners se metodes om hul saak te stel, is oor die algemeen daarop gerig om beskermend teenoor die regering te wees, terwyl Engelssprekendes aansienlik meer op 'n openbare wyse hul saak bevorder. Soos Geldenhuys (1984 : 59-60) dit ook stel: "the insiders being 'protective' in advancing their cause, and the outsiders 'promotional' by dramatising their cause, and 'taking it to the hustings'".

Soos reeds hierbo uitgewys, is daar enkele Engelssprekende sakeleiers wat minder skerp en dramaties hulle saak stel. In die volgende afdeling word ook aangedui dat juis hierdie individue volgens Afrikaner-sakeleiers in 'n vertrouensposisie by besluitnemers staan.

#### 5.6.2 Die fokus van steunwerwing

Vir die sakeleiers is die Kabinetslede, die Staatspresident en die top burokrate (Direkteurs-generaal) ongetwyfeld die belangrikste besluitnemers. Die vraagstuk wat ter sprake is, is die deurslaggewende faktor wat bepaal watter van hierdie besluitnemers genader sal word.

As dit van sektorale belang is of oor eie sakebelange handel en die aangeleentheid geen ideologiese ondertone het nie, is die betrokke Direkteur-generaal die aangewese persoon om te sien. Sakeleiers voel baie sterk dat die mag van die burokrasie nie onderskat moet word nie. Hulle is dit feitlik eens dat daar nie oor die Direkteur-generaal se kop gegaan behoort te word nie, veral wat tegniese aangeleenthede betref, want die betrokke Minister sal dit in elk geval na die Direkteur-generaal terug verwys. Uitsprake in hierdie verband is onder meer die volgende:

"Ministers het al vir my gesê hulle wil graag 'n ding doen, maar kan nie die burokrasie verander kry nie. Uit 'n effektiwiteitsoogpunt is dit meesal die beste roete om eers met die burokrasie te gaan praat - hulle aan jou kant te kry - as jy direk na die Minister gaan is hulle kwaad".

"As daar 'n baie hoë vlak van kundigheid verlang word, is die burokrate die beste - wat weet die Minister?".

In sommige gevalle sal beide die Direkteur-generaal en Minister saam geraadpleeg word. Volgens die sakeleiers hang baie ook af van wie die Minister en wie die Direkteur-generaal is.

Indien die probleem meer omvattend en meer van 'n ideologiese kleur, of omstrede is, soos die aanhouding van vakbondleiers of die aftrek van huishuur van swartes se lone of salarisse, sal die betrokke Minister geraadpleeg word. Die Staatspresident word in hierdie aangeleenthede slegs genader as daar nie 'n bevredigende oplossing van die Minister is nie. Primêre vraagstukke, dié wat op die kernwaardes van die regering betrekking het, word veral met die Staatspresident en met van sy Kabinetslede bespreek. Meer sekondêre vraagstukke, maar wat ook omstrede is, soos die Groepsgebiedewet, sal met sowel die Staatspresident as Kabinetslede bespreek word as die geleentheid hom voordoet.

Die rol van gewone Parlementslede in besluitneming word nie besonder hoog deur die sakeleiers aangeskryf nie. Goeie verhoudinge word wel met hulle gehandhaaf, maar eerder as 'n belegging vir die toekoms wanneer hulle ook later moontlik 'n ministeriële amp kan beklee. Waar hulle wel 'n nuttige rol speel, sê sakeleiers, is in die verskaffing van inligting, die gee van raad oor hoe om 'n saak te hanteer en wie daarvoor geraadpleeg moet word.

Staannde komitees blyk ook nie vir die sake-elite van primêre belang te wees nie. Sommige het wel die belangrikheid van die voorsitters van hierdie komitees onderstreep. Opvallend is die redelike onkunde veral onder die sakeleiers oor die rol van staannde komitees in beleidsformulering. Frankel (1988 : 8) merk tereg op dat "... the business community has failed to capitalise on the inherent contradictions of the tricameral Parliament embodied in the result of consensus, particularly in the central standing committees of Parliament". 'n Moontlike verklaring vir hierdie onkunde by sakeleiers oor die rol van staannde komitees is heel waarskynlik geleë in die feit dat steunwerwing oor nie-ideologiese aangeleenthede in groot ondernemings hoofsaaklik deur diegene in die openbare skakelafdelings wat met regeringskaking belas is, of deur konsultant-lobbyiste, onderneem word (sien Kleynhans, 1989 : 23). Sakeorganisasies en veral die AHL is egter sterk ingestel om ook steunwerwing by lede van staannde komitees van al drie huise te doen. Hulle het ook erken dat hulle sonder twyfel wetgewing kan

beïnvloed wat nie ideologies van aard is nie en waarop politieke besluitnemers nie 'n sterk vooropgestelde mening het nie.

Die feit dat ideologiese vraagstukke feitlik uitsluitlik die domein van die Staatspresident en Kabinetslede is, is deur sakeleiers beklemtoon. Wat ook duidelik blyk, is dat wat nie-ideologiese of funksionele wetgewing betref, steunwerwing hoofsaaklik op senior burokrate en lede van staande komitees gefokus word.

Wat die Presidentsraad betref, word steunwerwingsaktiwiteite in 'n veel mindere mate op individuele Presidentsraadslede gerig. Volgens sakeleiers is hulle nie belangrike besluitnemers nie aangesien hulle nie die inhoud van wetgewing kan verander wat na hulle verwys word nie. Daarbenewens beveel die Raad, soos deur een sakeman gestel, die variasie van die wet aan "soos deur die Volksraad, en dus die Nasionale Party aanvaar". Sakelui sal wel voor hulle komitees wat spesifieke vraagstukke ondersoek, hulle insette lewer. Die ondersoek na 'n verstedelikingstrategie en dié oor deregulering (sien afdeling 4.3.4) is veral genoem waar sakeleiers erken het dat hul grootskaalse steunwerwingspogings aangewend het (sien ook bespreking hieronder). Uit bogenoemde bespreking is daar weer eens min sprake van neo-korporatisme soos gedefinieer in hierdie studie. Samewerking met die Presidentsraad se onderskeie komitees sou nie as 'n vorm van neo-korporatisme beskou kan word nie. Dit blyk baie duidelik dat sodanige komitees wat bepaalde vraagstukke moes ondersoek, deur sakeleiers in die pluralistiese sin "gelobby" is, en was daar min sprake van gesamentlike besluitneming met dié komitees. Aanbevelings was wel in sowel die staat as die sakesektor se belang.

## 5.7 PERSEPSIES VAN INVLOED OP BELEIDSFORMULERING

In hierdie afdeling word die Afrikaner-sake-elite se persepsies oor die invloed van verskillende akteurs in die sakesektor op openbare beleid, ontleed. Die volgende akteurs word bestudeer: individuele sakeleiers, die Ekonomiese Adviesraad, die AHI, asook ander organisasies soos die Stedelike Stigting, die Kamer van Mynwese, SEIFSA, ASSOCOM en die FCI.

Alvorens daar vasgestel kan word wie invloedryk is, word die persepsies van sakeleiers oor die dimensies van beleid waarop die sakesektor as geheel invloed het, bespreek. Die menings van sakeleiers oor die moontlike verskil in invloed tussen Afrikaans- en Engelssprekendes word ook ontleed. Hierdie persepsies van

Afrikaner-sakeleiers word deurentyd, waar relevant, vergelyk met dié van die Engelssprekende verwysingsgroep.

### 5.7.1 Dimensies van openbare beleid waarop sakelui invloed het.

Soos in hoofstuk 1 (1.6.4), uiteengesit, kan openbare beleid verskeie vorme aanneem en kan die openbare beleidsformuleringsproses in spesifieke fases verdeel word. 'n Ander belangrike aspek is dat beleid ook oor verskillende dimensies beskik, onder meer 'n politieke, sosiale, sosio-politieke, sosio-ekonomiese en 'n ekonomiese dimensie. Om bloot die invloed van die sakektor op openbare beleid in die algemeen te bespreek, is uiteraard vaag en van weinig betekenis. Die persepsies van sakelui in hierdie verband speel 'n belangrike rol by sakeleiers in die tipe vraagstukke waarop hulle bereid sal wees om die besluitnemers te probeer beïnvloed. Soos een prominente sakeleier dit gestel het: "Worry oor goed wat jy kan verander, moenie worry oor goed wat jy nie kan verander nie".

Waar sakeleiers wel voel dat ekonomie en politiek nie van mekaar geskei kan word nie (afdeling 5.4), was sakeleiers dit oorwegend eens dat wat openbare beleid en hul invloed as sodanig betref, daar vir hulle doeleindes hoofsaaklik drie breë dimensies van openbare beleid geïdentifiseer kan word, naamlik 'n suiwer politieke dimensie, 'n ekonomiese dimensie en 'n grys area tussenin wat sosio-polities of sosio-ekonomies van aard is.

Wat die politieke dimensie betref, is dit beleid wat gerig is op die beskerming van die kernwaardes van die regeerders. Dit is ideologies van aard en sentreer rondom die enkele belangrikste waarde, die beskerming van groepregte en by implikasie dus die versekering van voldoende politieke beheer deur die blankes oor hul eie lotgevalle. Eise wat hierdie kernwaarde sou aantas, is onder meer die verandering van die huidige konstitusionele bedeling wat kan beteken dat blankes beheer kan verloor, en die afskaffing van die Wet op Bevolkingsregistrasie wat die hoeksteen van regeringsbeleid vorm. Die suiwer politieke terrein is dus die aspekte wat sentreer rondom die staatsvorm, regeringsvorm en gesagsvorm. Dit impliseer ook partypolitieke uitsprake in hierdie verband.

Die sosio-politieke en sosio-ekonomiese dimensie sluit ook aspekte in wat in 'n mate ideologies van aard en dikwels omstrede is, en wat 'n invloed op kiesersteun kan hê. Van die belangrikste vraagstukke op hierdie terreine is byvoorbeeld instromingsbeheermaatreëls, werkreservering, erkenning van swart vakbonde of die aanhouding van vakbondleiers en die Groepsgebiedewet. Van minder direkte

georkestreerde wyse poog om insette op alle vraagstukke te lewer nie. Dikwels sal sekere maatreëls sommige se belange bevoordeel ten koste van ander s'n. Omdat hierdie terrein buite die vakgebied van hierdie navorsing val, is daar nie in detail op sakeleiers se invloed op vraagstukke in hierdie verband ingegaan nie. Die doel van hierdie proefskrif is om te bepaal of by sakeleiers die persepsie bestaan dat dit vir hulle moontlik is om wel aspekte van ekonomiese beleid te beïnvloed. Sakeleiers het uit hulle eie 'n goeie voorbeeld genoem waar die sakesektor na sterk verstoë die regering oorgehaal het om nie die instelling van Omvattende Besigheidsbelasting, soos voorgestel deur die Margo-kommissie, te aanvaar nie.

Op die sosio-ekonomiese of sosio-politieke terrein, ofte wel die grys area waar politiek en ekonomie saamloop, is sakeleiers meer onseker oor hulle invloed. Dat hulle wel oor die jare aanhoudende verstoë gerig het oor kontensieuse vraagstukke kan, soos in hoofstuk 3 (3.7) bespreek is, nie ontken word nie. Krediet vir die feit dat besluitnemers baie van hierdie vraagstukke aangespreek het, kom uiteraard nie slegs die sakesektor toe nie. Ekonomiese realiteite, buitelandse druk, binnelandse onrus, Kommissies van Ondersoek (byvoorbeeld Wiehahn) en bowenal 'n bereidwilligheid vanaf veral die kant van PW Botha tot hervorming op vele terreine, het bygedra tot die veranderings wat plaasgevind het. Om dus bloot verandering toe te skryf aan 'n enkele faktor of belangegroep sou 'n simplistiese beskouing van die politieke proses wees.

Sakeleiers het egter van die belangrikste vraagstukke geïdentifiseer waar hulle tog gevoel het dat die sakesektor as belangegroep in sy geheel deurslaggewende insette gelewer het. Van die belangrikste hoogtepunte in hierdie verband is die volgende:

- die erkenning van swart vakbonde
- die afskaffing van maatreëls op werkreservering
- die afskaffing van instromingsbeheermaatreëls/paswette
- die instelling van swart huiseienaarskap
- die oopstelling van sentrale handelsgebiede
- die opleiding van swartes in blanke nywerheidsgebiede.

In die bespreking oor die persepsies van die invloed van veral die sakeorganisasies, sal verwys word na die aspekte waar gevoel is 'n betrokke organisasie 'n besondere rol, aldan nie gespeel het.

### 5.7.2 Die invloed van Afrikaner- en Engelssprekende sakelui

Uit die onderhoude met Afrikaner-sakeleiers, is dit baie duidelik dat hulle van mening is dat die Afrikaner-sakesektor 'n groter invloed by besluitnemers uitoefen as hulle Engelssprekende eweknieë. Hierdie siening is deur die Engelssprekendes bevestig. Die belangrikste redes vir die Afrikaners se groter invloed is ongetwyfeld vanweë hulle gedeelde etniese belange met die regeringselite asook hulle oorvleuelende partylidmaatskap. Ter illustrasie die volgende uitsprake in hierdie verband:

"English speaking businessmen have relatively less influence than Afrikaans speaking because by definition they are not part of the tribal system - what are tribal systems for? They are to concentrate and focus influence of a certain type within a certain group and outsiders by definition don't play a role in it. Outsiders have to be regarded, and they have to be kept within some sort of bound so to speak, but it is a sort of second rate influence to put it that way - it is not first rate influence".

"Die Afrikaanse sakeman het uit hoofde van sy politieke benadering 'n definitiewe voordeel, maar die regering het ook heeltemal 'n ope oor vir toonaangewende Engelssprekendes".

Omdat dit die geval is, sal Engelssprekendes "goeie" Afrikaners waar moontlik, inkorporeer in afvaardigings na die regering. 'n Goeie voorbeeld is waar vyf prominente sakeleiers naamlik mnre Harry Oppenheimer en Gavin Relly (Anglo American), dr Fred du Plessis (Sanlam), die voormalige hoof van Gencor, dr Wim de Villiers en dr Anton Rupert (Rembrandt) die Staatspresident in November 1985 gaan sien het oor die politieke en ekonomiese krisis waarin die land verkeer het (Sunday Star, 1 Desember 1985). 'n Voorbeeld waar Afrikaners ook "voorgestoot" is, is die Stedelike Stigting se inisiatief om 'n konsepwet vir die instelling van die 99-jaar huurpagstelsel aan die regering te oorhandig. Hulle het, volgens een van die sakeleiers wat betrokke was, seker gemaak dat die afvaardiging na die Eerste Minister en die betrokke Ministers twee van hul Afrikaner-kollegas bevat het. Dit is duidelik dat Engelssprekende sakelui bewus is van en voorsiening maak vir die feit dat hulle nie dieselfde binnekringstatus as hul Afrikaanssprekende eweknieë geniet nie, en dat enige potensiaal vir beïnvloeding makliker deur die werklike "insiders" verwesenlik sal kan word.

Die persepsie bestaan dat vertoë oor sensitiewe sosio-politieke aangeleenthede

veel minder oorweging sal geniet as dit nie ook deur Afrikaner-sakeleiers onderskryf word nie. By sakeleiers van beide taalgroepe was daar die erkenning dat waar Engelssprekendes in die verlede die leiding in die meeste gevalle geneem het in, onder meer, die bepleiting van die afskaffing van diskriminerende maatreëls, sukses uiteindelik eers bereik is toe Afrikaners ook hulle stemme laat hoor het.

'n Belangrike determinant dus vir die uitoefening van invloed op vraagstukke wat die sakesektor raak, is of daar in die meer omstrede gevalle ook op die steun van Afrikaners gereken kan word.

### 5.7.3 Die invloed van individuele sakeleiers

Kenmerkend van die regeringstyl van PW Botha is die feit dat hy belangrike waarde geheg het aan die insette van kundiges. Hierdie aspek was opmerklik ook wat die sakesektor betref. Anders as sy voorganger, het hy in die privaatsektor 'n paar vertrouelinge gehad wie se insette vir hom belangrik was en aan wie hy onder meer belangrike ondersoeke toevertrou het. Die belangrikheid van individuele sakeleiers vir Botha is deur heelwat sakeleiers beklemtoon. Vergelyk die volgende uitsprake in hierdie verband:

"Ons moet 'n onderskeid tref tussen die invloed van individue en dié van organisasies. In die PW-era kry jy 'n weg beweeg na individue".

"In terms of socio-political aspects we've gone from a position of very little influence to greater influence but it is a very select group of people who have that influence - largely individuals, not the association type of bodies".

"He (Botha) has a preference for close friends and individuals. One has seen that and knows who they are, and many of them are good people ...".

Oor wie Botha se belangrikste vertrouelinge was, was sakeleiers van beide taalgroepe dit feitlik eens dat dit die volgende persone was: dr Wim de Villiers (voorheen Gencor), dr Kerneels Human (FVB), dr Fred du Plessis (Sanlam), dr Jan van der Horst (Old Mutual), mnr John Maree (Eskom) en Kommandant Piet Marais (Krygkor). Mense soos De Villiers en Van der Horst is onder meer deur die Engelssprekendes beskryf as "good Afrikaners and good advisors who have extremely broad based understanding of the country". Ander Afrikaners wie se

insette Botha ook, volgens die sakeleiers, hoog aangeskryf het, was dié van dr Simon Brand (Ontwikkelingsbank), dr Joe Stegman (Sasol) en mnr Marius de Waal (Nywerheidsontwikkelingskorporasie).

Dat Botha 'n vertrouwe in hierdie sakeleiers gehad het, spreek uit die feit dat mense soos Du Plessis, De Villiers en Van der Horst op die voormalige Verdedigingsadviesraad gedien het, dat feitlik al diegene wat hierbo genoem is, uitgenooi was as sprekers by die Carlton- en Goeie Hoop-berade of as voorsitters by die Pretoria-beraad opgetree het en dat die meeste op die Ekonomiese Adviesraad dien. Verder was van die naaste vertrouelinge ook aangestel om belangrike ondersoeke te loods waarvan die meeste aanbevelings aanvaar en geïmplementeer is, byvoorbeeld:

- Die ondersoek na die herstrukturering van die Raad van Handel en Nywerheid (Dr van der Horst);
- ondersoeke na die Reorganisasie van Krygkor, die herorganisasie en wanpraktyke van Eskom en die privatisering van die Vervoerwese en die Poskantoor (Dr de Villiers) en
- die ondersoek na die privatisering van Yskor (Mnr Maree).

Hoewel nie 'n sakeman nie, kan die naam van dr Gerhard de Kock, gewese president van die Reserwebank, nie nagelaat word nie, aangesien sy naam in die gesprekke met feitlik elkeen van die sakeleiers opgehaal is. Sakeleiers het gevoel dat hy baie invloed gehad het, veral met betrekking tot makro-ekonomiese beleid. Hy was verder gesien as iemand met 'n baie noue verbintenis met die Staatspresident.

Hoewel geargumenteer sou kon word dat bogenoemde individue vertrouelinge van Botha is op grond van hul posisies in die Afrikaner-sakesektor en hul politieke rolle nie "geïndividualiseer" behoort te word nie, is daar goeie rede om juis klem op hul verhoudinge met Botha te plaas. Indien dit bloot sou gaan om posisie binne 'n prominente Afrikaner-maatskappy of semi-staatskorporasie, is die afwesigheid van verteenwoordigers uit die Rembrandt-groep (een van die sewe konglomerate - sien hoofstuk 3), die Volkskas-groep en Gencor (De Villiers het in 1985 reeds afgetree) om maar enkeles te noem, opvallend. De Villiers was slegs tot sy aftrede in 1982 uitvoerende voorsitter van Gencor. In April 1983 is hy deur Botha aangestel as voorsitter van die Kommissie van Ondersoek na Elektrisiteitsvoorsiening. Daarbenewens is Human byvoorbeeld nie die Uitvoerende hoof van FVB nie, en so ook nie De Waal van die NOK nie. Wat onder andere Maree (Eskom), Marais (Krygkor), Brand (Ontwikkelingsbank) en De

Waal (NOK) betref, is almal in die betrokke posisies deur Botha aangestel, en ook nie noodwendig vanweë hul prominensie in vorige beroepe nie. Maree is byvoorbeeld in Junie 1985 by Eskom aangestel nadat hy voorheen 'n uitvoerende direkteur by Barlow Rand was, terwyl Marais, 'n boer in die Graaff Reinetse distrik was en daar ook prominent gefigureer het in die destydse Kommandostelsel. Genoemde vertrouelinge is in die eerste plek persoonlike vriende wie se hegte bande met Botha oor 'n aantal jare strek. Hul onderskeie ouderdomme in ag genome, maak meeste ook deel van dieselfde "volksbeweging".

Behalwe vir die genoemde Afrikaner-sakeleiers, is daar volgens die persepsies van die sake-elite van beide taalgroepe, ook Engelssprekendes wie se insette by die regering gewig dra. Dit is diegene met wie regeringsleiers gemaklik voel en 'n goeie verhouding het. "Die gematigde Engelse speel ook 'n rol - dié wat nie so ver verwyderd is van die regering nie. Engelse wat hy na hom toe trek is dié wat bereid is om saam met hom te werk en nie teen hom nie. 'The less political animals he pulls to him - soos Goss en Clewlow'".

Hierdie verhouding, sê Engelssprekendes, het Botha oor tyd opgebou. Wat baie daartoe bygedra het, is die feit dat hulle nie hul "gevegte met die regering in die pers veg" om die regering in die verleentheid te stel nie, al verskil hulle. Dit gaan wat Engelssprekendes betref, nie of hulle verskil met die regering nie, maar hoe hulle verskil: "You must ignore extreme postures - Mike Rosholt, Gavin Relly, both have been public in their criticism - but these have always been constructive criticism - never personalised - both these gentlemen when abroad would not defend the policy of apartheid but will try to explain the complexity of the South African situation".

Volgens sakeleiers is hierdie individue ook patrioties, wat dan 'n belangrike voorwaarde blyk te wees. Vergelyk die volgende uitsprake in hierdie verband:

"I think the government is far more forgiving on the party-political side than it is on what their definition of patriotism is. If you are classified as a patriot - if you are classified as having common cause with them in terms of pulling the country through its present difficulties - I don't think you have a problem. It must be natural for a government to tend to avoid its arch foes".

"Daar word die meeste geluister na die mense wie se vaderlandsliefde nie in twyfel getrek kan word nie".

"Die regering gee net aandag aan Engelssprekendes wat hulle weet 'n baie pro-Suid-Afrikaanse houding inneem".

Afgesien van bogenoemde eienskappe beskik hierdie sakeleiers, vanweë die grootte van hul maatskappye, ook 'n kundigheid wat uiteraard vir die regering baie belangrik is. Die Engelssprekendes wat dan as invloedryk bestempel is, is mnr Gavin Relly (Anglo American), mnre Dick Goss en Meyer Kahn (SA Brouerye), mnr Warren Clewlow (Barlow Rand), mnr Harry Oppenheimer (voorheen Anglo American) en mnr Mike Rosholt (voorheen Barlow Rand).

Die belangrikheid van hierdie individue word ook weerspieël in die feit dat mense soos Mnre Relly en Goss op die Verdedigingsadviesraad gediën het, mense soos Mnre Oppenheimer, Rosholt en Relly genooi is as sprekers by die Carlton- en/of Goeie Hoop-berade terwyl Mnre Clewlow en Kahn as voorsitters by die Pretoria-beraad opgetree het. Laasgenoemde twee dien ook op die Ekonomiese Adviesraad. Daar kan aanvaar word dat ander Engelssprekendes op die Ekonomiese Adviesraad se menings sekerlik ook as belangrik geag word, byvoorbeeld dié van Mnre Adcock (Toyota), Searle (Volkswagen) en Ogilvie-Thompson (Anglo American).

'n Duidelike bewys dat hierdie sakeleiers nie sulke vertroulinge as bogenoemde Afrikaners is nie, is die feit dat geen belangrike regeringsondersoeke nog aan hulle toevertrou is nie. Soos geïmpliseer in bogenoemde bespreking, is die invloed van individuele Engelssprekende sakeleiers hoofsaaklik toe te skryf aan hul "gematigdheid" en die feit dat hulle aan die stuur staan van groot en belangrike instellings, ook gedurende 'n krisisperiode in die Suid-Afrikaanse politiek en ekonomie. Botha se toegeneentheid jeens hierdie leiers sou ook verder verklaar kon word teen die agtergrond van die hoë premie wat hy op pragmatisme geplaas het en die neiging gedurende sy bewindstydperk om in die rigting van 'n sogenaamde tegnokrasie te beweeg. Die feit egter dat hy geen belangrike regeringsondersoeke byvoorbeeld aan Engelssprekende sakelui toevertrou het nie, bevestig die mate waarin Botha steeds aan die groepsgedagte gebonde gebly het.

#### **5.7.4 Die rol van die Ekonomiese Adviesraad**

Voordat die invloed van die Ekonomiese Adviesraad (voortaan EAR) in sy nuwe vorm bespreek word, word kortliks verwys na die samestelling en effektiwiteit van die EAR in sy ou vorm asook die redes vir die herstrukturering van dié Raad in 1985. Teen hierdie agtergrond word die invloed van die "nuwe" Raad ontleed.

#### 5.7.4.1 Herstrukturering van die Ekonomiese Adviesraad

Die Staatspresident het die EAR, wat in Julie 1985 in sy nuwe vorm begin funksioneer het, herstruktureer omdat hy meer direkte insette wou hê van verteenwoordigende sakeleiers. Hierdie was 'n verdere tasbare bewys van sy pogings van toenadering tot die sakesektor. In 'n toespraak in die Parlement (Hansard, 18 April 1985 : kolom 3898) het Botha dit ook pertinent gestel dat "die Staat ernstig is in sy strewe om 'n formule te vind waarvolgens die owerheid- en private sektor gesamentlik optree om die welvaart van die land en sy mense in die breë te verseker". Die Carlton- en Goeie Hoop berade is deur hom as praktiese illustrasie van hierdie strewe genoem, maar is deur sommige mense as onvoldoende beskou. In die soeke na weë om die verwantskap tussen die private en openbare sektore op 'n bevredigende basis te vestig, sê Botha, het hy begin "navraag doen oor die persepsie wat verskeie mense het oor die doeltreffendheid van die Ekonomiese Adviesraad". Volgens hom het hy op grond van verskeie besware wat in persoonlike gesprekke met sakeleiers, akademici en staatsamptenare gelug is, besluit om die Raad te herstruktureer.<sup>1</sup> Van die belangrikste besware wat geopper is, is "dat die owerheidsektor se inspraak sterker is as wat dit behoort te wees en dat besluite van die adviesraad geen beslag vind..." (Hansard, 18 April 1985 : kolom 3899). Lede van die vorige EAR met wie onderhoude gevoer is, het 'n veel breër oorsig gegee van die besware wat hulle aan die President gestel het. Die volgende is as die belangrikste bestempel:

- Die Raad was te groot: Die ledetal het gewissel tussen 54 en 65;
- die verteenwoordiging van die openbare sektor was te groot: Agtien verteenwoordigers het gekom uit staatsdepartemente en semi-staatsliggame. Daarbenewens was daar ses akademici (vir 'n volledige samestelling van die vorige Raad sien Die Transvaler, 9 Augustus 1982). Die openbare sektor het dan ook besluitneming oorheers. Volgens een sakeman: "Die ou EAR was 'n gekkestorie. Burokrate het gaan sit en skryf soos wat hulle wou of soos wat hulle gedink het die politici wil hê";
- die Raad was meer van 'n publieke forum. Daar het "die ouens gepraat dat die spoeg spat";

---

1. Sommige sakeleiers het bevestig dat hulle wel deur Botha geraadpleeg is oor voorstelle vir die moontlike herstrukturering van die Raad.

- van owerheidskant is die nodige aandag nie aan die Raad se aanbevelings geskenk nie. Byvoorbeeld: "In die ou Raad het aanbevelings met 'n omweg gegaan, daar was nie 'n gestruktureerde prosedure waarop aanbevelings van die Raad hanteer is nie" en "boodskappe wat wel deurgegaan het, het nie op die regte lessenaars op die regte tyd gekom nie - dit is nie met die nodige aandag ontvang nie".

Van die belangrikste probleme wat betref die samestelling en werking van die Raad is grootliks in die herstrukturering daarvan uitgeskakel. In die eerste plek is die Raad verklein na 42 lede (tans 45), hoewel die mening bestaan dat dit steeds te groot is. Tweedens is verteenwoordiging van die openbare sektor aansienlik afgeskaal van 18 na agt lede. In terme van die bruto binnelandse produk dra die owerheidsektor nagenoeg 24% en die private sektor 76% by tot die ekonomiese aktiwiteit, en is die verhouding tussen staatsamptenare en sakeleiers op die "nuwe" EAR op grond van bogenoemde ekonomiese bydrae bepaal (Hansard, 18 April 1985 : kolom 3899). Daarbenewens het ook die akademiërs plek gemaak vir meer vooraanstaande sakeleiers. Die samestelling van die nuwe Raad sien as volg daar uit: 'n voorsitter aangestel deur die regeringshoof, vyf lede van die fabriekswesesektor, drie lede van die mynbou, drie lede van die privaathandel, drie lede van die finanswêreld, drie lede van die owerheidsektor, drie lede van die landbousektor, twee lede van die konstruksiebedryf, twee lede van die motorbedryf, twee lede wat openbare vervoer, elektrisiteit en kommunikasie verteenwoordig, en tien lede wat na die oordeel van die Staatspresident, onontbeerlik is vir die breë ekonomiese bestel (Hansard, 18 April 1985 : kolom 3899). Opvallend is die uitsluiting van verteenwoordigers uit onder meer die georganiseerde handel en nywerheid, georganiseerde arbeid en die georganiseerde mynbou wat in die verlede verteenwoordiging op die Raad geniet het. Oënskynlik het die Staatspresident van die standpunt uitgegaan dat sodanige verteenwoordiging onnodig is aangesien elke sektor in die ekonomie wel deur bepaalde individue verteenwoordig word.

Vier-en-dertig uit die 45 lede van die huidige Raad wie se termyn op 1 Julie 1988 begin het, kom uit die privaatsektor. Vyftien is Engelssprekend teenoor die tien (uit 42) van die vorige termyn wat van Julie 1985 - Junie 1988 gestrek het (sien Business Day, 5 Julie 1985 en Finansies en Tegniek, 5 Augustus 1988). Kenmerkend is steeds die Afrikaner-oorwig in die EAR.

In terme van die praktiese funksionering van die EAR is besluit om die sekretariaat

van die Raad by die Kantoor van die Staatspresident te vestig. Daarbenewens vind vergaderings van die nuwe Raad nougeset op 'n kwartaalike basis plaas, en indien nodig, kan vergaderings op 'n korter frekwensie gehou word (Hansard, 18 April 1985 : kolom 3900).

Die werking van die EAR is verder aansienlik meer vaartbelyn gemaak. Die funksionering geskied in 'n groot mate in terme van kleiner werkskomitees of subkomitees met elkeen sy onderskeie opdrag wat dan 'n ondersoek moet loods. Kundiges van buite kan ook gekoöpteer word om insette te lewer. In terme van werking is die huidige Adviesraad volgens sy huidige lede baie beter gefokus.

Wat terugvoering van aanbevelings betref, kondenseer die voorsitter alle aanbevelings na elke vergadering van die EAR in drie tot vier bladsye, waarna hy dan persoonlik in gesprek met die Staatspresident daarvoor tree. Die opsomming sowel as die volledige verslae word aan hom oorhandig. Volgens elkeen van sy naaste vertrouelinge het PW Botha hierdie aanbevelings gelees waarna hy dit dan na 'n betrokke Minister verwys, wat weer terugvoering aan Botha moes gee, wat dan weer op sy beurt aan die voorsitter of direk aan die EAR moes verslag doen. Soos baie sterk deur die lede van die Adviesraad beklemtoon is, lê die krag van hierdie EAR daarin dat daar "elke keer 'n antwoord kom". Die sakeleiers verwag terugrapportering, anders dring hulle daarop aan. Organisasories gesproke is die kanse vir beïnvloeding dus 'n groot verbetering op die werking van die Raad in sy ou vorm.

Oor die algemeen is persepsies van die "nuwe" EAR in terme van strukturering aansienlik meer positief as wat dit die geval met die vorige Raad was. Ter illustrasie die volgende uitsprake:

"Die huidige EAR is meer spesifiek as tevore omdat hulle met 'n sterker stem praat. Die vorige Raad het bestaan uit 'n groot aantal burokrate en akademici - 'n klomp ja-broers wat nie eintlik 'n 'cutting edge' gehad het nie. Die ouens wat nou daarop is het 'n 'business style'".

"These businessmen are a carefully selected group of people but a pretty good group of people. By appointing them as his EAC it's quite clear that PW is prepared to listen to them".

Groot kritiek is in die media en deur Engelssprekende sakeorganisasies uitgespreek teen die huidige samestelling van die Raad hoofsaaklik omdat die

georganiseerde handel en nywerheid nie daarop verteenwoordig is nie (sien byvoorbeeld Finansies en Tegniek, 1 September 1989, Financial Mail, 5 Julie 1985, Business Day, 9 Julie 1985 en Sunday Times, 7 Julie 1985). Hierdie kritiek is beslis nie onderskryf deur enige van die Afrikaner-sakeleiers en verskeie verteenwoordigers van die AHI nie. 'n Pertinente vraag in hierdie verband is aan hulle gestel. Volgens hulle word hierdie sektore voldoende verteenwoordig deur onder meer ander individue wat byvoorbeeld ook op die hoofbestuur van die AHI dien. Laasgenoemde is weer eens 'n goeie illustrasie van die gediensigheid van die Afrikaner-sakeman aan die regering.

#### 5.7.4.2 Persepsies van invloed

Die persepsies van die invloed van die Raad kan slegs geïnterpreteer word teen die agtergrond van die breë taakopdrag van die Raad. Die EAR het geen omskrewe opdrag nie en tree bloot adviserend tot die Staatspresident op onder wie se direkte beheer en dissipline hy val. Die taak van die EAR is volgens sy gewese voorsitter (Dr Human) om oor breë ekonomiese beleid en breë ekonomiese ontwikkeling te adviseer, of soos PW Botha dit gestel het "die gang van sake in die Suid-Afrikaanse ekonomie" (Hansard, 18 April 1985 : kolom 3900), en nie oor partikuliere sake, soos byvoorbeeld die uitvoer van steenkool of probleme met die Spoorweë nie. Dat die EAR nie in 'n vakuum optree nie, is wel aanvaar en waar politieke aspekte betrokke sou wees, is dit volgens die voorsitter bespreek. Volgens Dr Human (onderhoud op 17 Januarie 1988) sou hy egter nie 'n bespreking oor byvoorbeeld die vrylating van Mandela toelaat nie.

Die volgende woorde van Dr Human is besonder insiggewend ten opsigte van die styl van die EAR: "Die advies van die Adviesraad moet op die ekonomiese terrein wees en dit moet nie voorskriftelik wees ten opsigte van die politiek nie, dan verloor die EAR sy waarde, dan gaan die Staatspresident die standpunt inneem dat 'ek kan nie na julle luister nie want ek is die politikus, julle is veronderstel om my ekonomies te adviseer'. Ook is die Adviesraad nie in 'n posisie om aan te dring op byvoorbeeld die verwydering van die Groepsgebiedewet nie, daarvoor stel die Staatspresident die Presidentsraad, of ander Kommissies van Onderzoek aan. Indien hy so-iets sou doen sou die Raad sy krag en invloed verloor. Daar is baie suiwer ekonomiese probleme. Ons het balans in Suid-Afrika verloor - ons is polities mal mense, ons is voortdurend met politieke opsette besig en die werklike ekonomie gaan verlore".

Na bewering het die Staatspresident self by die opening van die "nuwe" EAR in

1985 gesê dat politiek nie gedebatteer mag word indien dit nie die ekonomie raak nie en bygevoeg "don't come and tell me how to run the country".

Die persoonlike standpunt van die gewese voorsitter Dr Human was dat hy sover as moontlik die EAR uit die media gehou het. Anders as die vorige Adviesraad wat na elke vergadering 'n verklaring aan die media uitgereik het, is in die geval van die "nuwe" EAR slegs verklarings oor aktiwiteite gemaak wanneer die Staatspresident daarop aangedring het. In die tydperk vanaf Junie 1985 tot Desember 1989 is slegs drie verslae van die EAR amptelik deur die Staatspresident vrygestel naamlik: Voorstelle vir 'n langtermyn Ekonomiese Strategie vir Suid-Afrika, 'n Voorgestelde Aksieplan vir die Bekamping van Inflasie en Maatreëls vir die heropbou van die Landbou. Geen debat oor die werksaamhede van die EAR het in die genoemde tydperk in die Parlement plaasgevind nie, uitgesonderd die besprekings wat verwys het na genoemde vrygestelde dokumente (vergelyk Hansard, 15 Junie 1987 : kolom 1497-1504 en Hansard, 13 Augustus 1987 : kolom 3814-3816) en waar opposisiepartye die doeltreffendheid van die EAR bevraagteken het (Hansard, 20 Februarie 1987 : kolom 1208). Besprekings en ander aanbevelings van die EAR word as vertroulik hanteer. In 'n gesprek met die sekretaris van die Adviesraad (Mnr Olivier) is die vertroulike aard van die Raad se verrigtinge sterk beklemtoon.

Die meerderheid van sakeleiers was van mening dat daar wel na die EAR geluister word. Volgens Human was daar ook 'n verbintenis van die Staatspresident in hierdie opsig. Twee faktore het volgens hom verder daartoe bygedra: eerstens dat die EAR 'n lae profiel gehandhaaf het en tweedens deur "politieke stekerige goed weg te hou van beriggewing en advisering na die Staatspresident".

Oor die algemeen huldig sakeleiers 'n positiewe siening oor die rol van die EAR in besluitneming. Van die 43 Afrikaner-sakeleiers het slegs vyf gevoel dat dié Raad geen invloed het nie. Ook die 12 Engelssprekendes was van mening dat die EAR tog wel 'n rol speel. Een van hierdie 12 se siening was ietwat meer negatief as positief, hoewel hy tog enkele bydraes van die Raad kon erken. Die grootste kritiek van diegene wat gevoel het dat die Raad nie 'n groot bydrae lewer nie, was vanweë "die sterk rol van die burokrate", of anders gestel dat dit "burokrate is wat die besluite neem".

Wat die invloed van die EAR betref, blyk dit baie duidelik uit die persepsies van die sakeleiers van beide taalgroepe, dat dit op die breë ekonomiese terrein lê (makro-ekonomiese beleid). Geeneen het gevoel dat hulle 'n direkte invloed op die politieke dimensie van beleid het nie. Gegewe die breë opdrag van die EAR is dit

ook te begrype. Weer eens moet beklemtoon word dat invloed ook op 'n simbiotiese wyse uitgeoefen kan word (afdeling 1.6.3). Volgens 'n sakeleier op die Adviesraad gebruik die regering, in sy woorde, ook "die EAR om sy doelstellings of idees uit te dra". Volgens hom het dr LD Barnard, Direkteur-generaal van die Nasionale Intelligensiediens tydens een van die sessies van die EAR die veiligheidsituasie geskets waarna een van die invloedryke Engelssprekende sakeleiers sou gesê het "go for them", verwysende na die onrusstokers.

Op die sosio-ekonomiese/sosio-politieke terreine, blyk uit die menings van die sakeleiers dat die EAR uiters geringe invloed, indien enige, uitoefen. Geen voorbeelde van vraagstukke waar die EAR 'n positiewe inset gelewer het, is opgenoem nie. Navorsing oor arbeidsaangeleenthede is wel deur 'n komitee onderneem ten tye van die onderhoude. Geen openbaarmaking daarvan kon vasgestel word nie.

Dit is dan veral op die ekonomiese terrein waar die mening bestaan dat die EAR wel invloed uitoefen. "The EAC which is non-tribal has had a profound effect on the economy and it is their recommendations which have led him (State President) to go for this glasnost economic policy - there is no doubt about that". Voorbeelde wat genoem is waar die EAR tog 'n invloed uitgeoefen het, is onder meer deur die volgende aanbevelings wat gemaak is en wat deur die regering amptelik aanvaar is:

- 'n langtermyn ekonomiese strategie vir Suid-Afrika;
- maatreëls vir die bekamping van inflasie;
- die herstrukturering van die Mannekragskommissie en
- maatreëls vir die Heropbou van die Landbou.

Met die uitsondering van die aanbevelings oor die herstrukturering van die Mannekragskommissie, het die President, soos reeds genoem, bogenoemde aanbevelings amptelik vrygestel. Relevant vir hierdie bespreking, is die voorstelle vir 'n ekonomiese strategie vir Suid-Afrika en dié om inflasie te bekamp. In die lig van die feit dat genoemde voorstelle deur sommige sakeleiers en in die media as redelik "algemeen" en "niks nuuts" bestempel is, (soos hieronder uitewys) word kortliks aandag aan die inhoud van die betrokke dokumente geskenk.

In sy voorgestelde 'Langtermyn Ekonomiese Strategie vir Suid-Afrika', het die EAR die swak ekonomiese prestasie nie slegs toegeskryf aan normale sikliese faktore en kwaai droogtes nie. Volgens die Raad spruit die swak ekonomiese situasie aan die een kant uit veranderinge in die eksterne en interne omgewing waarbinne die

ekonomie funksioneer, wat gereflekteer word in onder meer die skuldstilstandooreenkoms en die politieke onrussituasie. Aan die ander kant kan die swak ekonomiese prestasie toegeskryf word aan die vorm wat ekonomiese ontwikkeling en ekonomiese beleid histories in Suid-Afrika aangeneem het (sien EAR, 1986 : 1-6 vir 'n volledige bespreking).

Die primêre doel van 'n ekonomiese strategie vir Suid-Afrika is volgens die EAR om ekonomiese groei en werkskepping te bevorder deur die aanwending van byvoorbeeld die volgende: (sien EAR, 1986 : 15-32)

- finansiële beleidsmaatreëls. Hieronder resorteer 'n effektiewe fiskale en monetêre beleid. Wat eersgenoemde betref, moet die Regering se aandeel in die ekonomie en die belastinglas onder andere verminder word. In terme van die monetêre beleid moet sodanige beleid voorsiening maak vir 'n swewende wisselkoers en buigsame rentekoerse wat deur die mark bepaal word.
- maatreëls wat gerig is op die skep van geleenthede vir die volle ontwikkeling en eksplorasie van die saketalent asook die effektiewe ontwikkeling en gebruik van die land se mannekrag;
- maatreëls wat gerig is op die akkummulasie van die kapitaalvoorraad. Hiervolgens moet mense byvoorbeeld aangemoedig word om te spaar, moet die belastinglas op die korporatiewe sektor verlig word, die inflasiekoers verminder word, Suid-Afrika se buitelandse ekonomiese verhoudinge genormaliseer word en ekonomiese bande met Afrika state versterk word;
- maatreëls gerig op ordelike verstedeliking en landelike ontwikkeling. Groot skaalse belegging in behuisingsprojekte deur veral die private sektor word in hierdie verband voorgestel. Ook moet Regeringsubsidiering tot die minimum beperk word. Verder moet klem gelê word op die ontwikkeling van die kleinsakesektor en die landbou in die landelike gebiede en
- maatreëls wat inflasie sal bekamp, soos byvoorbeeld dié wat effektiewe kompetisie sal bevorder en die posisie van die verbruiker in die vasstelling van pryse sal versterk.

Wat die EAR se 'Voorgestelde Aksieplan vir die Bekamping van Inflasie' betref, is eerstens drie breë kategorie faktore geïdentifiseer wat 'n rol in die inflasieproses speel, naamlik: onderliggende faktore, inisiërende faktore en voortplantingsfaktore (EAR, 1987 : 17-22).

Onderliggende faktore behels sielkundige, sosiologiese, politieke en ander "nie-ekonomiese" invloede waarvan die ekonomie nie geïsoleer kan word nie, onvolledige mededinging van sommige markte vir goedere en dienste en politieke en maatskaplike oorwegings wat neig om markkragte te begrens en wat instryd is met suiwer ekonomiese oorwegings. Inisiërende faktore is geïdentifiseer as vraagtrekfaktore soos oormatige besteding deur die owerheid of privaatsektor, of albei, wat gefinansier word deur 'n uitbreiding in die geldvoorraad, kostedrukfaktore soos byvoorbeeld die styging in pryse van ingevoerde kapitaal, loonverhogings wat spruit uit die bedingingsposisie van bepaalde groepe werkers of uit sosio-politieke redes en "spesiale" prysstygings. Laasgenoemde kan nie in een van die genoemde kategorieë geklassifiseer word nie. Prysstygings vanweë nuwe of 'n verhoging van bestaande indirekte belastings is voorbeelde van "spesiale prysstygings". Die derde stel faktore naamlik voortplantingsfaktore, verwys na die volgende aspekte: In die nastrewing van byvoorbeeld doelwitte soos ekonomiese groei en groter werksverskeidenheid, is die monetêre owerheid dikwels genoodsaak om prysstygings te akkommodeer deur 'n uitbreiding in die geldhoeveelheid toe te laat. Tweedens bestaan daar 'n hoë graad van onderlinge afhanklikheid in die ekonomie tussen die verskillende ekonomiese aktiwiteite. Indien pryse byvoorbeeld styg, dan volg lone, en omgekeerd. Indien een groep werknemers 'n loonsverhoging kry, dien ander groepe soortgelyke eise in. 'n Laaste voortplantingsfaktor is die rol van inflasieverwagtings. Sodra mense bewus word van die inflasie en verwag dat dit sal voortduur, word houdings en gewoontes ontwikkel en versterk wat in werklikheid daartoe bydra dat die inflasie in stand gehou word.

Die EAR se voorstelle vir die bekamping van inflasie word in twee kategorieë verdeel : Monetêre en fiskale dissipline en Maatreëls om die beter werking van die mark- en prysmeganisme te bevorder en verdere maatreëls om kostedrukinflasie teen te werk (EAR, 1987 : 26-46). Wat eersgenoemde betref, moet daar 'n gesonde balans tussen monetêre en fiskale dissipline gehandhaaf word, wat beteken dat daar nie net op monetêre maatreëls gesteun moet word nie maar dat daar ook deurgaans fiskale dissipline gehandhaaf moet word. Daar moet onder meer toegesien word dat staatsdepartemente by hulle begrotings bly en dat magtigings vir belastingoorskrydings deur middel van inkortings van ander programme gefinansier word; dat owerheidsbesteding sonder geldskepping

gefinansier word; dat verdere verhogings in die belastingdruk ten alle koste vermy word; dat die groei in openbare besteding oor die langer termyn ingekort, en die aandeel van die openbare sektor in die ekonomie verklein word, en dat daar in die formulering van langtermyn bestedingsriglyne rekening gehou word met die noodsaaklikheid van die doelmatige aanwending van die land se produksiefaktore en met die rol wat bepaalde dienste soos onderwys en opleiding in dié verband speel.

Maatreëls om die beter werking van die mark- en prysmeganisme te bevorder sluit in: 'n doelgerigte deurvoering van die Regering se dereguleringsprogram, die implementering van 'n doelgerigte privatiseringsprogram, die doelgerigte bevordering van die informele en kleinsakesektor, die bevordering van effektiewe mededinging in, en die effektiewe werking van die arbeidsmark, die bevordering van effektiewe bedinging deur die verbruiker in die prysbepalingsproses deur die ontwerp van handelspraktykkodes en dat die Regering sy eie vergoedingsbeleid in toenemende mate op markbeginsels skoei met deeglike inagnemeing van heersende toestande in die arbeidsmark. Die volgende verdere maatreëls om koste-drukinflasie teen te werk, moet onder meer ook geneem word: Die voortgesette opleiding en heropleiding van mannekrag op 'n doelgerigte wyse; die doelgerigte bevordering van produktiwiteit en die behoorlike ontleding en kwantifisering van die koste van belastingaanpassings, beskermingsmaatreëls, subsidies ensovoorts, alvorens besluite daaroor geneem word.

Die aanvaarding deur besluitnemers van insette in die formulering van beleid, is maar een fase in die proses van beleidsformulering. Baie belangrik is egter ook die implementering of uitvoering van besluite (sien afdeling 1.6.4) wat uiteindelik die werklike aanduiding van die effektiwiteit van beïnvloeding is. In hierdie opsig behoort die effektiwiteit van die EAR uiteindelik geëvalueer te word. Dit is dan juis wat die implementering van besluite deur die regering betref waaroor daar 'n mate van twyfel by sommige sakeleiers te bespeur is. Byvoorbeeld: "The new economic plan - it is a brilliant document. I have no doubt that government accepts it and recognises the need for it and understands the logic behind it ... There is a difference between negotiating something, accepting its consequences and drawing up a plan of action, but the political will has got to be there to enforce it. I don't know if the government has got the political will for at least five years". 'n Ander Engelssprekende sakeleier het weer gesê dat daar altyd onsekerheid bestaan of die regering korrek sal optree, aangesien besluitnemers die meeste van die tyd nie verstaan waaroor gepraat word nie.

Afrikaner-sakeleiers het nie hul twyfel aan die regering se wil of vermoë om

besluite uit te voer, so sterk uitgedruk nie, maar het tog gesê dat dit die toets vir die toekomstige aansien van die EAR sal wees.

Ten spyte van die positiewe siening van sakeleiers oor die invloed van die EAR, erken hulle nietemin tog die beperkinge van hul bydraes. Kenmerkend van die aanbevelings van die EAR oor onder meer Inflasie en die Ekonomiese Strategie is volgens sommige EAR-lede en die media, die vaagheid en algemeenheid daarvan. Die anti-inflasieplan is byvoorbeeld beskryf as "vae voorskrifte" (Finansies en Tegniek, 16 September 1988), terwyl die ekonomiese strategie volgens sakeleiers "niks nuuts" ingehou het nie. Dus speel die Raad nie 'n groot rol "in diep denke of om werklike probleme op te los nie". Lede van die Adviesraad self het die algemeenheid en oppervlakkigheid van hulle aanbevelings bevestig en dit grootliks toegeskryf aan die inherente tekortkominge van 'n komiteestelsel wat nie voorsiening maak vir diepte ondersoek nie en aan die feit dat 'n wye spektrum van belange op die EAR verteenwoordig is. Omdat die EAR saamgestel is uit individue uit verskillende sektore van die sakelewe, bestaan daar 'n algemene fokus asook 'n partikuliere fokus. Vanweë hierdie partikuliere belange is dit moeilik om konsensus te kry, dus is voorstelle geneig om baie wyd te wees om alle belange tevrede te stel. Voorbeelde van uitsprake is die volgende:

"In enige komitee word daar geen in diepte ondersoek gedoen nie, jy het te doen met oppervlakkige opinies. Die sogenaamde ekonomiese beleid - daardie goed is oor en oor gesê van 1960 af....Die oppervlakkige sieninge, die 're-hash' - inherent is dit die tekortkoming van 'n komitee wat jy saamstel".

"We do have some influence in terms of setting policy and direction ... you'll never get anything revolutionary coming out of a Council of 40 or 50 people consisting of a whole broad spectrum of the South African public and private sector ... It can only be some sort of collation of viewpoints".

Ten spyte van bogenoemde kritiek oor die inhoud van die aanbevelings deur die EAR, maak dit geen verskil aan die basiese feit dat die Adviesraad wel bepaalde insette gelewer het en invloed kon uitoefen.

Op ander meer spesifieke aspekte van ekonomiese beleid, soos byvoorbeeld die begroting, is dit moeilik om die EAR se invloed te bepaal. Volgens Human stuur hulle "breë prinsiepe deur van tyd tot tyd". Die Adviesraad het hom veral sterk uitgedruk oor die prioriteite van staatsbesteding. Werkskepping is beklemtoon

eerder as die oprigting van onder meer nuwe geboue. Hierdie insette word gelewer op die Staatspresident se Nasionale Prioriteitskomitee (NPK) wat in 1984 statutêr in die lewe geroep is en wat die spil is waarom die prioriteitsbepalingsproses draai. Die Prioriteitskomitee funksioneer onder die voorsitterskap van die Staatspresident. Die permanente lede is die Minister van Konstitusionele Ontwikkeling en Beplanning, die Minister van Finansies, die Voorsitters van die drie Ministersrade en ander Ministers wat van tyd tot tyd gekoöpteer word. Ander persone wat ook op hierdie komitee dien, hoewel nie statutêr vasgelê nie, is die voorsitter van die EAR en die hoof van die Sentrale Ekonomiese Adviesdiens (SEAD) (Hansard, 9 Julie 1984 : kol. 11274).

Die magte van die Prioriteitskomitee is baie wyd. Breedweg moet dié liggaam die Kabinet adviseer oor die funksies en verantwoordelikhede van die regering en die oorweging van prioriteite ten opsigte van openbare uitgawe, en hoe dit versoen kan word met privaatsektor-beleggingsprioriteite (vir 'n uiteensetting van die rol van die NPK in prioriteitsbeplanning sien Kotzé, 1989 en Downing en du Preez, 1989).

Die EAR kan dus ook deur sy voorsitter insette op dié Komitee lewer. Baie sou dus afhang van die voorsitter se persoonlikheid en sy oortuigingsvermoë. Die hele gedagte agter die herstrukturering van die Staatspresident se EAR was om nuwe insette met betrekking tot prioriteite te verkry deur prominente sakeleiers te betrek. Deur sakelui uit verskeie sektore van die privaatsektor aan te stel, relatief tot hul bydrae tot die BNP, is 'n poging aangewend om groter deelname aan die privaatsektor in die ekonomiese beleidsproses te verskaf (Sunday Times, 7 September 1985).

Die SEAD, wat uit staatsamptenare bestaan, tree as die professionele sekretariaat van die NPK op. Primêr vervul dit 'n personeelfunksie ten opsigte van ekonomiese beleidsaangeleenthede. 'n Goeie voorbeeld is die feit dat die Staatspresident sowel die implementering as die monitor van beide die langtermyn ekonomiese strategie en die anti-inflasiëplan aan die SEAD opgedra het (Finansies en Tegniek, 23 September 1988).

Uit voorafgaande bespreking kan 'n paar afleidings gemaak word. In die eerste plek bestaan daar nie twyfel nie dat die bydrae van die EAR hoofsaaklik op die terrein van makro-ekonomiese aangeleenthede lê. Op grond van hul aanbevelings ten opsigte van onder meer die bekamping van inflasie en 'n ekonomiese strategie vir die land, meen die betrokke sakeleiers dat hulle wel belangrike insette gelewer het wat deur die Regering in beginsel aanvaar is. Vanweë die feit dat lede van die

EAR hul "invloed" op bogenoemde aangeleenthede gekwalifiseer het deurdat hulle erken het dat hul invloed eers werklik bepaal kan word as die Regering daadwerklike pogings aanwend om die voorstelle uit te voer, lyk dit of 'n onderskeid getref behoort te word tussen EAR-lede se persepsies van hul insette/voorstelle waaroor hulle baie positief was, en hul persepsies oor werklike invloed. Vanweë die resentheid van die voorstelle kon egter nie bepaal word in watter mate die regering doelbewuste pogings aangewend het om die voorstelle te implementeer nie.

'n Verdere aspek van belang is dat die opdragte aan die EAR deur die Staatspresident nie "politie of ideologies omstrede" in die party politieke konteks is nie, of soos die sekretaris van die EAR dit gestel het, dit nie "politieke insigte" verg nie. Opdragte wat relevant is tot die ekonomie maar wat ook politie kontensieus is, word deur die Staatspresident na die Presidentsraad verwys, soos duidelik blyk uit die ondersoeke na deregulering en verstedeliking soos reeds bespreek. 'n Verklaring vir hierdie onderskeid wat die Staatspresident tref in sy opdragte aan die Ekonomiese Adviesraad en die Presidentsraad is redelik voor die hand liggend. Die Presidentsraad is 'n politieke liggaam met bepaalde wetgewende funksies. Vanweë die feit dat die samestelling van die Raad op partygrondslag berus en dat die meerderheid lede op die Raad Nasionale Party-vertegenwoordigers is, is die kans uiteraard skraal dat aanbevelings nie in ooreenstemming met basiese Nasionale Party-beginsels sal wees nie. In die geval van die EAR aan die ander kant, is dit 'n nie-politieke liggaam wat primêr op party-politieke grondslag saamgestel is nie. Party-affiliasie behoort dus, in teorie nie die oorwegende faktor by aanstellings te wees nie. Hoewel geargumenteer kan word dat die meerderheid lede steeds Afrikaners is wat die Nasionale Party ondersteun, is daar nie 'n waarborg dat hulle in terme van sosio-politieke vraagstukke wat direk op hul sakebelange inwerk, nie van Nasionale Party-beginsels sal afwyk nie. Die afskaffing van instromingsbeheermaatreëls is juis so 'n vraagstuk wat lank voor die afskaffing daarvan ook deur Afrikaner-sakeleiers bepleit is (vergelyk afdeling 3.7). Die bestaan van twee liggame wat die Staatspresident adviseer oor verskillende aspekte van beleid, is duidelik 'n manifestasie van die gedagte dat "politieke vraagstukke" die terrein van die politieke elites is, en dat sakeleiers se insette wel op die ekonomiese terrein geregverdig is.

Bogenoemde oorsig oor die aard, werking en waargenome invloed van die EAR wys ook duidelik dat wat betref die bestaan van strukture waardeur die regering en die sakesektor in interaksie tree, daar nie werklik sprake van neo-korporatisme bestaan nie. Daarvoor is die opdrag en die samestelling van die EAR te beperk.

Wat laasgenoemde betref, is daar sedert die herstrukturering van die Raad in 1985 nog minder elemente van neo-korporatisme teenwoordig deurdat onder meer die georganiseerde handel, nywerheid, fabriekswese en arbeid geen verteenwoordiging op die Raad geniet nie. Georganiseerde verteenwoordiging is 'n sentrale element van neo-korporatisme soos in afdeling 1.5.2 uiteengesit. Hoewel individuele lede tans op die Raad uit 'n bepaalde sektor aangestel is, is daar geen sprake daarvan dat sodanige individue in die werklike sin van die woord 'n betrokke sektor verteenwoordig nie. Eerder kan die belange van die bepaalde individu se maatskappy bevorder word. Op geen wyse kan byvoorbeeld Lubner van Sologlass International Ltd, Clewlow van Barlow Rand en Venter van Altech as werklike verteenwoordigers van die fabriekswese (soos in die formele persverklaring aangedui) beskou word nie - elkeen het sy eie sakebelange. Die enigste uitsondering is die landbousektor wat op die Raad verteenwoordig word deur onderskeidelik lede van die Mielieraad en die Transvaalse - , Wes-Kaaplandse - en Natalse landbou-unies. Laasgenoemde is egter 'n studie insiggewend en val buite die bestek van hierdie navorsing.

Die herstrukturering van die EAR dui verder op Botha se pogings om die samewerking van die sakesektor te verkry met die oog op die realisering van breë politieke doelwitte waarvoor 'n doeltreffende ekonomie van kardinale belang was. Die feit dat die herstrukturering van die EAR juis in 1985 plaasgevind het, is ook insiggewend in die sin dat Suid-Afrika in daardie jaar 'n nuwe vlag van sanksies en drastiese ekonomiese optrede vanuit die buiteland ervaar het, juis in 'n stadium toe grootskaalse ekonomiese groei nodig was om regeringsdoelwitte na te streef.

#### **5.7.4.3 Toekomstige ekonomiese beleidsformulering en raadgewende instellings**

Die toekoms van die EAR in sy huidige vorm blyk in die weegskaal te wees. Sedert die langtermynstrategie vir ekonomiese groei in November 1986 in Pretoria aanvaar is, was die groot beswaar soos onder meer hierbo genoem, dat hierdie strategie nie op 'n gekoördineerde manier gedoen word nie en dat die toepassing daarvan onnodig draal. Die manier waarop die raadgewende en die uitvoerende take in die ekonomie aangepak word, is nou die onderwerp van ondersoek. Dit is nie uitgesluit nie dat die struktuur en samestelling van die instellings wat enersyds ekonomiese raad gee en andersyds die besluite neem en uitvoer, in die afsienbare toekoms sal verander.

Tot dusver is die belangrikste besluite oor die ekonomiese beleid deur die kabinetskomitee vir Ekonomiese Aangeleenthede geneem. Ministers, adjunk-

ministers en senior staatsamptenare dien op dié komitee. Laasgenoemde word van raad bedien deur onder meer die EAR, die Presidentsraad, die Reserwebank, die Nasionale Mannekragskommissie (NMK) en die Sentrale Ekonomiese Adviesdiens.

Die Adjunk-minister van Finansies, Dr Org Marais, is in 1988 deur die Staatspresident opdrag gegee om die hele beleidsformuleringsfunksie te ondersoek. Wat die raadgewende funksie betref, het hy versoek dat die rasionalisering van die verskillende raadgewende instellings en die moontlike hersamestelling van die Presidentsraad bekyk moet word. Een van die gedagtes wat oorweeg word, is die inkorporering van die EAR en die NMK by die Presidentsraad. Die moontlikheid is ook nie uitgesluit nie dat die NMK en die EAR in die toekoms kan verdwyn (Finansies en Tegniek, 28 April 1989). Die ondersoek na die moontlike hersamestelling en rasionalisasie van die raadgewende funksie is nog nie voltooi nie.

Van die belangrikste voorstelle in die verslag van die Adjunk-minister oor beleidsformulering is dat beleid geformuleer moet word deur 'n komitee met die Staatspresident as voorsitter, "iets soortgelyks as die Staatsveiligheidsraad". Volgens Dr Marais kan die "bestaande Nasionale Prioriteitskomitee se funksies net uitgebrei word" (Finansies en Tegniek, 28 April 1989). Vanweë die nuwe klem op ekonomiese beleidsformulering, kan die dekade van die negentigs dalk bekend staan as dié van die 'ekonokrate', met meer insette ook van die privaatsektor.

## **5.7.5 Die rol van die Afrikaanse Handelsinstituut**

### **5.7.5.1 Rede vir lidmaatskap van die AHI**

Mense se motiverings van waarom hulle aan 'n betrokke organisasie behoort, is 'n goeie leidraad van hulle persepsies oor die rol van dié organisasie in die samelewing en in terme van onder meer sy effektiewe beïnvloeding van openbare beleid, of anders gestel, die bereiking van sy doelwitte as belangegroep.

Soos in afdeling 1.5.3 bespreek, is daar vele beweegredes waarom mense aan belangegroepes behoort. Oorwegings kan strek van die verkryging van ekspressiewe voordele tot dié van selektiewe voordele. Waarom Afrikaner-sakeleiers steeds aan 'n "etniese" organisasie soos die AHI behoort, sal 'n aanduiding van die waarde van hierdie organisasie gee.

Voordat Afrikaner-sakeleiers hul menings oor die invloed van die AHI in

besluitneming moes gee, is die vraag aan elkeen gestel waarom hy lid van die AHI is en om watter rede hy dink ander Afrikaners aan dié organisasie behoort. Hierdie vraag is gevra teen die agtergrond van die feit dat die aanvanklike funksie van die AHI met sy stigting, naamlik om aan die Afrikaner-sakeman opleiding en leiding te verskaf, en ook groter kontak en samewerking tussen Afrikaner-sakemanne te bewerkstellig, sedertdien in 'n mate uitgedien geraak het.

Dit is merkwaardig dat sakeleiers aanvoer dat 'n belangrike rede vir lidmaatskap van die AHI ongetwyfeld 'n sosiale een is. Byeenkomste of vergaderings van die onderskeie sakekamers en die jaarlikse algemene kongres van die AHI word gesien as geleenthede waar sakemanne mekaar ontmoet, gedagtes wissel en sodoende op hoogte bly van wat mense dink en waar dan ook nuwe besigheidskontakte gesluit word. "Dit is 'n gesellige klub" soos een sakeman dit gestel het.

Wat egter die sterkste deur sakeleiers ten opsigte van hierdie funksie van die AHI beklemtoon is, is die feit dat dit 'n "Afrikaanse" organisasie is waar Afrikaner-sakemanne tuis voel. Die eksklusiwiteit van die AHI is dus vir baie Afrikaner-sakemanne steeds belangrik. Enkele voorbeelde van opmerkings in hierdie verband is die volgende:

"Omdat ek 'n Afrikaner is, is dit lekker om saam met Afrikaner-besigheidsmense te assosieer".

"Deur die AHI kry die Afrikaner 'n institusionele gestalte ook in die sakewêreld".

"Dit is 'n Afrikaanse organisasie - ek voel ontuis by die ander".

"Ek behoort aan die AHI om sentimentele redes".

'n Verdere belangrike rede vir lidmaatskap van die AHI, is dat die AHI vir veral die kleiner, of die plattelandse sakeman, 'n binneweg is om 'n saak by die regering te stel. Dit is 'n skakel tussen hom en die regering - 'n manier dus om via die AHI kontak met die regering te hê, of toegang tot besluitnemers te kry veral in gevalle waar die plaaslike Parlements lid nie van die Nasionale Party is nie. Uiteraard is hierdie nie 'n belangrike rede vir top sakeleiers nie, aangesien hulle uit hoofde van hul posisies in groot sake-ondernemings nie probleme met toegang tot op die hoogste vlak (soos reeds aangetoon) het nie. Die nut van AHI-lidmaatskap met betrekking tot regeringskakeling lê volgens die meerderheid van hierdie sakeleiers

daarin dat hulle die AHI gebruik as hulle 'n aangeleentheid meer neutraal aan die regering wil stel. Soos een sakeman dit gestel het: "As jy groter aanvaarding en neutraliteit van jou standpunt wil bewerkstellig, dan moet jy daarmee na hulle (AHI) gaan, nie as byvoorbeeld 'n FVB-saak nie, maar as 'n aangeleentheid wat die breë sakelewe raak. Party Ministers is versigtig vir partikuliere belange. As FVB dan sy saak AHI toe neem, en daar is ander wat dieselfde probleem het, dan kry jy 'n gemeenskaplike standpunt wat breër gefundeerd is wat die AHI kan voorlê. As Ministers dan daarna luister, dan luister hulle na 'n breër, groter sakegemeenskap".

Twee verdere, maar ietwat minder belangrike redes vir AHI-lidmaatskap wat ook genoem is, het te doen met die praktiese diensfunksie wat die AHI vir veral die plattelandse of kleiner sakeman lewer. Die AHI bevorder die belange van die Afrikaner-sakeman en is in staat daartoe om 'n verskeidenheid van inligting te verskaf, byvoorbeeld van hoe om 'n fabriek te begin tot die uitreiking van 'n maandelikse ekonomiese oorsig aan lede en die verskaffing van inligting oor aangeleenthede soos die Margo-verslag.

Ten slotte het enkele sakeleiers ook hul lidmaatskap van die AHI toegeskryf aan die feit dat dit die enigste werklike multi-sektorale organisasie (in daardie stadium) in die land is, terwyl twee prominente sakeleiers gesê het dat hulle bloot uit sentimentele redes aan die AHI behoort.

Uit bogenoemde redes is dit duidelik dat die AHI inderdaad steeds volgens Afrikaner-sakeleiers 'n bestaansreg het. Nie net is die etniese karakter van die AHI belangrik nie, maar word dié organisasie as 'n belangrike regeringskakel gesien vanweë sy jarelange noue verbintenis met die Nasionale Party-regering. In hierdie opsig onderskei die AHI hom van ander sakeorganisasies deurdat Afrikaner-sakeleiers wat ook aan ander organisasies soos die FCI en ASSOCOM behoort die rede vir hulle lidmaatskap aan hierdie organisasies bloot aan "sakeoorwegings" toeskryf.

Op grond van die feit dat dit vir Afrikaners belangrik is om aan 'n Afrikaner-sakeorganisasie te behoort, is dit verstaanbaar waarom gepoog word om die Afrikaanse 'karakter' van die AHI te behou. Hoewel die AHI se lidmaatskap sedert

1988 vir alle blanke sakeondernemings oop is,<sup>1</sup> en lidmaatskap nie meer beperk is tot Afrikaner-beheerde maatskappye waarvan die voertaal Afrikaans is nie, is die voorwaarde tans dat Afrikaans die voertaal in die AHI bly en dat lede "Afrikaner-sentimente" moet onderskryf. Waarom so sterk gevoel word oor die Afrikaanse karakter van die AHI is as volg deur 'n prominente sakeman gestel: "Ons moet nog die Afrikaner-karakter behou dat jy saam met jou politieke leiers kan nou saamwerk - dat hulle met vertroue met jou dinge kan bespreek, want hulle weet dat jy darem polities dieselfde dink as hulle. Dit speel 'n besliste rol in jou beïnvloedingsfunksie - dus moet jy maar na aan jou politici wees".

Die belangrikheid van die behoud van hierdie Afrikaanse karakter van die AHI het die gevolg, en dit is ook baie sterk onderstreep deur hoofbestuurslede, dat samesmelting met ander sakeorganisasies geensins vir die afsienbare toekoms in die vooruitsig gestel word nie.

#### 5.7.5.2 Persepsies van invloed

Vanweë etniese oorwegings en partylojaliteite het daar, soos reeds uitgewys, nog altyd 'n goeie verhouding tussen die regering en die AHI bestaan. Vir die AHI is dit ook belangrik om nie hierdie verhouding te skaad nie, met die gevolg dat alle uitsprake van kritiek oor enige aspek oor die jare baie besadig was (sien afdeling 3.7). 'n Goeie voorbeeld van hoe sterk die AHI oor hierdie verhouding met die regering voel, kan deur die volgende insident geïllustreer word: In November 1984 het hulle 'n gesamentlike verklaring met ander sakeorganisasies uitgevaardig waarin hulle aan die regering 'n waarskuwing gerig het oor die aanhouding van vakbondleiers (Rand Daily Mail, 15 November 1984). Die Minister van Wet en Orde, mnr Louis le Grange, het sterk op hierdie verklaring gereageer (Financial Mail, 23 November 1984). Na samesprekings tussen onder meer die AHI en Le Grange het laasgenoemde twee 'n gesamentlike verklaring uitgereik waarin ooreengekom is tot nouer samewerking in die toekoms (Financial Mail, 7 Desember 1984). Hierdie hele kwessie het daartoe gelei dat die AHI besluit het om nooit weer saam met ander sakeorganisasies verklarings uit te vaardig nie, al sou hulle saamstem. Die rede hiervoor, volgens 'n AHI-woordvoerder, is dat die "FCI 'n verkeerde woordinterpretasie" in die verklaring gegee het. Gesamentlike verklarings in die toekoms sal slegs uitgereik word as dit in "landsbelang" sou

---

1. Lidmaatskap vir swartes word volgens 'n senior woordvoerder, nie in die nabye toekoms voorsien nie. Teoreties is dit volgens hom, egter oor 20 jaar moontlik. In 1983 was die AHI nie eens bereid, volgens 'n sakeleier, om 'n swartman op een van die Afrikaner-maatskappye se direksies in Die AHI se Wie is Wie (1983) op te neem nie. Klaarblyklik het dit 'n groot rimpeling in AHI-geledere veroorsaak.

wees, soos tydens die Kennedy-besoek in Januarie 1985 (sien The Star, 8 Januarie 1985 vir die verklaring).

Sakeleiers, ook dié wat op die hoofbestuur van die AHI dien, voel dat hulle nie invloed op die politieke terrein het nie. Bestuurslede was ook gou om uit te wys dat hulle nie betrokke raak by partypolitiek nie. Volgens hulle tref die AHI 'n onderskeid tussen "die AHI en die politiek" en "die AHI en party-politiek". In hierdie opmerking is daar egter geen konsekwentheid nie, aangesien die ampsdraers en direktoraat van die AHI byvoorbeeld na die skeuring van die Nasionale Party in Februarie 1982, die Eerste Minister verseker het van hul volle voortgesette steun (Beeld, 26 Februarie 1982). Ander voorbeelde is onder meer die ondersteuning van die nuwe konstitusionele bedeling in die openbaar, asook ander hervormingspogings (Beeld, 27 Mei 1983 en bylae oor AHI in Finansies en Tegniek, 15 Mei 1987). By die AHI gaan dit dus uiteindelik om die ondersteuning van die Nasionale Party-regering.

Die AHI se invloed op die politieke terrein is sonder twyfel dié van legitimering. Ook wat die sosio-ekonomiese of sosio-politieke terreine betref, speel die AHI 'n sterk ondersteunende rol. Talryke verklarings word uitgereik as sou hulle byvoorbeeld die oopstelling van sekere handelsgebiede verwelkom (Beeld, 17 April 1980), die staat se beleid van desentralisasie steun (Beeld, 19 Maart 1982) en selfs dat hulle die regering sal steun as hy sou besluit om die Groepsgebiedewet af te skaf (The Star, 23 Mei 1986). Toe hierdie voorbeelde aan sakeleiers genoem is, was die opmerkings in hierdie verband dat dit vir die besluitnemers lekker is om te weet dat hulle die steun van die Afrikaner-sakelui, soos verteenwoordig deur die AHI, het. Wat omstrede vraagstukke op die sosio-ekonomiese terrein betref, soos die erkenning van swart vakbonde en die afskaffing van instromingsbeheermaatreëls, glo sakeleiers dat hulle standpunte wel van belang was vanweë die feit dat hulle die Afrikaner-siening in die sakelewe verteenwoordig en dié siening vir die regering baie belangrik is, omdat die regering se politieke magsbasis grootliks uit Afrikaners bestaan.

Dit is dan ook eerder op die breë ekonomiese terrein waar sakeleiers voel dat die AHI tog, saam met pleidooie van die ander sakeorganisasies, invloed uitoefen. Dit is uiteraard op hierdie terrein dat hul kundigheid vir die regering van belang is. Die AHI se grootste insette in terme van aanbeveling en vertoë volgens hulle, het ook betrekking op ekonomiese aangeleenthede. Al hulle voorstelle word nie noodwendig aanvaar nie, maar by vele besluite het hulle insette en dié van ander sakeorganisasies, neerslag gevind. Vanweë die feit dat die AHI 'n multi-sektorale organisasie is, het hulle invloed op 'n breë terrein van die ekonomie.

Volgens enkele voormalige presidente van die AHI, is die AHI op 'n informele grondslag ook 'n belangrike klankbord vir besluitnemers. Dikwels is hulle tydens hul termyn as president deur Ministers gebel om gou te hoor wat hulle mening oor 'n betrokke aangeleentheid is. As daar enige kontensieuse vraagstuk was, soos byvoorbeeld om werkgewers deur wetgewing te dwing om swartes se huishuur van salarisse af te trek, het volgens verskeie presidente 'n betrokke Minister dikwels gesê dat voordat daar 'n finale besluit geneem word, hy na die AHI sou terugkom.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat sakeleiers van mening is dat die AHI se invloed primêr op die ekonomiese terrein lê. Volgens hulle is hierdie organisasie se invloed op die sosio-politieke of die sosio-ekonomiese terreine veel meer beperk terwyl hulle op die politieke terrein geensins invloed het nie. Dat legitimering as sodanig 'n vorm van invloeduitoefening is, word duidelik nie deur sakeleiers besef nie.

#### **5.7.6 Die invloed van ander sakeorganisasies**

Nadat Afrikaner-sakeleiers se persepsies oor die rol van die AHI gevra is, is hulle gevra watter rol hulle dink die Stedelike Stigting, die Kamer van Mynwese, SEIFSA, die FCI en ASSOCOM in besluitneming speel.<sup>1</sup> Om vas te stel of daar persepsieverskille tussen Afrikaner- en Engelssprekende sakeleiers bestaan, is hierdie vraag ook aan die Engelssprekende verwysingsgroep gevra.

Wat die Stedelike Stigting betref, was sakeleiers van beide taalgroepe dit feitlik eens dat die Stigting wel invloed op die sosio-politieke terrein uitoefen. Die instelling van die 99-jaar huurpagstelsel en later vrye eiendomsbesit, die afskaffing van instromingsbeheermaatreëls en 'n ordelike verstedelikingsproses, is volgens sakeleiers alles veranderinge wat in 'n mate voor die deur van die Stedelike Stigting gelê kan word, hoewel ander faktore soos uitgewys sal word, ook bygedra het tot genoemde hervormings. Engelssprekende sakeleiers het hulle ietwat sterker as Afrikaners in hierdie verband uitgedruk.

Hoewel van die Afrikaner-sakeleiers bewus was van veral die swak verhouding tussen Minister Heunis en die voorsitter van die Stigting, mnr Jan Steyn, het hulle nie gevoel dat dit 'n té groot beperking op die effektiwiteit van dié organisasie se

---

1. In hoofstuk 3 (afdeling 3.7) is 'n uiteensetting gegee van die verhoë en aard van die vraagstukke wat in die verlede deur die onderskeie sakeorganisasies aan die regering gerig is. In hierdie afdeling gaan dit om die vasstelling van persepsies oor die invloed van die betrokke sakeorganisasies.

steunwerwingspogings kon hê nie. Afrikaners skryf die invloed van die Stedelike Stigting, wat volgens hulle uit "min Afrikaners bestaan", hoofsaaklik toe aan die wyse waarop hulle oor die jare steunwerwing gedoen het deur agter die skerms gesprekke te voer en die regering nie aggressief te benader nie. Een van die sakeleiers het onder meer gesê dat die Stedelike Stigting se strategie van die beste is wat gevolg word. Uit onderstaande aanhalings as voorbeelde, word weer eens die prioriteit wat Afrikaners op onderhandeling agter die skerms stel, beklemtoon:

"Die Stedelike Stigting wat nie 'n Afrikaner-dimensie as sodanig het nie, was nie oneffektief nie omdat hulle lae profiele gehandhaaf het en kalm en beredeneerd het hulle sake voorgelê".

"Die kere wat die Stedelike Stigting teenproduktiwiteit opgetel het was die enkele kere waar hulle vir hulle eie - geloofwaardigheidsontalwe met te hoë profiele geloop het. Werklike gesprekke oor instromingsbeheer, verstedeliking, behuising - daar is goeie resultate verky, maar dit was lae-profiel gesprekke".

Soos in afdeling 4.5.5.1 uitgewys, is die Stedelike Stigting volgens die regeringselite nie invloedryk nie. In hierdie opsig bestaan dus duidelike persepsieverskille tussen die regeringselite aan die een kant, en die sake-elite aan die ander kant. Verklarings vir die regeringselite se persepsies oor die Stigting se min invloed is reeds in bogenoemde afdeling aangebied.

Oor die invloed van die Kamer van Mynwese was beide Afrikaans- en Engelssprekende sakeleiers minder positief. Hierdie standpunt is dan veral gehuldig ten opsigte van vraagstukke op die sosio-politieke terrein. Die groot probleem volgens sakeleiers in die mynbedryf is die feit dat die Kamer van Mynwese sy besluite op 'n konsensusbasis neem. Duidelik verskillende standpunte word in die Kamer verteenwoordig en as gevolg van die feit dat besluite op so 'n wyse geneem word, is die Kamer per definisie nie 'n organisasie wat, soos een voormalige president dit gestel het, "bold initiatives" neem nie. Dit is nie, in sy woorde, "vreeslike brawe en dapper goed wat hy doen nie". Daar is min nie-konformistiese optrede vanweë die uiteenlopende politieke standpunte tussen veral die Afrikaans- en Engelssprekendes - "tussen die politieke standpunte van qbyvoorbeeld Wim de Villiers en Harry Oppenheimer". Dit was dan ook een van die groot redes waarom die Kamer die laaste van die groot werkgewersorganisasies was wat eers in 1982 swart vakbonde erken het.

Omdat besluite op 'n konsensusbasis geneem moet word, is aanbeveling oor gepolitiseerde vraagstukke soos die Groepsgebiedewet uiteindelik redelik neutraal. Volgens sakeleiers in die mynbedryf, is 'n goeie voorbeeld van die gebrek aan sterk invloed van die Kamer die feit dat ten spyte van die Wiehahn-aanbevelings vir die opheffing van werkreservering ook in die mynbedryf, dit ongeveer agt jaar geneem het voordat die definisie van 'n "geskeduleerde persoon" in die 1911 Wet op Myne en Bedrywe, gewysig is (in 1987) en vervang is met die nie-rassige definisie van 'n "bevoegde persoon".

Wat die afskaffing van instromingsbeheermaatreëls betref, meen die sakeleiers, was die Kamer as sodanig nie 'n sterk faktor in die sakesektor se druk vir die afskaffing daarvan nie. Dit was veral woordvoerders van individuele mynhuise wat die beëindiging van hierdie maatreëls sterk bepleit het.

Dat die Kamer wel bygedra het daartoe om sekere vraagstukke op die sosio-ekonomiese terrein te beïnvloed, word deur sakeleiers erken. Saam met ander sakeorganisasies het hulle byvoorbeeld die regering suksesvol oorreed om sekere vakbondleiers in November 1984 vry te laat.

Of die Kamer meer invloedryk was gedurende die jare wanneer 'n Afrikaner die president was ('n posisie wat jaarliks roteer), is moeilik om vas te stel. Bloot volgens die perspesies van regeringselite oor die invloed van Afrikaners (hoofstuk 4) sal dit nie heeltemal ongegrond wees om so 'n stelling te waag nie. Een van die meer onlangse Afrikaanssprekende presidente het ook erken dat 'n Kabinetsminister teenoor hom die opmerking gemaak het "Ek is bly ons het nou weer 'n Boer as president van die Kamer". Van die vorige presidente het erken dat Afrikaners noodwendig nader aan die regering sal staan al is daar 'n "lojale" Engelssprekende.

Oor SEIFSA se invloed was die meeste sakeleiers onseker bloot vanweë hulle onbetrokkenheid by, en dus onkunde oor SEIFSA. Die enkele sakeleiers wat wel in die betrokke bedryf staan en wat lede van SEIFSA is, het gevoel dat dié organisasie vanweë die feit dat hy ongeveer 8000 maatskappye verteenwoordig, en op verskeie komitees saam met staatsamptenare dien, wel invloed op bedryfsvraagstukke uitoefen. Wat invloed op die sosio-politieke terrein betref, was dié sakeleiers minder positief, maar het tog gevoel dat SEIFSA wel 'n sterk inset gelewer het by die oopstelling van tegniese opleidingsgeriewe vir swartes.

Wat ASSOCOM en die FCI se invloed op die sosio-politieke terreine betref, was sakeleiers van mening dat hulle aansienlik minder invloed as die AHI by

besluitnemers het, ten spyte van hul gereelde vertoë oor verskeie vraagstukke (sien afdeling 3.7).

Die persepsie bestaan ook dat die FCI selfs minder invloed as ASSOCOM het, ten spyte van laasgenoemde se sterk anti-Nasionale Party-regering en aanvallende houding in veral vroeëre jare (sien afdeling 3.7). Die FCI se mindere invloed is toe te skryf, soos reeds uitgewys in afdeling 4.5.5.1, aan sy direkte betreding van die politieke terrein deur die publisering van sy "Business Charter".

Sowel ASSOCOM as die FCI is aansienlik meer uitgesproke as baie van die top Engelssprekende sakeleiers en dikwels verskil hul sienings met dié van hierdie organisasies. 'n Goeie voorbeeld is die feit dat hulle in Julie 1986 die opheffing van die noodmaatreëls geëis het teenoor die meeste sakeleiers wat dit op daardie stadium verwelkom het (Race Relations Survey, 1986 : 56).

Wat baie duidelik uit die onderhoude met veral die Engelssprekende sakeleiers na vore gekom het, is die mening dat verhoë oor polities-sensitiewe aangeleenthede op die sosiale- of arbeidsterreine vanuit FCI en ASSOCOM-geledere meer impak sou hê wanneer dit ook deur die AHI ondersteun sou word. Afrikaner-sakeleiers het hierdie organisasies se redelike mate van oneffektiwiteit toegeskryf aan die gebruik van openbare platvorms, ingesluit die media, vir die uitspraak van kritiek.

'n Forum wat egter deur sakeleiers van beide taalgroepe hoog aangeskryf word, is die FCI se "Corporate Forum" wat uit maatskappyhoofde bestaan, terwyl die FCI self uit gewone streeksorganisasies bestaan wat strek tot by die sentrale organisasie. In die "Corporate Forum" tree top sakeleiers (van beide taalgroepe) agter geslote deur in gesprekvoering met Ministers wat hulle uitnooi. Daar word nie geprobeer om konsensus te bereik nie en daar word ook nie gekom met 'n spesifieke standpunt om die regering te konfronteer nie. In baie gevalle stem die "Corporate Forum" nie altyd saam met uitlatings van die FCI-direktoraat nie. Hulle was byvoorbeeld sterk gekant teen die FCI se teenkanting teen die noodtoestand.

Van die Engelssprekendes het veral gevoel dat deur hulle lidmaatskap aan die Forum en hierdie gesprekke dit vir hulle gehelp het "in getting a little bit closer to government thinking and to opening a few doors". Omdat die "Corporate Forum" meer op 'n informele persoonlike grondslag funksioneer, voel van die sakeleiers dat sommige Ministers wel na hulle luister.

Een van die leemtes wat deur Afrikaner-sakeleiers geïdentifiseer is en wat deur die Engelssprekendes bevestig is, is 'n oorkoepelende organisasie "om

sakebelange in die regeringstruktuur" te bevorder wat byvoorbeeld uit voorsitters en besturende direkteure van maatskappye sou bestaan. So 'n organisasie sal veel meer effektief wees as hulle oor vraagstukke wat 'n effek op hul besighede het, met een stem kan praat. Sodoende sou hulle meer "spierkrag" hê, al sou hulle steeds een van baie belangegroepe wees.

Hierdie uitsprake van sakeleiers ten gunste van 'n oorkoepelende organisasie blyk redelik optimisties te wees. Vanweë sektorale of partikuliere belange sowel as verskillende politieke standpunte veral tussen Engelssprekendes en Afrikaners (sien afdeling 5.8 hieronder) sal 'n goue middeweg in besluite of vertoë geneem moet word wat uiteindelik sal lei tot breë of vae beginsels. 'n Goeie bewys is inderdaad die EAR wat uit verteenwoordigers van verskillende sektore en verskillende politieke standpunte saamgestel is.

Die samesmelting van sakeorganisasies soos dié van die FCI en ASSOCOM in November 1989 (nou bekend as die Suid-Afrikaanse Besigheidkamer) sal vir die doel om uit "een mond" te praat ook nie suksesvol wees indien ook nie die AHI daarby geïnkorporeer word nie. Veral vanweë die belangrikheid van die Afrikaner-mening vir die regering, soos hierbo uitgewys, is die moontlikheid tot samesmelting vanaf AHI kant uiters skraal.

Hoewel sakeleiers wel sekere terreine of vraagstukke geïdentifiseer het waar hulle van mening is dat sakeorganisasies of individue 'n rol in beïnvloeding gespeel het, het hul tog ook gevoel dat dit praktiese omstandighede of ekonomiese realiteite was wat as katalisator gedien het in die afskaffing van onder meer werkreservering en instromingsbeheermaatreëls.<sup>1</sup> Vertoë uit sakegeledere is inderdaad nie uit morele oorwegings gedoen nie.

Sakelui het dus meer 'n indirekte rol gespeel deurdat hulle werkreservering en instromingsbeheermaatreëls nie toegepas het, of andersins die wette omseil het. Ander het weer konsessies gevra en die regering moes toenemend uitsonderings maak. Prakties het hierdie maatreëls al hoe meer in onbruik geraak totdat dit herroep is. Ander bydraende faktore was, soos genoem, byvoorbeeld buitelandse druk en bowenal PW Botha se ontvanklikheid vir verandering op baie terreine van die samelewing. Al die genoemde redes in ag genome, blyk dit dus duidelik dat dit in die eerste instansie in die regering se eie belang was om genoemde hervormings aan te bring.

---

1 Van die Afrikaner-sakeleiers het selfs verder gegaan deur te sê dat ekonomiese realiteit sal veroorsaak dat die regering byvoorbeeld hospitale en skole uiteindelik sal moet oopstel, want afsonderlike instellings sal nie meer bekostig kan word nie.

Die invloed van sakeorganisasies ten opsigte van sosio-ekonomiese of sosio-politieke vraagstukke, moet dus aan die een kant nie oorskak word nie, maar terselfdertyd ook nie onderskat word nie. Hierdie sakeorganisasies se rol op die sosio-politieke terrein moet om twee redes nie onderskat word nie. Eerstens speel hulle 'n baie sterk bewusmakingsrol, nie net ten opsigte van die publiek nie, maar ook ten opsigte van besluitnemers. Hulle is dus besig om 'n klimaat te skep. Op 'n meer konkrete vlak, en dit geld veral ook vir suiwer ekonomiese aangeleenthede, is hulle 'n bron van kennis en bepaalde insigte en kom hulle met spesifieke voorstelle wat besluitnemers in ag moet neem. Vir die regering is hulle dan nie net 'n belangrike bron van inligting nie, maar is hulle ook 'n belangrike klankbord.

'n Ander belangrike funksie wat hulle vervul, en hier wissel dit van vraagstuk tot vraagstuk en van sakeorganisasie tot sakeorganisasie, is hul legitimeringsrol ten opsigte van regeringsbesluite. Die AHI, soos reeds bespreek, speel 'n belangrike rol in hierdie opsig. 'n Legitimeringsrol word ook van tyd tot tyd deur sakeorganisasies soos die FCI en ASSOCOM vervul deurdat hulle onder meer regeringsoptrede in byvoorbeeld media-verklarings soos uitgewys, verwelkom.

Oor die algemeen is sakeorganisasies volgens sakeleiers minder invloedryk as individuele sakeleiers. 'n Moontlike verklaring vir hierdie oënskynlike verskil in die uitoefening van invloed is dat vanweë hul geweldige druk program die werklike top sakeleiers in die land self nie altyd op die hoofbesture van hierdie organisasies dien nie - dié individue wat byvoorbeeld hierbo geïdentifiseer is as invloedryk. Soos een sakeman dit gestel het: "if you put second team people on - you'll have less influence".

Ten slotte, om sakeorganisasies se insette te oorbeklemtoon of te ignoreer, sou 'n vereenvoudiging van die besluitnemingsproses wees. Wat wel duidelik uit die voorafgaande bespreking blyk, is dat die sake-elite en regeringselite grootliks ooreenstem oor die mate van invloed wat die onderskeie organisasies op die verskillende terreine van beleidsformulering sou uitoefen. Persepsieverskille kom slegs ten opsigte van die invloed van die Stedelike Stigting voor. Om egter werklike invloed te meet, bly uiters problematies.

## **5.8 PERSEPSIES OOR BELANGRIKE VRAAGSTUKKE**

Die doel van hierdie afdeling is om vas te stel of die tradisionele politieke verskille tussen die sakeleiers van hierdie twee taalgroepe steeds bestaan, en of daar

reeds 'n mate van ooreenstemming in standpunte besig is om te ontwikkel. Uiteraard hou dit belangrike implikasies in ten opsigte van toekomstige beïnvloeding. Solank daar nog duidelike politieke verskille tussen die sakeleiers van hierdie twee taalgroepe onder 'n Nasionale Party-bewind bestaan, sal Afrikaners steeds meer invloed op besluitnemers kan uitoefen, veral gesien in die lig van die bevindinge in hoofstuk 4. Persepsies oor onderstaande vrae sal ook moontlik as riglyn kan dien van die mate waartoe sakeleiers en spesifiek Afrikaner-sakeleiers politieke en sosio-politieke hervorming sal help bevorder.

In die bespreking hieronder word in die eerste plek aandag geskenk aan vraagstukke wat volgens sakeleiers prioriteit by besluitnemers behoort te geniet. Tweedens is sakeleiers gevra om hul prioriteite ten opsigte van ekonomiese of politieke hervorming aan te dui. Ten slotte word sakeleiers se persepsies oor 'n aantal geïdentifiseerde politieke vraagstukke ontleed.

#### **5.8.1 Vraagstukke wat volgens sakeleiers prioriteit by besluitnemers behoort te geniet**

Deur te bepaal watter vraagstukke volgens die sake-elite van beide taalgroepe prioriteit by besluitnemers behoort te geniet, kan 'n aanduiding gee van die mate waarin sakeleiers voel dat politieke probleme die oorsaak vir die land se ekonomiese probleme is.

Vir Afrikaners was die belangrikste prioriteit wat genoem is, ekonomiese groei, met ander woorde die skepping van welvaart sodat swartes ook 'n "groter deel van die ekonomiese koek" kan kry. Hand aan hand hiermee loop die hele kwessie van werkskepping deur onder meer deregulering en beter onderwys en opvoedkundige geleenthede vir swartes.

Die probleem van inflasie moet verder aangespreek word, sowel as verskillende aspekte van die belastingstruktuur. Staatsuitgawes of owerheidsbesteding, sowel as dié se aandeel in die ekonomie, moet ingekort word. Heelwat laer af op Afrikaner-sakeleiers se lys van prioriteite is politieke stabiliteit, terwyl slegs twee sakeleiers die proses van konstitusionele evolusie en die politieke akkommodasie van swart mense op hul onmiddellike prioriteitslys geplaas het.

Omdat die verwysingsgroep uit slegs 12 Engelssprekende sakeleiers bestaan, is dit moeilik om enige veralgemenings te maak. Aanduidings is egter dat hulle meer klem op konstitusionele hervorming as hul Afrikaanssprekende eweknieë plaas. Dat aspekte soos werkskepping, behuising en swartes se deelname aan die

ekonomie ook vir hulle belangrike prioriteite is, lei egter geen twyfel nie. Engelsprekendes blyk ook meer ingestel te wees op sosio-ekonomiese probleme as probleme op die meer suiwer ekonomiese terrein soos inflasie, die belastingstruktuur en staatsuitgawes, as wat by Afrikaners die geval is. Uit bogenoemde persepsies sou die afleiding gemaak kan word dat vir die meeste Afrikaner-sakeleiers ekonomiese probleme nie 'n voortvloeiende is van die probleme op die politieke terrein nie. Oor die algemeen blyk die Afrikaners meer tevrede te wees met die politieke stelsel as die Engelsprekendes aangesien laasgenoemde veel sterker klem gelê het op konstitusionele hervorming as die Afrikaners, wat daarop dui dat ekonomiese probleme, volgens die Engelsprekendes, sal verminder indien politieke probleme ook prioriteit sou geniet. Hoewel indirek, is daar weer eens sterk aanduidings van die politieke legitimeringsrol by die Afrikaners te bespeur.

### 5.8.2 Prioriteitsbepaling van ekonomiese of politieke hervorming

Of ekonomiese of politieke hervorming eerste moet geskied, is 'n tweede indirekte vraag wat aan sakeleiers gevra is om vas te stel hoe belangrik vraagstukke op die politieke terrein vir hulle is en in watter mate daar 'n verband tussen die probleme op die twee terreine bestaan. Hierdie dien as kontrolevraag op die vorige waar sakeleiers die belangrikste vraagstukke moes identifiseer wat aangespreek moet word.

Slegs twee Afrikaner-sakeleiers was van mening dat politieke hervorming voor ekonomiese hervorming moet geskied, terwyl enkeles dit as gelyklopende prosesse gesien het. By verre die meerderheid het egter gevoel dat ekonomiese hervorming voor politieke hervorming moet plaasvind. Die ekonomie het die "trekkrag". As daar 'n sterk ekonomie is, maar die politieke omstandighede is swak, sal die ekonomie "die wa deur die drif trek". Deur politieke oplossings te soek, sal die ekonomie nie regkom nie. Soos een sakeman dit gestel het: "Eers ekonomiese hervorming - wat kan politieke hervorming help? Al sê jy Mandela is nou prins van als - hoe gaan hy hierdie gemors uitsorteer ...?".

Ter staving van hierdie siening wys sakeleiers daarop dat Suid-Afrika net in tye van ekonomiese slapte politieke onrus ervaar het. In een sakeman se woorde: "Alle getuienis is daar - in Suid-Afrika in tye wat ons 'n hoë ekonomiese konjunktuur gehad het, was spanning tussen wit en swart op busse en in treine, op die werksvlak en in parke, baie minder - 'Everybody was happy and content'".

Op hierdie trant word voortborduur deur te argumenteer dat ekonomiese welvaart of materiële deelgenootskap die felheid van die pogings om politieke inspraak te kry, aansienlik modereer. Deur onder meer swartes die geleentheid te gee om as entrepreneurs tot die sakelewe toe te tree, word die klassestryd, en in 'n mate botsende politieke ambisies, ontlont. Enkele voorbeelde van uitsprake oor die mate van tevredenheid wat bestaan met die bevrediging van basies swart materiële behoeftes is die volgende:

"As mense produktief besig is, nie honger gaan slaap nie, die water nie deur die huise se dakke loop nie, as elkeen net een kragpunt het vir 'n televisiestel, dan is daar minder tyd vir al die opruiende ideologieë".

"Dit is nie oor politieke regte wat eerste klippe gegooi is nie, die eerste klip was gegooi deur honger mae".

"[Ons] moet deur ekonomiese hervorming meer vir die nie-blanke van die voordele van die kapitalistiese stelsel in terme van lewensstandaard, inkomste, ens. probeer bied, want as hy 'n gevestigde belang in die stelsel het - 'n hoë lewensstandaard, is hy minder geneig om 'n agitator en 'n terroris te word".

Hoewel nie in soveel woorde gesê nie, kan duidelik uit bogenoemde argumente afgelei word dat die meerderheid Afrikaner-sake-elite tog in 'n sekere sin van die veronderstelling uitgaan dat mense se politieke aspirasies in 'n groot mate met ekonomiese welvaart afgekoop kan word. Daarbenewens word 'n mate van tevredenheid met die politieke stelsel geïllustreer.

Wat die Engelssprekendes betref, is daar 'n sterk gevoel dat ekonomiese en politieke hervorming hand aan hand loop en dat die een nie sonder die ander kan plaasvind nie. Ook is daar net enkeles wat voel dat ekonomiese hervorming prioriteit behoort te geniet. Soos by die Afrikaners, was die mening dat voorkeur aan politieke hervorming gegee behoort te word, die uitsondering.

Engelssprekendes se redes waarom ekonomiese hervorming belangrik is, verskil heelwat van die argumente soos deur die Afrikaner-sakeleiers voorgehou. Vir hulle is die grootste enkele rede dat 'n goeie ekonomie nodig is om te kan betaal vir die hervormings op die politieke terrein. Die volgende is uitsprake in hierdie verband:

"You can't afford political reform without economics - you got to have the money to pay for it".

"You can't have political reform without substantial economic reform. In a country as complex as South Africa, you are going to have to buy political reform - you have already started with the coloureds and Indians ... now you have to buy the big majority, the blacks and in order to do that you need money".

Wat dus baie duidelik uit die Engelssprekendes se standpunte blyk, is die tendens dat die akkommodasie van politieke aspirasies as 'n gegewe gesien word teenoor die Afrikaners wat lyk of hulle die proses nog wil uitstel. Engelssprekendes se klem op die feit dat 'n nuwe politieke bedeling geld kos, spruit uit die feit dat ook hulle beseft dat 'n gewone meerderheidsregering in 'n eenheidsstaat op 'n een mens een stem grondslag nie 'n haalbare konstitusionele bedeling in Suid-Afrika is nie (sien bespreking hieronder). Enige ander tipe bedeling wat outonomie aan bepaalde bevolkingsgroepe wil gee, of dit nou in die vorm van 'n federasie is soos deur Engelse sakeleiers voorgestaan (sien bespreking in afdeling 5.8.3(i)) of nie beteken geweldige duplisering wat baie geld kos.

Die oënskynlike verskil in standpunte tussen Afrikaner- en Engelssprekende sakeleiers kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die Afrikaner die ekonomie as 'n swart bevrydingskanaal sien omdat die politiek sy vesting is en hy oënskynlik redelik tevrede met die bestaande politieke bedeling is. Die Engelssprekende aan die ander kant het nie dieselfde belang nie, wat hom dus vrystel van mede-verantwoordelikheid om 'n politieke magsbasis te beskerm.

### **5.8.3 Persepsies oor relevante politieke vraagstukke**

Deur meer direk te probeer vasstel of daar enige ideologiese verskille in persepsies tussen Engelssprekende- en Afrikaner-sake-elites bestaan, is 'n aantal vrae wat sodanige verskille (indien enige) sou uitwys, geïdentifiseer. Hierdie vraagstukke is geïdentifiseer aan die hand van riglyne soos neergelê deur Boyd en Pentland (1981) vir die identifisering van internasionale vraagstukke. Hierdie indikatore kan met enkele aanpassings ook suksesvol vir die bepaling van vraagstukke op nasionale vlak aangewend word. Nasionale politieke vraagstukke kan kortliks omskryf word as: daardie vraagstukke, probleme, dilemmas en uitdagings wat breedweg betrekking het op die vereistes van binnelandse vrede, stabiliteit, vryheid en geregtigheid.

Die volgende indikatore is gebruik in die vasstelling van die belangrikste politieke vraagstukke (soos aangepas van Boyd en Pentland, 1981 : 6):

- Dit verg die aandag van regeringselite en laasgenoemde tree in openbare debat daaroor;
- dit is die onderwerp van voortdurende akademiese navorsing en bespreking en
- dit verskyn op die agendas van organisasies vir wie politieke vraagstukke direk of indirek relevant is, of wat hulle met sodanige vraagstukke besig hou, soos onder meer sakeorganisasies, kerkgroepe en sekere kulturele organisasies (byvoorbeeld die Afrikaner-Broederbond in Suid-Afrika).

Vraagstukke is geïdentifiseer uit die tydperk wat gestrek het vanaf 1 Julie 1985 tot 30 September 1987. Vanweë tydsbeperking van onderhoude is volstaan met die volgende vyf breë vraagstukke wat nie noodwendig in volgorde van belangrikheid is nie:

- Die aard van 'n meer aanvaarbare konstitusionele bedeling;
- die Kwa-Zoeloe Natal Indaba-voorstelle;
- die Noodmaatreëls;
- die relevansie van die ANC en
- die afskaffing van die Groepsgebiedewet.

Met die uitsondering van die Kwa-Zoeloe Natal Indaba-voorstelle wat nie meer die voortdurende aandag geniet soos aan bogenoemde kriteria gemeet nie, maar wat steeds relevant is in 'n bespreking van konstitusionele opsies, bly die ander vraagstukke in 'n groot mate steeds die middelpunt van bespreking en was dit ook kernvraagstukke in partymanifeste in die 1989-Algemene verkiesing.

Wat egter duidelik gestel moet word, is dat dit in die onderstaande bespreking nie gaan om 'n in-diepte bespreking van die betrokke vraagstukke insigself nie, maar dat laasgenoemde slegs gebruik word om ideologiese verskille indien enige, tussen sakeleiers van die twee taalgroepe uit te wys, deur hul standpunte oor die betrokke kwessies te evalueer.

(i) **Die konstitusionele bedeling**

Sedert ongeveer Oktober 1985 was daar voortdurend oproepe tot politieke hervorming deur sakeleiers van beide taalgroepe in die pers. Na aanleiding van hierdie algemene oproepe is besluit om vas te stel watter tipe bedeling vir sakeleiers aanvaarbaar sal wees vir Suid- Afrika in die toekoms.

Wat die Afrikaner-sake-elite betref, was hulle baie vaag in hulle antwoorde. Oor swartes se deelname in politieke besluitneming was daar konsensus, maar met dié voorwaarde dat dit nie moet lei tot swart oorheersing nie - dus nie 'n een-mens-een stem tipe kiesstelsel nie. Verskeie het gevoel dat Buthelezi die sleutel is tot die antwoord en betrek moet word aangesien hy die "sterkste etniese groep verteenwoordig". Die oplossing soos baie dit gestel het, lê "tussen die Afrikaner en die Zoeloe".

Met die uitsondering van twee sakeleiers wat gevoel het dat die stelsel 'n tipe van kantonstelsel of konfederale bedeling moet wees, wou die ander sakeleiers nie in meer besonderhede ingaan nie. Uitsprake in hierdie verband is onder meer die volgende:

"Politieke hervorming moet vinniger gaan as nou. Moet nie vir my vra wat dit behels nie. Ek wil nie 'n polities-staatskundige siening daarvoor neem nie - maar dit moet gebeur. Ek vind dit jammer dat daar hierdie halwe skaakmat-posisie tussen die Staatspresident en Buthelezi is. Ek dink dit is waar die oplossing lê".

"Ons moet aanvaar dat dit tien jaar of langer gaan duur voordat ons 'n werklike bedeling het wat vir almal aanvaarbaar is, maar daardie bedeling moet gegrond wees op gesprekvoering met alle swart volke op alle vlakke. In 'n uiteindelik bedeling moet geen volk 'n ander oorheers nie".

Die Engelssprekendes was veel meer spesifiek oor wat vir hulle 'n aanvaarbare konstitusionele bedeling sal wees. Sonder uitsondering het hulle die oplossing in 'n federale bedeling gesien waarin individuele sowel as groepregte in 'n Handves van Menseregte beskerm moet word. Hulle het heelwat klem op veral die beskerming van individuele regte laat val terwyl by Afrikaners die belangrikheid van afsonderlike "volke" sterk deurgeslaan het.

Die persepsies van Afrikaner- en Engelse sakelui wat betref 'n toekomstige konstitusionele bedeling, reflekteer dié van die politieke partye wat hulle ondersteun. Die Afrikaners se vaagheid stem ooreen met die feit dat die Nasionale Party geen bloudruk het vir die wyse waarop swartes in 'n toekomstige bedeling geïnkorporeer kan word nie, terwyl Engelssprekendes se spesifiekheid in hierdie verband korreleer met die federale bedeling wat deur die destydse Progressiewe Federale Party, tans die Demokratiese Party, voorgestaan word.

(ii) **Die Kwa-Zoeloe Natal Indaba-voorstelle**

Oor die Kwa-Zoeloe Natal Indaba-voorstelle wat in November 1986 vrygestel is (sien Race Relations Survey, 1986 : 99-104 vir verdere detail), het Afrikaners gevoel dat dit 'n goeie "eksperiment" en 'n "goeie oefening" was maar dat dit nie 'n ideale stelsel is nie omdat minderheidsregte nie voldoende beskerm word nie. Weer eens is dit 'n bewys dat hulle 'n baie sterk Nasionale Party-standpunt ingeneem het, aangesien dit presies die rede was vir die Nasionale Party se verwerping daarvan. Engelssprekendes daarenteen het hierdie voorstelle verwelkom as 'n poging om regionale oplossings in Suid-Afrika te kry. Hierdie voorstelle is deur die voormalige PFP aanvaar en ook deur die huidige Demokratiese Party onderskryf, aangesien dit ook goed inpas by dié partye se federale gedagte.

(iii) **Noodmaatreëls**

Sakeleiers se standpunte oor die Noodmaatreëls is gevra aangesien die gedeeltelike instelling daarvan in 36 landdrosdistrikte op 20 Julie 1985 en 'n algehele instelling op 12 Junie 1986 groot reaksie uitgelok het. Die FCI en ASSOCOM het op verskeie geleenthede die beëindiging van die Noodtoestand geëis (sien byvoorbeeld Business Day, 11 Julie 1986 en The Citizen, 13 Junie 1986).

Sonder uitsondering het die sakeleiers van beide taalgroepe die Noodmaatreëls gesteun en beklemtoon dat dit stabiliteit in die land gebring het, waarsonder die ekonomie nie kan vooruitgaan nie. Die kans dat sakeleiers 'n algehele opheffing binne die afsienbare toekoms sal bepleit, blyk uiters skraal te wees, 'n aanduiding dat aan die einde van die dag dit vir sakelui in die eerste plek gaan om effektief hul sake te kan bedryf, ongeag watter maatreëls toegepas word om 'n atmosfeer van redelike orde te skep.

(iv) **Die relevansie van die ANC**

Omdat gesprekvoering met die ANC in die 1986/87-tydperk 'n hewige debatteringspunt was en daar verskeie groepe was wat in gesprek met die ANC getree het (sien byvoorbeeld Race Relations Survey, 1986 : 133-135 en 1987/1988 : 702), is sakeleiers se persepsies oor die wenslikheid al dan nie van sodanige gesprekke en die insluiting van dié organisasie in gesprekke oor 'n nuwe bedeling ondersoek.

Met die uitsondering van twee persone, was Afrikaner-sakeleiers baie sterk gekant teen enige gesprekvoering met die ANC tensy hulle geweld sou afsweer. Redes wat onder meer aangevoer is, is dat dié organisasie "uit en uit Kommunisties is", dat 'n mens nie met die "vyand heul nie", dat aan hulle geloofwaardigheid gegee word wat hulle nie toekom nie en dat dit 'n klap in die gesig vir 85% van die swartes in hierdie land is. Ter verdere illustrasie van hoe sterk Afrikaners oor hierdie aspek voel, die volgende voorbeelde van uitsprake:

"Gesprekvoering met die ANC is 'n absolute mors van tyd. Dit sterk slegs die ANC se hand. Hulle stel glad nie belang in 'n demokratiese en kapitalistiese sisteem nie".

"'n Mens praat nie met rewolusionêre swart groepe nie. Dit bring jou nêrens nie. Ons moet gematigde mense in hierdie land so na as moontlik aan mekaar trek. Die rewolusionêre swart wêreld het nog net drama gegee - daar het nog niks vreugde daaruit gekom as jy na Afrika kyk nie".

Soos verwag kan word in die lig van uitsprake soos bogenoemde, was nie een Afrikaner-sakeman hoegenaamd ten gunste van die ontbanning van die ANC nie.

Dat Nasionale Party-retoriek en sakelui se Nasionale Party-lidmaatskap 'n besondere groot rol gespeel het in hulle standpunte, kan nie betwyfel word nie. 'n Goeie voorbeeld ter bevestiging van hierdie standpunt is die feit dat dr Fred du Plessis en dr Anton Rupert saam met Engelssprekende sakeleiers samesprekings met die ANC in September 1985 sou hou. Na 'n waarskuwing van PW Botha dat hulle "dislojaal" sou wees, het die twee sakeleiers hulle onttrek van die groep (Africa Confidential, 18 September 1985). Daarna het veral Dr du Plessis dieselfde standpunt as die regering gehuldig (onderhoud met Dr du Plessis, 13 November 1987). Hierdie standpunte van Afrikaner-sake-elite bevestig die legitimeringsrol wat hulle speel en die feit dat hulle selde, indien ooit, sou poog om

beleidsinsette te inisieer wat enigszins 'n politieke kleur het. Sover dit hierdie sakektor betref, skyn dit of sakelui deurgaans verkies om politiek in die hande van die regering te laat en laasgenoemde se standpunte hoogstens te ondersteun. Die regering word skynbaar beskou (en so aanvaar) as sou dit 'n eie agenda en eie belange hê waarby sakelui, en ander nie-politici, geen werklike inspraak kan lewer nie, tensy direk daartoe uitgenooi deur die regering.

Die kwessie van die vrylating van Nelson Mandela is deur Afrikaner-sakeleiers met gemengde gevoelens beskou. Meer as die helfte het gevoel dat hy vrygelaat moes word bloot omdat onder meer verhoed moet word dat hy nie in die tronk sterf nie anders sou hy 'n "simboliese of martelaarsfiguur" word. Diegene wat daarteen gekant was, het 'n "regering in ballingskap" gevrees of met die argument gekom dat hy "tog moord beplan het".

Engelssprekendes aan die ander kant, was veel meer tegemoetkomend teenoor die ANC. Die vrylating van Mandela was geen kwessie meer nie, terwyl die ANC ontban moet word en in gesprekke oor 'n nuwe konstitusionele bedeling betrek moet word. Sommige het wel bygevoeg dat die ANC nie as die enigste politieke faktor in swart geledere gesien moet word nie. Hierdie standpunte is ook duidelik weer dié van die PFP/DP.

#### (v) **Groepsgebiedewet**

Sedert die oopstelling van Sentrale Handelsgebiede in Februarie 1986, is die afskaffing van residensiële skeiding 'n intense besprekingspunt (vir 'n volledige oorsig sien Race Relations Survey, 1987/88 : 478- 505). Ten tye van die onderhoude was daar nog geen definitiewe standpunt van regeringskant oor die toekoms van die wet nie, behalwe dat 'n algehele afskaffing daarvan buite die kwessie was. Dat daar wel wysigings oorweeg is, was geen geheim nie. Die PFP se standpunt oor hierdie aangeleentheid was baie duidelik, naamlik die algehele afskaffing daarvan.

Die vaagheid van die Nasionale Party oor die Groepsgebiedewet in daardie stadium, is duidelik in die antwoorde van Afrikaner-sakeleiers weerspieël. Almal het gevoel dat die wet in sy bestaande vorm nie behoue kon bly nie. 'n Groot probleem wat genoem is, is byvoorbeeld swart bestuurders in maatskappye wat saans moet teruggaan Soweto toe en daar tussen die werkers woon wat hulle bedags moet dissiplineer. Aan die ander kant was Afrikaners ook nie gemaklik daarmee om die algehele afskaffing van die wet te bepleit nie. Die oorgrote meerderheid het gevoel dat die wet nie "onvoorwaardelik" of "totaal" afgeskaf moet

word nie, maar dat dit "verlig" of "geleidelik" afgeskaf behoort te word. Die konsep "grys gebiede" was in daardie stadium nie 'n algemene gebruiksterm nie, hoewel twee tog dié woord gebruik het. Wat egter duidelik geblyk het, was dat 'n totale afskaffing van die wet nie vir Afrikaners 'n belangrike vereiste is nie. Soos verwag kan word, was die Engelssprekende sakeleiers heeltemal ten gunste van die algehele afskaffing van die wet.

Op grond van bogenoemde bespreking, bestaan daar geen twyfel nie dat daar steeds duidelike politieke of ideologiese verskille tussen Engels- en Afrikaner-sakeleiers bestaan wat aan hulle verskillende partyverbintnisse toegeskryf kan word. 'n Verdere belangrike verskynsel wat duidelik in hulle standpunte en retoriek weerspieël word is dat Afrikaner-sakeleiers sterk navolgers van regeringsbeleid is. Die implikasie hiervan is dat daar nie van Afrikaner-sakeleiers verwag moet word dat hulle hervorming gaan vooruit loop nie. Hulle sal wel 'n baie sterk legitimeringsrol speel.

Om dus die verhouding tussen die Afrikaner- en Engelssprekende sakesektore (ofte wel 'big business') as 'n monolitiese blok van monopolie kapitaal voor te stel wat eenstemmig optree en dieselfde ideologie voorstaan (sien O'Meara, 1982 : 13) is dus misleidend. Hoewel die Afrikaner- en Engelssprekende sakesektore sedert die sewentigerjare ooreengestem het oor sekere aspekte van hervorming soos om beperkings op swart arbeid af te skaf (vergelyk afdeling 3 .7), bestaan daar nog groot verskille oor ander aspekte van hervorming soos hierbo uitgewys. Die ideologiese verskille tussen die sakeleiers van die onderskeie taalgroepe dien dan as verdere rede waarom die Engelssprekende sakesektor nie dieselfde binnekringstatus as die Afrikaners geniet nie. Soos openlik deur sakeleiers en die regeringselite erken, sal Afrikaners se insette by die regering prioriteit geniet.

## **5.9 SAMEVATTING**

Ter inleiding van hierdie hoofstuk is die verhouding tussen PW Botha en die sakesektor uiteengesit. Sedert die bewind van Verwoerd het die ideologiese gebondenheid aan apartheid stelselmatig by elke regeringshoof progressief afgeneem. Daarmee saam het 'n groter pragmatisme ingetree wat daartoe bygedra het dat daar ook algaande tekens van 'n beter atmosfeer tussen die opeenvolgende regeringshoofde, en spesifiek die Engelssprekende sakesektor, te bespeur was. Dit was egter eers onder die Botha-bewind dat daar vir die eerste keer daadwerklike pogings aangewend is van toenadering tot dié sektor. Desnieteenstaande het Botha, soos sy voorgangers, enige bemoeienis van sakelui met die politiek veroordeel, hoewel op 'n ietwat meer besadigde wyse.

Teen die agtergrond van die verhouding tussen Botha en die sakesektor, is Afrikaner-sakeleiers se persepsies oor verskeie vraagstukke ontleed. Onderhoude is ook met 12 Engelssprekende sakeleiers gevoer wat as verwysingsgroep gedien het. Hulle kan as verteenwoordigers van die Engelssprekende sake-elite beskou word deurdat hulle ook op grond van onder meer die posisionele- en reputasie metodes saamgestel is (afdeling 2.3.4). Daar moet egter versigtigheid aan die dag gelê word met veralgemenings vanweë die grootte van die proefgroep. Sekere tendense kan wel uit die menings van hierdie elite waargeneem word. Die doel van hierdie verwysingsgroep was om die Afrikaners se persepsies teen die beskouings van hierdie groep te toets. Waar relevant, is hierdie leiers se standpunte ook ontleed.

In die eerste plek is sakeleiers se persepsies oor die drie ekonomiese berade ontleed: die Carlton, Goeie Hoop en Bryntirion, wat soos, bespreek, van Botha se groot inisiatiewe tot toenadering tot die sakesektor was. Dit is gevolg deur 'n ontleding van hul sienings van wat hul betrokkenheid in politieke aangeleenthede moet wees, gesien teen die lig van veral Botha se standpunt oor sodanige bemoeienis. Persepsies oor die mate van sakeleiers se toegang tot regeringsleiers, hul uiteindelijke invloed en die invloed van die Afrikaner-sakesektor teenoor dié van die Engelssprekendes, asook die invloed van individuele sakeleiers, Kommissies van Onderzoek, die Ekonomiese Adviesraad en sakeorganisasies is ook ondersoek. Aandag is veral aan die AHI geskenk. Ten slotte is sakelui se persepsies oor belangrike vraagstukke ontleed.

Die bevindings van hierdie navorsing kan hoofsaaklik in drie breë kategorieë ingedeel word. In die eerste plek blyk dit duidelik dat by sakeleiers 'n selfopgelegde beperking bestaan om nie by suiwer politieke aangeleenthede betrokke te raak nie. Die redes hiervoor verskil sterk tussen Afrikaner- en Engelssprekende sakeleiers. Vir Afrikaners gaan dit, ten spyte van redes soos die moontlik nadelige invloed wat sodanige betrokkenheid op hule sakeonderneming kan hê, uiteindelik om konfrontasie met die regering te vermy; enersyds vanweë hulle partylojaliteit en andersyds uit vrees vir viktimisering. Engelssprekendes aan die ander kant skryf hul onbetrokkenheid toe aan onkunde of dat hulle nie "tuis" voel as dit by suiwer politieke kwessies kom nie. Hulle verskil ook van Afrikaners in dié opsig deurdat hulle voel dat hulle nieteenstaande onbetrokkenheid, tog hul menings oor politieke aangeleenthede in die openbaar mag lug, terwyl Afrikaners die privaat gesprek en konstruktiewe kritiek verkies.

Dat die suiwer politieke terrein beskou word as die domein van die politikus, is ook duidelik bevestig in antwoorde op die vraag of sakelui, hetsy Engels- of Afrikaanssprekend, enige invloed op die politieke terrein kan uitoefen. Sakeleiers van beide taalgroepe was dit eens dat hulle daar geen invloed het nie.

'n Verdere motivering vir die sakemanne se onbetrokkenheid by die politiek is weerspieël in hul persepsies oor watter vraagstukke die belangrikste is wat besluitnemers se aandag behoort te verg. Vir die sake-elite van beide taalgroepe het hierdie vraagstukke aspekte op die ekonomiese terrein behels soos ekonomiese groei, werkskepping en inflasie. Op die sosio-ekonomiese terrein was dit aspekte wat nou gekoppel is aan die effektiewe funksionering van hul onderneming, soos beter opleiding vir swartes.

Dat sakeleiers se eerste belang by ekonomiese aangeleenthede lê, is op 'n derde wyse bevestig in die prioriteit wat hulle aan ekonomiese hervorming eerder as politieke hervorming gestel het.

Wat opgeval het in gesprekke met veral Afrikaner-sakeleiers is dat daar by hulle min erkenning bestaan dat heelwat van die probleme wat op ekonomiese gebied ondervind word, toegeskryf kan word aan die huidige politieke situasie - dat sanksies oor die laaste vier jaar die land R100 biljoen gekos het, die land se groeikoers daardeur met 10% afgeneem het en dat werkseleenthede met 500 000 verminder het, om maar enkele voorbeelde te noem (The Star, 11 November 1989).

Dat daar verskille in motivering tussen politici en sakelui bestaan, behoort nie miskien te word nie. Vir 'n politikus gaan dit om sy kiesers en sy beeld terwyl dit vir 'n sakeman uiteindelik om homself en wins gaan - "the business of business is business". Om politieke aktivisme van Afrikaner-sakeleiers of selfs hul Engelssprekende eweknieë te verwag, of dat enige van dié twee groepe die inisiatief sal neem om apartheid finaal te beëindig, blyk onrealisties te wees.

Die tweede belangrike bevinding is dat die persepsie by sake-elites van beide taalgroepe bestaan dat die Afrikaners meer invloedryk by besluitnemers is as Engelssprekendes op grond van gedeelde etniese- en partyaffiliasies. Hoewel die siening by sakeleiers bestaan dat hulle geen invloed op politieke gebied uitoefen nie, speel veral die Afrikaner-sake-elite insluitend die AHI, in terme van regeringsbesluite op hierdie terrein 'n belangrike legitimeringsrol.

Wat invloed op veral die sosio-ekonomiese of sosio-politieke terreine betref, is sommige individuele Afrikaner-sakeleiers uitgesonder as die invloedrykste. Van die sakeorganisasies is die AHI uiteraard ook as die naaste aan besluitnemers bestempel wat beteken dat aan hulle insette heelwaarskynlik ook meer waarde geheg sal word. Die belangrike implikasie van hierdie meer invloedryke posisie van die Afrikaner-sakesektor is dat vertoë uit die sakesektor veel meer gewig sal dra as dit ook deur Afrikaner-sakeleiers en die AHI gesteun word. Hierdie gedagte is veral deur die Engelssprekende verwysingsgroep beklemtoon. Die oorredingsrol van organisasies wat nie suiwer Afrikaans is nie, soos die Stedelike Stigting, moet egter nie negeer word nie.

Ten slotte, deur sakeleiers se standpunte oor veral 'n aanvaarbare konstitusionele bedeling en die relevansie van die ANC te toets, is Afrikaner-sakeleiers se sterk gebondenheid aan Nasionale Party-beleid en regeringsretoriek, sowel as Engelssprekende sake-elite se ondersteuning van die liberale parlementêre opposisieparty, die Progressiewe Federale Party (nou die Demokratiese Party) bevestig. Onder die huidige Nasionale Party-bewind is Afrikaners dus steeds die "insiders". Wat die politieke terrein betref, is die Afrikaner-sakeleiers duidelik nie van plan om as inisieerders van verandering op te tree nie. Hul steun aan die Nasionale Party is die belangrikste rede waarom hulle ook in die toekoms hoofsaaklik 'n legitimeringsrol in terme van die regering se hantering van kontensieuse politieke vraagstukke sal speel. 'n Baie goeie voorbeeld van hierdie legitimeringsrol is byvoorbeeld die reaksie van mnr Tom de Beer, President van die AHI, tydens die hoof nuusbuletin op SAUK-TV op 2 Februarie 1990 waarin hy die staatspresident, mnr FW de Klerk gesteun het in sy besluite om onder meer die ANC, SAKP en PAC te ontban en Mnr Mandela vry te laat. Hierdie uitspraak moet veral gesien word teen die agtergrond dat hierdie sakeleiers die regering ewe sterk in 1987 gesteun het (afdeling 5.8.3) toe dit die ontbanning van die betrokke organisasies en die onvoorwaardelike vrylating van Mnr Mandela verwerp het. Nie net is die legitimeringsrol van die Afrikaner-sakesektor bevestig nie, maar ook die feit dat hierdie sektor in 'n groot mate 'n duidelike onderskeid tref tussen die rol van die regering (wat hoofsaaklik polities is) en hul eie rol, naamlik die bedryf van sake binne 'n milieu wat deur die regering gedikteer en beheer word volgens belange en behoeftes deur die regering geïdentifiseer.

Die moontlikheid van ideologiese konflik tussen die regering en die Afrikaner-sake-elite in die afsienbare toekoms, blyk redelik skraal te wees. Die drastiese ommeswaai in die persepsies van die Afrikaner-sake-elite met betrekking tot byvoorbeeld die kwessie rondom die ontbanning van politieke organisasies en die vrylating van Mnr Mandela, dui op die groot mate waarin die regering die politieke

agenda bepaal en Afrikaner-sakeleiers dié agenda oënskynlik blindelings steun. Neem 'n mens die historiese opkoms en agtergrond van die Afrikaner-sakesektor en dié sektor se tradisionele verhouding met die regering in ag, is dit duidelik dat die genoemde drastiese ommeswaai dus in werklikheid geen nuwe verskynsel is nie, aangesien dit in terme van die dominante Afrikaner-kultuur (van Nasionale Party-ondersteuners) 'n logiese optrede is.

Dit blyk ook verder uit hierdie studie dat die toenadering van die staat tot die sakesektor nie werklik daarom gegaan het om noodwendig die ekonomie, of die sakelui as deel van die kapitalistiese klas te bevoordeel nie, maar om regeringsoptrede in terme van die totale nasionale strategie op alle terreine van die samelewing te koördineer ten einde doelwitte te realiseer. Van duidelike en onbetwisbare samewerking tussen die regering en die sakesektor om spesifiek laasgenoemde te bevoordeel, of tekens van buitengewone beïnvloeding van die regering deur die sakesektor in die voordeel van laasgenoemde groep, is daar weinig sprake. PW Botha se woorde in sy openingsrede by die AHI se kongres in Bloemfontein (1987) dat die sakelui "nie vir die regering polities moet dikteer nie" en "liefs hulle aandag by sakeaangeleenthede" moet bepaal, en by 'n ander geleentheid voor die Ekonomiese Adviesraad "don't come and tell me how to run the country", was nie net leë stellings of dreigemente nie, maar, soos blyk uit die navorsing, 'n sterk aanduiding van die regering se persepsies oor die rol en invloed van die sakesektor op besluitneming. Meer nog, veral wat die Afrikaner-sakesektor betref, blyk dit dat sakeleiers hierdie reël aanvaar en nagevolg het.

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

In hierdie studie is gepoog om deur ontleding van elite-persepsies die rol van die sakesektor en spesifiek die Afrikaner-sakesektor in veral politieke en sosio-politieke beleidsformulering in Suid-Afrika te evalueer. Die persepsies van twee elite-groepe naamlik dié van die Afrikaner-sake-elite en die regeringselite is ingewin. Uit die literatuurstudie oor die stand van elite- en belangegroepstudies in Suid-Afrika, is gesien dat daar 'n groot aantal leemtes voorkom. Een daarvan is die gebrek aan navorsing oor regeringselite se persepsies oor die bestaan van belangegroepe asook hul persepsies oor die funksie van sodanige groepe in die beleidsformuleringsproses. Hierdie agtergrond dien as 'n belangrike voorvereiste vir die bestudering van die rol of invloed van belangegroepe in die formulering van openbare beleid. Afgesien van hierdie inligting, is regeringselite se persepsies oor veral die invloed van die sakesektor ook in hierdie navorsing ontleed.

'n Verdere leemte wat belangegroepeteorie in Suid-Afrika betref, is die gebrek aan sistematiese en wetenskaplike navorsing oor die invloed van sodanige groepe, en in hierdie geval spesifiek die sakesektor. Die menings van die Afrikaner-sake-elite is in hierdie verband geëvalueer. Hierdeur kan moontlike perseptuele verskille tussen besluitnemers en sakeleiers ook uitgewys word.

Die Afrikaner-sakesektor is hoofsaaklik op grond van twee redes uitgesonder: Die eerste en belangrikste rede is die feit dat tussen die Afrikaner-sakeman en die Nasionale Party-regering nog altyd 'n tradisionele band op grond van gemeenskaplike taal, kultuur en partylojaliteite bestaan het. Op grond hiervan is uitgegaan van die aanname dat as dié deel van die sakesektor beperkte invloed het, gegewe hul etniese en politieke bande met die regering, sou die invloed van die Engelse sakelui minder effektief wees. In die tweede plek is geargumenteer dat hoewel die Afrikaner-sakemanne in 1980 in beheer was van slegs 25,7% van die totale nasionale welvaart teenoor 48,4% van hul Engelssprekende eweknieë, het die staatsondernemings, wat onder Afrikaner-bestuur staan, 'n verdere 25,9% bygedra tot ekonomiese welvaart. Dit beteken dat 52% van alle ekonomiese ontwikkeling en werkverskaffing op sakevlak die taak van die Afrikaner-sakegemeenskap en -topbestuur was (Volkshandel, Julie 1981).

In hierdie navorsing is sterk op die elite- en groepsbenaderings gesteun. Die menings van twee elite-groepe oor die invloed van die sakesektor as

belangegroep, is gevra. Die rol van die Engelse sakelui is uiteraard nie in hierdie studie negeer nie. Afrikaner-sake-elite se persepsies is getoets teen dié van 'n verwysingsgroep van Engelssprekende sakeleiers.

Die bevindinge van hierdie navorsing is in hoofstukke 4 en 5 bespreek terwyl in hierdie hoofstuk genoemde bevindinge in die konteks van die teoretiese uitgangspunte vertolk word. Aandag word terselfdertyd geskenk aan 'n vergelyking tussen die persepsies van die regeringselite en die sake-elite. Sou regeringselite byvoorbeeld die invloed van die sakesektor meer gering ag as wat sakeleiers se persepsies oor hulle eie invloed is, mag dit lei tot frustrasie by belangegroepe, en in hierdie geval die sakesektor. Ook kan buitensporige perseptuele verskille tussen besluitnemers en byvoorbeeld die sake-elite, oplossings bemoeilik.

Die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk word gewy aan die relevansie van die bevindinge van hierdie studie, terwyl in 'n derde afdeling die rol van die sakesektor in besluitneming in Suid-Afrika vergelyk word met dié van sakesektore elders in die wêreld, waarna in hoofstuk 1 verwys is.

Uit die implikasies van die huidige studie sal ten slotte 'n aantal voorstelle in verband met noodsaaklike aanvullende navorsing gedoen word.

## **6.1 VERTOLKING VAN BEVINDINGE AAN DIE HAND VAN TEORETIESE RIGLYNE**

Hierdie studie is gebaseer op die aanname dat dit die elite in 'n samelewing is wat 'n prominente rol in die uitoefening van invloed in die politieke proses vervul. Die elite is die leierskapskern van en verteenwoordig in 'n sekere sin die politieke en ander groepe wat by die politieke sisteem betrokke is en as sodanig dra hulle gesag en beheer hulle hulpbronne. Soos uiteengesit in hoofstuk 1 (1.4.2 en 1.4.3), word elite-studies deur verskillende benaderingswyses gekenmerk waarvan die klassieke en die pluralistiese benaderings die belangrikste is. In een opsig stem die elite-struktuur in Suid-Afrika in 'n mate ooreen met die sentrale premis van die klassieke elite-teorie waarvolgens besluite in elke samelewing deur die minderheid geneem word. Waar elite-status volgens die klassieke elite-teoretici deur persoonlike kwaliteite bepaal word, skeep velkleur in Suid-Afrika in die eerste en finale instansie die potensiaal vir elite-status. Hierdie voorvereiste in Suid-Afrika is nou gekoppel aan die regering van die dag. Sou die regering vervang word, sou hierdie grondliggende kwalifikasie van velkleur tot elite-status kan verval. In Suid-Afrika onder die bewind van PW Botha, is voortgebou op die tradisie wat veral sedert 1948 geskep is, dat toegang tot die staat deur groepe, hoofsaaklik beperk is

tot blankes, en spesifiek Afrikaners. Sodanige toegang word weerspieël in die samestelling van regeringstrukture, soos uitgewys in hoofstuk 4 (4.3). Wat die kleurlinge en Indiërs in die Parlement en die tuislandleiers betref, is hulle slegs gekoöpteerde elite.

Uit die persepsies van die regeringselite blyk dit duidelik dat ten opsigte van die blankes, in ooreenstemming met die pluralistiese elite-teorie, invloed nie beperk is tot een elite-groep nie. Daar is 'n wye verskeidenheid van invloedryke groepe, en besluitneming word dus deur 'n verskeidenheid van elite groepe beïnvloed. Invloed van die onderskeie elites varieer egter van vraagstuk tot vraagstuk. Volgens die persepsies van die regeringselite oefen die Afrikaner-sakesektor en by name die AHI die meeste invloed op ekonomiese beleidsformulering uit, terwyl die kerke en spesifiek die NG Kerk en ook die ander Afrikaanse kerke in terme van maatskaplike beleidsformulering die invloedrykste is. Wat sosio-politieke beleidsformulering betref, is die persepsies van besluitnemers dat die Afrikaner-Broederbond en die NG Kerk onder meer op hierdie terrein die meeste invloed uitoefen. In 'n mindere mate word die sakesektor ook in besluitneming oor sodanige vraagstukke as invloedryk bestempel. Opvallend is die invloed wat regeringselite aan die Afrikaner-belangegroepes toeskryf. Hoewel die invloedrykste, is invloed egter nie tot slegs die Afrikaners beperk nie. Dit is veral op die saketerrein dat hoofsaaklik Engelssprekende sakeorganisasies soos ASSOCOM en die FCI ook as invloedryk bestempel is ten opsigte van ekonomiese beleidsformulering en in 'n mindere mate op die sosio-politieke terrein (sien hoofstuk 4 afdeling 4.5.6 vir vertolking van bevindinge). Oor die invloed van die sakesektor in politieke en sosio-politieke beleidsformulering blyk geen perseptuele verskille tussen die regerings- en sake-elite te wees nie.

Riglyne in die literatuur oor faktore wat die invloed van belangegroepes bepaal, bied nuttige verklarings vir die primêre beïnvloedingsrol wat deur die Afrikaner-elite vervul word.

Die heel belangrikste determinant vir invloed in sterk ideologies-verdeelde samelewings is uiteraard ideologiese identifisering met besluitnemers deur partylidmaatskap en steun vir die regeringsbeleid. Hieruit blyk dus die primêre rede vir die Afrikaner se groter invloed. In noue aansluiting hierby is die aard van die sanksie wat die groep kan gebruik of wat wetgewers dink hulle kan gebruik en dit is volgens Milbrath (1963) die vermoë om besluitnemers aan bewind te hou of nie. In hierdie opsig is die Afrikaner die deurslaggewende faktor vir die Nasionale Party-regering se behoud van mag.

Vanweë die bestaan van sterk ideologiese verskille tussen politieke partye in Suid-Afrika, speel onder meer die grootte van die groep, die finansiële vermoë van 'n groep en die kennis wat 'n groep besit, nie 'n deurslaggewende rol in die uitoefening van invloed op beleidsformulering nie. Hierdie eienskappe is wel in 'n mate vir besluitnemers van belang ten opsigte van groepe wat nie partyondersteuners is nie. In die geval van Suid-Afrika geld dit feitlik slegs vir blanke groepe.

Die invloed van die Engelssprekende sakesektor kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die status van dié groep, sy finansiële vermoë en die kennis wat hy besit. Ook belangrik is dat vanweë hierdie groep se noodwendige onderskrywing van die vryemarkstelsel waartoe die Nasionale Party-regering hom sterk verbind het, die groep wat die ekonomiese stelsel betref, ideologies versoenbaar is met die regering. Ook hierdeur het die Engelssprekende sake-elite in 'n mate "insider"-status verkry (hoewel nie op dieselfde vlak as die Afrikaner nie), veral vanweë die feit dat die Nasionale Party genoodsaak was om sy magsbasis te vergroot (sien afdeling 4.5.6).

'n Belangrike determinant vir die positiewe beïnvloeding van besluitnemers is die metodes van steunwerwing wat aangewend word, in hierdie geval deur die sakesektor. Belangegroepe se steunwerwingmetodes word in 'n groot mate bepaal deur hul verhouding met die politieke party aan bewind, die ideologie van die partye, die politieke kultuur en die aard van die vraagstuk. Sake-elite se metodes van steunwerwing kan feitlik uitsluitlik op grond van bogenoemde determinante verklaar word.

Die groepe of individue wat 'n noue verbintenis met die Nasionale Party het, soos die Afrikaner sake-elite en die AHI se steunwerwingstyl verskil van hul Engelssprekende eweknieë, al het laasgenoemde al nader aan hierdie binnekringstatus beweeg. Afrikaners se metodes om hul saak te stel is oor die algemeen daarop gerig om beskermend teenoor die regering te wees. Openbare uitsprake sal slegs tot ondersteuning van regeringsbeleid gemaak word, hetsy deur advertensies, openbare toesprake of onderhoude met die media. Enige werklike kritiek sal in privaat gesprekke gelug word. Engelssprekende sakeleiers aan die ander kant, sal vanweë die feit dat hulle nie Nasionale-Party-ondersteuners is nie, nie huiwer om die regering in die openbaar te kritiseer nie. Anders as die Afrikaners, sien hulle ook niks daarmee verkeerd nie. Die manier wat hierdie kritiek egter uitgespreek word, sal wissel van minder kras na meer kras, afhangende van die tipe verhouding wat daar met die Kabinet en Staatspresident bestaan.

Die ideologie van die onderskeie partye waaraan die Afrikaner- en Engelssprekende sakeleiers behoort en die politieke kultuur waaruit hulle kom, het ook 'n invloed op steunwerwingsmetodes. Die Engelssprekende sake-elite se politieke kultuur, wat ook weerspieël word in die waardes wat die party onderskryf waaraan die meerderheid behoort (die voormalige Progressiewe Federale Party, tans die Demokratiese Party), plaas, soos kenmerkend van die liberale tradisie, 'n sterk premie op fundamentele waardes soos die vryheid en beskerming van individuele regte en daarmee saam 'n geoorloofde vryheid van spraak en verdraagsaamheid met alle standpunte. Die Afrikaner-sake-elite se lidmaatskap aan die Nasionale Party wat hierdie basiese liberale waardes nie so sterk voorop stel nie, en wie se leiers sterk voorkeur gee aan waardes soos dissipline, gesag, sterk regering, patriotisme en sterk leierskap (afdeling 4.2), het 'n duidelike invloed op Afrikaners se metodes van beïnvloeding deurdat daar 'n veel groter onderdanigheid aan owerheids-gesag by hulle bestaan vanweë die gebrek aan blootstelling aan 'n liberale tradisie soos die Engelssprekendes. Daarmee saam reageer regeringsleiers ook sterk op party-ondersteuners wat dit sou waag om in die openbaar openlik kritiek te lewer, soos sodanige gevalle (byvoorbeeld Wassenaar en Klerck) in die verlede daarvan kan getuig. Hoe minder ideologies en kontensieus 'n vraagstuk is, hoe minder sensitief is die regering oor openbare kritiek, mits dit ook nie ten tye van verkiesings en tussenverkiesings geskied nie. Indien verhoë tot politieke hervorming in die openbaar gerig word, soos wel in die 1985/ 1986-tydperk plaasgevind het, moet dit nie voorskriftelik wees nie. Deur bloot politieke hervorming in die breë te bepleit, soos heelwat Afrikaner-sakeleiers ook gedoen het, is aanvaarbaar, aangesien die regering reeds in 1983 met die aanstelling van 'n spesiale kabinetskomitee om swart konstitusionele vraagstukke te ondersoek, erkenning verleen het aan die beginsel dat swartmense konstitusioneel betrek moet word. Wat egter baie belangrik is, is dat enige voorskriftelikheid vir 'n konstitusionele bedeling in die vorm van 'n bloudruk deur sakeleiers ongeoorloof is, soos ook duidelik weerspieël uit die reaksie op die FCI se sogenaamde sakemanifes.

Die legitimeringsfunksie wat belangegroepe in die Suid-Afrikaanse besluitnemingstelsel behoort te speel, word baie sterk deur die meerderheid van die regeringselite beklemtoon. Dit is ook inderdaad die rol wat die Afrikaner-sake-elite veral wat beleidsformulering op die politieke en sosio-politieke terreine betref, speel. Aan die een kant is dit duidelik waarneembaar uit hul openbare uitsprake ter ondersteuning van regeringsoptrede en aan die ander kant uit hulle standpunte oor kontensieuse vraagstukke (afdeling 5.8).

Wat die steunwerwingspraktyk in Suid-Afrika oor die algemeen betref, en dit geld ook vir die sakesektor, is dit in vergelyking met die VSA veel kleiner in omvang (afdeling 1.5.4). Verskeie redes kan as moontlike verklarings vir hierdie verskille aangevoer word. In die eerste plek kan gelet word op die feit dat die aard van wetgewende toegang in 'n parlementêre stelsel (wat Suid-Afrika grotendeels steeds is) noodwendig moet verskil van 'n presidensiële regeringsvorm. 'n Groot mate van blanke politieke vertroue in regeringsleiers en 'n dominante politieke kultuur wat nie 'n hoë premie op politieke deelname plaas nie, dra waarskynlik hiertoe by. Hier moet ook in aanmerking geneem word dat ingrypende waardeverskille tussen die regering en 'n baie groot deel van Suid-Afrika se bevolking die opsie van steunwerwing dikwels uitsluit. Dit word veroorsaak deur die persepsie dat regeringsleiers nie ontvanklik is vir eise wat deur meer radikale opposisiegroepe gestel word nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat regeringstrukture nie voorsiening maak vir toegang deur sodanige groepe in die eerste plek nie.

'n Tweede rede vir die omvangsverskil in steunwerwing tussen die VSA en Suid-Afrika, blyk die verskil in die sentralisering van besluitneming in die regering te wees. In Suid-Afrika was besluitneming veral tot 1983 sterk in die Kabinet gekonsentreer, terwyl dit in die VSA verdeel is tussen die uitvoerende en wetgewende gesag en dikwels ook tussen die nasionale en federale regerings. 'n Verspreide besluitnemingsproses wat baie besluitnemingspunte het, vereis waarskynlik meer voortdurende aandag van belangegroepe in die vorm van steunwerwing om verdoë verby elkeen van hierdie punte te kry. Die stelsel van parlementêre komitees in Suid-Afrika is steeds nog nie so ontwikkel soos in die VSA nie.

'n Ander belangrike faktor is dat regerings in Suid-Afrika tradisioneel teen die konsep van regering deur belangegroepe is. Sterk elemente van hierdie siening word steeds weerspieël in die persepsies van die regeringselite in hierdie navorsing. Daar is nie 'n ongekwalfiseerde entoesiasme vir die bestaan van belangegroepe nie en bowenal behoort sodanige groepe 'n komplementerende eerder as 'n konflikterende rol te speel, want die basiese politieke orde word as 'n positiewe gegewe aanvaar. Regeringshoofde kan 'n belangrike rol speel in die skep van 'n klimaat vir groter wisselwerking tussen belangegroepe van verskillende standpunte en die regering. PW Botha het reeds wat veral die Engelssprekende sakelui betref, in hierdie rigting beweeg, terwyl sy opvolger, FW de Klerk, ook reeds leiers van ander belangegroepe soos kerkleiers van alle politieke standpunte tot gesprekvoering met hom aangemoedig het.

Laastens, belangegroep se funksie is die artikulering en samevoeging van belange. In Suid-Afrika is die omskakeling (in die taal van die funksionaliste) van insette na uitsette baie stadig. Die rede hiervoor is dat die omskakelingsproses weerstand bied teen te veel insette. Dit is 'n groot frustrasie vir die artikuleerders van belange. Dit kan dus ook 'n bydraende faktor wees vir die onderontwikkelde steunwerwingspraktyk in Suid-Afrika.

In ooreenstemming met teorieë oor belangegroep-lidmaatskap (Berry, 1977; Moe, 1980 en Forsyth en Welch, 1983), is die beweegredes tot lidmaatskap van Afrikaner-sakeleiers aan die AHI, een van die belangrikste aktors wat steunwerwing vir die sakesektor betref, die feit dat sodanige lidmaatskap ekspressiewe en solidariteitsvoordele bied waarin nie-materiële behoeftes bevredig word. Sodanige voordele is byvoorbeeld 'n gevoel van ideologiese verbondenheid. Wat die AHI betref, is dit uiteraard 'n "Afrikaanse" etniese organisasie waar Afrikaner-sakemanne tuis voel. Deur hierdie organisasie kry die Afrikaner 'n institusionele gestalte ook in die sakewêreld. Om verskillende redes is die AHI vir sowel die groot as klein sakeman ook 'n belangrike skakel met die regering ten einde beleid te beïnvloed. Hierdie behoefte om beleid te beïnvloed is 'n belangrike ekspressiewe voordeel. Dat selektiewe (materiële) voordele nie so 'n belangrike aansporing tot lidmaatskap van die AHI is nie, bevestig die bevindinge van bogenoemde skrywers in hierdie verband.

### **6.1.1 Die interaksie tussen die sakesektor en die regering**

Volgens die bevindinge van hierdie navorsing stem die verhouding of interaksie tussen die sakesektor en die regering nie volledig ooreen met 'n enkele benadering, naamlik die pluralistiese, die neo-korporatistiese of Marxistiese benaderings soos in hoofstuk 1 (1.5.2) uiteengesit nie. Of dit ook die geval met ander belangegroep sal wees, vereis 'n ontleding van die persepsies van 'n wyer spektrum van sodanige groepe om enige veralgemenings te kan maak. Die bevindinge ten opsigte van die sakesektor kan nietemin 'n belangrike aanduiding gee van watter tipe resultate verwag kan word, veral vanweë die feit dat die persepsies van die regeringselite oor die rol van belangegroep en beleidsformulering in die algemeen nou vasgestel is.

In hierdie navorsing word persepsies gevind wat elemente van die pluralistiese, maar veral die staatsentriese benadering reflekteer. Die dominante patroon van persepsies blyk staatsentriese te wees. Volgens beide sakeleiers en die regeringselite is daar 'n duidelike onderskeid tussen die rol van belangegroep, wat menings gee of standpunte stel, teenoor besluitnemers wat uiteindelik moet bepaal

wat in openbare en nasionale belang is en daarvolgens besluite moet neem en dit implementeer.

Die besluitnemingsproses word deur beide elite-groepe gesien as oop vir invloed, maar binne sekere perke. Hoe verder ideologies verwyderd van die regering, hoe minder invloed het belangegroepe. Uiteraard is dit dan ook groepe wat oorwegend uit swartes bestaan, soos die UDF en AZAPO, of wat sterk pro-swart politieke standpunte inneem, soos die SA Raad van Kerke, wat volgens besluitnemers min invloed het. Dat Afrikaner-groepe die meeste invloed uitoefen, word geensins betwyfel nie. Sakeleiers verwag dat hulle regeringsbeleid, behalwe beleid oor politieke aangeleenthede, deur oorreding kan beïnvloed hoewel hulle nie kan dikteer nie. Verder het hulle 'n positiewe siening van kontak met besluitnemers en veral die Afrikaner-sake-elite sien hierdie kontak as onontbeerlik en vermy enige optrede wat hul goeie verhouding met die regering kan skaad.

Elemente van neo-korporatisme (soos vir hierdie studie omskryf in afdeling 1.5.2) is egter ook te bespeur en is geleë in die bestaan van belangegroepverteenvoording van georganiseerde landbou in 'n liggaam soos die EAR. Wat egter die sakesektor betref, is laasgenoemde sedert die herstrukturering van die Raad, nie meer op 'n georganiseerde wyse verteenwoordig nie, en word in hierdie opsig nie werklik voldoen aan die bepalinge van neo-korporatisme soos in hierdie studie uiteengesit nie. Hoewel adviserend van aard, het die EAR tog 'n belangrike rol gespeel in regeringsbeleid ten opsigte van onder meer inflasie en 'n ekonomiese strategie. Daar kan egter gearchumenteer word dat die EAR nie besluitnemingsmagte het nie. 'n Werklike neo-korporatistiese struktuur vereis ook dat daar 'n gevoel by belangegroepverteenvoordigers moet bestaan dat hulle wel 'n belangrike rol in besluitneming speel, 'n persepsie wat inderdaad by die meerderheid sake-elites bestaan.

'n Verdere aspek van 'n stelsel van neo-korporatistiese belangegroep-interaksie is dat geïnstitutionaliseerde toegang tot die besluitnemers vir alle erkende groepe die belangrikheid van persoonlike bande tussen belangegroepverteenvoordigers en regeringselite verminder. Dit blyk duidelik uit hierdie studie dat die steunwerwingsaktiwiteite van die sakesektor en die persepsies van beide die regeringselite en sake-elite oor die belangrikheid van sodanige aktiwiteite, in 'n groot mate die bestaan van neo-korporatistiese belangegroepbemiddeling in Suid-Afrika negeer. Wat wel in die finale instansie nie ontken kan word nie, is ten minste die bestaan van gedeeltelik korporatiewe strukture soos die EAR, wat die moontlikheid skep vir toekomstige ontwikkeling in 'n neo-korporatistiese stelsel.

## 6.2 DIE RELEVANSIE VAN DIE BEVINDINGE VAN HIERDIE STUDIE

Benewens die feit dat deur hierdie navorsing geverifieerde inligting van die menings van twee elite-groepe, naamlik die regeringselite en die Afrikaner-sake-elite oor die rol van die sakesektor in beleidsformulering tot die literatuur bygevoeg is, hou die bevindinge belangrike implikasies in vir die hoë verwagtinge wat van die sakesektor gekoester word om politieke verandering teweeg te bring.

Die feit dat die Afrikaner-belangegroepe en spesifiek die Afrikaner-sakesektor volgens die persepsies van beide die regeringselite en die sake-elite meer invloed op beleidsformulering het as ander etniese groepe, dui daarop dat verhoë van sodanige groepe uiteindelik groter geleenthede tot sukses het indien dit ook Afrikaners se steun geniet. Wat die sakesektor betref, blyk daar steeds duidelike ideologiese verskille tussen die Afrikaner- en Engelssprekende sakeleiers te wees. Die toetrede van die Engelssprekende sake-elite tot dieselfde binnekringstatus as die Afrikaners binne die afsienbare toekoms onder 'n Nasionale Party-bewind, lyk ietwat onwaarskynlik te wees. Vanweë Afrikaner-sakeleiers se legitimering van die regering se politieke beleid en die oënskynlike afwesigheid van onafhanklike politieke menings buite Nasionale Party-verband, is die kans skraal dat die Afrikaner-sakesektor enige leidende rol in politieke hervorming sal speel. Hulle sal veel eerder pogings tot verandering van regeringskant sterk ondersteun.

Soos die regering, het ook die sakesektor 'n groot gevestigde belang in die behoud van die status quo, veral wat die behoud van die vryemarkstelsel betref, 'n sentiment wat nie deur die meerderheid van die swartes gedeel word nie.

Hierbenewens is dit ook duidelik dat die sake-elite van beide taalgroepe nie by suiwer politieke vraagstukke betrokke wil raak wat nie die direkte funksionering van hul ondernemings affekteer nie. Aan die ander kant word enige betrokkenheid van die sakesektor op die politieke terrein sterk deur die regering veroordeel en dit dra geensins by tot die skep van 'n klimaat vir enige deelname nie.

Deur te argumenteer dat die sakesektor deurslaggewende druk op die regering kan uitoefen deur sy ekonomiese oorreringskrag as 'n soort teenmag in te span om die dooiepunt met hervorming te breek, sou onrealisties wees. In die eerste plek is dit duidelik dat sakeleiers oor die algemeen nie hul verhouding met die regering wil skaad nie, aangesien ekonomiese samewerking vir hulle ook winsgewend is. Tweedens is die regering nie vir sy magsbasis van of die Afrikaner- of Engelssprekende sakesektor afhanklik nie en sal druk vir hervorming wat enigsins deur die meerderheid van die Nasionale Party se ondersteuners onaanvaarbaar is,

verskille wat kenmerkend van sakesektore in die meeste samelewings is, is die Suid-Afrikaanse sakesektor verdeel op grond van taal, ras en politieke ideologie.

Daarbenewens het die verskillende sektore ook soos uitgewys, op verskillende wyses aandeel gehad in die handhawing van die ou orde van rassediskriminasie. Die mynindustrie was byvoorbeeld diep betrokke in die vroeë institusionalisering van die trekarbeidstelsel, die paswette en die verbod op vakbonde vir swart mynwerkers. Die handel en nywerheid aan die ander kant, was minder daarby betrokke en kon druk uitoefen vir die verslapping van maatreëls wat onder meer die beskikbaarheid van swart werkers beperk het.

In 'n groot aantal Westerse demokrasieë is een politieke party oor die algemeen baie nader aan die sakesektor en ondersteun die meerderheid die betrokke party. Waar daar uitsonderings voorkom, soos in die VSA waar sommige sakelui wel die Demokratiese Party ondersteun, bestaan daar in ieder geval weinig ideologiese verskille tussen die partye. In Suid-Afrika daarenteen is daar 'n duidelike onderskeid tussen die partysteen van die Engelssprekende en Afrikaner-sakelui. Dit veroorsaak dus noodwendig dat een gedeelte van die sakesektor nader aan die regering staan, terwyl dit blyk of sakesektore in vryemarkstelsels normaalweg as geheel of 'n redelike noue verhouding met die regering het of verwyderd daarvan staan.

Tweedens verkeer die vryemarkstelsel in Suid-Afrika onder veel groter politieke druk as ander vryemarkstelsels, omdat die meerderheid swart mense die sakesektor identifiseer met apartheid en 'n wit regering, vanweë die feit dat hulle in 'n groot mate daarvan uitgesluit is.

'n Verdere belangrike onderskeid hou verband met die spektrum van die sakesektor se sogenaamde "politieke rol". In Westerse literatuur verwys hierdie politieke rol tipies na die funksionele aspekte van die ekonomie sowel as kwessies met sosio-ekonomiese implikasies. Die sakelui is ingestel om goeie verhoudings met die regering te hê sodat aspekte soos ekonomiese groeikoers, fiskale en monetêre maatreëls, prysbeheer en sosio-ekonomiese aspekte soos groter werksgeleenthede en beter lewensstandaarde deur die owerhede hanteer sal word tot voordeel van die sakesektor. Suiwer politieke aspekte soos die vorm van die staat, die vorm van regering en die vorm van gesag is nie meer sentrale politieke strydvrage nie. Daar is met ander woorde breë nasionale konsensus oor basiese politieke strukture.

Daarteenoor word die Suid-Afrikaanse samelewing juis gekenmerk deur die gebrek aan so 'n algemene politieke konsensus en wentel die politieke debat om die basiese vorm van die politieke stelsel. Die sakesektor in Suid-Afrika word noodwendig in hierdie debat betrek wat hulle voor 'n dilemma plaas: enersyds sou hulle verkies om hul "politieke rol" te beperk tot funksionele ekonomiese kwessies, asook sosio-ekonomiese vraagstukke soos hierbo genoem, en andersyds is daar soos aangedui, 'n wye verwagting in die Suid-Afrikaanse samelewing dat die sakesektor ook by primêre politieke strydvrae betrokke moet raak. Hierdie verwagting is egter gebaseer op 'n populêre wanopvatting oor wat hul politieke ingesteldheid sowel as hul eie roldefinisie is. Wanneer daar dus gepraat word van die Suid-Afrikaanse sakesektor se rol in openbare beleidsformulering, moet die verskillende dimensies van openbare beleid onderskei word. Die aspekte van openbare beleid wat die sakesektor hier aanspreek, behels soos dié van sakesektore in ander vryemarkstelsels, funksionele ekonomiese aangeleenthede en vraagstukke op die sosio-politieke terrein, ofte wel sekondêre politieke vraagstukke in die Suid-Afrikaanse konteks.

#### 6.4 VOORSTELLE VIR AANVULLENDE NAVORSING

Plaaslike studies oor die rol van belangegroepes in besluitneming in Suid-Afrika is in 'n beginstadium en heelwat navorsing moet nog oor die onderwerp gedoen word. Waar daar in hierdie studie gekonsentreer is op die sakesektor, kan navorsing ook uitgebrei word om die invloed van belangegroepes soos die kerke, die landbousektor en vakbonde te ontleed.

Die uitoefening van invloed kan deur die aanwending van "objektiewe" (gedrags-) en "subjektiewe" (houdings-) indekse bepaal word. In hierdie studie is hoofsaaklik van laasgenoemde metode gebruik gemaak. Deur gebruik te maak van gedragsindekse deur middel van gevallestudies in toekomstige navorsing, kan 'n vergelyking getref word tussen die bevindinge van hierdie twee metodes. Deur ook 'n spesifieke beleidsbesluit of vraagstuk te identifiseer en insette van verskillende akteurs daarop na te gaan, kan ook meer te wete gekom word van die omvang van insette wat gelewer is. Die volgende stap sou wees om die relatiewe invloed wat hierdie insette by besluitnemers gehad het, te bepaal. In Suid-Afrika is hierdie 'n onderontwikkelde studieveld, onder meer vanweë die tradisionele ontoeganklikheid van die hoëvlak besluitnemers vir navorsers in hierdie veld en bowenal die "kultuur van geheimhouding" wat kenmerkend van regeringsoptrede is.

Tweedens sal dit van nut wees om hierdie opname te herhaal. In die eerste instansie kan nie te veel geëkstrapoleer word uit 'n enkele opname nie. Tweedens

is hierdie persepsies gehuldig binne 'n bepaalde tydvak. Daar behoort dus vasgestel te word in watter mate veranderde omstandighede, soos die aanstelling van 'n nuwe regeringshoof, 'n invloed het op die persepsies van elites. Waardevolle inligting oor die effek van veranderde samelewings- en politieke omstandighede op persepsies sal dus deur sulke navorsing ingewin word. Daarmee saam is hierdie 'n tydperk waarin aan die einde gekom word van 'n generasie sakeleiers en behoort die relevansie van Mills (1956) se rekruteringsteorie vasgestel te word.

Hierdie studie lewer hopelik 'n bydrae om verdere navorsing op dié terrein van die politieke dinamika te stimuleer.

## BIBLIOGRAFIE

- Aberbach, J.D., Chesney, J.D. en B.A. Rockman. 1975. "Exploring Elite Political Attitudes: Some Methodological Lessons". Political Methodology, Vol. 2(1).
- Adam, H. 1971. "The South African Power-elite: A Survey of Ideological Commitment" in Adam, H. (ed). South Africa: Sociological Perspectives. London.
- Adam, H. 1978. "Interests behind Afrikaner Power". Social Dynamics, Vol. 4(2).
- Adam, H. 1979. "Ethnic Mobilization and the Politics of Patronage" in Adam, H. en H. Giliomee. The Rise and crisis of Afrikaner Power. David Philip, Kaapstad.
- Adam, H. 1983. "Ethnic Politics and Crisis Management: Comparing South Africa and Israel" in Adam, H. (ed). South Africa the Limits of Reform. EJ Brill, Leiden.
- Adam, H. en K. Moodley. 1986. South Africa without Apartheid. Maskew Miller Longman (Pty) Ltd, Kaapstad.
- Afrikaner Broederbond (vertroulike dokument). 1989. "Konseptuele Riglyne vir Konstitusionele Besprekings".
- Almond, G.A. 1983. "Corporatism, Pluralism, and Professional Memory". World Politics, Vol. 35(2).
- Almond, G.A. en G.B. Powell. 1966. Comparative Politics. Little, Brown & Company, Boston.
- Althusser, L. 1986. "Contradiction and Overdetermination". For Marx, Verso, London.
- Appel, P.K. 1973. Afrikaner maximization of interest: Evaluation of a political culture. Doktorale proefskrif, New York University, Michigan: University Microfilms.
- ASSOCOM, 1983. Views on the Republic of South Africa Constitution Bill. Johannesburg (roneo).
- Ashley, M.J. en H.W. van der Merwe. 1969. "Academic Contrasts in South Africa". Sociology of Education, 42(3).

- Bachrach, P. 1967. The Theory of Democratic Elitism. Little Brown & Company, Boston.
- Bailey, K.D. 1987. Methods of Social Research. The Free Press, New York.
- Ball, A.R. 1983. Modern Politics and Government. Macmillan, Houndmills.
- Barrell, H. 1984. "The United Democratic Front and National Forum: Their Emergence, Composition and Trends" in South African Review 2. Ravan Press, Johannesburg.
- Bell, D.V.J. 1975. Power, Influence and Authority. Oxford University Press, London.
- Bentley, I. 1908. The Process of Government. University of Chicago Press, Chicago.
- Bernstein, A. 1988. "Business and Public Policy in South Africa". Centre for Policy Studies. University of the Witwatersrand, Vol. 1(2).
- Berry, J. 1977. Lobbying for the people. Princeton University Press, Princeton.
- Bezuidenhout, W.J. (red). 1969. Dr Tinie Louw: 'n Kykie in die Ekonomiese Geskiedenis van die Afrikaner. Afrikaanse Pers-boekhandel, Johannesburg.
- Black, C.E. en J.P. Burke. 1982/1983. "Organizational Participation and Public Policy". World Politics, Vol. 35.
- Block, F. 1980. "Beyond Relative Autonomy: State Managers as Historical Subjects" in Miliband, R. and J. Saville (eds.). The Socialist Register. The Merlin Press, London.
- Blumer, H. 1965. "Industrialisation and Race Relations" in Hunter, G. Industrialization and race relations; a symposium. London.
- Booyesen, S. 1986. "Patterns of Political Influence in South Africa". Politikon, Vol. 13(2).
- Botes, P.S. 1981. "Die Sentrale administrasie" in Niewoudt, C.F. et.al. (eds.). Die Politieke Stelsel van Suid-Afrika. Academica, Pretoria.

Castles, F.G. 1969. "Business and government: A Typology of Pressure Group Activity". Political Studies, Vol. XVII(2).

Cawson, A. 1978. "Pluralism, corporatism and the role of the state". Government and Opposition, Vol. 13(2).

Chilcote, R.H. 1981. Theories of Comparative Politics. Westview Press, Boulder, Colorado.

Cillié, P.J. 1986. Toespraak gelewer by 'n dinee van die Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer. 20 Maart.

Cillié, P.J. 1986. Toespraak gelewer voor die Verhoudingskomitee van die Presidentsraad. 16 Oktober.

Clement, W. 1975. The Canadian Corporate Elite: An Analysis of Economic Power. McClelland and Stewart, Toronto.

Cloete, F. 1989. "Characteristics of the Policy Process aimed at Political Change in South Africa". Paper delivered at the Conference of the Political Science Association of South Africa, 10-11 October, Port Alfred.

Cock, J. en L. Nathan (eds). 1989. War and Society - The Militarisation of South Africa. David Philip, Kaapstad..

Collinge, J. 1986. "The United Democratic Front" in South African Review 3. Ravan Press, Johannesburg.

Cronje, G. 1945. 'n Tuiste vir die nageslag. Publicité Handelreklamediens, Johannesburg.

Crotty, W.J. 1970. Public Opinion and Politics. Holt, Rinehart and Winston, New York.

Crouch, C. 1983. "Pluralism and the New Corporatism: A Rejoinder". Political Studies, Vol. 31.

Crouch, C. 1984. "Corporatism". Political Studies, Vol. 32 No. 1.

D'Oliveira, J. 1977. Vorster - Die mens. Perskor-uitgewery, Johannesburg.

- Dahl, R.A. 1958. "A Critique of the Ruling Elite Model". American Political Science Review, Vol. 52.
- Dahl, R.A. 1961. Who Governs? Democracy and Power in an American City. Yale University Press, New Haven.
- Dahl, R.A. 1970. Modern Political Analysis. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.
- Davies, R.H. 1979. Capital, State and White Labour in South Africa 1900-1960 - an Historical Materialist Analysis of Class Formation and Class Relations. Harvester Press, Brighton.
- Davies, R.H., O'Meara, D. en S. Dlamini. 1988. The Struggle for South Africa. Zed Books, London.
- De Klerk, W. 1984. The Second (R)evolution: Afrikanerdom and the Crisis of Identity. Jonathan Ball Publishers, Johannesburg.
- De Klerk, W.A. 1975. The Puritans in Africa. Penguin Books Ltd., Hammondsworth, Middlesex, England.
- De Villiers, D.P. 1987. Onderhoud op 24 November.
- De Villiers, D. en J. 1984. PW. Tafelberg, Kaapstad.
- De Villiers, R.M. 1975. "Afrikaner nationalism" in Wilson, M. en L Thompson (eds). Oxford History of South Africa, vol. 2. Clarendon Press, Oxford.
- Degenaar, J.J. 1987. "Afrikaner-nasionalisme" in Esterhuyse, W.P. et.al., Moderne Politieke Ideologieë. Southern Boekuitgewers, Johannesburg.
- Deutch, K. et.al. 1967. France, Germany and the Western Alliance: A Study of Elite Attitudes on European Integration and World Politics. Scribner, New York.
- Dexter, L.A. 1970. Elite and Specialized Interviewing. Northwestern University Press, Evanston.

Dollie, N. 1986. "The National Forum" in South African Review 3. Ravan Press, Johannesburg.

Downing, R.A. en Du Preez, I.J. 1989. "Die Prioriteitsbepalingsproses van die Owerheid". Ongepubliseerde Referaat gelewer by die Konferensie van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika, September 1989, Johannesburg.

Du Pisanie, A. 1984. "Race, Corporatism and the South African State - A Perspective". Paper delivered at a conference at UWC October 1984 on the South African State.

Du Plessis, E.P. (red). 1964. 'n Volk staan op. Human & Rosseau, Kaapstad.

Du Toit, A. 1983. "No Chosen People: The Myth of the Calvinist Origins of Afrikaner Nationalism and Racial Ideology". American Historical Review, Vol. 88 No 4, October.

Du Toit, A. 1981. "Facing up to the Future: Some Personal Reflections on the Predicament of Afrikaner Intellectuals in the Legitimation Crisis of Afrikaner Nationalism and the Apartheid State'. Social Dynamics, Vol. 7(2).

Dunleavy, P. 1988. "Group Identities and Individual Influence: Reconstructing the Theory of Interest Groups". British Journal of Political Science, Vol. 18(1).

Duverger, M. 1972. Party politics and pressure groups. Thomas Y, Crowell Company Inc., USA.

Dye, T.R. 1972. Understanding Public Policy. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.

Eckstein, H. 1960. Pressure Group Politics. Stanford University Press, Stanford, California.

Edinger, L.J. en D.D. Searing. 1967, "Social Background in Elite Analysis: A Methodological Inquiry". American Political Science Review, Vol. 61.

Elkins, D.J. en R.E.B. Simeon. 1979. "A Course in Search of Its Effect, or What Does Political Culture Explain?" in Comparative Politics, January 1979.

- Esterhuyse, W.P. 1986. Anton Rupert: Pleitbesorger vir Hoop. Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad.
- FCI. 1975. "Aide Memoire: A Labour Policy for the 1970s". Pretoria (roneo).
- Forsythe, D.P. en S. Welch. 1983. "Joining and Supporting Public Interest Groups: A note on some emperical findings". Western Political Quarterly, Vol. 36(3).
- Fournier, P. 1976. The Quebec Establishment. Black Rose, Montreal.
- Frankel, F. 1988. "Business and Politics: Towards a Strategy". Institute for the Study of Public Policy. University of Cape Town.
- Frankel, J. 1969. International Relations. Oxford University Press, London.
- Frankel, P.H. 1984. Pretoria's Praetorians. Cambridge University Press, Cambridge.
- Freedman, J.L., Sears, D.O. en J.M. Carlsmith. 1978. Social Psychology. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.
- Frey, F.W. 1970. "Cross cultural survey research in Political Science" in Holt, R.J. en J.E. Turner. The Methodology of Comparative Research. Free Press, New York.
- Gagiano, J. 1989. "Ruling Group Cohesion in South Africa. A study of Political Attitudes Among White University Students". Draft copy, University of Stellenbosch.
- Gamson, W. 1975. The Strategy of Social Protest. Homewood, IL: Dorsey.
- Garson, G.D. 1978. Group Theories of Politics. Sage Publications, Beverly Hills & London.
- Geldenhuis, D. en H. Kotzé. 1983. "Aspects of Polticial Decision-making in South Africa". Politikon, Vol. 10(1), Junie.
- Geldenhuis, D. en H. Kotzé. 1985. "Man of Action" in Leadership, Vol. 4, Nr. 2.
- Geldenhuis, D.J. 1984. The Diplomacy of Isolation. MacMillan South Africa, Johannesburg.

Giliomee, H. 1979. "Afrikaner Politics: How the system Works" in Adam, H. en H. Giliomee. The Rise and Crisis of Afrikaner Power. David Philip, Kaapstad.

Giliomee, H. 1982(a). The Parting of the ways. David Philip, Kaapstad.

Giliomee, H. 1982. "The Challenge Facing Business in South Africa during the Eighties". Paper delivered at a senior management seminar of Mobil Southern Africa, Kaapstad.

Giliomee, H. 1983b. "The disintegration of the Nationalist Movement, c.1965-1983" ongepubliseerde resensie oor die werk van O'Meara 1982 en 1983.

Giliomee, H. 1984. "Adapted Strategies for the Maintenance of White Rule". Referaat gelewer by die Conference on Economic Development and Racial Domination, Universiteit van Wes-Kaapland, 8-10 Oktober.

Giliomee, H. 1987. "Western Cape Farmers and the Beginnings of Afrikaner Nationalism, 1870-1915". Journal of Southern African Studies, Vol. 14, No. 1, October.

Giliomee, H. en H. Adam. 1981. Afrikanermag: Opkoms en Toekoms. Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch.

Giliomee, H. en L. Schlemmer. 1985. Up against the Fences. Poverty, Passes and privilege in South Africa. David Philip, Kaapstad.

Giliomee, H. en L. Schlemmer. 1989. from Apartheid to Nation-Building. Oxford University Press, Kaapstad.

Gold, D.A. et.al. 1975. "Recent Developments in Marxist Theories of the Capitalist State: Parts 1 & 2". Monthly Review, October 1975 en November 1975.

Goode, W.J. en P.K. Hatt. 1970. "The Interview: A Data Collection Technique" in Hayes, L.D. en R.D. Hedlund. The Conduct of Political Inquiry. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.

Grant, W. 1980. "Business Interests and the British Conservative Party". Government and Opposition, Vol. 15(2).

- Grant, W. en J. Sargent. 1987. Business and Politics in Britain. MacMillan, Basingstoke and London.
- Greenberg, S.B. 1980. Race and State in Capitalist Development: South Africa in Comparative Perspective. Ravan Press, Johannesburg.
- Greenberg, S.B. 1983. "Dan O'Meara's Afrikaner Nationalism". Social Dynamics, Vol. 9(1).
- Greenberg, S.B. 1987. Legitimizing the Illegitimate. University of California Press Ltd, London, England.
- Greenstein, F.I. en W.W. Polsby (eds). 1975. "Policies and policy-making". Handbook of Political Science. Reading, Massachusetts: Addison-Wesley, Vol. 6.
- Greenwald, C.S. 1977. Group Power: Lobbying and Public Policy. Praeger Publishers, New York.
- Greyling, D.J. 1988. Onderhoud op 1 Februarie 1988 - Voormalige Redakteur van Volkshandel.
- Grundy, K.W. 1988. The Militarization of South African Politics. Oxford University Press, Oxford.
- Hague, R. en M. Harrop. 1982. Comparative Government. MacMillan, Hampshire.
- Hanekom, S.X., Rowland, R.W. en E.G. Bain (eds). 1986. Key Aspects of Public Administration. MacMillan South Africa, Johannesburg.
- Hanf, T., Weiland, H. en G. Vierdag. 1981. South Africa: The Prospects of Peaceful Change. Rex Collings, London.
- Hansen, J.M. 1985. "The Political Economy of Group Membership". American Political Science Review, Vol. 79(1).
- Harris, P.B. 1968. Interest Groups in South African Politics. University college of Rhodesia, Salisbury, Monograph no. 1.
- Harris, P.B. 1970. Studies in African Politics. Hutchison, London.

Harris, P.B. 1971. "Interest Groups in the South African Political Process" in Worrall, D. (ed). South Africa: Government and Politics. J.L. van Schaik, Pretoria.

Hartman, H. 1962. Enterprise and politics in South Africa. Princeton, New Jersey.

Heard, K.A. 1974. General Elections in South Africa. Oxford University Press, London.

Heberlein, T.A. en R. Baumgartner. 1978. "Factors Affecting Response Rates to Mailed Questionnaires: A Quantitative Analysis of the Published Literature". American Sociological Review, Vol. 43(4).

Hemson, D. 1978. "Trade Unionism and the Struggle for Liberation in South Africa". Capital and Class, no.6.

Herring, E.P. 1957. "Lobby" in Seligman, E.R.A. en A. Johnson. Encyclopedia of the Social Sciences. Vol.9, MacMillan, New York.

Hill, C.R. 1983. Change in South Africa. Rex Collings Ltd., London.

Hindson, D. 1987. Pass Controls and the Urban African Proletariat. Ravan Press, Johannesburg.

Hobart Houghton, L.D. 1973. The South African Economy. Oxford University Press, Oxford.

Hoinville, G. en R. Jowell (ed) et.al. 1978. Survey Research Practice. Heinemann Educational Books, London.

Holsapple, C.W. en H. Moskowitz. 1980. "A Conceptual Framework for Studying Complex Decision Processes". Policy Sciences, Vol. 12.

Holsti, K.J. 1983. International Politics. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.

Holsti, O.R. 1967. "Cognitive Dynamics and Images of the Enemy". Journal of International Affairs, Vol. XXI(1).

Hopkins, A. 1979. "Pressure Groups and the Law". Contemporary Crisis, Vol. 3(1).

Horowitz, R. 1967. The Political Economy of South Africa. Weidenfeld and Nicolson, London.

Horrell, M. 1961. South African Trade Unionism: A Study of a Divided Working Class. SA Institute of Race Relations, Johannesburg.

Horrell, M. 1969. South Africa's Workers: Their Organizations and the Patterns of Employment. SA Institute of Race Relations, Johannesburg.

Hutcheson, J. en G. Taylor. 1973. "Religious Variables, Political System Characteristics, and Policy Outputs in the American States". American Journal of Political Science, Vol. 17.

(IDAAF) International Defence and Aid Fund - South Africa Information Service, January- June 1970.

(IDAAF) International Defence and Aid Fund - South Africa Information Service, January-June 1971.

Innes, D. 1987. "Privatisation: The Solution?" in South African Review 4. Ravan Press, Johannesburg.

International Encyclopedia of the Social Sciences. 1968. Vol 12, New York, Macmillan.

Isaak, A.C. 1984. Scope and Methods of Political Science. The Dorsey Press, Illinois.

Islam, N. en S.A. Ahmed. 1984. "Business influence on government: A comparison of public and private sector perceptions". Canadian Public Administration, Vol. 27(1).

Jacoby, N.H. 1975. The Business-government Relationship - A Reassessment. Goodyear Publishing Company, Inc., Pacific Palisades, California.

Jervis, R. 1976. Perception and Misperception in International Politics. Princeton University Press, New Jersey.

Jessop, B. 1979. "Corporatism, Parliamentarism and Social Democracy" in Schmitter, P. en G. Lehbruch (eds). Trends Toward Corporatist Intermediation. Sage Publications, London.

- Jessop, B. 1980. "The Capitalist State and Political Practice". Economy and Society, vol. 9(1).
- Jessop, B. 1982. The Capitalist State. Martin Robertson, Oxford.
- Johnson, R.W. 1982. How long will South Africa survive? Macmillan, London.
- Johnstone, F.A. 1970. "White Prosperity and White Supremacy in South Africa Today". African Affairs, Vol. 69(275).
- Johnstone, F.A. 1976. Race, Class and Gold. Routledge and Kegan Paul, London.
- Jones, C.O. 1970. An Introduction to the Study of Public Policy. Wadsworth, Belmont, California.
- Kaplan, D. 1987. "Beyond the Indicators: A Perspective on the South African Economy" in South African Review 4. Ravan Press, Johannesburg.
- Kavanagh, D. 1972. Political Culture. London: Macmillan.
- Kavanagh, D. 1983. Political Science and Political Behaviour. George Allen & Unwin, London.
- Keller, S. 1968. "Elites". International Encyclopedia of the Social Sciences. The MacMillan Company & The Free Press, Vol. 5.
- Khoapa, B.A. (ed). 1972. Black Review 1972. Black Community Programme, Durban.
- Khoapa, B.A. (ed). 1973. Handbook of Black Organizations. Black Community Programmes, Durban.
- Kinghorn, J. (red). 1986. Die NG Kerk en Apartheid. Johannesburg, Macmillan.
- Kleynhans, Y. 1989. "Steunwerwing in Suid-Afrika: 'n Verkennende en empiriese studie van die Suid-Afrikaanse sakesektor" in Communicare, Vol. 8(1).

Koen, W.P.G. 1986. Sanlam tussen twee wêreldoorloë: Sy stigting, groei en stryd om 'n ekonomiese staanplek vir die Afrikaner 1918-1939. Doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Kotzé, H. 1989. "Digging in a Hidden Garden: The Politics of the Budget Decision-making Process". Paper delivered at the Biennial Conference of the Political Science Association of South Africa. Port Alfred, 9-11 October.

Kotzé, H. 1989a. "Aspects of the public policy process in South Africa" in Venter, A. (ed). South African Government and Politics. Southern Book Publishers, Johannesburg.

Kotzé, H.J. 1980. Konsensus en Klowings in die Politieke Oortuigings van Suid-Afrikaanse Volksraadslede. Doktorale Proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit.

Kotzé, H.J. en E. Lourens. 1988. "Towards a non-racial alternative: Extra-parliamentary resistance to the 'Reformist' Apartheid State" in Van Vuuren, D.J. et.al, South Africa: The Challenge of reform. Owen Burgess, Pine Town.

Kweit, M.G. en R.W. Kweit. 1981. Concepts and Methods for Political Analysis. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.

Laclau, E. and C. Mouffe. 1985. Hegemony and Socialist Strategy. Verso, London.

Lane, R.E. 1959. Political Life: Why People Get involved in Politics. Free Press, Glencoe, Ill.

Lanning, G. 1979. Africa Undermined. Penguin, Harmondsworth.

La Palombara, J. 1974. Politics within Nations. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.

Laski, H.J. 1917. Studies in the Problem of Sovereignty. Yale University Press, New Haven.

Latham, E. 1952. The Group Basis of Politics. Cornell University Press, Ithaca, New York.

Le Roux, N.J. 1953. W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad.

Lee, R.H. 1983. "The Role of the Private Sector as a Catalyst for Change in South Africa". African Affairs, Vol. 82(329).

Lee, R. en F. Buntman. 1989. "The Limousine Lizard and the Taxi Proletariat" in Centre for Policy Studies. South Africa at the End of the Eighties. Johannesburg.

Legassick, M. 1974. "Legislation, Ideology and Economy in Post - 1948 South Africa". Journal of Southern African Studies, Vol. 1(1).

Legassick, M. en D. Innes. 1977. "Capital Restructuring and Apartheid: A Critique of Constructive Engagement". African Affairs, Vol. 76.

Lehmbruch, G. 1979. "Consociational Democracy, Class Conflicts and the New Corporatism" en "Liberal Corporatism and Party Government" in Schmitter, P.C. en G. Lehmbruch (eds.). Trends toward Corporatist Intermediation. Sage Publications, London.

Lehmbruch, G. 1982. "Neo-Corporatism in Comparative Perspective" in Lehmbruch, G. en P.C. Schmitter (eds). Patterns of Corporatist Policy-Making. Beverley Hills, Sage.

Lehmbruch, G. 1983. "Interest Intermediation in Capitalist and Socialist Systems". International Political Science Review, Vol. 4(2).

Lewis, G. 1989. "Moving a Rock: Business and Change in South Africa". South Africa International, Vol. 22, Oktober.

Light, P. 1983-1984. "Vice-President Influence Under Rockefeller and Mondale". Political Science Quarterly, Vol. 98(4).

Lijphart, A. 1985. Power-sharing in South Africa. Institute of International Studies, University of California, Berkeley.

Lindblom, C. 1977. Politics and Markets. Basic Books, New York.

Lindblom, C. 1980. The Policy-Making Process. Prentice-Hall, New Jersey.

Lipton, M. 1985. Capitalism and Apartheid. Temple-Smith, London.

Lodge, T. 1983/84. "The ANC in South Africa 1976-1983: Guerilla War and Armed Propaganda". Journal of Contemporary African Studies, Vol. 3, No. 1/2.

Loubser, J.A. 1987. The Apartheid Bible - A Critical Review of Racial Theology in South Africa. Maskew Miller Longman, Kaapstad.

Loubser, J.J. 1972. "The Modern Afrikaner" in South African Outlook, Vol. 102, Junie/Julie.

Lourens, E. en H. Kotzé. 1987. "The South African White General Election of 1987: Shifting Deck-chairs or Burning Boats?". International Affairs Bulletin, Vol. 11(2).

Louw, M.H.H. 1969. "'n Tipologie van Elites in Moderne Regering". Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Lovell, J.P. 1970. Foreign Policy in Perspective. Holt, Rinehart and Winston, Inc., New York.

Malan, M. 1980. Toespraak voor die Instituut vir Strategiese Studies. Universiteit van Pretoria, 3 September.

Malherbe, E.F.J. 1986. "Komitees van die Driekamerparlement". Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, 49(1).

Manheim, J.B. en R.C. Rich. 1981. Empirical Political Analysis Research Methods in Political Science. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.

Mann, M. 1988. "The Giant Stirs: South African business in the Age of Reform" in Frankel, P., Pines, N. en M. Swilling (eds). State, Resistance and Change in South Africa. Croom Helm, London.

Marais, D. 1989. "Politieke en konstitusionele implikasies van die politisering van die Suid-Afrikaanse Staatsdiens". Politeia, UNISA, Vol. 8(2).

Mark- en Meningsopnames (Edms.) Bpk. 1987. Meningspeiling Nr. 1/87 (Maart) vir Rapport.

Mark- en Meningsopnames (Edms) Bpk. 1987. Meningspeiling Nr. 4/87 (Mei) vir Rapport.

Mark- en Meningsopnames (Edms.) Bpk. 1988. Meningspeiling Nr. 1/88 (Augustus) vir Rapport.

Mark- en Meningsopnames (Edms) Bpk. 1989. Meningspeiling Nr. 1/89 vir Rapport.

Marks, S. en S. Trapido. 1987. The Politics of Race, Class and Nationalism in Twentieth Century South. Longman Group, Essex, London.

Marsh, D. en G. Locksley. 1983. "Capital in Britain: Its Structural Power and Influence over Policy". West European Politics, Vol. 6(2).

McClosky, H. 1970. "Survey Research in Political Science" in Hayes, L.D. en R.D. Hedlund (eds). The Conduct of Political Inquiry. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.

McGregor, R. 1989. Who Owns Whom. Juta & Co. Ltd., Kaapstad.

McQuaid, K. 1982. Big Business and Presidential Power. William Morrow, New York.

Meny, Y. 1985. "The Legitimation of Interest Groups by the French Administration". Paper delivered at the World Congress of Political Science. Paris, France.

Merton, R.K. 1957. Social Theory and Social Structure. Free Press, Glencoe.

Michels, R. 1959 (reprint). Political Parties. Free Press, New York.

Milbrath, L.W. 1963. The Washington Lobbyists. Rand McNally, Chicago.

Milbrath, L.W. 1968. "Lobbying" in Sills, D.L. (ed). International Encyclopedia of the Social Sciences. Vol. 9, MacMillan Company and The Free Press.

Miliband, R. 1973. The State in Capitalist Society. Quartet Books, London.

Miliband, R. 1983. "State Power and Class Interests". New Left Review, No. 138.

Mills, C. Wright. 1956. The Power Elite. Oxford University Press, New York.

Moe, T.M. 1980. The Organization of Interests. University of Chicago Press, Chicago.

Moe, T.M. 1981. "Toward a Broader View of Interest Groups". Journal of Politics, Vol. 43(2).

Moodie, T.D. 1975. The Rise of Afrikanerdom. University of California Press.

Moran, M. 1981. "Finance Capital and Pressure-Group Politics". British Journal of Political Science, Vol. 11(4).

Morobe, M. 1987. "Towards a People's Democracy: The UDF View" in Review of African Political Economy, No. 40.

Morris, M. en V. Padayachee. 1988. "State Reform Policy in South Africa". Transformation, No. 7.

Mosca, G. 1939. The Ruling Class. McGraw-Hill Book Company, New York (Translated by H.D. Kahn).

Moss, G. 1980. "Total Strategy". Work in Progress, No. 11.

Muller, C.F.J. 1990. Sonop in die Suide. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad.

Murray, V.V. en C.J. MacMillan. 1983. "Business-government relations in Canada: a conceptual map". Canadian Public Administration, Vol. 26(4).

Nasionale Party, 1989. Voorgestelde Aksieplan.

Naudé, L. 1969. Dr A Hertzog, Die Nasionale Party en die Mynwerker. Pretoria.

Nice, D.C. 1984. "Interest Groups and Policymaking in the American States". Political Behavior, Vol. 6(2).

Nordlinger, E.A. 1981. On the Autonomy of the Democratic State. Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts.

O'Dowd, M. 1974. "South Africa in the Light of the Stages of Economic Growth" in Leftwich, A. (ed). South Africa: Economic Growth and Political Change. Allison & Busby, London.

- O'Meara, D. 1982. "Muldergate and the Politics of Afrikaner Nationalism", Work in Progress, No. 22.
- O'Meara, D. 1983. Volkskapitalisme, class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism 1934-1948. Ravan Press, Johannesburg.
- Offe, C. 1974. "Structural Problems of the Capitalist State". German Political Studies, Vol. 1.
- Offe, C. 1975. "The Theory of the Capitalist State and the Problem of Policy Formation" in Lindberg, L.N. et.al. Modern Capitalism. Lexington, MA: D.C. Heath.
- Offe, C. 1985. "New Social Movement: challenging the boundaries of institutional politics". Social Research, Vol, 52(4).
- Olivier, N.J.J. 1954. "Apartheid : A slogan or solution?". Journal of Racial Affairs, vol. 5, no.2.
- Olson, M. 1965. The Logic of Collective Action: Public Goods and the Theory of Groups. Harvard University Press, Cambridge.
- Oppenheim, A.N. 1964. "Opinion" in Gould, J. en W.L. Kolb. A dictionary of the Social Sciences, Tavistock Publications.
- Orum, A.M. 1983. Introduction to political sociology. Englewood-Cliffs, Prentice-Hall, New Jersey.
- Pahl, R.E. en J. Winkler. 1974. "The coming Corporatism". New Society.
- Palmer, M. en W. Thompson. 1978. The Comparative Analysis of Politics. F.E. Peacock Publishers, Inc., Illinois.
- Panitch, L. 1979. "The Development of Corporatism in Liberal Democracies" in Schmitter, P.C. en Lehbruch, G. Trends Toward Corporatist Intermediation. Sage Publications, London.
- Panitch, L. 1980. "Recent theorizations of corporatism: reflections on a growth industry". British Journal of Sociology, Vol. 31(2).
- Pareto, V. 1935. The Mind and Society. Harcourt, Brace, New York.

- Parry, G. 1969. Political Elites. George Allen & Urwin Ltd., London.
- Pelzer, A.N. 1979. Die Afrikaner-Broederbond: Eerste 50 Jaar, Tafelberg, Kaapstad.
- Pienaar, S.W. (red). 1964. Glo in u Volk: Dr DF Malan as Redenaar, 1908-1954. Tafelberg, Kaapstad.
- Pizzorno, A. 1981. "Interests and Parties in Pluralism" in Berger, S.D. Organizing Interests in Western Europe: Pluralism, Corporatism, and the Transformation of Politics. Cambridge University Press, Cambridge.
- Posel, D. 1984. "Providing for the Legitimate Labour Requirements of Employers: Secondary Industry, Commerce and the state in South Africa during the 1950s and 1960s". African Studies Seminar Paper presented on Monday, 29 October, University of the Witwatersrand.
- Posel, D 1987. "The meaning of Apartheid". Unpublished paper, University of London, ICS Seminar.
- Posel, D. 1987a. "The Meaning of Apartheid before 1948: Conflicting Interests and Forces within the Afrikaner Nationalist Alliance". Journal of Southern African Studies, Vol. 14, No.1 Oktober.
- Posel, D. 1987b. "Influx Control and the Construction of Apartheid", doctoral dissertation, Oxford University.
- Potter, A. 1961. Organised Groups in British National Politics. Faber and Faber, London.
- Pottinger, B. 1988. The Imperial Presidency. Southern Book Publishers, Johannesburg.
- Poulantzas, N. 1973. Political Power and Social Classes. New Left Books, London.
- Poulantzas, N. 1980. State Power Socialism. Verso, London.
- Presthus, R. 1973. Elite Accommodation in Canadian Politics. MacMillan, Toronto.
- Presthus, R. 1974a. "Preface". The Annals, Vol. 413.

- Presthus, R. 1974. Elites in the Policy Process. Cambridge University Press, Cambridge.
- Pretorius, L. 1982. "Interaction between interest organisations and government in South Africa". Politeia, UNISA, Vol. 1(1).
- Pretorius, L. 1984. "Michels" in Faure, A.M. en D.J. Kriek (red). Die Moderne Politieke Teorie. Butterworth, Durban/ Pretoria.
- Pretorius, L. 1985. Suid-Afrikaanse kommissies van ondersoek - 'n sosiologiese ondersoek. Stellenbosch, Ongepubliseerde D.Phil Proefskrif.
- Pretorius, L. en W.B. Vosloo. 1974. "Interest Groups in the Republic of South Africa". The Annals, Vol 413.
- Prichard, H.A. 1970. Knowledge and Perception. Oxford University Press. London.
- Prinsloo, M.W. 1984. "Political Restructuring Capital Accumulation and the 'Coming Corporatism' in South Africa: Some Theoretical Considerations". Politikon, Vol. 11(1).
- Putnam, R. 1976. The Comparative Study of Political Elites. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New York.
- Regan, M.C. en F.L. Wilson. 1986. "Interest Group Politics in France and Ireland: Comparative Perspectives on Neo-Corporatism". Western European Politics, Vol. 9(3).
- Relly, G.W.H. 1983. "Influx control and economic growth". Address to the Free Market Foundation, Cape Town, 30 August.
- Rhodie, N. 1966. Apartheid en Partnership. Academica, Pretoria.
- Roberts, G.K. 1970. Political Parties and Pressure Groups in Britain. Weidenfeld & Nicolson, London.
- Rodee, C., Anderson, T.J., Christol, C.Q. en T.H. Green. 1983. Introduction to Political Science. McGraw Hill, Singapore.

Rokeach, M. 1968. Beliefs, Attitudes, and Values. Jossey-Brass Inc., San Francisco.

Rosenbaum, W.A. 1975. Political Culture. Thomas Nelson & Sons, London.

Rousseau, P.E. 1987. Onderhoud op 17 November.

Rustow, D.A. 1966. "The Study of elites - Who's Who, When and How". World Politics, Vol. 18(2).

Sabel, C.F. 1981. "The Internal Politics of Trade Unions" in Berger, S.D. Organizing Interests in Western Europe: Pluralism, Corporatism and the Transformation of Politics. Cambridge University Press, Cambridge.

Sadie, J.L. 1957. Die Afrikaner in die Landseconomie. SAUK.

Sadie, J.L. 1975. "Die Ekonomiese Faktor in die Afrikaner-gemeenskap" in Van der Merwe, H.W. (red). Identiteit en Verandering, Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Salamon, L. en J. Siegfried. 1977. "Economic Power and Political Influence: The Impact of Industry Structure on Public Policy". American Political Science Review, Vol. 71.

Salisbury, R.H. 1969. "An exchange theory of interest groups". Midwest Journal of Political Science, Vol. 13.

Salisbury, R.H. 1975. "Interest Groups" in Greenstein, F.I. en N.W. Polsby. Handbook of Political Science, Vol. 4, Addison-Wesley Publishing Company, Reading, Massachusetts.

Salisbury, R.H. 1984. "Interest Representation: The Dominance of Institutions". American Political Science Review, Vol. 78(1).

Sampson, A. 1987. Black and Gold: Tycoons, Revolutionaries and Apartheid. Hodder & Stoughton, Johannesburg.

Schlozman, K.L. 1984. "What Accent the Heavenly Chorus? Political Equality and the American Pressure System". The Journal of Politics, Vol. 46.

Schlozman, K.L. en J.T. Tierney. 1983. "More of the Same: Washington Pressure Group Activity in a Decade of Change". The Journal of Politics, Vol. 45.

Schmitter, P.C. 1974. "Still the Century of Corporatism?". Review of Politics, Vol. 36(7).

Schmitter, P.C. 1983. "Democratic Theory and Neo-Corporatist Practice. Social Research, Vol. 50(4).

Schoeman, B. 1978. My lewe in die politiek. Perskor-Uitgewery, Johannesburg.

Schoeman, B.M. 1980. Die Geldmag : SA se onsigbare regering. Aktuele Publikasies, Pretoria.

Scholtz, G.D. 1974. Dr Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966. Eerste en Tweede Band, Perskor-Uitgewery, Johannesburg.

Scholtz, J.J.J. 1988. Vegter en Hervormer: Grepe uit die toesprake van PW Botha. Tafelberg, Kaapstad.

Schrire, R. 1978. "The Formulation of Public Policy" in De Crespigny, A. en R. Schrire. The Government and Politics of South Africa. Juta & Company Ltd., Kenwyn.

Schrire, R. 1988. "Decision-Making and the 1983 Constitution" in Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 10(2), Constitutional Development in South Africa.

Schuman, H. en S. Presser. 1979. "The Open and Closed Question". American Sociological Review, Vol. 44.

Schumann, C.G.W. 1940. Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner. Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein.

Seegers, A. 1987. "Apartheid's Military: Its Origins and Development" in James, W.G. (ed). The State of Apartheid. Lynne Rienner Publishers, Boulder, Colorado.

Seegers, A. 1988. "Extending the security network to the local level" in Heymans, C. en Töttemeyer, G. (eds). Government by the people, Cape Town, Juta.

Serfontein, J.H.P. 1970. Die Verkrampde Aanslag. Human & Rosseau, Kaapstad.

Serfontein, J.H.P. 1979. Brotherhood of Power. Rex Collings, London.

Skilling, H.G. 1983. "Interest Groups and Communist Politics Revisited". World Politics, Vol. 36(1).

Skocpol, T. 1985. States and Social Revolutions. Cambridge University Press, Cambridge.

Skocpol, T. 1987. "Bringing the State Back In: Strategies of Analysis In Current Research" in Evans, P.B. et.al. (eds.). Bringing the State Back In. Cambridge University Press, Cambridge.

Slabbert, F. Van Zyl. 1975. "Afrikaner Nationalism, White Politics, and Political Change in South Africa" in Thompson, L. en J. Butler. Change in Contemporary South Africa. University of California Press, Berkeley.

Smith, B.L., Johnson, K.F., Paulsen, D.W. en F. Shocket. 1976. Political Research Methods. Houghton Mifflin Company, Boston.

Solomon, L. 1964. "The Economic Background to the Survival of Afrikaner Nationalism", in Butler, J. (ed). Boston University Papers in African History. Vol. 1, Boston University Press, Boston.

South Africa : Time Running Out. 1981. Report of the Study Commission on US Policy Toward Southern Africa. University of California Press, Oxford.

South African Institute of Race Relations. 1962. Race Relations Survey 1961. Johannesburg.

South African Institute of Race Relations. 1973. Race Relations Survey 1972. Johannesburg.

South African Institute of Race Relations. 1976. Race Relations Survey 1975. Johannesburg.

South African Institute of Race Relations. 1982. Race Relations Survey 1981. Johannesburg.

- South African Institute of Race Relations. 1984. Race Relations Survey 1983. Johannesburg.
- South African Institute of Race Relations. 1986. Race Relations Survey 1985. Johannesburg.
- South African Institute of Race Relations, 1987. Race Relations Survey 1986 Part 1 and 2. Johannesburg.
- South African Institute of Race Relations. 1988. Race Relations Survey 1987/88. Johannesburg.
- Stadler, A. 1987. The political economy of modern South Africa. David Philip, Kaapstad.
- Starcke, A. 1978. Survival. Tafelberg, Kaapstad.
- Stepan, A. 1978. The State and Society, Peru in Comparative Perspective. Princeton University Press, Princeton.
- Stokes, R.G. 1974. "The Afrikaner Industrial Entrepreneur and Afrikaner Nationalism". Economic Development and Cultural Change, Vol. 22(4).
- Streeck, W. 1983. "Between Pluralism and Corporatism: German business associations and the State". Journal of Public Policy, Vol. 3(3).
- Stultz, N.M. 1974. Afrikaner Politics in South Africa. University of California Press, Berkeley.
- Swilling, M. 1989. "The Powers of the Thunderbird" in South Africa at the End of the Eighties. Centre for Policy Studies, University of the Witwatersrand, Johannesburg.
- Terreblanche, S en N Nattrass. 1990. "A periodization of the political economy from 1910" in Nattrass, N en E. Ardington (eds). The Political Economy of South Africa. Oxford University Press, Kaapstad.
- Thompson, L. 1985. The Political Mythology of Apartheid. Yale University Press, New Haven.
- Thompson, L. en A. Prior. 1982. South African Politics. David Philip, Kaapstad.

Torchia, A. 1988. "The Business of Business: An Analysis of the Political Behavior of the South African Manufacturing Sector under the Nationalists". Journal of Southern African Studies, Vol. 14, No. 3, April.

Trapido, S. 1971. "South Africa in a Comparative Study of Industrialization". Journal of Development Studies, Vol. 7.

Truman, D. 1951. The Governmental Process. Knopf, New York.

Van der Berg, S. 1989. "Long Term Economic Trends and Development in South Africa". African Affairs, April.

Van der Merwe, H.W. 1967. "Leadership in a South African Community". Journal for Social Research, Vol. 16.

Van der Merwe, H.W. et.al. 1973. White South African Elites. Juta & Company Ltd., Kaapstad.

Van der Merwe, S. 1989. "The Government's Framework for Constitutional Change and Negotiation" in Giliomee, H. en L. Schlemmer (eds). Negotiating South Africa's Future. Southern Book Publishers (Pty) Ltd, Johannesburg.

Van Jaarsveld, F.A. 1959. Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewyssyn 1886-1881. Voortrekkerpers, Johannesburg.

Van Jaarsveld, F.A. 1978. "Die Afrikaner: 'n geskiedkundige analise". Standpunte, 137, No.5. Oktober.

Van Niekerk, P. 1987. "Paradigmaverskuiwing in Afrikanerdenke". Politikon, Vol. 14(1).

Van Onselen, C. 1982. Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886-1914 Vol 2. Ravan Press, Johannesburg.

Van Wyk, J.J. 1987. Elitemenings Rakende Enkele Aspekte van Suid-Afrika se Buitelandse Beleid. Ongepubliseerde D. Phil, Fakulteit van Ekonomiese en Staatswetenskappe, Universiteit van Pretoria.

Van Wyk, K. en D. Geldenhuys. 1987. Die Groepsgebod in PW Botha se Politieke Oortuigings. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Vatcher, W.H. 1965. White Laager: The Rise of Afrikaner Nationalism. Pall Mall Press, London.

Venter, A.J. 1989. "n Ontleding van die politiek-ideologiese veronderstellings van drie kerklike getuienisse". Referaat gelewer by 'n simposium gehou op 22 November 1989 by die Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Verslag van die Tweede Ekonomiese Volkskongres, 1950. Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

Viljoen, G. van N. 1978. Ideaal en Werklikheid. Tafelberg, Kaapstad.

Vogel, D. 1983. "The Power of Business in America: A Re-appraisal". British Journal of Political Science, Vol. 13(1).

Walker, J.L. 1983. "The Origins and Maintenance of Interest Groups in America". American Political Science Review, Vol. 77(2).

Wassenaar, A. 1977. The Assault on Private Enterprise. Tafelberg.

Weisberg, H.F. en B.D. Bowen. 1977. An Introduction to Survey Research and Data Analysis. Freeman and Company, San Francisco.

Welsh, D. 1974. "The Political Economy of Afrikaner Nationalism" in Leftwich, A. South Africa: Economic Growth and Political Change. Allison & Busby, London.

Welsh, D. 1975, "The Politics of White Supremacy" in Thompson, L. en J. Butler (eds). Change in Contemporary South Africa. University of California Press, Berkeley.

Welsh, D. 1983. "All Brothers Together". Southern Africa, September 16.

Welsh, D. 1988. "Politics and Business in South Africa". Optima, Vol. 36(3).

Welsh, W.A. 1973. Studying Politics. Thomas Nelson and Sons, London.

Welsh, W.A. 1979. Leaders and Elites. Holt, Rinehart & Winston, New York.

- Wessels, A. 1987. Albert Wessels: Plaasseun en Nyweraar. Perskor-Uitgewery, Johannesburg.
- Wiatr, J.J. 1980. "The Civic Culture from a Marxist-Sociological Perspective" in Almand, G.A. & S. Verba (eds). The Civic Culture Revisited. Boston, Little Brown Company.
- Wiechers, M. 1986. "Die juridiese profiel van apartheid" in Kinghorn, J. (red.). Die NG Kerk en Apartheid. Macmillan SA, Johannesburg.
- Wilkins, I. en H. Strydom. 1980. The Super-Afrikaners. Jonathan Ball Publishers.
- Williams, W.E. 1989. South Africa's War Against Capitalism. Juta & Co., Ltd, Kenwyn.
- Wilson, F. 1975. Labour on the South African Gold Mines. Sprocas, Johannesburg.
- Wilson, F.L. 1982. "Alternative Models of Interest Intermediation: The Case of France". British Journal of Political Science, Vol. 12.
- Wilson, F.L. 1983. "French Interest Group Politics: Pluralist or Neocorporatist?". American Political Science Review, Vol. 77(4).
- Wilson, G.K. 1985. Business and Politics. MacMillan Publishers Ltd. Houndmills.
- Wilson, J.Q. 1973. Political Organizations. Basic Books, New York.
- Wilson, J.Q. (ed.). 1980. The Politics of Regulation. University of Chicago Press, Chicago.
- Woll, P. 1974. Public Policy. Winthrop Publications, Cambridge, Massachusetts.
- Wolpe, H. 1988. Race, Class and the Apartheid State. UNESCO, Paris.
- Wootton, G. 1970. Interest Groups. Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey.
- Wootton, G. 1978. Pressure Politics in Contemporary Britain. Lexington Books, Lexington, Massachusetts.

Yudelman, D. 1983. "Dan O'Meara's Afrikaner Nationalism". Social Dynamics, Vol. 9(1).

Yudelman, D. 1984. The Emergence of Modern South Africa, State, Capital and the Incorporation of organized Labour on the South African Gold Fields 1902-1939. Greenwood Press, Westport.

Zannoni, P. 1978. "The Concept of Elite". European Journal of Political Research, Vol. 6.

Zuckerman, A. 1977. "The Concept 'Political Elite': Lessons from Mosca and Pareto". Journal of Politics, Vol. 39.

### **AMPTELIKE PUBLIKASIES**

Botha, P.W. 1980. Openingsrede by die Jaarlikse Kongres van die Association of Chambers of Commerce (ASSOCOM) in Johannesburg op 21 Oktober 1980, Departement van Buitelandse Sake en Inligting (afgerol).

Botha, P.W. 1980. Toespraak tydens die Opening van die 35e Jaarkongres van die Afrikaanse Handelsinstituut te Port Elizabeth op 7 Mei 1980, Departement van Buitelandse Sake en Inligting (afgerol).

Central Economic Advisory Service. 1987. 1986 Report, Pretoria.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 8 Augustus 1974.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 4 Februarie 1977.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 6 Februarie 1980.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 1 Mei 1980.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 9 Julie 1984.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 18 April 1985.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 31 Januarie 1986.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 20 Februarie 1987.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 15 Junie 1987.

Debatte van die Volksraad (Hansard), 13 Augustus 1987.

Ekonomiese Adviesraad (EAR) van die Staatspresident. 1986. Proposed Long-term Economic Strategy.

Ekonomiese Adviesraad (EAR) van die Staatspresident. 1987. 'n Voorgestelde Aksieplan vir die Bekamping van Inflasie.

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Nr. 110. 1983. Uitgereik deur die Departement van Buitelandse Sake en Inligting. Pretoria, Oktober 1983.

Information Service of South Africa. 1980. Towards a Constellation of States in Southern Africa, Pretoria.

RSA. 1971. Report of the Commission of Inquiry into matters Relating to the Security of the State (Abridged). Government Printer, Pretoria.

RSA. 1973. Witskrif op Verdediging en Wapenvervaardiging. Departement van Verdediging, WPD, Pretoria.

RSA. 1977. Witskrif op Verdediging en Wapenvoorsiening. Departement van Verdediging, WPF, Pretoria.

RSA. 1982. Witskrif op Deel 6 van die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Arbeidswetgewing (Wiehahn-kommissie). Staatsdrukker, Kaapstad.

RSA. 1986. Witskrif op Verstedeliking. Staatsdrukker, Kaapstad.

Staatskoerant, 2 September 1987 (No. 10891).

Verslag van die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede van die Presidenteraad oor Maatreëls wat die Funkionering van 'n Vryemarkgeoriënteerde Stelsel in Suid-Afrika beperk (PR 1/1984). Staatsdrukker, Kaapstad.

Verslag van die Komitee vir Konstitusionele Aangeleenthede van die Presidenteraad oor 'n Verstedelikingstrategie vir die Republiek van Suid-Afrika (PR 3/1985). Staatsdrukker, Kaapstad.

Verslag van die Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede van die Presidentsraad oor 'n Strategie vir die Ontwikkeling van Kleinsake en Deregulering (PR 4/1985). Staatsdrukker, Kaapstad.

Verslag van die Komitee vir Sosiale Aangeleenthede van die Presidentsraad oor die Jeug van Suid-Afrika (PR 2/1987). Staatsdrukker, Kaapstad.

Verslag van die Komitee vir Konstitusionele Aangeleenthede van die Presidentsraad oor die Verslag van die Tegniese Komitee, 1983 en Aanverwante Aangeleenthede (PR 4/1987). Staatsdrukker, Kaapstad.

Verslag van die Komitee vir Sosiale Aangeleenthede oor die Sosio-Ekonomiese en Ruimtelike Implikasies van Veroudering (PR 1/1988). Staatsdrukker, Pretoria.

#### **JAARVERSLAE EN VOORSITTERSREDES**

Anglo American Corporation, Chairman's Review, 1983.

FCI Annual Reports, 1971, 1974, 1980, 1982 en 1983.

Federale Volksbeleggings, Jaarverslae 1988 en 1989.

Rembrandt-Groep Beperk, Voorsittersrede gelewer deur A. Rupert, 1987 en Jaarverslag 1989.

Sanlam, Sekondantsrede deur J.B. Maree by die Algemene Jaarvergadering op 18 Maart 1987.

Volkkas-groep Beperk, Jaarverslae 1988 en 1989.

#### **KOERANTE EN NIE-AKADEEMIESE TYDSKRIFTE**

Africa Confidential, 18 September 1985.

Beeld, 22 Julie 1977.

Beeld, 17 April 1980.

Beeld, 13 November 1981.

Beeld, 26 Februarie 1982.

Beeld, 19 Maart 1982.

Beeld, 27 Mei 1983.

Beeld, 29 September 1988.

Beeld, 11 November 1988.

Beeld, 4 Februarie 1989.

Business Day, 5 Julie 1985.

Business Day, 9 Julie 1985.

Business Day, 11 Julie 1986.

Business Day, 21 Oktober 1986.

Business Day, 25 Maart 1987.

Business Day, 5 Mei 1987.

Business Day, 22 Februarie 1988.

Cape Times, 3 Maart 1982.

Cape Times, 7 Junie 1985.

Comment and Opinion, 29 Oktober 1976.

Commercial Opinion, Junie 1967.

Dagbreek, 3 November 1968.

Die Transvaler, 5 Mei 1971.

Die Transvaler, 7 Mei 1971.

Die Transvaler, 9 Augustus 1982.

Die Vaderland, 1 September 1964.

Die Vaderland, 4 November 1986.

FCI Viewpoint, April 1968.

FCI Viewpoint, September 1970.

Financial Mail, 19 Junie 1970.

Financial Mail (Survey), 26 November 1971.

Financial Mail, 26 Januarie 1973.

Financial Mail, 16 Februarie 1973.

Financial Mail, 13 April 1973.

Financial Mail, 21 Desember 1973.

Financial Mail, 18 November 1977.

Financial Mail, 24 Maart 1978.

Financial Mail, 25 Augustus 1978.

Financial Mail (Special Survey), 14 September 1979.

Financial Mail, 30 November 1979.

Financial Mail, 20 November 1981.

Financial Mail, 23 November 1984.

Financial Mail, 7 Desember 1984.

Financial Mail, 5 Julie 1985.

Financial Mail, 6 September 1985.

Financial Mail (Supplement), 9 Mei 1986.

Financial Times, 2 Februarie 1983.

Finansies en Tegniek, 15 Mei 1987.

Finansies en Tegniek, 27 November 1987.

Finansies en Tegniek (Bylae), 10 Junie 1988.

Finansies en Tegniek, 5 Augustus 1988.

Finansies en Tegniek, 16 September 1988.

Finansies en Tegniek, 23 September 1988.

Finansies en Tegniek, 28 April 1989.

Finansies en Tegniek, 1 September 1989.

Fortune, 10 Augustus 1981.

Handhaaf, Oktober 1986.

Harvard Business Review, November, Desember 1987.

Industry and Trade, September 1960.

Industry and Trade, Mei 1964.

Industry and Trade, November 1964.

Rand Daily Mail, 15 Mei 1971.

Rand Daily Mail, 18 Mei 1971.

Rand Daily Mail, 23 Mei 1971.

Rand Daily Mail, 22 Maart 1973.

Rand Daily Mail, 19 Februarie 1974.

Rand Daily Mail, 6 April 1981.

Rand Daily Mail, 15 November 1984.

Rapport, 15 November 1981.

Rapport, 20 Julie 1986.

Rapport, 22 Februarie 1987.

South African Observer, 8 Maart 1965.

Sunday Times, 15 Januarie 1978.

Sunday Times, 14 Oktober 1984.

Sunday Times, 7 Julie 1985.

Sunday Times, 7 September 1985.

Sunday Times, 29 September 1985.

Sunday Times, 27 Julie 1986.

Sunday Tribune, 23 Oktober 1983.

The Cape Argus, 28 Maart 1968.

The Citizen, 13 Desember 1985.

The Citizen, 13 Junie 1986.

The Star, 13 November 1981.

The Star, 5 Februarie 1983.

The Star, 8 Januarie 1985.

The Star, 10 Desember 1985.

The Star, 22 Januarie 1986.

The Star, 23 Mei 1986.

The Star 13 Junie 1986.

The Star, 3 November 1986.

The Star, 7 November 1986.

The Star, 30 November 1988.

The Star, 1 Augustus 1989.

The Star, 8 September 1989.

The Sunday Star, 11 November 1984.

The Sunday Star, 22 September 1985.

The Sunday Star, 29 September 1985.

The Sunday Star, 1 Desember 1985.

The Sunday Star, 2 November 1986.

Volkshandel, Junie 1948.

Volkshandel, September 1950.

Volkshandel, Maart 1951.

Volkshandel, Maart 1953.

Volkshandel, November 1957.

Volkshandel, Mei 1960.

Volkshandel, Oktober 1960.

Volkshandel (Bylaag tot September 1963), Jaargang XXIV.

Volkshandel, 1967. Jaargang 28, Nr. 8, Oktober.

Volkshandel, Junie 1970.

Volkshandel, Julie 1973.

Volkshandel, September 1980.

Volkshandel, September 1985.

Weekly Mail, 10 Julie 1986.

BELANGEGROEPE

1 2 3

- L.W. 1. U antwoorde word as absoluut vertroulik beskou. Geen individuele sienings sal openbaar gemaak word nie. Alle inligting word deur 'n rekenaar verwerk en statisties uiteengesit.
2. Dit is slegs u eie menings en indrukke wat in hierdie vraelys ter sprake is.
3. Trek 'n kruisie in die toepaslike ruimtes, of verskaf antwoorde of kommentaar waar dit gevra word. 'n Stippellyn dui aan waar u asseblief u eie besondere redes en antwoorde moet verskaf.

Die woord belangegroep in hierdie vraelys verwys na groepe of organisasies wat poog om regeringsbesluite te beïnvloed, sonder om self deel van die regering te word.

1. Watter posisie beklee u tans?

Parlements lid (LP)	1	Kabinets lid	2
Presidentsraads lid	3	Staatsamptenaar	4

4

2. Hoe dikwels het u (in amptelike hoedanigheid) persoonlike kontak met lede van belangegroepe (bv. sakeleiers, kerkleiers, vakbondeleiers)?

Gereeld (ongeveer 1 keer per maand of meer)	1
Van tyd tot tyd (tussen 6 en 11 keer per jaar)	2
Selde (ongeveer 2 tot 3 keer per jaar)	3
By uitsondering (hoogstens 1 keer per jaar of minder)	4
Nooit	5

5

3. Watter tipe invloed meen u het belangegroepe op die maak van beleid, wette of regulasies in Suid-Afrika?

Trek 'n kruisie by elke tipe wat u meen belangegroepe het (meer as een kruisie kan dus getrek word).

Invloed t.o.v. tegniese detail	1
Invloed t.o.v. sosio-politieke beginsels	2
Invloed t.o.v. ekonomiese beginsels	3
Geen invloed	4
Ander (Spesifiseer . . . . .)	5
. . . . .	

6 7

4. Belangegroep gebruik verskeie taktieke om hul doelstellings te bereik. Evalueer die relatiewe belangrikheid van elk van die volgende taktieke van beïnvloeding.

Trek een kruisie teenoor elke stelling van a) tot c) subafdelings ingesluit.

	Baie belangrik	Taamlik belangrik	Nie juis belangrik	Glad nie belangrik	Onseker	
a) Mobilisering van openbare mening vir/teen 'n wetsontwerp of program d.m.v. die aanwending van toesprake, massamedia, ens.	1	2	3	4	5	8
b) Persoonlike kontak met:						
LP's	1	2	3	4	5	9
Kabinetslede	1	2	3	4	5	10
Top staatsamptenare	1	2	3	4	5	11
Staatspresident	1	2	3	4	5	12
c) Formele voorleggings/getuie-nis voor:						
Kommissies van ondersoek	1	2	3	4	5	13
Presidentsraad	1	2	3	4	5	14
Staatsdepartemente	1	2	3	4	5	15
Ander (Spesifiseer) . . . . .	1	2	3	4	5	16
. . . . .	1	2	3	4	5	17

- 5.1 Belangegroep in Suid-Afrika kan in verskillende fases van politieke besluitneming 'n belangrike rol speel. Gee asb. 'n raming van die mate van hul effektiwiteit of oneffektiwiteit in elk van die volgende terreine.

Trek een kruisie teenoor elke stelling van a) tot d).

	Uiters effektief	Redelik effektief	Nie juis effektief	Glad nie effektief	Onseker	
a) Navorsing /vertoë/voorleggings voor politieke besluite geneem word	1	2	3	4	5	18
b) Die formulering van beleid						19
c) Implementering en toepassing van beleid	1	2	3	4	5	20
d) Verskaffing van terugvoering oor beleid	1	2	3	4	5	21
Ander (Spesifiseer)						
. . . . .	1	2	3	4	5	22

- 5.2 Hoe wenslik meen u is dit dat belangegroepes meer invloed op enige van die fasette van politieke besluitneming in Suid-Afrika behoort uit te oefen.

Trek een kruisie teenoor elke stelling van a) tot d).

	Baie wenslik	wenslik	Onwenslik	Uiters-onwenslik	Onseker	
a) Navorsing/vertoë/voorleggings voor politieke besluite geneem word	1	2	3	4	5	23
b) Die formulering van beleid	1	2	3	4	5	24
c) Implementering en toepassing van beleid	1	2	3	4	5	25
d) Verskaffing van terugvoering oor beleid	1	2	3	4	5	26
Ander (Spesifiseer)						
.....	1	2	3	4	5	27

- 5.3 Indien u meen dit is wenslik of onwenslik, op watter wyse meen u sal belangegroepes 'n meer effektiewe rol kan speel?

.....  
 .....  
 .....

28 29

6. Evalueer elk van die volgende tipes belangegroepes op grond van die hoeveelheid mag wat elkeen na u mening besit.

Trek een kruisie by elke tipe belangegroep.

	Te veel mag	Nie magtig genoeg nie	Net genoeg mag	Te min mag	Geen mag	Onseker	
Vakbonde	1	2	3	4	5	6	30
Sakegroepe	1	2	3	4	5	6	31
Maatskaplike groepe	1	2	3	4	5	6	32
Landbougroepe	1	2	3	4	5	6	33
Politieke groepe	1	2	3	4	5	6	34
Professionele groepe	1	2	3	4	5	6	35

7. Sommige mense word meer deur belangegroepes beïnvloed as ander. Dink aan uself. Hoe dikwels is u houding/s oor 'n vraagstuk of aangeleentheid deur 'n belangegroep beïnvloed?

Trek slegs een kruisie.

Gereeld	1
Soms	2
Feitlik nooit	3
Nooit	4
Onseker	5

36

8. Watter van die volgende groepe persone meen u word die meeste deur belangegroepes genader?

Dui u mening oor elkeen met 'n kruisie aan.

	Ge-reeld	Van tyd tot tyd	Selde	By uitsondering	Nooit	On-seker
Kabinetsministers	1	2	3	4	5	6
Presidentsraadslede	1	2	3	4	5	6
Staatspresident	1	2	3	4	5	6
LP's	1	2	3	4	5	6
Senior staatsamptenare	1	2	3	4	5	6

37  
38  
39  
40  
41

9(a) Noem drie belangegroepes wat na u mening die meeste invloed uitoefen op ekonomiese beleidsformulering in Suid-Afrika.

.....  
.....  
.....

42 43  
44 45

(b) Noem drie belangegroepes wat na u mening die meeste invloed uitoefen op beleidsformulering t.o.v. maatskaplike aangeleenthede in Suid-Afrika.

.....  
.....  
.....

46 47  
48 49

(c) Noem drie belangegroepes wat na u mening die meeste invloed uitoefen op sosio-politieke beleidsformulering in Suid-Afrika.

.....  
.....  
.....

50 51  
52 53

10. Watter een van die onderstaande stellings reflekteer u mening die beste?

Trek slegs een kruisie.

a) Belangegroepes is noodsaaklik en waardevol in die politieke stelsel van Suid-Afrika.	1
b) Belangegroepes is somtyds nuttig in die verskaffing van inligting en dienste wat andersins nie beskikbaar is nie	2
c) Belangegroepes is in die algemeen oneffektief en waarskynlik onnodig	3
d) Belangegroepes is selfsugtig en dink net aan hul eie belange sonder om die belange van die res van die publiek in ag te neem	4
e) Ander (Spesifiseer) .....	5

54 55

11. Evalueer elk van die volgende organisasies in die sakesektor op grond van die rol wat hulle na u mening in die uitoefening van invloed op die regering speel.

Trek een kruisie by elke organisasie.

	Baie invloed	Taamlike invloed	Nie veel invloed	Baie min invloed	Onseker	
FCI	1	2	3	4	5	56
ASSOCOM	1	2	3	4	5	57
Stedelike Stigting	1	2	3	4	5	58
AHI	1	2	3	4	5	59
Kamer van Mynwese	1	2	3	4	5	60
SEIFSA	1	2	3	4	5	61

12. Evalueer elk van die volgende belangegroepes op grond van die rol wat hulle na u mening in die uitoefening van invloed op die regering (enige terrein) speel.

Trek een kruisie by elke organisasie.

	Baie invloed	Taamlike invloed	Nie veel invloed	Baie min invloed	Onseker	
UDF	1	2	3	4	5	62
AZAPO	1	2	3	4	5	63
Afrikaner Broederbond	1	2	3	4	5	64
Inkatha	1	2	3	4	5	65
Rapportryers	1	2	3	4	5	66
AHI	1	2	3	4	5	67
IDASA	1	2	3	4	5	68
N.G. Kerk	1	2	3	4	5	69
S.A. Raad van Kerke	1	2	3	4	5	70
Akademici (Engels)	1	2	3	4	5	71
Akademici (Afrikaans)	1	2	3	4	5	72

